AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

SAKELYS

vir die

TWAALFDE SINODE

gehou te Pretoria

3-7 September 2007

VERTROULIK!
Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die Sinode oor sake daarin besluit het nie

INHOUDSOPGAWE

1. INHOUDSOPGAWE i

2. VOORWOORD iii

3. ORDEREËLINGS iv

4. DAGPROGRAM vi

VERSLAE VAN

5. SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) 1
5.1 Bylae SKK 1 Tentmakerbediening 17
5.2 Bylae SKK 2 Reiskoste van reisende leraars 21
5.2.1 Bylae SKK 2.1 Reiskoste – hospitaalbesoeke 23
5.3 Bylae SKK 3 Bedieningswerk – hulp aan gemeentes 23
5.3.1 Bylae SKK 3.1 Bedieningswerk – hulp aan ringe 25
5.4 Bylae SKK 4 Bedieningshulp en emeritushulpfonds – stygende hulpkreet na 15% bydraes 26
5.5 Bylae SKK 5 Verslag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) 27

6. *AD HOC*-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING 31

7. KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL) 33
7.1 Bylae KFL 1 Uitspreek van die seën en die bediening van die sakramente deur studente en proponente 34

8. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) 40

9. GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK) 61
9.1 Bylae GKK 1 Afskrywing van 15% 79
9.2 Bylae GKK 2 Stand van die Sinodale verpligtinge van gemeentes op 30 April 2007 80
9.3 Bylae GKK 3 Trusteeverslag (Pensioenfonds) 85
9.4 Bylae GKK 4 Geouditeerde finansiële jaarstate 87
9.4.1 Bylae GKK 4.1 Geouditeerde finansiële jaarstate geëindig 31/12/2004 87
9.4.2 Bylae GKK 4.1.1 Meting van die werklike bedrae 31/12/2004 109
9.4.3 Bylae GKK 4.1.2 Kommissiewerk Jan/Des 2004 110
9.4.4 Bylae GKK 4.1.3 Aanwending van 15%-bydrae vir 2004 (Rand/%) 111
9.4.5 Bylae GKK 4.2 Geouditeerde finansiële jaarstate geëindig 31/12/2005 112
9.4.6 Bylae GKK 4.2.1 Meting van die werklike bedrae 31/12/2005 134
9.4.7 Bylae GKK 4.2.2 Kommissiewerk Jan/Des 2005 135
9.4.8 Bylae GKK 4.2.3 Aanwending van 15%-bydrae vir 2005 (Rand/%) 136
9.4.9 Bylae GKK 4.3 Geouditeerde finansiële jaarstate geëindig 31/12/2006 137
9.4.10 Bylae GKK 4.3.1 Meting van die werklike bedrae 31/12/2006 162
9.4.11 Bylae GKK 4.3.2 Kommissiewerk Jan/Des 2006 163
9.4.12 Bylae GKK 4.3.3 Aaanwending van 15%-bydrae vir 2006 (Rand/%) 164
9.5 Bylae GKK 5 Begroting 2008 165

10. KURATORIUM (KUR) 171
10.1 Bylae KUR 1 Predikantekonferensie 14-15 Junie 2006 177
10.2 Bylae KUR 2 Ondertekeningsdokument 178
10.3 Bylae KUR 3 Ooreenkoms tussen die Afrikaanse Protestantse Kerke en die Afrikaanse Protestantse Akademie t.o.v. die Teologiese Fakulteit 179

11. DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE 185

12. KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (ARGIEF) (KKA) 190
12.1 Bylae KKA 1 Memorandum van die pligte van die Argivaris vir voorlegging aan die Twaalfde Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk 194
12.2 Bylae KKA 2 In memoriam 198

13. KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV) 206
13.1 Bylae KJV 1 Waarom is ons in die AP Kerk? 214
13.2 Bylae KJV 2 Diepgang in die aanbieding van die verbondsonderrig 216

14. KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPVOEDING (KOO) 222
14.1 Bylae KOO 1 Het Uitkomsgebaseerde Onderwys 'n plek in die opvoeding en onderwys van Christene 224
14.2 Bylae KOO 2 Riglyne vir Christelike Onderwys 226

15. PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk) 229
15.1 Bylae Pk 1 Verslag oor *Die Boodskapper* en Die Jeugblaaie 234

16. KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) 238
16.1 Bylae KKCE 1 Skrywe van 'n pensioenfonds aan 'n lidmaat 299

17. KOMMISSIE VIR KERKSANG EN –MUSIEK (KKM) 300

VOORWOORD

In 1987 is die Afrikaanse Protestantse Kerk gestig deur 'n klompie bekommerde Afrikaner gelowiges. Dit was 'n moeilike begin vanweë die hewige kritiek in die media, verdagmakery en beskuldigings as sou die jong kerk 'n politieke agenda nastreef en nie gehoorsaamheid aan God Drie-enig nie.

Vandag, na twintig jaar, het baie van die beskuldigings en beskuldigers stil-stil verdwyn. Die gebeure op kerklike- en staatkundige gebied is bevestiging dat die kommer van 1987, en daarvoor, nie verniet was nie.

Vanjaar kan ons met dankbaarheid feesvier. Die Here het ons gedra en geseën. In geloof en vertroue kan ons die toekoms in die hande van God laat terwyl ons met durf en entoesiasme sy Woord verkondig.

Teenkanting is daar steeds en stryd sal die Kerk van Christus altyd hê. In die verslae wat voor die Twaalfde Sinode gaan dien, word hierdie stryd bevestig. Stryd wat nie altyd toegeskryf kan word aan eksterne faktore nie, maar wat al te dikwels vanuit onsself na vore kom. Hierdie is van die sake wat tydens die Sinode hanteer moet word.

Die Sinode vind plaas te midde van dankbare feesklanke, maar met die besef dat die einde van die pad nie bereik is nie. Die stryd gaan voort, ons het steeds 'n roeping waarmee God ons vertrou. Met die geskiedenis as bemoediging kan ons die toekoms vol vertroue met Christus instap.

Hierdie Sinode sal leiding moet gee oor die koers wat ouderlingrade en lidmate die volgende twintig jaar moet inslaan.

As sinodegangers moet ons luister na die woorde van Hebr. 12:1-2: *Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof...* Laat ons in geloof ons roeping vervul en met Christus as Leidsman die toekoms vol vertroue aanpak.

Praktiese reëlings

Afgevaardigdes word op die volgende belangrike sake gewys.

1. Om 'n kopie van Omsendbrief 2/2007 van 26 Februarie 2007 by hulle skribas te bekom en hulle vertroud te maak met die belangrike inligting daarin.

2. Om die inhoud van die *Sakelys* as vertroulik te beskou totdat die Sinode dit afgehandel het en dit vooraf aandagtig te bestudeer aangesien die inhoud tydens die Sinode as gelese beskou word.

3. Om 'n Bybel, Psalms en Gesange vir die AP Kerk, en 'n eksemplaar van die Kerkorde 2004 saam te bring na die Sinode.

4. Om die Ordereëls vir kerklike vergaderings op bl. 53-57 in die Kerkorde aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal as gelese beskou word by die aanvang van die Sinode).

5. Om onderling te reël dat ná afloop van die Sinode, en ná ontvangs van die *Handelinge*, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig.

6. Om gereeld voorbidding vir die komende Sinodes te doen.

Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die Sinode toegebid.

IZAK BRINK
(Voorsitter SKK)

ORDEREËLINGS

1. Opening met Skriflesing, sang en gebed deur afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is (Bep. 41E): prof. FAH van Staden.

2. Waarnemende voorsitter ooreenkomstig bepaling 41E – voorsitter van vorige Sinode: prof. FAH van Staden.

3. Waarnemende skriba en hulpskriba totdat skribas verkies is: ds. A Hough en ds. JL Schütte.

4. Verwelkoming deur

   4.1 waarnemende voorsitter
   4.2 voorsitter, kerkraad AP Kerk Wonderboom.

5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe

6. Konstituering

7. Aanwysing van stemopnemers en –tellers

8. Kennisname van ordereëls vir kerklike vergaderings (bl. 53 in Kerkordeboek 2004) – word as gelese beskou

9. Verkiesing (Art. 40 en Bepaling 41B, en 41F)

10. Benoeming van tydelike kommissies (indeling deur SKK volgens voorkeure en bekwaamhede van afgevaardigdes vooraf op Vorm SIN. 3 aangedui). Volgens besluit van die vorige Sinode bestaan tydelike kommissies uit hoogstens 20 lede en alle afgevaardigdes kan dus nie ingedeel word nie.

11. Vasstelling van Sakelys

12. Goedkeuring van dagprogramme

13. Openingsrede deur dr. EM Viljoen AP Kerk Outjo (Sondag 2/9/07 om 16:00 in die Aula)

14. Broederlike gesprek – inleier: drs. CA Swanepoel: Reformasie en die praktyk

15. Verslae van permanente kommissies

16. Verslae van tydelike kommissies

TKKS	Kerkregtelike Sake
TKF	Finansies (GKK)
TKJV	Jeug en Verbondsonderrig
TKOO	Onderwys en Opvoeding
TKA	Kerkargief
TKFL	Formuliere en Liturgie
TKKCE	Kerkleer en Christelike Etiek
TKB	Besluiteregister van sinodalebesluite vir aandag van kerkrade en ringe
TKKM	Kerksang en –musiek
TKM	Mediaskakeling
TKR	Ringsindeling van gemeentes
TKV	Verlofaansoeke
TKN	Notule (Verwerking en nasien)
TKL	Literatuur-bekendstelling
TKG	Geloofsbriewe
TKP	Publikasies
TKS	Stemtellers
TKK	Samestelling van permanente kommissies

17. Konstituering van permanente kommissies

18. Verkiesing van Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK):
    - 4 ouderlinge plus sekundi deur die Sinode verkies;
    - 1 lid met sekundus uit elk van die volgende sinodale kommissies uit eie geledere benoem: Die Sentrale Kerkekommissie (SKK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS);
    - Die rektor van die Afrikaanse Protestantse Akademie of sy verteenwoordiger;
    - (Die direkteur, administrateur en rekenmeester van die Sentrale Kerkkantoor-personeel dien in adviserende hoedanigheid.)

19. Bedankings

20. Mosies

21. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed

22. Spreekbeurt: Verteenwoordiger van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
    Redakteur van *Die Boodskapper*

DAGPROGRAM

LET WEL

1. Die verrigtinge van die Sinode is geslote vir die openbare media totdat die vergadering anders daaroor besluit.

2. Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlofkommissie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.

3. Afgevaardigdes word versoek om 10 minute voor die aanvang van sittingstye hulle plekke in te neem vir samesang onder leiding van die Kommissie vir Kerksang en -musiek uit die Psalm- en Gesangboek vir die AP Kerk.

4. Afgevaardigdes word versoek om selfone af te skakel tydens die Sinodesittings.

5. Afgevaardigdes wat na 10:00 op Maandag 3 September registreer, sal nie stemreg hê alvorens 'n tweede verslag later deur die Sinode behandel is nie.

MAANDAG 3 SEPTEMBER 2007

07:00-10:00	Registrasie: 1. Vir Sinode	
	2. vir verblyf	
10:00-11:00	Kommissie vir Geloofsbriewe stel na die eerste registrasie verslag op	
11:00-13:00	Opening en verwelkoming: waarnemende voorsitter	11:10-11:20
	Verwelkoming: voorsitter AP Kerk Wonderboom	11:20-11:25
	Verslag oor Geloofsbriewe	11:25-12:15
	Konstituering	12:15-12:20
	Aanwysing van stemopnemers en –tellers	12:20-12:30
	Kennisname van Ordereëls	12:30-12:32
	Verkiesing van voorsitter	
	Benoeming van Tydelike Kommissies	
	Groeteboodskappe	12:32-13:00
	Tafelgebed	
13:00-14:00	Middagete	
14:00-14:05	Aankondigings	
14:05-15:30	Verslag SKK (1 uur 25min.)	
15:30-16:00	Koffietyd	
16:00-17:30	Verslag SKK (1 uur 30 min. – totaal 2 ure 55 min.)	
	Tafelgebed	
17:30-18:30	Aandete	
18:30-19:00	Verslag *Ad hoc*-kommissie vir advies en leiding (lewer en voltooi 30 min.)	
19:00-20:15	Broederlike gesprek – drs. CA Swanepoel – Reformasie en die praktyk	

20:15-21:00	Verslag KFL (lewer en voltooi 45 min)
21:00	Verdaging. Tee

DINSDAG 4 SEPTEMBER 2007

07:00-08:00	Ontbyt
08:00-08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Beaufort-Wes
08:20-08:30	Aankondigings en reëlings
08:30-10:30	Verslag KKS (2 ure)
10:30-11:00	Teetyd
11:00-12:50	Verslag KKS (1 uur 50 min. – totaal 3 ure 50 min.)
12:50-13:00	Boekebekendstelling tydens uitdeel van notule – aankondigings
	Tafelgebed
13:00-14:00	Middagete
14:00-15:50	Verslag GKK (1 uur 50 min.)
15:50-16:00	Boekebekendstelling en aankondigings
16:00-16:30	Koffietyd
16:30-17:30	Verslag GKK (1 uur)
17:30-17:40	Mediaverslag
17:40-17:50	Behandeling van notule
17:50-18:00	Verlofaansoeke en aankondigings
	Tafelgebed
18:00-19:00	Aandete
19:00-20:30	Verslag GKK – Raad van Trustees, voltooi (1 uur 30 min. – totaal 4 ure 20 min.)
20:30-21:00	Teetyd
21:00	Tydelike kommissies vergader. Lees notule tuis

WOENSDAG 5 SEPTEMBER 2007

07:00-08:00	Ontbyt
08:00-08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Clanwilliam
08:20-08:30	Aankondigings en reëlings
08:30-10:00	Verslag Kuratorium (1 uur 30 min. Lewer en voltooi)
10:00-10:30	Verslag Die Afrikaanse Protestantse Akademie (30 min.)
10:30-11:00	Teetyd
11:00-11:50	Verslag Die Afrikaanse Protestantse Akademie (50 min. – totaal 1uur 20 min.)

11:50-12:50	Verslag KKA (1 uur lewer en voltooi.)
12:50-13:00	Boekebekendstelling tydens uitdeel van notule - aankondigings
	Tafelgebed
13:00-14:00	Middagete
14:00-14:40	Verslag KKS voltooi (40 min. – totaal 4 ure 30 min.)
14:40-15:55	Verslag KJV (lewer en voltooi 1 uur 15 min.)
15:55-16:00	Aankondigings
16:00-16:30	Koffietyd
16:30-17:30	Verslag KOO lewer en voltooi (1 uur)
17:30-18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke, aankondigings
	Tafelgebed
18:00-19:00	Aandete
19:00-19:30	Behandeling van notule
19:30-20:30	Verslag Pk – Lig in Duisternis prys (1 uur)
20:30-21:00	Teetyd
21:00	Tydelike kommissies vergader. Bestudeer notule tuis

DONDERDAG 6 SEPTEMBER 2007

07:00-08:00	Ontbyt
08:00-08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk De Aar
08:20-08:30	Aankondigings en reëlings
08:30-10:30	Verslag Pk voltooi – Spreekbeurt dr. HJ Smith (2 ure – totaal 3 ure)
10:30-11:00	Teetyd
11:00-12:50	Verslag KKCE lewer en voltooi (1 uur 50 min.)
12:50-13:00	Uitdeel van notule, aankondigings
	Tafelgebed
13:00-14:00	Middagete
14:00-14:50	Verslag Bybelgenootskap van Suid-Afrika (50 min.)
14:50-15:50	Verslae tydelike kommissies (1 uur)
15:50-16:00	Aankondigings
16:00-16:30	Koffietyd
16:30-17:00	Verkiesing GKK en APA raadslede
17:00-18:00	Verslae tydelike kommissies (1 uur)
	Tafelgebed
18:00-19:00	Aandete
19:00-19:30	Behandeling van die notule

19:30-20:30	Verslag Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake: Appèlle (1 uur)
20:30-21:00	Teetyd
21:00	Tydelike kommissies vergader. Bestudering van notule tuis

VRYDAG 7 SEPTEMBER 2007

07:00-08:00	Ontbyt
08:00-08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Gordonia
08:20-08:30	Aankondigings en reëlings
08:30-09:30	Verslag KKM lewer en voltooi (1 uur)
09:30-10:30	Verslag Tydelike Kommissie vir Samestelling van Permanente
10:30-11:00	Teetyd
11:00-12:30	Verslae tydelike kommissies (1 uur 30 min.)
12:30-12:50	Konstituering van Permanente Kommissies
12.50-13:00	Aankondigings. Uitdeel van notule.
	Tafelgebed
13:00-14:00	Etenstyd
14:00-14:30	Verslag uitstaande tydelike kommissies (30 min. – totaal 4 uur)
14:30-15:00	Afhandeling uitstaande sake
15:00-15:10	Laaste mediaverslag
15:10-15:20	*Censura Morum*
15:20-15:30	Dankbetuigings deur ondervoorsitter
15:30-15:40	Mosies
15:40-16:00	Afsluiting, Skriflesing, sang, gebed. Daarmee eindig die Sinode van 2007
	Koffietyd

TYDTOEDELING

SKK	2 ure 55 min.
Ad hoc-kommissie Advies en leiding	30 min.
KUR	1 uur 30 min.
KKA	1 uur
GKK	4 ure 20 min.
KKS	4 ure 30 min.
KOO	1 uur
Pk	3 ure

KKCE	1 uur 50 min.
KKM	1 uur
KJV	1 uur 15 min.
Bybelgenootskap	50 min.
KFL	45 min.
Tydelike kommissies	4 ure 30 min.
Tydelike KKS	1 uur
Die Afrikaanse Protestantse Akademie	1 uur 20 min.
Totaal	**31 ure 15 min.**

VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)
Tydperk: 10 September 2004 tot 20 April 2007

1. PERSONEEL

Primarii: Proff. IA Brink (voorsitter); FAH van Staden (ondervoorsitter); di. G Pretorius (skriba); A Hough (hulpskriba); MC Adendorff (adviserend); RMJ Britz; prof. R Marè.
Sekundi: Prof. HCG Robbertze; ds. AP Boshoff; dr. SD Nel.

Na die afsterwe van ds. G Pretorius (15 Maart 2006) is prof. HCG Robbertze as sekundus opgeroep.

2. VERGADERINGS

Sewentien vergaderings is in die tydperk gehou, t.w. op 10/09/04, 08/10/04, 09/11/04, 14/12/04, 11/01/05, 25/02/05, 22/04/05, 25/05/05, 05/08/05, 06/10/05, 03/02/06, 24/03/06, 09/06/06, 25/08/06, 11/10/06, 2/02/07en 20/4/07.

3. SINODALE OPDRAGTE 2004

Die SKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld:

3.1 BEDIENING AAN LIDMATE IN DIE BUITELAND *(Handelinge, bl. 335)*

Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds kontak te soek met lidmate in die buiteland en effektiewe bedieningswyses te beding.

3.1.2 dat die SKK in samewerking met die AP Kerk Namakwaland ondersoek instel na moontlikhede om bediening in die Verenigde Koninkryk te organiseer;

3.1.3 om kerkrade te wys op die gevare om kinders direk ná skool na die VK te stuur, vanweë verskeie aanpassingsprobleme;

3.1.4 om sy dank te betuig teenoor ds. Gideon Grobler wat die afgelope tyd die bediening op eie koste waargeneem het en dat sy aanbevelings in die besluit oor die moontlike bediening in aanmerking geneem sal word.

3.1.5 Daar word verder besluit dat die SKK ook ondersoek moet instel na bediening wyer as net die Verenigde Koninkryk.

Die SKK het die opdrag uitgevoer en die lidmate wat na die buiteland verhuis en wat navraag gedoen het, is van advies bedien oor die kerke waarby hulle kan inskakel.

Die SKK het in reaksie op ’n kennisgewing in *Die Boodskapper* net enkele name en adresse ontvang. Die daarstel van ’n databasis blyk nie prakties te wees nie.

Ds. FC Burger, emeritus, vroeër van AP Kerk Mosselbaai, bevind hom saam met sy eggenote in **Alaska**. Uit gereelde e-pos blyk dit dat hy ook nie met veel Afrikaners in aanraking gekom het nie.

Oor die bediening aan lidmate in **Paraguay** word onder punt 3.10 in hierdie verslag berig.

AP Kerk **Zambië** word van tyd tot tyd bedien deur reisende leraars.

Lidmate is in ’n artikel in *Die Boodskapper* gewaarsku teen die probleme wat jong skoolverlaters beleef wanneer hulle in **Londen** gaan werk. Die SKK was saam met AP Kerk Namakwaland behulpsaam met die vestiging van ’n leraar in **Londen**. Londen het aanvanklik as ’n wyk van AP Kerk Namakwaland gefunksioneer en op 6 Mei 2007 is daar oorgegaan tot gemeentestigting.

AANBEVELING
3.1.6 Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds die bediening aan lidmate in die buiteland te ondersoek en te help waar versoeke inkom, en effektiewe bedieningswyses te beding.

3.2 GELOFTE – VERKLARING VAN GEMEENSKAPLIKHEID - Credo *(Handelinge, bl. 337)*

Die Sinode keur die optrede van die SKK rakende die Credo goed en dra dit aan die SKK op om te besin oor verdere optrede in dié verband en na goeddunke daaraan uitvoering te gee.

AANBEVELING
3.2.1 Die Sinode keur dit goed dat geen verdere optrede deur die SKK geneem is nie en dat daar by die bekendstelling tydens die Sinode volstaan is.

3.3 GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE (kerke in die buiteland) *(Handelinge, bl. 338)*

Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprek met behoudende gereformeerde kerke in die buiteland voort te sit waar die geleentheid hom voordoen.

Die SKK het nie-amptelik met rev. John Rodgers van die *Reformed Church in New Zeeland* gesprek gevoer.

AANBEVELING
3.3.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprek met behoudende gereformeerde kerke in die buiteland voort te sit waar die geleentheid hom voordoen.

3.4 VERSLAG VAN DIE AD HOC-KOMITEE VIR DIE WEBBLAD VAN DIE AP KERK *(Handelinge, Bl. 340)*

Die Sinode dra dit aan die SKK op om die webblad verder te ontwikkel en in besonder aandag te gee aan bediening van lidmate in die buiteland.

Die SKK het saam met die kommissie vir die webblad aandag gegee en 'n nuwe blad ontwerp.

Die webblad is in 2006 oorgedra na 'n nuwe program (Joomla) m.b.v. ds. Wynand van Zyl, wat dit moontlik maak om dit beter op datum te hou. Meeste van die inligting is al oorgedra vanaf die ou webblad na die nuwe. Ons beoog om die webblad meer lewendig te hou as wat in die verlede die geval was. Die hoofrede hoekom ons oorgeskakel het na die nuwe program, is om die papierwerk te verminder, omsendbriewe kan dan eerder elektronies versend word wat kostebesparend (asook tydsbesparend) vir die Sentrale Kerkkantoor gaan wees. Daar gaan ook gepoog word om die kommissies se notules op die webblad beskikbaar te stel, die kommissielede sal elk 'n gebruikersnaam en 'n wagwoord kry, sodat die vertroulikheid daarvan behou word. (Elkeen sal net die notules wat op hom van toepassing is, kan sien.) Dit is egter nog 'n toekomsvisie.

Gemeentes word dus gevra om ten minste 'n rekenaar met internet aan te skaf, indien hulle nie het nie, ons kan die e-posadres verskaf (...@apk.co.za).

AANBEVELINGS
3.4.1 Die Sinode moedig kerkrade en leraars aan om in te skakel by die webblad.

3.4.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om die webblad verder te ontwikkel en in besonder aandag te gee aan bediening van lidmate in die buiteland en die vergemakliking van korrespondensie tussen die kerkkantoor en gemeentes en gemeentes onderling.

3.5 KRIMPENDE GEMEENTES *(Handelinge, bl. 340)*

Die Sinode dra dit aan die SKK op om in samewerking met die KKS weë te vind om gemeentes te help waar getalle krimp as gevolg van bedieningspanning en onenigheid.

Die SKK het die saak saam met die KKS verwys na die Predikantekonferensie.

AANBEVELING
3.5.1 Die Sinode versoek ouderlingrade om dringend aandag te gee aan die publikasie, *Jou roeping in die Koninkryk* en die beginsels daarin toe te pas, aangesien dit tot groei kan lei.

3.6 KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE *(Handelinge, bl. 340)*

Die Sinode dra dit aan die SKK op om voortgaande deelname aan die Konvent versigtig te monitor en indien dit nodig geag word, slegs met waarnemerstatus aan te bly.

Die besluit is uitgevoer en verteenwoordigers van die SKK kon tydens byeenkomste van 2004, 2005 en 2006 sinvolle bydraes lewer. Die Sesde Konvent, 4-5 Maart 2004 te GKSA, Potchefstroom is bygewoon deur ds. G Pretorius en gedeeltelik deur ds. JC. Gericke. Die Sewende Konvent, 3-4 Maart 2005 deur NG Kerk te Groenkloofkampus, UP is bygewoon deur ds. G Pretorius. Die Agtste Konvent, 2-3 Maart 2006 te NH Kerk Kempton Park is bygewoon deur prof. JAE Adendorff en ds. CA Swanepoel. Die Negende Konvent, 28 Februarie - 2 Maart 2007 te Calvyn Protestantse Kerk Athlone is bygewoon deur di. A Hough en CA Swanepoel.

Op grond van die aanbevelings van die lede, het die SKK daarna soos volg besluit:
- *Die SKK stuur afgevaardigdes na die volgende konvente.*
- *Die SKK betaal die administrasiefooi.*
- *Die SKK keur dit goed dat ds. G Pretorius op die interimkomitee van die Konvent van Reformatoriese Kerke dien. Ná sy afsterwe is ds. A Hough benoem (2006) en ds. CA Swanepoel (2007).*

AANBEVELING
3.6.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om voortgaande deelname aan die Konvent versigtig te monitor en met waarnemerstatus aan te bly.

3.7 YDELLIKE GEBRUIK VAN DIE NAAM VAN GOD DRIE-ENIG *(Handelinge, bl. 341)*

Die Sinode versoek lidmate en kerkrade om self beswaar te maak teen die oortredings van die gebooie, en in besonder teen die ydellike gebruik van God se Naam.

Die Sinode dra dit aan die KKCE op om:
'n Studie te maak van die oortreding van al die gebooie deur die vermaaklikheidsmedia, en van die subtiele en minder subtiele wyses waarop kykers/luisteraars/lesers gekondisioneer word om self die gebooie te oortree;

na gelang die studie vorder, periodiek wyses by die SKK aan te beveel waarop die euwels bestry kan

word, moontlik ook deur openbare verklarings deur die SKK.

Die SKK het die besluit na kerkrade gestuur met die versoek dat hulle met die KKCE in verbinding kan tree en dat die SKK sal optree as daar verdere reaksie is.

AANBEVELING
3.7.1 Die Sinode versoek lidmate en kerkrade om voortdurend by die betrokke instansies beswaar te maak teen die oortredings van die gebooie van God deur die media.

3.7.2 VERGOEDINGSKOMITEE – Finansiële agteruitgang: leraars/gemeentes en emeriti *(Handelinge, bl. 342)*

Die Sinode dra dit op aan die GKK en SKK om 'n kommissie van kundiges aan te wys om ondersoek te doen na die agteruitgang in die finansiële posisie van gemeentes en leraars (insluitend emeriti) ten einde die GKK/SKK te dien met aanbevelings daaroor, veral ook met die oog op behoorlike versorging van leraars op 'n vergelykbare standaard, en die versorging van emeriti op 'n leefbare en eerbare standaard.

Die Sinode dra dit aan die GKK en SKK op om daarná na bevind van sake te handel.

Die SKK het saam met die GKK gewerk. Kyk verslag van die GKK.

3.8 BROEDERLIKE GESPREK – Op vlug voor die draak *(Handelinge, bl. 346,455)*

Die Sinode dra dit aan die SKK en kerkrade op om die studiestuk "Op vlug voor die draak?" te implementeer en gebruik te maak van die publikasies oor gemeentebou en evangelisasie wat eersdaags verskyn.

Die SKK het die stuk verwys na die Predikantekonferensie vir bespreking saam met die publikasie *Jou roeping in die Koninkryk*.

AANBEVELING
3.9.1 Die Sinode versoek ouderlingrade om daadwerklik te begin met doelgerigte bediening aan die hand van die publikasie *Jou roeping in die Koninkryk*.

3.10 BYBELVERSPREIDINGSFONDS – Reglement vir die Bybelverspreidingsfonds *(Handelinge, bl. 364)*

Die Sinode keur die reglement vir die Bybelverspreidingsfonds goed.

Die SKK het kennis geneem van die reglement vir gebruik waar nodig.

3.11 VERGADERTYD – KOMMISSIES *(Handelinge, bl. 398,399)*

Die Sinode versoek kommissies opnuut om hulle beplanning so te doen dat vergaderings in Pretoria gedurende die laaste week van die maand plaasvind. Predikante en gemeentelede wat Pretoria gedurende die laaste week van die maand besoek, word vriendelik gevra om die Boekwinkel te skakel met die oog op die moontlike afhaal van pakkies en ander posstukke.

Die SKK het die versoek uitgevoer.

3.12 GRONDHERVORMING *(Handelinge, bl. 409)*

Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerke sal in bespreking gaan in verband met die aktuele tema van grondherverdeling met spesiale verwysing na:

1. *die voorreg om grond (eiendom) te besit en te behou soos in die Bybel gefundeer is;*
2. *die kultuurhistoriese begronding van hierdie voorreg;*
3. *die verantwoordelikheid van Boere-Afrikaner Christene tot die beskerming van hierdie voorreg en die uitlewing daarvan binne kerkverband;*
4. *dat hierdie ernstige saak voor die gemeentes genoem sal word en op hul harte gelê word;*
5. *dat die Afrikaanse Protestantse Kerke hul standpunt sal bekend maak in kerklike media soos bv. Die Boodskapper, Die Kerkbode, ensovoorts en dat hierdie media deurlopend aangewend sal word vir die doel van hierdie saak;*
6. *'n behoorlik gemotiveerde dokument sal so spoedig moontlik opgestel word ter beskrywing van hierdie saak.*

Die SKK het die besluit verwys na die Senaat van die AP Akademie wat die Teologiese dag in 2005 daaraan gewy het. Die SKK het sy standpunt oor grondhervorming en ander sake rakende die landbou aangespreek in 'n brief wat aan die minister van Landbou gestuur is.

3.13 KERK SE PROFETIESE ROEPING *(Handelinge, bl. 410)*

Dit word aan die SKK opgedra om te besin oor weë en prosedures om ons kerk se Bybelgetroue profetiese roeping en getuienis na buite so wyd as moontlik prakties uit te voer.

Die SKK het hierdie opdrag by die Predikantekonferensie hanteer.

AANBEVELING
3.13.1 Die Sinode versoek ouderlingrade om te besin oor hulle profetiese roeping en in die lig

daarvan op te tree, toerustingskursusse te deurloop en hulle optrede te beplan.

3.14 KOMMENTAAR OOR SAKE VAN AKTUELE BELANG *(Handelinge, bl. 414 en 415)*

Die Sinode gee opdrag aan die KKCE om in die interim, tussen sinodesittings, sake van aktuele belang wat ter sprake kom (soos ongewenste TV-programme of uitsendings) onder die loep te neem en wanneer nodig, tydige kommentaar daarop te lewer by wyse van aanbevelings aan die SKK om verklarings uit te reik soos nodig. Die KKCE rapporteer daaroor aan 'n daaropvolgende sitting van 'n Sinode.

Die opdrag word as deel van hul lasgewing opgeneem in die Kerkordeboek en die besluit as 'n addisionele punt.

Die SKK het geen dusdanige versoeke van die KKCE gekry nie. Verklarings is wel uitgereik oor 'n aantal sake van aktuele belang.

AANBEVELING
3.14.1 Die Sinode versoek lidmate en kerkrade om self ook beswaar by verantwoordelike instansies te maak teen aktuele sake wat nie volgens *Die Bybel* aanvaar kan word nie en in stryd is met die belydenisskrifte.

3.15 PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK – INGEBRUIKNEMING *(Handelinge, bl. 434)*

Die Sinode gee opdrag aan die SKK en KKM om, wanneer ons eie sangbundel [Psalms en Gesange vir die AP Kerk] die lig sien, op 'n gepaste wyse die amptelike ingebruikneming daarvan te organiseer en te reël (DV moontlik vir Pinkstersondag 2005).

Die geleentheid het op 15 Mei 2005 in die Pretoria Stadsaal om 15:00 plaasgevind.

AANBEVELING
3.15.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om periodiek 'n sangfees te reël.

3.16 JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK *(Handelinge, bl. 435)*

Dat die SKK kerkrade/ouderlingerade moet aanmoedig om deel 2 van Jou roeping in die koninkryk (naamlik Ek kan nie oor my Here swyg nie), by elke lidmaat wat oorsee gaan werk of woon, aan te beveel.

Die SKK het die publikasie waar moontlik aanbeveel.

3.17 CVO-SKOLE *(Handelinge, bl. 447)*

Die Sinode gee opdrag aan die KOO om baie spoedig ondersoek na die verdeeldheid ten opsigte van toelatingsvereistes vir die personeel en kinders en gesamentlike deelname aan buitemuurse aktiwiteite van die CVO-skole te doen en 'n aanbeveling aan die SKK voor te lê vir spoedeisende hantering.

'n Vergadering tussen die direksie van BCVO, die KOO en die SKK is gehou om oor die verdeeldheid gesprek te voer. Standpunte is gestel en inligting is uitgeruil.

3.18 TENTMAKERBEDIENING *(Handelinge, bl. 453)*

Die Sinode besluit om die studiestuk oor "Tentmakerbediening" en ander kommentaar wat by die Sinode ingedien is, na die SKK te verwys vir voorlegging aan 'n volgende Sinode.

Die SKK het die studie herhaal en die resultaat word as bylae 1 aangeheg. **(Kyk Bylae SKK 1)**

AANBEVELINGS
3.18.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 1

3.18.2 Die Sinode handhaaf die besluit van 1995, nl. dat tentmakerbediening nie in die AP Kerke ingestel word nie.

3.19 BEDIENINGSHULP IN KLEINER GEMEENTES *(Handelinge, bl. 454)*

Die Sinode versoek Kerkrade om in ooreenstemming met vorige Sinodebesluite hul leraars twee weke af te staan om in 'n ander gemeente te gaan werk en so 'n diens in die kerkverband te lewer. Die SKK rig jaarliks 'n skrywe aan elke kerkraad om hierdie versoek te oorweeg en 'n datum aan te dui waarop hulle leraar met hierdie diens kan help. Die SKK vind 'n wyse om die moontlikheid van hierdie bedieningshulp aan gemeentes te kommunikeer. Die SKK tree op as koördineerder t.o.v. hierdie bediening. Die koste van hierdie hulpdiens word deur die behoewende gemeente betaal of met die SKK gereël.

Die SKK het deurlopend aandag geskenk aan die opdrag en na die beste van sy vermoë gemeentes bygestaan. Leraars wat hulle hulp aangebied het kon nie altyd gebruik word nie.

3.20 GOEDKEURING VAN DIE NOTULE – SINODE 2004 *(Handelinge, bl. 456)*

Die Sinode dra dit aan die SKK op om die gedeeltes van die notule wat nie aan die Sinode vir goedkeuring voorgelê is nie, in oorleg met die KKS noukeu-

rig na te gaan, waar nodig te korrigeer, en goed te keur.

Die opdrag is uitgevoer. Die Handelinge is op 14 Junie 2005 van die drukkers ontvang en vanaf daardie datum het die Sinodebesluite gegeld, behalwe waar anders bepaal is deur die Sinode.

AANBEVELING

3.20.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om die gedeeltes van die notule wat nie aan die Sinode vir goedkeuring voorgelê is nie, in oorleg met die KKS noukeurig na te gaan, waar nodig te korrigeer, en goed te keur.


4. STATISTIEK

Daar blyk steeds 'n dalende tendens te wees ten opsigte van die getal lidmate. Op grond van die syfers in die Kerkjaarboek vir die betrokke jare word die tendens met behulp van die onderstaande grafieke aangedui.

Die eerste grafiek dui die negatiewe groei vir elke provinsie aan in die totale lidmatetal (met ander woorde doop- en belydende lidmate) oor die afgelope sewe jaar.

VERSPREIDING VAN LIDMATE VOLGENS PROVINSIES


	1999-2001	2002-2004	2005-2006
Transvaal	**31076**	**28585**	**27638**
Natal	**1183**	**1131**	**1013**
OVS	**9031**	**8430**	**7700**
Kaap	**8078**	**7553**	**7348**
Namibië	**720**	**693**	**642**



Die tweede grafiek bevat die statistiek vir die hele kerkverband oor die afgelope sewe jaar. Daarvolgens wil dit voorkom asof die getalle in 2007 ongeveer soos volg sal wees, indien die huidige dalende tendens voortduur: belydende lidmate: 34600; dooplidmate: 8670; totaal: 43270. Dit is altyd 'n vraag of die statistiek 'n getroue weergawe is van die werklike posisie in gemeentes. Die gegewens word gebruik om beplanning te doen en foutiewe syfers maak dit moeilik.

LIDMAATGETALLE VAN KERKVERBAND

	2000-2002	2003-2004	2005-2006	2007
Lidmate	**36651**	**35794**	**34807**	**34600**
Dooplidmate	**11838**	**10598**	**9534**	**8670**
Totaal	**48489**	**46392**	**44341**	**43270**



AANBEVELING
4.1 Die Sinode versoek kerkrade om lidmaatstatistiek noukeurig instand te hou en betyds na die Kerkkantoor te stuur vir opname in die Kerkjaarboek.

5. GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2004

Gestig: Kleinfontein (02/01/2005); Vorentoe (12/10/05); Orkney (19/11/05); Kimberley – Die Kruis (25/03/07), Londen (06/05/07).

Ontbind: Molopo (30/12/06); Jacobsdal (21/02/07).

Totaal van gemeentes tans: 238

AANBEVELING
5.1 Die Sinode dra dit aan die SKK en kerkrade op om die studiestuk *Jou roeping in die Koninkryk,* die publikasies oor gemeentebou en evangelisasie, te implementeer.

6. LERAARS GEËMERITEER

Di. JAC Erasmus (31/01/05); MC Adendorff (31/03/05); LLE de Lange (31/03/05); prof. HS Theron (31/12/05); ds. FS Marais (31/01/06); dr. JP Bezuidenhout (28/02/06); di. JD v.d. Merwe (30/04/06); JH Engelbrecht (31/05/06); LH Jacobs (30/09/06); JH Theron (30/9/06); PB Kotze (30/11/06); CJ Kruger (15/03/07); JJ Venter (25/03/07).

7. LERAARS UIT DIE BEDIENING

Di. A Gerber (31/10/03); MP Taute (10/03/05); HJ Coetzee (27/04/04); EP van Staden (08/05/04); DJ van der Linde (16/11/04) weer beroepbaar gestel op 13/06/06; P van Rensburg (29/10/06); HF Jooste (18/11/06); WJ Gagiano (30/12/06); GJ Grobler (6/03/07); DJ van der Linde (24/05/07).

8. LERAARS OORLEDE

Di. AJ van Niekerk (10/02/05); HJ Liversage (14/08/05); NRJ van Zyl (06/09/05); TJ Verryne (31/10/05); PA van Zyl (13/02/06); G Pretorius (15/03/06); WJ v.d. Merwe (19/04/06); LPA Spies (23/07/06); FJ van der Merwe (17/1/07); JPB Blignaut (20/02/07).

9. LERAARS TANS IN DIENS

Voltyds: 107
Emeriti: 65
Beroep afwagtend: MR Burger; BNA Wiese

10. LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET (Kyk ook Bylae SKK 2 en 2.1)

Die SKK het etlike leraars gebruik om reisende diens te lewer op verskeie plekke. Versoeke om van sulke diens gebruik te maak kom steeds in maar behalwe vir die buiteland was dit sporadies.

Lede van die SKK en ander leraars, het verskeie gemeentes, kombinasies en ringe op uitnodiging besoek om te help met bediening of bedieningsbeplanning. Hospitaalbesoeke is in Pretoria gereël.

AANBEVELINGS
10.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 2 en 2.1

10.2 Die Sinode betuig sy dank teenoor leraars wat reisende diens gelewer het en in besonder kerkrade wat dit vir leraars moontlik gemaak het.

11. HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUSHULPFONDS

Die name van gemeentes en die hulp wat hulle ontvang het, word in Bylaes SKK 3 en 3.1. verstrek. Die stand van die emeritushulpfonds word in Bylae SKK 4 verstrek.

AANBEVELINGS

11.1 Die Sinode neem kennis van Bylaes SKK 3 en 3.1

11.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK 4

12. GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE

12.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk

'n Gesprek met die afgevaardigdes van die Algemene Sinodale Kommissie van die NG Kerk het plaasgevind op 25 Mei 2005. Sake wat bespreek is, was bediening aan lidmate in die buiteland, die kerk en arbeidswetgewing, die belangrike besluite van die laaste Algemene Sinode van die NG Kerk (Skrifgesag en Skrifgebruik, kerkhereniging, homoseksualiteit), die Konvent van Reformatoriese Kerke en ekumeniese skakeling, betrokkenheid by die Tussen Kerklike Raad. Verteenwoordigers van die SKK is na verskeie kongresse uitgenooi soos die Verhouding Kerk en Staat in die lig van die Handves van Menseregte en oor misdaad en geweld. Op uitnodiging van die NG Kerk in die Vrystaat is 'n groeteboodskap aan hulle Sinode gestuur.

12.2 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

'n Gesprek met die Deputate Ekumeniese Sake Binnelands het plaasgevind op 27 Oktober 2005. Die gesprek het onder andere gehandel oor: onderlinge samewerking; ons onderlinge roeping jeens mekaar; die Konvent van Reformatoriese Kerke; skakeling met die owerheid; verskille ten opsigte van die Psalms tussen die bewoording in die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* en die ou Totius berymings. Prof. R Marè het in Jan. 2006 'n groeteboodskap namens die SKK aan die Sinode van die GKSA oorgedra.

12.3 Die Nederduitsch Hervormde Kerk

Gesprekke met die Hervormde Kerk was beperk en het hoofsaaklik gehandel oor samesprekings rondom bediening aan lidmate in Paraquay. Prof. R Marè en ds. RMJ Britz het die SKK verteenwoordig. Op uitnodiging het prof. FAH van Staden 'n groeteboodskap aan die 67ste Algemene Kerkvergadering oorgedra.

12.4 Reformed Church of the North Shore, Auckland, New Zealand (RCNS)

Rev. John Rogers van bogemelde kerk het in Januarie 2006 'n nie amptelike besoek by die SKK afgelê ter verdere uitbouing van goeie verhoudings ná sy vorige ontmoeting met die SKK op 7 Januarie 2003. Hy meld dat daar 'n redelike aantal Suid-Afrikaners na Nieu-Seeland emigreer, waarvan enkele lidmate van AP Kerke.

AANBEVELING

12.5 Kerkrade word daarop gewys dat lidmate wat na Australië of Nieu Zeeland verhuis met veiligheid kan inskakel by die *Reformed Church of the North Shore* in Nieu Zeeland of die *Christian Reformed Church of Australia* in Australië.

13. SKAKELING MET DIE REGERING

Korrespondensie is gevoer met:

- Die Minister van Sport oor die Comrades marathon,
- die kantoor van die Portefeuljekomitee van Binnelandse Sake rakende die wet op burgerlike verbintenisse,
- die Minister van Binnelandse Sake oor Huwelikswet 25 van 1961,
- die Minister van Landbou oor die verslegtende landboutoestande en plaasmoorde.

Laasgenoemde korrespondensie het plaasgevind na samesprekings met TLU SA.

14. GESPREK MET TLU SA

Die SKK en verteenwoordigers van TLU het ontmoet op 25 Augustus 2006. Die probleme in die landbou is bespreek en kennis is geneem van die verslegtende toestande waaronder die boere gebuk gaan. Prof. HCG Robbertze het op uitnodiging die TLU kongres bygewoon. Die SKK spreek sy dank uit teenoor die AP Akademie wat die Teologiese dag 2005 afgestaan het aan die landbou met die tema "Grondbesit in Bybelse Perspektief".

AANBEVELINGS

14.1 Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding.

14.2 Die Sinode neem met leedwese kennis van die talle plaasaanvalle en moorde op boere en doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad.

15. MEDIASKAKELING

Kerknuus word gereeld aan die volgende radiostasies gestuur vir uitsending elke Sondag: Radio Pretoria, Radio Laeveld, Radio Hoëveld, Radio Lichtenburg, Radio Rosestad en CNW. CNW gaan

in die toekoms nie meer beroepe oor die radio uitsaai nie. Die pers het gewoonlik die AP Kerk geïgnoreer, behalwe waar 'n negatiewe berig geplaas kon word. Verklarings oor aktuele sake is nie gepubliseer nie.

CNW het begin om leraars van die AP Kerke te gebruik vir godsdiensuitsendings op Radio Sonder Grense. Etlike leraars het reeds opgetree met goeie gevolg.

AANBEVELING
15.1 Die Sinode versoek kerkrade om dit vir leraars moontlik te maak om uitsendings op RSG waar te neem en om opnames tydens eredienste te maak waar nodig.

16. RADIO PRETORIA

Radio Pretoria het ook nog altyd 'n ope oor vir SKK-verklarings. Die Godsdiensuitsendings betrek die AP Kerkverband en lewer 'n groot diens aan baie lidmate.

16.1 Godsdienskomitee Radio Pretoria

Met die ontstaan van Radio Pretoria in die vroeë negentien-negentigs, is daar besluit dat Godsdiensuitsendings van die grootste belang is en hoog staan op die prioriteitslys van uitsendings. Basiese riglyne is neergelê met die Protestants Gereformeerde leer as fondament. Oor die jare is die volgende kerke dan ook betrek in die uitsendings nl.:
Die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika (GKSA)
Die Nederduitsch Hervormde Kerk (NH Kerk)
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NG Kerk)
Die Afrikaanse Protestantse Kerk (AP Kerk).

Na ernstige besinning is die verdeling van erediensuitsendings, huisgodsdiens, oggendgodsdiens, oggendopeninge en aandafsluitings jaarliks gelykop verdeel tussen die vier kerke. Daar word ook voorsiening gemaak vir spesiale godsdiensgeleenthede soos godsdienstige feesdae (Kersfees, Pinksterfees, Pinksteroordenkings ensovoorts) asook spesiale programme soos voorlesings uit die Skrif, onderhoude ensovoorts.

Godsdiensprogramme word vir elke kerk gereël deur 'n leraar van daardie kerkverband wat sitting het op die Godsdienskomitee en deur die komitee daarvoor aangewys is. Lede van die komitee is:
Prof. SJ (Schalk) Botha (NH Kerk): Voorsitter en organiseerder NH Kerk
Ds. CL (Mossie) van der Berg (NH Kerk): Uitvoerende voorsitter tot met sy oorlye (2006)
Mnr. C (Clem) de Klerk Nuwe: Uitvoerdende voorsitter
Ds. NJ (Nico) Rautenbach (AP Kerk): Organiseerder AP Kerk
Ds. H (Hendrik) de Beer (Geref Kerk): Organiseerder Geref Kerk
Ds. N (Nico) Kotzè (NG Kerk): Organiseerder NG Kerk
Mnr. F (Frik) Pieterse: Tot met uittrede 2006: Programbestuurder
Mnr. SP (Faan) Rabie: Nuwe Programbestuurder
Mnr. J (Jaap) Roux: Toerustingskontroleur
Mnr. JJ (Jaap) Diedericks: Bedryfsbestuurder
Mev. MM (Marietjie) Mc Donald: Sekretaresse.

Hierdie komitee vergader minstens eenmaal per jaar en alle godsdiensuitsendings en godsdiens verwante sake word deur die komitee hanteer. Alle plasings vir leraars en lidmate vir bepaalde godsdiensuitsendings word hanteer deur die organiseerder van daardie bepaalde kerk. Die program "Sabbatstonde" op Sondagoggende word gehanteer deur die organiseerders en onder die organiseerders van die kerke op gelyke basis verdeel.

Alle navrae in verband met godsiensuitsendings moet dan ook gerig word aan die organiseerder van daardie bepaalde kerk.

16.2 Satellietstasies van Radio Pretoria

Dit is van groot belang dat die AP Kerk elke geleentheid aangryp om ook gebruik te maak van die uitsaaimoontlikhede op die satellietstasies van Radio Pretoria. Die druk van ander organisasies en kerke vir uitsendings, word ook hier al sterker.

16.3 RSG uitsendings

Die AP Kerk moet kennis neem dat die deur vir AP Kerk-uitsendings op RSG tans ook oopgaan, nie vir die AP Kerk as kerk nie, maar vir individuele gemeentes soos gevra deur RSG. Verdere besonderhede hieroor sal verstrek word op die Sinode indien nodig.

16.4 Dankbetuiging

Graag betuig ons ons dank vir die voorreg om uit te saai op Radio Pretoria. Ons betuig ook ons dank vir elke leraar, kerkraad en lidmaat van die AP Kerk wat met soveel ywer, oorgawe, vriendelikheid en opoffering saam gewerk het aan die godsdiensuitsendings van Radio Pretoria. Dit gebeur egter ook dat daar persone is wat nie bereid is om uitsendings te hanteer nie, maar dit is by verre in die minderheid. Daar moet in gedagte gehou word dat ander kerkorganisasies en kerke tans hard aanklop aan die deur om ook uit te saai oor Radio Pretoria. Terwyl die deur dus vir ons oop is, moet ons met erns daarvan gebruik maak.

Ds Nico Rautenbach
Lid Godsdienskomitee (organiseerder AP Kerk uitsendings)

AANBEVELING
16.5 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade en leraars om betrokke te raak by die uitsaai van Godsdiensprogramme, veral by satellietstasies van Radio Pretoria.

17. KORRESPONDENSIE

Tot en met 20 April 2007 is 805 korrespondensiestukke op vergaderings hanteer. Daarbenewens is baie korrespondensie tussen vergaderings afgehandel. Dit is veral korrespondensie deur middel van die internet wat steeds toeneem.
Daar het baie skakeling plaasgevind in die kantoor ten opsigte van die reël van leraars om by die vakante gemeentes dienste waar te neem.

AANBEVELING
17.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Sentrale Kerkkantoor vir die hantering van die korrespondensie en skakeling.

18. SUSTERSWERKSAAMHEDE

Drie konferensies is deur die susters gereël:

1. Windhoek, ring van Outjo, Oktober 2004, prof. R. Marè was die spreker.

2. Pretoria, AP Kerk Wesmoot, 3-5 Oktober 2005. Die tema was *In diens van God* en prof. GDS Smit was die spreker.

3. Windhoek, ring van Outjo, 31/8/06 – 2/9/06. Die tema was *Die rol van die susters in die gemeente* en prof. IA Brink was die spreker.

19. PREDIKANTEKONFERENSIE

Die Sinode 2004 het aan die Kuratorium die opdrag vir die reël van 'n predikantekonferensie gegee. Die SKK het in samewerking met die Kuratorium, KKS en GKK die byeenkoms gereël. Aanbevelings van die konferensie is aan die onderskeie sinodale kommissies gedoen wat daaroor sal rapporteer.

20. VERGOEDINGSKOMITEE

Die SKK het in samewerking met die GKK 'n vergoedingskomitee gevorm. Die GKK sal hieroor verslag doen.

21. STRANDDIENSKAMPE

Versoeke tot hulp aan stranddiensgroepe word periodiek ontvang waarna hulp op beperkte skaal gegee is.

AANBEVELINGS
21.1 Die Sinode versoek kerkrade om hulp aan kampgroepe gunstig te oorweeg wanneer daarom aansoek gedoen word.

21.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om aansoeke, van kampgroepe wat deur hulle kerkrade aansoek om finansiële hulp doen, te oorweeg.

22. BESKRYWINGSPUNTE

22.1 Ring van Mooinooi: Misdaadsituasie

Die Sinode roep lidmate op om voortdurende voorbidding te doen ten opsigte van die ernstige misdaadsituasie in ons land.

Motivering
Ons word deur die Here se Woord opgeroep om te bid en te vra as ons iets nodig het (Mt. 6:5-14 en Mt. 7:11). Die Here is immers 'n God wat redding gee uit die nood (Ps. 46).

22.2 Ring van Mooinooi: Slagoffers van misdaad

Die Sinode simpatiseer met elke familie (in die besonder dié van die Afrikanervolk) wat slagoffers van misdaad was sedert 1994, en bid die vertroosting en bystand van die Here vir hulle toe.

Motivering
Sedert 1994 was duidende mense slagoffers van misdaad in ons land. Die Afrikanervolk het ook ernstig hieronder gely. Dit is die kerk se roeping om die slagoffers van misdaad by te staan (Mt. 25:31-45).

22.3 Ring van Mooinooi: Aksieplan teen misdaad

Die Sinode stel 'n aksieplan teen misdaad op namens die kerkverband, waarin gemeentes aktief by betrokke kan raak om sodoende ons misnoeë met die misdaadkrisis uit te spreek.

Motivering
1. Ons kan nie net toekyk hoe misdaad besig is om ons mense te verarm en sommige se lewens te verwoes nie.

2. Duisende boere van die Afrikanervolk is al tydens plaasaanvalle vermoor, en families is in rou gedompel.

3. Duisende lede van die Afrikanervolk was al slagoffers van misdaad, wat groot sielkundige letsels nalaat, finansiële implikasies het, en selfs geestelike krissise in mense se lewens veroorsaak.

4. Duisende mense van ander volkere ly ook onder misdaad.

22.4 Ring van Mooinooi: Voorbidding vir regering

Die Sinode roep alle lidmate in die Afrikaanse Protestantse Kerke op om voorbidding vir die regering te doen, sodat hulle hul Godgegewe gesag en op-

drag kan besef en behoorlik kan uitvoer, om burgers van ons land te beskerm.

Motivering
1. Die misdaadsituasie in ons land dwing ons om vir die bekering van ons regering te bid.

2. God se Woord vra dat ons vir regerings moet bid, sodat ons 'n stil en rustige lewe in vrede mag hê (1 Tim. 2:1-2).

22.5 Ring van Petrusburg: Pandemiese misdaadgolf in Suid-Afrika

Die Sinode doen 'n dringende beroep op die regering van die land om erns te maak met die pandemiese misdaadgolf in Suid-Afrika en sy erns te toon deur daadwerklike optrede teen misdaad en misdadigers.

Motivering
1. Die sinnelose neem van lewe word deur die Bybel verbied (Ex. 20:13);

2. Artikel 36 van die NGb spel duidelik volgens die Bybel, die plig van die owerheid teenoor sy onderdane uit. Dit gee ook die opdrag dat Christene vir die owerheid moet bid "sodat ons 'n stil en rustige lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (Ex. 18:20; Rom. 13:1; Ps. 82; Dan. 2:21, 22 ea.).

3. Die Grondwet van Suid-Afrika (1996) gee elke mens die reg op lewe, die reg op vryheid van beweging en gelyke reg voor die howe.

22.6 Ring van Heidelberg: Omvang van geweld

1. Die Sinode neem met groot hartseer kennis van die omvang van geweld in die Suid-Afrikaanse samelewing.

2. Die Sinode roep lidmate en kerkrade op tot diepe verootmoediging en gebed tot onse hemelse Vader wat die gang van die geskiedenis bepaal en ons lewe in sy hand het.

3. Die Sinode doen 'n ernstige beroep op die Suid-Afrikaanse regering om sy roeping na te kom om orde in die samelewing te handhaaf.

4. Die Sinode handhaaf die gedagte dat die doodstraf 'n Bybelse opdrag is aan die staat om die swaardmag uit te oefen en roep alle Christen-gelowiges op om druk op die staat uit te oefen om die doodstraf terug te bring as strafmaatreël vir moorde wat gepleeg word.

5. Die Sinode spreek sy innige meegevoel uit teenoor almal wat slagoffers van misdaad was of van wie familielede deur misdaad om die lewe gebring is.

6. Die Sinode roep lidmate op om mekaar by te staan en te ondersteun in die stryd wat almal teen misdaad voer en in die beveiliging van lewens en goedere.

Motivering
1. AP Kerk behoort standpunt in te neem teen die heersende geweld en misdaad in die land.

2. Die Sinode is dit aan die lidmate verskuldig om leiding te gee oor wat Christene se reaksie behoort te wees in 'n land waarin geweld seëvier.

AANBEVELINGS

22.6.1 Die Sinode doen 'n dringende beroep op die regering van die land om erns te maak met die pandemiese misdaadgolf in Suid-Afrika en sy erns te toon deur daadwerklike optrede (wat die herinstelling van die doodstraf insluit) teen misdaad en misdadigers en om die ordelike bestel in die land te herstel en te verseker.

22.6.2 Die Sinode wys die regering daarop dat die swaardmag aan die owerheid gegee is om kwaaddoeners te straf.

22.6.3 Die Sinode roep lidmate en kerkrade op tot voortdurende verootmoediging en gebed tot onse hemelse Vader om: die raad van die goddelose te verbreek; diegene wat gely het as gevolg van die misdaad, te vertroos; die owerheid te lei sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:1-2).

22.6.4 Die Sinode betuig sy innige meelewing met slagoffers van geweld en misdaad en roep kerkrade en alle lidmate op om daadwerklike ondersteuning aan die lydendes te verleen. Wyke waar insidente plaasvind word versoek om hulpaksies te organiseer en bystand te verleen. Leraars en ouderlinge word versoek om pastorale ondersteuning te bied aan die betrokkenes.

22.7 Ring van Kimberley: Die openingsrede by 'n Sinode

Die Sinode besluit om die openingsrede van toekomstige Sinodes op die Sondagaand voor die aanvang van die Sinode te hou.

Motivering
1. Die meeste Sinode-gangers kan reeds die Sondagmiddag na die Sinode vertrek.

2. Op Saterdae is almal moeg en haastig om huis toe te gaan, terwyl baie afgevaardigdes in die verlede reeds vroeg die Saterdagoggend vertrek het.

3. Dit sal veral help vir verafgeleë gemeentes wat die Sondag voor die Sinode net na die oggend-

diens kan vertrek om betyds vir die openingsrede te wees. Dan kan almal op die Saterdag aan die einde van die Sinode vroeg vertrek na hulle tuisgemeentes.

AANBEVELING
22.7.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om in die beplanning van die volgende Sinode die moontlikheid te oorweeg om die opening van die Sinode op die Sondagaand te hou.

22.8 Ring van Clanwilliam: Samestelling van sinodale kommissies

Die Sinode besluit dat permanente sinodale kommissies sover dit leraars aanbetref, saamgestel sal word uit leraars wat nog nie geëmeriteer het nie. Leraars wat reeds geëmeriteer het kan dan as adviseurs gekoöpteer word ten einde hulle kennis te behou. Die besluit word dadelik van krag.

Motivering
a. Hierdie voorstel sal dit moontlik maak vir jonger leraars om ondervinding op te doen in die kommissie werksaamhede en blootstelling bring ontwikkeling.

b. ’n Beter benutting van manekrag kan op die manier gerealiseer word.

c. Die kundigheid van die emeritus leraars kan steeds benut word.

AANBEVELING
22.8.1 Die Sinode besluit dat permanente sinodale kommissies sover dit leraars aanbetref, saamgestel sal word uit leraars wat nog nie geëmeriteer het nie. Leraars wat reeds geëmeriteer het kan dan as adviseurs gekoöpteer word ten einde hulle kennis te behou. Die besluit word dadelik van krag.

22.9 Ring van Outjo: Besoekende leraars

Besoekende leraars aan Namibië:
Die Sinode besluit dat geen AP Kerk predikant/proponent/teologiese student in Namibië kerklike diens mag verrig alvorens hy nie ’n afskrif van sy werksvisum en/of werkspermit by die ringskommissie van die Ring van Outjo ingehandig het nie.

Motivering
1. Die Sinode neem kennis dat geen AP Kerk predikant wat nie ’n Namibiese burger is nie, sonder ’n werksvisum en/of werkspermit, enige kerklike dienste in die AP Kerk in Namibië mag verrig nie.

2. Die Sinode neem kennis dat enige predikant wat enige amptelike diens in ’n AP Kerk in Namibië, Ring van Outjo, verrig, sonder ’n werksvisum of werkspermit, onmiddelike deportasie in die gesig staar en vir die AP Kerk in Namibië ’n groot verleentheid by die staat sal veroorsaak.

AANBEVELING
22.9.1 Die Sinode besluit dat geen AP Kerk predikant/proponent/teologiese student in Namibië kerklike diens mag verrig alvorens hy nie ’n afskrif van sy werksvisum en/of werkspermit by die ringskommissie van die Ring van Outjo ingehandig het nie.

22.10 Ring van Klerksdorp: Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

Die Sinode besluit:
Dat die AP Kerk hom distansieër van nog ’n vertaling van die Bybel naamlik ’n nuwe, Afrikaanse Bybel.

Motivering
1. Daar het einde 2006 weer ’n Afrikaanse vertaling beskikbaar geword deur CUM boeke. Is nog een nodig?

2. Sover ons kennis strek is daar geen behoeftebepaling gedoen in enige kerk nie. Wie was verantwoordelik vir hierdie onderneming, en wat is die doel? Wat wil die vertalers bereik en wie wil hulle aanspreek, wie is die teikengroep? Is hierdie onderneming tot eer van God Drie-enig of is dit maar weer mense wat wil presteer?

3. Wie gaan dit finansier? – sulke ondernemings kos miljoene!

4. Indien die finansies beskikbaar is kan dit nie beter aangewend word nie?

5. Met al die verskillende Bybelvertalings het die Bybel sy gesag verloor as onvoorwaardelike onfeilbare Woord van God – watter vertaling is dan nou korrek? Op 3 September 1996 sê prof. Sakkie Spangenberg (Ou Testamentikus) “As die kerk egter nie ruimte maak vir ander sieninge oor die Bybel nie gaan hy al hoe meer irrelevant raak” As daar soveel variante van die Woord van God is, is dit nie meer die Woord van God nie. God is onveranderlik en so ook sy Woord.

Na die 1983 vertaling (NAV) en die vertwyfeling oor watter Bybel werklik korrek is kom prof. Willie Jonker en bely dat apartheid sonde is (te Rustenburg). Vir eeue is aan ons volk vertel dat afsonderlike bestaan en lewenswyse Bybels korrek is. Nou moet ons hoor dit is “sonde”, watter ontsettende manier om vertwyfeling te saai – geen wonder ons volk het so afvallig geword nie en as ons die korrektheid van die Bybel nie kan vertrou nie wie en wat kan ons vertrou?

6. Al die strominge deur teoloë nl. postmodernisme, nuwe hervorming, wetenskaplike ondersoe-

ke, Jesus Seminare, paradigmaskrywe, sinkretisme en kontekstuele begrippe het begin na die 1983 vertaling. Het hierdie dinamiese ekwivalente vertaling nie die hek oopgemaak vir allerhande diverse interpretasies nie?

7. Sover ons kennis strek is dit nog net die "drie susterskerke en Jehova Getuies" wat die NAV gebruik, en dra ons nie kennis van enige sekte kerke of Charismatiese kerke wat nie terug is by die OAV nie.

8. Dit is interessant dat wetenskaplikes in die VSA en Brittanje en RSA wat deelneem aan die "Creation Ministries" deurgaans die "King James Version" gebruik met die "Modern King James " vir toeligting.

9. Watter brontekste gaan gebruik word? Ons moet net onthou dat die Bybelgenootskappe nie gebind word aan enige belydeniskrifte nie.

(a) Onder die samestellers van die UBS brontekste wat gebruik is vir die NAV was nie een enkele gereformeerde Hoogleraar nie, nie een wat die gereformeerde belydenis onderskryf nie.

(b) As die metode van die dinamiese ekwivalente met diskressie en verantwoordelikheid gebruik word soos bv. Jesaja 65:11 van die 1953 vertaling het ons daarmee geen probleem nie. Met die 1983 vertaling egter word die gaping so oopgevlek dat 'n vierperdewa daarin kan draai, maar wanneer dit by Jes. 65:11 kom skryf hulle van "Gad" en "Méne" wat geen sterfling weet wat daarmee bedoel word nie.

(c) "Oudste" brontekste is nie noodwendig die beste nie.

10. Die Woord van God het in die RSA binne die kerk verlore geraak, toegegooi onder die rommel wat die Evangelie verduister. Broers ons haal aan Ps. 11:3 "As die fondamente omgegooi word wat kan die regverdige doen".

11. Ons het 'n groter taak naamlik om die opdrag van onse Here Jesus Christus nl. om die Evangelie aan alle mense te verkondig en daarmee sit ons die Afrikanernasie bo-aan die lys (Mt. 28:19). Ons moet ophou om verwarring te skep. Die Woord van God het in die RSA binne die kerk verlore geraak, toegegooi onder die rommel van allerhande foefies soos kontekstualisme, paradigmaskrywe, nuwe hervorming, sinkretisme ens, (11 Kron. 34:11). Die tyd is nou ryp dat ons, soos Josia "Die Boek" afstof en dit gebruik vir wat dit bedoel is.

Want Christus het my (Paulus) gestuur…. om die Evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie (1 Kor. 1:17-31).

AANBEVELING
22.10.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie. Dit moet in die vorm van 'n beswaarskrif wees volgens sinodale besluit.

22.11 Ring van Brandfort: Tentmakerbediening

Die Ring van Brandfort versoek u vriendelik om die Sinode besluit oor tentmakerbediening te heroorweeg.

Motivering
Die kleiner gemeentes kan nie 'n predikant voltyds bekostig nie, veral sedert die verandering aan die traktementskale.

AANBEVELING
22.11.1 Hierdie beskrywingspunt word deur die studiestuk in bylae SKK 1 ondervang.

22.12 Ring van Naboomspruit: Pastorale hulp aan leraars in probleemsituasies

Die beskrywingspunt word soos volg aan die Sinode voorgelê:
a. Artikel 3 van die Kerkorde lui: *Die AP Kerk(e) wil elk 'n openbaring van die liggaam van Christus wees ...*
Wanneer 'n gemeente, ring en selfs op meerdere vlak 'n leraar in persoonlike nood nie ondersteun en bemoedig nie, kom ons beslis nie hierdie artikel na nie. Kom ons kyk na onsself in die AP kerkverband, en maak seker dat ons nie ons leraars verwaarloos as dit by herderlike sorg kom nie.

b. Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade en ringe om, wanneer 'n leraar in een of ander probleemsituasie verkeer, alle moontlike pastorale hulp te verleen.

Motivering
Die Ring het die volgende van die AP Kerk Vaalwater ontvang:
Na aanleiding van die skorsing van ds. Hector Jooste wil die Kerkraad van die AP Kerk Vaalwater die volgende beskrywingspunt aan die Ring van Naboom voorlê:
Ter stawing van hierdie beskrywingspunte wil die Kerkraad ook die getuigskrif wat aan ds. Jooste by sy vertrek gegee is, byvoeg:
AP Kerk Vaalwater, 10 November 2003
Heil die leser:
Namens die Kerkraad van bogenoemde gemeente wil ons graag hiermee 'n getuigskrif vir ds. Hector Jooste voorsien. Die afgelope drie jaar was hierdie gemeente in 'n bedieningsooreenkoms met Ellisras gemeente. Gedurende hierdie tydperk het ds. Joos-

te Vaalwater met ywer en toewyding as ’n volwaardige gemeente bedien.
Ds. Jooste se prediking was ten alle tye suiwer volgens die Evangelie, met deeglike voorbereiding en bestudering van die Woord. Sonder enige twyfel, kan die Kerkraad getuig dat die gemeente werklik geestelik gegroei het. Aktuele sake is duidelik ook in die lig van die Heilige Skrif, gereeld in perspektief gebring.
Die lidmate het spontaan met lof van ds. Jooste se pastorale bediening getuig. Huisbesoeke en spesiale besoeke is nooit agterweë gelaat nie.
Ds. Jooste het ook ten volle sy betrokkenheid by die Kerkraadsake getoon. As voorsitter van ons Kerkraad kon hy duidelik leiding gee.
Ds. Jooste het die verbondsonderrig ook bekwaam gelei, en het veral groot deeglikheid getoon met die finale jaar leerlinge. Saam met sy gesin het ds. Jooste van ’n belydeniskamp ’n onvergeetlike, dog hardwerkende, ervaring gemaak.
Ds. Jooste se eggenote ondersteun hom ten volle in al die aktiwiteite van die gemeente. As huisgesin, is hulle ook werklik ’n voorbeeld vir die gemeente.
Met dank gee die Kerkraad hiermee sy seënwense aan ds. Jooste en sy gesin. Mag ons Hemelse Vader hulle altyd onderskraag.

AANBEVELING
22.12.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt, dit is wel ontvanklik, maar die motivering nie toelaatbaar nie, aangesien dit ’n afgehandelde tugondersoek is waaroor die Sinode geen seggenskap het nie, omdat daar nie ’n appèl voor die Sinode dien nie.

22.13 Ring van Naboomspruit: Evangelisasie en Sending

1. Die Sinode versoek elke kerkraad om ondersoek in te stel na ’n evangeliserings- en sendingveld in sy omgewing en moedig elke gemeente aan om meer georganiseerd aandag aan hierdie opdrag van die Kerk te gee volgens Arts. 46 en 47 van die kerkorde.

2. Die Sinode vestig elke ouderlingraad se aandag daarop dat Arts. 46 en 47 van die Kerkorde ’n opdrag aan ouderlingrade bevat en dat daar elke jaar daaroor aan die ring verslag gedoen moet word.

3. Die Sinode wys kerkrade daarop dat daar talle ongelowige Afrikaners in alle gemeenskappe is waaroor die Kerk hartlik bewoë behoort te wees.

4. Die Sinode dra dit aan elke ouderlingraad op:
4.1 om ’n evangeliseringsaksie in die gemeente uit te werk, wat veral gerig is op die insluiting van al die jonges van die gemeente;
4.2 om ernstig metodes te bedink om elke dooplidmaat by gewone gemeentewerksaamhede te betrek.

5. Die Sinode versoek ouderlingrade –
5.1 dringend die betekenis van die erediens by lidmate (belydend en doop) in te skerp;
5.2 ernstig die boodskap te dra dat die verbondsonderrrig ’n integrale deel van die gemeentelike werksaamhede is;
5.3 voortdurend te propageer dat die VBO eintlik ’n verlengstuk van die erediens, sowel as van die ouerlike opvoeding is;
5.4 suiwere metodes te bedink om ’n trotsheid te kweek om doop- en belydende lidmaat van die Afrikaanse Protestantse Kerke te wees.

6. Die Sinode roep alle belydende lidmate op om die dooplidmate voor te gaan in ’n sterk positief Christelike voorbeeld in al hulle doen en late, gevorm volgens die Wet van die Here.

7. Die Sinode versoek Leraars om –
7.1 in die prediking gereeld die omstandighede en behoeftes van die hedendaagse jeug vanuit Bybelse perspektief prakties aan te spreek;
7.2 die prediking in te sluit in die bogenoemde evangeliseringsaksie.

AANBEVELING
22.13.1 Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

22.14 Ring van Naboomspruit: Aktuelesake

A. Die Sinode spreek hom teenoor die Regering-van-die-dag uit ten opsigte van die volgende:
1. die diskriminerende beleid van swart ekonomiese bemagtiging wat –
a. ’n kwalik bedekte weergawe is van die tipiese kommunistiese beleid van die herverdeling van rykdom. Die Sinode waarsku dat hierdie beleid uiteindelik uitloop op die verryking van die elite, maar ’n grootskaalse en rampspoedige verarming van die grootste deel van die bevolking;
b. berus nie op beginsels van produktiwiteit nie, maar op bedenklike hebsug.

2. Die voortgaande diskriminerende beleid van sogenaamde regstellende aksie waardeur veral die Afrikanervolk se jeug ernstig benadeel word ten spyte van die feit dat hulle nie regtig ’n aandeel gehad het aan die sogenaamde beleid van apartheid nie, wat vir die huidige regerende party so ’n pynigende doring in die vlees is.

3. Die regering se ooglopende traagheid om die erger wordende en voortstuwende vlaag van misdaad te bekamp. Die Sinode herinner die regering daaraan dat dit die regering is wat die swaardmag in die hande het as ’n dienaar van God, *...’n wreker om die een wat kwaad doen, te straf* (Rom. 13:4).

B. Die Sinode spreek die Afrikaner-Boerevolk, onder wie die Kerk bestaan, ernstig en vermanend

aan om hom as volk te bekeer tot die God van die Woord. Die Sinode roep die volk op om hulle te gedra ooreenkomstig die geopenbaarde wil van God in sy Woord, naamlik om liefde te betoon jeens alle mense, maar in besonder teenoor die huisgenote van die geloof.

Motivering

1. Die dertien jaar wat verloop het sedert die bewindsoorname van die ANC en sy regeringsvennote in 1994, was vir die Afrikanervolk, om die minste te sê, rampspoedig. Die nuwe regering het ywerig allerlei maatreëls ingestel om op elke terrein van die lewe die mag oor die Afrikanervolk te bekom. Grootskaalse verarming as gevolg van sogenaamde "regstellende aksie" het kort voor lank sy tol geëis. "Swart Ekonomiese Bemagtiging" was die volgende diskriminerende beleid van die regering, nie om die deursnee swarte op straat te bemagtig nie, maar veel eerder om die wittes, en dan veral Afrikaners, ekonomies te **ONTMAGTIG**. Waar hierdie beleid in die landbousektor toegepas word, is dit daarop afgestem om die Afrikaner sy grond te ontneem en daarmee saam sy bestaansruimte en sy bestaansmiddele. Hierdie beleid is nie iets anders nie as gewettigde diefstal van Afrikanergoedere, wat oor 'n lang tydperk met moeisame arbeid en weldeurdagte planne bymekaargemaak is. Die reeks artikels deur mnr. Dolf Buitendach in *Die Boodskapper* was in hierdie verband insiggewend.

Kan die Kerk hierdie skreiende oortreding van die gebod van die Here ten koste van veral Afrikaners stilswyend aanvaar?

2. "Regstellende aksie" kan nie onbepaald gehandhaaf word as beleid van die regering nie. In die sogenaamde demokratiese bestel moet mense nie meer op grond van velkleur nie, maar op grond van meriete in poste aangestel word. Die vrugte van hierdie beleid word reeds gepluk: 'n grotendeels onbevoegde en oneffektiewe staatsdiens, maar honderde, as dit nie duidende bevoegde en gekwalifiseerde Afrikaners krepeer in ellende.

Kan die Kerk hierdie skreiende onreg, wat die volk aangedoen word, waarbinne hy kerk is, sonder meer stilswyend aanvaar?

3. As die Afrikaner nie op 'n oënskynlike "wettige" manier van sy goed beroof kan word nie, dan word dit op 'n geweldadige wyse gevat. Misdaad is vir die regering 'n goeie bron van inkomste. Bereken maar net die bedrag jaarliks deur BTW aan die regering betaal vir byvoorbeeld die voorsiening van sekuriteitsdienste, vervanging van gesteelde goedere, herstel van geboue en voertuie waarin daar ingebreek is ensovoorts. 'n Deel van die Staat se inkomste is dus direk afkomstig uit misdaad.

Die misdaad gaan meer dikwels gepaard met ernstige geweld en lewensverlies. Die owerheid is saam met die Kerk 'n dienskneg van God! Kan die Kerk swyg as die regering, sy mededienskneg, so verword het dat hy saam met die misdadigers gereken moet word, ja, dat daardie mededienskneg mede-aandadig is aan die verminking van en moord op duisende slagoffers? Daardie slagoffers was/is meer dikwels lidmate van die Afrikaanse Protestantse kerkverband.

4. Lidmate, veral boeregemeenskappe in die plattelandse gebiede, kry die indruk dat die Kerk nie regtig meer begaan is oor hulle wel en wee nie. Die indruk waaraan 'n mens nie kan ontkom nie, is dat die Kerk, soos ander kerke van gereformeerde belydenis in SA, "polities korrek" wil optree en nêrens aanstoot wil gee nie, veral nie by die regering van die dag nie. Aan die ander kant kan dit wees dat die Kerk ietwat gevoelig is vir die beskuldiging dat hy dit op 'n politieke terrein waag. Dit neem egter niks weg nie van die feit dat die Kerk 'n heilige roeping het om die regering te konfronteer oor sy oortreding van die gebooie van God, net soos die profeet Natan met koning Dawid van Israel moes doen.

Hoe dit ookal sy, die lidmate van die AP Kerk se plattelandse gemeentes wag dat die Kerk by monde van die Sinode hom sal uitspreek en sy misnoeë met die huidige toedrag van sake aan die regering te kenne sal gee.

5. Die huidige toedrag van sake kan ook gesien word as die Here se tugtiging van die Afrikanervolk. Alhoewel die Afrikanervolk die unieke voorreg het om die enigste volk ter wêreld te wees wat, streng gesproke, in die kerk gebore is, het ons as volk onrusbarend ver afgedwaal van die God van ons vadere.

- Byvoorbeeld, daar word wel deesdae meer in Afrikaans gesing, maar wie daarna luister, word gewalg deur die platvloersheid van die meeste van hierdie "musiek".
- Ons lidmate besoek die casino's nie minder ywerig as andersvolkige mense nie. Afrikaners staan saam in die ry om op Woensdag en Saterdag die lotto te "speel" en so "speel-speel" wek ons die Here se toorn oor ons op!
- Talle gemeentes, nie net van die AP Kerk nie, maar ook van ander kerkverbande, sukkel om finansieel kop bo water te hou. Wat lidmate bydra as offergawes, blyk dikwels niks meer te wees nie as alleen maar 'n gawetjie, 'n fooitjie vir die kerk van wat oorgebly het nadat die huisverband, water en ligte, die groot paaiement op my viertrek dubbelkajuitbakkie, die rugbykaartjies, ensovoorts, betaal is. Ons beproef die Here se geduld met ons karige offers!

Alles in ag genome, lê dit op die weg van die Sinode om nie net die regering van die dag nie, maar veral ook die lede van die Afrikanervolk ernstig te vermaan tot hartgrondige berou en tot inkeer.

22.15 Ring van Dendron: Landbou

1. Die Sinode spreek hom uit teen die doelbewuste misbruik van die reg o.m. Swart Ekonomiese Bemagtiging, om die boere se eiendomsreg onregmatig aan te tas om sodoende die boere, waaronder lidmate van die AP Kerke, uit hulle omgewing te vervreem.
2. Die Sinode erken dat landbou 'n primêre bousteen van die samelewing is en geregtig is op die beskerming van die reg.
3. Die Sinode neem met dank kennis van artikels en bydraes van hoogstaande gehalte wat van tyd tot tyd in *Die Boodskapper* verskyn waardeur lidmate van die AP Kerke bemoedig en versterk word en wanopvattings en onwaarhede waardeur die reg van ons volk aangetas word, in die regte perspektief gestel word.
4. Die Sinode neem met dank kennis van die skakeling tussen die SKK en TLU SA en spreek die wens uit dat hierdie bande wedersyds versterk word.

AANBEVELINGS

22.15.1 Die Sinode neem daarvan kennis dat die regering die "affirmative action"- klousule van die Grondwet [artikel 9(3)] in samehang met die grondwetlike bepaling in sake grondhervorming [artikel 25(2)] sodanig toepas dat dit neerkom op blatante diskriminasie teen blanke boere, deurdat 'n landboubeleid sistematies toegepas word wat blanke boere van hulle grond sal vervreem en so verstedelik.

22.15.2 Die Sinode spreek hom uit ten gunste van 'n stabiele en ekonomiesgedrewe landbou beleid wat noodsaaklik is vir welvaart.

22.15.3 Die Sinode onderskryf die beginsel van private eiendomsreg en van die beskerming en bevordering van 'n landelike grondslag vir die kultuur van die Afrikanergemeenskap.

22.15.4 Die Sinode neem met dank kennis van artikels en bydraes van hoogstaande gehalte wat van tyd tot tyd in *Die Boodskapper* verskyn, waardeur lidmate van die AP Kerke, wat in die landbou betrokke is, bemoedig en versterk word.

22.15.5 Die Sinode neem met dank kennis van die skakeling tussen die SKK en TLU SA en spreek die wens uit dat sodanige skakeling ook met ander landbou-organisasies, waarby lidmate betrokke is, geskep sal word en dat hierdie bande wedersyds versterk sal word.

22.16 Ring van Germiston: Konferensie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die Sinode word bewus gemaak van die bestaan en funksionering van die Konferensie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Sinode behoort gemeentes aan te moedig om by die Konferensie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betrokke te raak.

Motivering

Geskiedenis van die Konferensie: Vanweë teologiese woelinge in verskeie gereformeerde kerkverbande is daar oor die loop van jare verskeie kerke (plaaslike kerke of gemeentes) gevorm wat op gereformeerde grondslag wil staan, maar om verskeie redes nie op hierdie stadium kans sien om by 'n bestaande kerkverband in te skakel nie. 'n Aantal van bg. kerke het in 2003 besluit om onder die naam van die Konferensie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n samewerkingsooreenkoms met mekaar te sluit ter bevordering en verdediging van die evangelie op gereformeerde grondslag. Die AP Kerk Germiston het intussen ook besluit om kontak met dié kerke op te neem.

Kerke betrokke by die Konferensie: Op die oomblik is die volgende kerke lede van die Konferensie: Die Afrikaanse Protestantse Kerk Germiston, die Afrikaanse Reformatoriese Kerk, die English Reformed Church (Randburg), die Gereformeerde Kerk Die Môrester (Pretoria), die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan, die Nederduitse Gereformeerde Kerk Witfield, die Vrye Gereformeerde Gemeente De Deur, die Vrye Gereformeerde Kerk Bethal.

Die feit dat die AP kerkverband waarnemerstatus by die Konvent van Reformatoriese Kerke het, bewys dat die AP kerkverband in beginsel deelname aan konvente en konferensies goedgekeur het. Daarom sal dit goed wees as kerke binne die AP kerkverband ook kontak met die Konferensie van Gereformeerde Kerke opneem. Lidkerke van die Konferensie sien vanweë teologiese verskille met lidkerke van die Konvent nie kans om by die Konvent in te skakel nie, en sal heelwaarskynlik ook nie deur die Konvent tot deelname uitgenooi word nie.

Deelname aan die Konferensie is 'n uitlewing van Kerkorde Art. 64.1.

Deelname aan die Konferensie bied aan die AP Kerke 'n kosbare geleentheid om met kerke wat ook sterk oor die gereformeerde leer voel, saam te werk.

INLIGTINGSTUK

1. Grondslag

Die Bybel as die onfeilbare Woord van God en die Gereformeerde Belydenis soos uitgedruk in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus, Dordtse Leerreëls en Westminister Confession omdat dit met die Woord van God ooreenkom.

2. Doel

Die lidkerke van die Konferensie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika stel hulself ten doel om:

* Die eenheid van die geloof tussen kerke met 'n gereformeerde belydenisgrondslag, uit te leef en te bevorder
* die gemeenskap van die gelowiges te beoefen deur mekaar te ondersteun, te bemoedig en oor mekaar te waak
* saam te werk in die bevordering en verdediging van die evangelie.

3. Lidmaatskap
Plaaslike kerke wat Skrifgetrou en Belydenisgebonde leef en werk kan lid word van die Konferensie.

4. Werkswyse
Samewerkende kerke verbind hulle tot die volgende werkswyse:
4.1 'n Jaarlikse vergadering waar gemeenskaplike sake bespreek en besluite geneem word. (Vergelyk bylae 1).
4.2 'n Nuusbrief wat in samewerkende kerke versprei word.
4.3 Spontane onderlinge skakeling en samewerking tussen samewerkende kerke volgens behoefte.

5. Koördinering van werksaamhede
5.1 Die koördinering en administrasie funksie word deur 'n sekretaris, wat driejaarliks verkies word, behartig.
5.2 Die jaarlikse kerkevergadering word gereël deur 'n komitee bestaande uit die sekretaris, die leraar van die gemeente waar die vergadering gehou sal word en nog twee afgevaardigdes wat jaarliks deur die vergadering aangewys word.

6. Finansies
6.1 Die koste van die jaarlikse vergadering word deur die gasheergemeente met of sonder die hulp van die ander samewerkende kerke gedra.
6.2 Die begroting vir die deurlopende administrasie word deur vrywillige bydraes van die samewerkende kerke gedra.

7. Wysiging van die ooreenkoms
Die ooreenkoms (punt 1 uitgesluit) kan met vooraf kennisgewing op 'n vergadering deur 'n tweederde meerderheid van die teenwoordige lede gewysig word.

Jaarlikse kerkevergadering
1. Die kerkevergadering is oop behalwe wanneer die vergadering self anders besluit.
2. Samewerkende kerke (gemeentes) word deur minstens een maar verkieslik deur drie stemgeregtigde afgevaardigde ouderlinge verteenwoordig.
3. Die sakelys word deur die reëlingskomitee (Ooreenkoms 4.2) in oorleg met die samewerkende kerke opgestel.
4. Voorstelle en beskrywingspunte van samewerkende gemeentes moet ten minste 6 weke voor die vergadering aan die sekretaris deurgegee word sodat die sakelys 4 weke voor die vergadering beskikbaar gestel kan word.
5. 'n Voorsitter vir die vergadering word jaarliks gekies. Die sekretaris tree op as skriba.
6. Die plek van die volgende kerkevergadering word op uitnodiging deur die vergadering bepaal.

AANBEVELING
22.16.1 Die Sinode neem kennis van die Konferensie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en moedig gemeentes aan om daarby betrokke te raak.

22.17 Ring Moot-Sentraal: Afrikanerbegraafplase

Die Sinode dra dit aan gemeentes op om sy lidmate aan te spoor om deur middel van kultuurorganisasies aandag te skenk aan verwaarloosde kerkhowe en ander grafte van Afrikaners wat gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) omgekom het.

Motivering
Die Sinode toon hiermee dat hy 'n hart het vir die Afrikaner en sy geskiedenis.

AANBEVELING
22.17.1 Die Sinode dra dit aan gemeentes op om sy lidmate aan te spoor om deur middel van kultuurorganisasies aandag te skenk aan verwaarloosde kerkhowe en ander grafte van Afrikaners wat gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) omgekom het.

23. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA BYLAE 5

AANBEVELINGS
23.1 Die vergadering neem kennis van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Die Bybelgenootskap word verseker van die Kerk se onverdeelde ondersteuning en medewerking.

23.2 Dank word uitgespreek teenoor alle gemeentes, gemeentelike instansies en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

23.3 Kerkrade word versoek om winkels op plaaslike vlak aan te moedig om Bybels wat benodig word, in welke taal ookal, geredelik in voorraad te hê, en dat Bybels andersins by die gemeentelike kolporteurs beskikbaar is.

23.4 Kerkrade word versoek om elke jaar, voor die einde van Oktober, 'n bedrag per lidmaat, gelykstaande aan die bedrag (tans R22) wat die Bybelgenootskap benodig om een Bybel teen bekostigbare prys beskikbaar te stel aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

23.5 Die Vrouediens, Verbondsonderrig en individue word aangemoedig om by te dra vir Bybelverspreiding.

23.6 Gemeentes word aangemoedig om promosiemateriaal wat gratis op aanvraag beskikbaar is, by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te bekom om as hulpmiddels te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.

BYLAE SKK 1

24. TENTMAKERBEDIENING

1. OPDRAG

Die Sinode besluit om die studiestuk oor "Tentmakerbediening" en ander kommentaar wat by die Sinode ingedien is, na die SKK te verwys vir voorlegging aan 'n volgende Sinode.[1]

2. AGTERGROND VAN DIE OPDRAG

Tydens Sinode 2004 het die volgende aanbeveling van die SKK voor die Sinode gedien: "Die sogenaamde tentmakerbediening word nie in die AP Kerke in werking gestel nie".[2]

Tydens dieselfde Sinode het die KKS ook in sy verslag aanbeveel, n.a.v. 'n beskrywingspunt deur die Ring van Benoni dat tentmakerbediening in die kerkverband geïmplimenteer word, dat die beskrywingspunt nie goedgekeur word nie.[3]

Nadat 'n amendement ingedien is tydens bespreking[4], is die volgende ordemosie aanvaar: "Die hele aangeleentheid rondom tenmakerbediening word verwys na 'n tydelike kommissie van die Sinode om staande hierdie Sinode die vergadering te bedien met 'n aanbeveling wat al die insette wat gelewer is, in ag te neem".[5]

Die *Ad hoc*-kommissie vir ondersoek na tentmakerbediening het egter geoordeel dat daar nie tydens die Sinode genoeg tyd is om verantwoordelik oor hierdie saak te besin nie[6], en die saak is verwys na die SKK vir voorlegging aan 'n volgende Sinode.

3. BESLUITE VAN VORIGE SINODES

In die studiestuk *Tentmakerbediening* (Bylae SKK 1)[7] wat voor Sinode 2004 gedien het, word die besluite van vorige Sinodes soos volg aangetoon:

1. Die Sinode 1993 – beskrywingspunt Ring van Moot-Sentraal

Kommissie vir Kerkleer en Etiese Norme se verslag in Sakelys bl. 88, pt. 3.3 met studiestuk as bylae 2, bls. 92-94.

Die studiestuk behandel die sogenaamde *Tentmakerbediening* baie volledig aan die hand van die Skrif. Ook op bl. 126 volgende word die aangeleentheid weer in die verslag van die KKS behandel. Die volgende aanbevelings is in die studiestukke vervat:

Aanbeveling bl. 88

Die Sinode besluit dat die AP kerkverband nie die weg van die sogenaamde tentmakerbediening sal volg nie.

Aanbeveling bl. 127
Tentmakerbediening word nie ingestel nie.

Die Sinode het dus twee baie duidelike aanbevelings aan die hand van deeglike studiestukke deur twee sinodale kommissies in sy Sakelys gehad. Die aanbevelings het egter waarskynlik vanweë 'n gebrek aan tyd nie voor die Sinode gedien nie. Die tweede aanbeveling het egter weer in die Sakelys van 1995 voorgekom, en is goedgekeur (Handelinge bl. 229).

4. VORIGE STUDIESTUKKE

Hierdie aanbeveling wil nie 'n nuwe eksegetiese ondersoek doen na die Bybelse gegewens aangaande die tentmakerbediening nie – daar het reeds drie studiestukke voor vorige Sinodes gedien. Hierdie studiestukke is deeglik en deurtrap die saak goed. Sinodegangers word versoek om hulself te vergewis van hierdie studiestukke, nl.
Tentmakerbediening (Bylae KEN-2); Sakelys van die Sesde Sinode 1993, bl. 92.
Tentmakerbediening; Sakelys van die Sesde Sinode 1993, bl. 126.
Tentmakerbediening (Bylae SKK 1); Sakelys van die Elfde Sinode 2004, bl. 15.

5. BEGRIPSOMSKRYWING

Die begrip "tentmaker" word gebruik vir 'n leraar wat in sy eie lewensonderhoud voorsien.

Die Sinode moet egter kennis neem dat "tentmaker" of "tentmakerbediening" 'n gelaaide begrip is wat nie net die leraar betrek nie, maar ook die gemeente.

Die saak wat dus voor die Sinode dien, is nie alleen 'n saak ter wille van die leraar nie, maar ook in besonder ter wille van en in belang van die gemeente.

Ons het hier met 'n gelaaide begrip te doen waar tentmaker sinoniem is met die gedagte van 'n "deeltydse" leraar. Hierdie siening word ondersteun deur

1 Handelinge van die Elfde Sinode 2004. 453 p
2 Sakelys van die Elfde Sinode. 1 p
3 Sakelys van die Elfde Sinode. 158-159 p
4 Handelinge van die Elfde Sinode. 334 p
5 Handelinge van die Elfde Sinode. 335 p
6 Handelinge van die Elfde Sinode. 453 p
7 Sakelys van die Elfde Sinode. 15 p

die beskrywingspunt van die Ring van Benoni[8] wat o.m. stel: "Die pligte van 'n 'tentmaker-leraar' moet duidelik in 'n onderlinge ooreenkoms vervat word".

In die vraag na die "tentmakerbediening" moet die Sinode dus ook vir homself uitmaak of hy bereid is om die gemeentes bloot te stel aan deeltydse bediening of versorging.

6. METODIEK VAN HIERDIE STUDIE

Aangesien daar reeds vorige eksegetiese studiestukke gedoen is (vgl. pt. 4 hierbo), konsentreer hierdie ondersoek slegs op die kerkregtelike ontwikkeling en vraag na deeltydse bediening. Sommige inligting sal uiteraard herhaal word vanuit die vorige studiestukke.

7. GESKIEDENIS VAN ARTIKEL 18 VAN DIE KERKORDE

Artikel 18 van ons kerkorde bepaal: "Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord".

Kerkregtelik kan hierdie artikels se wortels reeds teruggeneem word na die Konvent van Wezel, 1568, waar die konvent adviseer dat daar kommissies gevorm moet word van "mannen van beproefd geloof en levenswandel, die de bezoldiging der Dienaren en wat voorts tot het gebruik van die de dienst (des Woords) nodig zal zijn, verzamelen zullen".[9]

Kleynhans wys ook daarop dat die Sinode van Embden in 1571 die lidmate van gemeentes vermaan wat van die dienste van "Kerken-Dienaars" gebruik maak "dat zy denzelven met onderhoud, zoo hy gebrek heeft, verzorgen".[10]

Hierdie reëling vind dan ook 'n regmatige inskrywing in die Dordtse Kerkorde van 1618/19 (artikel 11): "Aan die andere zijde zal die kerkeraad, als representeerende de gemeente, ook gehouden zijn hare dienaars behoorlijk onderhoud te verzorgen,…".[11]

8. DIE BEGINSEL

Artikel 18 van ons kerkorde, soos reeds gewortel in die Konvent van Wezel 1568, is natuurlik gegrond op 'n Skrifbeginsel.

In hierdie verband skryf Kleynhans: *Die Skrif leer dat die Here bepaal het dat 'die wat die evangelie verkondig…van die evangelie moet lewe* (1 Kor. 9:7-14; vgl. Lk. 10:7; 1 Tim. 5:18). Dit kom daarop neer dat die gemeente nie alleen vir die instandhouding van die erediens in die algemeen verantwoordelik is nie, maar bepaaldelik ook vir die lewensonderhoud van die bedienaar van die Woord. Op elkeen van die gemeentelede rus derhalwe die verpligting om, in ooreenstemming met sy welstand, van die stoflike gawes wat hy voortdurend uit die hand van God ontvang die nodige vir die doel beskikbaar te stel".[12]

Oor hierdie saak skryf Bouwman dat wanneer die dienaar homself gee aan die gemeente, *heef die gemeente met een dankbaar hart, uit den drang der liefde, als vrucht van het leven des geloofs en uit gehoorzaamheid aan het gebod Gods, hem en die zijnen te voorzien van datgene, wat tot hun levensonderhoud nodig is*[13]

Hy wys ook daarop dat Calvyn by geleentheid opgemerk het dat nalatigheid van die gemeente teenoor die predikers, 'n bespotting van God is.[14]

Jansen som hierdie beginsel van die onderhouding van leraars mooi op met die volgende Skrifverwysings:

- dienaars van die evangelie moet onderhou word deur diegene onder wie hulle arbei (Mt. 10:10 en Lk. 10:7), "want die arbeider is sy loon werd (Lk. 10:7), soos die Heiland self onderhou is deur hulle wat Hom bedien met hul goedere;
- hierdie beginsel dat leraars van die evangelie moet leef, is gegrond in die ordinansies van Christus, die natuur (1 Kor. 9:7); in die wet van Moses (1 Kor. 9:8-10); in die geestelike reg (1 Kor. 9:11-12); en in die sorg vir die priesters in die Ou Testament, (1 Kor. 9:13); "So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe" (1 Kor. 9:14); en
- die nalatigheid insake hierdie verpligting is 'n ernstige bespotting van God, en sal ook deur die Here gestraf word (Gal. 6:6-8)."[15]

Ook die Heidelbergse Kategismus lê 'n beginselgrondslag in hierdie verband. In Sondag 38 (v/a 103) word o.m. geantwoord op die vraag: Wat gebied God in die vierde gebod?": "Ten eerste, dat die kerkdiens of die predikamp en die skole onderhou moet word;…"[16]

JJ Knap verklaar hierdie antwoord soos volg: *Dit rusten ontvangt zijn wijding door predikambt en bediening des Woords. Deze behooren mitsdien door die gemeente onderhouden te worden. Zij geven*

---

8 Sakelys van die Elfde Sinode. 259 p

9 Jansen, Joh. Korte Verklaring van die Kerkorde. 1952. 51 p

10 Kleynhans, EPJ. Gereformeerde Kerkreg II. 1984. 49 p.

11 Teks van die Dordtse Kerkorde soos in Die Historiese agtergronde van ons kerklike Reg, Pont, AD. 1981. 176 p.

12 Kleynhans, EPJ. Gereformeerde Kerkreg II. 1984. 48-49 p.

13 Bouwman, H. Gereformeerd Kerkrecht I. 1970. 448 p.

14 idem.

15 Jansen, Joh. Korte verklaring van die kerkorde. 1952. 51 p.

16 Heidelbergse Kategismus soos in Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk. 2006. 184 p.

aan den Sabbat de onontbeerlijke verheffing en maken hem tot een opgaanden bergtop, tot een Thabor-spits, vanwaar de heerlijkheid van Christus ons toeglanst. Israel schonk voor de oprichting van den tabernakel geheel vrijwillig zoovele en zoo kostbare gaven, dat Mozes er den toevloed van moest stuiten, omdat er oorvloed was. Dit is Sabbatsviering: het bouwen van huizen des gebeds *en het verzorgen der leeraars, naar den eisch van het woord, dat wie het altaar bedient, ook van het altaar moet eten* (eie kursivering).[17]

9. WAAROM HIERDIE BEGINSEL?

'n Goeie opsomming vir die waarom-vraag in hierdie geval, vind ons in die beroepsbrief wat 'n geroepe predikant ontvang: *Om u van bekommernisse oor die stoflike te vrywaar, onderneem die Kerkraad om aan u die volgende geldelike ondersteuning te voorsien*….[18]

'n Verdere vraag sou wees waarom 'n leraar dan nie belas mag word met "stoflike bekommernisse" nie?

'n Pragtige antwoord kry ons by Joh. Jansen.[19] Hy skryf dat die amptelike diens al ons liefde (Joh. 21:15-17; 2 Kor. 5:14); al ons tyd (Joh. 9:4); al ons gewilligheid (1 Kor. 9:16-17); al ons volharding (2 Tim. 4:1-5) en ons algehele afsondering tot en ons toewyding aan die werk van die bediening vra (Rom. 1:1; Hand. 15:26).

Die getroue en ywerige leraar sal eenvoudig nie anders kan as om te erken dat deeglike bediening 'n voltydse arbeidsterrein is nie. Wanneer daar slegs na die opdrag van die bedienaar van die Woord gekyk word in Artikel 15 van ons kerkorde, is die moontlikhede legio vir 'n onuitputlike arbeidsveld in 'n gemeente.

In hierdie verband skryf Visser: …*dat die bediening (as dit getrou en met toewyding uitgeoefen word) al 'n predikant se tyd en kragte opeis. Oorvloedige voorbeelde kan voorgelê word waar gemeentes benadeel is omdat predikante te besig is met sake wat niks met hul dienswerk te doen het nie. Om twee maal op 'n Sondag Gods Woord te bedien, verg intensiewe studie en voorbereiding wat baie tyd in beslag neem. Predikante wat sommer op 'n Saterdag twee „preke" aanmekaar timmer of uit hul mou uitskud, is nie werd om „bedienaar van Gods Woord" genoem te word nie! Hulle is die oorsaak dat die kudde van die Opperherder geestelik verhonger, en hulle sal eenmaal daarvan rekenskap moet gee!*[20]

Waar 'n leraar deeltyds verbonde aan 'n gemeente is, is die gemeente in die spervuur. Tentmakerbediening hou net eenvoudig te veel in van deeltydse bediening, en deeltydse bediening dra die kiem vir 'n verwaarloosde gemeente!

10. MAAR WAT VAN PAULUS?

Die argument hou in dat, as Paulus so 'n bedieningspatroon kon gevolg het, waarom kan dit nie vandag toegepas word nie?

Dit is inderdaad waar dat Paulus by sy bediening ook hande-arbeid verrig het (vgl. in hierdie verband ook *Tentmakerbediening* Bylae SKK 1).[21]

Kleynhans laat hom as volg uit: "Weens die karakter van sy (*die leraar* – AH) arbeid, wat daarop neerkom dat hy sy lewe lank aan die kerkdiens verbonde is, en omdat dit vir hom nie geoorloof is om tot 'n ander lewenstaak oor te gaan of 'n gewoon-burgerlike betrekking naas die bediening te beklee nie, is hy vir sy lewensonderhoud in die geheel van die gemeente afhanklik. Daar was wel tye in die geskiedenis van die Christelike Kerk toe onder omstandighede van hierdie beginsel afgewyk is. So het Paulus deur eie handearbeid in sy lewensonderhoud voorsien te Thessalonika (1 Thes. 2:9; 2 Thes. 3:8), te Korinthe (Hand. 18:3) en ook in Éfese (Hand. 20:33-35). Dit was nodig in buitengewone omstandighede, by die formasie van 'n nuwe gemeente of om dwaalleraars die mond te snoer. Hy handhaaf egter sy reg op versorging (2 Thes. 3:9), en wys op die plig van die gemeente in hierdie verband (2 Kor. 9:6-14)".[22]

Sekerlik sou die bedieningspatroon van Paulus die ideaal wees, waarom sou hy nog die moeite doen om vir die Thessalonicense te sê: "Nie dat ons nie die reg het nie…" (2 Thes. 3:9), verwysende na hul reg op vergoeding?

'n Belangrike voetnota in hierdie verband is dit wat BJ van Wyk (NHKA) skryf oor die tentmaker-predikant: "Die belangrike uitspraak wat tydens die Algemene Kerkvergadering deur prof. E Engelbrecht gemaak is, moet vermeld word. In verband met die tentmakerbediening het hy aangevoer dat die apostels **voltydse** bedienaars van die Woord was en slegs deeltydse tentmakers".[23]

As daar na Paulus se omstandighede gekyk word, blyk dit dat ons hier met 'n buitengewone omstandigheid te doen het. Die vraag sal dan sekerlik wees: maar wat is buitengewone omstandighede?

---

17 Knap, JJ. De Heidelbergsche Catechismus. 1912. 391 p.
18 Kerkordeboekie 2004. 83 p.
19 Jansen, Joh. Korte verklaring van die kerkorde. 1952. 51 p.
20 Visser J, Die KO in praktyk. 1999. (verklaring artikel 16)
21 Sakelys van die Elfde Sinode 2004. 15 p.
22 Kleynhans, EPJ. Gereformeerde Kerkreg II. 1984. 49 p.
23 Van Wyk, BJ. Die Presbiteriaal-Sinodale Kerkbegrip. 1991. 189 p.

11. BUITENGEWONE OMSTANDIGHEDE

Die geskiedenis leer vir ons van buitengewone omstandighede in die kerk wat dikwels bepaalde optrede tot gevolg het, hoewel hierdie optrede in die gewone gang van sake strydig sou wees met die Woord, hoewel in buitengewone omstandighede nie. Dink bv. aan 'n eenvoudige voorbeeld soos 'n persoon wat onder normale omstandighede nalaat om eredienste by te woon. Hierdie persoon sal eintlik tugwaardig wees. In oorlogsomstandighede (dus buitengewone omstandighede) sal dieselfde kriterium vir kerkbywoning nie geld nie.

Wat nalaat van lewensonderhoud deur die gemeente aan die leraar betref, spreek die geskiedenis ook van buitengewone omstandighede. So is Paulus onder andere een daarvan. Kleynhans skryf: "Daar was wel tye in die geskiedenis van die Christelike Kerk toe onder omstandighede van hierdie beginsel afgewyk is. … Dit was nodig onder buitengewone omstandighede, by die formasie van 'n nuwe gemeente of om dwaalleraars die mond te snoer".[24]

Kleynhans toon ook in die latere kerkgeskiedenis aan dat die feit is dat leraars tydens die Hervorming weens armoede van gemeentes 'n byverdienste moes soek. Onder die omstandighede neem die kerk 'n toeskietlike houding in, maar die beginsel word deur Emden gehandhaaf.[25]

Daarom tereg meld die beskrywingspunt van die Ring van Benoni tydens Sinode 2004[26]: "Duisende sendelinge het deur die eeue al die sendingvelde betree met net die roeping van die Heilige Gees, vervul met geloof en 'n drang om die Evangelie te gaan verkondig en met weinig in hulle sakke. Vir hierdie manne het die HERE voorsien juis omdat kerke hulle finansieel gedra het en toegelaat het dat, waar nodig, sendelinge ook gedeeltelik in hulle eie lewensonderhoud kon voorsien, sonder verlies van status". Heeltemal korrek – maar dit is 'n sprekende voorbeeld van buitengewone omstandighede!

Kan daar in die hedendaagse lewe in ons midde ook so buitengewone omstandigheid tot stand kom? Sekerlik. Die gevolge van bv. oorlog kan vernietigend wees, groot natuurrampe, finansiële rampe kan gevolge hê wat ons nie kan voorsien nie. Dit is moontlik dat sulke omstandighede roep vir buitengewone maatreëls.

Maar is dit nou buitengewone omstandighede?

12. PROBLEMATIEK

In die Ring van Benoni se beskrywingspunt "Tentmakerbediening", blyk die volgende motivering te dien as "rede" waarom tentmakerbediening ingestel moet word: "Daar bestaan tans 236 kerke in ons kerkverband. Daarby is daar tans 114 heeltydse leraars beskikbaar. Dit is natuurlik bekend dat sommige leraars meer as een gemeente bedien, wat die probleem verlig. Nogtans sou dit beter wees indien 'n leraar op slegs een gemeente kon konsentreer, al is dit in 'n ander formaat. Indien die emeritus leraars buite rekening gelaat word, kan ons aanvaar dat 122 van ons kerke (gemeentes) tans effektief bedieningloos is omdat hulle te klein is om 'n heeltydse leraar te kan bekostig. Dit verteenwoordig 51% - meer as die helfte van alle gemeentes van die kerk. Indien die emeritusleraars ingereken word, is ongeveer 95 van ons gemeentes, dus 40%, steeds bedieningloos".[27]

Uit die inligting wat die Ring van Benoni gee, blyk dit dat die problematiek 'n tekort aan leraars in ons kerkverband is.

Die vraag wat ons nou op grond hiervan moet vra, is of hierdie toedrag van sake buitengewone omstandighede is wat tentmakerbediening regverdig?

Gestel van die kleiner gemeentes kan van tentmakerbediening gebruik maak, is die logiese gevolg dan nie dat daar weer 'n ander (groter?) gemeente sal wees wat sonder 'n leraar is nie? Die voor die handliggende oplossing blyk dus eerder te wees dat ons meer leraars moet kry.

Is dit dan nie 'n baie meer praktiese oplossing om die weg van bedieningsooreenkomste of kombinasievorming te volg nie?

Van Wyk[28], leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk (wat lankal reeds tentmakerbediening goedgekeur het), skryf baie insiggewend oor sy belewenis van die tentmaker-predikant: *Tydens die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk gehou vanaf 25 Junie 1989 en volgende dae is die sogenaamde tentmakerbediening deur die voorlegging aan die vergadering oor nuwe bedieningstrukture aan die orde gestel. Die volgende uitspraak is betekenisvol: 'Die tentmakerbediening verskil in die opsig van die van 'n voltydse predikant dat hy net 'n gedeelte van sy werkstyd aan sy bediening wy en tegelyk 'n ander betrekking beklee wat hom gedeeltelik of totaal van sy lewensonderhoud voorsien.' Uit die uitspraak is dit duidelik dat hier nie met 'n nuwe begrip gewerk word nie, maar dat dit hier gaan oor 'n ou begrip, naamlik die tydelik-deeltydse predikant, slegs met 'n nuwe benaming. Die tydelik-deeltydse predikant is ingevoer om die nood aan 'n predikantetekort te bowe te kom, maar die nood-*

24 Kleynhans, EPJ. Gereformeerde Kerkreg II. 1984. 49 p.

25 idem.

26 Sakelys van die Elfde Sinode 2004. 159 p.

27 Sakelys van die Elfde Sinode 2004. 258 p.

28 Van Wyk, BJ. Die Presbiteriaal-Sinodale Kerkbegrip. 1991. 189p.

maatreël het intussen die reël geword. Dit is problematies dat 'n dienaar van die Woord wat kragtens die Formulier vir die bevestiging van dienaars van die Woord belowe het dat hy wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self geroep is, plotseling die roeping versaak om te gaan boer, maar tog ampsvoorregte behou om die Woord en die sakramente te kan bedien wanneer dit hom pas. Moet hieruit afgelei word dat dit die toepassing in die praktyk is van die aanbeveling dat elke aansoek op meriete behandel sal word? Rondom die figuur van die deeltydse predikant of die tentmakerbediening kom dit na vore dat daar tog onduidelikhede by die Algemene Kerkvergadering oor die amp van die predikant is. Die enkelvoudige reformatoriese reël dat so lank iemand die dienswerk van 'n predikant verrig hy ook die voorregte van die amp kan geniet, is deur praktiese probleme wat hanteer moes word, deurkruis. Enersyds was daar die knaende tekort aan predikante en nou is dit weer 'n oorskot van predikante wat druk op die Algemene Kerkvergadering plaas. Tog was dit duidelik op die Algemene Kerkvergadering 1989 dat daar al 'n mate van onrus bestaan oor die reëlings. Dit was egter duidelik dat die Algemene Kerkvergadering self nog nie werklik onder die indruk is dat hierdie reëlings rondom die deeltydse predikant en die moontlikheid van 'n vervroegde emeritaat, die reformatoriese ampsopvatting deurkruis nie.

Dit is duidelik dat Van Wyk aantoon dat hier 'n gebruik is wat enersyds misbruik word en andersyds teen die reformatoriese ampsopvatting ingaan.

13. SAMEVATTING

Tentmakerbediening is 'n gelaaide begrip wat ook van deeltydse bediening spreek. Hoewel sodanige bediening in buitengewone omstandighede die beste alternatief kan wees, word tentmakerbediening nie as die Bybelse bedieningsmetode gegee nie.

25. VERSLAG: REISENDE LERAARS (BYLAE SKK 2 en 2.1)

25.1 Leraars se reiskoste vir die tydperk 1 April 2004 tot 31 Maart 2007 – (BYLAE SKK 2)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK			**BYLAE 2**
TOTALE UITGAWE VIR REISENDE LERAARS - 01/04/2004 - 31/03/2007			
Leraar	**Gemeente besoek**	**Datum besoek**	**Koste R**
Vanaf April 2004			
Ds. P J van Rensburg	Zambië	Junie 2004	3,000
Ds. MC Adendorff	Kaap	Junie 2004	1,985
Prof. IA Brink	Carolina	Augustus 2004	126
Prof. IA Brink	Namakwaland	Augustus 2004	1,344
Prof. R Marè	Windhoek	Augustus 2004	376
Ds. JB Trollip	Zambië	Oktober 2004	3,000
Prof. R Marè	Windhoek	Oktober 2004	1,916
Ds. HSW Strauss	Londen	Desember 2004	34,359
			46,106

2005			
Prof. IA Brink	Namakwaland	Januarie 2005	2,229
Ds. HSW Strauss	Londen	Januarie 2005	7,770
Ds. HSW Strauss	Londen	Februarie 2005	1,094
Prop. OG van Rooyen	Zambië	Mei 2005	8,128
Ds. P J van Rensburg	Zambië	Augustus 2005	3,761
Ds. HSW Strauss	Londen	September 2005	11,600
Prof. IA Brink	Begrafnis - ds. Verryne	November 2005	322
Ds. G Pretorius	Zambië	Desember 2005	3,288
			38,192
2006			
Ds. G Pretorius	Zambië	Januarie 2006	5,000
Ds. GCD Stoltz	Caaquazu	Februarie 2006	9,065
Ds. P J van Rensburg	Zambië	Maart 2006	1,808
Ds. JH Bisschoff	Zambië	Mei 2006	4,036
Prof. IA Brink	Namibië	Junie 2006	2,490
Prof. IA Brink	Senekal	Junie 2006	288
Prof. GDS Smit	Bloemfontein	Junie 2006	(1,030)
Ds. J Bosman	Pretoria-Oos	Mei 2006	16,268
Ds. J Bosman	Pretoria-Oos	Junie 2006	21,275
			59,201
tot 31 Maart 2007			
Ds. HSW Strauss	Londen	Februarie 2007	13,800
Ds. MR Burger	Vryburg	Maart 2007	20,312
			34,112
TOTALE UITGAWE VIR REISENDE LERAARS			**177,611**

25.2 Verslag oor hospitaalbesoeke vir die tydperk 1 April 2004 tot 31 Maart 2007 (BYLAE SKK 2.1)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK			**BYLAE 2.1**
REISKOSTE VIR HOSPITAALBESOEKE – 01/04/2004 TOT 31/03/2007			
LERAAR	JAAR	KOSTE	
Ds. LPA Spies	2005	380.00	
Ds. LPA Spies	2006	516.00	
Ds. OG van Rooyen	2007	80.00	
TOTALE REISKOSTE		**976.00**	

26. Verslag oor Bedieningswerk – hulp aan gemeentes vir die tydperk 1 April 2004 tot 31 Maart 2007 (BYLAE SKK 3)

Die SKK was vanaf die vorige Sinode deurlopend besig gewees met hulp aan gemeentes wat daarom aansoek gedoen het. Hulp was gegee met die oog daarop dat gemeentes weer selfstandig kan funksioneer. Dalende getalle en moeilike finansiële omstandighede het die ideaal egter dikwels gekelder. Bedieningshulp was dus soms nie, uit 'n finansiële oogpunt beskou, produktief nie.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK **BYLAE 3**

BEDIENINGSWERK - HULP AAN GEMEENTES **Vanaf kerkstigting tot 31 Maart 2007**

GEMEENTE	DATUM GESTIG JJMM	LIDMAAT GETAL 2007 SINODE	LIDMAAT GETAL 2004 SINODE	4/04- 3/07 R	TOTALE HULP: 06/'87-09/'06 R	% VAN TOTAAL
ABERDEEN	8811	19	41		28,765	0.3
ALGOA	8709	136	161		15,083	0.1
AMAJUBA	9104	125	112	16,000	22,508	0.2
BALFOUR	8901	40	73		1,375	0.0
BARBERTON	8709	24	24	25,420	41,470	0.4
BARKLY-OOS/STEYNSBURG/TARKASTAD/(*MACLEAR*)	8803-9102	112	120	435,250	1,318,769	11.9
BARKLY-WES	8801	57	74		7,500	0.1
BEAUFORT-WES	8708	150	142		15,000	0.1
BETHULIE/ EDENBURG/ PHILIPPOLIS/ VENTERSTAD	9107-9301	93	131	536,689	1,699,552	15.4
BLOEMFONTEIN-NOORD	8707	298	277		18,000	0.2
BOKSBURG	8804				84,702	0.8
BOSHOF	8709	54	46		16,907	0.2
BUHRMANNSDRIF	8708	150		19,000	19,000	0.2
CAAGUAZU	9510	12	14		57,798	0.5
CALVINIA/HARDEVELD/OLIFANTSRIVIER/SUTHERLAND	9011-9411	176	191	570,886	1,627,384	14.7
CARNARVON/FRASERBURG/SUTHERLAND/VANWYKSVLEI	8804-9506	116	128		290,205	2.6
CLANWILLIAM	8802	146	149		7,768	0.1
DANIELSKUIL	9011				8,000	0.1
DE AAR	8803	69	79		8,400	0.1
DEALESVILLE	8709	37	64		2,411	0.0
DEWETSDORP/SMITHFIELD/ZASTRON	8812-9502	86	132	540,750	1,412,033	12.8
DUNDEE/GLENCOE/UTRECHT	8710-8803	71		85,000	85,000	0.8
(*ELLIOT*)/JAMESTOWN/(*MACLEAR*)	8807-9106	23	29		312,270	2.8
ELLISRAS	9011	152	172		1,209	0.0
FOCHVILLE	8708	50	70		47,056	0.4

GEORGE	8708	96	100		1,500	0.0
GERMISTON	8708	172	125		369,501	3.3
GOBABIS	9207	31	25		3,221	0.0
GRAAFF-REINET	8802	19	21		5,417	0.0
GRENS	9102	22		10,000	20,000	0.2
GROOTFONTEIN	9106	59	68		2,850	0.0
HEIDELBERG	8708	266	258		2,065	0.0
HLUHLUWE	8802	40	45		86,500	0.8
JAMESTOWN/GRENS	8807	45	52		235,577	2.1
JAMESTOWN/SMITHFIELD/ZASTRON	8807-9502	71	96		137,716	1.2
KAREEDOUW	9103	128	122		22,500	0.2
KEETMANSHOOP	8906	40	38		81,900	0.7
KNYSNA	9306	30	30		1,300	0.0
KOEDOESRAND	8709	90		20,000	20,000	0.2
KOPPIES	8803		24		21,000	0.2
LEBOMBO	8806	95	142		35,100	0.3
LEEUDORINGSTAD	8811	70	55		7,500	0.1
LICHTENBURG	8707	602	594		886	0.0
LOUWNA	8707	16	16		2,920	0.0
LYDENBURG	8801	191	202		6,160	0.1
MACLEAR	9102				2,352	0.0
MESSINA/ *WEIPE*	8803-8901	34	60	117,000	308,070	2.8
MIDDELBURG	8707	989	865		2,333	0.0
MIGDOL	8706	64	93		611	0.0
MOOT-SENTRAAL	8707	535	599		2,908	0.0
MOSSELBAAI	8904	155	216		35,000	0.3
NAMAKWALAND	8809	182	160	15,000	17,864	0.2
NELSPRUIT	8707	219		10,000	10,000	0.1
NEWCASTLE	8709	77		30,000	30,000	0.3
OLIFANTSRIVIER	9107	32	34		780	0.0
ORANIA	9107	116	117		970	0.0
OUDTSHOORN	8708	316	352		11,450	0.1
OUTJO	8811	70	104		8,643	0.1
PAARL (HUGENOTEVALLEI)	8708	132	129		6,197	0.1
PAUL ROUX/SENEKAL/MARQUARD	8710-8708-8711	269		33,000	33,000	0.3
PETRUSBURG/JAGERSFONTEIN-FAURESMITH	8707-9105	103	126	114,500	524,953	4.8
PRETORIA-SENTRAAL	8902				323,806	2.9
PRIESKA/GROBLERSHOOP	8710-8808	94	85	56,000	436,266	4.0
REDDERSBURG	0009	55		39,000	63,000	0.6
RICHMOND	9311				1,759	0.0
RIVERSDAL	8708	150	133	123,000	134,000	1.2
SANDDRIFT	8801	164	116		6,963	0.1
SOMERSET-OOS	8709	91	79	9,000	140,686	1.3
SPRINGS (FONTEINE)	8802	172	171		61,922	0.6
STELLENBOSCH	8708	152	164		43,750	0.4
STEYNSBURG/ *CRADOCK*/**VENTERSTAD**	8803-9104	49	65		172,146	1.6
STRYDENBURG	8806	30	27		100	0.0
THEUNISSEN	9002	65	48		4,500	0.0
TYGERBERG	8709	160	163	43,000	129,042	1.2
UITENHAGE	8903	120		18,000	18,000	0.2
VANWYKSVLEI	9506	8	7		6,400	0.1
VEKEERDEVLEI	8709				14,450	0.1
WARMBAD	8708	125	148		15,426	0.1
WELBEKEND	9611	91	74		24,000	0.2
WELKOM/HENNENMAN	8710-8711	199	193		144,600	1.3
WELWITSCHIA	9312	37	49		4,249	0.0
WESSELSBRON	9002	78	98		4,500	0.0
WINDHOEK	8907	131	78	18,000	56,907	0.5
WITBANK	8709	200	212		13,862	0.1
WONDERBOOM	9005	492	630		10,500	0.1
WORCESTER	9011	120	130		3,552	0.0
TOTAAL		**10,355**	**9,767**	**2,884,495**	**11,041,295**	**100.0**

26.1 Verslag oor Bedieningswerk – hulp aan gemeentes vir die tydperk 1 April 2004 tot 31 Maart 2007 in Ringsverband (BYLAE SKK 3.1)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK **BYLAE 3.1**

BEDIENINGSWERK - HULP AAN RINGE

Vanaf kerkstigting tot 31 Maart 2007

RING	LIDMAAT GETAL 2007 SINODE	LIDMAAT GETAL 2004 SINODE	4/04- 3/07 R	TOTALE HULP: 06/'87-09/'06 R	% VAN TOTAAL
BEAUFORT-WES	392	424	0	348,870	3.16%
BENONI	263	245	0	170,624	1.55%
BETHLEHEM	269	0	33,000	33,000	0.30%
BLOEMFONTEIN	547	569	579,750	1,633,160	14.79%
BRANDFORT	119	94	0	35,857	0.32%
CLANWILLIAM	536	534	585,886	1,653,796	14.98%
DENDRON	34	60	117,000	308,070	2.79%
DERBY	150	0	19,000	19,000	0.17%
ERMELO	125	112	16,000	22,508	0.20%
GERMISTON	172	125	0	369,501	3.35%
GORDONIA	94	85	56,000	436,266	3.95%
GRANIET	78	122	0	25,500	0.23%
HEIDELBERG	306	331	0	3,440	0.03%
HENNENMAN	199	193	0	144,600	1.31%
KIMBERLEY	185	205	0	66,268	0.60%
KLERKSDORP	70	55	0	7,500	0.07%
LICHTENBURG	602	594	0	886	0.01%
MIDDELBURG	1189	1077	0	16,195	0.15%
MIGDOL	64	93	0	3,531	0.03%
MOOINOOI	164	116	0	6,963	0.06%
MOOTSENTRAAL	1027	1229	0	337,214	3.05%
NABOOMSPRUIT	367	320	20,000	36,635	0.33%
NELSPRUIT	529	368	35,420	92,730	0.84%
NEWCASTLE	148	0	115,000	115,000	1.04%
OLIFANTSHOEK	0	0	0	8,000	0.07%
OUTJO	368	362	18,000	157,770	1.43%
PETRUSBURG	196	257	651,189	2,224,506	20.15%
RIVERSDAL	747	831	123,000	183,250	1.66%
SOMERSET-OOS	494	383	27,000	201,686	1.83%
STELLENBOSCH	564	586	43,000	184,300	1.67%
STEYNSBURG	251	266	445,250	2,061,114	18.67%
SUIDKUS	40	45	0	86,500	0.78%
VEREENIGING	50	70	0	47,056	0.43%
	10,339	9,751	2,884,495	11,041,295	100.00%

27. EMERITUSHULPFONDS (BYLAE SKK 4)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK						**Bylae 4**
EMERITUSHULPFONDS						
VERSLAG OOR DIE TYDPERK 1 APRIL 2004 tot 31 MAART 2007						
				R		
FONDS GESKEP TYDENS 2004 SINODE				631,221		
TEL BY: RENTE TOEDELINGS GEDURENDE				514,334		
2004				368,779		
2005				70,924		
2006				74,631		
TEL BY: BYDRAE DEUR GEMEENTES				3,409		
2005				1,300		
2006				1,219		
2007				890		
TREK AF: HULPBETALINGS AAN				1,000		
Mev. R van Zyl				1,000		
BALANS VAN FONDS OP 31 MAART 2007				**1,147,964**		
Administrasie en aanwending van die Emeritushulpfonds						
1. Die emeritushulpfonds word deur die Sentrale Kerkekommissie geadministreer						
op 'n soortgelyke wyse as die bedieningshulp aan gemeentes.						
2. Slegs die rente-opbrengs is beskikbaar vir aanwending in die vorm van hulp.						

Die posisie van emeriti wek steeds kommer en die rente-opbrengs van die hulpfonds is nie so dat hulp vryelik gegee kan word nie.

28. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA BYLAE SKK 5

VERSLAG VAN DIE ORGANISERENDE SEKRETARIS BY DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA OOR DIE JARE 2004 TOT 2006 VIR VOORLEGGING AAN DIE 2007 SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Eerwaarde Voorsitter

1. INLEIDING

Die Bybelgenootskap van SA (BSA) wil die taak waarvoor hy in die lewe geroep is, na die beste van sy vermoë uitvoer, naamlik om ten dienste van die kerk met die vertaling, produksie en verspreiding van die Bybel besig te wees. Die oogmerk is om die Bybel in die tale en formate wat die mense nodig het, teen bekostigbare prys te verskaf.

Dit is vir my 'n voorreg om as skakel tussen die Bybelgenootskap en die Afrikaanse Protestantse Kerk te dien en verslag te doen.

Met dank kan gestel word dat daar in die verslagtydperk baie onmisbare medewerkers soos kerke, kerklike en ander organisasies, individue, en gespesialiseerde persone en dienste, betrokke was.

2. BEHEER EN VERTEENWOORDIGING

Verteenwoordigers van die Afrikaanse Protestantse Kerk het op vyf van die huidige 8 streekrade gedien.

3. VERTALING

Gedurende die verslagtydperk het die Departement Teksversorging publikasies in die volgende 18 tale hanteer: Afrikaans, Bemba, Engels, Frans, Kinyarwanda, Ndebele, Noord-Sotho, Portugees, Shona, Suid-Ndebele, Suid-Sotho, Swati, Tsonga, Tswana, Venda, Xhosa, !Xuhn en Zulu.

Die volgende projekte kan spesiaal vermeld word:

3.1 AFRIKAANS: BYBEL VIR DOWES.

Die vertalingskomitee, onder leiding van professor JP Oberholzer, het die vertaling in 2005 voltooi. Dit word tans vir druk en publisering in 2007 voorberei.

3.2 AFRIKAANSE BYBELVERTALINGSPROJEK (ABV)

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het met die ondersteuning van die meeste Afrikaanse Christelike Kerke begin met die projek om 'n vertaling van die Bybel in Afrikaans te maak met hierdie vertaalopdrag: Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling wat bedoel is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en privaatgebruik.

- *Volgens die versoek van die Kerklike Advieskomitee is die vertaling primêr bedoel vir die kerklike publiek.*

- *Die doel van die vertaling is nie missionêr van aard nie en daarom word daar veronderstel dat die teikengehoor minstens oor elementêre kennis van die sosiaal-religieuse wêreld van die Bybel beskik.*

- *Die taalmedium is natuurlike Afrikaans wat pas by die inhoud en aard van die Bybel.*

Die verwagting is dat die projek sowat 10 jaar sal duur.

Die Afrikaanse Protestantse Kerk is op die Kerklike Advieskomitee deur proff HS Theron en HCG Robbertze verteenwoordig. Kundige vertalers vanuit die AP Kerk is benoem om mee te werk aan die projek.

3.3 SUID-NDEBELE BYBEL

Die projek, onder leiding van professor APB Breytenbach, vorder steeds goed. Die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria verskaf kantoorfasiliteite en die Mpumalanga-regering ondersteun die vergadering van die hersieningskomitee wat van tyd tot tyd plaasvind.

4. PRODUKSIE

Na deeglike ondersoek het die Bybelgenootskap in 2006 besluit om die beleid, om Bybels hoofsaaklik plaaslik te druk, te verander. Dit sal die Bybelgenootskap in staat stel om die meerderheid Bybels oorsee te druk, wat beter gehalte sal verseker en kostebesparings sal meebring. Die Bybelgenootskap hoef dus ook nie langer Bybelpapier en bindmateriaal self aan te koop nie. Die koste van ingevoerde papier was altyd 'n groot faktor (meer as R11 000 per ton) in die produksiekoste van die Bybel in Suid-Afrika. In 2004 en 2005 is onderskeidelik 1029.4 en 145 ton Bybelpapier gebruik.

Bybels en Bybelgedeeltes is in soveel as 23 tale en 42 weergawes jaarliks gepubliseer.

	2004	2005	2006
Bybels	987 814	205 997	502 007
Testamente	92 086	27 882	45 623
Bybelgedeeltes en Seleksies:	583 434	189 961	346 164
TOTAAL	**1 663 334**	**423 840**	**893 794**

Om in die behoeftes van mense wat nie funksioneel geletterd is nie, te voorsien, is Bybels en Bybelgedeeltes in oudioformaat vervaardig. Daar is na raming tussen 12 en 20 miljoen sulke mense in Suid-Afrika.

'n Opwindende projek waarmee gedurende die verslagtyd begin is, is die Geloof kom deur Gehoor-program. Hiermee word die teks van die Nuwe Testament in gedramatiseerde oudioformaat op 'n spesiale elektroniese apparaat beskikbaar gestel aan ongeletterdes wat in luistergroepe saamkom. (Dit is op 1 Maart 2007, in Zulu, amptelik in Suid-Afrika bekendgestel.) Gedurende 2006 is die opnames van die Nuwe Testament in Xhosa en Tswana vir gebruik in hierdie program, ook afgehandel.

5. VERSPREIDING

Die volgende hoeveelheid Bybels en Bybelgedeeltes is jaarliks in tot soveel as 103 tale en 130 vertalings versprei.

	2004	2005	2006
Bybels	588 400	524 825	663 965
Testamente	51 073	76 244	49 300
Bybelgedeeltes	66 335	131 527	162 038
Nuweleser Bybelgedeeltes	51 019	68 575	46 261
Seleksies	388 704	62 149	78 193
Seleksies in klank	738	335	0
TOTAAL	**1 146 269**	**863 655**	**999 757**

Van die volledige Bybels wat versprei is, was jaarliks tussen 84% en 92% Bybels wat teen die bekostigbare eenheidsprys van R38 aan die handel en kerke gelewer is.

5.1 VERSPREIDING VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS

Sedert die verskyning van die volledige Bybel in Afrikaans in 1933, is daar reeds ten minste 10 267 672 eksemplare van die twee vertalings van die Bybelgenootskap versprei. Die 1933/1953 vertaling bly steeds 'n standaard produksie-item van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. In die 3 jaar verslagtydperk is daar 138 116 eksemplare versprei, en sedert die verskyning in 1933 tot 31 Oktober 2006, 7 110 668 eksemplare.

5.2 BESTEMMINGS BUITE SUID-AFRIKA

Daar is oor die drie jaar 'n totaal van 228 656 volledige Bybels aan lande buite Suid-Afrika gelewer. Hierdie items word nie deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika teen verminderde koste gelewer nie.

5.3 VERSPREIDINGSKANALE

Verspreiding van Bybels vind deur 'n sentrale versendingsdiens in Kaapstad plaas. Sowat 70% van die verspreiding van volledige Bybels het, sedert die inwerkingstelling daarvan, op die manier plaasgevind. Bestel-

lings van R300.00 of meer, word sonder koste afgelewer. Gemeentelike kolporteurs kan 'n belangriker rol speel om Bybels in verskillende tale in die gemeentes beskikbaar te stel.

6. FINANSIES (Syfers word in Randwaarde gegee)

6.1 INKOMSTE

Die Bybelgenootskap het vanuit 'n wye spektrum van oorde donasies ontvang. Dit lyk soos volg:

	2004	2005	2006
Individue	10 141 829	12 432 647	13 256 058
Kerke	10 194 344	10 295 844	11 660 343
Kerklike Organisasies	321 886	335 085	374 969
Kategese	85 879	70 969	58 746
Kerkjeug	6 754	53 386	25 181
Opvoedkundige Instellings	83 904	66 074	126 249
Sakeondernemings	962 551	1 152 366	893 709
Allerlei	294 276	214 160	388 394
Boedels	4 084 965	5 253 765	6 130 985
TOTAAL	**26 176 388**	**29 874 296**	**32 914 634**

6.2 UITGAWES

Die koste van die verspreidingsprogramme het sowat R93 miljoen beloop oor die 3 jaar, en is soos volg bestee:

	2004	2005	2006
Bybelproduksie	26.0 miljoen	27.1 miljoen	31.5 miljoen
Bybelvertalingsprojekte	1.7 miljoen	2.0 miljoen	2.0 miljoen
Gratis verspreiding	0.5 miljoen	0.3 miljoen	0.5 miljoen
Bydraes tot wêreldwye werk	0.7 miljoen	0.7 miljoen	0.5 miljoen

Ander uitgawes was die volgende:

Administrasie en Personeel	26.2 miljoen	28.1 miljoen	29.7 miljoen
Donateursprogramme	1.7 miljoen	1.4 miljoen	1.7 miljoen

7. VERSLAG

Daar is gereeld jaarliks 'n verkorte jaarverslag van die Bybelgenootskap se werksaamhede aan alle donateurs gestuur.

Geouditeerde finansiële state was steeds by die Streekkantore van die Bybelgenootskap ter insae vir bona fide donateurs.

8. BYDRAES UIT DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Bydraes die afgelope 3 jaar lyk soos volg (volledige uiteensetting op afsonderlike staat):

	2004	2005	2006
Kerkraad	244 782.94	288 077.67	373 982.93
Vrouediens	1 860.00	7 810.00	1 320.00
Verbondsonderrig	4 218.91	3 687.51	3 622.60
Individue	72 208.52	70 717.64	91 347.95
TOTAAL	**323 077.31**	**370 301.07**	**470 284.38**

Wat die bereiking van die mikpunt van R22 per lidmaat betref (dit is die bedrag wat die Bybelgenootskap nodig het om een Bybel teen 'n bekostigbare prys beskikbaar te stel) was die gemiddelde bydrae van die Kerk (per lidmaat) in 2004 R9.16, in 2005 R10.61 en in 2006 R13.71. Die Bybelgenootskap is dankbaar vir die groei in bydraes oor die verslagtydperk.

Samewerking is van soveel as 114 kerkrade per jaar ontvang. Twee daarvan het selfs meer as R260 gemiddeld per lidmaat bygedra. Sowat 44.7% van die kerkrade het egter gedurende die verslagtyd geen bydrae gemaak nie.

9. SLOT

Die Bybelgenootskap kan die Bybel as Boek van die Kerk in diens van die Kerk versorg en kan dit teen bekostigbare prys in die verskillende tale van die land verskaf, danksy die welwillende samewerking van baie donateurs. Elkeen moet in sy eie taal van die groot dade van God kan hoor.

Die Bybelgenootskap bied graag sy diens aan die Afrikaanse Protestantse Kerk aan, en vertrou dat die Kerk die Genootskap in gebede sal dra en finansieel sal ondersteun. Kontak gerus enige van die streekkantore van die Bybelgenootskap.



DS WILHELM STEYN
ORGANISERENDE SEKRETARIS
Tel 011 970 4010 (w) 012 664 3619 (h) en 083 448 2134
E-pos: steyn@biblesociety.co.za

Uiteensetting van bydraes uit die Afrikaanse Protestantse Kerk vanaf 1 Januarie 2004 tot 31 Desember 2006

RINGE	JAAR	BELYDENDE LIDMATE	BYDRAE DEUR KERKRAAD	GEMIDDELD PER LIDMAAT	VROUEDIENS	VERBONDS ONDERRIG	INDIVIDUE	TOTAAL	GEMIDDELD PER LIDMAAT
TRANSVAAL	2004	21 966	160 857.81	7.32	1 660.00	2 950.65	55 573.00	221 041.46	10.06
	2005	21 685	201 496.86	9.29	7 410.00	2 638.54	55 436.27	266 981.67	12.31
	2006	21 582	303 711.03	14.07	1 320.00	1 089.06	66 493.50	372 613.59	17.27
	TOTAAL	65 233	**666 065.70**	**10.21**	**10 390.00**	**6 678.25**	**177 502.77**	**860 636.72**	**13.19**
NATALIA	2004	907	1 567.17	1.73	0.00	273.18	800.00	2 640.35	2.91
	2005	858	0.00	0.00	0.00	631.00	1 275.00	1 906.00	2.22
	2006	827	2 186.00	2.64	0.00	1 811.41	900.00	4 897.41	5.92
	TOTAAL	2,592	**3 753.17**	**1.45**	**0.00**	**2 715.59**	**2 975.00**	**9 443.76**	**3.64**
ORANJE VRYSTAAT	2004	6 490	50 136.49	7.73	200.00	0.00	9 860.00	60 196.49	9.28
	2005	6 323	61 939.56	9.80	0.00	0.00	3 563.93	65 503.49	10.36
	2006	6 016	41 766.23	6.94	0.00	722.13	14 543.00	57 031.36	9.48
	TOTAAL	18,829	**153 842.28**	**8.17**	**200.00**	**722.13**	**27 966.93**	**182 731.34**	**9.70**
KAAPPROVINSIE	2004	5 916	32 221.47	5.45	0.00	995.08	5 975.52	39 192.07	6.62
	2005	6 039	24 641.25	4.08	400.00	417.97	10 442.44	35 901.66	5.94
	2006	5 879	26 319.67	4.48	0.00	0.00	9 411.45	35 731.12	6.08
	TOTAAL	17,834	**83 182.39**	**4.66**	**400.00**	**1 413.05**	**25 829.41**	**110 824.85**	**6.21**
TOTAAL ALLE GENOEMDE RINGE		104,488	**906 843.54**	**8.68**	**10 990.00**	**11 529.02**	**234 274.11**	**1163 636.67**	**11.14**

VERSLAG: *AD HOC*-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING

Tydperk: 10 September 2004 tot 6 Mei 2007

1. PERSONEEL

Die Sinode 1997 het bepaal dat die kommissie sal bestaan uit die voorsitters van die SKK, KKS en Kuratorium, of iemand deur hulle aangewys, en die Direkteur van Kerkadministrasie. (*Handelinge Agtste Sinode* bl. 295, punt 142.)

2. OPDRAG

2.1 *Wanneer daar 'n moontlikheid vir hofgedinge hom voordoen of waar daar konflikte en/of twisgesprekke voorkom wat nie spoedig tot 'n bevredigende oplossing gebring kan word nie, word kerkrade/ ouderlingrade en ringe versoek om die volgende werkwyse te volg:*

2.1.1 *Die raadpleging van 'n ad hoc-kommissie deur die Sinode benoem, met die oog op advies en leiding, en soos volg saamgestel:*

- *SKK – voorsitter of iemand anders deur die SKK benoem;*
- *KKS – voorsitter of iemand anders deur die KKS benoem;*
- *KUR – voorsitter of iemand anders deur die KUR benoem:*
- *Direkteur van Kerkadministrasie*

2.1.2 *Wanneer bogenoemde versoek gerig word, word alle tersaaklike stukke aan die Sentrale Kerkkantoor gestuur vir die nodige hantering daarvan.*

2.2 *Die finansiering van die ad hoc-kommissie se werksaamhede geskied soos volg:*

2.2.1 *Reiskoste word ten opsigte van elk van die lede voorsien uit die toegekende begroting van elke betrokke sinodale kommissie.*

2.2.2 *Waar gemeentes of enige ring op versoek besoek moet word, word eers deur die Sentrale Kerkkantoor met diesulkes geraadpleeg vir die volle of ten minste 'n deel van die reiskoste en reëlings vir verblyf.*

2.3 *Die werksaamhede van die ad hoc-kommissie vervang nie die huidige reëlings ten opsigte van kerkregtelike advies, of bestaande besluite ten opsigte van regspraktisyns se gebruik of finansiële hulp nie.*

2.4 *Wanneer kerkrade/ouderlingrade in hofgedinge beland, sonder raadpleging van die ad hoc-kommissie, behoort enige aanspraak op geldelike hulp deur die BRKA te verval.*

3. SAKE HANTEER

3.1 AP Kerk Carolina

Op versoek van die ouderlingraad is 'n besoek aan die gemeente gebring ten einde probleme te besleg. Later het die leraar aansoek gedoen om kragtens art 19.1 losgemaak te word. Prof. R Marè het pastorale besoek in die gemeente gedoen. Prof. FAH van Staden het op versoek van die Kerkraad van Carolina die gemeente besoek om kalmte te bewerkstellig. Die gemeente het weer beroep.

3.2 AP Kerk Mooinooi

Lede van die ad hoc-kommissie het die gemeente besoek tesame met die Ring van Mooinooi en die Ring het die sake later afgehandel.

3.3 AP Kerk Nelspruit

Die ad hoc-kommissie het op versoek van die kerkraad die gemeente besoek op 3 September 2004 na verskille tussen die kerkraad en die leraar. Geen oplossings is gevind nie aangesien die leraar nie tot 'n gesprek bereid was nie. Aansoek om die toepassing van art. 19 is deur die kerkraad gedoen. Die leraar het die kerkverband verlaat.

3.4 AP Kerk Excelsior

Die ad hoc-kommissie besoek die gemeente op 17 Augustus 05. Die gemeente is in twee geskeur as gevolg van die optrede van 'n lidmaat wat as leraar optree. Na 'n vergadering met die hele gemeente het die lidmaat en 'n groep lidmate besluit om 'n eie kerk te stig.

3.5 AP Kerk Bloemfontein

Die gemeente is besoek op 16-18 Junie 2006. 'n Vergadering is met die gemeente en die kerkraad gehou rakende verskille oor die vrye wil van die mens. Aanbevelings is aan die kerkraad gedoen oor verdere hantering van die saak. Partye het met die opstel van die verslag steeds nie versoen nie en regstappe is aan die gang.

3.6 AP Kerk Senekal/AP Kerk Paul Roux/AP Kerk Marquard

Op versoek van die kombinasie is 'n besoek op 21 Junie 2006 gebring. Bedieningspanning en finan-

siële knelpunte is bespreek. Die leraar het aansoek om losmaking gevra volgens Art.19.1. Die kombinasie het ontbind.

3.7 AP Kerk Brandfort

Die gemeente is besoek op 21 Junie 2006 op versoek van die kerkraad nadat probleme ontstaan het tussen die leraar en lede van die kerkraad. Advies is gegee aan beide partye om die saak te skik maar dat daar met tugstappe voortgegaan moet word as dit blyk nodig te wees. Die leraar is na 'n tugondersoek deur die ring geskors.

3.8 AP Kerk Beaufort-Wes en AP Kerk Oudtshoorn

Op versoek van die Ring van Beaufort-Wes is die gemeentes besoek op 27 November 2006. Advies is gegee rakende 'n grensgeskil tussen die twee gemeentes. Die advies is aanvaar alhoewel dit nie aan almal tevredenheid gegee het nie.

3.9 AP Kerk Fraserburg

Op versoek van die Ring van Beaufort-Wes is die gemeente besoek op 27 November 2006. Die kerkraad het die situasie in die gemeente geskets en hulle is van raad bedien. Geen verdere reaksie is ontvang nie.

3.10 AP Kerk Klerksdorp

Op versoek van die ouderlingraad van AP Kerk Klerksdorp is die gemeente besoek op 5 Mei 2007. Die ouderlingraad en 'n lidmaat het geleentheid gekry om hulle standpunte te stel waaroor verskil van mening ontstaan het. Na bespreking is versoening bereik.

Direkteur Kerkadministrasie
IA Brink

VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL)
Tydperk: September 2004 tot Mei 2007

1. PERSONEEL

Primarii: Dr. SD Nel (voorsitter), di. RMJ Britz (ondervoorsitter) en AL van Heerden (skriba) (aangewys tydens Elfde Sinode).

Sekundi: Di. DJ Malan en H Scherman.

Koöptering: Prof. IA Brink; di. IP du Preez (as ondervoorsitter van die Publikasiekommissie) en WJA van Schalkwyk (as voorsitter van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek).

2. VERGADERINGS

Agt vergaderings is tussen September 2004 tot en met Mei 2007 gehou.

3. OPDRAGTE VAN DIE ELFDE SINODE

3.1 Handelinge van die Tiende Sinode in 2001, bl. 553 pt. 3.2.2.

Die Sinode in samewerking met die Pk 'n nuwe Kerkboek te laat publiseer.

Tydens die Elfde Sinode in 2004 is daar deur die KFL aan die Sinode gevra om hierdie opdrag van die Tiende Sinode weens verskeie redes genoem in die verslag (Sakelys bl. 281) te kontinueer.

Die Sinode keur die versoek met die volgende besluit dan goed:

Die Sinode besluit om dit aan die KFL en Pk op te dra om die Kerkboek II so spoedig moontlik te laat druk/publiseer en om veral te let op die plasing en setwerk van die formuliere en belydenisskrifte (sodat elke formulier op 'n nuwe bladsy afgedruk sal word).

AANBEVELING
3.1.1 Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die verskyning van die lank verwagte publikasie in Januarie 2007 en neem die boek: *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* ter vergadering amptelik in ontvangs. Hiermee vervang die Erediensboek dan nou die ou Kerkboek en beveel die Sinode aan dat predikante en selfs gemeentelede die boek sal aanskaf en ook dan as amptelike publikasie van die Afrikaanse Protestantse Kerk in kerkverband in die erediens sal gebruik.

3.2 Handelinge van die Elfde Sinode in 2004, bl. 425

3.2.1 *Die Sinode besluit dat die betrokke kommissies besin oor die invoeging van die belydenisskrifte in die Psalms en Gesange vir die AP Kerk.*

AANBEVELING
3.2.2 Die Sinode neem kennis dat daar na besinning oor die voorstel van die Sinode, deur die kommissie besluit is om nie die belydenisskrifte in die *Psalm en Gesangeboeke vir die AP Kerk* op te neem nie.

3.2.3 Motivering
Die koste aspek om die belydenisskrifte in die *Psalm en Gesangeboek vir die AP Kerk* (wat alreeds vanweë beperkte oplaag relatief duur is) by te voeg, het die uitvoering van hierdie aanbeveling nie moontlik gemaak nie.

3.3 Handelinge van die Tiende Sinode in 2001, bl. 518, pt. 2.13

3.3.1 Die Sinode besluit dat daar grondige ondersoek gedoen moet word na die uitspreek van die seën deur nie-geordende manlike lidmate insluitende proponente, en die bediening van sakramente deur studente en proponente, om die eersvolgende Sinode met 'n aanbeveling te dien.

Hierdie opdrag het die Elfde Sinode gekontinueer as opdrag aan die KFL.

(Kyk bylae KFL 1 – uitspreek van die seën en die bediening van die sakramente deur studente en proponente.)

AANBEVELINGS
3.3.2 Die Sinode keur goed dat die seëngroet aan die begin van die erediens met opgehefde hande uitgespreek word, en dat ook die seën aan die einde van die erediens met opgehefde hande uitgespreek word.

3.3.3 Die Sinode staan by die besluit dat slegs geordende predikante die seën met opgehefde en uitgestrekte hande uitspreek.

3.3.4 Die Sinode besluit dat die sakramente steeds slegs en alleen deur geordende predikante bedien mag word.

4. BESKRYWINGSPUNTE

Tot en met die opstel van hierdie verslag is geen beskrywingspunte na die Kommissie verwys nie.

5. BEGROTING

AANBEVELING
5.1 Die Sinode keur 'n bedrag van R6000 vir die jaar 2008 goed.

6. SLOT
Die Kommissie vir Formuliere en Liturgie vertrou dat opdragte tot bevrediging van die Twaalfde Sinode uitgevoer is en bid die Sinode seën, krag en wysheid van God toe met die vergadering. Dit was 'n voorreg om die Kerk van die Here Jesus Christus op hierdie besondere terrein te dien.

Dr. SD Nel (voorsitter); di. RMJ Britz (ondervoorsitter); AL van Heerden (skriba)

BYLAE KFL 1

UITSPREEK VAN DIE SEËN EN DIE BEDIENING VAN DIE SAKRAMENTE DEUR STUDENTE EN PROPONENTE

Opdrag van die Sinode (2001) aan die KFL

Die Sinode besluit dat daar grondige ondersoek gedoen word na die uitspreek van die seën deur nie geordende manlike lidmate insluitend proponente en die bediening van sakramente deur studente en proponente om die eersvolgende Sinode met 'n aanbeveling te dien. (Handelinge van Tiende Sinode, bl. 518.)

1. Die Priesters in die Ou Testament

Daar is geen amp in die Ou Testament wat so 'n lang geskiedenis het as juis die priesterdom nie. Dit gaan terug na die vroegste jare van Jawisme en kom eers tot 'n einde na die verwoesting van Jerusalem en die tempel in 71 n.C.

In die tyd van die aartsvaders was daar nog geen priesters nie. Die handelinge van die erediens en by name die brandoffer, is deur die hoof van die gesin verrig. Die aartsvaders het ook self in die heiligdomme geoffer wat hulle besoek het.

Na die uittog uit Egipte het die priesteramp egter sy beslag gekry. Die Here het self aan Moses die opdrag gegee om Aäron en sy seuns te heilig (af te sonder) vir die priesteramp, (Ex. 29:1-9) en volgens vers 9 is die priesteramp aan Aäron en sy seuns as 'n ewige insetting gegee. Hulle sou die heilige sakramentele handeling verrig.

Hierdie priesteramp moet nie verwar word met die taak van die Leviete nie. Die Leviet is afgesonder om werk te verrig om en by die tabernakel en die latere tempel. In Núm. 1:50 en 53 word die taak van die Leviete aan hulle gegee. Daar is 'n verskil in die priesteramp en die Levitiese werksaamhede in die Ou Testament. Ook in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan is die onderskeid waarneembaar. Die priesteramp is deur die Here self in aansyn geroep en by die wyding van die priester het Moses slegs die opdragte van die Here uitgevoer.

Die priesteramp van Levi het naas die priesterlike lyn van Aaron bestaan (Ex. 32:25-29). In werlikheid is die priesteramp eers na die dood van Aaron ontwikkel (Deut. 10:6-9). Die Leviete het alleen reg gehad om liturgiese funksies te verrig (De Vaux 1980, bls. 360-361).

2. Wyding tot Priesteramp

Priesterskap in Israel het nie met 'n sekere roeping gepaard gegaan nie. Om tot hierdie amp toe te tree, moes 'n persoon deel van die priesterfamilie gewees het, en hy mag nie 'n liggaamlike gebrek gehad het nie (Lev. 21:16-24).

De Vaux (1959:219) wys daarop dat "instelling" of "aanstelling" van priesters aanvanklik beteken het: "sy hand vul" (Rigt. 17:5-12; Ex. 32:29; 1 Kon. 13:33). Die priester kry 'n hand in die offerdiens. Later het die woord sy betekenis verloor en in Eség. 43:26 het dit die betekenis van die "inwyding" van 'n altaar.

So het *millu'im* ("die vulling van die hand") later die betekenis gekry van "wyding" van die priesters. Ten einde sy ampsfunksies te vervul moes 'n priester geheilig (*qiddesh*) word (1 Sam. 7:1). Priesters was "geheiligdes" en die Hoëpriester moes 'n goue blom op sy voorkop dra waarin gegraveer was; "Heilig vir Jahwe" (Ex. 28:36). Wanneer 'n priester "geheilig" was, het dit beteken dat hy nie meer tot die profane wêreld behoort het nie, maar hy was afgesonder vir die diens van Jahwe (Núm. 8:14; Deut. 10:8 en 1 Kron. 23:13). Omdat hy in die tempel die heilige dinge van Jahwe aanraak, moes hy van die profane dinge geskei word. Hy was verbied om sekere dinge te doen en hy was onderworpe aan sekere reinigingsvoorskrifte. Behalwe in die geval van sy naaste bloedverwante (waar sekere dinge ook verbied is), mag hy in die gewone lewe nie aan rouplegtighede deelgeneem het nie (Lev. 21:1-6). Priesters was verbied om met prostitute of vrouens wat deur hulle mans weggejaag is, te trou (Lev. 21:7-8). Ten einde verwarring tussen heilig en profaan te voorkom, moes die priesters klokkies en spesiale klere dra wanneer hulle die heiligdom betree het (Ex. 28:34). Daar was besondere reinigingsvoorskrifte alvorens hulle die heiligdom kon betree. Hulle klere moes gewas wees en hulle moes hulleself ook deur afwas-

sing reinig (Ex. 30:17-21; 40:31-32; Lev. 8:6; Núm. 8:7). Die priesters moes hulle ook onthou van wyn en sterk drank (Lev. 10:8-11).

Om in die heilige dinge opgeneem te wees, het aan die priesters 'n besondere waardigheid verleen. So het Miga vir die jong man (Rigt. 17:7 en 11), wat hy as priester in diens geneem het, gesê: *...wees vir my 'n vader en 'n priester...* (Rigt. 17:10).

3. Die ampspligte van die priester

In vergelyking met die profete, het die priester 'n sekondêre rol in Israel vervul. Tog het hulle Israel op geestelike gebied mede begelei. Die priester was die ampsdraer in die heiligdom. Daar verrig hy die heilige handelinge, hoofsaaklik die offerande en lewer hy die Godspraak aan die volk deur middel van Urim en die Tummim. Hy gee ook onderwys en was die bewaarder van tradisie.

Die *tora* (wet) is in die besonder aan die priesters gegee om aan die volk mee te deel. Die onderrig in die godsdienstige wetgewing is ook aan die priesters toevertrou. Hulle het die funksies gehad om die openbaringswerk van Jahwe vir die daaglikse lewe toe te pas en so die gemeente in die tradisie op te voed. Daarby het hulle ook 'n bemiddelaarsplek tussen God en die mens ingeneem. Hulle het die volk by God verteenwoordig en omgekeerd God by die volk. Hulle moes namens die volk offers bring en deel God se seën aan die volk mee (Deut. 21:5).

Hulle het in of by die heiligdom gewoon waar hulle slegs hulle amp mag uitgevoer het. Net hulle mag voor die aangesig van God verskyn en sekere dele van die heiligdom betree. Ten opsigte van bepaalde lewensvrae het hulle beslissings gemaak as hulle daarvoor genader is deur die volk.

4. Die seën van die volk

Die priesteramp in die Ou Testament is deur God ingestel en is aan Aäron en sy nageslag toegewys. Om as priester diens te doen moes hy eers in die amp bevestig word deur salwing. Eers daarna kan hy sy ampspligte verrig wat aan hom opgedra word. Een van die ampspligte van die priesters was om die volk by die tempel te seën. Die seën is uitgespreek op die trappe van die "heilige". Die priesters rig hulle arms bokant hulle hoofde, sprei hulle vingers en bring dit bymekaar en een van hulle spreek die seën soos in Núm. 6:24-26 opgeteken, hoorbaar uit.

Die gebruik van die uitspreek van die seën is deur Christene oorgeneem. In die erediens het sowel die seën uit Núm. 6, as die trinitariese seën uit 2 Kor. 13:13 'n plek gekry. (Vergelyk Oosterhoff in Christ. Ensk. 6 onder "Zegen" en Barnard: Die Erediens bl. 83.)

5. Die invloed van die tempeldiens op die Christelike erediens

Dit blyk uit die bronne geraadpleeg dat daar 'n groot invloed van die tempeldiens uitgegaan het op die Christelike erediens. Eerstens was daar die direkte dinge wat oorgeneem is, soos die dagindeling, die gereelde byeenkomste, ensovoorts.

Die feit is dat die wortels van die Christelike erediens gesoek moet word in die tempeldiens van die Joodse geloof. Hier was dit veral sekere groot aksente wat in die tempeldiens die aandag gekry het, soos die teologiese siening daarvan, die aanbidding van God, ensovoorts.

Die grootste betekenis is egter dat alles van die tempeldiens gesien moet word vanuit die vervulling deur die koms en werk van Christus. Soms is die tempeldiens verkeerdelik gesien as die model vir die Christelike erediens – soos bv. by sommige kerkvaders. Dit kan duidelik gesien word by Hieronymus in sy skrywe: *ad Euagrium*. Nog later kom daar die afwykende ontwikkeling waar vir die erediens van die kerk oor die Nuwe Testament heen, weer teruggegryp word op die tempeldiens, met sy sakrale karakter, sy altaar, priesters, offers, besondere klere en die onderskeiding tussen priesters en gelowiges.

6. Die groot betekenis van die Sinagogediens

Die sinagogediens, wat bestaan het naas die tempeldiens, het die ruggraat gevorm van die Joodse godsdiens. Dit geld vir sowel Palestina as in die verskillende lande waarin die Jode in verstrooiing (*diaspora*) geleef het.

Na sy mensheid was Jesus 'n Jood. Sy eerste dissipels was Jode, en so ook die eerste Christelike gemeentes. Die hele koms en werk van Jesus geskied te midde van die Joodse volk, met hulle wyse van aanbidding, veral soos dit in die sinagoge tot uitdrukking gekom het. Al die evangelies lê nadruk daarop dat Jesus reëlmatig die sinagoge besoek het en daar gepreek het oor die koninkryk van God. Voor die hoëpriester sê Jesus: *Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar die Jode van alle kante vergader* (Joh. 18:20). Die Joodse wyse van die verstaan van God en die wyse waarop Hy gedien is, het 'n onuitwisbare indruk op die Christelike kerk gelaat.

Vir die eerste Christene en veral vir Paulus was die sinagogediens die ideale geleentheid vir aansluiting by die Jode om so aan hulle die Evangelie van Jesus te verkondig. Vir Paulus en sy medewerkers was dit die vaste patroon wat hy gevolg het. Hy het op elke plek waar hy op sy verskillende sendingreise gekom het, die sinagoge opgesoek en daar begin met sy werk.

From the synagogue the church adopted, but with a new zeal, the task of winning proselytes. The church believed itself to be the new Israel and the heir of the task of sharing the worship of Israel's God with the world (HH Powley: Worship in ancient Israel).

Vir 'n baie lang tyd het die Christene in die eerste eeu na Christus voortgegaan om naas hulle eie byeenkomste, ook die sinagoges by te woon. Dat daar later 'n breuk gekom het sodat hulle verplig was om daarmee op te hou, was nie deur hulle toedoen nie, maar a.g.v. die optrede van die Jode, wat in ongeveer 90 n.C. die Christene o.l.v. Rabbi Gamaliël II as *minim* (ketters) uitgedryf het.

Hoewel die Christen oplaas uit die sinagoge geweer is (a.g.v. dié Drie-eenheid van God), het hulle tog die patroon van die sinagogediens as model nagevolg. Die wyse van inrigting, die elemente daarvan is nagevolg, hoewel daaraan 'n hele nuwe gerigtheid gegee is vanuit die koms en werk van Jesus Christus. So het 'n samevoeging gekom tussen die sinagogediens en die bo-vertrek waar die laaste pasga gehou is. Die sinagogediens is die beste wegbereider vir Jesus en die Christendom (P Voltz: Die Biblische Altertümer).

Selfs vir die erediens vandag bly die sinagogediens en sy inrigting 'n invloed: *The synagogue services, and the salvation history to its climax in the new convenant*. (JF White: Christian Worship in Transition.) Die Christene gaan dus 'n ryke erfenis in, wat hulle vanuit 'n nog ryker vervulling verder uitgebou het.

7. Die Erediens in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word min direkte gegewens vir die erediens vermeld. Dit is belangrik om te sê: daar word geen orde vir die erediens aangegee nie (AC Barnard: Die Erediens). Daar word wel 'n aantal elemente van die erediens genoem, maar nie in watter orde die elemente geplaas word nie.

Die Nuwe Testament gee wel deeglik beginsels vir die erediens en ook die inrigting daarvan.

Die erediens in die NT was vir die eerste gelowiges, wat Jode was, die bekendste saak ter wêreld. Hulle was daarmee vertroud en dit word ook deurgaans as só bekend veronderstel dat dit nie beskryf word nie. Die Nuwe Testamentiese erediens sluit soos reeds vroeër vermeld, aan by die bekende tempeldiens, maar veral by die sinagogediens asook by die Joodse gebedsgebruike. J.M. Nielen het ongetwyfeld gelyk as hy skryf *dat die teenwoordige erediens van die Christelike kerk sonder die erfenis uit die Jodedom histories nie verklaarbaar is nie* (Gebot und Gottesdienst im Neuen Testament).

Aan die ander kant is die Christelike erediens in alle opsigte 'n nuwe gebeurtenis omdat dit vloei uit, gefundeer is in en in samehang met die persoon, die koms, die lewe, die werk, die kruisdood, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus.

8. Die posisie van die erediens in Suid-Afrika

Met die koms van Jan van Riebeeck in 1652 en daarmee die begin van die blanke volksplanting aan die Kaap, is die kerklike patroon van Nederland destyds net so hierheen oorgeplaas. Dit raak al die fasette van die kerklike arbeid en veral die posisie van die erediens. Die patroon van die erediens van Nederland wat hierheen oorgeplaas is, was soos dit sy beslag gekry het deur die Nasionale Sinode van Dordtrecht 1618/1619.

Soos in Nederland was ook hier 'n tyd van windstilstand wat die ontwikkeling van die erediens betref.

Op kerklike vergaderings is besonder min aandag gegee aan die erediens. Die eerste Sinodes het daaroor geswyg. Die gewone patroon het eenvoudig bly voortbestaan. Iemand wat egter 'n besondere rol gespeel het om in Suid-Afrika die liturgiese bewuswording te verlewendig, was Prof. GM Pellissier, wat oor jare verskeie persone gestimuleer het.

9. Die wese van die Gereformeerde erediens

Prof. FAH van Staden wys in sy werk "Orde in die Erediens" daarop dat die Kerkorde (1996-uitgawe) in Art. 42:1 'n gereformeerde erediens soos volg bepaal:

Die erediens is die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die gelowiges onder die genadige werking van die Heilige Gees en onder leiding van die besondere ampte deur die bediening van die Woord, die heilige sakramente, gebed, kerklied en offergawe.

Van Staden gaan voort: *Die kerngedagte is die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God.* Gereformeerde liturgioloë definieer die erediens dan as God se vergadering met sy volk, sy gemeente.

Hy en nie die gemeente, predikant of die kerkraad nie, neem die inisiatief, roep sy gemeente ter vergadering, sý vergadering en tree met hulle in gesprek.

Ook prof. JAE Adendorff ondersteun dié standpunt in 'n studiestuk oor hierdie aangeleentheid soos volg:

Die erediens is die amptelike ontmoeting tussen die grote Verbondsgod en sy versamelde gemeente. In hierdie ontmoeting is God die Inisiatiefnemer: Hy roep die vergadering byeen en Hy konstitueer dit. Hy

groet sy gemeente met sy seën en Hy stuur hulle ook met sy seën weg. Seëngroet en seën is dus handelinge van God en nie van die gemeente nie. Die liturg mag nie 'n handeling van God tot handeling van die mens verander nie.

10. Die Seëngroet

Die seëngroet mag nie verwar word met die seën aan die einde van die erediens nie.

Hierdie groet is die versekering dat die Here hierdie gesprek met sy gemeente wil voer. Dit is die duidelike uitnodiging tot die gemeente om Hom hierin te vertrou en te volg. Dit is 'n bemoediging om met die gesprek verder te gaan, in die sekerheid dat die Here op sy eie besondere manier met sy seën en genade teenwoordig is.

In die groet en deur die hele diens is dit die Here self wat sy seën en genade skenk. Daarom kan hierdie groet nooit magies beskou word of daarvan 'n magiese werking verwag word nie.

By die seëngroet gaan dit om meer as net 'n groet. God se eerste spreke na die votum is sy seëngroet aan sy vergaderde volk. Sy groet bevat 'n toesegging van seën. Die liturg is slegs sy spreekbuis. Derhalwe val die klem op die seën.

Volgens Skrifvoorbeelde moet die seëngroet – net soos die seën aan die einde van die erediens – met beide hande opgehef (in die geval van 'n predikant) uitgespreek word (Núm. 6:24-26 en Lev. 9:22). Dit gee beter uitdrukking daaraan dat dit God is wat in sy vergadering handel. Die seëngroet is nie 'n gebed nie. Dit is dus nie nodig dat of die liturg of die gemeente die oë sluit nie. Dit is sinvol dat die gemeente die simboliek van die seënende hande, nl. dat God seënend en in vrede tot sy gemeente kom, sal sien (Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk).

Prof. Adendorff sê soos volg: *Daarom mag die seëngroet en seën nie afgebid word nie, maar moet dit uitgespreek word. Dit geld ook vir die erediens wat deur 'n ouderling, proponent, teologiese student of manlike lidmaat gelei word.* Soos Trimp (1982:57) dit stel: *Een vakante gemeente is niet een verweesde gemeente en een kerkdienst zonder-predikant mist niet het karakter van ontmoeting. Maar wat is een ontmoeting zonder groet?* Die seëngroet en seën is God se woord aan sy gemeente, en daarom moet dit letterlik uit die Skrif tot die gemeente gespreek word. Die liturg spreek dit met oop oë, aangesien dit nie 'n gebed is nie.

God se seën is sy seën of dit seën aan die begin of seën aan die einde van die diens is. Volgens die Skrifvoorbeeld, as die seën aan die einde met albei hande opgehef uitgespreek word, moet dit ewe-eens aan die begin met albei hande opgehef, en gesagvol uitgespreek word.

Daar kom by die seëngroet 'n belangrike simboliese betekenis by, waar die seëngroet die element van groet in die ontmoeting bevat. Wanneer twee persone, in die outyd, mekaar genader het in ontmoeting, was dit die gebruik om albei hande uit te hou en te toon dat die nadering vir ontmoeting in vrede is, sonder kwade-, wraak- of moordgedagtes. Nie net een hand is uitgehou of getoon nie, want as dit so gedoen was, was daar die moontlikheid en gevaar dat die ander hand 'n moordwapen gehou het. God nader tot sy gemeente en seëngroet hulle. Hy kom in vrede in Jesus Christus met sy genade en barmhartigheid. Hy wys, met groot eerbied gestel, albei sy hande as Hy sy gemeente seënend groet met sy seënende hande oor hulle opgehef. Daarom is dit die standpunt dat dit liturgies korrek is om die seëngroet uit te spreek met albei hande opgehef, soos met die seën aan die einde van die erediens.

Die eenhandgroetgebruik misken die seëngroet en ontledig dit van die seëngedagte tot net 'n groetgedagte. Dit versterk die gedagte dat dit die liturg is wat handel – wat 'n foutiewe gedagte is. Die gedagte dat dit die liturg is wat handel – word versterk deur die wyse waarop sommige liturge selfs die regterhand vanaf die kansel na die gemeente afsteek, asof hy sy hand na hulle uitsteek om te groet, wat 'n totale wanindruk by die gemeente skep.

Die liturge in die AP kerkverband moet daarom ernstig besin en terugkeer tot die vroeëre gebruik van 'n tweehandseëngroet, opgehef soos met die seën aan die einde van die erediens, aangesien so beter uitdrukking daaraan gegee word dat dit God is wat in sy vergadering handel, wat sy gemeente seëngroet deur die liturg as sy spreekbuis, soos deur Aäron van ouds en hulle in vrede ontmoet. Ons pleit daarvoor dat die liturg in die erediens op die agtergrond sal staan as net sy spreekbuis, sodat die Here alleen op die voorgrond sal verskyn as die sprekende en handelende.

Wanneer die seëngroet uitgespreek word en terwyl dit nie 'n gebed is nie, is dit nie nodig dat die liturg of die gemeente die oë sluit nie. Die gemeente sien so die simboliek van die oop handpalms van God, wat genadiglik seënend in vrede tot sy gemeente kom, sonder die wapens van sy gerig, waarmee Hy uitdelg.

Wat 'n "leesdiens" betref, geld met die seëngroet dieselfde as met die votum. Die seëngroet is die toesegging van die Here aan sy gemeente in sy vergadering, die erediens. 'n "Leesdiens" is 'n erediens. Ook in die "leesdiens" sê die Here sy seëngroet aan die gemeente toe. Dit geld dus ook wanneer in die

leesdiens (erediens) die "liturg" 'n kerkraadslid, manlike lidmaat, teologies student of proponent is, sodat ernstig daaroor besin moet word of die "liturg" in 'n leesdiens wel die seëngroet moet afbid. Dit is die opinie dat dit nie afgebid nie, maar uitgespreek word (aldus prof. FAH van Staden – Orde in die Erediens).

Tog moet daarop gelet word dat slegs priesters in die Ou Testament die seën uitgespeek het. Die nuwere tendens in ander kerke is dan dat enige persoon wat die erediens lei, die seën mag uitspreek met uitgestrekte hande. Die KFL kan nie hiermee saamstem nie. Daarom is die aanbeveling aan die Sinode dat slegs geordende leraars die seën met uitgestrekte hande mag uitspreek.

11. Die Seën

Met die votum open en konstitueer God sy vergadering met sy gemeente. Nie alleen spreek Hy eerste nie, maar Hy spreek ook die laaste woord in die erediens. Die seën is die toesegging, die versekering dat Hyself met die gemeente meegaan en hulle daarbuite in die wêreld sal leef voor sy aangesig. Aanbidders word nou ook seëndraers.

- Die laaste woord van God. Soos wat die diens met God en met sy werking begin het, so sluit dit ook weer af met God en met sy werksame woord. Hy begin die diens maar Hy sluit ook weer die diens af.
- Die seëngebaar. In navolging van die gebruik in Israel, hef die geordende liturg (soos die priester) sy hande skouerhoogte op. Die seënende gebaar is die gebaar van die handoplegging: die seën word op die gemeente in kollektiewe sin gelê, die gemeente ontvang die seën staande (Barnard – Die Erediens).
- Die seën wat toegesê word, vind ons in die formules, soos dit in 2 Kor.13:13 en in Num. 6:24-26 opgeteken is.
- Daar is geen dispuut daaroor nie, soos met die seëngroet, dat die liturg (die geordende predikant) die seën, as spreekbuis van die Here, uitspreek met albei hande opgehef en uitgestrek.
- Aangesien dit die wyse is waarop die Here sy vergadering eindig, naamlik met die toesegging van sy seën, moet ernstig besin word oor die gebruik met die "leesdiens" dat die kerkraadslid, manlike lidmaat, teologiese student of proponent die seën afbid en nie uitspreek nie. 'n "Leesdiens" is 'n erediens en daarom behoort die seën uitgespreek en nie afgebid te word nie (Van Staden: Orde in die Erediens).
- God se seëngroet en seën is immers aan sy wesenlike en werklike teenwoordigheid in die erediens gekoppel, en nie die amp van die leraar nie. Hy is teenwoordig, ook al is die leraar afwesig (prof. JAE Adendorff).
- Wegstuur in die lewe. Die seën is die toesegging, die verkondiging in God se Naam dat sy seën, en daarmee Hyself, met ons meegaan. Die gemeente gaan weg waar hulle voor sy aangesig gestaan het, maar gaan weg met die seën, wat impliseer dat die gemeente nou gaan leef voor sy aangesig. Seën en sending, sending en seën, hang ten nouste saam. Wat in die erediens gebeur het, moet verder werk en in die wêreld uitstraal. So word die erediens "hierbinne", "daarbuite" voortgesit en geloofwaardig in die wêreld. Die aanbidders word seëndraers. Dit gaan dus om die ontvang en verdere deurgee van die heilvolle krag van God; die uitsending van die heilvolle, herstellende en bewarende krag van God wat aan die wêreld versoening en vrede bied.

12. Sakramente

Wat die sakramente betref, word dit duidelik gestel dat die sakramente nie bo of onder die Woord en sy bediening staan nie. So was dit in die gereformeerde kerke oor die eeue en volgens die KO van die Dordt 1618-1619 en sy opvolgers die funksie van die predikant as geordende.

Die bediening van die Woord en die sakramente is aan die amp van die leraar gekoppel. Dit bely ons ook in NGb Art. 30. Dit gaan nie hier daarom dat die leraar 'n hoër amp as die ander het en op grond daarvan die alleenreg het om die Woord en sakramente te bedien nie. Dit gaan wel daarom dat dit sy opdrag en funksie in die gemeente is. Die ouderling het 'n ander funksie, te wete 'n regerende funksie. Wanneer 'n ouderling die erediens lei, vanweë sy eiesoortige funksie (regeerfunksie) nie die Woord bedien nie, want dis die taak van die leraar. Hy kan wel die preek van 'n (ander) leraar aan die gemeente voorhou ('n leespreek, dus). Dieselfde geld van 'n erediens gelei deur 'n manlike lidmaat.

Wat 'n teologiese student aanbetref: hy hou ook 'n leespreek. 'n Student in sy finale jaar kan wel 'n eie preek lewer, maar dan as 'n stigtelike woord. Dit geskied steeds onder leiding en uiteindelike toesig van die dosent in Diakoniologie. In wese is die student dus 'n manlike lidmaat wat 'n leesdiens hou. Dit beteken dus dat die student ook nie die sakramente kan bedien nie, omdat dit die taak van die leraarsamp is (prof. Adendorff – studiestuk).

Die posisie van die proponent is meer ingewikkeld. Hy het klaar gestudeer, is deur die kerk (Kuratorium) ondersoek en tot bediening in die kerkverband toegelaat. Aan die eenkant kan daar 'n saak voor uitgemaak word dat hy kragtens sy legitimasie toegelaat behoort te word om die sakramente te bedien. Aan die ander kant moet hy nog die uitwendige roeping ontvang en met handoplegging in 'n plaaslike kerk bevestig word. In die samehang van in- en uitwendige roeping vind hy sy bevestiging in die leraarsamp met as taak die bediening van die Woord en sakramente. Daarom is dit beter om die proponent ook van die sakramentsbediening uit te sluit, want sy taak as leraar neem eers in aanvang wanneer die

liturg, wat hom bevestig, die volgende uit die formulier vir die bevestiging van ’n bedienaar van die Woord vir hom sê: *Geliefde broeder, neem nou as u verantwoordelikheid die gemeente wat aan u geestelike sorg toevertrou is.*

Die KO van Dordt 1618-1619 bepaal soos sy voorgangers vanaf Emden tot ‘s Gravenhage dat die “dienaars” die doop bedien, Arts. 56-60 gaan dan voort met die nagmaal, Arts. 61-63 sonder om pertinent *dienaars* te vermeld, daar die sakramente as ’n eenheid behandel word. Reëls wat tussen 1563-66 gegeld het en neerslag gevind het by Konvent van Wezel 1568 meld dat “die dienaars (van Woord)”, vgl. AD Pont: Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg”, bls. 66, die nagmaal bedien. Die *Ordonnances Ecclésiastiques* van Géneve, Calvyn se kerkorde van 1541 stel doopbediening, Arts. 69-72 en nagmaalbediening, Art. 73-77 as taak van “die dienaar(s) van die Woord”, Pont a.w. bls. 32, vergelyk ook: Biesterveld en Kuyper: “Kerkelijcke Handboekje” en C Hojer: “Oude Kerkenordeningen” ook KO Dordt 1618-1619 en die “Ordonnances” 1541. Ook die Franse “Discipline Ecclesiastique” van die Sinode van Parys 1559 stel Woord- en sakramentsbediening onder die “dienaar”. Alle latere Gereformeerde Kerkordes tot ons eie volg steeds hierdie reël.

Die verslag sluit deur te verwys na ’n aantal kerkregkundiges wat die sakramentsbediening aan die evangeliedienaar toesê, vgl. H Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht, II bl. 317 ev. ‘s Gravenhage besluit in verband met proponente *dat zij niet de sacramenten mochten bedienen tot tertijt toe sy volcomenlijcken beroepen en bevestight zijn* en bl. 407 ev.; J Jansen: Korte Verklaring van de Kerkorde, bl. 249 ev.; D Nauta: Verklaring van de Kerkorde ..., bl. 255 en 272; EPJ Kleynhans: Gereformeerde kerkreg IV, ensovoorts.

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)

Tydperk: 2004 – 2007

1. PERSONEEL

Di. AS van Jaarsveld (voorsitter), MJ Hartzenberg (ondervoorsitter), JL Schütte, PJ Möller, dr HM Grobler (skriba) en oudl CJ Grobler.

2. VERGADERINGS

Die KKS het ses keer vergader tot 26 April 2007. Daar was ook sewe Dagbestuurvergaderings tot 3 Mei 2007.

3. SAKE IN OPDRAG VAN DIE ELFDE SINODE

Die wysiginge in die Kerkorde, ordereëls en ter saaklike Sinodebesluite is uitgevoer. Ander werksopdragte is uigevoer soos hierna vermeld.

3.1 Lidmaatskap van lidmate van ander erkende kerke. Sakelys van die Elfde Sinode, bl. 222, punt 5.7 en die amendament op bl. 410-411 in die Handelinge van die Elfde Sinode. Die Sinode besluit om hierdie beskrywingspunt en amendament agter in die Kerkordeboek op te neem.

Die Sinode besluit om lidmate van ander erkende kerke voortaan nie meer met bewys van lidmaatskap op te neem alvorens daar nie eers 'n in diepte gesprek oor die volgende sake met hulle gevoer is nie:

1. *Die Gereformeerde Skrifbeskouing.*
2. *Die drie besondere belydenisskrifte.*
3. *Die basiese beginsels van gereformeerdheid.*
4. *Albei sakramente (grootdoop en kindernagmaal) – dis tog deel van Woordbediening.*
5. *Die uitverkiesing.*
6. *Die verbond (Uitverkiesing is voor verbond).*
7. *Die Christelike Sondagviering.*
8. *Die Chiliasme.*
9. *Die basiese verskille tussen die Charismatiese godsdiensgroepe en die AP Kerke.*
10. *Die vrou in die amp.*
11. *Die Israelhipotese, of Israel-legende alias Israelvisie.*

Die Sinode besluit voorts dat die Kommissie van Kerkleer en Christelike Etiek 'n uitgebreide stuk moet opstel om aan ouderlingrade leiding te gee ten opsigte van hierdie gesprek. Elkeen van hierdie sake moet in 'n neutedop saamgevat word en ook van moontlike gespreksvrae voorsien word. Sodanige handleiding kan in die tussentyd gebruik word en by die volgende Sinode gefinaliseer word.

AANBEVELING

3.1.1 Die Sinode besluit dat dit 'n ongeldige besluit is wat deur die Sinode geneem is.

3.1.2 Motivering

1. Dit maak lidmaatskap onderhewig aan 'n vraelys.

2. Die beskrywingspunt en amendament is in stryd met die Kerkorde en besluite van die Sinode oor die wysiging van die kerkorde.

3. Die beskrywingspunt is te lywig om in die Kerkordeboek opgeneem te word.

3.2 Riglyne vir 'n skriba, Sakelys 2004, bl. 352.

Die Sinode gee die KKS opdrag om gepaste riglyne daar te stel vir die skriba van die kerkraad en die ringskriba oor hoe gehandel moet word met 'n ontvange demissie-, legitimasie-akte en bevestigingsakte. Vgl. KO Art. 14.1.1 Bep 14.1. RIGLYNE VIR 'n SKRIBA VAN DIE KERKRAAD.

AANBEVELING

3.2.1 Die Sinode beveel aan dat die volgende inligting as omsendskrywe aan gemeentes gestuur word.

Riglyne vir die skriba van die kerkraad en die ringskriba oor hoe gehandel moet word met 'n ontvange demissie-, legitimasie-akte en bevestigingsakte.

Die skriba van die kerkraad: Die skriba van die kerkraad wat die beroep uitgebring het, moet sorg dra dat die beroepe predikant die akte van demissie en skriftelike aanvaarding van die beroep voor bevestiging by sy nuwe kerkraad inhandig. In die geval van 'n proponent moet die skriba sorg dra dat die proponent die akte van legitimasie, skriftelike aanvaarding van die beroep, attestaat en ondertekenings-formulier by die kerkraad inhandig voor bevestiging.

Die skriba van die kerkraad dra ook sorg dat die voorsitter van die kerkraad aan die skriba van die ringskommissie kennis gee van bevestiging, met toesending van alle stukke.

Verder gee die skriba van die kerkraad kennis van die bevestiging in die blad van die Kerk en aan die kerkkantoor, sodat kennis aan die Registrateur van Huwelike gegee kan word, en waar

van toepassing, aansoek gedoen kan word vir die aanstelling as huweliksbevestiger deur die staat, en met die oog op die pensioen-en mediese fonds vereistes.

Die skriba van die ring: Die skriba van die ring dra sorg dat hy al die nodige dokumentasie by die betrokke kerkraad verkry, sodra hy kennis van bevestiging van die beroepende kerkraad ontvang. Die dokumentasie sluit in: Die akte van demissie en skriftelike aanvaarding van die beroep in die geval van 'n predikant en die akte van legitimasie, skriftelike aanvaarding van die beroep, attestaat en ondertekenings-formulier in die geval van 'n proponent.

In die geval van proponente dra die skriba van die ring sorg dat die ringskommissie 'n akte van bevestiging uitreik.

Van die akte van demissie moet afskrifte gegee word aan:
1. Die leraar wat die beroep opgevolg het en wat die oorspronklike akte ingedien het, vir sy eie argief.

2. Die ring vir bewaring in die ringsargief.

3. Die Kerkargief in Pretoria.

3.3 Prosedures tydens die ontbinding van 'n gemeente, Sakelys van 2004, bl. 353.

Die Sinode gee die KKS opdrag om die prosedure met die beëindiging van 'n gemeente se bestaan, uit te spel. Die KKS besluit oor die beste wyse waarop die gevraagde leiding tuisgebring kan word.

Kragtens KO Artikel 37 is die visitasie-opdrag, die begeleiding met moontlike ontbinding van 'n gemeente, sowel as die uiteindelike finalisering en besluit, die verantwoordelikheid van die betrokke ring. [Hiervoor mag 'n buitengewone ringsitting noodsaaklik wees.]

Kragtens KO Artikel 37.3 geskied die ring se oorweging van ontbinding van 'n gemeente: "op versoek van kerkrade". Die volgende prosedure is moontlik:

Dat 'n kerkraad self tot die besef kom dat ontbinding onafwendbaar en in belang van die lidmate se geestelike versorging is, en gevolglik so 'n versoek aan die ring rig.

Dat 'n lidmaat of lidmate so 'n versoek aan die kerkraad rig en die kerkraad 'n besluit neem. Indien die versoek van die lidmate geweier word, kan 'n beswaarskrif of appèl na die ring oorweeg word [vgl. KO Artikel 31], in welke geval die ring se beslissing op daardie tydstip die versoek of kan weier of kan aanbeveel dat met ontbinding voortgegaan kan word.

Dat die ring kragtens Bepaling 37H, aan die hand van die kerkvisitasieverslag 'n besluit neem dat die kerkraad ontbinding ernstig moet oorweeg en dat die ringskommissie opdrag kry om, indien nodig, 'n buitengewone ringsitting byeen te roep na aanleiding van die kerkraad se antwoord op die versoek. Die ring kan ook opdrag gee dat by visitasie die gemeente volledig ingelig word.

Die volgende sake moet aandag kry by die oorweging van ontbinding:

Die lewensvatbaarheid van die gemeente ten opsigte van sy verpligtinge met betrekking tot die behoorlike geestelike versorging van die lidmate en die kerkverband, as 'n selfstandige gemeente.

Die posisie en versorging van die leraar, indien van toepassing [vgl. KO Artikels 17, 18 en Bepaling 14F, sowel as kennisgewing van beroepbaarheid deur die ring].

Die geestelike versorging van die lidmate, bv. die aansluiting as wyk by 'n naburige gemeente.

Die posisie met betrekking tot moontlike verdere gebruik, verkoop of verhuur van eiendom of eiendomme.

Die verdeling en oordrag van beskikbare finansies, soos van toepassing.

Die uitstaande verpligtings met betrekking tot die Kerkkantoor/GKK en/of handelsbanke en ander finansiële inrigtings.

Die finalisering moet in noue samewerking met die Kerkkantoor in Pretoria geskied.

Die volledige oordrag van alle argivalia van die gemeente aan die Kerkargief in Pretoria, onder toesig van die ring.

3.4 Bylae 1 in die Kerkorde 2002, Sakelys 2004, bl. 376.

Die Sinode besluit dat die KKS sal herbesin oor bylae 1 in die K.O. 2002 om die volgende redes:

Volgens die huidige redaksie (1.3) mag 'n dienende of 'n geëmeriteerde leraar van ander gereformeerde kerke wel die Woord in 'n AP Kerk bedien, maar nie die sakramente nie. Word die Woordbediening nie hier ondergeskik gestel aan die sakramente nie en andersom?

Verhoed die Sinode nie byvoorbeeld hierdeur dat kinders in die AP Kerke gedoop word nie? Indien 'n

grootouer sy kleinkind wil doop, of sy kinders wil hê dat hy dit moet doen, mag hy dit nie in die AP Kerk doen nie. Nou kan die ouers van die kindjie besluit om die kind in die kerk van die grootouer te laat doop.

Amendament goedgekeur. Voorgestelde wysiging aan Bylae 1 vir herbesinning deur die KKS. 1.3. …mits hy daartoe genooi is deur die plaaslike kerkraad;… Vervang die kerkraad met ouderlingraad.

Besluit. Aanbeveling 20.3.1 op bl. 12 in die Sakelys (SKK-verslag) insake wysiging aan Bylae 1 word terugverwys na die KKS.

AANBEVELING
3.4.1 Die Sinode besluit om Bylae 1 te wysig soos volg:

Wysiging van Bylae 1: Wie mag in 'n AP Kerk preek?
Huidige redaksie:

Die Sinode besluit (Acta 1989, Art. 130.6 en Sakelys 1997 bl. 177 6.6.2.5, Handelinge 1997 bl. 292 6.6.3 en Handelinge 1999 bl. 418 24.1.1):

dat die amptelike Woordbediening in 'n AP Kerk (gemeente) mag geskied deur 'n leraar (insluitend 'n teologiese dosent) of emeritus leraar van 'n AP Kerk (gemeente);

'n leraar van 'n AP Kerk (gemeente) wat eervol van sy gemeente losgemaak is;

'n dienende en/of geëmeriteerde leraar van die NG Kerk/NH Kerk/Geref. Kerke/Afrikaanse Reformatoriese Kerk (ARK), by geleentheid van 'n AP Kerk-familielid se doop/belydenisaflegging/bevestiging as ampsdraer, mits hy daartoe uitgenooi is deur die plaaslike kerkraad;

hy mag egter nie die bediening van die sakramente of die aflegging van geloofsbelydenis of die bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig nie;

'n dienende of geëmeriteerde leraar van die NG Kerk/NH Kerk/Geref. Kerke/ARK – slegs by wyse van hoë uitsondering, en as tydelike maatreël – mits dit geskied met die medewete en goedkeuring van die SKK en/of die dagbestuur van die Kuratorium. Sodanige toestemming deur die SKK en/of die Dagbestuur van die Kuratorium moet skriftelik geskied na behoorlike skriftelike motivering. Hy mag egter nie die bediening van die sakramente of die aflegging van geloofsbelydenis of die bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig nie;

dat die spreek van 'n stigtelike woord (dit wil sê 'n eie preek, maar sonder die uitspreek van die seën/seëngroet) in die AP Kerke (gemeentes) mag geskied deur 'n oefenaar van 'n AP Kerk (gemeente);

'n proponent van die AP Kerk;

'n teologiese student van die AP Kerk in sy vierde en vyfde studiejaar; onder toesig van 'n leraar of kerkraad van 'n AP Kerk (gemeente);

in sy laaste studiejaar; onder toesig van 'n kerkraad van 'n AP Kerk (gemeente);

(Die vraag wie 'n stigtelike woord tydens 'n huwelikseremonie of 'n begrafnis mag spreek, is 'n aangeleentheid vir die familie, aangesien dit geen erediens onder kerkraadstoesig is nie.)

dat 'n leesdiens in 'n AP Kerk (gemeente) waargeneem mag word deur enige bevoegde manlike lidmaat van daardie plaaslike AP Kerk (gemeente) self wat deur die plaaslike kerkraad daartoe versoek word, in welke geval hy gebruik moet maak van 'n preekbundel wat amptelik deur die AP Kerk goedgekeur is, of van 'n skriftelike preek van 'n leraar van 'n AP Kerk (gemeente);

dat indien dit feitelik bevind word dat 'n plaaslike kerk nie hou by die Sinodebesluit i.v.m. wie in 'n AP Kerk mag preek nie (Bylae 1 bl. 57-58 KO 1998), dat so 'n kerk, na deeglike ondersoek deur die betrokke ring in samewerking met die KKS, deur die betrokke ring in kennis gestel word dat hy homself met sy optrede buite die orde en dissipline van die kerke in kerkverband en derhalwe buite die kerkverband stel. Die ring moet dit ook dusdanig rapporteer aan die daaropvolgende Sinode wat dan weer op sy beurt die besluit finaal sal bevestig al dan nie.

Nuwe redaksie

Voorgestelde wysiging: Die Sinode besluit om *Acta* 1989, Art. 130.6 en *Sakelys* 1997 bl. 177, pt. 6.6.2.5, *Handelinge* 1997 bl. 292 pt. 6.6.3, *Handelinge* 1999 bl. 418, pt. 24.1.1 en Bylae 1 in die KO.Boek 2004, bl. 59-60, soos volg te wysig:

Die Sinode besluit:

dat die amptelike Woordbediening tydens 'n openbare erediens in 'n AP Kerk slegs mag geskied deur:

enige manlike lidmaat aan wie die Kuratorium predikantstatus toegeken het en van wie daardie status nie verbeur is nie;

proponente wat deur die Kuratorium toegelaat is, maar sonder die uitspreek van die seën;

dat 'n leesdiens in 'n AP Kerk waargeneem mag word deur manlike teologiese studente van die AP Kerk wat 'n eiepreek, wat vooraf deur die dosent in Homiletiek goedgekeur is, mag lewer;

enige bevoegde manlike lidmaat van daardie plaaslike AP Kerk self wat deur die plaaslike ouderlingraad daartoe versoek word, in welke geval hy gebruik moet maak van 'n preekbundel wat amptelik deur die Publikasiekommissie goedgekeur is, of van 'n geskrewe preek van 'n leraar van 'n AP Kerk. Die persoon wat die leesdiens waarneem, moet duidelik meld watter AP Kerk-leraar se preek of uit watter goedgekeurde preekbundel hy voorlees.

dat 'n begrafnis of 'n huwelikseremonie nie 'n erediens onder kerkraadstoesig is nie en dat die spreek van 'n stigtelike woord in hierdie gevalle 'n aangeleentheid vir die familie is.

dat geen leraar van enige erkende Gereformeerde kerk toegelaat word om die amptelike Woordbediening in enige AP Kerk te bedien nie, behalwe by enkele uitsonderings waar dit moet geskied in die teenwoordigheid van die plaaslike leraar/konsulent nadat skriftelike toestemming daartoe by die SKK verkry is.

3.4.2 Motivering

Bykans elkeen van die vorige 11 Sinodes wat deur die kerke in kerkverband gehou is het met hierdie saak geworstel. Telkemale het dit maar weer via beskrywingspunte of bepaalde probleemgevalle op die Sinode ter tafel gekom. Die toelating van leraars vanuit ander kerkverbande gee gereeld aanleiding tot ongelukkigheid in die AP kerkverband.

Dit het onder meer daartoe gelei dat Sinode 2004 besluit het dat die KKS moet herbesin oor Bylae 1 in die Kerkorde.

Punte 1.3 en 1.4 van die huidige redaksie is in stryd met KO Art. 42.3 en dus nietig en behoort daarom sonder meer geskrap te word.

Hierdie welwillendheidsgebaar teenoor lidmate en behoeftige gemeentes is deur die ouderlingrade en predikante uit ander kerkverbande misbruik deurdat geen ag geslaan word op die beperkinge van *hoë uitsondering en as tydelik maatreël* nie en dikwels ook vind die raadpleging met die SKK of dagbestuur van die Kuratorium òf nie plaas nie òf op sodanige kort kennisgewing wat probleme skep. Die *hoë uitsondering en as tydelik maatreël* – toegewing het in baie gemeentes die reël geword.

Verder het daar die afgelope aantal jare so groot verandering in die Skrifbeskouing van ander kerke na vore gekom, dat leraars binne daardie kerke nie meer summier net op grond van hulle status in daardie kerke op die kansels in die AP Kerke toegelaat kan word nie. Dikwels hoor ons die argument dat "hulle eintlik by ons hoort". Hierdie is absolute onsin! As 'n leraar "by ons hoort", wat soek hy nog in die ander kerk. Dit is ook nie meer so dat leraars hulle pensioenvoordele verloor indien hulle hul kerkverband sou verlaat en lidmaatskap in 'n AP Kerk verkry nie. Daar bestaan nie iets soos 'n leraar wat "by ons hoort" maar hy wil nie lidmaat van 'n AP Kerk word nie.

Aan die ander kant kry mens al hoe meer leraars in ander kerke wat hulle distansieër van besluite wat deur hulle kerkverbande se Sinodes geneem word en sommiges van hulle begin selfs gemeentes wat, tipies van die Independentisme, op ongereformeerde wyse los van enige kerkverband staan. Die eerbare weg vir sulke leraars en gemeentes sou wees om toe te tree tot 'n gereformeerde kerkverband van hulle keuse. Indien die AP kerkverband om enige rede nie vir hulle aanvaarbaar is nie, kan daar mos ook nie geredeneer word dat "hulle by ons hoort" nie. Sulke leraars en gemeentes handhaaf 'n ander kerkbegrip as die van die AP Kerke in kerkverband en daarom kan ook hierdie leraars nie op die kansels van die AP Kerke toegelaat word nie.

Dit is die Bybelse opdrag van die ouderlinge om toesig te hou oor die verkondiging van die Woord van God. Hierdie toesig is egter onmoontlik indien 'n leraar vanuit 'n ander kerk toegelaat word om die Woord te verkondig, aangesien die ouderlingraad geen tugbevoegdheid oor so leraar het nie.

Ten opsigte van leesdienste vat die preeklesers soms geweldige kanse. Daarom is dit ons oorwoë mening dat die voorleser sowel aan die ouderlingraad as aan die gemeente bekend moet maak wie die skrywer is van die preek wat hy voorlees.

3.5 Lasgewing Pk Sinode 2004, bl. 398.

Die Sinode spreek hom uit oor die lasgewing van die Pk.
In die lig van die moontlike publisering en bemarking van manuskripte en publikasies wat nie enger godsdienstig van aard is nie, maar tog in die breë 'n Christelike en soms volkseie boodskap dra. (Ook verwys na KKS vir aanpassing in lasgewing.)

AANBEVELING
3.5.1 Die Sinode besluit om die volgende sin in die lasgewing op te neem:

Ou Redaksie:

die keuring, publisering en bemarking van alle

ander publikasies wat die belange van die sinodale verband dien;

Nuwe redaksie:

die keuring, publisering en bemarking van alle ander publikasies wat die belange van die sinodale verband dien, insluitende publikasies van kulturele en geskiedkundige aard.

4. VOORLEGGING DEUR DIE KKS OOR HUWELIKKE WAT GEKORT-WIEK WORD DEUR IMPLIKASIES VAN 'n PENSIOEN-EN/OF MEDIESE FONDS, M.B.T. DIE FINANSIËLE GEVOLGE VIR DIE BETROKKE PERSONE.

AANBEVELING
4.1 Die Sinode besluit:

Die Sinode dra dit op aan die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS), om in samewerking met die Sentrale Kerkekommissie (SKK), ondersoek in te stel of daar reeds 'n regsmening bestaan of sodanige regsmening aan te vra, ten einde uitklaring te kry oor die volgende vrae rakende lidmate/persone wat in 'n wettige huweliksverbintenis wil tree, maar weens implikasies van die reëls van 'n pensioen- en/of mediese fonds se voordele, dit nie kan doen sonder verlies van een van die partye se inkomste, met gevolglik gevaar van armlastigheid nie. [Die bepalings van die volgende landswette, kan naas die pensioen- en mediese fondse in berekening kom nl. die huwelikswet no. 25 van 1996, die Identifikasiewet no. 68 van 1997, die Gewoontereg Huwelikswet no. 120 van 1998, en die Burgerlike Verbinteniswet no. 17 van 2006.] Laasgenoemde wet het voorsiening gemaak vir die wettige voltrekkking "deur of 'n huwelik of siviele deelgenootskap, die wetlike konsekwensies van burgerlike verbintenisse, en sake daaruit voortspruitend" [Eie vertaling van die aanhef van die betrokke wet.]

Kan 'n huweliksbevestiger, gemagtig om beide kerklik en staatsregtelik 'n huwelik te bevestig, 'n huwelik slegs kerklik bevestig, sonder nadelige implikasies vir sy reg tot bevestiging van wettige huwelike nl. beide kerklik en staatsregtelik, indien daar die implikasie is dat erkenning van sodanige huwelik oortreding van een of ander bepaling van 'n landswet mag wees?

Kan 'n huwelik slegs kerklik bevestig word en as wettige huwelik geld met geen nadelige implikasies vir enige van die twee partye, met betrekking tot hulle pensioen- en mediese fonds voordele? Indien wel, op welke wyse en met welke vereistes? Sou die moontlikheid nadelige implikasies weens die reëls van die betrokke pensioen- en/of mediese fonds deur 'n vooraf kontrak tussen die twee partye in die huwelik, ondervang kan word?

NB. Die problematiek van hierdie saak hou verband daarmee dat pensioenarisse veral, en moontlik ook geskeides, wat wettiglik in die huwelik wil tree, en dan voor die probleem te staan kom van 'n verlies van een van die partye se pensioen- en/of mediese fonds voordele, gaan saamwoon, met die moontlikheid van tugstappe deur die kerk, wat slegs die wetlike huwelik erken. Huidige ekonomiese werklikhede en die moontlikheid dat op kerklike vlak 'n etiese probleem en een of ander vorm van armlastigheid, veroorsaak word deur bepaalde reëls van 'n pensioen- en/of mediese fonds, maak dit noodsaaklik dat bogenoemde probleem uitgeklaar word. Aangesien dit wyere implikasies het as slegs vir die AP kerkverband, is die SKK die aangewese kommissie vir skakeling met ander kerke vir moontlike regsopinies wat reeds bestaan in dié verband.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 Ring van Derby: Toevoeging tot KO. Bep. 65A

Die Sinode besluit om die volgende paragraaf ná punt 6 van Bep. 65A as 'n nuwe paragraaf net voor *Vestigings van eiendom, verbande, ensovoorts* in te voeg: Die Gemeenskaplike Kerkkantoor neem verantwoordelikheid vir die betaling van alle regskoste wat spruit uit regsgedinge waarby 'n meerdere vergadering betrokke was, op voorwaarde dat die meerdere vergadering in alle opsigte ooreenkomstig die Kerkorde opgetree en sy besluite geneem het. Die Gemeenskaplike Kerkkantoor begroot daarvoor.

Huidige redaksie:

Die Gemeenskaplike Kerkkantoor is gemagtig om

1. roerende en onroerende eiendom te besit, te koop, te verkoop, te ruil, as geskenk te aanvaar, te skenk, te verbind en die verbande te registreer, te belas deur serwitute of enige ander beswaring en sulke serwitute of beswaringe te registreer;

2. enige kontrak met enige ander party aan te gaan en sulke kontrakte te registreer indien deur die wet vereis;

3. op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik;

4. garansies uit te reik;

5. enige eis te bestry of in te stel in enige hof van die Republiek van Suid-Afrika of enige ander land;

6. lenings aan te gaan.

Vestiging van eiendom, verbande, ensovoorts.
Alle vaste eiendom en/of saaklike regte wat daarmee in verband staan, verbande, hipoteke, notariële verbande en notariële aktes van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband word geregistreer in die naam van die Gemeenskaplike Kerkkantoor soos volg:

"Die Gemeenskaplike Kerkkantoor van die Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners)".
Die reg om met gemeenskaplike eiendom (roerend sowel as onroerend) van die Afrikaanse Protestantse kerke te handel, berus by die Gemeenskaplike Kerkkantoor kragtens besluit van die Sinode.

Alle eiendom, tans geregistreer in naam van die Raad van Kerkadministrasie, word geag gevestig te wees in die Gemeenskaplike Kerkkantoor.

Motivering
Volgens KO. Bylae 3:

is die GKK vir al die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik die regspersoon (punt 1.2).

1. Die doel van daardie regspersoon is om die gesamentlike eiendom van al die plaaslike kerke te besit, en beheer daaroor uit te oefen. (Hierdie feite word bloot gemeld om te bevestig dat die GKK 'n regspersoon is.)

2. Die kerkraad van elke plaaslike kerk is wel 'n regspersoon (Art. 32).

3. Die ringe en Sinodes is egter nie regspersone nie. Die kerkverband word deur die hof as vrye vereniging beskou, maar volgens regsadvies, kan die hof so 'n vrye vereniging dagvaar en beboet. Dit blyk uit die regsadvies dat 'n ring wel deeglik deur die hof beveel kan word om eise wat teen hom ingestel is, te betaal. Die hof kan selfs die lede van die ring ook persoonlik verplig om te betaal.

4. Dit bring die probleem na vore wie prakties by 'n ringsregsgeding aanspreeklikheid moet aanvaar vir die regskostes indien die kerkraad en ring in alles by die Kerkorde gehou het, maar die saak teen die ring uitgewys is. Dit kan bv. gebeur as gevolg van 'n reël van natuurlike geregtigheid wat onwetend nie nagekom is nie.

5. Die Kerkorde reël alle kerkregtelike aangeleenthede vir kerkrade en ringe. Indien daardie kerkregtelike beginsels korrek gevolg is, maar 'n saak word deur die hof teen die ring uitgewys, is dit 'n groot probleem vir die ring en die ringsgemeentes binne daardie ressort, wat nie oor die nodige fondse beskik nie.

Die Sinode:1999 het die volgende besluit geneem:

6. Die Sinode besluit dat die BRKA en FK die moontlikheid sal ondersoek en uitvoer om 'n polis vir regsaanspreeklikheid uit te neem om die RKA teen moontlike nadelige implikasies van besluite van meerdere vergaderings te beskerm (Handelinge 1999, pt. 3.13, bladsye 507 en 508).

Op die daaropvolgende Sinode (2001) is op bladsy 391 gerapporteer dat daar nie versekering teen *sulke gevalle* is nie en dat nalatigheid nie duidelik gedefinieer is nie. Op bladsy 462 is in punt 1.4 besluit om van die saak af te stap *aangesien daar nie versekering teen sulke gevalle is nie en nalatigheid nie duidelik gedefinieer is nie.*

Indien daar wel vandag sodanige polis uitgeneem kan word, sal dit 'n groot probleem oplos.
Wat die Ring van Derby met hierdie beskrywingspunt vra, is dat die GKK finansieel verantwoordelikheid neem en daarvoor begroot.

Die kwessie van nalatigheid hoef geen probleem te wees nie. Indien die GKK in 'n konkrete geval nalatigheid by of 'n ouderlingraad/kerkraad, of die ring vermoed, kan die KKS alle stukke van die ouderlingraad/kerkraad, ring en van die hof bestudeer om die nalatigheid konkreet aan te toon.

Nalatigheid is in hierdie beskrywingspunt gedek deur die woorde *in alle opsigte ooreenkomstig die Kerkorde opgetree en sy besluite geneem het.* Dit sal die maatstaf vir die KKS wees. Indien bevind word dat die ouderlingraad/kerkraad of ring nie in alle opsigte volgens die Kerkorde gehandel het nie, is die GKK nie verantwoordelik vir die regskostes nie.

7. Enige ring loop die risiko dat daar in 'n hofsaak teen hom uitspraak gegee kan word. Geen ring besit opgehoopte fondse wat dit enigsins kan dra nie. Daarom is dit net billik dat die kerke in kerkverband mekaar deur middel van die GKK daarin sal bystaan.

AANBEVELINGS

5.1.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.1.2 Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

5.1.3 Die Sinode besluit dat indien 'n kerkraad as regspersoon in 'n regsgeding betrokke raak, moet die GKK deur die betrokke kerkraad as adviseur genader word.

5.1.4 Motivering
Die Sinode moet hom vergewis van:

1. Die ontstaan en funksie van die ring en

2. probleme wat ervaar word.

3. Daar bestaan slegs twee regspersone in die AP kerkverband, naamlik die kerkraad en die GKK.

Na die verhaal volgens Lukas in Handelinge het kerkverband sy ontstaan in die eerste plek weens spanning wat ontwikkel het tussen persone en groepe. Daar was ’n verskil oor die besnydenis, dit lei tot verskil van mening tussen die gemeente in Jerusalem en die gemeente in Antiochië. Die vergadering in Jerusalem (wat deur sommige verklaarders as die eerste Sinode beskou word) is gehou om die saak te besleg (Hand 15) (Kleynhans EPJ: 3, bladsye 45,46; Jansen J, 134). Ten grondslag lê die beginsel van: *twee koppe is beter as een.*

Karakteristiek van die Ring in die Afrikaanse Protestantse kerkverband is:

1. Dit is ’n vergadering, nie ’n liggaam nie;

2. Daarom kan dit nie ’n regspersoon wees nie (algemene reg);

3. Dit gee advies en hulp aan kerkrade (KO Art. 37.2); omdat dit ’n vergadering van verteenwoordigers van *meer* (as een) kerkraad is verleen dit groter onpartydigheid en insig;

4. Dit oefen opsig en tug uit oor ampsdraers in sy ressort (KO Art. 37.6). Tegnies en regskundig tree die kerklike vergaderinge lomp en onbeholpe op, omdat selfs die lede van die KKS nie juriste is nie. Die vraag onstaan: moet hulle dit wees?

Die Bybel deur die apostel Paulus gee in 1 Kor. 6:4 ’n baie belangrike riglyn. *As julle dan alledaagse regsake het, moet julle dié persone daaroor laat sit wat in die gemeente die minste geag word.* Geloof en opregtheid is van groter belang as kennis.

’n Persoon wat onvoorwaardelik die leiding van die Heilige Gees aanvaar en daarvolgens oordeel, is belangriker as *menslike* onpartydigheid.
Die praktyk wys weer die volgende uit:

1. mense *onder leiding van die Heilige Gees* tree **nie** onpartydig op **nie;**

2. *Gelowiges* onderwerp hulle nie aan die besluite van kerklike vergaderings nie; en *Gelowiges* voer ook nie 1 Kor. 6:4 uit nie, omdat die leiding waarna in 1 verwys word, betwyfel word.

5.2 Ring van Derby: Wysiging van KO Art. 10

Die Sinode besluit dat Artikel 10 van die Kerkorde so gewysig word dat die volgende woorde in die bestaande 10.2 aan die einde bygevoeg word: Die Kuratorium moet by die beroepbaarstelling van al die gemelde persone toesien dat elkeen die legitimasie-akte onderteken. Die Kuratorium besorg ’n ondertekende eksemplaar daarvan aan die Sentrale Argief.

Voorgestelde Redaksie: Die Sinode stel ’n Kuratorium aan wat belange in verband met opleiding (Art. 10.1), *Colloquium Doctum* en toekenning van status aan proponente, aan manlike lidmate wat voorheen die amp van bedienaar van die Woord beklee het (vgl. Art. 59.3.3), en aan predikante wat die status van bedienaar van die Woord in ander Gereformeerde kerkverbande het en lidmaatskap in ’n AP Kerk wil verkry, behartig. Die Kuratorium moet by die beroepbaarstelling van al die gemelde persone toesien dat elkeen die legitimasie-akte onderteken. Die Kuratorium besorg ’n ondertekende eksemplaar daarvan aan die Sentrale Argief.

Motivering
1. Tans word net in Art. 14.2 gemeld dat die persoon wat as bedienaar bevestig word, sy akte van legitimasie by sy beroepende gemeente moet inlewer. Terwyl daar weinig kontrole deur die ring oor hierdie formele sake plaasvind wanneer ’n predikant bevestig word, kan die saak maklik agterweë bly en by voorkomende probleme later, kom die predikant nie daarmee na vore nie, besit die ouderlingraad dit nie, en is dit ook nie in die Argief beskikbaar nie.

2. Dis ’n groot leemte by ons dat geen predikant van die ring by die bevestiging van predikante eers teenwoordig is om te vergewis dat Arts. 14.1 en 14.2 toegepas word nie.

3. Die legitimasie-akte raak die ondertekenaar daarvan in twee uiters belangrike kerkregtelike opsigte: Hy verbind hom tot die suiwere leer van die Skrif wat in die Drie Formuliere van Eenheid saamgevat is, en onderwerp hom aan die kerklike tug indien hy hom misgaan.

4. Hierdie akte is noodsaaklik vir die gesonde funksionering van die leraarsamp in die kerkverband. Sou iemand wat binne die AP kerkverband beroepbaar gestel word, en in ’n gemeente bevestig word, per abuis nooit die Akte onderteken het nie, of dit nooit by die kerkraad ingelewer het nie, het die ouderlingraad en die ring by moontlike voorkomende situasies ernstige probleme.

5. Indien ’n ondertekende eksemplaar van die Akte in die Sentrale Argief bewaar word, is dit toeganklik vir ’n ouderlingraad en ring wanneer dit nodig mag word om dit te gebruik.

AANBEVELINGS

5.2.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.2.2 Die Sinode keur die Beskrywingspunt goed.

5.3 Ring van Morgenzon: Ringswerksaamhede/-verantwoordelikhede by ontvangs van leraar

Die Sinode besluit dat die volgende prosedure by die ontvangs van ’n leraar in ’n bepaalde gemeente in ’n ring gevolg sal word met implementering so spoedig as moontlik:

Plaaslike gemeentes wat ’n leraar ontvang, nooi al die ringsgemeentes, sowel as ’n amptelike verteenwoordiger van die ringskommissie (kan deur die ringskommissie aangewys word) uit na die ontvangs en bevestiging van hulle nuwe leraar.

Plaaslike gemeentes se afgevaardigdes by die geleentheid kry geleentheid om ’n verwelkomingswoord en groeteboodskap namens hulle gemeente aan die nuwe leraar en die betrokke gemeente oor te dra.

Die verteenwoordiger van die ringskommissie ontmoet die kerkraad wat ’n leraar ontvang vooraf om die volgende kontrole te doen:

1. Navraag in verband met die beroepsvergadering, die afkondigings ter approbasie, skriftelike kennisgewing aan die beroepe leraar (wat die beroepsbrief insluit), of daar besware teen die prosedure ingedien is.

2. Navraag in verband met die aanvaarding van die beroepsbrief (inhoudelik) deur die leraar.

3. Navraag in verband met die skriftelike antwoord wat deur die leraar op die beroep uitgebring is en of die legitimasie-akte/akte van demissie (soos toepaslik) en attestate vir die leraar se gesin (soos toepaslik) ontvang/ingedien is.

Aan die begin van die geleentheid ter ontvangs en bevestiging word die nuwe leraar eers as lidmaat van die gemeente verwelkom deur die aflees van die legitimasie-akte/akte van demissie (soos toepaslik) en die tersaaklike attestate. Daarna vind die bevestigingsdiens met die hantering van die betrokke formulier plaas.

Motivering

1. Dikwels is die ring se enigste bydrae tot ’n gemeente se welsyn die optrede in geval van appèlle wat ingedien word teen kerkraads-/ouderlingraadsbesluite.

2. Met hierdie voorgestelde prosedure word ons in ringsverband meer by mekaar betrek.

3. Deur die hantering van die voorgestelde prosedure word seker gemaak dat aan die vereistes wat in die Kerkorde gestel word, voldoen word.

Hierby aangeheg is ’n voorbeeld van hoe so ’n “kontrole-vorm” kan lyk.

Ring van _____

KONTROLE BY ONTVANGS VAN_____

TE AP KERK_____

Beroeping: Wettige beroepsvergadering (regte prosedure gevolg)	JA/NEE
Nodige afkondigings ter approbasie	JA/NEE
Skriftelike kennisgewing aan beroepe leraar	JA/NEE
Enige besware aangeteken teen prosedure	JA/NEE
Beroepsbrief (inhoudelike): aanvaar deur beroepe leraar	JA/NEE
Antwoord: Skriftelike aanvaarding deur beroepe leraar	JA/NEE
Toepaslike akte (legitimasie/demissie) ingelewer	JA/NEE
Attestate van gesin (indien van toepassing) ingelewer	JA/NEE

Kontrole gedoen op (datum)_____

deur_____ Namens die Ringskommissie

van die Ring van _____

Handtekening: _____

AANBEVELINGS

5.3.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is.

5.3.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

5.3.3 Motivering

Dit kan ’n baie sinvolle besluit wees, die ring moet dit dalk net beter gaan deurdink. Baie van die sake wat gestel word val onder die verantwoordelikhede van die skriba van die ring (sien verslag van die KKS). Die beroepe predikant hoef nie anders as deur die beroepsbrief skriftelik in kennis gestel te word van die beroep nie. Ook het punt 2 niks met die ring te doen nie, dit is ’n privaat aangeleentheid tussen die predikant en die kerkraad wat die beroep uitgebring het. Dit is goed dat die ring kennis neem of daar enige besware teen die prosedure ingedien is, maar sal dit nie op hierdie staduim, net voor die predikant bevestig moet word nie, te laat wees om iets daaraan te doen as dit nie reg hanteer is nie?

5.4 Ring van Outjo: Wysiging van KO. Art. 3

Die Sinode gee opdrag aan die KKS om ’n dringende ondersoek te doen met aanbeveling aan die Sinode oor die moontlike wysiging van die formulering van Artikel 3, sonder verlies van die beginsels wat geld vir lidmaatskap.

Motivering
1. Die Sinode neem kennis dat die AP Kerke in Namibië in ’n nimmereindigende stryd gewikkel is om werkspermitte vir die leraars in Namibië jaarliks te hernu.

2. Die Sinode neem kennis dat die soewereiniteit van die kerk in Namibië deur die regering van Namibië in die gedrang gebring word en dat die staat na redes soek om werkspermitte te weier en leraars te deporteer.

3. Die Sinode neem kennis dat Artikel 3 van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk strydig is met bepalings van die grondwet van Namibië.

AANBEVELINGS
5.4.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.4.2 Die beskrywingspunt se inhoud bring mee dat die KKS eers na ’n opdrag deur die Sinode die vereiste ondersoek sou kon doen, wat eers by die Sinode van 2010 sou kon dien. Om die saak wel by die Sinode van 2007 tot ’n beslissing te probeer bring, veral in belang van die gemeentes van Namibië, sal die KKS nou reeds aandag aan die ondersoek moet gee. Die beskrywingspunt voorsien nie in sy motivering die vereiste inligting vir so ’n ondersoek nie, en gevolglik word die volgende besluit deur die KKS gesuggereer:

5.4.3 Die Sinode besluit om die ring van Outjo te versoek om soveel inligting as moontlik te voorsien met betrekking tot die grondwet van Namibië in soverre dit op die probleem betrekking het, hoedanig die verhouding kerk/staat is, moontlike wysigings aan KO Art 3 deur die ring voorgestel, en moontlike voorstelle hoe werkspermitte suksesvol hanteer sou kon word. Die volgende opsies kan oorweeg word:

5.4.3.1 Die stigting van ’n AP Kerk Namibië, met ’n kerkorde wat artikel 3 wysig. Voortvloeiend hieruit ’n besluit van die Sinode oor ’n verbintenis met hierdie kerk en die nodige ooreenkomste.

5.4.3.2 Onderhandelinge deur ’n sinodale kommissie opgedra om met die regering van Namibië oor die verhouding kerk/staat uitsluitsel te verkry, veral met betrekking tot werkspermitte.

Die KKS sal tydens die Sinode ’n aparte verslag hiervoor indien.

5.5 Ring van Lichtenburg: Reisattestaat

Die Sinode besluit om die geldigheidstydperk van ’n reisattestaat soos onder punt 5 op bladsy 87 van die Kerkorde vermeld te wysig van 1 jaar na 2 jaar.

Motivering
Die sg. “Holiday visa” wat deur buitelandse ambassades aan ons uitgereik word en deur baie van ons kinders gebruik word, word vir ’n tydperk van 2 jaar uitgereik. Sommiges kom nie terug in die tydperk van 2 jaar nie en daar word addisionele administratiewe las op die jongmense geplaas as hulle na ’n jaar weer ’n skrywe na die kerkraad alhier moet rig. Die jonges laat dit maklik na en konfrontasie lei tot verandering van kerkverband.

AANBEVELINGS
5.5.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.5.2 Die beskrywingspunt word goedgekeur.

5.6 Ring van Lichtenburg: Appèlliggaam

Ter inligting die volgende:

1. Bouwman pleit vir ’n jaarlikse Sinode, juis ter wille van appèlsake wat nie so lank mag sloer nie. (Bouwman H. Dr. Gereformeerde Kerkrecht 11 bl. 202)

2. Regskundiges wys ons telkens daarop dat as ’n leraar deur ’n Ring skuldig bevind en geskors word, kan hy daarna by die Sinode appèl aanteken. As die ringsaak kort na ’n Sinode plaasvind, beteken dit; of ’n buitengewone Sinode of dit moet byna 3 jaar wag. Hierdie wagtyd is te lank, geen hof sal dit honoreer nie. Die eerste alternatief is al keuse – ’n buitengewone Sinode. Dit is baie duur.

3. Indien alle partye instem tot die wag vir byna 3 jaar, kan dit steeds koste implikasies hê. As die Sinode die broeder se appèl handhaaf, beteken dit dat die kerkraad hom 3 jaar se traktement moet uitbetaal.

4. ’n Appèlsaak is nie herverhoor nie, dit is ’n toetssaak.

5. Daarom die vraag – wat van ’n Appèlliggaam?

6. Die volgende motivering is toepaslik:

6.1 Die kerke in Holland en die Gereformeerde kerke het ’n Deputate van die Part. Sinode wat Klassisse help met sake rakende leraars; soos reiskoste,

traktement en ander soos skorsing. Dit word beskryf in artikels 11 en 12 van die Dordtse KO (Jansen Joh. ds. Korte verklaring van de Kerkorde bl. 53 ev. en Nauta D dr. Verklaring van de Kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland bl. 75 ev.).

6.2 Die reg van appèl/hogere beroep is van die begin van die Gereformeerde Kerke af gevestig.

6.3 Die AP kerkverband het nie ’n Part. Sinode nie. As ’n kommissie van die Sinode soos die KKS – die Ring sou help, sou dit implikasies vir appèl hê.

6.4 Die Appèlliggaam kan in die tydperk tussen Sinodes wel ’n leemte vul.

6.5 Aangesien Bouwman wys op die probleem dat ’n kommissie te veel mag kan kry is ’n appèlliggaam die aangewese weg om te volg (Bouwman H Dr. Gereformeerd Kerkrecht 11 bl. 214 ev.).

AANBEVELINGS

5.6.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik en word goedgekeur deur ’n appèlliggaam daar te stel.

5.6.2 Die liggaam mag nie te klein wees nie, minstens 13 lede.

5.6.3 Die liggaam moet bestaan uit:
a. Ouderlinge (3) deur die Sinode verkies.

b. Kerkregkundiges (4) lede van die Sinode deur die KKS aangewys.

c. ’n Regskundige (gewone reg) deur die Sinode aangewys.

d. ’n Arbeidsregkundige deur die Sinode aangewys.

e. Vier predikante, lede van die Sinode (’n Dogmatikus, ’n Ou Testamentikus en ’n Nuwe Testamentikus en ’n kundige in Praktiese Teologie).

f. Ten minste helfte van die lede moet by ’n opvolgende Sinode wissel.

5.6.4 Die Sinode gee volmag aan die Appèlliggaam om sake af te handel, maar met verslag aan die Sinode. Die Sinode het steeds die reg om die bevinding van die Appèlliggaam omver te werp.

5.6.5 Een of albei partye betrokke by ’n appèl kan weier dat die saak deur die Appèlliggaam hanteer word, met die onderneming dat enige addisionele koste wat daaruit voortspruit deur die betrokkene(s) gedra sal word. Indien die Sinode heelwat later plaasvind (sê 2 jaar) as wat die Appèlliggaam die saak sou kon hanteer, is daar geen reg op vergoeding vir die tydperk tussen die saak van die Appèlliggaam en die Sinode vir ’n appèllant indien die Sinode sy appèl handhaaf nie.

5.6.6 Motivering

1. Die Sinode is die vergadering waar die kerke in kerkverband saam besluit, asook die laaste instansie waarheen in hoër beroep gegaan kan word. Hierdie mag wil ons nie afwentel nie.

2. Indien die Sinode ’n Appèlliggaam goedkeur, kan dit wel spoedeisende appèlle, veral dié wat arbeidsverhoudinge raak, afhandel. Sou ’n party in die saak aandring op die reg op beroep op die Sinode, kan dit koste implikasies hê. Dit kan beteken dat ’n spesiale Sinode met die oog op die appèl byeengeroep moet word. Die party moet dan instaan vir die koste daarvan. Sou die appèllant aandring op sy reg op beroep op die Sinode, kan dit wees dat die Sinode sy appèl handhaaf. Hy het dan ’n saak uit te maak dat hy deur die kerk vergoed moet word vir die tyd wat hy “benadeel” is. Die Appèlliggaam is juis ’n poging om die saak vir beide partye so vinnig moontlik op te los. As hy nie daarvan gebruik wil maak nie, verbeur hy die moontlikheid vir die terugeis van vergoeding vir die tyd wat hy “benadeel” is.

5.7 Ring van Naboomspruit: Status van die NG Kerk

Die Sinode besluit om te besin oor die status wat die NG Kerk kragtens die AP Kerkorde geniet as erkende Gereformeerde Kerk (volgens KO Bylae 1 pt. 1.3 en 1.4 en Bylae 2 pt. 2).

Motivering

Daar is met diepe kommer kennis geneem van die feit dat die NG Kerk in die laaste jare op grond van sg. *nuwe Skriflig* toenemend ’n pad begin loop het waar sinodale besluite oor kardinale sake nie meer met die tradisionele gereformeerde standpunte te versoen is nie. Die volgende sake kan as voorbeelde genoem word:

1. Op die Algemene Sinode 1998 is besluit om kinders wat nog nie die openbare geloofsbelydenis afgelê het nie tot die nagmaal toe te laat.

2. Die Algemene Sinode 2002 het ’n verslag oor die Skrifgesag aanvaar waarin die gereformeerde Skrifbeskouing verruil is vir ’n Bybelkritiese Skrifbeskouing. Volgens Beeld (29 Julie 2006) het die Algemene Sinode met die verslag gekies *om die weg van openhartige kritiese debat oor geloof sake te volg.*

3. Verskeie streek-sinodes het hulle volledig met die Belydenis van Belhar vereenselwig. Dit, terwyl die Breë Moderatuur in 1986 verwys het na ’n onaan-

vaarbare horisontalistiese eksegese, eie die teologie van bevryding, in die Belhar Belydenis.

4. Op die Algemene Sinode 2002 word besluit dat die Sinode nie meer soos in 1986 kan sê dat homoseksualiteit in die lig van die Skrif 'n afwykende vorm van seksualiteit is en dat homoseksuele praktyke en 'n homoseksuele verhouding afgewys moet word as in stryd met die wil van God, soos in die Skrif geopenbaar nie.

5. 'n Leraar van die NG Kerk (Rant-en-Dal) lei lidmate in 'n seremonie waartydens hulle hulle doop "herdenk". Dit kom gevaarlik naby aan 'n wederdoop. Daar word nie teen die leraar opgetree nie.

6. Rituele vreemd aan die gereformeerde oortuigings, kom toenemend in die kerk na vore. Bv.
wydingsnagmaal
gebruik van kerse
dra van stola`s deur predikante
die maak van kruistekens op 'n dopeling se voorkop
koordanse in die kerk

7. Dosente wie se standpunte oor o.a. die maagdelike geboorte en liggaamlike opstanding van Christus onder verdenking is, word ongehinderd toegelaat om voornemende predikante op te lei.

In die lig van bogenoemde word gevra:
kan die NG Kerk dominees op ons kansels toegelaat word (Kerkorde Bylae 1, pt. 1.3 en 1.4)?

Kan NG Kerk lidmate sonder indringende gesprek oor o.a. bogenoemde sake in 'n AP Kerk opgeneem word (Kerkorde Bylae 2, pt. 2)?

AANBEVELING
5.7.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.

5.7.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

5.7.3 Motivering
1. Die beskrywingspunt maak geen aanbeveling van wat die Sinode moet besluit nie en vra slegs vir besinning.

2. Die beskrywingspunt vra vir besinning oor sake waaroor daar alreeds bestaande besluite is en die laaste twee vrae impliseer die wysiging van daardie besluite. Die Sinode het besluit dat beskrywingspunte net oor nuwe sake ingedien kan word (Handelinge 2004, bl. 369, pt. 31.2).

5.8 Ring van Lichtenburg: Wysiging van KO Bepaling 53A

Die Sinode besluit om die huidige Bepaling 53A van die kerkorde soos volg te wysig:

Huidige Redaksie:

'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur is nie, 'n ampsdraers, ouderlingraad, kerkraad, ring of ringskommissie in opdrag van die ring, moet by 'n ouderlingraad skriftelik 'n klag of klagtes teen belydende lidmate inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, met kennisgewing aan die aangeklaagde, wat 'n afskrif van die klag insluit.

Nuwe redaksie:

Enige ongesensureerde belydende lidmaat, 'n ampsdraer/s, ouderlingraad, kerkraad, ring of ringskommissie in opdrag van die ring, moet 'n klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat/e of ampsdraer/s inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe, by die ouderlingraad van die gemeente waarbinne die oortreding begaan is, met kennisgewing aan die aangeklaagde, wat 'n afskrif van die klag insluit. Hierdie ouderlingraad besluit op optrede. Indien dit 'n lidmaat/e of ampsdraer/s van 'n ander gemeente is kan daardie ouderlingraad gekonsulteer word en die saak verwys word vir afhandeling.

Motivering
1. Die plaaslike kerk is volledig kerk.

2. Die ouderlingraad is die regeerliggaam vir daardie gebied.

3. Enige tugwaardige gedrag of optrede moet deur hulle ondersoek word. As 'n RSA burger 'n verkeersoortreding in die VSA begaan word hy gevang en gevonnis in die VSA.

4. Die plaaslike ouderlingraad kan ook met die ouderlingraad waar die betrokke lidmaat is, oorleg pleeg en besluit dat dit wenslik is dat die saak deur daardie ouderlingraad ondersoek en afgehandel word. 'n RSA burger kan deur die VSA aan die RSA oorhandig word vir optrede.

AANBEVELING
5.8.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.8.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word goedgekeur.

5.9 Ring van Lichtenburg: Wysiging van KO Bepaling 53B

Die Sinode besluit om 'n nuwe bepaling 53B in te voeg wat soos volg lui:

Indien 'n ouderlingraad versuim, nalaat of weier om binne redelike tyd met 'n klag te handel, kan die klaer skriftelik om 'n verduideliking vir die vertraging vra. Indien hy nie 'n afdoende antwoord ontvang of

gepaste reaksie kry nie, kan hy sy saak skriftelik aan die ring deurgee. Die ring saam met die ouderlingraad moet dan besluit op optrede.

Motivering
1. Die ouderlingraad kan dalk nie oor genoeg kundigheid beskik om die saak te hanteer nie. Versuim kan goedertrou wees en die hulp van 'n naburige ouderlingraad kan die probleem oplos. Die ring kan die ouderlingraad lei om 'n naburige ouderlingraad se hulp in te roep, hulle kan selfs aanbeveel watter ouderlingraad die geskikste sal wees.

2. Die ouderlingraad kan ook kwaadwillig optree. In so 'n geval behoort al die kwaadwilliges elkeen afsonderlik aangekla te word en gehandel word volgens die res van die tugartikels.

3. Dit kan gebeur dat 'n klein gemeentetjie met 'n klein ouderlingraad almal skuldig bevind word en uit die diens ontset word. Voorts kan daar dalk nie ander ouderlinge gevind word nie. Die ring moet dan die lidmate lei om 'n wyk van 'n naburige AP Kerk te word. Indien daar 'n paar wyke is, kan dit ook gebeur dat die ring die verskillende wyke lei om 'n wyk(e) van meer as een naburige AP Kerk te word.

AANBEVELING
5.9.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.9.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

5.9.3 Motivering
Die beskrywingspunt wil verseker dat 'n klag nie om een of ander rede vertraag word deur 'n ouderlingraad, wat vanwee die aard van 'n klag eintlik verplig is om spoedeisend daarmee te handel. Die vraag is of die saak sonder meer deur die ring hanteer moet word, terwyl KO art. 31 voorsiening maak vir 'n beswaarskrif of appèl. Indien 'n ouderlingraad nie spoedeisend deur 'n besluit na aanleiding van skriftelike versoek deur 'n klaer reageer nie, waarvolgens 'n beswaarskrif of appèl ingedien kan word nie is daar die moontlikheid dat die ouderlingraad in sy geheel, individu vir individu beklaag kan word vir pligsversuim. So kan die saak wel by die ring uitkom.

5.10 Ring van Stellenbosch: Toestemming: Leraar van een van die susterskerke om sakramente te bedien

Die Sinode besluit dat 'n leraar van een van die susterkerke wat toestemming van die SKK ontvang het om die Woord in die AP Kerk (gemeente) te bedien, ook die sakramente mag bedien.

Motivering
Daar is heelwat gemeentes met 'n klein lidmaattal wat, na toestemming deur die SKK, van 'n afgetrede leraar uit van die susterkerke gebruik maak om die Woord te bedien. Hierdie leraars woon naby of binne die gemeentegrense en is maklik beskikbaar vir die bediening van die Woord in 'n AP Kerk. Wanneer die gemeente nagmaal wil hou, moet nou van elders 'n AP Kerk leraar bekom word vir die bediening van die nagmaal. Probleme word ondervind eerstens omdat 'n leraar van die AP Kerk nie altyd beskikbaar is nie en tweedens dat dit 'n groot finansiële koste vir 'n gemeente meebring.

'n Afgetrede leraar uit 'n susterkerk mag die Woord in die AP Kerk bedien, maar nie die sakramente nie. Wat is die rede daarvoor? Indien dit oor dwaling in die leer sou gaan, sou dit nie reeds by die Woordbediening kan gebeur nie? Indien dit om die liturgiese orde sou gaan, kan sodanige leraar hom vergewis van die wyse waarop die nagmaal in die AP Kerk bedien word alvorens hy die sakrament bedien.

Die susterkerke laat toe dat AP Kerk leraars die sakramente in hulle gemeentes bedien. AP Kerk leraars het al by verskeie geleenthede hulle kleinkinders in van die susterkerke gedoop. As hierdie kerke dit toelaat, waarom nie ons nie?

AANBEVELING
5.10.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel nie ontvanklik nie.

5.10.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

5.10.3 Motivering
Kerkorde Artikel 31 bepaal dat 'n beswaarskrif ingedien moet word by die betrokke vergadering wat 'n besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van 'n besluit. Met ander woorde indien 'n Ring 'n besluit wat by 'n vorige Sinodevergadering geneem is wil verander moet die ring 'n beswaarskrif opstel na die volgende Sinode en nie 'n beskrywingspunt nie.

5.11 Ring van Stellenbosch: Diakens op meerdere vergaderings

Die Sinode verleen sittingsreg aan diakens op meerdere vergaderings.

Motivering
Daar bestaan geen Skriftuurlike of prinsipiële beswaar teen die afvaardiging van 'n diaken na meerdere vergaderings nie.

Die Bybel spel nie alles vir ons uit nie. Oor sommige dinge swyg die Skrif en moet ons ons eie logiese afleidings maak. Die eerste "diakens" was deel van die Jerusalemse gemeente (Hand. 6:1-7) en hulle moes logies ook deel gewees het van die eerste

"meerdere" vergadering in Jerusalem (Hand. 15:1vv.).

Die organisasie van die vroeë gemeentes was nog nie so rigied en eenvormig soos sommige geleerdes wil voorgee nie. Inderdaad was daar geen vaste en eenderse vorm van organisasie nie. Elke gemeente het een of ander vorm van bediening en organisasie gehad en die bedieningspatroon het van gemeente tot gemeente verskil na gelang van omstandighede. (Vergelyk JJ Kritzinger. 'n Missionêre Bediening – opweg na strukture vir 'n jong kerk. Pretoria 1979, bl. 177-178.)

Daar was 'n verskil tussen die organisasie van die gemeentes uit die Jodendom en dié uit die heidendom. Die Joods-Christelike gemeentes het vanselfsprekend die organisasie van die Joodse sinagoges gevolg (vgl. bv. PH Muller, Ambt en Dienst: Een handreiking aan die hervormde ouderling, `s Gravenhage 1965, bl. 8; EPJ Kleynhans, Gereformeerde Kerkreg Deel II, Pretoria 1984, bl. 55), waar die oudstes in beheer was. Daarom staan die ouderlinge in hierdie gemeentes sterk op die voorgrond (vgl. Hand. 14:23; 15:22; 20:17; 21:18) en behartig die diens van die offergawes (Hand 6:1-6). Op die voetspoor van die OT en die Joodse oudstes (vgl. bv. Ex. 3:18; 1 Kon. 12:6-13) vorm die ouderlinge in hierdie gemeentes later 'n raad van ouderlinge uit wie uiteindelik die biskop en pous in die Roomse Kerk ontwikkel het. Die diakens daarenteen was 'n nuwe instelling in die heiden-Christelike gemeentes met geen parallel in die OT of die sinagoge nie.

In die werk van die ouderling en diaken gaan dit primêr om die "geestelike regering" van die gemeente, 'n regering wat deur die prediking van die Woord geskied. (H Bavinck, Gereformeerde Dogmatiek IV, Kampen 1930, bl. 371; C Trimp, Minsterium, een Introductie in de reformatorische leer van het ambt, Groningen 1982, bl. 109.) Dié prediking vra om onderrig, sakramentsbediening, tugoefening en barmhartigheidsbetoning en in al hierdie funksies kom die één regering van Christus tot sy reg. Dus, die diaken deel in beginsel in die regering van die gemeente, soos dit by implikasie in die bevestigingsformulier vir diakens vervat is dat hulle ook *met trooswoorde uit die Woord van God*, aan die armes en noodlydendes hulp moet verleen. So openbaar elkeen van die ampte iets van die profetiese, priesterlike en koninklike sy van Christus se werk op aarde. 'n Ouderling wie se opdrag alleen op die vlak van die dissipline van die kerk geleë is, het van die apostoliese tyd tot die ontstaan van die gereformeerde kerkorde nooit bestaan nie en rus op 'n "eksegetiese misverstand", skryf Boon (R Boon, Apostolichambt en reformatie, Nijkerk 1965, bl. 199).

Volgens sy belydenisgrondslag is die AP Kerk gegrond op die Bybel as God se Woord en is die leer wat bely word in ooreenstemming met Bybelse waarhede vervat in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op Dordt in 1618-1619 (Art. 1.2 KO 2002). Die Konfessies het nie die diens van barmhartigheid van die diens van die kerk geskei nie en die diakens ten volle tot die raad, wat Christus se gemeente bestuur en versorg, gereken. (K Dijk, De Dienst der Kerk, Kampen 1952, bl. 246.) Die Confessio Gallicana (1559) meld in Art. 29 dat diakens mede die bestuur, die regering die goewerment van die kerk vorm. Die Waldensiese Belydenis (1655) sien in Art. 31 die mag oor die kudde van Christus ook toevertrou aan die diakens. Die Confessio Belgica (die NGb 1561) glo in Art. 30 dat die ware kerk geregeer word deur herders, opsieners en diakens Die Sinode van Dordt (1574) het van dié beginsels, soos neergelê in die Nederlandse Geloofsbelydenis, afgewyk en op dié ingeslane weg voortgegaan.

Die Kerkordes, behalwe te Emden (1571), is opgestel volgens dié Genève wat aan die diakens geen plek in die kerkraad gee nie. Daar is egter geen rede om die beginselpunt van die Belydenisse te wysig om aan die Kerkorde te konformeer nie, want die Konfessies gee in lyn met die NT die suiwere vertolking van die waarheid. Die ampte is in wese één en die diens van barmhartigheid hoort by die amptelike sorg van die kudde van die Herder.

Die ampte is in wese één en word van mekaar onderskei slegs in hulle opdrag en funksie. Wanneer die diens van barmhartigheid ten volle 'n diens in en van die kerk is, en dié wat daarmee belas is volle deel uitmaak van die raad van die kerk, val die onderskeiding tussen kerkraad "met diakens" en "sonder diakens" tussen algemene en besonderhede aangeleenthede weg en moet die Kerkorde sodanig gewysig word in ooreenstemming met die Belydenis.

Hiermee word ook die probleem van diakens op meerdere vergaderings en die behandeling van barmhartigheidsaangeleenthede in rings- en sinodalevergaderinge opgelos. Dit is gemeentes wat in die breër verband vergader is en al word hulle deur aangewese afgevaardigdes verteenwoordig, bly die gemeentes self samestellende eenhede. Dit staan 'n gemeente dus vry om haar in die meerdere vergadering deur enige ampsdraer of gewone lidmaat te laat verteenwoordig!

Naas die werk wat deur die besondere ampsdraers verrig word, het elke gemeentelid die roeping om sy/haar gawes en kragte tot nut en saligheid van medegelowiges aan te wend. Dit geld ook die kerkregering. Daarom aarsel Voetius nie om lidmate bepaalde mag toe te ken nie: die mag om te leer, te regeer en die regspraak te beoefen.

AANBEVELINGS

5.11.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.

5.11.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

5.11.3 Motivering
1. Die beskrywingspunt vra vir die wysiging van ’n bestaande besluit, terwyl die Sinode besluit het dat beskrywingspunte net oor nuwe sake ingedien kan word (Handelinge 2004, bl. 369 pt. 31.2).

2. In die Sakelys van 1999 bl. 29-40 is daar ’n duidelike motivering gegee waarom die diaken nie op meerdere vergaderings met keurstem kan dien nie.

3. Hierdie besluit is geneem op grond van die Woord van God en die gereformeerde kerkleer. Enige wysiging van hierdie besluit moet geskied by wyse van ’n beswaarskrif volgens die vereistes van Kerkorde Artikel 31.

5.12 Ring van Klerksdorp: Outomatiese losmaak van ’n lidmaat

Die Sinode besluit:

Dat enige lidmaat wat op watter wyse ookal die Heilige Woord van God of die Drie Formuliere van Eenheid misken hom/haar outomaties van die Afrikaanse Protestantse Kerk losmaak. Die besluitneming hieroor berus by die kerkbestuur.

Motivering
Dit blyk dat veral teoloë in ander gereformeerde kerke openlik standpunte inneem wat in stryd is met God se Woord, byvoorbeeld die loëning van Jesus Christus se opstanding uit die dood (1 Kor. 15:17). Aangesien die kerkordes van kerke die toetsing van wêreldlike howe nie deurstaan nie, verloor die kerk meestal sy saak.

Die Afrikaanse Protestantse Kerk kan nie bekostig om dieselfde pad te loop van ander gereformeerde kerke waar dwaalleringe aan die orde van die dag is nie!

Ons huidige kerkorde maak nie voorsiening om onmiddelik op te tree teen lidmate wat willens en wetens teen die leer van die kerk oortree nie – hulle beroep hulle op vaaghede soos byvoorbeeld dat die bedoeling “metafories” is, en kom daarmee weg.

Ons staan by die gereformeerde oortuiging:

1. dat die Here sy Kerk deur sy Woord en Gees regeer. Wanneer die gesag van die Woord ondermyn word, word die gesag van Christus ondermyn (NGb Art. 29-32). So word Hy al meer uit sy Kerk verdring totdat Hy uiteindelik buite staan en klop (Openbaring 3:20);

2. dat die Drie Formuliere van Eenheid die Skrif suiwer vertolk. Dit volg dus logies dat, wanneer gereformeerde kerke aan hulle belydenis ontrou word, hulle ook ontrou word aan die Woord van God en daarom aan God self (1 Thes. 2:13).

Artikel 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis: Intussen glo ons, alhoewel dit nuttig en goed is dat die regeerders van die Kerk onder mekaar ’n sekere orde instel tot instandhouding van die Liggaam van die kerk, dat hulle nogtans wel op hulle hoede moet wees om nie af te wyk van wat Christus ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. En daarom verwerp ons menslike vindinge en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien om daardeur, hoe ook al, die gewetens te bind en te dwing. So neem ons dan alleen aan wat kan dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar, en almal in gehoorsaamheid aan God te hou. Daartoe word vereis die ekskommunikasie of die ban, wat toegepas word volgens die Woord van God, en alles wat daarmee saamhang (1 Kor. 7:57, Kol. 2:6 & 7, Mt. 15:9, Jes. 29:13, Gal. 5:1, Rom. 16:17-18, Mt. 18:17, 1 Kor. 5:5, 1 Tim. 1:20, 1 Tim. 6 en 2 Tim. 2).

AANBEVELING
5.12.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.12.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

5.12.3 Motivering
Die beskrywingspunt handhaaf nie en ignoreer in werklikheid die aanvaarde en Skrifgebonde, sowel as Belydenisgebonde weg van opsig en tug deur behoorlike pastorale aandag en beklaging met handelwyse ooreenkomstig die tugartikels. Welke “kerkbestuur” deur die beskrywingspunt bedoel word, is nie duidelik nie en die handhawing van die gereformeerde kerkregering maak hoegenaamd geen voorsiening vir ’n handelswyse soos deur die beskrywingspunt vereis nie.

5.13 Ring van Dendron: Wysiging van Ordereël 19 van die Ordereëls vir Kerklike Vergaderings

Die Sinode besluit om ordereël 19 van die Ordereëls vir Kerklike Vergaderings soos volg te wysig:

Ou Redaksie:
’n Vergadering moet sy besluit(e) met volstrekte meerderheidstem van die aanwesige lede neem.

Nuwe Redaksie:

Motivering
1. Aangesien daar verwarring kan ontstaan met die term “volstrekte meerderheidstem” veral by die stemming waar onewe getalle ter sprake is, word die volgende verduideliking van Bouwman as die logiese gehandhaaf:

"Die meerderheid word gevormd bij een even getal door de helft plus een, bij een oneven getal door een halve te tellen bij die helft. Zoo is de helft van 33: 16½. Dit getal vermeerderd met ½ geeft 17 voor de volstrekt meerderheid van 33" (*Gereformeerd Kerkrecht 1, 1970).*

2. "Meer as die helfte" impliseer dat die grootste deel van die vergadering vir die betrokke saak of persoon gestem het. In 'n onewe getal van bv. 33 is 17 dan die minste stemme wat nodig is om die grootste deel van die vergadering se gewig agter die saak/persoon te plaas.

AANBEVELINGS

5.13.1 'n Vergadering moet sy besluit(e) met volstrekte meerderheidstem van die aanwesige lede neem. *Met volstrekte meerderheidstem word bedoel die minste aantal stemme wat nodig is om meer as die helfte van die aantal stemgeregtigdes te verteenwoordig.*

5.13.2 Die Sinode besluit dat hierdie interpretasie van "volstrekte meerderheid", tesame met die verduideliking in "motivering" hierbo, is van toepassing op alle artikels van die kerkorde waar daar verwys word na "volstrekte meerderheid".

5.14 Ring van Ermelo: Tydperk van die Skriba van die Ring en Ringskommissie

Die Sinode besluit dat die Skriba van die Ring van Ermelo en die Ringskommissie Skriba vir meer as een jaar in die pos sal dien, ten minste vir 'n tydperk van 3 tot 5 jaar.

Motivering

1. Artikel 37D van die Kerkorde bepaal dat daar 'n skriba verkies word met volstrekte meerderheid van stemme.

2. Nêrens bepaal die Kerkorde dat dit nie slegs vir een jaar is nie. Slegs die voorsitter mag volgens Artikel 37I net twee maal na mekaar voorsitter wees. Dus mag 'n skriba meer male as skriba verkies word. Volgens die Kerkorde artikels vervul die skriba 'n baie belangrike rol in die uitvoering van verskillende take. Indien die take nie noukeurig uitgevoer word nie, kan die Ring se werksaamhede nie suksesvol wees nie.

3. As gevolg van die omvang van take en werksaamhede wat baie keer meer as een jaar duur om afgehandel te word, vind 'n nuwe skriba dit baie moeilik en selfs onmoontlik om alles op te tel en uit te voer as hy net vir een jaar verkies is. Dit gaan dus om kontinuïteit.

4. Indien 'n skriba vir 3 tot 5 jaar skriba kan wees, kan alles ordelik en noukeurig uitgevoer word en kan sake op datum bly.

5. Die verlede het die skade aangetoon waar 'n skriba nie sy pligte uitgevoer het nie.

6. Daarom moet 'n skriba ook nie lukraak verkies word nie.

7. Indien die broeder nie meer op die kerkraad dien nie aangesien sy dienstydperk verstryk het, kan die Ring dit so goedkeur dat hy aanbly as skriba sonder stemreg maar wel met spreekstem. Hy teken ook 'n klousule van vertroulikheid.

AANBEVELINGS

5.14.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.14.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

5.14.3 Motivering

1. Hierdie beskrywingspunt hoort nie op die tafel van die Sinode nie. Die kerkregtelike beginsel dat sake wat op 'n mindere vergadering afgehandel kan word, nie op 'n meerdere vergadering mag dien nie, geld in hierdie geval. Die Sinode neem nie 'n besluit wat net vir die Ring van Ermelo geld nie.

2. Hierdie beskrywingspunt sou in elk geval nie aanvaar kon word nie want dit is nie in lyn met kerkregtelike beginsels nie. Hierdie ringsvergadering kan nie vir die volgende vergadering besluit wie hulle skriba moet wees nie. Elke ringsvergadering moet hulle eie voorsitter, ondervoorsitter en skriba verkies.

3. Sien verslag van KKS in verband met riglyne vir 'n skriba en ringskriba.

5.15 Ring van Brandfort: Wysiging van KO Art. 14, Bepaling 14F 1.3

Die Sinode besluit dat Kerkorde Bepaling 14F 1.3 soos volg gewysig word:

Huidige Redaksie:

14F 1 'n Predikant is geregtig op:
14F 1.3 langverlof van tien dae per jaar wat verkieslik eers na drie jaar in 'n gemeente geneem kan word; langverlof kan slegs met toestemming van die kerkraad tot meer as 30 dae oploop.

Voorgestelde Redaksie:
14F 1 'n Predikant is geregtig op:
14F 1.3 langverlof van tien dae per jaar wat eers na drie jaar in 'n gemeente geneem kan word; langverlof kan slegs met toestemming van die kerkraad tot meer as 30 dae oploop.

Motivering

1. Die woord "verkieslik" gee aan 'n leraar die reg om reeds in die eerste jaar van sy bediening op langver-

lof aanspraak te maak of ’n uitbetaling daarvan van sy kerkraad te vra.

2. Die woord “verkieslik” word in die arbeidshof anders vertolk as wat die bedoeling van die Kerkorde is.

3. Kerkrade het al verliese gelei daaroor want leraars wat nie 3 jaar in ’n gemeente dien nie het al uitbetalings daarvoor ontvang.

4. Wanneer ’n leraar wat minder as 3 jaar in ’n gemeente dien ’n beroep aanneem, kan hy op langverlof aanspraak maak en dit is dan tot nadeel van die nuwe gemeente wat baie langer moet wag vir sy bevestiging en diensaanvaarding.

5. Arbeidskonsultante bevestig dat die kerkraad wat op die letter van Bep. 14F 1.3 staan, ’n slegte saak het.

AANBEVELINGS

5.15.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.15.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

5.15.3 Die Sinode keur die volgende wysiging goed:

Artikel 14F 1.3

Langverlof van 30 dae wat geneem word aan die einde van elke 3de jaar wat die leraar in die bediening staan.

Artikel 14F 2

’n Predikant behoort sy vakansie- en langverlof pro rata te neem voordat hy demissie ontvang. ’n Kerkraad kan besluit om of ongebruikte vakansie- en langverlof toe te staan, of die verlof uit te betaal. Langverlof wat pro rata geneem of uitbetaal is, word dan afgetrek van die volgende 30 dae langverlof waarop die leraar geregtig is.

5.15.4 Motivering

Die begrip “langverlof”, indien geneem op sy sigwaarde en voor die hand liggende betekenis, is ’n bonusverlof wat toegestaan word na ’n “lang” tydperk van diens, onderskeie en naas die gewone jaarlikse verlof. Talle vertolkings en adviese oor die betrokke bepaling, veral die begrip “verkieslik” moes oor die jare voorsien word. Sover vasgestel kon word het ander kerke en sekulêre instansies nie so ’n begrip in hulle verlofbepalings nie. Indien dit so is, volgens huidige staande vertolking van die bepaling, dat ’n leraar na ’n jaar diens nog 10 dae “langverlof” geregtig is, is die logiese vraag waarom dit nie in sy jaarlikse verloftydperk ingesluit word nie? Dit is boonop nie in ooreenstemming met die gangbare verstaan van langverlof in enige ander instansie nie. Dit verbaas dus nie, dat ’n arbeidshof die vertolking nie aanvaar het nie. Die voorstel van die KKS as reaksie op hierdie beskrywingspunt sal beslis meer duidelikheid en rustigheid by kerkrade bring.

5.16 Ring van Clanwilliam: Afrikaans Protestant Church in England and Wales

Die Sinode neem kennis dat die voormalige wyk van die AP Kerk Namakwaland in Engeland en Wallis afgestig het as die Afrikaanse Protestantse Kerk Engeland/Wallis en nou deel vorm van die AP kerkverband net soos enige ander gemeente.

Die Sinode neem kennis dat die AP Kerk Engeland/Wallis ten einde te kon afstig as selfstandige gemeente, volgens die heersende (vigerende) relevante wette ten opsigte van kerkregistrasie, in Groot Brittanje geregistreer het as ’n maatskappy met die naam “Afrikaans Protestant Church in England and Wales”.

Die Sinode besluit dat die “Afrikaans Protestant Church in England and Wales” die Kerkorde mag byvoeg as ’n bylae tot die grondwet van die maatskappy soos deur die relevante wette in Groot Brittanje vereis.

Die Sinode handhaaf die gereformeerde kerkbegrip en beskou die kerk nie as ’n maatskappy nie, alhoewel daar volgens die relevante wette as maatskappy geregistreer moes word ten einde ’n selfstandige kerk te kon wees.

Die Sinode besluit om aan die Publikasiekommissie opdrag te gee om die nuwe Kerkorde in Engels te vertaal.

AANBEVELINGS

5.16.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.16.2 Die Sinode neem kennis dat die voormalige wyk van die AP Kerk Namakwaland in Engeland en Wallis afgestig het as die Afrikaanse Protestantse Kerk Engeland/Wallis en nou deel vorm van die AP kerkverband net soos enige ander gemeente.

5.16.3 Die Sinode neem kennis dat die AP Kerk Engeland/Wallis ten einde te kon afstig as selfstandige gemeente, volgens die heersende (vigerende) relevante wette ten opsigte van kerkregistrasie, in Groot Brittanje geregistreer het as ’n maatskappy met die naam “Afrikaans Protestant Church in England and Wales”.

5.16.4 Die Sinode besluit dat die "Afrikaans Protestant Church in England and Wales" die Kerkorde mag byvoeg as 'n bylae tot die grondwet van die maatskappy soos deur die relevante wette in Groot Brittanje vereis.

5.16.5 Die Sinode handhaaf die gereformeerde kerkbegrip en beskou die kerk nie as 'n maatskappy nie, alhoewel daar volgens die relevante wette as maatskappy geregistreer moes word ten einde 'n selfstandige kerk te kon wees.

5.16.6 Die Sinode besluit om aan die Publikasiekommissie opdrag te gee om die nuwe Kerkorde in Engels te vertaal.

5.17 Ring van Germiston: Verhouding tussen die AP kerkverband en die NG kerkverband

Die Sinode hersien Bylae 1 en 2 van die Kerkorde sodanig dat:

'n dienende of geëmeriteerde leraar van die NG kerkverband nie 'n erediens in 'n AP Kerk kan lei tensy hy hom tot bevrediging van die ouderlingraad en die SKK/Kuratoruim openlik en duidelik téén hierdie verskuiwings en vir die suiwer gereformeerde leer uitgespreek het nie.

'n Persoon uit die NG kerkverband net in 'n AP Kerk opgeneem kan word nadat 'n ernstige gesprek oor leerdwalings in die NG kerkverband tot bevrediging van die ouderlingraad gevoer is.

Motivering
Die Ring van Germiston oordeel dat die NG kerkverband het die afgelope jare toenemend 'n pad begin loop wat hom al verder van die gereformeerde belydenis af geneem het. Enkele voorbeelde kan as motivering van dié stelling dien:

Skrifbeskouing: Op die Algemene Sinode (AS) 2002 is 'n verslag oor Skrifgesag aanvaar waarin die AS duidelik die gereformeerde Skrifbeskouing soos o.a. in die NGb Art. 2-7 verwoord, vir 'n Bybelkritiese Skrifbeskouing verruil het. Tot in 1978 het die AS geen verslag of studiestuk opgestel om die gesag van die Skrif te verduidelik nie. Die Sinode het kragtens sy Kerkorde instemming betuig met die Skrifbeskouing soos verwoord in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 2-7. Daarin word o.a. bely: *Al hierdie boeke alleen neem ons aan as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te reël, daarop te grond en daarmee te bevestig. En ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie juis omdat die kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is; en omdat hulle ook die bewys daarvan in hulself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is.* In 2002 kan die AS dit blykbaar nie meer ongekwalifiseerd sê nie. In 'n verslag oor die gesag van die Skrif word nou gesê dat die Bybel *klaarblyklik* ... geen aanspraak maak op historiese eksaktheid nie. Sekere voorbeelde van historiese foute in die Bybel word genoem en dan bygevoeg dat hierdie voorbeelde *eindeloos vermeerder (kan) word.* Die AP kerkverband as gereformeerde kerk kan nie vrede daarmee hê dat die Bybel op dié wyse aan die menslike rede onderwerp en vol foute bevind word nie.

Kindernagmaal: Die Algemene Sinode 1998 het besluit om kinders, wat nog nie in die openbaar belydenis van hulle geloof afgelê het nie, tot die nagmaal toe te laat. Hierdie besluit is gebaseer op 'n skrifverklaring wat vreemd is aan die gereformeerde hermeneutiek. Met hierdie besluit het die NG Kerk duidelik die gereformeerde pad verlaat. Die gereformeerde kerke het deur die eeue heen nog altyd gesê wie nagmaal wil gebruik moet eers in die waarhede van die Christelike geloof onderrig word en openlik hulle geloof bely. 'n Klein kindjie kan nie aan die vereiste van 1 Kor. 11:28-31 voldoen nie. Die groot hervormer Johannes Calvyn het in dié verband gesê: *wil ons iets duideliker hê as wat die apostel leer wanneer hy ons vermaan dat elkeen homself moet ondersoek en beproef, en dat hy dan van die brood moet eet en uit die beker moet drink?* Die ondersoek behoort dus daaraan vooraf te gaan, en dit is iets wat tevergeefs van kinders verwag word. Net so: *Wie op onwaardige wyse eet, eet en drink tot sy veroordeling omdat hy nie die liggaam van die Here onderskei nie.* As slegs diegene wat weet hoe om die heiligheid van die liggaam van Christus na behore te onderskei, in staat is om op waardige wyse daarvan te eet, waarom sou ons dan vir ons teer kindertjies gif aanbied as lewendmakende voedsel? (Institusie soos vertaal deur HW Simpson, Boek 4, pp. 1666-1667.)

Homoseksualiteit: in 1986 het die AS besluit dat homoseksualiteit in die lig van die Skrif 'n afwykende vorm van seksualiteit is en dat homoseksuele praktyke en 'n homoseksuele verhouding afgewys moet word as in stryd met die wil van God, soos in die Heilige Skrif geopenbaar (Handelinge 1986:672). In 2002 besluit die Sinode dat hy hom nie langer met die standpunt van 1986 kan vereenselwig nie. Daar moet nou weer 'n studie oor homoseksualiteit gedoen word. Dit kan dus gebeur dat die AS op sy volgende vergadering homoseksualiteit gaan aanvaar as 'n wettige alternatiewe seksuele oriëntasie.

Belydenis van Belhar: die aandrang om die Belydenis van Belhar (BB) as vierde belydenisskrif van 'n verenigde NG Kerkfamilie te aanvaar, is baie groot. Sekere streeksinodes van die NG Kerk (bv. Suid-Transvaal in 2001) het alreeds verklaar dat hulle hulle met die inhoud van BB kan vereenselwig. Wan-

neer bepaalde studiestukke oor BB aantoon dat BB se Skrifhantering bedenklik is en dat dit gevaarlike ooreenkomste met die bevrydingsteologie het, laat dit rooi ligte flikker. Selfs die Breë Moderatuur van die NG Kerk het in 1986 verwys na *'n onaanvaarbare horisontalistiese eksegese eie aan die teologie van bevryding* in BB. Die Godsbegrip soos dit in BB na vore kom, is ook onder verdenking.

Bv. Danzfuss, T 1998, Belhar-bely of bestry? Hatfield: Veritas Publikasies. Mabasa, MJ 1996. A theological evaluation of the Belhar Confession. MA-verhandeling, Bloemfontein.

Vreemde rituele: Rituele vreemd aan die gereformeerde oortuigings en tradisies kom toenemende in die NG kerkverband na vore. Om enkeles te noem:

'n Sogenaamde wydingsnagmaal is goedgekeur waar elke lidmaat op sy/haar eie tyd (en sonder amptelike Woordverkondiging) nagmaal kan gebruik.

Roomsagtige rituele soos bv. die gebruik van kerse, dra van stolas deur predikante, die maak van die kruisteken op 'n dopeling se voorkop, ensovoorts.

Lidmate van die NG Kerk Rant-en-Dal neem o.l.v. hulle dominee aan 'n seremonie deel waartydens hulle hulle doop "herdenk". Hierdie seremonie beweeg ook op die grens van wederdoop. Behalwe 'n paar afkeurende opmerkings word glad nie teen die leraar opgetree nie.

Beweerde dwalings van teologiese dosente: 'n Student aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria het opslae gemaak toe hy proff. Jurie le Roux, Julian Muller en Dirk Human van leerdwaling aangekla het. Hierdie dosente is na 'n ondersoek deur 'n kommissie van die Ring van Pretoria-Oos onskuldig bevind. Die kommissie het in sy uitspraak o.a. gesê *die hele saak staan in die spanning tussen die kerklike tradisie of 'ou, vaste waarhede' (wat die klaers verteenwoordig) en die kritiesteologiese geloofsverantwoording van Muller. Die besluite van die AS oor die gesag van die Bybel en die belydenisskrifte as historiese dokumente toon dat die AS gekies het om die weg van openhartige kritiese debat oor geloofsake te volg. Muller het volgens die kommissie binne die gees en letter van die Sinodebesluit gebly* (Beeld, 29 Julie 2006). En dit terwyl prof. Adrio König prof. Muller daarvan beskuldig het dat hy *nie ja antwoord op die eenvoudige vraag: Het Jesus liggaamlik opgestaan, dit beteken dat sy graf leeg was? nie* (Beeld). Met reg reken König dat Muller die geloofsgemeenskap 'n verduideliking skuld.

AANBEVELING

5.17.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.17.2 Die Sinode besluit punt 1 van die beskrywingspunt word nie aanvaar nie. (Sien verslag van die KKS: Opdragte van die Sinode oor Bylae 1 en 2 van die kerkorde). Punt 2 word nie aanvaar nie, want die vorige Sinode het die KKS en die KKCE opdrag gegee om die saak te ondersoek en maak in hulle verslae bepaalde aanbevelings. Sien verslag van KKS en KKCE.

5.17.3 Motivering

Die KKS beveel aan dat die afgevaardigdes van die Sinode die motivering sal saamlees met die verslag van die KKS aan die Sinode by die opdragte oor Bylae 1 en 2.

5.18 Ring van Germiston: Verhouding met ander kerke van gereformeerde belydenis

1. Die Sinode hersien die artikels en bylaes van die Kerkorde wat handel oor die erkenning van kerke en kerkverbande (o.a. Art 64.1 en Bylae 1) sodat:

2. die AP kerkverband se verhouding met ander kerke en kerkverbande in Suid-Afrika duideliker uiteengesit word;

3. die besluit oor ander leraars wat eredienste mag lei nie hoofsaaklik deur hulle betrokkenheid by 'n kerkverband bepaal word nie, maar deur hulle getrouheid aan die gereformeerde belydenis.

Motivering

1. Kerklike woelinge in Suid-Afrika lei toenemend tot die totstandkoming van plaaslike kerke (gemeentes) wat buite 'n sinodale kerkverband leef en werk. Vanweë 'n verskeidenheid redes sien hulle nie kans om by 'n bestaande kerkverband (bv. die AP kerkverband) in te skakel nie. Die vraag is nou wat verhoudinge met dié kerke moet wees? Om tot duidelikheid te kom, moet bepaalde vrae beantwoord word. Byvoorbeeld.

1.1 Word met die term "kerke" in Art. 64.1 ander sinodale kerkverbande bedoel of ook plaaslike kerke (soos bv. Die Afrikaanse Reformatoriese Kerk of die Vrye Gereformeerde Gemeente De Deur) wat nie in 'n sinodale kerkverband staan nie?

1.2 Word met kerklike kontak slegs korrespondensie bedoel of sluit dit samewerking in? Indien dit kragtens Art. 64.2 samewerking uitsluit, ontstaan die vraag of die AP kerkverband sy roeping m.b.t. ander kerke reg verstaan?

2. Leraars van kerke binne 'n bepaalde kerkverband handhaaf dikwels afwykende teologiese beskouinge wat binne daardie kerkverband verdra word. Kan sodanige leraars die Woord in die erediens van 'n AP Kerk bedien?

AANBEVELINGS

5.18.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.

5.18.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

5.18.3 Die Sinode gee opdrag aan die TKKCE om die Sinode met 'n voorstel te bedien oor verhoudinge met kerke van gereformeerde belydenis.

5.18.4 Motivering

1. Die beskrywingspunt vra vir die hersiening van artikels en bylaes sonder enige voorstel van die nuwe bewoording vir enige spesifieke artikels.

2. Artikel 64.4 stel duidelik dat die Sinode besluit oor die aard en/of graad van die offisiële betrekkinge met ander kerke. Indien die verhouding met 'n bepaalde gereformeerde kerk duideliker uiteengesit moet word, moet elkeen van hierdie gevalle afsonderlik deur die Sinode hanteer word, soos wat reeds gedoen is met die Afrikaanse Reformatoriese Kerk en die Vrye Gereformeerde Gemeente De Deur (sien byvoorbeeld Handelinge 2001 bl. 440 pt. 6.2).

6. BESWAARSKRIFTE

6.1 Ring van Kimberley: Deelname aan Pro Christo

Die Sinode besluit om die volgende wysigings te aanvaar in verband met deelname aan Pro Christo.

Huidige sinodale besluit:
Die sinode besluit dat vanweë kerkregtelike en ander gepressiseerde beginselbesware teen Pro Christo, skakeling en samewerking met hierdie buite-kerklike organisasie nie toelaatbaar is nie. Dit geld uit die aard van die saak vir alle ampte (Handelinge 1997, bl. 333).

Voorgestelde besluit:
Die Sinode herroep die besluit oor skakeling met Pro Christo en herbevestig die besluit van die Sinode van 1989 (Handelinge, bl. 465 en 466): Punt 5.2.6. Die Sinode doen 'n beroep op alle lidmate om nie aan enige organisasie, vereniging, klub of party te behoort alvorens hy/sy hom/haar deeglik vergewis het daarvan dat die grondwet, doelstellings of beleid van so 'n organisasie, vereniging, klub of party gegrond is op die Woord van God en nie instryd is met die leer van die kerk nie (KO Art. 60). Lidmate wat hulle op hierdie terrein wel skuldig maak staan onder die morele opsig en tug van die plaaslike kerk en moet hulle laat vermaan deur die kerkraad en hulle bekeer van hulle verkeerde weë.

Motivering

1. Die 1997 besluit is in stryd met die 1989 besluit.

2. Sinodes mag nie besluite neem wat gewetens van lidmate bind nie.

3. Die 1997 besluit maak die uitsondering, terwyl dit nie die reël bepaal nie. Dit laat die gaping dat lidmate aan enige ander buite-kerklike organisasie kan en mag behoort, solank dit net nie Pro Christo is nie. Die 1989 besluit is baie meer suiwer en plaas die verantwoordelikheid terug op die plaaslike ouderlingraad wat die opsig en tug moet handhaaf.

4. Die 1997 besluit kan lei tot swak mediadekking en hofsake, terwyl die Skrif sê dat ons 'n goeie getuienis teenoor die mense buite die gemeente moet hê.

AANBEVELING

6.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.

6.1.2 Motivering

1. Die 1997 besluit ontneem nie die ouderlingraad se bevoegdheid om sy eie huishoudelike sake te reël en te besluit met wie die gemeente skakel en wie nie. Dit word steeds deur die KO gedoen.

2. Omdat Pro Christo nie gebieds gebonde opereer nie, maar oor die hele RSA, raak deelname aan Pro Christo nie net party gemeentes nie, maar almal, daarom het 'n gemeente en 'n ring geoordeel dat die saak op die sakelys van die Sinode moet kom. Vandaar die 1997 besluit wat kerkordelik reg besluit is.

3. Die besluit handel slegs oor Pro Christo omdat dit al is wat in die beskrywingspunt ter sprake was, maar enige ander organisasie kan steeds so op die sakelys van die Sinode kom.

4. Honderde lidmate is lede van nie kerklike organisasies (ook honderde) soos boereverenigings, kultuur organisasies, sportklubs ensovoorts. Tot op hede is daar nog nie een van hulle vir studie of bespreking op die sakelys van die Sinode geplaas nie.

5. Die Sinode verstaan nie hoe mediadekking betrek word nie. Sal iemand die media nader om die AP kerkverband van louheid of skeurmakery te beskuldig omdat die Sinode so besluit het? Sal die media dit uit eie oorweging doen?

6. Hoe hofsake betrek word is vir die KKS en die Sinode 'n ope vraag.

7. APPÈLLE (Inligting sal tydens die Sinodesitting deurgegee word.)

Kennis van Appèl: Ds MP Taute (Geen appèlskrif is ontvang nie).

8. VOORSTELLE DEUR DIE KKS AANGAANDE DIE KERKORDE

8.1 Kerkorde Art. 16

Huidige Redaksie:

'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander AP Kerk (gemeente) sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie. (Kyk ook Art. 42.3; Bylae 1; en Sinodebesluit 14, bl. 135.)

Gewysigde Redaksie:

'n Bedienaar van die Woord mag nie in 'n ander AP Kerk se grense sonder toestemming van daardie plaaslike kerkraad optree nie. Vir die normale bediening van uitsonderlike gevalle volgens Bepaling 4J moet hierdie toestemming ook verkry word. (Kyk ook Art. 42.3; Bylae 1 en Sinodebesluit 14, bl. 135.)

AANBEVELING
8.1.1 Die Sinode keur die wysiging van Art. 16 goed.

8.2 Kerkorde Art. 19.2

Die skrapping van Art. 19.2 wat tans soos volg lui:

1. Wanneer 'n kerkraad of die gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie oordeel dat die bedienaar van die Woord nie die plaaslike kerk (gemeente) of in die kombinasie langer tot stigting kan dien nie, nadat hy oor 'n redelike tydperk sonder positiewe resultaat herhaaldelik vermaan is met telkense skriftelike bevestiging, wat genotuleer is, besluit die kerkraad of gekombineerde kerkraad om hul oordeel na die ring deur te stuur vir hantering volgens Art. 19.3.

2. Die vervanging van Art. 19.2 met die volgende artikel:

2.1 Wanneer 'n kerkraad of die gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie oordeel dat die bedienaar van die Woord nie die plaaslike gemeente of in die kombinasie langer tot stigting kan dien nie, word hy vir ten minste drie keer deur die ouderlingraad vermaan, met skriftelike bevestiging wat genotuleer is en waarvan ontvangs by wyse van handtekening erken is;

2.2 Indien die ouderlingraad van oordeel is dat daar geen positiewe resultaat verkry is nie, vind 'n ondersoek plaas, deur die konsulent saam met twee van sy ouderlinge, waarby die ouderlingraad van die leraar, 'n skriftelike verslag indien, die betrokke leraar sy kant van die saak kan stel, en die konsulent saam met sy twee ouderlinge 'n bevinding maak of die saak na die ring deurgestuur behoort te word vir verdere hantering volgens Art 19.3. Die bevinding word in afwesigheid van die leraar en moontlike getuies gemaak, en skriftelik aan die betrokke leraar en die ouderlingraad gekommunikeer;

AANBEVELING
8.2.1 Die Sinode keur die wysiging van Art. 19.2 goed.

8.3 Kerkorde Art. 19.6 (skrapping)

Huidige redaksie
Indien 'n bedienaar van die Woord, wat losgemaak is, geen beroep binne die eerste drie maande ontvang het nie, besluit die ring in oorleg met die bedienaar of hy tot 'n ander lewenstaak mag oorgaan en of hy vir nog drie maande lank beroepbaar sal bly, maar sonder aanspraak op die voorsiening vir versorging deur die kerkraad volgens Art. 19.5 of gekombineerde kerkraad soos onder Art. 19.4 gereël. Indien hy gedurende hierdie tweede drie maande nie 'n beroep ontvang nie, verwys die ring die aangeleentheid na die Kuratorium in verband met die leraar se behoud van status.

Die Kuratorium verleen behoud van status vir 'n periode van ses maande. Indien geen beroep(e) binne hierdie ses maande ontvang is nie of 'n beroep(e) ontvang is, maar nie opgevolg is nie, oordeel die Kuratorium oor behoud van status. 'n Persoon wat dusdanig status verbeur het, kan weer na een jaar by die Kuratorium aansoek vir predikantskap doen. Die Kuratorium sal sodanige aansoek soos elke ander aansoek volgens die heersende vereistes ondersoek en daaroor besluit.

AANBEVELING
8.3.1 Die Sinode keur die skrapping van Art. 19.6 goed.

8.4 Kerkorde Art. 19.6 (vervanging)

Indien 'n leraar wat losgemaak is, nie binne drie maande 'n beroep volgens Art. 19.5 ontvang het of opgevolg het nie, het hy sy status verloor.

'n Leraar wat sy status verloor het na aanleiding van Art. 19.5 kan terstond by die Kuratorium om behoud van status aansoek doen, wat die aansoek hanteer soos elke ander aansoek volgens heersende vereistes, en daaroor besluit.

AANBEVELING
8.4.1 Die Sinode keur die nuwe Art. 19.6 goed.

8.4.2 Motivering
Gebeure in die kerkverband sedert die vorige Sinode met betrekking tot KO Art. 19, het die bogemelde

wysigings as noodsaaklik uitgewys. Beslissings op grond van die huidige arbeidswetgewing, skikkings wat beding moes word met behulp van arbeidskonsultante, leraars wat die betreurenswaardige weg gevolg het van aansluiting by en inroep van vakbonde se hulp, het vir gemeentes en die kerkverband finansiële kostes meegebring wat gemeentes baie moeilik, soms glad nie sonder skade kon bybring nie. Verhoudings in gemeentes is ook ernstig versteur en die implikasies van die huidige artikels 19.2 en 19.6 vir die beslissing oor die losmaak van 'n leraar en vir die Pensioenfonds en Mediese fonds, het hierdie wysigings onvermydelik gemaak. Dit bly ook van groot belang dat kerkrade/ouderlingrade in geval van moontlike losmakings, dit in oorleg met die KKS sal doen, wat verdere aandag kan gee aan die nakoming van vereistes van die arbeidswetgewing.

8.5 Artikel 37, Bepaling 37A.2:

Huidige Redaksie:
Sorg dra dat die skriftelike instemming van minstens twee derdes van die betrokke lidmate verkry word; en

Gewysigde redaksie:
Sorg dra dat die skriftelike instemming van minstens twee derdes van die lidmate in die gebied wat versoek om af te stig verkry word. Indien die voorgestelde afstigting nie geografies van aard is nie en sou meebring dat lidmate van een of beide die ou en nuwe gemeente binne die grense van die ander gemeente sal woon, geld die twee derde beginsel nie en moet die Ring sorg dra dat al die betrokke gemeentes lewensvatbaar sal wees.

AANBEVELING
8.5.1 Die Sinode keur die wysiging van Art. 37 goed.

8.6 Vasstel van gemeentegrense:

AANBEVELINGS
8.6.1 Die Sinode besluit om Art. 4.4 te verander na Bep. 4J.

8.6.2 Die Sinode besluit dat die uitsonderings wat deur Bep. 4J meegebring is, nie Art. 37.4 ophef nie, maar dat Ringe steeds moet uitvoering gee aan Art. 37.4 deur gemeentelike grense vas te stel.

8.6.3 Die Sinode besluit dat Ringe voor Sinode 2010 moet uitvoering gee aan Art. 37.4.

8.6.4 Die Sinode wys gemeentes daarop dat Bep. 4J slegs vir uitsonderlike gevalle in die kerkorde opgeneem is om aan lidmate 'n geestelike tuiste te bied na die gesamentlike goedkeuring van die betrokke ouderlingrade.

Hierdie verslag is voorberei deur die Skriba en die beskrywingspunte is verwerk en goedgekeur deur die KKS op sy vergadering van 26 April 2007. Dit is in sy finale vorm goedgekeur deur die Dagbestuur op 'n vergadering gehou op 8 Mei 2007.

Ons vertrou dat hiermee uitvoering gegee is aan die opdragte kragtens lasgewing.

Ons bid die vergadering die seën van die Here toe.

w.g. AS van Jaarsveld (voorsitter); HM Grobler (skriba).

VERSLAG VAN DIE TWEEDE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)

Tydperk: 10/09/2004 – 30/04/2007

1. BESTUURSPERSONEEL

1.1 Lede deur die Sinode verkies

Primarii: Oudle. GH Ehlers, PJ Fouché, HR Lemmer, Q Schoonraad.
Sekundi: Oudle. L Minnaar, SF Botha.

1.2 Lede benoem

Verteenwoordiger van die Afrikaanse Protestantse Akademie
Die rektor, prof. FAH van Staden

Deur SKK
Primarius: Prof. R Marè – vanaf 1 April 2005 (voorheen prof. IA Brink)
Sekundus: Ds. RMJ Britz – vanaf 1 April 2005 (voorheen prof. R Marè)

Deur KKS
Primarius: Ds. AS van Jaarsveld
Sekundus: Ds. MJ Hartzenberg

Personeel (adviserend)
Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink – vanaf 1 April 2005 (voorheen ds. MC Adendorff)
Administrateur: Mnr. LJ Korkie
Rekenmeester: Mnr. GJ Jansen van Rensburg

1.3 Ampsdraers

Voorsitter: Prof. FAH van Staden
Ondervoorsitter: Prof. R Marè – vanaf 1 April 2005 (voorheen prof IA Brink)
Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink – vanaf 1 April 2005 (adviserend) (voorheen ds. MC Adendorff)
Administrateur: Mnr. LJ Korkie (adviserend, tree op as sekretaris)

1.4 Dagbestuur

Prof. FAH van Staden, prof. R Marè, prof. IA Brink (Direkteur van Kerkadministrasie, adviserend) – vanaf 1 April 2005 (voorheen ds. MC Adendorff)

1.5 Eiendomskomitee

Die GKK het uit sy geledere die volgende lede op die Eiendomskomitee aangewys:

Oudle. PJ Fouché (voorsitter), HR Lemmer (ondervoorsitter) en mnr. LJ Korkie (Administrateur, adviserend).

1.6 Beheerraad van die Jeugtuiste

Die take van die Beheerraad word hanteer deur die Eiendomskomitee. By dié geleenthede word die Huiskomiteelede ook betrek. Sedert 10 Maart 2006 word dié take deur die Senaat van die AP Akademie hanteer.
Die Huiskomiteelede vir 2005 was mnre. SA Roets, A van Heerden, JW vd M de Villiers, GJ van Zyl, T Snyman; vir 2006 mnre. A van Heerden, JJB van Zyl, JW vd M de Villiers, HJA Kotzé, AJ Kruger (die voogskap vir die Jeugtuiste is gedurende 2006 oorgedra na die AP Akademie).

1.7 Raad van Trustees van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds

Die GKK het die volgende persone aangewys om die werkgewer te verteenwoordig tesame met die trustees wat deur die werknemerlede van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds verkies is: Oudle. GH Ehlers, PJ Fouché en HR Lemmer.
Trustees deur die werknemers en afgetrede lede verkies: Mnre. GJJ van Rensburg en LJ Korkie namens die werknemers en ds. AS van Jaarsveld namens die afgetrede lede.

1.8 *Ad hoc*-komitees

Die GKK het van tyd tot tyd volgens behoefte *ad hoc*-komitees benoem wat almal aan die GKK verslag gedoen het.

2. VERGADERINGS

In die verslagtydperk het die GKK 14 vergaderings gehou, naamlik 10 gewone vergaderings op 10/09/04, 12/11/04, 18/02/05, 21/06/05, 21/10/05, 10/03/06, 07/07/06, 10/11/06, 02/03/07 en 11/05/07; 1 buitengewone vergadering op 30/03/05 en 3 telefoonvergaderings op 25/08/05, 21/11/06 en 19/04/07.

3. PERMANENTE PERSONEEL

3.1 Sentrale Kerkkantoor

3.1.1 Direkteur van Kerkadministrasie: Ds. MC Adendorff – tot 31 Maart 2005; prof. IA Brink – vanaf 1 April 2005

3.1.2 Sekretaresse vir Direkteur: Mev. R Adendorff – tot 31 Augustus 2004; mev. AM Brink – vanaf 1 September 2006

3.1.3 Administrateur: Mnr. LJ Korkie

3.1.4 Sekretaresse vir Administrateur: Mev. A Smit – oggendpos vanaf 1 Januarie 2007

3.1.5 Rekenmeester: Mnr. GJ Jansen van Rensburg

3.1.6 Rekeningkundige beampte: Vakant.

3.1.7 Rekeningkundige beampte: Mnr. DG Behrens

3.1.8 Rekeningkundige beampte: Vakant – mev. CE Beyers het bedank op 31 Julie 2006.

3.1.9 Rekenaaroperatrise/klerk: Mej. JG Bresler

3.1.10 Rekeningkundige klerk: Mev. JP van der Merwe

3.1.11 Argivaris: Ds. AS van Staden. Ds. Van Staden beklee die pos vanaf 1 Januarie 2007 op 'n vaste termyn kontrak tot 30 Junie 2007 (20 ure per week op 'n Dinsdag en Woensdag). Ds. WM Grové het op 15 Desember 2006 finaal uitgetree.

Argiefassistent: Vakant – ds. AS van Staden het die pos op 'n deeltydse basis (2 voormiddae gedurende weeksdae) beklee vanaf April 2003 tot Desember 2006.

3.1.13 Afdelingshoof publikasies: Dr. HJ Smith. Dr. Smith is ook die Redakteur van *Die Boodskapper*.

3.1.14 Senior Publikasiebeampte: Mev. JP van Lille

3.1.15 Junior Publikasiebeampte: Mej. C Roos

3.1.16 Hoofklerk: Boekwinkel: Mnr. JEA Bester

3.1.17 Rekenaaroperatrise/klerk vir boekwinkel: Mev. L Dippenaar

3.1.18 Boekwinkelklerk: Mnr. WC von Wielligh

3.1.19 Ontvangsdame/tikster: Mev. ME Venter

3.1.20 Skoonmaker by Brookshuis: Mev. AMJ Coetzee

3.1.21 Skoonmaker by Brookshuis: Vakant – mev. DEH Prinsloo het op 6 April 2006 bedank.

3.1.22 Tuinier: Vakant – mnr. DH van Heerden is op 12 Februarie 2007 ontslaan.

3.1.23 Sekuriteitsbeampte/faktotum: Vakant – mnr. CWA Durand is op 28 Maart 2006 ontslaan.

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeelwisseling plaasgevind:

Bedankings/aftrede/afleggings/sterftes

Ds. MC Adendorff (emeriteer op 31/03/2005)
Mnr. CWA Durand (ontslaan op 28/03/2006)
Mev. DEH Prinsloo (bedank op 06/04/2006)
Mnr. DH van Heerden (ontslaan op 12 Februarie 2007)

Aanstellings

Prof. IA Brink (01/04/2005)
Mev. AM Brink (01/09/2006)
Mej. C Roos (01/08/2004)
Mnr. WC von Wielligh (01/09/2004)

Wanneer nodig word van deeltydse hulp gebruik gemaak vir beperkte tye, soos byvoorbeeld in afdeling Publikasies tydens versending van *Die Boodskapper*.

3.2 Afrikaanse Protestantse Akademie (Teologiese skool)

3.2.1 Registrateur/sekretaresse: Mev. CM Venter

3.2.2 Sekretaresse/Tikster vir die Dekane: Mej. E Nicklbauer

3.2.3 Biblioteekassistent: Mev. HM Janse van Rensburg

3.2.4 Skoonmaker: Mev. WD Freemantle

3.2.5 Tuinier: Mnr. VM Coetzee

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeelwisseling plaasgevind:

Bedankings/aftrede/afleggings/sterftes

Geen

Aanstellings
Mev. HM Janse van Rensburg (01/03/2003)
Mev. WD Freemantle (voorheen Marais) (01/12/2005)
Mnr. VM Coetzee (01/01/2005)

4. SINODALE OPDRAGTE 2004

Die GKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld word:

4.1 VERGOEDINGSKOMITEE *(Handelinge, bl. 342)*

Die Sinode dra dit op aan die GKK en SKK om 'n kommissie van kundiges aan te wys om ondersoek te doen na die agteruitgang in die finansiële posisie van gemeentes en leraars (insluitend emeriti) ten einde die GKK/SKK te dien met aanbevelings daaroor, veral ook met die oog op behoorlike versorging

van leraars op 'n vergelykbare standaard, en die versorging van emeriti op 'n leefbare en eerbare standaard. Die Sinode dra dit aan die GKK en SKK op om daarná na bevind van sake te handel.

Die komitee funksioneer tans.

4.2 FINANSIËLE HULP AAN DOSENTE WAT IN DIE BUITELAND OPTREE *(Handelinge, bl. 347)*

14.1.1Die Sinode besluit dat, terwyl die teologiese dosente en die tydelike dosente in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte in diens van die Raad van die AP Akademie is, is dit 'n saak vir die Raad wat na die Raad verwys word vir aandag en wat na goeddunke met die GKK of enige instansie kan skakel vir finansiële ondersteuning.

Die GKK het dit na die AP Akademie verwys aangesien dit onder hulle jurisdiksie val.

4.3 VERKOOP VAN GKK-EIENDOMME *(Handelinge, bl. 355)*

5.2.1 Die Sinode keur dit goed dat John Rock-woonstel omskep is sodat dit drie studente kan huisves.

5.2.2 Die Sinode neem kennis dat die GKK die situasie in verband met die eiendomme voortdurend bestudeer en in hierdie stadium geen rede vind om van die eiendomme te verkoop nie.

AANBEVELING
4.3.1 Die Sinode keur dit goed dat John Rock woonstel verkoop word teen R350 000.00 of naaste aanbod.

4.4 Mediese fonds – lidmaatskap *(Handelinge, bl. 356)*

9.1 Die Sinode herbevestig die besluit van die Tiende Sinode dat elke persoon jonger as 60 jaar wat toegelaat word as predikant van die AP kerkverband en alle permanente personeel in die Sentrale Kerkkantoor en AP Akademie sonder uitsondering (buitelandse leraars is opsioneel) verplig sal wees om by die bestaande mediese fonds en pensioenfonds aan te sluit en lid te bly tot by afsterwe, of totdat hy diens verlaat, of totdat hy aftree of emeriteer. Kerkrade en leraars word ook daarop gewys dat die Registrateur van Pensioenfondse en die Ontvanger van Inkomste die pensioenfonds kan kanselleer indien daar nie uitvoering aan bogenoemde vereistes gegee word nie. In sodanige geval kan die Ontvanger selfs al die belastingaftrekkings wat ten opsigte van die pensioenfondsbydraes gegeld het, terugwerkend kanselleer, wat vir alle lede van die pensioenfonds nadelige gevolge sal hê. In hoogs uitsonderlike gevalle kan die GKK, met die goedkeuring van die mediese fonds, toelaat dat 'n werknemer, wat by sy/haar indienstreding by die GKK aan 'n mediese fonds behoort wat vir hom/haar voordeliger is, nie lid van die mediese fonds word nie.
Die saak geniet die aandag van die Mediese komitee en die Raad van Trustees van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds.

4.5 Klerksdorp-Sentraal *(Handelinge, bl. 359)*

Die Sinode keur die optrede van die kerkraad om vanaf 01/08/2000 tot 31/12/2003 minder as 15% te betaal, nie goed nie, en bepaal dat die kerkraad terugwerkend die regstelling moet maak ooreenkomstig die Sinodebesluite.
Verdere besluit:
Die saak word terugverwys na die GKK.

Die saak geniet nog die aandag van die GKK.

4.6 Volmag aan die GKK om 15% aangeleenthede te hanteer *(Handelinge, bl. 362)*

Onderstaande voorstel is van toepassing op Bylae GKK 2 bl. 128-132:
Die Sinode besluit dat die GKK volmag kry om in die toekoms gemeentes se agterstallige 15% skuld gedeeltelik of geheel af te skryf na gelang van die omstandighede wat die agterstalligheid veroorsaak het en na deeglik studie van die gemeente se omstandighede - met verslag aan die volgende Sinode.

Die GKK het die opdrag uitgevoer. Verslag in verband met die afskrywings deur die GKK verskyn in **Bylae GKK 1**

4.7 Gemeentes wat volhard teen Sinodebesluite *(Handelinge, bl. 362)*

13.9 Die Sinode neem standpunt in teen gemeentes wat volhard teen Sinodebesluite en vestig sodanige gemeentes se aandag daarop dat hulle hul blootstel daaraan om hulleself buite akkoord van die AP kerkverband te stel ingevolge die goedgekeurde prosedure. Ringe word versoek om dringend aan die GKK en KKS te rapporteer oor die prosedure soos goedgekeur in punt 13.1 hierbo.

AANBEVELINGS
4.7.1 Die Sinode besluit dat ringe aangemaan word om in die toekoms hulle verantwoordelikheid na te kom.

4.7.2 Die Sinode besluit dat kerkrade kennis moet neem van hierdie besluit.

4.7.3 Die Sinode besluit dat, indien die ringe in die toekoms weer versuim, die GKK die bevoegdheid kry om die name aan die Sinode voor te lê.

4.8 Vergoedingstrukture van Leraars en Dosente *(Handelinge, bl. 365)*

25.1 Die Sinode gee opdrag aan die GKK om die saak verder deur 'n eksterne konsultant te laat ondersoek en regstelling dienooreenkomstig by die gemeentes en die Raad van die Akademie aan te beveel.

'n Subkomitee van die GKK, bestaande uit die GKK lede wat nie salarisse ontvang nie, het onderhoude met die dosente en senior personeellede gevoer en aanbeveel dat die personeel se salarisse bly soos dit is, maar dat die rektor en dosente se salarisse aangepas word.

AANBEVELINGS

4.8.1 Die Sinode keur dit goed dat die rektor en al die professore se salarisskale aangepas is.

4.8.2 Die Sinode keur 'n fondsverdeling volgens die 66.67% en 33.33% beginsel van die ad hoc-kommissie goed.

4.8.3 Die Sinode keur dit goed dat die GKK, as eienaar, die geboue tot beskikking van die AP Akademie stel.

4.8.4 Die Sinode keur dit goed dat die GKK administratiewe dienste aan die AP Akademie lewer en dat die moontlike restant van die 33%, nadat direkte koste verreken is, benut word vir die dienste van die GKK.

4.8.5 Die Sinode keur dit goed dat die GKK in samewerking met die AP Akademie 'n kommissie van deskundiges aanwys om die ooreenkoms te verfyn en verdere sake aan te spreek, met terugrapportering aan die Sinode en AP Akademie.

4.9 Betaling van Mediese en Pensioenbydraes sentraal gedoen *(Handelinge, bl. 365)*

Die Sinode keur dit goed dat die maandelikse mediese fonds- en pesioenfondsbetalings, onderhewig aan behoorlike kontrolemaatreëls, sentraal gedoen mag word met behulp van Burofokus van ABSA op die eerste dag van elke maand (i.p.v. 7de dag van elke maand soos voorheen). Verder neem die Sinode kennis dat hierdie reëling vanaf 1 November 2004 geld.

Nog nie geïmplementeer nie.

4.10 Bekostigbare alternatiewe mediese fonds *(Handelinge, bl. 368)*

30.1.3 Die aangeleentheid van 'n alternatiewe mediese fonds word deurlopend deur die GKK ondersoek en in pt. 5 van hierdie verslag word 'n waaksaamheidskomitee aanbeveel.

Die Mediese komitee gee voortdurend hieraan aandag.

4.11 Aankoop van eiendom rondom die AP Akademie *(Handelinge, bl. 415)*

Die Sinode dra dit aan die GKK op om voort te gaan met die aankoop van die eiendom tussen die Jeugtuiste en die AP Akademie wanneer dit in die mark kom.

Die eienares van Farendenstraat 428 het 'n aanbod van R1 270 000.00 ontvang en ten spyte daarvan dat die GKK 'n hoër aanbod van R1 275 000.00 gemaak het, het sy die laer aanbod aanvaar.

4.12 Aanbevelings van die TFK aan die Sinode *(Handelinge, bl. 447)*

3.1 Die Sinode besluit om die kerkrade van die gemeentes vermeld in Bylae GKK 2 op bl. 123-128, die spesifieke kolom, wat nog nie 'n reëling met die GKK het nie, soos aangedui, opdrag te gee om óf die uitstaande F10 ouditverslae óf afskrifte van hulle bankstate van al die bankrekeninge onder die kerkraad se toesig aan die GKK te besorg voor 31/12/2004. Die bankstate moet die jare dek waarvoor daar nie F10 ouditverslae ingedien is nie.

3.2 Die Sinode besluit dat, as gemeentes in gebreke bly om hulle finansiële verpligtinge soos neergelê deur die Sinode, na te kom of nagelaat het om reëlings te tref met die GKK, hulle hulle stemreg op die eersvolgende Sinodesitting verbeur.

3.3 Aanbeveling met betrekking tot aangeleentheid Kinders van die Lig en die hefbaarheid van 15% op bydraes aan so 'n organisasie.
Die TFK het die aangeleentheid in bespreking geneem en beveel aan dat die aangeleentheid na die GKK verwys word, soos in die geval van AP Kerk Douglas se sentrum vir bejaardes.

AANBEVELINGS

4.12.1 Die Sinode besluit om die name van die gemeentes, wat nie hulle verpligtinge nagekom het nie, tydens konstituering van die Sinode voor te lê.

4.12.2 Die Sinode besluit dat *Kinders van die Lig* van die betaling van 15% vrygestel word, volgens 'n ooreenkoms met Pretoria-Oos onder die volgende voorwaardes:

4.12.2.1 'n Aparte tjekrekening moet vir *Kinders van die Lig* geskep word met aparte inkomste- en uitgawerekenings wat los staan van die gemeente se inkomste- en uitgawerekenings.

4.12.2.2 'n Aparte kwitansieboek word aangewend vir die ontvangstes van *Kinders van die Lig*.

4.12.2.3 Indien bydraes vir *Kinders van die Lig* in die gemeenterekening ontvang word, word dit sonder versuim aan die *Kinders van die Lig*rekening oorbetaal, maar word in elk geval onmiddellik op 'n leningsrekening grondslag te boek gestel.

4.12.2.4 *Kinders van die Lig* word as 'n deurgangsfonds beskou wat in ooreenstemming met 'n bestaande sinodale besluit kwalifiseer vir vrystelling.

4.12.2.5 Die vrystelling is terugwerkend van krag tot en met die aanvang van die *Kinders van die Lig*aksie se aktiwiteite.

4.12.2.6 Tydens die jaarlikse oudit van die finansiële state van die gemeente moet die eksterne ouditeur die state ondersoek en seker maak dat daar geen fondse vanaf *Kinders van die Lig* in die gemeentefonds opgeneem is of vir gemeentedoeleindes aangewend is nie. Die eksterne ouditeur moet verder versoek word om uitdruklik verslag te doen oor bogenoemde in hulle jaarlikse ouditeursverslag aan die GKK.

4.12.2.7 Hierdie ooreenkoms geld net tussen die GKK en Pretoria-Oos, en enige ander soortgelyke gevalle sal eers weer goedkeuring by die GKK moet kry.

5. STAND VAN DIE SINODALE VERPLIGTINGE VAN GEMEENTES OP 30 APRIL 2007.

• Skedule (**Bylae GKK 2**) m.b.t. die stand van: die indien van die F10-ouditverslag en F1-vorm; oorbetaling van die maandelikse 15%-bydrae; die verskilbedrag soos blyk uit die rekonsiliasie van die 15%-bydrae met die ouditverslag; betalingsreëling vir agterstallige verpligtinge; pensioenfonds-premie en mediese fonds-premie van elke gemeente van die Afrikaanse Protestantse Kerk, volgens die inligting by die Sentrale Kerkkantoor ontvang, word hierby aangeheg vir kennisname deur die Sinode.

AANBEVELING
5.1 Die Sinode neem kennis van die skedule (Bylae GKK 2) wat voortaan as 'n staande verslag aangebied word.

6. ONDERSOEK NA 'N BETER PENSIOENFONDS

Die Raad van Trustees is voortdurend besig om te kyk na beter pensioenvoordele vir die leraars en personeel. Tans word kwotasies ingewag ten opsigte van die groeps- en ongeskiktheidsdekking van die pensioenfonds.

Gedurende die afgelope jaar moes die bydraekoers vir lid en werkgewer verhoog word vanaf 20% na 28% om die pensioenfonds gesond te hou. Die Raad van Trustees het verskeie kundiges se aanbevelings oorweeg en uiteindelik besluit om die bande met Sanlam te verbreek, deur 'n ander administrateur en aktuaris vir die pensioenfonds te soek en ook om die pensioenfondsbelegging deur ander batebestuurders te belê ten einde 'n beter opbrengs te kry. Die rede hiervoor is dat Sanlam se opbrengskoerse oor die afgelope aantal jare baie swak vergelyk met dié van ander beleggingsportefeuljes wat ook nie riskant is nie.

AANBEVELINGS
6.1 Die Sinode neem kennis van die besluite van die Raad van Trustees wat soos volg lees:
6.1.1 Besluit:
Die subkomitee besluit om aan Sanlam kennis te gee dat die klousule t.o.v. die belegging van pensioenfondsgelde by Sanlam in terme van die kontrak beeïndig word op 31 Mei 2007.

6.2 Besluite:
6.2.1 Die subkomitee besluit om te verander van 'n vaste voordeelfonds na 'n vaste bydraefonds en dat alle lede oorskakel na die vaste bydraefonds.

6.2.2 Die werkgewer waarborg aan dié lede, wat op 1 Junie 2007 ouer as 50 jaar is, dat hulle by aftrede, nie minder voordele sal ontvang uit die vaste bydraefonds as wat hulle uit die vaste voordeelfonds sou ontvang het nie.

6.2.3 Die subkomitee versoek die Raad van Trustees om dringend 'n komitee van kundiges aan te wys om die reglement van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds in die lig van bogenoemde besluite te hersien.

6.3 Verslag van die Raad van Trustees van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds – Tydperk: 10 September 2004 tot 31 Mei 2007 (Kyk Bylae GKK 3)

7. NAAMSVERANDERING VAN RKA NA GK

Die naamsverandering is op al die titelaktes aangeteken. Al die eiendomme van die GK is dus nou geregistreer in die naam van die Gemeenskaplike Kerkkantoor van die Afrikaanse Protestantse Kerk.

8. TRAKTEMENTSKALE VAN LERAARS

Kragtens sy lasgewing (kyk 5.6.8.13 van Bylae 3, bl. 70, KO 2004) het die GKK jaarliks aandag gegee

aan die traktementskaal van leraars en aanbevelings aan kerkrade deurgestuur.

Vir die jaar met ingang 1 Maart 2005 het die GKK die traktementskaal met 6% verhoog, vir die jaar met ingang 1 Maart 2006 met 6.5% en vir die jaar met ingang 1 Maart 2007 het die GKK op 'n gemiddelde verhoging van 6.5% besluit.

AANBEVELINGS

8.1 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante wat vanaf 1 Maart 2005 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:
R65 670 x 5 262 – 86 718 x 6 270 – 124 338 x 8 622 – 132 960

8.2 Die Sinode keur dit goed dat die traktementskaal van predikante wat vanaf 1 Maart 2006 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:
R69 936 x 5 604 – 92 352 x 6 678 – 132 420 x 9 180 – 141 600

8.3 Die Sinode keur dit goed dat die eerste drie kerwe op die traktemenskaal wegval en dat die traktementskaal van predikante wat vanaf 1 Maart 2007 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:
R92 400 x 5 970 – 98 370 x 7 110 – 141 030 x 9 780 – 150 810

9. REISKOSTETARIEF

Kragtens sy lasgewing (kyk 5.6.8.14 van Bylae 3, bl. 70, KO 2004) het die GKK van tyd tot tyd besin oor reiskostetariewe. Die Kommissie besluit oor die tarief vir alle permanente kommissies, maar doen slegs aanbevelings aan ringe en kerkrade.

Die reiskostetarief is vanaf 1 Junie 2004 vasgestel op R2.00 per km. en vanaf 1 Julie 2007 is die reiskoste vasgestel op R2.50 per km. Die minimum bedrag vir reiskoste vir gemeentelike werk is vanaf 1 Maart 2005 verhoog van R1 000.00 per maand na R2 000.00 per maand.

AANBEVELINGS

9.1 Die Sinode keur dit goed dat die tarief vir reiskoste volgens die aanbeveling van die GKK sedert 1 Mei 2004 tot 30 Junie 2007 konstant gebly het op R2.00 per km.

9.2 Die Sinode keur dit goed dat die tarief vir reiskoste volgens die aanbeveling van die GKK vanaf 1 Julie 2007 vasgestel is op R2.50 per km.

9.3 Die Sinode keur dit goed dat die minimum bedrag ten opsigte van reiskoste vir gemeentelike werk vanaf 1 Maart 2005 verhoog is van R1 000.00 per maand tot R2 000.00 per maand.

10. AFSKRYWING VAN ONINVORDERBARE SKULDE

Gedurende die tydperk onder oorsig is die bedrag van R39 986.67 teen die voorsiening afgeskryf. Hierdie afskrywings het ontstaan hoofsaaklik uit 'n mediese-premie oorbetaal vir 'n leraar en studielenings nie verhaalbaar as gevolg van leraars wat afgesterf het.

AANBEVELING

10.1.1 Die Sinode keur die afskrywing van die oninvorderbare skulde teen die voorsiening goed.

11. AANWENDING VAN DIE RESERWEFONDS

Doel

Die doel van die reserwefonds is:

1. Sekuriteit vir lopende uitgawes.
2. Beskikbaarheid van fondse vir kapitale uitbreiding.
3. Beskikbaarheid van fondse vir onvoorsiene uitgawes.
4. Beskikbaarheid van fondse vir finansieringsoorbrugging.

Finansiering

1. Beleggingsinkomste.
2. 70% van die verskil tussen die totaal van die spesiale deposito's en die totaal van die besteebare fondse.

Vergelyk die rekeningkundige beleidspunte 1.4 en 1.5 in die finansiële state van die GKK:

1.4 Oordrag na reserwefonds en na APK Trustfonds

Die verskil tussen die totaal van die spesiale deposito's en die totaal van die besteebare fondse word volgens Sinodebesluit 30% na die APK trustfonds en 70% na die reserwefonds toegedeel.

1.5 Kapitalisering van beleggingsinkomste teen die onderskeie fondse

Beleggingsinkomste verdien uit spesiale deposito's. Dit word toegedeel aan fondse volgens die onderskeie fondse se aandeel in die totaal van die fondse. Die GKK kan besluit om beleggingsinkomste van 'n bepaalde fonds toe te deel aan 'n ander fonds vir sover dit nie in stryd met reglemente van fondse geskied nie.

Aanwending

1. Die reserwefonds mag slegs aangewend word in ooreenstemming met die doel van die fonds.

Vir enige ander aanwending is ’n Sinodebesluit nodig.

AANBEVELING
11.1 Die Sinode keur bogenoemde uiteensetting goed.

11.2 Motivering
1. Die totale uitgawes vir 2006 het 6 891 360.00 (kapitale uitgawes uitgesluit) beloop en is die gevolgtrekking dat na 19 jaar die mikpunt 60% gerealiseer het.
2. Die vorige besluit om na 12 jaar genoeg fondse in die reserwefonds te hê om al die jaar se uitgawes te dek is na 19 jaar nog nie bereik nie.

12. WERKSAAMHEDE VAN DIE EIENDOMSKOMITEE

12.1 Vergaderings

Die eiendomskomitee het 13 vergaderings gehou en die nodige beplanning gedoen en beheer uitgeoefen oor die Jeugtuiste asook die instandhouding van die eiendomme van die GKK.

12.2 Geboue

12.2.1 Brookshuisterrein

Die leiklipteëldakke op die Brooklynperseël is vervang met betonteëls en lugversorgingseenhede is in die boekwinkel en die kantore op die eerste vloer aangebring.

AANBEVELINGS
12.2.1.1 Die Sinode keur dit goed dat die leiklipdakke op die Brooklynperseël vervang is met betonteëls teen ’n totale koste van R130 620.74.

12.2.1.2 Die Sinode keur dit goed dat lugversorgingseenhede in die boekwinkel en in die kantore op die eerste vloer van Brookshuis teen ’n totale koste van R75 316.96 aangebring is.

12.2.2 Afrikaanse Protestantse Akademie

Die Elfde Sinode het die eerste fase van die uitbreiding by die AP Akademie, tot ’n maksimum van R1,5 miljoen, goedgekeur. Die GKK het, na ontvangs van die tenders ’n bedrag, wat nie R1 625 000.00 te bowe gaan nie, bewillig en daar is gedurende Julie 2005 met die aanbouings begin. Die projek was gedurende Januarie 2006 so ver dat die AP Akademie die nuwe kantore en lesinglokale kon begin gebruik, hoewel daar nog sekere probleme was wat aangespreek moes word. Na afhandeling van die bouprojek, moes daar ook heelwat instandhouding aan die ou gedeelte van die AP Akademiegebou gedoen word, naamlik waterdigting van die dak, vervanging van verweerde houtraamvensters met staalraamvensters, verf binne en buite, vervanging van vloerbedekking in die kombuis en badkamers.

AANBEVELINGS
12.2.2.1 Die Sinode keur dit goed dat die oorskryding op die eerste fase uitbreiding by die AP Akademie R509 874.07 beloop het.

12.2.2.2 Die Sinode keur dit goed dat die nodige instandhouding aan die ou gedeelte van die AP Akademiegebou afgehandel is teen ’n totale koste van R78 733.86.

12.2.3 Jeugtuiste

’n Gedeelte van die teëldak by die Jeugtuiste is vervang met IBR sink teen ’n totale bedrag van R12 000.00 en die Jeugtuiste is buite geverf vir ’n bedrag van R12 415.00.

AANBEVELING
12.2.3.1 Die Sinode keur dit goed dat ’n gedeelte van die teëldak by die Jeugtuiste vervang is met IBR sink vir ’n bedrag van R12 000.00 en die Jeugtuiste buite geverf is vir ’n bedrag van R12 415.00.

12.3 Jeugtuiste bestuur

Sedert die afskaffing van die Beheerraad, het die Eiendomskomitee die take van die Beheerraad oorgeneem. Vanaf 10 Maart 2006 is dié take oorgedra na die Senaat van die AP Akademie**.**

AANBEVELING
12.3.1 Die Sinode keur dit goed dat die take van die Beheerraad, wat voorheen deur die eiendomskomitee behartig is, vanaf 10 Maart 2006 oorgedra is na die Senaat van die AP Akademie.

12.3.2 Motivering
Die dosente van die AP Akademie is nader aan die Jeugtuiste om direkte toesig uit te oefen.

12.4 Aantal inwoners in Jeugtuiste

Na die voltooiing van die aanbouings by die AP Akademie gedurende Januarie 2006 is die gedeelte van die Jeugtuiste, wat vroeër deur die AP Akademie gebruik is, weer tot die beskikking van die Jeugtuiste gestel en kon daar ’n verdere 3 kamers vir inwoners beskikbaar gestel word, terwyl een van die vorige lesingkamers nou as ’n bymekaarkomplek deur die inwoners van die Jeugtuiste gebruik word. Gedurende 2005 is 23 studente toegelaat tot die Jeugtuiste waarvan 1 gedurende die jaar die Jeugtuiste verlaat het. Gedurende 2006 is 24 studente tot die Jeugtuiste toegelaat waarvan 2 gedurende die jaar die Jeugtuiste verlaat het. Vir die jaar 2007 is 25 studente deur die Senaat van die Akademie gekeur vir inwoning in die Jeugtuiste.

12.5 Algemeen

Noodplan en brandbeveiliging

Op aanbeveling van die Brandweer is ’n addisionele brandtol by Brookshuis aangebring en twee by die AP Akademie. ’n Voorlopige noodplan is opgestel en word nou verfyn in samewerking met mnr. Matthys Geyser van Legricon.

13. GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Die geouditeerde finansiële state vir die jare 2004, 2005 en 2006 word as ’n aparte bylae (**Bylae GKK 4**) aangeheg.

13.1 Finansiële verslag 2004
13.1.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2004 (Bylae GKK 4.1)

13.1.2 Meting van die werklike bedrae teen die begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 2004 (Bylae GKK 4.1.1)

13.1.3 Kommissiewerk 1 Januarie 2004 tot 31 Desember 2004 (Bylae GKK 4.1.2)

Aanwending van die 15%-bydrae vir 2004 (Rand/%) (Bylae GKK 4.1.3)

AANBEVELING
13.1.4 Die Sinode keur die finansiële verslag vir 2004 goed.

13.2 Finansiële verslag 2005
13.2.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 (Bylae GKK 4.2)

13.2.2 Meting van die werklike bedrae teen begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 2005 (Bylae 4.2.1)

13.2.3 Kommissiewerk 1 Januarie 2005 tot 31 Desember 2005 (Bylae 4.2.2)

Aanwending van die 15%-bydrae vir 2005 (Rand/%) (Bylae 4.2.3)

AANBEVELING
13.2.4 Die Sinode keur die finansiële verslag vir 2005 goed.

13.3 Finansiële verslag 2006
13.3.1 Geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2006 (Bylae GKK 4.3)

13.3.2 Meting van die werklike bedrae teen begroting vir die jaar geëindig 31 Desember 2006 (Bylae 4.3.1)

13.3.3 Kommissiewerk 1 Januarie 2006 tot 31 Desember 2006 (Bylae GKK 4.3.2)

Aanwending van die 15%-bydrae vir 2006 (Rand/%) (Bylae 4.3.3)

AANBEVELING
13.3.4 Die Sinode keur die finansiële verslag vir 2006 goed.

14. BESKRYWINGSPUNTE

14.1 Ring van Olifantshoek: GKK-besluite

Die Sinode besluit dat die GKK en sy kommissies nie sake wat die kerkverband in diepte raak en wat kan oorstaan tot by ’n volgende Sinodesitting sal hanteer nie. Hier word spesifiek verwys na skrywe 20/2006 waar die traktementskale van 12 na 9 verminder word en die buitensporige verpligte aanpassing van pensioenbydraes deurgegee word.

Motivering
Sodanige besluite het verreikende komplikasies vir die kerke in die kerkverband. Alreeds drie jaar gelede, aldus die skrywe van die kerkkantoor, was daar sprake van ’n moontlike verhoging. Die saak moes dan drie jaar gelede op die Sinode se tafel gewees het en nie op ad hoc-basis aan die gemeentes deurgegee word nie.

AANBEVELING
14.1.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

14.1.2 Motivering
Die Elfde Sinode het besluit dat wanneer ’n beskrywingspunt indruis teen ’n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand ’n voorstel wil indien wat in stryd is met ’n bestaande besluit van ’n Sinode, moet dit by wyse van ’n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

14.2 Ring van Germiston: Hersiene traktementskale

Beskrywing
Die Sinode versoek die GKK om te besin in sake traktementskale vir predikante. Een skaal, gekoppel aan jare ondervinding, met ’n realistiese persentasie verhoging per jaar, in ag geneem die persentasie styging aanbeveel in die privaatsektor.

Motivering
Die verhogings deurgegee, deur die GKK plaas gemeentes onnodig onder finansiële druk as gevolg van onredelike verwagtinge wat deur die GKK by die predikante geskep word. Daardeur kan ’n predikant voel dat hy nie reg besoldig word nie.

Aan die ander kant staan die kerkraad/gemeente met ’n rooi gesig en skep ’n skuldgevoel deurdat die

verhoging deur die GKK nie finansieël nagekom kan word nie.

Dus ontstaan daar nou ’n situasie van onsekerheid by beide partye en verwagtinge wat onrealisties is. In die privaatsektor was die werklike verhogings tussen 4% - 7% per jaar, sonder enige aanpassings wat daarby ingesluit word.

Voorbeeld A
Leraar met 7 jaar ondervinding word beroep in 2004 en die traktementskaal vasgestel op R93 630.00. Een jaar later met 8 jaar ondervinding word die traktement aangepas na ’n hoër skaal op 7 jaar ondervinding na R99 528.00 en dan na die hersiene skaal op 8 jaar ondervinding verhoog na R105 528.00.

2004-2005
= 93 630 na 99 258 na 105 528
= 93 630 + (±6%) + (±6.3%)
= 93 630 + (± 12.7%)
= 105 528

2005-2006
= 105 528 na 112 386 na 119064
= 105 528 + (± 6.3%) + (± 6%)
= 105 528 + (± 12.8%)
= 119 064

2006-2007
119 064 na 126 810 na 133 920
= 119 064 + (±6.5%) + (±5.6%)
= 119 064 + (± 12.5%)
= 133 920

Of 2006-2007 met in ag neming van jare ondervinding

119 064 na 126 810 na 150 810
= 119 064 + (± 6.5%) + (± 19%)
= 119 064 + (± 26%)
= 150 810

Dit bring mee ’n 43% tot 61% styging in die traktementskale oor ’n tydperk van drie jaar.

Voorbeeld B
’n Leraar met geen ondervinding word beroep en bevestig in Januarie 2007 op die eerste kerf van jaar 1 volgens die traktementskale – R69 936. Daarna val die eerste 3 jaar se kerfvlakke weg en nou moet die traktement na verhoging R92 400 wees.

Dit is duidelik ’n verhoogde finansiële druk van 32% per jaar aangaande die traktement op die kerkraad/ gemeente waarvoor daar nie begroot is nie.

Kerkrade/Gemeentes wil graag hul leraars trakteer o.a. op ’n gesonder finansiële wyse om hom van bekommernisse oor die stoflike te vrywaar, maar met verantwoordelike inagneming van die gemeentes se finansiële vermoëns. Meeste AP Kerke is redelik klein, maar wil graag ’n leraar onderhou tot uitbreiding van die gemeente en koninkryk van ons Hemelse Vader.

Die bekommernis is dat daar gemeentes sal wees sonder leraars en leraars sonder gemeentes. Dit is ’n ongesonde geestelike situasie. Die opdrag is vir ons almal duidelik in die Bybel.

AANBEVELING
14.2.1Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

14.2.2Motivering
Die Elfde Sinode het besluit dat wanneer ’n beskrywingspunt indruis teen ’n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand ’n voorstel wil indien wat in stryd is met ’n bestaande besluit van ’n Sinode, moet dit by wyse van ’n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

14.3 Ring van Somerset-Oos: Die Sinode herbesin oor die stelsel van heffing van die 15% op gemeentes

Motivering
Inleiding:
Die bekostigbaarheid van ’n eie leraar is en sal altyd ’n finansiële probleem wees en die oplossing is nie altyd voor die hand liggend nie.

Probleemstelling:
Gemeentes wat dit finansieel nie breed het nie, sukkel om op ’n punt te kom waar ’n eie leraar bekostig kan word. Sodra daar fondse ingesamel word, is daar ’n heffing van 15% wat hulle kniehalter en met beperkte inkomste vertraag dit nie alleenlik hulle pogings nie maar veroorsaak ’n weerstand teen die stelsel. Daar word met waardering kennis geneem van die feit dat die sentrale kantooradministrasie fondse benodig vir noodsaaklike funksies van die kerk, en dit as sodanig nie afgestel kan word nie. Daar is egter ruimte vir verbetering wat die situasie kan oplos.

Eerstens moet daar onthou word dat die primêre doel van die kerk is om die gelowiges saam te voeg in Jesus Christus ons verlosser. Ten tweede moet ons in gedagte hou dat indien daar ’n finansiële reëling is wat die vernietiging van gemeentes bevorder, dit kontraproduktief is en dus on-Bybels.

Indien ’n gemeente R200 000 per jaar nodig het om ’n leraar te kan bekostig, moet hy in werklikheid R230 000 op ’n volhoubare basis te kan insamel om te bestaan. Kan hy dus nie die verwagte bedrag genereer nie, verval hy in skuld en moet hy aansoek doen om finansiële hulp van die SKK. Die fondse word op sy beurt verkry van ander gemeentes wat nie noodwendig oortollige fondse het nie.

Oplossing:
Die gedeelte wat gemeentes betaal aan die besoldiging van leraars word vrygestel van die 15% heffing.

Dit sal die gevolg hê dat gemeentes wat huidiglik 'n bestaanstryd voer, beter sal kan funksioneer. Geld sal nie meer die daaglikse besprekingspunt wees nie en daar sal gekonsentreer kan word op die pad na Jesus. Sodra die finansiële druk verlig word, het die geskiedenis ons geleer dat daar meer spontane geloofsbelewings geskied en dit op sy beurt weer lei tot geloofsverdieping en met harte wat warm klop in Jesus, open die beursies sonder dat daar gevra hoef te word. Die SKK sal nie meer betrokke wees om gemeentes te help of die oorsaak te wees dat 'n hele gemeente sy deure moet toemaak vir die feit dat hulle nie die 15% kan bekostig nie.

Daar is wel hulp wat verskaf word aan sukkelende gemeentes maar daar moet indringend gekyk word na die finansiële bestuur van diesulkes as alternatief tot die verskaffing van fondse. Dit gebeur baie selde dat 'n gemeente wat op 'n punt kom om finansiële hulp te verkry, wel bo uitkom. Die hoofrede daarvoor is omrede die fokus so op fondsinsameling geplaas word dat die verkondiging van die Woord verwaarloos raak.

Die Sinode moet ophou om te kyk na die funksionering van die Sinode en eerder die klem stel op die bestaansreg van die onderskeie gemeentes. Deur die behoud en stigting van gemeentes met bestaansreg, sal daar outomatiese uitbreiding van die AP Kerk in geheel wees en dus sal die GKK op die langduur daardeur baat. Langtermynbeplanning is nodig en met die nodige visie is daar 'n oplossing.

Die Sinode besluit dat die agterstallige 15% bydrae van die AP Kerke Uitenhage en Graaff-Reinet afgeskryf word.

Motivering
Die AP Kerk Uitenhage is agterstallig wat die 15% heffing betref vir Desember 2004, Desember 2005 asook November en Desember 2006. Die AP Kerk Graaff-Reinet is agterstallig wat die 15% heffing betref vir November en Desember 2006. Dit is 'n tydperk in die gemeentes waarin die dankoffers nie na wense is nie. Albei hierdie gemeentes is relatief baie klein en kry tans finansieel baie swaar.

Die beskrywingspunt is deur die Ring van Somerset-Oos goedgekeur tydens die Ringsvergadering op 10 Maart 2007 te Graaff-Reinet, met die volgende wysiginge:

Die eerste sin van die beskrywingspunt word verander na:

Die Sinode besluit dat die basiese traktement volgens skaal van leraars vrygestel word van die 15% heffing.

Die woorde "bestaansreg" in die laaste paragraaf word telkens vervang met: "lewensvatbaarheid".

Motivering
Die bekostigbaarheid van 'n eie leraar is en sal altyd 'n finansiële probleem wees en die oplossing is nie altyd voor die hand liggend nie.

Probleemstelling:
Gemeentes wat dit finansieel nie breed het nie, sukkel om op 'n punt te kom waar 'n eie leraar bekostig kan word. Sodra daar fondse ingesamel word, is daar 'n heffing van 15% wat hulle kniehalter en met beperkte inkomste vertraag dit nie alleenlik hulle pogings nie maar veroorsaak 'n weerstand teen die stelsel. Daar word met waardering kennis geneem van die feit dat die sentrale kantooradministrasie fondse benodig vir noodsaaklike funksies van die kerk, en dit as sodanig nie afgestel kan word nie. Daar is egter ruimte vir verbetering wat die situasie kan oplos.

Eerstens moet daar onthou word dat die primêre doel van die kerk is om die gelowiges saam te voeg in Jesus Christus ons verlosser. Ten tweede moet ons in gedagte hou dat indien daar 'n finansiële reëling is wat die vernietiging van gemeentes bevorder, dit kontraproduktief is en dus on-Bybels.

Indien 'n gemeente R200 000 per jaar nodig het om 'n leraar te kan bekostig, moet hy in werklikheid R230 000 op 'n volhoubare basis te kan insamel om te bestaan. Kan hy dus nie die verwagte bedrag genereer nie, verval hy in skuld en moet hy aansoek doen om finansiële hulp van die SKK. Die fondse word op sy beurt verkry van ander gemeentes wat nie noodwendig oortollige fondse het nie.

Oplossing:
Die gedeelte wat gemeentes betaal aan die besoldiging van leraars word vrygestel van die 15% heffing.

Dit sal die gevolg hê dat gemeentes wat huidiglik 'n bestaanstryd voer, beter sal kan funksioneer. Geld sal nie meer die daaglikse besprekingspunt wees nie en daar sal gekonsentreer kan word op die pad na Jesus. Sodra die finansiële druk verlig word, het die geskiedenis ons geleer dat daar meer spontane geloofsuitlewing geskied en dit op sy beurt weer lei tot geloofsverdieping en met harte wat warm klop in Jesus, open die beursies sonder dat daar gevra hoef te word. Die SKK sal nie meer betrokke wees om gemeentes te help of die oorsaak te wees dat 'n hele gemeente sy deure moet toemaak vir die feit dat hulle nie die 15% kan bekostig nie.

Daar is wel hulp wat verskaf word aan sukkelende gemeentes maar daar moet indringend gekyk word na die finansiële bestuur van diesulkes as alternatief tot die verskaffing van fondse. Dit gebeur baie selde dat ’n gemeente wat op ’n punt kom om finansiële hulp te verkry, wel bo uitkom. Die hoof rede daarvoor is omrede die fokus so op fondsinsameling geplaas word dat die verkondiging van die Woord verwaarloos raak.

Die Sinode moet ophou om te kyk na die funksionering van die Sinode en eerder die klem stel op die lewensvatbaarheid van die onderskeie gemeentes. Deur die behoud en stigting van gemeentes met lewensvatbaarheid, sal daar outomatiese uitbreiding van die AP Kerk in geheel wees en dus sal die GKK op die langduur daardeur baat. Langtermynbeplanning is nodig en met die nodige visie is daar ’n oplossing.

AANBEVELING
14.3.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

14.3.2 Motivering
Die Elfde Sinode het besluit dat wanneer ’n beskrywingspunt indruis teen ’n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand ’n voorstel wil indien wat in stryd is met ’n bestaande besluit van ’n Sinode, moet dit by wyse van ’n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

14.4 Ring van Clanwilliam: Pensioenfonds

Die Sinode besluit om die GKK te versoek om ondersoek in te stel na die moontlikheid om die kerkverband se pensioenfonds te omskep na ’n vaste bydraefonds op die beginsel van regmatige aandeel (elke bydraer dra dus in sy eie fonds tot eie voordeel by) binne die groter fonds en dat die bostaande geskied deur die wysiging van fondsreëls of die ontbinding van die huidige fonds en skep van ’n nuwe fonds.

Motivering
Bydraes tot die kerkverband se aftreefonds beloop tans 28% van leraars se bruto besoldiging, hoofsaaklik omdat die fonds gebaseer is op die sogenaamde vaste voordeel konsep, wat beteken dat ’n waarde aan die pensioen gekoppel word teen byvoorbeeld 80% van laaste salaris verdien.

Dit is ’n konsep wat sekere nadelige gevolge het:

Jonger lede kruis subsidieer ouer lede se aftreekoste. Die werkgewer, in die geval van die kerkverband, moet tekorte op die geraamde aftreeverpligting befonds, met die volgende logiese gevolge:

Reuse verpligting op die kerkverband.

Skerp toenames in bydraekoerse op jaarlikse basis. Die belastingvoordeel wat bydraers kry, word deur die wet beperk, wat beteken die oorskot kan eers by aftrede benut word; gegewe die tydwaarde van geld – teen ’n reuse verlies oor ’n loopbaan van 40 jaar.

Klein en nuwe plattelandse gemeentes sal toenemend sukkel om die verpligting na te kom, veral in die geval van ouer leraars.

AANBEVELING
14.4.1 Die Sinode volstaan met die besluit, geneem by die verslag van die Raad van Trustees van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds.

14.5 Ring van Bethlehem: Afskryf van agterstallige 15%

Die Sinode besluit dat die agterstallige finansiële verpligting van die gemeente van Lindley aan die Sentrale Kerkkantoor afgeskryf moet word.

Motivering
By ’n vorige geleentheid was, op versoek van die gemeente van Lindley, die toegewing deur die Sentrale Kerkkantoor gemaak dat die verskuldigde bedrag nie gevorder sal word nie, alhoewel dit nog nie amptelik afgeskryf is nie. Derhalwe die versoek dat dit nou afgeskryf moet word.

AANBEVELING
14.5.1 Die Sinode neem kennis dat die agterstallige 15% bydraes van AP Kerk Lindley reeds deur die GKK afgeskryf is.

14.6 Ring van Stellenbosch: Jaarlikse aanslag

Die Sinode besluit dat gemeentes met ’n inkomste van minder as R50 000 per jaar tegemoet gekom word deur hulle jaarlikse aanslag op R250 per maand vas te stel.

Motivering
1. Gemeentes met ’n klein lidmaattal sukkel om hulle finansiële verpligtinge jaarliks na te kom.

2. Die volgende probleme word ondervind:

2.1 Gemeentes met klein lidmaattal het merendeels nie ’n eie gebou nie en moet lokale huur om eredienste in te hou.

2.2 Hierdie gemeentes het nie ’n leraar wat hulle bedien nie en moet met geleenthede soos nagmaal, kerkraadsvoorstellings, belydenisaflegging en begrafnisse leraars van elders uitnooi om hierdie bediening waar te neem wat hulle baie geld kos.

2.3 Gemelde gemeentes stel soms ’n nagmaalsgeleentheid af, kan nie met Goeie Vrydag nagmaal

hou nie omdat hulle dit nie kan bekostig om predikante vir hierdie geleenthede te bekom nie.

2.4 Gemelde gemeentes maak soms van leraars van ander gemeentes gebruik om jaarliks huisbesoek in dié gemeente te doen wat ook ’n finansiële las op hulle lê.

2.5 Amptenare soos die koster, orrelis, skriba en kassiere van hierdie gemeentes verrig meestal gratis diens omdat daar nie geld is om hulle te betaal nie.

3. Hierdie toegewing raak nie besluit 31.2 Handelinge van die Sinode bl. 369 van 2004 nie, aangesien dit ’n nuwe saak is wat voor die Sinode dien.

AANBEVELING
14.6.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

14.6.2Motivering
Die Elfde Sinode het besluit dat wanneer ’n beskrywingspunt indruis teen ’n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand ’n voorstel wil indien wat in stryd is met ’n bestaande besluit van ’n Sinode, moet dit by wyse van ’n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

14.7 Ring van Naboomspruit: Bestuur van finansies deur die kerkraad

Die Sinode besluit om:
a. die volgende finansiële bestuursbeginsel as Sinodebesluite goed te keur.
b. Om dit in die bylaag van die Kerkorde getiteld “Sinodebesluite” te publiseer.

Finansies van die plaaslike AP Kerk

1. Die kerkraad is verantwoordelik vir die bestuur van en toesig oor die finansiële sake van die plaaslike AP Kerk.

2. Die kerkraad is verplig om toe te sien dat behoorlike boekhouding plaasvind van alle finansiële sake van die plaaslike AP Kerk.

3. Die kerkraad is verbind om alle besluite van Sinodes i.v.m. die finansies van ’n plaaslike AP Kerk uit te voer.

4. Die kerkraad moet verkieslik ’n kommissie benoem om gereeld aan die kerkraad verslag en aanbevelings te doen i.v.m. alle finansiële sake van die kerkraad/gemeente.

5. Die finansiële boeke van die kerkraad moet jaarliks direk na afsluiting van die boekjaar deur ’n eksterne ouditeur volledig geoudit word.

6. Die kerkraad moet so gou moontlik na die oudit die betrokke verslag behandel en die finansiële state goedkeur of waar nodig, laat verander.

7. Die kerkraad mag net een lopende bankrekening hê. Fondse van die susters, jeug, ensovoorts word behandel as trustfondse in die kerkraad se rekening.

8. Die boekie van br. CJ de la Rey word as bylae tot hierdie artikel beskou en kerkrade is verplig om by die beginsels daarin vervat, te hou.

Motivering
1. By die vergadering van die Ring van Naboomspruit van 2006 het dit geblyk dat daar geen artikels in die Kerkorde is wat oor die bestuur van die finansies van ’n gemeente handel nie.

2. Dit het al tot gevolg gehad dat kerkrade nie behoorlike bestuur van hulle finansies toegepas het nie en in groot moeilikhede beland het.

AANBEVELINGS
14.7.1 Die Sinode keur dit goed dat punte 1 tot 7 van die beskrywingspunt in die bylaag van die Kerkorde getiteld “Sinodebesluite” opgeneem word.

14.7.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om *Omsendbrief 4/1993* weer te bestudeer.

14.8 Ring van Naboomspruit: Reiskoste van leraars

Die Sinode besluit om die amptelike besluit i.v.m. reiskoste dringend aan te pas.

Motivering
Die amptelike tarief vir reiskoste binne die kerkverband is tans R2-00 per kilometer. Die AA-tariewe vir ’n motor van 1800 cc teen ongeveer R150 000 met ’n reisafstand van ongeveer 3 000 km per maand is tans ongeveer R3-66.

AANBEVELING
14.8.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

14.8.2 Motivering
Die Elfde Sinode het besluit dat wanneer ’n beskrywingspunt indruis teen ’n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand ’n voorstel wil indien wat in stryd is met ’n bestaande besluit van ’n Sinode, moet dit by wyse van ’n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

14.9 Ring van Graniet: 15% op susters se insamelings

Die Sinode besluit dat 15% van alle kontantontvangste van ’n gemeente aan die Gemeenskaplike Kerk-

kantoor oorbetaal word en dat dit soos volg uitgebrei moet word:

1. 15% van alle dankoffers en erediens kollektes, asook basaar inkomste moet oorbetaal word, maar op fondsinsameling of fondse wat deur die susters ingesamel word, word nie 15% gehef nie.

Motivering
1. Die ideaal bly dat gemeentes (plaaslike kerke) deur dankoffer inkomste en erediens kollektes sal bestaan, maar dat dit onder die huidige omstandighede onmoontlik geword het vir sommige kerke op die platteland om hulle verpligtinge na te kom.

2. Gemeentes op die platteland se lidmate bestaan hoofsaaklik uit middeljarige lidmate waarvan 'n groot groep pensioenarisse is. Baie van hierdie lidmate het self hulp nodig. Fondse is nie altyd beskikbaar om hulp te verleen nie en baie is sonder werk.

3. Bejaarde susters en broers poog om addisionele fondse te in ten einde die allernoodsaaklike dienswerk te verseker. Dit was sekerlik nie die aanvanklike doelstelling toe die AP kerkverband tot stand gekom het nie.

4. Die doel van die Kerk is tog ten eerste om die Woord van God aan sy lidmate te verkondig. Ons besef en verstaan dat die GKK fondse nodig het om hulle verantwoordelikhede na te kom, maar om oordeelkundig met hulle geldsake te werk en nie om skatte te versamel waar mot en roes dit kan verniel nie en bo alles nie ten koste van gemeentes nie.

5. Predikante het 'n luukse geword wat kleiner gemeentes nie kan bekostig nie. Waar moet hierdie gemeentes fondse vandaan kry om 'n leraar te bekom wat die Woord van die Here aan hulle kan bedien. Op die gelde wat deur hierdie gemeentes ingesamel word moet daar dan nog 15% aan die GKK oorbetaal word.

AANBEVELING
14.9.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

14.9.2Motivering
Die Elfde Sinode het besluit dat wanneer 'n beskrywingspunt indruis teen 'n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand 'n voorstel wil indien wat in stryd is met 'n bestaande besluit van 'n Sinode, moet dit by wyse van 'n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

14.10 Ring van Moot-Sentraal:

14.10.1 Pensioene van leraars

Die Sinode besluit:
Dat die GK dringend die pensioen van leraars moet ondersoek en aanpas ten einde 'n kommerlose aftrede tegemoet te gaan.

Motivering
1. Die huidige pensioen vergelyk swak met pensioene van staatsamptenare en pensioenarisse in die privaat bedryf.

2. Die Kerkraad neem toenemend kennis van leraars se kommer oor 'n kwaliteitslewe vir hulle en hulle gades na aftrede.

3. Leraars behoort soos ander pensioenarisse rustig te kan terugdink aan die akker waar hard gewerk is; soveel te meer as die gesondheid swak is.

AANBEVELING
14.10.1.1 Die Sinode volstaan met die besluit, geneem by die verslag van die Raad van Trustees van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds.

14.10.2 15% heffing op fondse aan 'n onafhanklike instansie

Die Sinode besluit dat:
1. Wanneer 'n gemeente 'n wetlike geskrewe verbintenis met 'n onafhanklik beheerde instansie het, en die kerkkantoor tree op as tussenganger vir die oordrag van fondse, is die fondse na hierdie instansie nie onderhewig aan die 15% heffing nie, bv. ouetehuise, kerkskole of versorgingstehuise.

Motivering
Gemeentes kan hulle diens van barmhartigheid uitbrei na instansies waar spesialis diens aan volksgenote gelewer word met al die fondse wat vir daardie instansie geoormerk word.

Hierdie fondse vir die diens van barmhartigheid is bo en behalwe die normale bydraes van die lidmate.

'n Sinodebesluit van 91/303/2.8.4.1 stel gemeentes vry van 'n heffing op fondse wat geoormerk is om 'n spesifieke barmhartigheidsnood aan te spreek.

AANBEVELING
14.10.2.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

14.10.2.2 Motivering
Die elfde Sinode het besluit dat wanneer 'n beskrywingspunt indruis teen 'n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand 'n voorstel wil indien wat in stryd is met 'n bestaande besluit van 'n Sinode, moet dit by wyse van 'n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

14.10.3 Verhuring van kerkeiendom

Die Sinode besluit dat:
1. Wanneer eiendom van die Gemeente uitverhuur word, mag die onkoste wat deur so 'n verhuring ontstaan, van die huurgeld afgetrek word en dan word die netto bedrag met 15% aangeslaan.

2. As die eiendom reëlmatig verhuur word en die onkoste oorskry 'n enkele huurpremie, moet die verwerking by die einde van die finansiële jaar afgehandel wees.

Motivering
Die Kerkraad is aangestel as 'n onafhanklike regspersoon oor die eiendom van die gemeente volgens Art. 32 van die Kerkorde van 2004.

Die verhuring genereer wel 'n kontantinkomste maar die koste om enige skade deur die huurder aan die eiendom reg te maak, behoort eers afgetrek te word ooreenkomstig die Inkomstebelasting reëls.

Die Kerkraad mag outonome besluite neem volgens die Kerkorde maar wanneer die eiendom 'n inkomste genereer, raak dit die GKK, daarom wil die Kerkraad 'n duidelike riglyn hê rondom die 15% aanslag.

AANBEVELING
14.10.3.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

14.10.3.2 Motivering
Die Elfde Sinode het besluit dat wanneer 'n beskrywingspunt indruis teen 'n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand 'n voorstel wil indien wat in stryd is met 'n bestaande besluit van 'n Sinode, moet dit by wyse van 'n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

14.10.4 Besluitregister rondom die 15% heffing

Die Sinode besluit dat:
Die Sinode besluite tot dusver rondom die 15% heffing te versamel in een dokument wat verwysings na die besluite sal vergemaklik.

Motivering
1. Om die tientalle skynbare onsamehangende besluite saam te vat in een dokument wat 'n beter begrip vorm van die beginsels waarop besluite rus. (Die verwysing verwys na die jaar waarin die Sinode plaasgevind het met die bladsynommer en die punt van die Handelinge.)

2. Om aan kerkrade 'n volledige besluiteregister te gee waarvolgens onnodige herhalende tydverkwistende redenasies vermy kan word.

3. Om die term "kontant ontvang" te verduidelik.

4. Besluite behoort gedurig aan die vereiste van die dag gemeet te word en indien nodig vernuwe word.

5. Baie herhalende besluite oor die jare is nie in hierdie dokument opgeneem nie.

Ontstaan
1. Tien persent van alle gemeentelike inkomste word aan die SKK gestuur vir kantooruitgawes. Vyf persent van alle gemeentelike inkomste word vir die Teologiese skool oorbetaal. Dus word in totaal 'n 15% aanslag aanbeveel (87-64-1 en 2).

Kontant ontvang
1. Die Sinode bevestig ook die besluit van 1988, nl. die Sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawes te bereken volgens sy beskikbare inkomste. Alle gemeentes dra tot die sinodalefondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontant ontvangste. Totale kontant ontvangste sluit o.m. in: insamelings van susters, jeug, diakonie, ensovoorts, rente ontvang op beleggings van die kerkraad (93-252-6.2.1) (95-279-11.15.1).

2. Rente uit beleggings wat gemaak is van fondse waarop alreeds 15% betaal is, was vrygestel van die 15% aanslag vanaf 1 Januarie 1990 (89-420-45.5.3), (91-303-2.8.4) tot met die Sinode van 1993 toe die aanslag weer op rente ingestel is (93-253-6.2.1).

3. Die Sinode aanvaar nie die beskrywingspunt oor 'n gedifferensieerde persentasie stelsel nie, maar hou by 'n eenvormige stelsel, nl. dat alle gemeentes dieselfde persentasie van hulle ontvangstes bydrae (95-278-11.4.1).

4. Die Sinode besluit om geen insamelings of fondse vry te stel by die berekening van die persentasie vir sy sinodale bydrae nie en dus bly die besluit van 1995 (97-318-5.1.3).

Bevestiging van die 15% aanslag
1. Die Sinode handhaaf die persentasiebasis vir bydrae van gemeentes vir die finansiering van sinodale werksaamhede. Die Sinode besluit dat die gemeente bydrae 'n maksimum van 15% van die totale inkomste van 'n gemeente bedra en dat kerkrade die bedrag maandeliks sal oorbetaal. Van hierdie bedrae word 2/3 aangewend vir fondse onder die beheer van die SKK en 1/3 vir teologiese opleiding (88-93-87.1).

2. Die Sinode handhaaf sy besluite tot dusver oor sinodale bydrae en bly dus by die reëling dat 15% van gemeentelike kontant inkomste oorbetaal word. Die Sinode onderskryf ook die FK se standpunt dat die stelsel van sinodale bydraes so eenvoudig moontlik moet wees sonder onnodige uitsonderings (90-512-7.2.2).

3. Die Sinode besluit om te hou by die 15% bydraes van die gemeentes, sodat die vyfde leerstoel gouer bekostigbaar word en moontlik in 1996 geïmplementeer word ná finale raadpleging deur die Kuratorium, FK en BRKA (95-279-1.10.2).

4. Alle gemeentes dra by teen 'n vaste koers van 15% (95-279-11.15.1) (95-280-2.1.3).

5. Die Sinode besluit dat kerkrade daarop moet let dat terwyl hulle deel in die voordele van die kerkverband, hulle ook moet deel in die verpligtinge van die kerkverband (97-283-3.15.2).

6. Die Sinode besluit om te hou by die besluit van 1993. Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste (97-283-5.1.3).

7. Die Sinode keur die beskrywingspunt (rente op oortrokke bankrekenings aftrekbaar van die 15%) nie goed nie (01-454-11.2.1).

8. Die Sinode keur die beskrywingspunt (leraarspos vrygestel van 15% bydrae) nie goed nie (01-455-11.5.1).

9. Die Sinode keur die beskrywingspunte (vermindering van 15% bydraes) nie goed nie (01-462-5.11).

10. Die Sinode besluit dat die *status quo* van 15% bydraes gehandhaaf word (04-363-17.2.4).

11. Die Sinode besluit om die 15%-bydrae van kerkrade aan die GKK te handhaaf. Die beginsel van die persentasie-bydrae word gehandhaaf (04-369-31.1).

Regskoste
1. Die Sinode volstaan met die huidige vereiste dat Groot Marico vir die regskoste verantwoordelik is en dat die 15% nie daarvoor gepenaliseer mag word nie (04-501-8.1).

Erflating
1. Die Sinode besluit dat 'n erflating met sy betrokke voorwaardes nie onderworpe gestel kan word aan die persentasie bydrae nie (97-284-3.20.1).

Lenings
1. Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie kontantontvangste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, is dit 'n kontantontvangste (93-252-6.2.1).

Eiendomme
1. Die Sinode stel dit as beleid dat gemeentes almal dieselfde persentasie van die gemeente se totale inkomste aan die Sinode oorbetaal. Saaklike (eiendomlike) skenkings (bv. Orrel, Nagmaalservies, grond) kom nie in aanmerking vir die 15% heffing nie. Wanneer 'n eiendom wat geskenk is, onprakties geleë is vir die gebruik in die gemeente, kan so 'n eiendom wel vervreem word sonder dat die bedrag wat verkry is vir die vervreemde eiendom, bereken gaan word met die % bydrae, met dien verstande dat die fondse aangewend sal word vir 'n meer geskikte eiendom. Sou geskenkte eiendom wel vervreem word sonder dat die fondse daarvan gebruik sou word vir meer geskikte eiendomme, dan is dit met die % bydrae berekenbaar (88-54-8.1.12).

2. Die basis van sinodale bydraes soos in 1987 en 1988 besluit, word weer toegepas. Die Sinode bevestig ook die besluit van 1988, nl. die Sinode stel dit as sy beleid om sy lopende uitgawes te bereken volgens sy beskikbare inkomste. (Die besluit (91-303-2.8.4.1) om vrystelling van die 15% heffing op fondse wat vir bou doeleindes of boumateriaal geoormerk was, word hiermee herroep) (93-252-6.2.1).

Bedieningsooreenkoms
1. Gelde van 'n kerkraad ontvang t.o.v. leraars traktement kragtens 'n bedieningsooreenkoms, is uitgesluit van die heffing, want daar is reeds 15% op die geld deur die ander gemeente betaal (90-512-9.2.2).

2. Gelde wat uit gemeentes wat in kombinasie is, ontvang word, word nie gereken as kontant ontvangste nie. In die boekhouding is dit 'n kontra-inskrywing (91-298-3.5).

3. In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetaal, nie 'n tweede keer bereken vir die persentasiebydrae nie (93-252-6.2.1).

Trustrekeninge (Deurgangfondse)
1. Die Sinode besluit om 'n heffing van 15% op alle kerklike (gemeentelike) inkomste te plaas vir administratiewe verantwoordelikheid van kerke in verband/verbond wat ook teologiese opleiding van studente insluit. Vir die doel van berekening is alle gelde wat gemeentelik (plaaslik) as trustgeld hanteer word, uitgesluit.

Dit sou insluit:
1. Gelde van kerkraad ontvang t.o.v. leraars traktement kragtens 'n bedieningsooreenkoms (reeds goedgekeur 90-512-9.2.2).

2. Gelde deur 'n kerk ontvang as sy bydrae om 'n spesifieke barmhartigheidsnood aan te spreek. (Vervang deur 'n besluit van 93-252-6.2.1.)

3. Geld deur lidmate voorwaardelik aan die kerk toevertrou om of 'n kerkgebou op te rig of boumateriaal aan te koop (vervang deur 'n besluit van 93-252-6.2.1) (91-303-2.8.4.1).

(*Beginsel verduideliking:- Hierdie is fondse wat die kassiere ontvang ten behoewe van 'n derde onafhanklike regspersoon, daarom word die naam deurgangfondse gebruik om verwarring te vermy met 'n Trustfonds. Lidmate spesifiseer gewoonlik dat hulle bydraes na hierdie persoon gekanaliseer word en die kassier betaal oor wat ontvang is. Die fondse word soos 'n trustrekening hanteer en is nie onderhewig aan die 15% heffing nie, soos Barmhartigheidsdiens (nie onder beheer van die Kerkraad nie), Bybelverspreiding, kolporteursboeke, Psalm en Gesangeboeke, Willie Lubbe Studiefonds, Christelike Seemans Organisasie, Kinders van die Lig, ensovoorts. Die inbetalings word met 'n gemeente kwitansie bevestig en transaksies word in die gemeente se boeke aangestip en geouditeer).*

Lasgewing
1. Die Sinode versoek Ringe om in hulle kerkvisitasie ernstig aandag te gee dat die beginsels van sinodale bydrae suiwer toegepas word (91-303-2.8.4.3).

2. Die Sinode versoek Ringe om toe te sien dat 'n sertifikaat deur die ouditeur verskaf is dat elke gemeente 15% van sy kontantinkomste aan die Kerkkantoor oorbetaal het, soos die Sinode besluit het. Enige navrae moet deur die Tydelike Finansiële Kommissie opgeklaar word vir rapport aan die Sinode (91-303-2.8.4.4).

3. Die Sinode doen weereens 'n beroep op die kassiere van gemeentes om die oorbetalings (15% heffing) aan die Kerkkantoor so vroeg as moontlik elke maand te doen – indien moontlik voor die 7de van die maand (91-304-2.8.4.6). (*Die besluit om voor die 5de te betaal word hiermee vervang [88/8 pt…] (LW. Dat mediese fonds- en pensioenfondsbydraes voor die eerste van die maand gedoen moet word,* 04-365-27.1).

4. Die persentasieheffing is bindend op Kerkrade en verpligtend om uit te voer (95-276-8.4.1.1).

5. Agterstallige gemeentes moet binne 60 dae na die verskyning van die Handelinge sy vereffening daarvan met die BRKA bespreek (95-276-8.4.1).

6. Alle gemeentes moet stiptelik en nougeset die 15% aan die SKK betaal (99-413-13.6.1).

7. As die betaling van die heffing langer as 'n maand agterstallig is, word rente teen die bank oortrekkingskoers bereken (90-553-1), (97-355-2.7). (*'n Aanbeveling van die aktuaris in 1991 het 'n moratorium op die besluit geplaas en aanbeveel dat weer na die besluit gekyk word. Paragraaf 2 hierbo is toe aanvaar* (91-303-2.8.4.4).)

8. Die Sinode besluit dat 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15% bydrae, daarvoor aanspreeklik bly en die agterstallige bedrae moet vereffen (95-276-8.4.1), (97-355-2.2), (97-326-2.2.1).

9. Die Sinode gee opdrag aan ringe om noukeurig 'n opname te maak van elke agterstalligheid en wat is i.v.m. met terugbetaling met die BRKA gereël. Elke ring sien toe dat die reëlings hierbo nagekom word (95-276-8.4.1).

10. Die Sinode dra dit aan elke ring op om dringend en gereeld die volgende sake ernstig te hanteer: om tydens visitasie aandag te gee aan gemeentes in sy ringverband wie se 15% bydraes uitstaande is, volgens die lys wat deur die rekenmeester voorsien word; om aan die BRKA hieroor verslag te gee direk na die ringsitting, maar nie later as 31 Mei van die bepaalde jaar nie; om van elke kerkraad in sy ringsverband 'n afdruk van die F1-vorms as deel van die finansiële verslag aan te vra (97-272-4.3.5.5).

11. AP Kerke wat weier om hulle finansiële verpligtinge en verantwoordelikhede t.o.v. besluite wat deur die Sinode t.o.v. finansies is na te kom, het hulleself buite akkoord gestel. Die Sinode besluit om hierdie handelinge wat voortspruit uit punt 1, te verwys na die KKS, FK en SKK om die konsekwensies van buite akkoord, (punt 1) met die betrokke kerkrade uit te klaar. Die eersvolgende Sinode besluit finaal oor uittrede uit die kerkverband (99-405-3.7.2).

12. Die Sinode maak in die kerkorde voorsiening vir lasgewing aan ringskribas om doeltreffend en spoedig op te tree om gemeentes wat agterstallig raak met hul 15% bydraes deur die ring aan te spreek (99-411-9.1.4.1).

13. Die Sinode neem standpunt in teen gemeentes wat volhard teen Sinodebesluite en vestig sodanige gemeentes se aandag daarop dat hulle hulleself blootstel daaraan om hulleself buite akkoord van die AP kerkverband te stel volgens die goedgekeurde prosedures. Ringe word versoek om dringend aan die GKK en KKS te rapporteer oor die prosedure soos goedgekeur in punt 13.1 hierbo, (04-362-13.9) (punt 13.1 04-bl. 43 in die Sakelys).

AANBEVELINGS

14.10.4.1 Die Sinode besluit dat die GKK die Sinodebesluite tot dusver in verband met die 15% heffing versamel in een dokument wat verwysings na die besluite sal vergemaklik.

14.10.4.2 Die Sinode dra dit aan die GKK op om 'n opsomming van staande geldige besluite te maak.

14.11 Ring van Vereeniging: omstandighede in die Vaal Driehoek

Die Ring bestaan uit 3 gemeentes nl. Vereeniging, Vanderbijlpark en Fochville. Allereers dien ter ver-

duideliking dat die betrokke kerke openbaar gemaak het met ’n gesindheid wat eenparig was deur al die afgevaardigdes teenwoordig om uitdrukking te gee aan die eenswesens van die kerke in kerkverband om die 15% bydrae oor te betaal sonder terughouding van fondse.

Na die afskrywing van die skuld van die AP Kerk Fochville slaag hulle daarin en sonder selfs al die deurkollektes af aan die AP Kerk Potchefstroom vir studentebearbeiding. AP Kerk Vanderbijlpark het enkele suksesvolle oorbetalings gemaak dog die middele daartoe skiet tekort om dit op ’n gereelde basis by te bring.

AP Kerk Vereeniging onderneem om ’n groter bydrae te maak om uiteindelik die ideaal te bereik. Versorging van noodbehoeftige gesinne word gereeld gedoen. Afleggings by Yskor en dreigende werkloosheid het ’n invloed op die dankoffer. Al drie kerke woeker om naas die maandelikse dankoffer ekstra inkomste te genereer deur o.a. vleisbewerking, funksies en ander verkope te reël.

Die plaaslike kerke moet egter in stand gehou word. Dit is primêr die roeping van die kerk onder die heerskappy van Jesus Christus die Hoof van sy Kerk. Net Hy kan die kandelaar verwyder as ons nie ons roeping uitleef nie. Drie kerke elk met selfstandige versorging eens, verkeer in afhanklikheid. Ons vermoed dieselfde geld vir Meyerton en seker andere ook.

Hou geduld met die kerke in ywer en verlange om te kan oorleef en die kuddes van die Here te versorg en te deel in die opleiding van leraars en die nodige administrasie in gemeenskaplike belang.

AANBEVELING
14.11.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

4.11.2 Motivering
Die Elfde Sinode het besluit dat wanneer ’n beskrywingspunt indruis teen ’n bestaande Sinodebesluit, dit nie ontvanklik sal wees nie. Indien iemand ’n voorstel wil indien wat in stryd is met ’n bestaande besluit van ’n Sinode, moet dit by wyse van ’n beswaarskrif gedoen word (Art. 31).

15. Beswaarskrif: Ring van Olifantshoek

Tersaaklike Sinodebesluit(e):
Handelinge van die Eerste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk in sitting 2-6 November 1987:
Punt 103.1 (bl. 64): “Tien persent van alle gemeentelike inkomste word aan die SKK gestuur vir kantooruitgawes.”
Punt 103.2 (bl. 64): “Vyf persent van alle gemeentelike inkomste word vir die Teologiese skool oorbetaal.” Dus word in totaal ’n 15% aanslag aanbeveel – Goedgekeur.”
In samehang met:
Punt 30.1 (bl. 22): “Die Sinode stel dit as sy beleid om sy uitgawes te bereken volgens sy inkomste op ’n kontantbasis sover moontlik.”

Motivering
Nadele van huidige besluit:
a. ’n Persentasiebasis soos tans is nie die regverdigste, billikste en effektiefste metode van aanslag nie. (’n Voorwaarde wat tydens vorige Sinodesittings deur die FK as voorvereiste gestel is.)

b. Die huidige stelsel van bydraes is nie die eenvoudigste berekenbare en kontroleerbare stelsel nie. (Eweneens ’n vereiste van die FK tydens vorige sittings.)

c. Die huidige besluit dat die Sinode dit as sy beleid stel om sy lopende uitgawes volgens sy beskikbare inkomste te bereken (potensieel wisselvallige inkomstebegroting), is moeilik versoenbaar met die werklikheid wat gemeentes in hul eie praktyk beleef en wat die teenoorgestelde behels en vereis (vaste uitgawebegrotings).

d. Die basiese koste verbonde aan predikantstandplase is vir alle gemeentes ongeag lidmaattalle dieselfde en die primêre taak van die kerk, voltydse Woordverkondiging en versorging deur ’n eie leraar, word in klein gemeentes deur die huidige stelsel bemoeilik en selfs onmoontlik gemaak.

e. Die huidige persentasiestelsel werk demoraliserend op lidmate in, waarvan die groot aantal beskrywingspunte (gem. 6 per sitting die afgelope aantal Sinodesittings) genoegsame bewys is. Trouens, op voetsoolvlak het dit al ’n noodkreet geword wat nie langer verontagsaam kan word nie.

Nuwe voorstel:
Die Sinode besluit dat die huidige stelsel waarvolgens kerke (gemeentes) 15% van hul totale inkomste as sinodale heffing betaal, verval en dat die heffing voortaan soos volg bereken word:

1. Begroting word deur die GKK (FK) aan die volle Sinode vir goedkeuring voorgelê.

2. Die goedgekeurde begrote bedrag word deur die somtotaal van die belydende lidmate van al die kerke in kerkverband gedeel om sodoende ’n heffingsbedrag per belydende lidmaat per jaar (per capita) te bepaal.

3. Elke kerk (gemeente) word met die bedrag per lidmaat vermenigvuldig met die eie aantal belydende lidmate belas en sodanige heffing is maandeliks vooruitbetaalbaar.

4. Die getal belydende lidmate soos aangetoon in die Kerkjaarboek word jaarliks as basis vir berekening gebruik en ringe ontvang opdrag om die aangetoonde getalle jaarliks noukeurig te kontroleer.

5. Jare waartydens daar geen gewone sittings van die Sinode plaasvind nie, word die begroting aangepas met dieselfde persentasiepunt as die aanpassingspersentasie van predikante se traktementskale.

Voordele van voorstel:
a. Die GKK kan met ’n groter mate van sekerheid reken op ’n stabiele inkomstebedrag.

b. Berekening van die aantal lidmate en per capita bydrae bring minder verwarring mee as uitvoering van die huidige stelsel en is tegelyk meer waterdig en makliker kontroleerbaar.

c. Gemeentes is vooraf bewus van hul presiese aanspreeklikheid teenoor die GKK en kan sinvol daarvoor begroot.

d. Kleiner gemeentes word regverdiger belas, want pro rata dra elke lidmaat dieselfde by.

e. Addisionele insamelings pogings deur gemeentes om hul eie begrotings te laat klop of bouprojekte aan te gaan, word nie negatief (sowel as demoraliserend) geraak deurdat ’n persentasie daarvan eers afgestaan moet word nie.

Samevatting:
Die voorstel is gebaseer op ’n kosteberekeningsbeginsel wat nie alleen algemeen in die rekeningkundige praktyk aanvaar word nie, maar ook reeds vir geruime tyd met veel vrug in sommige ander kerkverbande geïmplementeer is en die toets van haalbaarheid en maklike uitvoerbaarheid ook op kerklike terrein geslaag het. Juis en veral in die kerklike praktyk van kleiner en groter gemeentes (met dieselfde basiese uitgawes) het dit regverdiger verspreiding van koste tot gevolg en elke lidmaat behoort trots te wees om persoonlike en gelyke verantwoordelikheid vir die uitgawes in kerkverband te aanvaar.

AANBEVELING
15.1 Die Sinode keur die beswaarskrif nie goed nie.

15.2 Motivering
’n Persentasiebydrae bly steeds die billikste bedeling. Daar kan alleen van ’n gemeente verwag word om ’n bydrae aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te maak indien hulle ’n inkomste gehad het. In die geval van ’n bedrag per lidmaat moet die gemeente betaal, selfs al het hulle geen inkomste vir die betrokke maand gehad nie.

16. BEGROTING VIR 2008 (Bylae GKK 5)
16.1 Ontvangste
Die norm daargestel deur die negende Sinode nl. dat die GKK die begrote inkomste kan verminder indien dit blyk dat die werklike 15%-bydraes van gemeentes ’n afname toon, is toegepas vir die jaar onder oorsig.

16.2 Uitgawes
Die aanvrae van die kommissies en die GKK vir 2008, oorskry die verwagte inkomste vir die jaar onder oorsig met R317 800.00.

16.3 Oorskryding van begroting
Die negende Sinode het besluit (bl. 401, punt 1.3.7.2.4):
“Die Sinode gee opdrag dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder goedkeuring van die FK nie.”

AANBEVELING
16.4 Die Sinode kontinueer sy opdrag dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder die vooraf goedkeuring van die GKK nie.

16.4.1 Motivering
In die lig van die tekort wat begroot word en die gevolglike druk op kontantvloei wat hierdeur veroorsaak word, kan onbegrote uitgawes nie sonder vooraf goedkeuring uitbetaal word nie.

Totale uitgawebegroting vir 2008
Die uitgawebegroting vir 2008 word as ’n aparte bylae (**Bylae GKK5**) aangeheg.

GKK: Begroting 2008

Publikasiekommissie: Begroting 2008

***Die Boodskapper*: Begroting 2008**

SKK: Begroting 2008

AP Akademie: Begroting 2008

AANBEVELING
16.5 Die Sinode keur die uitgawebegroting vir ’n totale bedrag van R8 887 800.00 goed.

17. Aanstelling van ouditeure

Na die afsterwe van die GKK se ouditeur, prof. Max Faul, aan die einde van 2005, is ouditeure Hewitt van der Watt aangestel om die oudit van 2005 af te handel en vir die oudit van 2006 se state is Strachan & Crouse aangestel.

AANBEVELING
17.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die afsterwe van prof. Max Faul.

17.2 Die Sinode keur dit goed dat die ouditeursfirma Hewitt van der Watt aangestel is om die finansiële state van die GKK en AP Akademie vir 2005 te oudit.

17.3 Die Sinode keur dit goed dat die ouditeursfirma Strachan & Crouse aangestel word om die finansiële state van die GKK en AP Akademie vanaf 2006 te oudit.

18. BEDANKING

18.1 Die werksaamhede van die GKK is aansienlik vergemaklik deur die ondersteuning en samewerking van die direkteur en die personeel, komitees van die GKK en ander sinodale kommissies.

18.2 Ons dank ons hemelse Vader vir die leiding wat Hy aan die GKK gegee het om sy opdragte uit te voer.

Hiermee vertrou die GKK dat hy sy opdragte tot bevrediging van die Sinode uitgevoer het, en bid die Sinode seën toe op sy beraadslaginge.

w.g. PROF. DR. FAH VAN STADEN
VOORSITTER

MNR. LJ KORKIE
SKRIBA

BYLAES VAN DIE GKK

BYLAE GKK 1

AFSKRYWING VAN 15% BYDRAE OOR DIE TYDPERK 1/10/2004 TOT 30/03/2007

GEMEENTE	DATUM	BEDRAG
APK Lindley	18/01/2007	35,968.73
APK Clanwilliam	10/11/2006	25,000.00
APK Derby	10/11/2006	11,000.00
APK Lebombo	10/11/2006	63,600.68
APK Ellisras	10/11/2006	35,581.72
APK Calvinia	10/11/2006	13,334.96
APK Brits	10/03/2006	37,410.55
APK Ventersdorp	10/03/2006	234,897.15
Totale afskrywing		456,793.79

STAND VAN DIE SINODALE VERPLIGTINGE VAN GEMEENTES OP 30 APRIL 2007 **[Inligting ontvang tot 21/05/2007]** **BYLAE GKK 2**

GEMEENTE	F10-Ouditverslag Nie ontvang (jare)	F1-Vorms Nie ontvang (maande)	15% Nie oorbetaal (maande)	15% Verskille	Vir ouditjare	Afbetalingsreëling	Pensioen Nie ontvang	Medies Nie ontvang	Gade
	1	2	3	4	5				
ABERDEEN	2002 - 2006	03/2004 - 03/2007	10/2006 - 02/2007	8,232.48	1994-2001	Geen			
ALBERTINIA		-	-	-	-	-			
ALBERTON	2004 - 2006	3-5,10-12/'04;1-12/'05;1-4/'06;2-3/'07	7-12/'05;1-4/'06;2/'07	-	-	-			
ALFA	2004 - 2006	-	-	-	-	-			
ALGOA	-	-	-	-	-	-			
AMAJUBA	2004 - 2006	-	-	-	-	-			
AMERSFOORT	-	-	-	-	-	-			
ARNOT-HENDRINA	2006	-	-	-	-	-			
BAINSVLEI	2006	-	-	-	-	-			
BALFOUR	2006	1-2/2007	1-2/2007	-	-	-			
BARBERTON	2006	-	-	2,945.16	2001-2003	-			
BARKLY-OOS	2003 - 2006	-	1-2/2007	-	-	-			
BARKLY-WES	2006	-	-	-	-	-			
BEAUFORT-WES	2004 - 2006	-	-	-	-	-			
BELFAST	2003 - 2006	4,6,11/2006	-	(3,632.07)	2002	-			
BENONI	2006	-	-	-	-	-			
BETHAL	-	-	-	-	-	-			
BETHLEHEM	-	-	-	-	-	-			
BETHULIE	-	-	-	-	-	-			
BIESIESVLEI	2003 - 2006	-	-	4,722.92	2000	-			
BLOEMFONTEIN	2006	-	-	-	-	-			
BLOEMF/N	-	-	-	24,849.68	1994-2003				
BLOEMHOF	2005 - 2006	-	-	-	-	-			
BOSHOF	2004 / 2006	1-2/2007	1-2/2007	-	-	-			
BOTHAVILLE	2006	1-2/2007	1-2/2007	3,642.39	94 - 01,03,04	-			
BRAKPAN	2004 - 2006	-	-	65,672.99	98 - 03	R1,000/mnd			
BRAKRIVIER	-	-	-	-	-	-			
BRANDFORT	2006	-	-	3,674.03	2003	-			
BRITS	-	-	-	(2,949.60)	2005 - 2006	-			
BRITSTOWN	2006	-	-	(2,035.88)	2002 - 2003	-			
BRONKHORSTSPRUIT	2002 / 2006	-	3-12/2006; 1-2/2007	10,961.84	2004 - 2005	-			
BUHRMANNSDRIF	-	-	-	3,184.45	2006	-			
CAAGAUZU	2003 - 2005	1 - 2/2007	1 - 2/2007	-	-	-			
CALVINIA	-	-	-	21,803.47	94-01,03,04	-			
CARLETONVILLE	1995-2000;2003,'05-'06	-	12/98-12/06 net gedeeltes, 2007 reg	25,673.70	2001 - 2002	-			
CARNARVON	-	1 - 2/2007	1 - 2/2007	2,397.22	96,00,01,02	-			
CAROLINA	2006	-	-	17,541.98	2003 / 2005	-			
CHRISTIANA	-	-	-	-	-	-			
CLANWILLIAM	-	-	-	-	-	-			
CLOCOLAN	-	-	-	-	-	-			
COLIGNY	2005	-	-	-	-	-			
CORNELIA	2005	02/2007	02/2007	-	-	-			
CULLINAN-RAYTON	2005 / 2006	-	-	-	-	-			
DE AAR	2004 - 2006	-	-	-	-	-			
DEALESVILLE	2002; 2005 - 2006	1-3/2006; 1-2/2007	1-3/2006; 1-2/2007	-	-	-			
DELAREYVILLE	2005 - 2006	-	-	(1,792.00)	2003	-			
DELMAS	-	-	-	-	-	-			
DENDRON	2006	-	-	18,315.88	93 - 01	R300/m			
DERBY	-	-	-	9,150.13	95 - 02	-			
DEVON	2006	7/2006 - 2/2007	7/2006 - 2/2007	-	-	-			
DEWETSDORP	2005 - 2006	1 - 2/2007	7/2006 - 2/2007	-	-	-			

STAND VAN DIE SINODALE VERPLIGTINGE VAN GEMEENTES OP 30 APRIL 2007 [Inligting ontvang tot 21/05/2007] **BYLAE GKK 2**

GEMEENTE	F10-Ouditverslag Nie ontvang (jare)	F1-Vorms Nie ontvang (maande)	15% Nie oorbetaal (maande)	15% Verskille	Vir ouditjare	Afbetalingsreëling	Pensioen Nie ontvang	Medies Nie ontvang	Gade
	1	2	3	4	5				
DOUGLAS	-	-	-	-	-	-			
DUNDEE-GLENCOE	2005 - 2006	1-7,9/'05; 8-12/'06;1-2/'07	2-7/'05; 8-12/'06;1-2/'07	74,740.77	1995 - 2003	-			
EDENBURG	-	1-2/2007	8-12/2006; 1-2/2007	-	-	-			
ELLISRAS	-	-	-	28,128.55	00 + 01	R1,000/mnd			
ERMELO	2004 - 2006	-	-	-	-	-			
EXCELSIOR	**1998 - 2006**	-	-	-	-	-			
FOCHVILLE	-	-	-	42,559.58	98 - 03	R200/m			
FONTEINE	2006	-	-	-	-	-			
FRANKFORT	-	-	-	-	-	-			
FRASERBURG	2005 - 2006	-	-	-	-	-			
GANSBAAI	-	-	-	-	-	-			
GEORGE	-	-	-	996.24	2003 - 2004	-			
GERMISTON	2004 - 2006	-	-	39,842.83	98-03	R200/mnd			
GOBABIS	2002 - 2006	1/2004 - 2/2007	1/2004 - 2/2007	-	-	-			
GORDONIA	-	-	-	37,724.90	00+01+02+04	-			
GRAAFF-REINET	-	-	-	-	-	-			
GRANIET	-	10/2006 - 2/2007	10/2006 - 2/2007	-	-	-			
GRENS	1995-2002; 2004-2006	2/2007	2/2007	-	-	-			
GREYLINGSTAD	2005 - 2006	12/2006 - 2/2007	12/2006 - 2/2007	12,427.51	03 - 04	-			
GRIEKWASTAD	2006	-	-	1,514.14	2005	-			
GROBLERSDAL	2006	12/2006; 2/2007	12/2006; 2/2007	-	-	-			
GROBLERSHOOP	2002; 2006	-	-	-	-	-			
GROOTFONTEIN	2003,2004,2006	-	-	(1,067.72)	2002	-			
GROTER DURBAN	2001, 2003 - 2006	2005,2006, 1-2/2007	2005,2006, 1-2/2007	-	-	-			
HANOVER	2004 - 2006	8/2006 - 2/2007	8/2006 - 2/2007	6,726.55	94 - 01	-			
HARDEVELD	-	-	-	1,420.38	2006	-			
HARRISMITH	2006	-	-	-	-	-			
HARTBEESFONTEIN	-	-	-	4,176.26	-				
HARTBEESPOORT	-	-	-	-	-	-			
HEIDELBERG	2006	-	-	-	-	-			
HEILBRON	2004 , 2006	-	-	-	-	-			
HENNENMAN	2006	1 - 2/2007	7/2006 - 2/2007	74,020.38	2002 - 2005	-			
HERTZOGVILLE	2006	-	-	4,246.82	2002 - 2003	-			
HLUHLUWE	-	-	-	-	-	-			
HOEDSPRUIT	-	2001, '02,'03 ,'04 - 2/2007	2001, '02,'03 ,'04 - 2/2007	-	-	-			
HOëVELD	2000 - 2004, 2006	2/2002 - 2/2007	2004, 10/2006 - 2/2007	-	-	-			
HOëVELD-ERMELO	2006	-	-	-	-	-			
HOëVELDRIF	1999 - 2001, 2006	-	-	-	-	-			
HOOPSTAD	-	-	-	-	-	-			
HOPETOWN	2006	-	-	-	-	-			
HUGENOTE-VALLEI	2006	-	-	122,918.44	2000 - 2003	R100/m			
JACOBSDAL	-	Ontbind		-	-	-			
JAGERSFONTEIN/FAURESM	-	-	-	-	-	-			
JAMESTOWN	-	1 - 2/2007	1 - 2/2007	(878.00)	2004	-			
JEFFREYSBAAI	-	-	-	-	-	-			
JOHANNESBURG	**1998 - 2006**	3'2005 - 2/2007	1/2006 - 2/2007	-	-	-			
JOHANNESBURG-SUID	2006	-	-	4,042.29	2002 - 2003	-			
KAKAMAS	2004	-	-	7,978.00	1998 - 2000	-			
KAREEDOUW	-	-	-	-	-	-			
KATHU	2005	-	-	-	-	-			
KEETMANSHOOP	2003 , 2006	5/2006 - 2/2007	5/2006 - 2/2007	-	-	-			

STAND VAN DIE SINODALE VERPLIGTINGE VAN GEMEENTES OP 30 APRIL 2007 **[Inligting ontvang tot 21/05/2007]** **BYLAE GKK 2**

GEMEENTE	F10-Ouditverslag Nie ontvang (jare)	F1-Vorms Nie ontvang (maande)	15% Nie oorbetaal (maande)	15% Verskille	Vir ouditjare	Afbetalingsreëling	Pensioen Nie ontvang	Medies Nie ontvang	Gade
	1	2	3	4	5				
KEMPTON PARK	-	-	-	-	-	-			
KIMBERLEY	-	-	-	-	-	-			
KIMBERLEY - Die Kruis	-	-	-	-	-				
KLEINFONTEIN	2006	-	-	-					
KLERKSDORP	-	-	-	-	-	-			
KLERKSDORP-SENTRAAL	2002	-	-	112,802.86	2000 - 2003	Saak verwys na GKK			
KNYSNA	1998 - 2003	-	-	-	-	-			
KOEDOESRAND	-	-	-	11,494.00	2002 , 2003	-			
KOFFIEFONTEIN	2002 - 2006	-	-	2,211.88	98 - 01	-			
KOSTER	-	-	-	4,986.07	2004 , 2006	-			
KRIEL	2006	-	-	-	-	-			
KROONSTAD	2000, 2001, 2006	-	-	61,649.96	93 - 04	-			
KRUGERSDORP	2003 - 2006	1/2006 - 2/2007	8,11,12/2006	30,442.27	98 - 02	R500/mnd			
KURUMAN	-	-	-	-	-	-			
LAERSDRIF	2006	-	-	-	-	-			
LEBOMBO	2002 - 2006	-	-	-	-	-			
LEEUDORINGSTAD	-	-	-	-	-	-			
LEONARDVILLE	2006	-	-	2,439.95	2005	-			
LICHTENBURG	1999-2001, 2003-2004	-	-	-	-	-			
LINDLEY	-	-	-	-	-	-			
LOUIS TRICHARDT	2006	-	-	-	-	-			
LYDENBURG	-	-	-	-	-	-			
MAGALIESBURG	**1998 - 2006**	2001, '02, '03,'04,1-2/2007	2001, '02, '03,'04,1-2/2007	-	-	-			
MARBLE HALL	2005 - 2006	-	-	-	-	-			
MARQUARD	2006	-	-	-	-	-			
MEMEL	2004 , 2006	-	-	-	-	-			
MEYERTON	2004 - 2005	-	-	-	-	-			
MIDDELBURG	1995 - 2000	-	-	-	-	-			
MIGDOL	2005 - 2006	-	-	-	-	-			
MOLOPO		Ontbind		-	-	-			
MOOINOOI	-	-	-	14,134.25	2001 - 2005	R1000/mnd			
MOOT-SENTRAAL	-	-	-	-	-	-			
MORGENZON	**1998 - 2006**	4/2006 - 2/2007	4/2006 - 2/2007	-	-	-			
MOSSELBAAI	2001, 2002,2004,2005	-	-	1,022.00	2006	-			
MURRAYSBURG	2006	-	-	-	-	-			
NABOOMSPRUIT	-	-	-	-	-	-			
NAMAKWALAND	-	-	-	-	-	-			
NELSPRUIT	2006	-	-	71,319.77	95 - 05	-			
NEWCASTLE	-	-	-	-	-	-			
NIGEL	2006	-	-	37,199.80	92 - 00	-			
ODENDAALSRUS	**1998 - 2006**	2000-2004, 1-2/2007	2000-2004, 1-2/2007	-	-	-			
OLIFANTSHOEK	-	-	-	-	-	-			
OLIFANTSRIVIER	-	-	-	1,927.56	02	-			
ORANIA	2003	1/2007	1/2007	-	-	-			
ORKNEY	-	-	-	-	-				
OTTOSDAL	2004 - 2006	2/2007	2/2007	-	-	-			
OUDTSHOORN	2001 - 2003	-	-	937.67	95,99+00	-			
OUTJO	1998 - 2004, 2006	-	-	-	-	-			
PARYS	2006	-	-	-	-	-			
PAUL ROUX	**1998 - 2006**	-	-	-	-	-			
PETRUSBURG	2006	-	-	-	-	-			

STAND VAN DIE SINODALE VERPLIGTINGE VAN GEMEENTES OP 30 APRIL 2007 **[Inligting ontvang tot 21/05/2007]** **BYLAE GKK 2**

GEMEENTE	F10-Ouditverslag Nie ontvang (jare)	F1-Vorms Nie ontvang (maande)	15% Nie oorbetaal (maande)	15% Verskille	Vir ouditjare	Afbetalingsreëling	Pensioen Nie ontvang	Medies Nie ontvang	Gade
	1	2	3	4	5				
PETRUS STEYN	2004 - 2006	-	-	969.10	2001	-			
PHALABORWA	1998-2000, 2005,2006	1-2/2007	1-2/2007	-	-	-			
PHILIPPOLIS	-	-	-	-	-	-			
PIETERMARITZBURG	2004 - 2006	2/2006 - 2/2007	-	8,040.60	2003	-			
PIETERSBURG	2006	-	-	33,771.58	1998 - 2004	R500/mnd			
PIET RETIEF	2004, 2006	-	-	-	-	-			
PIKETBERG	2006	-	-	-	-	-			
POFADDER	-	-	-	-	-	-			
POSTMASBURG	2003	-	-	-	-	-			
POTCHEFSTROOM	-	-	-	-	-	-			
POTGIETERSRUS	2005 - 2006	-	-	-	-	-			
PRETORIA-OOS	2006	-	-	-	-	-			
PRETORIA SUIDERLIG	-	-	-	-	-	-			
PRIESKA	2006	-	-	-	-	-			
PRIMROSE	2004 - 2006	-	-	-	-	-			
RANDFONTEIN	2006	-	-	81,257.59	2000 - 2003	-			
REDDERSBURG	2001, 2004 - 2006	-	-	4,893.72	2003	-			
REITZ	2005	-	-	51,368.80	94 - 96, 00-04	-			
REIVILO	-	-	-	-	-	-			
RICHARDSBAAI	2005 - 2006	1/2006 - 2/2007	10/2006 - 2/2007	-	-	-			
RIVERSDAL	-	-	-	-	-	-			
ROBERTSON	2005	-	-	-	-	-			
ROEDTAN	2005 - 2006	-	-	-	-	-			
ROODEPOORT	2006	-	-	7,202.37	01 - 03	-			
RUSTENBURG	-	-	-	32,384.78	2003, 2004, 2006	-			
SANDDRIFT	-	-	-	-	-	-			
SANNIESHOF	-	-	-	-	-	-			
SASOLBURG	**1998 - 2006**	8/2002 - 2/2007	8/2002 - 2/2007	2,724.82	1997	-			
SCHWEIZER-RENEKE	2005 - 2006	-	-	-	-	-			
SENEKAL	2006	-	-	-	-	-			
SMITHFIELD	-	-	-	-	-	-			
SOMERSET-OOS	-	-	-	-	-	-			
STANDERTON	2003 - 2006	-	-	24,445.34	1996 - 2002	R2,500/mnd			
STELLA	-	-	-	-	-	-			
STELLENBOSCH-S-S	2005 - 2006	4,5,7,12/2006; 1/2007	-	-	-	-			
STEYNSBURG	2006	1-2/2007	1-2/2007	-	-	-			
STEYNSRUS	2005 - 2006	-	-	-	-	-			
STRYDENBURG	2006	-	-	-	-	-			
SUIDKUS	2004	-	-	10,741.49	2002, 3, 5, 6	-			
SUTHERLAND	-	-	-	-	-	-			
SWARTRUGGENS	-	-	-	12,734.66	1994 - 2001	R200/pm			
TARKASTAD	2002 - 2003	-	-	-	-	-			
THABAZIMBI	-	-	-	4,075.04	2006	-			
THEUNISSEN	2006	1 - 2/2007	1 - 2/2007	-	-	-			
TRANS-MAGALIES	-	-	-	-	-	-			
TUINPLAAS	2006	-	-	-	-	-			
TWEELING	2005	-	-	2,138.00	2004	-			
TYGERBERG	2003	-	-	2,942.10	2004	-			
TZANEEN	2004 - 2006	-	-	-	-				
UITENHAGE	-	10/2006 - 2/2007	11/2006 - 2/2007	14,400.48	2003, 2005, 2006	-			
UTRECHT	2000 - 2004, 2006	1/2003 - 2/2007	1/2003 - 2/2007	5,970.00	2005	-			

STAND VAN DIE SINODALE VERPLIGTINGE VAN GEMEENTES OP 30 APRIL 2007 **[Inligting ontvang tot 21/05/2007]** **BYLAE GKK 2**

GEMEENTE	F10-Ouditverslag Nie ontvang (jare)	F1-Vorms Nie ontvang (maande)	15% Nie oorbetaal (maande)	15% Verskille	Vir ouditjare	Afbetalingsreëling	Pensioen Nie ontvang	Medies Nie ontvang	Gade
	1	2	3	4	5				
VAALHARTS	2002 - 2004, 2006	-	-	-	-	-			
VAALWATER	-	-	-	8,443.56	2003 - 2006	-			
VANDERBIJLPARK	2002 - 2006	4/2002 - 11/2004, 2-5/2005	4/2002 - 8/2006	-	-	-			
VAN WYKSVLEI	1999 - 2002, 2004-2006	-	-	-	-	-			
VENTERSDORP	-	-	-	-	-	-			
VENTERSTAD	2006	6/2006 - 2/2007	6/2006 - 2/2007	-	-	-			
VEREENIGING	**2000 - 2006**	1/2000 - 4/2002	Gedeeltelik:10/2000 - 2/2007	1,177.00	1999	R100/m			
VERWOERDBURG	-	-	-	-	-	-			
VICTORIA-WES	-	Ontbind		-	-	-			
VILJOENSKROON	2003, 2006	-	-	-	-	-			
VILLIERS	2006	-	-	-	-	-			
VORENTOE	-	-	-	28,000.00	2006				
VREDE	2003 - 2006	-	-	-	-	-			
VRYBURG	2001, 2003 - 2006	1-2/2007	1-2/2007	1,779.49	2002	-			
VRYHEID	2004 - 2006	-	-	25,170.21	1993 - 2003	-			
WARDEN	2006	-	-	-	-	-			
WARMBAD	-	-	-	-	-	-			
WATERBERG	-	-	-	-	-	-			
WELBEKEND	2006	-	-	-	-	-			
WELKOM	2005 - 2006	1/2005 - 2/2007	1/2005 - 2/2007	69,675.50	1992 - 2004	-			
WELWITSCHIA	2002	1 - 2/2007	1 - 2/2007	-	-	-			
WESKUS	2002 - 2006	1/2006 - 2/2007	1/2006 - 2/2007	-	-	-			
WESMOOT	-	-	-	-	-	-			
WESSELSBRON	-	-	-	-	-	-			
WINBURG	-	-	-	2,733.00	2005	-			
WINDHOEK	**1998 - 2006**	5/2006 - 2/2007	8/2006 - 2/2007	-	-	-			
WITBANK	2004 - 2006	-	-	74,832.23	1995 - 2003	-			
WITRIVIER	1995-2000, 2002-2006	-	-	-	-	-			
WONDERBOOM	2006	-	-	-	-	-			
WORCESTER	2006	1-2/2007	Gedeeltelik:1 - 2/2007	-	-	-			
ZASTRON	2002, 2004 - 2006	1/2004 - 2/2007	1/2004 - 2/2007	1,026.31	2003	-			
ZEERUST	-	-	-	-	-	-			
ZOAR	2006	11/2006 - 2/2007	11/2006 - 2/2007	3,234.74	2004	-			
ZULULAND	**1998 - 2006**	5,11,12/2005;1-3/2006	5,6,8,9-12/2005;1-3/2006	-	-	-			
				1,542,577.24	-	-	-	-	-

Enkele opmerkings oor hierdie skedule

1.U sal opmerk dat daar geen premies t.o.v. medies, pensioen en gade versekering op 30/04/2007 was nie. Die totale maandelikse oorbetaling vir hierdie items beloop R500 000.
Groot waardering word uitgespreek teenoor elke kerkraad en amptenaar wat vir die afgelope sinode tydperk gesorg het dat daar geen agterstallige premies was nie.

2.In kolom 1 word die jare aangedui vir die ouditverslae wat nog nie ontvang was op 30 April 2007 nie.

3.Kolomme 2 en 3 dui die F1-vorms en 15% betalings aan wat op 30 April 2007 nog nie ontvang was nie.

4.Kolom 4 dui die verskil aan in 15% oorbetaal op 30 April 2007 en word soos volg verduidelik -

* Hierdie verskille is slegs ten opsigte van die F10-verslae wat reeds gekontroleer is en word deurlopend bygehou soos nuwe ouditverslae ontvang word en agterstallige 15% betaal word.
* Wanneer 'n 15% oorbetaling ontvang en bevestig is, word 'n kwitansie deur die GKK uitgereik. [Die F1-vorm is krities vir korrekte allokasie]
* Die betrokke jaar se F10-verslag word vanaf die gemeente se eksterne ouditeur ontvang.
* 'n Uitdruk van die jaar se kwitansies deur die GKK uitgereik, word vergelyk met die ouditeur se verslag ten einde te bevestig dat alle ontvangste korrek aangeteken is.
* Die verskil ontstaan wanneer die 15% oorbetaal volgens die ouditverslag, nie ooreenstem met die totaal van die kwitansies deur die GKK uitgereik vir die betrokke jaar.
* Verskille so aangedui word eers met die gemeente uitgeklaar om te bepaal of die verskil 'n agterstalligheid is en of dit moontlik a.g.v. berekeningsfout ontstaan het.
* In meeste van die gevalle word die verskil of agterstalligheid deur die gemeente se ouditeur uitgewys en as sodanig op die F10-verslag aangeteken.

5. Kolom 5 dui die jare aan waarin die verskil(le) aangeteken is.

Bylae GKK 3

Verslag van die Raad van Trustees van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds

Tydperk: 10 September 2004 tot 31 Mei 2007

1. Personeel

Die Raad van Trustees is saamgestel uit

1.1 Drie werkgewerlede deur die GKK aangewys: Oudle. GH Ehlers, PJ Fouché en HR Lemmer

1.2 Drie werknemerlede deur die lede van die pensioenfonds verkies:
Ds. AS van Jaarsveld, mnre. LJ Korkie en GJJ van Rensburg

2. Besluite deur die Raad van Trustees geneem

2.1 Verandering in status van ’n lid van die pensioenfonds

Sedert die ontstaan van die AP Kerke ondervind afdeling finansies al probleme omdat daar nie behoorlike kommunikasie tussen die Kuratorium, gemeentes en afdeling finansies plaasvind wanneer ’n nuwe leraar toegelaat word of wanneer ’n leraar ’n beroep na ’n ander gemeente opvolg, losgemaak word, bedank, skei, trou of wanneer die leraar se status op enige ander manier verander nie. Enige van hierdie veranderings, raak die pensioenfonds en afdeling finansies moet betyds kennis kry ten einde die korrekte oorbetaling aan Sanlam (huidig) te maak.

AANBEVELING
2.1.1 Die Sinode doen ’n erstige beroep op die Kuratorium, kerkrade, leraars, dosente en personeel om enige verandering in status, wat die pensioenfonds of mediese fonds mag raak, onverwyld skriftelik onder die aandag van afdeling finansies by die sentrale kerkkantoor te bring.

2.2 Verhoogde bydraes van individuele lede

Gedurende die verslagtydperk het enkele individuele lede, wat naby aftree-ouderdom is, hul werkgewers (kerkrade) versoek om die byvoordele deel van die traktement te maak ten einde ’n beter pensioen by aftrede te ontvang. Binne die vaste voordeelfonds kan dit natuurlik ’n groot hap uit die pensioenfonds neem indien lede vir baie jare teen hul gewone traktementkerwe bygedra het en net vir die laaste drie jaar bydra op die verhoogde traktement (in een geval sou dit meer as 100% hoër wees).

AANBEVELING
2.2.1 Die Sinode besluit dat die pensioenfondsbydrae bereken word op die goedgekeurde traktementskaal waarop die leraar vergoed word. Oor enige abnormale verhogings, dit wil sê verhogings groter as wat deur die Sinode/GKK goedgekeur is, moet die administrasie navraag doen.

2.2.2 Die Sinode keur dit goed dat die Raad van Trustees besig is om ondersoek in te stel na die moontlikheid om die pensioenvoordele van lede te verbeter deur sekere van die byvoordele ook pensioengewend te maak.

2.2.3 Die Sinode keur dit goed dat die Raad van Trustees besig is om ondersoek in te stel na maniere om die pensioen, wat ’n weduwee van ’n afgestorwe leraar ontvang, te verbeter.

2.2.4 Die Sinode verleen volmag aan die Raad van Trustees om na bevind van sake te handel.

2.3 Verhoging van bydraekoers
Ten einde die pensioenfonds gesond te hou en te voldoen aan die vereistes van die Wet op Pensioenfondse, moes die Raad van Trustees die bydraekoers vanaf 1 September 2006 verhoog van die vorige 20% (lid 7.5% en werkgewer 12.5%) na 28% (lid 10,5% en werkgewer 17,5%). Al die lede van die pensioenfonds is genader om hulle instemming te gee tot die verhoging en hulle is ook daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens tans net 7½% aftrekking per jaar toelaat en elke lid rekord moet hou van die bydraes wat hy maak sodat dit by aftrede verhaal kan word.

AANBEVELING
2.3.1 Die Sinode neem kennis dat die bydraekoers vir die pensioenfonds vanaf 1 September 2006 verhoog is van die vorige 20% (lid 7.5% en werkgewer 12.5%) na 28% (lid 10,5% en werkgewer 17,5%).

2.4 Verandering van ’n Vaste Voordeelfonds na ’n Vaste Bydraefonds

Die Raad van Trustees het baie lank oor hierdie aangeleentheid gedink, veral in die lig van die feit dat daar baie ouer lede van die pensioenfonds is wat moontlik benadeel kan word deur ’n vaste bydraefonds. Uiteindelik kon die Raad van Trustees nie tot ’n ander gevolgtrekking kom nie as om te verander van ’n vaste voordeelfonds na ’n vaste bydraefonds.

In die eerste geval dra die werkgewer al die risiko indien die beleggingsopbrengste swak sou wees en in laasgenoemde geval dra die werknemer al die risiko. Een van die grootste voordele vir die lede van 'n vaste bydraefonds is dat die bydraes en opbrengste altyd die betrokke lid s'n bly en in geval van die dood van die lid en sy afhanklikes nie terugval na die versekeraar toe nie. Die grootste nadeel vir die ouer lede is dat die pensioen nie gewaarborg is nie en dat die pensioen by aftrede moontlik minder kan wees as in die geval van 'n vaste voordeelfonds waar die werkgewer met die werknemer ooreengekom het dat laasgenoemde 'n vaste bedrag pensioen sal ontvang. Om hierdie probleem te ondervang en om nie twee fondse gelyktydig te administreer nie, het die Trustees geoordeel dat die werkgewer aan die lede, wat op datum van oorskakeling ouer as 50 jaar is, die versekering sal gee dat die werkgewer sal instaan vir die bedrag wat die werknemer moontlik minder sal ontvang.

AANBEVELING

2.4.1 Die Sinode keur dit goed dat alle lede oorskakel van 'n vaste voordeelfonds na 'n vaste bydraefonds op 'n datum soos deur die Raad van Trustees bepaal sal word, maar nie later nie as 1 November 2007.

2.4.2 Die Sinode waarborg aan dié lede, wat op datum van oorskakeling ouer as 50 jaar is, dat hulle by aftrede nie minder voordele sal ontvang uit die vaste bydraefonds as wat hulle uit die vaste voordeelfonds sou ontvang het nie.

2.4.3 Die Sinode versoek die Raad van Trustees om dringend 'n komitee van kundiges aan te wys om die reglement van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds in die lig van bogenoemde besluite te hersien.

2.5 Verandering van administrateurs, fondsbestuurders en aktuaris, asook ondersoek na beter beleggingsmoontlikhede

Die Raad van Trustees is voortdurend in gesprek met kundiges om die beste beleggingsmoontlikhede vir die pensioenfonds te bekom en ook om te bepaal of die administrasie en die bestuur van die fondse van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds moontlik geskuif moet word na ander administrateurs en fondsbestuurders. Daar is onder andere geluister na aanbiedinge van mnre. Hannes du Preez van Value Portfolio Managers, Chris Stander van Multi Professionele Dienste, Pieter Vorster van Absa, Chris du Toit van Allan Gray asook Adam Jacobs (onafhanklike ekonoom). Uit genoemde gesprekke sover lyk dit asof 'n kombinasie van beleggings, wat min of meer soos volg saamgestel is, sinvol sal wees:

30% by Allan Gray
10% by Value Portfolio Managers en
20% elk by drie spesialis fondsbestuurders in die sektore finansieel, industrieel en hulpbronne wat deur mnre. Jacobs en Stander aanbeveel is.

Die huidige aktuaris, mnr. Marius du Toit van Simeka het 'n pos as hoofaktuaris by die Raad op Finansiële Dienste aanvaar en die Raad van Trustees sal 'n ander aktuaris moet aanwys. Tenders word aangevra deur mnr. Chris Stander.

AANBEVELING

2.5.1 Die Sinode keur dit goed dat aan Sanlam kennis gegee is dat die belegging van die pensioenfondsgelde opgevra word en dat dié gelde voortaan teen die beste, veilige opbrengskoers belê word soos aanbeveel deur mnre. Adam Jacobs en Chris Stander.

2.5.2 Die Sinode dra dit aan die Raad van Trustees op om betroubare administrateurs, aktuaris en fondsbestuurders aan te stel om die sake van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds te hanteer.

Oudl. PJ Fouché (voorsitter); mnr. LJ Korkie (sekretaris)

Bylae GKK 4.1

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

FINANSIËLE JAARSTATE – 2004

INHOUDSOPGAWE	BLADSY
Verslag van die voorsitter van die GKK	2
Bekragtiging van die Finansiële Jaarstate	2
Verslag van die Ouditeur	3
Inkomstestaat	4
Balansstaat	5
Kontantvloeistaat	6
Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate	7-13

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)

Die rekenmeester het die ingeslote finansiële jaarstate aan die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) van die Sinode voorgelê. Die GKK het die state deeglik nagegaan en dit word aanbeveel vir goedkeuring by die Sinode. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state word die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met geseënde werk voort te gaan.

Aan ons sentrale kerkkantoorpersoneel en personeel in elke gemeente betrokke, ons hartlike waardering vir harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, bevestig.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.

PROF. FAH VAN STADEN
(Voorsitter van die GKK)

BEKRAGTIGING VAN DIE FINANSIëLE JAARSTATE 2004

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4 - 13 is op 18 Februarie 2005 deur die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie goedgekeur.

Geteken namens die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie

PROF. FAH VAN STADEN
(Voorsitter van die GKK)

MNR. GJJ VAN RENSBURG
(Rekenmeester)

M.A. FAUL

Geoktrooieerde Rekenmeester (S.A.)
Chartered Accountant (S.A.)

Posbus/PO Box 12008
BENORYN 1504
Tel: (011) 849-8333
maxfaul@mweb.co.za

OUDITEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE BESTUUR VAN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)

Ons het die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2004 soos uiteengesit op bladsye 5 tot 9 geoudit. Hierdie finansiële jaarstate is die verantwoordelikheid van die GKK. Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële jaarstate uit te spreek.

Omvang

Ons het ons oudit in ooreenstemming met standpunte van Suid-Afrikaanse Ouditstandaarde uigevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry dat daar geen wesenlike wanvoorstelling in die finansiële jaarstate is nie. 'n Oudit behels:

- 'n ondersoek, op 'n toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmakings in die finansiële jaarstate steun,
- 'n beoordeling van die rekeningkundige beginsels wat gebruik is en beduidende ramings wat deur bestuur gemaak is, en
- 'n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële jaarstate.

Ons is van mening dat ons oudit 'n redelike grondslag vir ons mening bied.

Ouditmening

Na ons mening is hierdie finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die GKK op 31 Desember 2004 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk.

MA FAUL

19.02.2005
DATUM

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

INKOMSTESTAAT VAN DIE GKK VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2004

	Aantekening	2004 R	2003 R
INKOMSTE		7,659,884	7,133,502
Gemeentebydraes (15%)		7,639,169	7,031,406
Rente ontvang		16,665	26,604
APK Jeugtuiste - surplus	2	-	64,607
Slegte skuld verhaal		-	10,885
Wins met verkoop van bates		4,050	-
UITGAWES		3,101,372	2,687,336
APK Jeugtuiste - tekort	2	32,163	-
Bankkoste		16,394	13,076
Groepversekering		48,478	41,902
Huur van toerusting		39,758	44,350
Instandhoudingsuitgawes		206,863	-
Sekuriteitskoste		37,112	39,082
Kommissiewerk		120,040	83,019
Afrikaanse Protestantse Akademie/Kuratorium uitgawes	3	61,196	54,307
Mediese bystand afgetrede lede		431,047	356,941
Munisipale koste		48,592	51,990
Ouditgelde		6,000	6,000
Posgeld		10,600	10,895
Regskoste		2,703	1,140
Reiskoste - administratief		7,863	7,418
Rente betaal		13,783	21,064
Salarisse - administratief		1,869,991	1,794,289
Skryfbehoeftes		37,954	36,413
Spyseniering en verversings		8,619	6,950
Telefoon en faks		41,609	45,753
Versekering		33,403	37,007
Waardevermindering		27,204	35,740
NETTO INKOMSTE VIR DIE TYDPERK VOOR OORPLASINGS NA ANDER FONDSE - *Verwys aantekening 9 vir oorplasings*		**4,558,512**	**4,446,166**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 2004

	Aantekening	2004 R	2003 R
BATES			
Nie - Bedryfsbates	4	4,335,255	4,254,004
Ander bates	5	3,329,537	3,351,096
Bedryfsbates		15,640,610	13,656,575
-Kontant en kontantekwivalente	6	14,551,448	12,446,502
-Debiteure	7	565,447	688,206
-Publikasie - voorraad	8	521,875	520,027
-Munisipale deposito's		1,840	1,840
TOTALE BATES		**23,305,402**	**21,261,675**
FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE			
Algemene fonds en reserwe	9	9,744,237	9,167,223
Spesifieke fondse	10	11,810,656	11,003,136
Leningsrekening: AP Akademie (Vereniging ingelyf kragtens artikel 21)		954,047	559,554
Bedryfslaste		796,463	531,762
-Diverse krediteure		719,418	452,036
-Inkomste vooruit ontvang : Boodskapperverkope 2005		77,045	79,726
TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE		**23,305,402**	**21,261,675**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2004

	Aantekening	2004 R	2003 R
KONTANT BEHOU UIT BEDRYWIGHEDE		5,006,038	4,678,314
Kontant gegenereer deur bedrywighede	1	4,989,373	4,651,710
Beleggingsinkomste (Rente)		16,665	26,604
KONTANT BEHOU / (AANGEWEND) UIT/IN BELEGGINGSAKTIWITEITE		(149,221)	(178,592)
Veiligheidshekke by Brookshuisvoordeur		(5,519)	(93,716)
Aankoop van boeke vir biblioteek		(6,055)	-
Aankoop van meubels en toerusting		(141,697)	(84,876)
Meubels en toerusting verkoop		4,050	-
KONTANT BEHOU (AANGEWEND) UIT/VIR STUDIELENINGS		27,614	258,538
(Toename) / afname in studielenings - leraars		(44,183)	(80,446)
(Toename) / afname in studielenings - studente		71,797	338,984
			-
KONTANT AANGEWEND IN FONDSE AKTIWITEITE		(2,779,484)	(2,041,852)
Toename in spesifieke fondse		807,521	1,416,075
Toename / (afname) in reserwe fonds		5,859	377,055
Toename / (afname) in leningsrekening		394,494	559,554
Trek af: Netto interne oorplasings		(3,987,358)	(4,394,536)
TOENAME IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE		**2,104,947**	**2,716,408**

AANTEKENING BY DIE KONTANTVLOEISTAAT

1. KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHEDE

Netto inkomste per inkomstestaat	4,558,512	4,446,166
Trek af: Rente ontvang	16,665	26,604
	4,541,847	4,419,562
Tel by: Waardevermindering	65,964	66,468
	4,607,811	4,486,030
	4,607,811	4,486,030
Trek af: Wins met verkoop van vaste bates	4,050	-
	4,603,761	4,486,030
Tel by: Afname/(Trek af: Toename) in netto bedryfsbates ***(uitgesonderd kontantfondse)***	385,612	165,680
Afname/(Toename) in bedryfsbates :	120,911	32,388
Afname/(Toename) in gemeentebydraes verskuldig	168,380	(73,484)
Afname/(Toename) in publikasievoorraad	(1,848)	45,021
Afname/(Toename) in diverse debiteure	(45,621)	60,851
Afname/(Toename) in munisipale deposito's	-	-
Toename/(Afname) in bedryfslaste (diverse krediteure)	264,701	133,292
TOTALE KONTANT GEGENEREER UIT BEDRYWIGHEDE	**4,989,373**	**4,651,710**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2004

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die hoof rekeningkundige beleidspunte van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos hieronder uiteengesit, is in alle wesenlike opsigte konsekwent nagekom, behalwe waar anders vermeld.

1.1 Rekeningkundige grondslag

Die finansiële jaarstate is volgens die historiese kostegrondslag opgestel.

1.2 Vaste bates en waardevermindering

Grond en geboue word teen kosprys gehou en geen waardevermindering word daarop voorsien nie.
Waardevermindering word soos volg voorsien:
- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys
- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys
- Op elektroniese toerusting teen 33.3% per jaar op kosprys

1.3 Publikasievoorraad

Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer.

1.4 Oordrag na Reserwefonds en APK Trustfonds

Die verskil tussen die totaal van die Spesiale deposito's en die totaal van die Besteebare fondse word volgens sinodebesluit 30% na die APK Trustfonds en 70% na die Reserwefonds toegedeel.
- Verwys na aantekening 11 vir die toepassing.

1.5 Kapitalisering van beleggingsinkomste teen die onderskeie fondse

Beleggingsinkomste verdien uit spesiale deposito's, word toegedeel aan fondse volgens die onderskeie fondse se aandeel in die totaal van die fondse. Die GKK kan besluit om rente van 'n bepaalde fonds toe te deel aan 'n ander fonds vir sover dit nie in stryd met reglemente van fondse geskied nie.

2. APK JEUGTUISTE
INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER

	Nota	2004 R	2003 R
INKOMSTE - uit verblyf	2.1	134,470	127,340
Verblyf		134,470	127,340
UITGAWES		166,633	62,733
Instandhouding en sekuriteit		103,106	-
Munisipale koste		45,204	44,836
Versekering		8,351	9,252
Waardevermindering		9,972	8,645
(TEKORT) / SURPLUS OORGEPLAAS NA DIE INKOMSTESTAAT VAN DIE GKK		(32,163)	64,607

Nota 2.1 Die huurinkomste uit die woonstel te John Rock is by die Jeugtuiste inkomste ingesluit.

3. KURATORIUM / AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE ING.
UITGAWESTAAT VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER

	2004 R	2003 R
UITGAWES		
Reiskoste Vergaderings - Kuratorium	32,408	32,224
Waardevermindering	28,788	22,083
TOTALE UITGAWES OORGEPLAAS NA DIE INKOMSTESTAAT VAN DIE GKK	**61,196**	**54,307**

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIëLE STATE VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 2004

		2004	2003
4. NIE - BEDRYFSBATES		R	R
Grond en geboue		4,082,580	4,077,061
- Erf RE 1339, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 1912 m2		413,853	413,853
Kosprys 24 Oktober 1988		227,083	227,083
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum		186,770	186,770
- Restant Erf 820, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 2052 m2		728,968	728,968
Kosprys		432,117	432,117
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum		296,851	296,851
- Erf 850, Brooklyn met verbeteringe daarop, grootte 5104 m2		2,854,448	2,848,929
Kosprys		1,528,466	1,528,466
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum		1,325,982	1,320,463
- John Rockwoonstel 103, Johnsonstraat, Sunnyside		85,311	85,311
Kosprys		80,916	80,916
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum		4,395	4,395
Die eiendomme is onbeswaar.			
Meubels en toerusting		246,520	166,537
Kosprys		1,057,974	1,038,497
Opgehoopte waardevermindering		811,454	871,960
Motorvoertuie		6,155	10,406
Kosprys		155,228	155,228
Opgehoopte waardevermindering		149,073	144,822
		4,335,255	**4,254,004**
5. ANDER BATES			
-Biblioteek teen kosprys		206,185	200,130
-Studielenings		3,123,352	3,150,966
-Leraars		618,479	574,296
-Studente		2,504,873	2,576,670
		3,329,537	**3,351,096**
6. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE			
-Kontant in bank		1,211,436	394,180
-Kontant voorhande		1,122	2,000
-Spesiale deposito's	11	13,338,890	12,050,322
		14,551,448	**12,446,502**
7. DEBITEURE			
-Gemeentebydraes verskuldig		460,801	629,181
4. Die redes wat deur die aansoeker aangevoer word waarom hy leraar in die AP Kerk wil word, moet deeglik getoets word. Soveel moontlik inligting moet ingewin word rakende die agtergrond van die aansoeker. Die AP Kerk in die gebied waar hy woonagtig is, moet ook geken word in hierdie ondersoek.

5. Op grond van punte 3 en 4 kan die Kuratorium oordeel of 'n gesprek toegestaan sal word en of die aansoeker 'n gereformeerde beskouing huldig en of hy eerlik is in sy aansoek.

6. Die Kuratorium stel 'n vraelys op waardeur elk van die sake in punt 3 gemeld, weer in diepte met die aansoeker bespreek kan word. Hierdeur moet sy standpunte oor die bogenoemde sake persoonlik getoets word.

7. Tydens die gesprek toets die Kuratorium die aansoeker oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe.

8. Indien die Kuratorium oordeel dat die aansoeker gereformeerd in sy oortuigings is, maar dat daar tog sake is wat aandag behoort te kry, kan die Kuratorium versoek dat die aansoeker 'n eksamen in sekere vakke aflê.

Motivering
Met hierdie beskrywingspunt word geensins beweer dat al die predikante wat tot ons kerkverband toegelaat is, probleme veroorsaak het en/of nie ons leer onderskryf nie. Maar oor die laaste aantal jare is daar wel predikante toegelaat wat die gemeentes waar hulle gedien het, seergemaak het. Etlike gemeentes is uitmekaar geskeur vanweë predikante wat tot ons kerkverband toegelaat is en nie werklik hier tuishoort nie. Gemeentes vertel selfs van predikante wat toegelaat is sonder dat die sake (aanklagte) in hulle vorige kerkverbande afgehandel was. En dan het daardie predikante presies dieselfde probleme in die AP Kerk veroorsaak. Die Advieskommissie kan seker boekdele skryf oor dominees wat nooit tot ons kerkverband toegelaat moes word nie.

Die kommer bestaan dus in die harte van ons gemeentes dat predikante toegelaat word tot ons kerkverband wat nie werklik by ons inpas nie. Van studente wat by ons Akademie afstudeer, word verwag om ons kerkleer en Kerkorde te ken en ons beleef dat die resultaat van ons Akademie goed is. Maar die kommer bestaan dat die predikante toegelaat word wat nie dieselfde beginselstandpunte handhaaf as ons jong dominees wat afstudeer nie.

As ons kerkverband toelaat dat hierdie saak so voortgaan, sal ons maar dieselfde pad stap as die ander kerke in ons land en ons sal by die punt kom dat ons weer skeur en die meer gereformeerdes weer afskei. Dit kan ons nie bekostig nie!

AANBEVELING
21.3.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

21.3.2 Motivering
Meeste van die sake in die beskrywingspunt geniet reeds die aandag van die Kuratorium by hantering van aansoeke.

21.4 Ring van Naboomspruit: Bekrywingspunt i.s praktiese werk deur 'n proponent.

1. Die Sinode aanvaar die beginsel dat 'n proponent vir minstens 6 maande na sy legitimasie onder leiding van 'n ervare leraar in 'n gemeente werk voordat hy beroepbaar is.
2. Die Sinode dra dit aan die Kuratorium op:
2.1 om bogenoemde beginsel van praktiese werk deur 'n proponent uit te werk;
2.2 om 'n keuring van gemeentes en leraars waar 'n proponent hierdie praktiese werk verrig, te behartig;
2.3 om saam met die GKK 'n stelsel uit te werk waardeur die proponent volle traktement en ander voordele ontvang, insluitende pensioen- en mediese voordele.

Motivering
1. 'n Leraar dra uit die aard van sy amp 'n groot verantwoordelikheid – teenoor die Here wat hom geroep het en teenoor die Kerk waarin hy staan.

2. Profesionele beroepe vereis byna almal dat 'n beoefenaar van sodanige beroep een of ander praktiese ondervinding moet opdoen om toegelaat te word. Die ampswerk van 'n leraar dra veel groter gewig as die professionele beroep.

3. Om teen ouderdom 24 of 25 jaar die volle verantwoordelikheid van leraarskap te aanvaar, stel aan enige mens baie groot eise – daarvan kan enige leraar wat die ondervind het getuig. Om die jong leraar op hierdie wyse te help om bietjie ondervinding op te doen, kan net goeie gevolge hê.

4. Leraars kan seker almal getuig van foute wat in die eerste jare van sy bediening gemaak is en wat moontlik uitgeskakel kon word.

AANBEVELING
21.4.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

Hiermee vertrou die Kuratorium dat die kommissie sy taak tot bevrediging van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerkverband uitgevoer het en dat die verslag 'n ware en getroue weergawe van die werksaamhede en aktiwiteite van die elfde kuratorium is.

BYLAE KUR 1

PREDIKANTEKONFERENSIE

1. Verskonings van predikante by Predikantekonferensie 14-15 Junie 2006

Die volgende broeders was afwesig met verskoning:

MC Adendorff (emeritus)
A Boshoff (snr.) (emeritus)
JA Botes
MJG Botes
S Botes
GF Botha (emeritus)
JFT du Plessis
L du Toit
JH Engelbrecht
MG Fourie (emeritus)
LD Greyling
WM Grové (emeritus)
JWJ Hanekom (emeritus)

GJ Hugo
JH Jacobs
HF Jooste
PB Kotzé
PS Krige *(Die kerkraad wou nie toestemming gee nie, ten spyte van die feit dat die SKK bereid was om die vliegkaartjie te betaal)*
GG le Roux (emeritus)
L Louw (emeritus)
RW Louw
DJ Malan
HJ Malan (emeritus)
PJ Möller
FJ Mostert (emeritus
MG Müller
NJ Nell
LD Pienaar (emeritus)
OD Scheuer (emeritus)
L Skein (emeritus)
G Smit
TM Snyman
PL Storm
A Swart
NJ Swart
AJ Taute (emeritus)
BR Torlage
AE van den Berg
FJ van der Merwe
HC van der Merwe (emeritus)
JD van der Merwe
JH van der Walt (emeritus)
HB van Rooyen
AS van Staden
DN van Zyl
GP Visser
JA Visser (emeritus)
K Myburgh

2. **Namibiëkonferensie**
Die Namibië predikante het later hulle vergadering gehou. 4-5 September 2006. Almal het dit bygewoon behalwe SM Visser (emeritus).

3. **Afwesig sonder verskoning**
Van die volgende persone het ons niks gehoor nie:

JC Adlam (emeritus)
PW Botha
TL Botha (emeritus)
CN Coetzee (emeritus)
LLE de Lange (emeritus)
JSP de Villiers
JA du Plessis (emeritus)
WJ Gagiano
FA Grobler (emeritus)
Z Janse van Rensburg
KK Lamprecht (emeritus)
JC Lombard (emeritus)
MCK Loots (emeritus)
ZB Loots (emeritus)
WJG Lubbe (emeritus)
JD Maloney (emeritus)
AJ Nagel (emeritus)
RJH Pottas (emeritus)
C Rautenbach
JJJ Roodt (emeritus)
PK Roodt (emeritus)
CFW Snyman (emeritus)
JH Swart (emeritus)
HS Theron (emeritus)
P van Rensburg
MP van Wyk
WJD van Wyk (emeritus)
JJ Venter (emeritus).

4. Studente wat die konferensie bygewoon het:
Tiaan Jordaan
Bertus Kruger
Wickus Malan
Sarel A Roets (Jnr.)
Olof van Rooyen
Wynand van Zyl

BYLAE KUR 2

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

ONDERTEKENINGSDOKUMENT VIR PREDIKANTE/ DOSENTE/PROPONENTE MET OUDERDOM JONGER AS SESTIG JAAR BINNE DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKVERBAND MET BETREKKING TOT LIDMAATSKAP VAN MEDIESE- EN PENSIOENFONDS

Ek die ondergetekende,

(volle naam)……...……
Toegelaat tot die openbare bediening van die Woord van God binne die Afrikaanse Protestantse kerkverband verklaar hiermee dat ek ten volle bewus is van die implikasies van hierdie dokument en dat ek my heelhartig daarby neerlê.

Die behoud van status is gekoppel aan die maandelikse instandhouding van die Mediese- en Pensioenfonds waaraan elke leraar binne die Afrikaanse Protestantse kerkverband behoort.

Hiervolgens is ek, die ondergetekende, bewus dat ek status as Bedienaar van die Woord in die Afrikaanse Protestantse kerkverband sal verbeur, indien ek sou versuim om die maandelikse bydraes aan bogenoemde fondse in stand te hou.

Verder verbind ek my hiermee om binne dertig dae vanaf hierdie datum (in geval van proponente, binne dertig dae na bevestiging as leraar in 'n plaaslike gemeente) aan beide bogenoemde fondse te behoort om sodoende nie my status te verbeur nie.

Ek verbind my deur my handtekening tot voormelde.

Gegee en geteken te …..…… op

hierdie …… dag van …… 20…..….

Handtekening: ……..……

Getuies:

1. .....

2. .....

BYLAE KUR 3

OOREENKOMS TUSSEN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKE EN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE T.O.V. DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT

INLEIDING

Die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) is deur die Afrikaanse Protestantse Kerk geïnisieer en het derhalwe belang by die APA. Die kerk (ecclesia) as instelling het egter 'n primêre spesifieke karakter as aanbiddingstruktuur. Die spesifiekheid van die gereformeerde kerkbeskouing sluit die voorskriftelikheid van die kerk op nie-kerklike terreine uit. Daar is wel sprake van inspraak.

Die kerk het 'n bykomstige belang om die koninkryk (basileia) van God te laat kom op elke terrein. In lg. opsig kan die kerk in inisieëringsrol, maar moet tegelyk ook 'n terugtrekkingsrol speel, sodat so 'n nie-kerklike instelling, soos die APA, selfstandig kan voortbestaan. Die gereformeerde samelewingsleer sluit dus kerklike dominansie binne 'n breër koninkryksperspektief uit.

Toegepas op 'n akademiese instelling wat deur die kerk tot stand gebring is, is kerklike dominansie ongereformeerd maar voortdurende kerklike inspraak voor die handliggend, wenslik en noodsaaklik.

AANGESIEN

dit wenslik is dat die Afrikaanse Protestantse Kerke soos hulle ingevolge Artikel 38 van die Kerkorde van die genoemde Kerke in die Sinode byeenkom (hierna genoem die Kerke) en die Afrikaanse Protestantse Akademie, die bestaande verhouding tussen die Afrikaanse Protestantse Kerke in kerkverband en die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) ten opsigte van die teologiese opleiding onderlinge hulpverlening tot mekaar, opnuut reël en beskryf;

EN AANGESIEN

die Kerke vir die opleiding van predikante van tyd tot tyd predikante as professore beroep om die hieronder vermelde opleiding waar te neem en die Teologiese Fakulteit daarvoor onderhou en bestuur;

EN AANGESIEN

die Kerke begerig is om aan die studente van die Teologiese Fakulteit akademiese erkenning te laat toekom;

EN AANGESIEN

die Akademie oor 'n Fakulteit Teologie beskik en wetlik bevoeg is om grade en diplomas toe te ken;

EN AANGESIEN

die Akademie die opleiding aan die Teologiese Fakulteit, soverre as wat dit aan die Akademie se vereistes voldoen, akademies erken by wyse van die toekenning van toepaslike grade en diplomas aan suksesvolle kandidate;

EN AANGESIEN

die Akademie ter bereiking van die voormelde doeleindes en ter uitvoering van hierdie ooreenkoms, bereid is om professore aan die Teologiese Fakulteit (in terme van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerke, Artikel 10) ook as dosente van die Akademie te benoem;

NOU DERHALWE

kom die Kerke, hierin behoorlik verteenwoordig deur die Kuratorium ooreenkomstig die besluit van die Sinode, soos gewysig deur KO 2004, Artikel 10 en die Akademie hiermee soos volg ooreen:

1. Die selfstandigheid van die Inrigtings

In hierdie ooreenkoms word die selfstandigheid van die Teologiese Fakulteit aan die Akademie wedersyds erken en ten volle gehandhaaf, terwyl alle besluite en aktes oor die oprigting van en steun aan die Akademie, soos vervat in die Handelinge van verskillende Sinodes van die Kerke ten volle gehandhaaf word.

2. Die benoeming van predikante deur die Kerke as personeel van die Akademie

2.1 Inleiding

Die Kerke benoem die predikante wat as professore kragtens artikel 10.5 van die Kerkorde in diens van die Kerke aan die Teologiese Fakulteit vir die opleiding van predikante nodig is. Die selfstandigheid van die Kerke om die kerklike diens van sodanige professore te bepaal, is van die werking van hierdie ooreenkoms uitgesluit.

Kragtens hierdie ooreenkoms stel die Kerke die diens van sodanige professore wat hy aldus aan die Teologiese Fakulteit beroep, ook tot die beskikking van die Akademie vir die opleiding van studente vir alle toepaslike akademiese grade en diplomas aan die Akademie. In die geval waar 'n behoefte vir die beroeping van sodanige professore aan die Teologiese Fakukteit ontstaan, kom die Kerke met die Akademie oor die getal wat benodig word, ooreen.

2.2 Nominasie en benoeming van Teologiese Dosente

2.2.1 Nominasie

2.2.1.1 Die Kuratorium vorm saam met die voltydse dosente van die Teologiese Fakulteit van die Afrikaanse Protestantse Akademie die Kieskollege vir die benoeming van Teologiese dosente (KO 2004, bl 8, punt 10.4).

2.2.1.2 Nominasies van kandidate geskied deur lede van die Kieskollege op die voorgeskrewe nominasievorm.

2.2.1.3 Daar is geen beperking op die aantal kandidate wat 'n lid van die Kieskollege kan indien nie met dien verstande dat die groslys deur die Kuratorium gesuiwer word van enige onbenoembare persone.

2.2.1.4 Die skriba van die Kuratorium stel die benoemdes óók skriftelik van hulle benoeming in kennis.

2.2.2 Prosedures vir die benoeming

2.2.2.1 Nadat die nominasies gesluit het, word die Kieskollege en al die genomineerdes deur die Kuratorium byeengeroep.

2.2.2.2 Die Kieskollege vergader onder voorsitterskap van die dekaan van die Fakulteit Teologie.

2.2.2.3 Die Kieskollege voer met elke genomineerde afsonderlik 'n onderhoud. Na die onderhoude word oorgegaan tot stemming.

2.2.2.4 Die stemming vind per geslote stembrief plaas (KO 2004, bl. 55, Ordereël 22 en KO 2004, bl. 10, Bepaling 11E).

2.2.2.5 Die skriba van die Kuratorium stel die benoemde óók skriftelik in kennis van sy benoeming.

2.2.2.6 Die skriba van die Kuratorium stel al die genomineerdes skriftelik in kennis van die uitslag van die verkiesing.

2.2.3 Beswaar teen die beroep van 'n Teologiese Dosent

Indien 'n beswaar teen die benoemde ingebring word, word soos volg gehandel:

2.2.3.1 Enige lid van die Kieskollege van die Afrikaanse Protestantse Kerke het die reg om skriftelik beswaar aan te teken voor die verstryking van die periode van approbasie van twee weke op grond van klagtes teen die leer en/of lewenswandel van die benoemde, of op grond van enige onreëlmatigheid in verband met die benoeming.

2.2.3.2 Besware moet by die skriba van die Kuratorium ingedien word. Die benoemde word onmiddellik van die beswaar in kennis gestel. Die beswaar word ook skriftelik aan die benoemde voorsien.

2.2.3.3 Die Kieskollege word byeengeroep om die beswaar te hanteer.

2.2.3.4 Al die lede van die Kieskollege stem per geslote stembrief oor die geldigheid van die beswaar.

2.2.3.5 Indien dit blyk dat die beswaar gehandhaaf word, word die benoeming ongeldig verklaar.

2.2.3.6 Die benoemde lid het die reg van beswaar na die Kieskollege. Die Kieskollege en die KKS handel die saak finaal af.

2.2.3.7 Hierna benoem die Kieskollege *de novo* 'n ander kandidaat vir die vakante pos.

Na die beroeping en bevestiging van 'n sodanige professor aan die Teologiese Fakulteit, geskied die benoeming deur die Akademie as 'n dosent aan die Akademie ooreenkomstig die vereistes, prosedures en beleid wat vir die benoeming van akademiese personeellede van die Akademie geld: Met dien verstande dat die finansiële versorging van sodanige professore/dosente deur die Akademie en die Kuratorium vasgestel word met inagneming van die voorskrifte van die toepaslike bepalings van hierdie ooreenkoms. Indien die Kerke na oorleg met die Akademie besluit om een of meer dosente (in terme van die Kerkorde, artikel 10) aan die Teologiese Fakulteit te beroep sonder dat sodanige professor ook deur die Akademie as dosent benoem word, is die Kerke daartoe geregtig, met dien verstande dat die finansiële versorging deur die Kerke vasgestel word ooreenkomstig die toepaslike bepalings van

hierdie ooreenkoms. Sodanige professore kan in terme van ’n afsonderlike reëling en by wyse van akkreditasie ooreenkomstig die toepaslike beleid van die Akademie deur die Akademie in die Fakulteit Teologie benoem word, soos onder andere in 2.6 bedoel.

2.3 Vir die aanbieding van Grieks en Semitiese Tale, sal die Akademie die dosente daarvoor benodig aanstel na oorleg met die Kuratorium. Die Kerke en die Akademie kan met mekaar ooreenkom dat van die aangestelde professore ooreenkomstig 2.1 ook vir die aanbieding van hierdie kursuseenhede verantwoordelik sal wees, en indien nodig, ook in ’n bestuurshoedanigheid ooreenkomstig die toepaslike beleid van die Akademie aangestel kan word.

2.4 Ten opsigte van ’n professor aan die Teologiese Fakulteit wat deur die Akademie ooreenkomstig 2.1 ook as dosent aan die Akademie benoem word, sluit die Akademie met sodanige professor ’n spesifieke diensooreenkoms wat tussen die Kerke en die Akademie ooreengekom word en wat voorsiening moet maak vir die besondere verhouding wat tussen sodanige professore, die Kerke en die Akademie kragtens hierdie ooreenkoms tot stand kom.

2.5 Sodanige professore/dosente wat aldus deur die Akademie benoem word se sitting op die betrokke fakulteitsrade, en waar van toepassing op die Senaat, word gereël ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 soos gewysig en die reëls hiervoor deur die Statuut van die Akademie neergelê.

2.6 Met betrekking tot daardie professore aan die Teologiese Fakulteit wat nie as dosente by die Akademie aangestel is nie, moet die Kerke en die Akademie tussentydse reëlings oor hulle inskakeling by die akademiese werksaamhede van die Fakulteit Teologie tref.

3. Dissiplinêre maatreëls, ontslag en diensbeëindiging

3.1 Dissiplinêre maatreëls deur die Kerke

3.1.1 Dissiplinêre maatreëls deur die Kuratorium teen enige professor aan die Teologiese Skool wat volgens punt 2 beroep en deur die Akademie as dosent benoem is, of maatreëls ten opsigte van die skorsing en/of afsetting van enige sodanige professor, geskied ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Kerkorde.

3.1.2 Indien die Kuratorium van voorneme is om enige van die stappe in 3.1.1 genoem teen sodanige professor te neem, moet hy die Akademie vooraf hieroor inlig en van alle tersaaklike inligting voorsien. Ná afhandeling van die saak deur die Kuratorium moet die Akademie van die uitslag daarvan in kennis gestel word. Enige dissiplinêre maatreëls deur die Kerk word deur die Akademie erken.

3.2 Dissiplinêre maatreëls deur die Akademie

3.2.1 Indien die Akademie van voorneme is om dissiplinêre stappe teen ’n professor wat kragtens punt 2 as dosent benoem is, in te stel, wat tot sy skorsing of ontslag ooreenkomstig die reëls en prosedures deur die toepaslike dissiplinêre kode van die Akademie, neergelê kan lei, moet die Kuratorium hieroor ingelig en van alle tersaaklike inligting voorsien word. Indien die beweerde gedrag wat sodanige professor ten laste gelê word, volgens die oordeel van die Kuratorium tugwaardig is ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Kerkorde, word die saak aan die Kuratorium vir hantering oorgedra, in welke geval die uitslag hanteer word soos in 3.1.2 bepaal word. Indien die Kuratore bevind dat ’n sodanige professor ooreenkomstig die Kerkorde nie tugwaardig is nie, deel hy die Akademie dienooreenkomstig mee en verstrek hy die redes vir sy beslissing.

3.2.2 In geval ’n personeellid van die Akademie wat kragtens punt 2 benoem is, en wat nie ’n dosent aan die Teologiese Fakulteit is nie, volgens oordeel van die Kuratorium onderrig gee wat strydig is met 4.4 van hierdie ooreenkoms, moet die Kuratorium die saak met volledige relevante dokumentasie onder die aandag van die Akademie bring. Die Akademie onderneem om met inagneming van alle toepaslike bepalings, asook in die lig van die aard en gesindheid van hierdie ooreenkoms die aangeleentheid te behandel, en sal die Kuratorium van die uitslag in kennis stel.

4. Dosering van kursuseenhede vir teologiese grade, propedeutiese vakke en Bybelkunde

4.1 Die professore wat ooreenkomstig 2 deur die Kerke beroep en deur die Akademie benoem word, asook daardie dosente wat in terme van 2.3 aangestel is, is verantwoordelik vir die opleiding van studente vir al die teologiese grade en /of vir enige ander graad of kwalifikasie waarvoor die Akademie gemagtig is.

4.2 Die Kuratorium maak deur middel van die strukture wat hy daarvoor geskep het, via die Fakulteit Teologie aanbevelings aan die Senaat van die Akademie oor die leergange, leerplanne, regulasies, onderrig en eksamens met betrekking tot teologiese grade en diplomas vir finale goedkeuring. Dienooreenkomstig maak die Kuratorium aanbevelings aan die Senaat van die Akademie via die Fakulteit Teologie met betekking tot die nie-teologiese vakke wat die Kerke nodig ag met die oog op die opleiding van die kandidaatstudie.

4.3 Die Akademie het die finale verantwoordelikheid vir die akademiese programme, kurrikula en modules asook vir die regulasies/reëls vir die verwerwing van akademiese teologiese grade en diplomas en oefen finale beheer uit oor die onderrig, eksamens, navorsing en aanverwante werksaamhede wat tot die toekenning van grade en diplomas lei.

4.4 Die Akademie onderneem om die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig die reformatoriese teologie, asook binne die raamwerk van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en die betrokke Wet op Hoër Onderwys, en met die doel om studente teologies wetenskaplik toe te rus.

5. Wedersydse beskikbaarstelling van fasiliteite en van personeel tussen die Kerke en die Akademie

Die Akademie en die Kerke stel hulle fasiliteite en mannekrag wedersyds tot mekaar se beskikking, en pleeg besonderlik oorleg met mekaar met betrekking tot die gepaste fasiliteite en toerusting wat vir die opleiding in teologie aan die Fakulteit Teologie nodig is.

6. Reëlings met betrekking tot studente van die Fakulteit Teologie

6.1 Die akademiese vereistes vir toelating van studente vir graad en diploma opleiding ingevolge hierdie ooreenkoms, word deur die Akademie bepaal, behoudens enige toepaslike wetgewing en regulasies.

6.2 Vir toelating tot eksamens moet die studente aan die regulasies van die onderskeie inrigtings voldoen.

7. Administrasie- en Ondersteuningspersoneel

7.1 Indien dit met betrekking tot administratiewe- en ondersteuningspersoneel wat gesamentlik vir die Teologiese Fakulteit en die Akademie benodig mag word en moontlik blyk te wees, kom die Akademie en die Kerke deur die GKK en kerklike strukture oor die getal, oor posomskrywings, posgrade, vergoeding en aanspreeklikheid daarvoor ooreen. Die reëlings in hierdie verband word wanneer nodig in oorleg met mekaar deur die Kerke en die Akademie ooreengekom.

7.2 Ten opsigte van sodanige administratiewe- en ondersteuningspersoneel, sluit die Akademie 'n diensooreenkoms wat tussen die Kerke en die Akademie ooreengekom moet word.

7.3 Indien dit nie nodig en moontlik blyk te wees dat administratiewe- en ondersteuningspersoneel gesamentlik benoem en besoldig kan word soos 7.1 bedoel nie, stel elke party sy eie sodanige personeel aan en besoldig hulle self, met dien verstande dat steeds ooreengekom kan word dat sekere werk van die Akademie en die Teologiese Fakulteit oor en weer deur hierdie personeel verrig kan word.

***8.* Betrokkenheid van Kuratorium by opleiding van predikante**

8.1 Inleidend

8.1.1 Die skakeling tussen die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Afrikaanse Protestantse Akademie is van die uiterste belang. Nie alleen het die Akademie uit die kerk gegroei nie, en nie alleen is die verandering in wyse van skakeling as gevolg van wetgewing ingrypend deur die owerheid i.v.m. die Kerk en Akademie bepaal nie, maar die Akademie moet studente oplei wat die etos van die Afrikaanse Protestantse Kerk handhaaf en in gemeentes deur die genade van die Here lewend gaan hou. Die Kerk asook die Akademie staan onwrikbaar op die Skrif as die onfeilbare Woord van God wat maatstaf is vir leer en lewe en drie Formuliere van Eenheid.

8.1.2 Die Kerk moet by wyse van Sinodale besluite en deur middel van die Kuratorium intens betrokke wees by die opleiding van voornemende predikante. As waghond is dit die Kuratorium se roeping om te waak oor die suiwere leer van manne wat tot die bediening in die A P Kerke toetree.

8.1.3 Kerk en Akademie begeer die hartlikste samewerking en wil die pad vorentoe saam stap.

8.1.4 In die proses is die Kerk en Akademie genoop om as gevolg van wetgewing die ideale samewerking wat bestaan het in veral gesametlike eksaminering te verruil vir voorskrifte van die Onderwysdepartement. Hierdie voorskrifte behels dat die eksterne eksaminering, nie vanuit die eie kring van die Akademie en Kuratorium moet geskied nie en dat daar 'n Kwaliteitskomitee moet bestaan wat kundiges van buite ons kring insluit. Hierdie reëling is vir die Kerk en Akademie ongelukkig, want ons sou die kwaliteit en eksaminering in ons eie vertroude geledere wou behou. Aan die anderkant is dit ook nie net nadelig nie, omdat daar tans nog genoeg akademici van buite is wat ons oortuiginge dra en aan ons waardevolle diens lewer. Uit hulle kundigheid kan ook veel geput word. Intussen beantwoord ons dan aan die wet en is die Onderwysdepartement tevrede.

8.1.5 Dis 'n saak van groot dankbaarheid dat daar begrip aan die kant van die Kuratorium vir hierdie saak wat van buite op die Akademie gelê is, bestaan – ook dat die Akademie van harte begeer dat te midde van die beperkinge wat opgelê is, alles moontlik wil doen om die Kerk se betrokkenheid te

behou. Die teologiese akademici is self lidmate in A P Kerke en wil hulself altyd in gees en beginsel as in diens van die Here en die Kerk sien.

8.1.6 In hierdie dokument word getrag om sake tussen die Kerk en die Akademie tot eer van die Here en tot bevrediging van almal te reël.

8.2 Betrokkenheid van Kuratorium by BA-studente (Admissiestudente)

8.2.1 Die Kuratorium bepaal hom in gesprekke met hierdie studente tot 'n ondersoek na hul roepingsbesef en –suiwerheid, asook onderhoude in verband met finansiële hulp van die kant van die Kuratorium aan die studente.

8.2.2 Die Kuratorium kommunikeer Sinodebesluite wat die Akademie raak, aan die Akademie. Dit behels ook versoeke van Sinodes ten opsigte van die opleiding van predikante (waaronder vakke wat as toelatingsvereiste tot die B.Th.-studie en tot die bediening in A P Kerke vereis word). Tans is daar nie owerheidsverhindering wat uitvoering van sodanige versoeke rakende vakkeuses in die weg staan nie.

8.3 Betrokkenheid van Kuratorium by B.Th.-studente

8.3.1 Die Kuratorium sit sy betrokkenheid by die studente ten opsigte van hulle roeping en finansiële hulp voort.

8.3.2 Die Kuratorium het in beginsel inspraak in elke vak ten opsigte van aanbevelings rakende die inhoud van die vak en ten opsigte van gesprek met die student daaroor. Dit is egter nie prakties om dit so letterlik toe te pas nie, want dit sou meebring dat die student twee stelle eksamen in elke vak moes aflê. In die verlede was dit dan ook gebruik dat 'n Kuratoriumlid net by die eksamen in vakke wat die student *afskryf,* ingesit het.

8.3.3 Dit is nie nodig dat Kuratoriumlede afsonderlike ontmoetingsgesprekke het oor die kleiner vakke van een semester tot een-en-'n-half jaar nie.

8.3.4 Daarom word gereël dat Kuratoriumlede *prinsipieel* oor elke vak met die student mag gesprek voer, maar dat die Kuratorium hom in praktyk beperk tot die vakke wat hier onder uitgespel word. (Sou die Kuratorium op 'n gegewe oomblik egter onrustig voel oor die regsinnigheid wat in enige van hierdie kleiner vakke gehandhaaf word, kan hy daardie vak by sy ontmoetingsgesprek betrek.)

8.3.5 Dit word op skrif gestel dat die gesprek van die kant van die Kuratorium met studente soos volg gereël word:

8.3.5.1 Dit sal net gaan oor die student se *regsinnigheid.* Geen akademiese vrae sal gevra word nie (dit word in die formele eksamen deur die Akademie behartig). So bv. sal nie gevra word: "Wat is die standpunt van hierdie of daardie persoon/teoloog oor dit of dat?" nie, maar wel: "Hierdie persoon/denkrigitng beweer dat…….. wat is u standpunt daaroor, en waarom dink u so?"

8.3.5.2 Een of twee Kuratoriumlede voer hierdie gesprek met die student.

8.3.5.3 Die datum van hierdie ontmoeting moet vooraf met die vakdosent(e) ooreengekom word en hy (hulle) het sittingsreg by die geleentheid, maar het die keuse of hy (hulle) dit wil bywoon of nie.

8.3.5.4 Die Kuratorium mag ook *as vergadering* die ontmoetingsgesprek behartig in teenwoordigheid van dosente wat teenwoordig wil wees. Een student, of 'n paar, of almal tesame (na voorkeur van die Kuratorium) kan op 'n keer ontmoet word.

8.3.5.5 Hierdie ontmoeting vind net êrens aan die einde van die jaar plaas en nie ook tydens die halfjaareksamen nie.

8.3.5.6 Afgesien van wat in bogenoemde punte gestel is, sal dit die Kuratorium vry staan om 'n waarnemer-kuratoriumlid van enige eksamen aan te wys met kennisgewing daarvan aan die betrokke dosent. Met die oog hierop moet die eksamenrooster aan die skriba van die Kuratorium besorg word.

8.3.7 Die Kuratorium ontmoet op die wyse soos hierbo gereël studente in die volgende vakke:

8.3.7.1 Departement Ou Testament
- Inleiding 3
- Teologie 3
- Eksegese

8.3.7.2 Departement Nuwe Testament
- Inleiding 3
- Teologie 3
- Eksegese

8.3.7.3 Departement Dogmatologie
- Dogmatiek 3
- Christelike Etiek 3
- Simboliek 2
- Pastorale Psigologie 2

8.3.7.4 Departement Godsdienswetenskap
- Geen

8.3.7.5 Departement Ekklesiologie
- Kerkreg en Kybernetiek 3

8.3.7.6 Departement Missiologie

• Oor Sendingbeginsels kan in die ontmoetingsgesprek oor Kerkreg 3 vrae gevra word, aangesien beginsels vir sending in die Kerkorde vervat is.

8.3.7.7 Departement Diakoniologie

• Homiletiek 3 (hier kom tegelyk Eksegese Ou en Nuwe Testament, Hermeneutiek en Kanongeskiedenis Ou en Nuwe Testament, asook Tekskritiek te pas)
• Poimeniek 3
• Kategetiek 2
• Liturgiek 1
• Administrasie/Finansies

8.3.8 Skripsie

8.3.8.1 Aangesien die slaag al dan nie van 'n skripsie vóór die Legitimasieplegtigheid afgehandel moet wees, moet die Kuratorium ook die skripsie van 'n student met as kriterium veral die *regsinnigheid* daarvan, voor die plegtigheid afgehandel hê. Ten einde die saak te realiseer, stel die Akademie die skripsies so spoedig moontlik na 31 Augustus aan die Kuratorium beskikbaar. Anders kan die student die skripsie slaag, maar die Kuratorium kan op grond van regsinnigheidsoorweging weier om die student beroepbaar te stel.

8.3.8.2 Die Kuratoriumlid/lede wat 'n skripsie se regsinnigheid beoordeel, maak sy/hulle aanbeveling aan die Kuratorium wat finaal daaroor besluit met die oog op Legitimasie. Indien ernstige probleme met 'n skripsie ondervind word, kommunikeer die Kuratorium die saak met die Akademie. Die Kuratorium kan *wenke* gee oor akademiese aspekte, maar dit sal nie noodwendig die akademiese uitslag beïnvloed nie. Oor laasgenoemde besluit die Akademie selfstandig en finaal.

8.4 Toekenning van 'n sertifikaat

8.4.1 Aan elke student wat aan die Akademie sy B.Th slaag en wat volgens die oordeel van die Kuratorium die regsinnigheidstoets geslaag het, ken die Kuratorium tydens die Legimitasieplegtigheid 'n sertifikaat toe: *Proponentsertifikaat in die A P Kerk.*
8.4.2 Hierdie sertifikaat word deur die Kuratorium in naam van die Kerke in kerkverband uitgereik en deur die voorsitter en skriba van die Kuratorium onderteken.

9. Uitvoering en toepassing

Die uitvoering en toepassing van die artikels van hierdie ooreenkoms berus by die Kuratorium en die Teologiese Fakulteit in oorleg met mekaar.

10. Wysiging van die ooreenkoms

Enige wysiging van die artikels van hierdie ooreenkoms geskied met wedersydse kennisgewing en gemeenskaplike akkoord deur die Kuratorium van die Teologiese Fakukteit van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Akademie. Sodanige wysiging sal slegs regskrag hê as dit op skrif gestel en deur alle partye onderteken is.

11. Beëindiging van die ooreenkoms

Enige van die partye kan hierdie ooreenkoms beëindig deur middel van 'n skriftelike kennisgewing aan die ander party, met dien verstande dat 'n kennisgewingperiode van minstens drie kalenderjare vereis word.

Geteken vir en namens die Akademie te Pretoria op hierdie dag van ..……..20…...…

As getuies

1. …….....
Voorsitter van die Raad van die Akademie

2. …….…….
Dekaan: Fakulteit Teologie

Geteken vir en namens die Kuratorium van die Afrikaanse Protestantse Kerke

In Suid-Afrika te Pretoria op hierdie dag van ……..…….....…..20....……

……..…… .....……
Voorsitter: Kuratorium Skriba: Kuratorium

As getuies

1. …….....……....

2. …….....……....

VERSLAG: DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

1. INLEIDING

Die AP Akademie doen hiermee verslag aan die Twaalfde Sinode van die AP Kerke vir die periode September 2004 tot Maart 2007.

2. PRIVAAT TERSIÊRE INSTITUUT

Die AP Akademie is kragtens die Onderwyswet nr. 101/1997 deur die Onderwysdepartement as 'n Privaat Tersiêre (Hoër Onderwys) Instituut geregistreer, registrasiesertifikaat Nr. 99HS01.

3. ARTIKEL 21 MAATSKAPPY

Die AP Akademie is volgens die eis van bogemelde Wet as 'n Artikel 21 Maatskappy geregistreer, registrasienommer 2002/031756/08. Die trustees is tans prof. IA Brink (voorsitter), prof. FAH van Staden, mnr. I Marais, mnr. A Niemann, dr. CI van Heerden, dr. SD Nel en ds. IP du Preez.

4. REGSPERSOON

Die Raad van die AP Akademie is as die regspersoon geregistreer.

5. REGLEMENT VAN OPRIGTING EN STATUUT

'n Reglement van Oprigting en Statuut van die AP Akademie is deur die Raad van die AP Akademie in oorleg met die Kuratorium en Senaat goedgekeur, waarvolgens die Raad uitgebrei kan word tot twee en twintig lede: benoem deur die AP Kerk (Sinode) 5, burgerlike samelewing 7, APA Trustfondsraad 2, Senaat 3, nie-akademiese werknemers van die Akademie 1, Studenteraad 2, Konvokasie 2.

AANBEVELING

5.1 Die Sinode besluit op 'n modus operandi vir die benoeming van 5 lede en dít word aanbeveel dat dit soos volg sal geskied: 3 lede, wat deur die Kuratorium aangewys word (KO Art. 10.10) en 2 lede wat deur die GKK aangewys word.

6. DIE RAAD VAN DIE AKADEMIE

Die Raad is sedert September 2004 soos volg saamgestel:

Prof. IA Brink (kanselier, voorsitter), prof. FAH van Staden (rektor, vise-kanselier, ondervoorsitter), mnre. I Marais en A Niemann (deur Sinode benoem), drr. CI van Heerden, SD Nel en ds. IP du Preez (deur kuratorium benoem).

'n Nuwe Raad sal na die Sinodesitting volgens die Statuut saamgestel word.

7. KANSELIER

Na die termynverstryking van ds. MC Adendorff is prof. IA Brink deur die Konvokasie van die AP Akademie as tweede kanselier verkies en wel vir 'n tydperk van vyf jaar soos deur die Raad besluit.

8. VISE-KANSELIER/REKTOR

Prof. FAH van Staden (ex officio).

9. SENAAT

Proff. FAH van Staden (voorsitter), HS Theron (emeriteer 31 Desember 2006), HCG Robbertze, R Marè, IA Brink (bedank, aanvaar Direkteurskap in Gemeenskaplike Kerkkantoor), JAE Adendorff (leerstoel Diakoniologie), GDS Smit (leerstoel Nuwe Testament).

10. FAKULTEITE

10.1 Lettere en Wysbegeerte – BA.

10.2 Teologie – B.Th.

10.3 Christelike Sielkunde (B.Psig.)

10.4 Opvoedkunde – 'n voorgenome fakulteit onder aansoek, wat intussen bedryf word kragtens 'n ooreenkoms met UNW, Potch-kampus, wat tydelik opgeskort is, terwyl UNW nuwe aanpassings aan hul opleiding doen. Die opleiding gaan voort.

11. DEKANE

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: prof. R Marè.

Fakulteit Teologie: prof. HS Theron tot 31 Desember 2006; prof. HCG Robbertze vanaf 1 Januarie 2007.

Studentedekaan: prof. IA Brink tot 30 April 2006; prof. JAE Adendorff vanaf 1 Mei 2006.

Christelike Sielkunde: dr. NJ Joubert.

Opvoedkunde: dr. PH du Preez waarnemend.

12. CHRISTELIKE INSTITUUT VIR SIELKUNDE

Die CIS is deur die Onderwysdepartement as satellietkampus van die AP Akademie geregistreer met

die reg om die graad B.Psig. toe te ken as synde ook by die Mediese Raad geregistreer, wat graduandi toelaat om as sielkundiges te registreer.

13. TEOLOGIESE DEPARTEMENTE EN CURRICULA

Nuwe Testament – departmentshoof prof. GDS Smit.

Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (½ jr.); Kanongeskiedenis (½ jr.); Tekskritiek (½ jr.); Argeologie (3 jr.).

Ou Testament – departementshoof prof. HCG Robbertze.

Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (½ jr.); Kanongeskiedenis (½ jr.); Tekskritiek is oorgeplaas na Hebreeus.

Dogmatologie - departementshoof prof. R Marè.

Dogmatiek (3 jr.); Christelike Etiek (3 jr.); Dogmageskiedenis (3 jr.); Simboliek (2 jr.); Apologetiek (1 jr.); Sektekunde (2 jr.).

Godsdienswetenskap – departementshoof prof. R Marè.

Godsdiensgeskiedenis (1½ jr.); Fenomenologie (½ jr.).

Diakoniologie – departementshoof prof. JAE Adendorff.

Homiletiek (teorie/prakties) (3 jr.); Poimeniek (3 jr.); Kategetiek (2 jr.); Liturgiek (1 jr.); Diakoniek (½ jr.); Evangelistiek (1 jr.); Pastorale Psigologie (3 jr. prof. Marè); Kybernetiek (3 jr. prof. Van Staden); Kerkadministrasie en Finansies (½ jr.).

Ekklesiologie – departementshoof prof. FAH van Staden.

Algemene Kerkgeskiedenis (3 jr.); Vaderlandse Kerkgeskiedenis (3 jr.); Kerkreg (3 jr.) met ingesluit Ensiklopedie (½ jr).

Missiologie – departementshoof prof. FAH van Staden.

Sendingteorie (1 jr.); Sendingmetodiek (1 jr.); Elenktiek (½ jr); Sendinggeskiedenis (2 jr.) met Ekumenika (½ jr.).

14. PRAKTIESE OPLEIDING

1. Homiletiek prakties:

1.1 Klaspreke: Elke week lewer ’n student in sy vierde, vyfde of sesde jaar ’n klaspreek wat deur die dosent in Diakoniologie asook sy medestudente beoordeel word. Preekstowwe kom uit die Ou of Nuwe Testament, asook die belydenisskrifte.

1.2 Kritiekpreek: ’n Student in sy vyfde jaar lewer ’n preek in ’n plaaslike kerk wat deur die dosent in Diakoniologie asook twee medestudente beoordeel word.

1.3 Proefpreek: ’n Student in sy sesde jaar lewer ’n proefpreek in ’n plaaslike kerk onder leiding en toesig van ’n dosent, wat dit beoordeel en ’n akademiese punt daarvoor toeken. Twee kuratore woon ook die proefpreek by en beoordeel dit as deel van die kerklike eksamen.

2. Pinksterbyeenkomste

Al drie jaargange is verplig om jaarliks in ’n plaaslike kerk Pinksterdienste waar te neem soos gereël met plaaslike kerkrade en met die goedkeuring van en verslag aan die dosent in Diakoniologie.

3. Praktiese werk in ’n plaaslike kerk

3.1 Vierdejaarstudente is verplig om tien dae per jaar allesinsluitende praktiese werk in ’n plaaslike kerk onder leiding van die plaaslike leraar te doen. Dit word in oorleg met die dosent in Diakoniologie gereël.

3.2 Vyfdejaarstudente is verplig om twee weke per jaar allesinsluitende praktiese werk in ’n plaaslike kerk onder leiding van die plaaslike leraar te doen. Dit word ook in oorleg met die dosent in Diakoniologie gereël.

3.3 Sesdejaarstudente is verplig om drie weke per jaar allesinsluitende praktiese werk in ’n plaaslike kerk onder leiding van die plaaslike leraar te doen. Hulle kan alternatiewelik die voorgeskrewe praktiese werk in ’n gemeente met ’n vakante leraarspos onder leiding van die ouderlingraad doen. Dit word in oorleg met die dosent in Diakoniologie gereël.

3.4 Verslag: Predikante en ouderlingrade moet skriftelik verslag van bg. praktiese werk aan die dosent in Diakoniologie doen sodat dit geëvalueer en met elke betrokke student behandel kan word. Hierdie verslae word in die studente se persoonlike lêers opgeneem wat aan die Kuratorium ter insae beskikbaar gestel word.

4. Preek- en bedieningsvergunning:

4.1 Vierdejaarstudente kry vergunning om vanaf die tweede semester leesdienste onder toesig van die plaaslike leraar of ouderlingraad as deel van die praktiese werk waar te neem.

4.2 Bogenoemde vergunning geld ook vir die **vyfde- en sesdejaarstudente**. Sesdejaarstudente het

die bykomende vergunning om ook in gemeentes met ’n vakante leraarspos of gemeentes waar die leraar met verlof is ’n eie “preek” as stigtelike woord te spreek in plaas van ’n preek wat voorgelees word.

Studente in hulle vyfde en sesde jare kry ook die geleentheid om op ’n meer gereëlde en vaster basis in gemeentes behulpsaam te wees met aspekte van die gemeentelike bediening. Hierdie hulp word in oorleg met die dosent in Diakoniologie gereël.

5. Poimeniek prakties
Studente in al drie jaargange moet op spontane basis betrokke wees by siekebesoek, hospitaalbearbeiding en ander pastorale aangeleenthede. Elke student handig jaarliks ’n verslag daaroor by die dosent in Diakoniologie in vir opname in die student se persoonlike lêer.

6. Verbondsonderrig
Elke student moet ten minste ses maande as voorganger by verbondsonderrig betrokke wees. ’n Skriftelike verslag daaroor word by die dosent in Diakoniologie ingehandig vir opname in die student se persoonlike lêer.

7. Gemeentebestuur en –administrasie
Studente ontvang ook onderrig in gemeentelike bestuur en administrasie, wat finansiële en argivale sake insluit.

AANBEVELING
7.1 Die Raad betuig teenoor die Sinode sy volle vertroue in die teologiese dosente, hulle suiwer Skrifbeskouing, hulle onderskrywing en handhawing van die Belydenisskrifte, hulle hoë teologiese kennis, die hoë standaard van gereformeerd teologiese opleiding wat hulle die teologiese studente bied en die produk wat aan die kerkverband gelewer word as predikante.

15. ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Mev. CM Venter: Sekretaresse van die Rektor en registrateur.
Mej. E Nicklbauer: Sekretaresse van die Dekane en tikster.
Mev. HM Janse van Rensburg: Bibliotekaresse.

16. TEOLOGIESE STUDENTE STUDIES VOLTOOI

2004: JH Bisschoff; AS Kruger; JA Kruger; L Lubbe; DE Pretorius; RJ Pretorius; HSW Strauss; JF van der Merwe; WJ van der Westhuizen.

2005: A Drent; PS Steyn; AS van Staden.

2006: AC Jordaan; AJ Kruger; WJ Malan; SA Roets; OG van Rooyen; W van Zyl.

AANBEVELING
16.1 Die Sinode bid die predikante ’n geseënde bediening toe.

17. TEOLOGIESE STUDENTE 2007

Sesdejaar: DFM Cronjè; MJ Mattheus; AE van den Berg.

Vyfdejaar: PA Bredenhann; MA Buys; HJL Erasmus; WA Jooste; RF Smit.

Vierdejaar: H Kok; WJ Theron.

18. VAKKE VIR GRAAD BA

Afrikaans 1, 2, 3: Dr. AM Jacobs; mev. A Oosthuizen (albei deeltyds)
Bybelkunde 1.2.3: Prof. R Marè
Christelike Berading 1, 2, 3: Prof. R Marè
Duits Spesiaal: Mev. A Oosthuizen (deeltyds)
Duits 1, 2, 3: Mev. A Oosthuisen (deeltyds)
Engels 1, 2, 3: Mnr. AJ Myburgh (deeltyds)
Filosofie 1, 2, 3: Dr. JCG Landman (deeltyds)
Frans Spesiaal: Dr. AM Jacobs (deeltyds)
Geografie 1, 2, 3: Prof. FAH van Staden
Geskiedenis 1, 2, 3: Prof. FAH van Staden
Grieks 1, 2, 3: Prof. HS Theron (deeltyds)
Hebreeus 1, 2, 3: Prof. GDS Smit
Latyn 1, 2, 3: Vakant (deeltyds)
Opvoedkunde 1, 2, 3: Dr. PH du Preez (deeltyds)
Rekenaartegnologie 1, 2, 3: Dr. A Leonard (deeltyds)
Sielkunde 1, 2, 3: Prof. R Marè
Sosiologie 1, 2, 3: Dr. PH du Preez (deeltyds)
Wiskunde 1, 2, 3: Mev. S Scholtz (deeltyds)
Volkekunde (tans Antropologie): Geskrap

Soos blyk, word 12 van die 18 vakke deur deeltydse dosente aangebied teen ’n nominale vergoeding per semester, aangesien die Akademie nie finansieel in die vermoë is om voltydse dosente te benoem nie. Alhoewel die klasfooie nog ver benede díe van ander universiteite is en vanaf 2007 met ongeveer 20% verhoog is, is dit, plus enkele donasies nog nie genoegsaam vir benoeming van voltydse dosente nie. Die nuwe Raad sal in oorleg met die Senaat hieraan drasties aandag moet gee.

19. BA STUDENTE

2005 – 37	-	l7 propedeutiese studente
2006 – 36	-	19 propedeutiese studente
2007 – 40	-	23 propedeutiese studente

20. ONDERRIGFOOIE

Die Raad het op aanbeveling van die Senaat die onderrigfooie van die Akademie vanaf Januarie 2007 soos volg verhoog: B.A. vanaf R7 000-00 p.j. tot R8 500-00 en B.Th. vanaf R5 000-00 p.j. tot R6 500-00,

wat nog veel laer is as díe van ander universiteite, respektiewelik ongeveer 60% en 50%. Dit was noodsaaklik daar die Akademie agt deeltydse dosente moet vergoed teen ’n baie verminderde fooi per semester, waardeur die deeltydse dosente eintlik ’n liefdesdiens verrig, asook ander verpligtinge.

21. OOREENKOMS MET TEOLOGIESE FAKULTEIT UP

Dit is mondeling met bogemelde fakulteit ooreengekom dat ten opsigte van predikante van die AP kerkverband, wat vir die M- en D-grade aldaar registreer die teologiese dosente van die Akademie sover moontlik, volgens departement (vak), as eksterne eksaminatore, studieleiers en mede-promotors benoem word. Proff. Robbertze en Van Staden het reeds benoemings gehad ten opsigte van M-grade vir di. JJ de Bruyn en JL Schütte met verdere benoemings vir M- en D-grade reeds gedoen.

AANBEVELING
21.1 Die Sinode neem met groot waardering kennis van hierdie reëling.

22. GEBOUE EN TOERUSTING

22.1 Aanbouing

Nadat die Sinode 2004 ’n bedrag van een en ’n half miljoen Rand goedgekeur het vir aanbouïngs, is die oppervlakte van die biblioteek verdubbel en met staalrakke toegerus, ’n konferensiesaal, drie lesinglokale en vier dosentekantore toegevoeg en ruimte geskep vir vier rekenaars vir studentegebruik. Saam met die konferensiesaal is daar tans vyf groot lesinglokale, terwyl kleiner groepe in die kantore van die rektor en proff. Marè en Robbertze onderrig kan ontvang. Naas die kantore van die rektor en die ander vier teologiese dosente is daar twee kleiner kantore beskikbaar vir die tydelike dosente.

Die kantore van die sekretaresses, die dosente uitgenome die rektor, die bibliotekaresse en die biblioteek (4) is toegerus met rekenaars. Daar is twee afrolmasjiene, ’n faksmasjien en ander toerusting. Daar is tans genoegsame tafels en stoele vir die lesinglokale en kantore. ’n Nuwe telefoonstelsel is aangebring.

22.2 Aankope van erf

Op grond van die besluit van die Sinode 2004 dat die erf tussen die Akademie en die Jeugtuiste aangekoop kan word, wanneer dit in die mark kom, is drie keer aanbiedinge aan die eienares gedoen, wat egter nie aanvaar is nie. Sy het, ten spyte van ’n laer aanbod deur ’n ander koper, besluit om nou aan hom te verkoop.

23. FAH VAN STADEN BIBLIOTEEK

Met die uitbreiding van die biblioteekruimte is daar genoeg ruimte vir die behoorlike plasing van boeke volgens vakgebiede. Naas kleiner skenkings van boeke en aankope van hoofsaaklik nuwe publikasies, is twee groot skenkings ontvang van ongeveer 12 000 publikasies, waardeur die boekery tot ongeveer 92 000 publikasies uitgebrei het. Dit is egter ’n reuse en tydsame werk vir een bibliotekaresse om dit alles op rekenaar aan te bring en elke publikasie te nommer, terwyl meteen toesig gehou moet word oor die gebruik van die rekenaars, die uitneem en terugbesorging van boeke gekontroleer moet word, plus die aankoop van nuwe publikasies volgens versoek van dosente.

’n Groot hoeveelheid hoofsaaklik teologiese tydskrifte word ook gehuisves, wat veral waardevol is vir navorsing.

Op 8 Mei 2007 het die Departement Opvoedkunde van UNISA ’n paar honderd proefskrifte en die totale inhoud van hulle museum, boeke en antikwiteite aan die Akademie geskenk.

24. NAVORSING

Dit is nie net ’n vereiste van die Onderwysdepartement nie, maar ook absoluut essensieel dat die teologiese dosente as akademici navorsing in hulle vakgebiede sal doen en publiseer. Navorsing word egter gestrem deur gebrek aan ’n navorsingsfonds, terwyl universiteite fondse aan hulle dosente vir navorsing en publikasie met periodieke verlof beskikbaar stel.

AANBEVELING
24.1 Die Raad versoek die Sinode om òòk ’n beroep te doen op donateurs om die navorsingsfonds daadwerklik met donasies te sterk ten einde die noodsaaklike navorsing te kan volhou.

25. SKENKINGS EN BEURSFONDSE

25.1 Scholtzfonds

Een van die eerste wrede plaasmoorde is gedurende 1996 gepleeg op broeder WJ Scholtz, lidmaat van die AP Kerk Ottosdal. Volgens sy testament het hy ’n som geld aan die kerkraad bemaak as “beurse” aan “blanke studente”. Die kerkraad het as trustees besluit om die bemaking as kapitaal te belê as trustfonds waarvan 20% van die jaarlikse rente-opbrengs tot die kapitaal toegevoeg word en 80% oorbetaal word aan die AP Akademie vir toekenning as beurse aan verdienstelike studente. Tot 2004 was die fonds die enigste waaruit studente, wat nie gekwalifiseer het vir finansiële steun uit die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds nie, gehelp kon word. Einde 2004 het

die kerkraad die Akademie skriftelik kennis gegee, sonder dat enige redes verstrek is, dat oorbetalings gestaak word. Aangesien vele studente, ook uit Ottosdal gehelp kon word, was dit 'n groot verlies, wat nie vergoed kon word nie. Studente wat na die kerkraad verwys word, rapporteer negatief.

25.2 Skenkings

25.2.1 Begin 2005 en 2006 het twee anonieme instansies, wat nie openbaar gemaak wil word nie, deur middel van 'n tussenganger groot bedrae geskenk vir onderwysersopleiding wat 'n baie gewaardeerde bydrae was en die Akademie in staat gestel het om onderwysersopleiding te vestig, deeltydse dosente te vergoed en 'n opvoedkunde biblioteek te vestig. Die vertroue bestaan dat verdere donasies uit díe oorde ontvang sal word, ten einde onderwysersopleiding te kan kontinueer, aangesien die baie belangrike projek van onderwysersopleiding net suksesvol bedryf kan word, indien genoegsaam donasies ontvang word.

25.2.2 'n Poging deur prof. Brink, die kanselier en ander het suksesvol verloop om donasies te ontvang van 'n aantal goedgesinde donateurs uit Wes-Transvaal wat volgens besluit van die Raad as neseier aangewend word vir die nuutgestigte AP Akademie Ontwikkelingsraad, wat belas word met die generering van fondse vir die Akademie.

25.2.3 Die Raad van die Akademie het 'n versoek tot ds. JH Theron gerig, wat deur hom aanvaar is, om as kollektant, fondse vir die Akademie in te samel.

25.2.4 'n Egpaar wat anoniem wil bly het 'n skenking gedurende 2006 gedoen vir bystand aan verdienstelike studente, wat hopelik herhaal sal word.

25.3 Prof. JJ Pienaarfonds

Prof. JJ Pienaar en familie het op 'n jaarlikse skenking besluit om verdienstelike onderwysstudente finansieel te begin ondersteun uit die rente-opbrengs van die skenkings wat belê word sodra die kapitaal R50 000-00 en meer bereik.

25.4 Skenking deur die ontbonde AP Kerk Molopo

Nadat die gemeente ontbind het en voodat die paar oorgeblewe lidmate elders ingeskakel het, het hulle besluit om 'n bedrag aan die Akademie oor te betaal vir aanwending. Die Senaat het besluit om by die Raad aan te beveel dat dit as trustfonds belê word en dat die rente-opbrengs vir behoeftes soos onder andere navorsing aangewend word.

AANBEVELING
25.4.1 Die Sinode

Besluit om sy dank te boekstaaf teenoor die donateurs vir hulle belangstelling in en spontane finansiële ondersteuning aan die Akademie, en

doen 'n beroep op lidmate om voortdurend skenkings aan die Akademie te doen by wyse van donasies en bemakings.

26. STUDENTE IN JEUGTUISTE

Op aanbeveling van die Eiendomskomitee as subkomitee van die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie het laasgenoemde, einde 2006 besluit, om die Senaat te versoek om voortaan die toesig en beheer oor die studente in die Jeugtuiste uit te oefen, terwyl die Eiendomskomitee steeds verantwoordelikheid aanvaar vir die instandhouding van die gebou en die toerusting.

27. BEGROTING

Die begroting verskyn in die Verslag van die GKK vir goedkeuring deur die Sinode.

Die AP Akademie bid die Sinode die seën van die Here toe op die sitting, werksaamhede en besluite.

KANSELIER: prof. IA Brink; VISE-KANSELIER: prof. FAH van Staden

VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF

Tydperk: 1 Januarie 2004 tot 28 Februarie 2007

1. PERSONEEL

Die Elfde Sinode het die Kommissie vir die Kerkargief (KKA) soos volg saamgestel:
Primarii: Dr. WA Burger (voorsitter), ds. AS van Staden (ondervoorsitter), oudl. LS van der Walt.
Sekundi: Dr. HM Grobler, ds. MLJ Jordaan, oudl. GC Gouws.

Ds. WM Grové was in sy hoedanigheid as Argivaris adviserende lid en skriba tot en met sy uittrede aan die einde van 2006. Daarna het ds. AS van Staden waargeneem as Argivaris en skriba.

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het twee keer vergader vir die opstel van die Sinodeverslag en om optrede wat uit die uittrede van ds. Grové sou spruit, te bespreek. Die vergaderings het op 19 Oktober 2006 en 2 Maart 2007 plaasgevind. Die KKA het ook samesprekings met die GKK gevoer op 2 Maart 2007. Alle ander sake is telefonies en per faks gehanteer.

3. OPDRAG VAN DIE ELFDE SINODE

3.1 Elektroniese besluiteregister Sakelys 2004, bl. 453, pt. 3

Die aanvanklike voorbereiding en werk (t.o.v. 'n elektroniese register van Sinodebelsuite) moet deur die GKK gedoen word wat ook die toerusting moet verskaf. Daar is finansiële en ander implikasies wat net o.l.v. die GKK hanteer kan word.

In die uitvoering van besluit 3, bl. 453 van die Handelinge van die Elfde Sinode is 'n elektroniese register van alle Sinodebesluite sedert die eerste Sinode tot en met die Elfde Sinode opgestel en dit is op laserskyf beskikbaar by die Sentrale Kerkkantoor teen 'n koste van R15-00.

4. WERKSAAMHEDE

4.1 Aanwinste

Ondergenoemde aanwinste is slegs dié stukke wat gedurende die verslagtydperk gesorteer, geliasseer en geïnventariseer is. As gevolg van die agterstand wag talle ontvange stukke om ter hand geneem te word.

4.1.1 Huweliksregister ontvang

Van die volgende predikante is een of meer huweliksregisterblaaie ontvang sedert die vorige Sinode: MC Adendorff (2004, 2005); A Boshoff (jr.) (2004); PW Botha (2004); IA Brink (2005); JSP de Villiers (2004, 2005, 2006); JAC Erasmus (2005); WJ Gagiano (2004, 2005, 2006); JC Gericke (2004, 2005, 2006); LD Greyling (2004, 2005, 2006); WM Grové (2006); JA Jacobs (2004) – deur gemeenteskriba aangestuur; HF Jooste (2005, 2006); CD Koen (2004) – deur gemeenteskriba aangestuur; KK Lamprecht (2005); GG le Roux (2004, 2005, 2006); ZB Loots (2005); DJ (Danie) Malan (2004, 2005, 2006); JD Maloney (2006); PB Müller (2005); G Pretorius (2006); RJ Pretorius (2006); JH Theron (2004, 2005); C van Rooyen (2004, 2005, 2006); MJ van Schalkwyk (2004); AS van Staden (sr.) (2004, 2005); PA van Zyl (2004). Verskeie huweliksregisters arriveer by die Sentrale Kerkargief via gemeenteskribas.

4.1.2 Huweliksregister uitstaande

Van die volgende leraars in ons kerkverband is tot op die datum van die verslag geen huweliksregisterblaaie ontvang nie: JAE Adendorff, P Aucamp, JP Bezuidenhout, JH Bisschoff, JPB Blignaut, AP Boshoff, J Bosman, MJG Botes, S Botes, TL Botha, RMJ Britz, PR Buitendag, FC Burger, WA Burger (sr), WA Burger (jr), CN Coetzee, JA de Beer, JJ de Bruyn, LLE de Lange, JA du Plessis, JFT du Plessis, IP du Preez, JF du Toit, L du Toit, JH Engelbrecht, MG Fourie, HM Grobler, JWJ Hanekom, A Hough, GJ Hugo, LH Jacobs, CJ Janse van Rensburg, P Janse van Rensburg, MJL Jordaan, PB Kotze, PS Krige, AS Kruger, GJ Kruger, JA Kruger, C le Roux, JC Lombard, L Louw, RW Louw, L Lubbe, WJG Lubbe, HJ Malan, CF Marais, FS Marais, R Marè, PJ Möller, MG Müller, FJ Mostert, K Myburgh, AJ Nagel, SD Nel, NJ Nell, PJL Olivier, LD Pienaar, DE Pretorius, RJH Pottas, LE Prinsloo, C Rautenbach, JM Rheeder, HCG Robbertze, SA Roets, JJJ Roodt, PK Roodt, H Scherman, OD Scheuer, JL Schütte, G Smit, GDS Smit, TM Snyman, PG Stans, PL Storm, HSW Strauss, CA Swanepoel, A Swart, JH Swart, NJ Swart, AJ Taute, HS Theron, BR Torlage, AE van den Berg, DJ van der Linde, HC van der Merwe, JD van der Merwe, WJ van der Westhuizen, AL van Heerden, CI van Heerden, AS van Jaarsveld, WJA van Schalkwyk, AS van Staden (jr.), FAH van Staden, LJ van Wyk, WJD van Wyk, A van Zyl, DN van Zyl, G Venter, JJ (Jurie) Venter, EM Viljoen, GP Visser, JA Visser, SM Visser, HE von Wielligh, H Warnich, LA Wiid. Sommige van die leraars wat egter wel in die verlede huweliksregisterblaaie ingestuur het, het dit tot so lank as 12 jaar gelede laas gedoen.

AANBEVELINGS

4.1.2.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die leraars van wie huweliksregisterblaaie ontvang is deur die Argief.

4.1.2.2 Die Sinode wys leraars daarop dat dit hul ereplig is, nie dié van gemeenteskribas nie, om toe te sien dat die huweliksregister wat deur ons kerkverband se Argief gehou word, van die nodige inligting op die voorgeskrewe huweliksregisterblaaie voorsien word.

4.1.2.3 Die Sinode versoek leraars dringend om benewens die staat se huweliksregister ook ons kerkverband se huweliksregister getrou te voltooi en na die Argief te stuur.

4.2 Gemeentelike argivalia

Van die volgende gemeentes is gemeentelike argivalia ontvang. Dit sluit sakelyste, notules en bylaes van kerkraads-, ouderlingraads-, diakonie- en kommissie-vergaderings, afkondigingsboeke/blaadjies, bouplanne, foto's, gemeenteblaaie, jaarprogramme, kollektesakkies, fees- en ontvangsprogramme, ensovoorts in. Van die skriba van die ring van Riversdal is kaarte en grensomskrywings van al die gemeentes in die ring ontvang.
Alberton (2004), Arnot/Hendrina (2003, 2004); Barkly-Wes (1998 – 2003); Bultfontein (1998 – 2002); Calvinia (1993 – 2007); Clanwilliam (2004); Delmas (2004); Dendron (1997 – 1999, 2002 – 2006); Ellisras (2005); Fonteine (1991 – 2006); George (1987 – 1991, 2000 – 2006); Groblersdal (2005, 2006); Hardeveld (2006); Hennenman (1993 – 2004); Hoopstad (2006); Kareedouw (2004 – 2006); Kleinfontein (2005); Lindley (2004, 2005); Moot-Sentraal (2003, 2005); Potchefstroom (1988 – 2004); Pretoria-Suiderlig (2001 – 2004); Richardsbaai (2003 – 2005); Smithfield (1995 – 2002); Somerset-Oos (2006 – 2007); Vryheid (1987 – 2003); Waterberg (2004 – 2006); Welbekend (2003 – 2006); Wesmoot (1998 – 2005).

AANBEVELINGS

4.2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor gemeenteskribas en kerkrade wat waardevolle dokumente en items aan die Sentrale Kerkargief besorg het vir veilige bewaring.

4.2.2 Die Sinode herinner gemeentes daaraan dat alle dokumente en ander items met geskiedkundige waarde aan die Sentrale Kerkargief gestuur kan en behoort te word.

4.3 Registerafskrifte

Nadat die Sinode van 1999 besluit het dat registerafskrifte direk aan die Argief gestuur moet word, was daar t.o.v. sommige gemeentes 'n geringe toename in die hoeveelheid afskrifte wat ons bereik. Daar is egter nog ruim geleentheid vir verbetering! Slegs van die volgende gemeentes is registerafskrifte ontvang: Alberton (2003); Arnot/Hendrina (2003, 2004); Bloemhof (2003 – 2005); Brakrivier (1993 – 2005); Calvinia (1990 – 2005); Carolina (2003); Clanwilliam (1998 – 2003); Cornelia (2003); Cullinan-Rayton (2004, 2005); Delareyville (1996 – 1998); Delmas (2003 – 2005); Gelofte-Pietermaritzburg (2004); George (2003 – 2006); Gordonia (2000 – 2005); Groblersdal (2005); Heidelberg (2004, 2005); Hennenman (1987 – 2004); Hluhluwe (1988 – 2005); Johannesburg (2003 – 2005); Kempton Park (1987 – 2004); Kleinfontein (2005); Klerksdorp (2003 – 2006); Klerksdorp Sentraal (2004); Knysna (1998 – 2005); Laersdrif (2003 – 2005); Lindley (2005); Magaliesburg (2004); Meyerton (2000 – 2005); Molopo (1987 – 2003); Moot-Sentraal (2003, 2004); Nelspruit (2003 – 2005); Newcastle (1988 – 2005); Nigel (2000 – 2005); Piketberg (1988 – 2005); Potchefstroom (2003 – 2005); Potgietersrus (2004); Pretoria-Suiderlig (2003 – 2005); Primrose (2003); Riversdal (2004, 2005); Roodepoort (1987 – 2005); Sanddrift (1999 – 2005); Schweizer-Reneke (2003 – 2005); Senekal (1987 – 2006); Smithfield (2003 – 2005); Steynsburg (2003); Strydenburg (2003 – 2005); Sutherland (2006); Thabazimbi (1994 – 2006); Tzaneen (1987 – 2004); Verwoerdburg (1987 – 2005); Vryburg (1988 – 2005); Waterberg (1987 – 2005); Welbekend (2003 – 2005); Witbank (1987 – 1995, 1997 – 2001).

AANBEVELINGS

4.3.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat dikwels met groot ywer gemeenteregisters in stand hou en afskrifte aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.

4.3.2 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir lidmate- en doopregisters te volg.

4.3.3 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir die afskrifte van lidmate- en doopregisters wat na die Sentrale Kerkafgief gestuur word, te volg.

4.3.4 Die Sinode versoek dat kerkrade sal toesien dat gemeenteskribas in besit is van die *Argief-handleiding vir die Skriba* wat by die Boekwinkel beskikbaar is en waarin volledige voorskrifte vir die hou van registers voorkom.

4.3.5 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes om gemeentegrense vas te stel en om sover as moontlik daarby te hou aangesien die hou van lidmaatskapbewyse bemoeilik word wanneer lidmate oor gemeentegrense beweeg. (Kyk Sinodebesluit 3.9.2; bl. 397; 1989 en besluit 20 op bl. 149, 2004 Kerkordeboek.)

4.3.6 Die Sinode versoek kerkrade om beskrywings van gemeentegrense aan die Argief te stuur.

4.4 Finansiële verslae

Geouditeerde finansiële state is van die volgende gemeentes ontvang: Barkly-Wes (1999, 2000); Bloemhof (2003 – 2005); Bultfontein (1995 – 1999); Delareyville (1999, 2001); Dendron (1997 – 2003); Fonteine (1991 – 2000); George (2003, 2005); Lindley (2005); Moot-Sentraal (1993 – 1995, 1999); Potchefstroom (2004, 2005); Trans-Magalies (1988, 1989, 1992 – 2005); Welbekend (2005); Wesmoot (1991 – 2004); Wonderboom (2004).

AANBEVELINGS

4.4.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat getrou afskrifte van geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.

4.4.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om toe te sien dat afskrifte van elke jaar se geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg word.

4.5 Gemeentelike statistiek

Die volgende gemeentes het tot en met die veslagdatum die Argief voorsien van die gemeente se statistiek, meesal op die eerste 4 bladsye van die gemeentelike verslagvorm aan die ring:
Alberton (2003); Belfast (2005); Bloemhof (2003 – 2005); Bronkhorstpruit (2005); Gelofte-Pietermaritzburg (2004); George (2005); Groblersdal (2004, 2005); Hennenman (2002); Hluhluwe (2005); Laersdrif (2005); Lindley (2005); Middelburg (2005); Molopo (1990, 1993, 1993); Moot-Sentraal (1995, 1997 – 2000, 2003); Potchefstroom (2004); Trans-Magalies (1995 – 2002, 2004); Waterberg (2004); Welbekend (2004); Witbank (2005).

AANBEVELINGS

4.5.1 Die Sinode bedank gemeente- en ringskribas wat jaarliks statistiek van (rings-) gemeentes aan die Sentrale Kerkargief besorg.

4.5.2 Die Sinode pleit by rings- en gemeenteskribas om hierdie inligting met baie meer stiptelikheid aan die Sentrale Kerkargief te besorg, aangesien dit van onskatbare waarde is vir navorsing en die bepaling van tendense in ons kerkverband.

4.5.3 Die Sinode wys ringskribas op Bep. 37E en doen 'n ernstige beroep op ringe om toe te sien dat hierdie Bepaling nagekom word.

4.5.4 Die Sinode beveel aan dat ringe nie persone as ringskribas herkies indien 'n kalenderjaar verbygegaan het sonder dat Bep. 37E uitgevoer is nie en om alle uitstaande argiefmateriaal van so 'n persoon op te eis vir deursending na die Sentrale Kerkkantoor en Argief.

4.6 Visitasieverslae

Visitasieverslae, oftewel gemeentelike verslagvorms, meesal soos gelewer aan die ringe, is van die volgende gemeentes ontvang: Barkly-Wes (2001, 2002); Belfast (2005); Bronkhorstspruit (2005); Bultfontein (1991 – 1993, 1995 – 2000); Cullinan/Rayton (2005); George (2003); Groblersdal (2004, 2005); Hennenman (2002); Hluhluwe (2005); Klerksdorp (2004, 2006); Kriel (2005); Laersdrif (2005); Lindley (2001, 2005); Middelburg (2005); Molopo (1990, 1993, 1994); Moot-Sentraal (1995, 1997 – 2000, 2003, 2004); Welbekend (2005); Witbank (2005).

AANBEVELINGS

4.6.1 Die Sinode bedank gemeente- en ringskribas vir die aanstuur van visitasieverslae aan die Sentrale Kerkargief.

4.6.2 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op gemeente- en ringskribas om jaarliks die visitasieverslae (gemeentelike verslagvorm aan die ring of soortgelyke verslag deur die ring goedgekeur) van alle gemeentes aan die Sentrale Kerkargief te besorg aangesien hierdie verslae die beste aanduiding is van die geestelike welstand in ons gemeentes.

5. ARGIVARIS

Aangesien ds. WM Grové kennis gegee het dat hy aan die einde van 2006 sou uittree en die pos van Argivaris as gevolg daarvan vakant geraak het, het die KKA vir ds. AS van Staden (sr.) aangewys as sy opvolger as waarnemende Argivaris aangesien hy sedert April 2003 Assistent-Argivaris was en op hoogte is van die omvang en die aard van die pligte van die Argivaris. Die GKK is van die aanwysing in kennis gestel, maar het besluit dat die vakante pos geadverteer moet word en dat 'n Argivaris ná onderhoude met aansoekers aangestel sal word vir 'n vaste termyn van 1 jaar vanaf 1 Julie 2007. Intussen het ds. AS van Staden (sr.) waargeneem as Argivaris.

In die lig van die agterstand in die ontvangs, sorteer, liasseer en indekseer van argiefstukke het die KKA tydens sy vergadering van 19 Oktober 2006 besluit om die aantal ure waarvoor begroot word vir die werk in die Argief vanaf 1 Januarie 2007 te vermeerder van 20 ure per week na 30 ure per week. Ook hierdie versoek is aan die GKK voorgelê by wyse van 'n begroting vir 2007 en die GKK het op sy vergadering van 2 Maart 2007 besluit dat die aantal ure

wat die Argivaris kantoorpligtig is vanaf 1 Julie 2007 wel 30 uur per week sal wees. Die KKA is egter van mening dat die omvang van die pligte van die Argivaris 'n voltydse pos regverdig. (Kyk Bylae 1*: Memorandum van pligte van die Argivaris.*)

AANBEVELINGS

5.1 Die Sinode keur die aanwys van ds. AS van Staden (sr.) as waarnemende Argivaris goed.

5.2 Die Sinode keur die vermeerdering van die ure vir die afhandeling van argiefwerk van 20 ure per week na 30 ure per week sedert 1 Julie 2007 goed.

5.3 Die Sinode keur die uitbreiding van die Argivaris-pos tot 'n volwaardige voldagpos goed en dra dit aan die GKK op om vir die pos te begroot.

5.4 Die Sinode betuig sy hoogste dank en waardering teenoor ds. WM Grové vir die onskatbare en waardevolle werk wat hy gelewer het met die tot stand bring en uitbou van die Sentrale Kerkargief van die AP Kerk.

6. LASGEWING

Met die uittrede van ds. Grové as Argivaris het die KKA dit raadsaam en selfs noodsaaklik gevind dat sy opvolgers altyd leraars van die AP Kerk moet wees, aangesien die aard van die werk 'n teologiese agtergrond asook 'n deeglike kennis van gemeentelike en ringsadministrasie vereis.

AANBEVELINGS

6.1 Die Sinode besluit om die lasgewing van die KKA soos volg uit te brei:
Lasgewing 1: Benoem met bekragtiging deur die GKK 'n Argivaris wat die opdragte van die KKA behartig. Die Argivaris moet 'n leraar van die AP Kerk wees.

6.2 Die res van die lasgewing se nommers word dan aangepas om van 2 tot 10 te strek.

7. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN STUDENTE

Die KKA is baie dank aan die AP Akademie verskuldig vir die vergunning dat die finalejaar studente elke jaar vir een oggend 'n inligtingsessie deur die Argivaris oor die Sentrale Kerkargief ter plaatse mag bywoon. Dit bring noodwendig mee dat ons kerkverband se leraars op hoogte kom van die werkwyse en behoeftes van ons Kerkargief en derhalwe hopelik meer geneë sal wees om argivalia aan die Argief te besorg en te laat besorg. Hierdie praktyk het reeds in 2004 'n aanvang geneem en sal hopelik ook in die toekoms elke jaar plaasvind. Tydens hierdie besoeke aan die Argief ontvang elke student 'n eksemplaar van die *Argiefhandleiding vir die Skriba* en 'n pakkie van die huweliksregisterblaaie met die komplimente van die Boekwinkel.

AANBEVELING

7.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die dosent in Praktiese Teologie vir die skep van 'n geleentheid in die finale studiejaar van ons teologiestudente om 'n inligtingsessie by die Sentrale Kerkargief by te woon om ingelig te word oor die werksaamhede in die Argief.

8. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN LIDMATE

Aangesien opmerkings wat in die verloop van die tyd gemaak is daarop dui dat daar grootliks onkunde bestaan by o.m. lidmate van ons kerkverband oor die aard en werksaamhede van die Sentrale Kerkargief en omdat die KKA van mening is dat hierdie onkunde bydra tot die laksheid om argivalia aan die Argief te besorg, het die KKA besluit om 'n uitnodiging te rig aan alle belangstellende lidmate om besoek af te lê by die Argief. Tydens sulke besoeke kan besoekers dan gewys word hoe die Argief daar uitsien en kortliks verduidelik word waarom die bewaring van argivalia belangrik is vir die toekoms. Die KKA het dit as ideaal gestel om van ons kerkargief 'n verbruikersvriendelike navraag-, naslaan- en navorsingsentrum te maak deur hierdie uitnodiging.

AANBEVELINGS

8.1 Die Sinode nooi alle belangstellende lidmate uit om ter geleëner tyd besoek by die Sentrale Kerkargief af te lê. Besoekers sal welkom geheet word en op die noodsaak van die bewaring van geskiedkundige dokumente en artikels gewys word.

8.2 Hierdie besluit word in die Kerkordeboek opgeneem onder *Sinodebesluite.*

9. REKENARISERING VAN KAART-INDEKS

Die KKA het op sy vergadering van 19 Oktober 2006 besluit dat 'n kundige getaak moet word om 'n rekenaarprogram te skryf om die kaart-indeksstelsel van die Sentrale Argief te kan aanvul met 'n gerekenariseerde indeks. Die opdrag is uitgevoer en is reeds sedert November 2006 in gebruik. Hoewel die kaartstelsel vir die huidige nie tot niet gemaak word of in onbruik verval nie, vergemaklik die gerekenariseerde stelsel die vind van inligting en bied dit 'n vinnige oorsig van data. Danksy die gerekenariseerde aantekening van argivalia ontvang, kon 'n uitdruk van wat van elke gemeente ontvang is tot en met die verslagdatum, gemaak word en aan elke gemeente se afgevaardigdes beskikbaar gestel word vir kennis-

name en met die oog op die aansporing van skribas om ontbrekende stukke aan te stuur.

AANBEVELINGS
9.1 Die Sinode neem met dank kennis daarvan dat die administrasie in die Argief gerekenariseer is.

9.2 Die Sinode betuig sy dank teenoor die GKK wat die fondse vir die projek gevind en bewillig het.

10. IN MEMORIAM (Kyk Bylae 2)

Die volgende leraars in die AP kerkverband het ons sedert die vorige Sinode ontval:
AJ van Niekerk oorlede op 10/2/05; HJ Liversage oorlede op 14/8/05; NRJ van Zyl oorlede op 6/9/05; TJ Verryne oorlede op 31/10/05; PA van Zyl oorlede op 13/2/06; G Pretorius oorlede op 15/3/06; WJ van der Merwe oorlede op 19/4/06; LPA Spies oorlede op 23/7/06; FJ van der Merwe oorlede op 17/1/07; JPB Blignaut oorlede op 20/2/07.

AANBEVELING
10.1 Die Voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meelewing betoon met die afsterwe van hierdie broeders.

11. BESKRYWINGSPUNTE

11.1 RING VAN BETHLEHEM: Insending van Argiefstukke aan die Sentrale Kerkkantoor
Die Sinode besluit dat die instuur van Argiefstukke nie verpligtend vir die gemeentes moet wees nie en dat gemeentes self daaroor kan besluit.

Motivering:
Daar word 'n "onnodige" finansiële las op veral die kleiner gemeentes gelê en spesifiek in die sin dat hulle nie oor die nodige fasiliteite beskik nie soos bv. die verkryging van fotostate en administrasie. Deels te wyte aan die feit dat al die gemeentes nie oor die nodige kundige personeel beskik nie.

AANBEVELING
11.1.1 Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie aangesien bestaande besluite by wyse van 'n beswaarskrif gewysig moet word.

LEDE VAN DIE KOMMISSIE
WA Burger (sr.); AS van Staden (sr.); WM Grové; LS van der Walt

BYLAE KKA 1

MEMORANDUM VAN DIE PLIGTE VAN DIE ARGIVARIS VIR VOORLEGGING AAN DIE TWAALFDE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

1. Insameling van gegewens

1.1 Gemeentegegewens: Die insameling van gemeentegegewens bly 'n wesenlike probleem. Ten spyte van herhaalde omsendskrywes, indiwiduele briewe en selfs Sinodebesluite is die persentasie van registerafskrifte, visitasieverslae, gemeentestatistiek, finansiële verslae en ander argivalia wat in die besit van die Argief is, uiters laag. Na raming is die gemiddelde persentasie waarskynlik minder as 20%. Hoewel daar skribas is wat uiters nougeset en pligsgetrou is, is sulkes die uitsondering. 'n Wesenlike probleem is onkunde by skribas – veral aangesien die persone wat hierdie poste beklee dikwels wissel en dan word die nuutaangesteldes nie na behore ingelei in die verskillende pligte en verantwoordelikhede nie. Dit beklemtoon die noodsaak van gemeentelike argiefkommissies. Die antwoord sou wees dat die Argivaris elke gemeente se lêer afsonderlik neem en aan die kerkrade presies aandui wat ontvang is en wat ontbreek. Dikwels verg dit lang en herhaalde telefoongesprekke om die skribas te help om ontbrekende inligting op te spoor en aan te stuur. Wat is die nut van 'n argief as sekere inligting ontbreek? Volledige gegewens bly die Argivaris se ideaal. Daarom sal die insameling van gemeentegegewens 'n belangrike en lewenslange taak wees wat baie tyd en geduld van die Argivaris verg. So was ds. Grové bv. besig om op elke gemeente se kaart die lys van leraars wat elke betrokke gemeente bedien het volledig te maak. Dit verg dikwels ure se naslaanwerk en selfs navrae by wyse van briewe of telefoonoproepe.

1.2 Huweliksregisters: Ten spyte van versoeke by elke Sinode en by ander geleenthede, is daar maar enkele leraars wat gereeld afskrifte van ons kerkverband se eie huweliksregisters instuur. 'n Volledige lys van leraars van wie min of geen inligting in hierdie verband op lêer is nie of van wie ons lanklaas gegewens ontvang het, verskyn in hierdie jaar se Sinodeverslag. Ook hier sou die oplossing wees dat die Argivaris met elke leraar persoonlik korrespondeer met 'n dringende versoek dat hierdie ereplig uitgevoer word. Al meer berigte dui daarop dat Binnelandse Sake se huweliksregisters chaoties is, daarom is hierdie 'n belangrike taak van die Argivaris wat tans maar min aandag kry weens die gebrek aan tyd.

1.3 Leraars se persoonlike gegewens: Die ideaal sou wees dat die Argivaris op hoogte gehou word

van alle persoonlike gegewens van elke leraar in die kerkverband, sodat die skryf van lewenssketse nie later 'n klomp navorsing verg en dikwels weens gebrek aan gegewens onvolledig is nie. Die Argivaris behoort op kort kennisgewing huldeblyke van leraars wat sterf, te kan lewer. Die ideaal sou wees dat die Argivaris op 'n gereelde basis met alle leraars kommunikeer om op hoogte te bly van belangrike gebeure in dié se lewens. Dit is tydrowende werk waarvoor daar tans eenvoudig nie tyd is nie.

1.4 Gegewens buite die kerkverband: Die ideaal sou wees dat die Argivaris op hoogte kon bly van statistiese gegewens van ander kerke en groepe sodat hy in staat kan wees om afwykende tendense in ons kerkverband vroegtydig uit te wys vir spoedige reaksie deur die regte persone of kommissies. Die tyd vir die Argivaris om op hoogte te kom en bly, ontbreek met die huidige reëling.

2. Erkenning van ontvangs van skrywes en dokumente

Alle argivalia wat ontvang word, word skriftelik deur die Argivaris erken en die insender daarvan bedank. Dit behoort te beteken dat daar elke jaar aan elke gemeente 'n erkenning van ontvangs gestuur moet word. Ongelukkig is ons nog nie daar nie omdat min gemeentes hierin getrou is, soos hierbo verduidelik. Dit is noodsaaklik dat die Argivaris die ontvange stukke vlugtig deurgaan om te bepaal of dit korrek en ontvanklik is sodat daar in die ontvangserkenning gemeld kan word dat dit korrek is, of dat dit teruggestuur word vir regstelling, of soms word die insender net gewys op gebreke waaraan aandag gegee moet word. A.g.v. die feit dat die Argief pal teen 'n agterstand werk, word sulke ontvange stukke dan eenkant bewaar om later volledig verwerk te word. (Wat die verwerking behels, word later beskryf.)

Verder ontvang die Argief dikwels navrae wat uiteraard deur die Argivaris beantwoord moet word. Die antwoorde behels gewoonlik naslaanwerk of anders advies aan persone wat daarom vra. Die Argivaris word soms versoek om te bevestig dat iemand iewers in die verlede 'n lidmaat van een of ander gemeente was – gewoonlik gemeentes wat ophou bestaan het. In sulke gevalle moet die beweging van die lidmaat in die afskrifte van lidmaatregisters nagespeur word tot by die laaste gemeente waar hy of sy lidmaatskap gehad en laat verval het. Heel dikwels ontvang die Argivaris versoeke om bewyse van doopbediening te verskaf uit die registers van gemeentes wat ophou bestaan het of waarvan die registers in die gemeente se besit onvolledig of verlore is. Dié tipe navrae of versoeke moet natuurlik onmiddellik die aandag van die Argivaris geniet en afgehandel word, wat dan beteken dat alle ander take waarmee die Argivaris besig is, onderbreek moet word.

Afskrifte van alle korrespondensie wat die Argivaris ontvang en uitstuur, word in korrespondensielêers geliasseer en in 'n posboek aangeteken deur die Argivaris.

3. Sortering, inventarisering en indeksering van argivalia

Behalwe die jaarlikse afskrifte van registers, finansiële state en statistiek met of sonder visitasieverslae wat ontvang word en dan deur die Argivaris in die betrokke gemeente se lêer geplaas moet word nadat die ontvangs daarvan op die kaartindeks asook op die rekenaarindeks aangeteken is deur die Argivaris, ontvang die Argief dikwels kartondose vol dokumente van gemeentes af. Hoewel ons baie dankbaar is hiervoor, vereis dit baie tyd en geduld van die Argivaris om deur die inhoud van hierdie dose te werk. Dit sluit gewoonlik 'n jaar of meer se korrespondensie, finansiële dokumente soos rekeninge, kwitansies, tjeks, tjekaanvraagvorms, basaarlyste, notules van kerkrade, kommissies, susters-vergaderings, ensovoorts, afkondigings, gemeenteblaaie, jaarprogramme en dergelike meer in. Eerstens moet al hierdie dokumente sorgvuldig individueel deurgegaan word deur die Argivaris sodat alles wat geskiedkundige waarde het, bewaar word en alle stukke wat in ander argivalia opgeneem is (betalingsbewyse word bv. deur finansiële state gereflekteer) of geen waarde het nie, weggegooi kan word. Daarna word die stukke deur die Argivaris volgens soort, en elke soort (bv. notules) in datumvolgorde gesorteer. Daarna moet elke dokument wat geliasseer word, aangeteken word in die indeks en 'n erkenning van ontvangs van elke dokument aan die insender gestuur word deur die Argivaris. Hoewel dit baie werk vir die Argivaris beteken, verkies ons dat die gemeentes absoluut alle stukke aan ons stuur sodat die Argivaris self kan oordeel wat behou en wat weggegooi moet word, uit vrees dat kosbare stukke verkeerdelik weggegooi word deur iemand wat nie die waarde daarvan besef nie.

Die Argief ontvang ook dikwels items met historiese waarde vir opname en bewaring. Met hierdie items word dieselfde prosedure gevolg as met dokumente.

Verder ontvang die Argief dikwels jaarliks 'n bundel dokumente van ringskribas wat ook deur die Argivaris gesorteer moet word om te bepaal watter stukke in die betrokke ring se lêer, in 'n bepaalde gemeente se lêer of bv. in 'n leraar se persoonlike lêer geliasseer moet word. Dit behels uiteraard dat elke dokument nagegaan moet word deur die Argivaris sodat hy op hoogte van die inhoud daarvan kan kom. Ook hierdie stukke word dan deur hom geïndekseer en hy stuur dan ontvangs daarvan met 'n volledige inventaris aan die insender. Dikwels bevat hierdie skrywe ook 'n lys van ontbrekende stukke wat van die insender aangevra moet word.

Hierdie aspek van die Argivaris se werk is noodsaaklik dog tydrowend en ongelukkig is dit tans die geval dat hierdie werk agterstallig is – in sommige gevalle tot selfs ’n jaar, weens ’n gebrek aan tyd.

4. Katalogisering van dokumente

Een belangrike aspek van die werk in die Argief waaraan tot hede toe nog geen aandag gegee kon word nie, is die katalogisering van die inhoud van die Argief. Dit is ’n reuse taak wat van die Argivaris vereis om die inhoud van elke dokument wat reeds geïndekseer en geliasseer is, sodanig te beskryf dat dit vir elke navraer, naslaner of navorser moontlik is om aan die hand van dié gegewens te oordeel welke dokumente van belang is vir sy ondersoek. Om hierdie tekortkoming in ons Argief reg te stel, sal beslis baie ure van die Argivaris vereis. Indien die huidige agterstand ooit ingehaal sou kon word, wat slegs moontlik is indien ’n voltydse Argivaris aangestel sou word, is hierdie taak nooit afgehandel nie, want elke dokument wat in die Argief ontvang word, sal dan in die toekoms by ontvangs gekatalogiseer moet word voordat dit geliasseer word, wat uiteraard die daaglikse pligte van die Argivaris aansienlik sal vermeerder.

5. Liassering of berging van argivalia

Nadat ontvange stukke deur die Argivaris gesorteer, geïndekseer en geïnventariseer is soos hierbo beskryf, moet hy dit ook liasseer. Dit behels dat daar vir elke gemeente in ons kerkverband ’n dooslêer geopen moet word en natuurlik ’n tweede en derde ensovoorts namate die eerste vol word. Dit is veral wanneer daar meer as een lêer vir ’n gemeente bestaan dat deeglike indeksering gedoen en op datum gehou moet word sodat elke stuk vir toekomstige gebruik vinnig opgespoor kan word.

Daar is ook lêers vir elke ring in die kerkverband waarin stukke wat op die ring betrekking het (bv. ringsnotules, kommissieverslae, geloofsbriewe, ens.) bewaar word, met ’n indeks daarvan wat op datum gehou moet word.

Elke permanente sinodale kommissie het ook meer of minder rakspasie volgens behoefte waar lêers en ander argivalia bewaar word. Tans word hierdie lêers deur die kommissies self bestuur, maar die ideaal is dat die Argivaris ook al hierdie lêers se inhoud sorteer en inventariseer. Daarby kon tot dusver nog nie uitgekom word nie en daar sal baie meer tyd beskikbaar moet wees voordat hierdie reuse taak aangepak kan word. Dit is onbevredigend dat daar lêers in die Argief is waarvan die Argivaris geen kennis dra nie.

In die Argief is ook ander stukke van argivaliese waarde wat nie noodwendig aan ’n gemeente, ring of kommissie gekoppel kan word nie. Ook hierdie stukke moet geïndekseer word.

Van elke publikasie wat *Lig in Duisternis Uitgewers* uitgee, word twee eksemplare aan die Argief gestuur vir bewaring. Ook hierdie publikasies se ontvangs word erken en die publikasies dan volgens genre geliasseer.

6. Verwerking van gegewens in argief en bekendmaking van resultate

Die Argivaris se taak behels nie net die ontvangs en bewaring van inligting nie, maar ook die verwerking van die gegewens om die kerkverband met sekere inligting te bedien. Die inligting gebaseer op statistiek wat voorgedra is tydens vanjaar se teologiese dag kan as voorbeeld van hierdie taak beskou word. So is daar oneindig baie meer moontlike navorsing wat gedoen kan word met gepaardgaande verslae aan die kerkverband. Wat is die sin van die insameling en bewaring van al die inligting as dit net daar in die kartonlêers bly lê? Kostelike en belangrike tendense en neigings kan afgelei word deur die bestudering daarvan. Hiervoor is daar egter tans hoegenaamd geen tyd nie en gevolglik gaan die kerkverband mank aan ’n gebrek aan kennis en inligting. Waar die meeste ander werk bloot administratief is, is hierdie taak van die Argivaris eintlik die toepassing van sy kennis en navorsing en daarom waarskynlik die mees bevredigende. Dit is frustrerend dat daar nie tyd is hiervoor nie.

7. Bekendstelling van argief en sy werksaamhede aan studente en besoekers

Weens die groot mate van onkunde wat daar bestaan onder lidmate en selfs leraars oor die inhoud en werking van die Argief, is dit belangrik dat die Argief bekend gestel word as synde ’n gebruikersvriendelike navraag-, naslaan- en navorsingsentrum. Om hierdie doel te bereik, sal daar een of ander vorm van “bemarking” gedoen moet word. Daarmee is reeds begin onder ons jong leraars deurdat elke jaar se finalejaar studente genooi word om iewers gedurende die akademiese jaar ’n bekendstellingspraatjie en –toer by die argief te kom meemaak. Danksy die samewerking van die dosent in Praktiese Teologie vind dit reeds gereeld plaas. Metodes van bekendstelling aan lidmate moet gevind word. Tans word alle belangestellende besoekers baie hartlik verwelkom deur die Argivaris en kortliks voorgestel aan die Argief en wat daar gebeur.

8. Aanlê en instandhouding van huweliksregister

Soos hierbo genoem, beskik ons kerkverband oor ’n eie huweliksregister. Die bedoeling is om

'n volledige opgawe van huwelike gesluit in ons kerkverband vir die toekoms te bewaar. Dit kan 'n belangrike bron van inligting wees vir navorsers van geslagsregisters en familieverbande. Die tekens dui daarop dat die register by Binnelandse Sake nie akkuraat bestuur word nie. Tans word die registers van huwelike deur die Argivaris geliasseer en geïndekseer onder die name van die leraars wat die huwelike gesluit het. Die pasgeskepte rekenaarprogram beskik egter oor die funksie om huwelike volgens die familiename van die egliede of volgens datum of volgens plek van huweliksluiting op te roep. Daar is tans nog nie begin met die invoer van hierdie inligting nie. En soos hierbo genoem, is die inligting wat tot op hierdie stadium deur die Argief ontvang is uiters onvolledig (kyk 4.1 van die verslag van die KKA) en sal die Argivaris spesiale moeite moet doen om dit aan te vul.

9. Telefoniese navrae

Die Argivaris ontvang daagliks telefoniese navrae veral van skribas en soms van leraars oor die vereistes wat aan plaaslike kerkkantore gestel word t.o.v. die hou en instuur van registers en opstel van verslae. Verder is daar dikwels persone wat hul lidmaatskap van een of ander gemeente in die verlede wil bevestig of dooplidmate wat bewyse van doopbediening aanvra. Sulke navrae word natuurlik dadelik deur die Argivaris gehanteer en verg dikwels meer as een telefoniese navraag deur hom om alle tersaaklike besonderhede te kry. Alle telefoonoproepe wat gemaak word, word deur die Argivaris in 'n telefoonregister aangeteken.

10. Opstel van Sinodeverslae

Die Argivaris as uitvoerende amptenaar van die KKA is verantwoordelik vir die opstel van elke Sinodeverslag. Aangesien die gebruik gevestig is om baie en volledige besonderhede in die verslag op te neem, verg die skryf van hierdie verslag deurlopende aantekeninge sodat die finale afronding daarvan nie weer 'n reuse navorsingsprojek van die Argivaris verg nie.

11. Opdatering van register van Sinodebesluite

In uitvoering van die vorige Sinode se besluit dat daar 'n volledige elektroniese register van Sinodebesluite saamgestel moet word, het die huidige waarnemende Argivaris (toe nog assistent-Argivaris) vir meer as 'n jaar lank alle beskikbare tyd in die Argief gewy aan dié taak. Dit was 'n langdurige projek omdat alle besluite woordeliks uit die handelinge van die onderskeie Sinodes oorgetik moes word. Nadat hy dit voltooi en gekorrigeer het, sal dit natuurlik behels dat alle Sinodebesluite in die toekoms ná elke Sinode bygevoeg moet word by die elektroniese register. Daar bestaan tans ook nog 'n kaart-indeks van alle Sinodebesluite (met slegs die bladsy en numeriese verwysings) wat ná elke Sinode op datum gebring moet word deur die Argivaris.

12. Uitvoering van sinodale opdragte

Die Argivaris is natuurlik ook verantwoordelik vir die uitvoer van alle Sinodebesluite wat betrekking het op die Argief en KKA en wat buite sy normale verpligtinge soos hierin beskryf, val.

13. Skribaatverpligtinge t.o.v. KKA

Die Argivaris is *ex officio* skriba van die KKA. Dit behels die neem en skryf van notules en uitvoer van besluite geneem. Verder tree die Argivaris op as skakel tussen die lede van die kommissie – veral wanneer minder belangrike aangeleenthede telefonies bespreek moet word.

13. Voortdurende leeswerk oor argiefsake

Die Kerkkantoor teken jaarliks in op 'n tweetal vakkundige publikasies vir die aandag van die Argivaris. Die een publikasie (*Familia*, 'n kwartaalblad uitgegee deur die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika) handel hoofsaaklik oor familienavorsing (geslagsregisters), terwyl die tweede, meer omvangryke publikasie (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, uitgegee deur die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis) uiters insiggewende artikels oor die kulture van die land bevat. Die jongste uitgawe (Nov. 2006) bevat bv. o.m. 'n interessante en feitelik korrekte artikel met die titel: *Die herdenking en betekenis van die gelofte van 16 Desember 1838 (1838 tot 1994)* deur A Bailey. Dié vereniging gee ook 'n nuusbrief (*Sonnerad*) uit wat nuus oor die aktiwiteite van die vereniging self bevat.

14. Rekenarisering van inligting

Nadat die nodige programme geskryf is sodat al die belangrikste gemeente-, rings- en huweliksgegewens elektronies opgeteken kan word, moet al die inligting nou deur die Argivaris ingevoer word op die rekenaarprogramme. Dit op sigself sal 'n lang tyd neem, aangesien dit tussen die gewone daaglikse take gedoen moet word. Nadat dit voltooi is, sal alle gegewens wat op die kaart-indekse aangeteken word, telkens ook op die rekenaarprogramme aangebring moet word.

15. Besoekersboek

In die Argief word ook aantekeninge gemaak van elke besoeker wat by die Argief besoek aflê in 'n *Besoekersboek*. Daarby word aangeteken vir watter

doel die besoek was en watter inligting of diens aan die besoekers gelewer is. Die inligting kan van waarde wees vir latere navrae en opvolgbesoeke.

Slotopmerking

Met hierdie memorandum is gepoog om die juiste omvang van die pligte van die Argivaris op skrif te stel. Let asseblief daarop dat alle take wat hierin vermeld word, deur die Argivaris self gedoen word. Daar word selfs nie meer van tiksters gebruik gemaak nie, aangesien alle skryfwerk deur die Argivaris self op die rekenaar gedoen word.

BYLAE KKA 2

IN MEMORIAM

Ds. Albertus Jacobus van Niekerk

30.08.1933 – 10.02.2005

Met die heengaan van ds. Bertie van Niekerk het ons kerkverband 'n besonder begaafde en kleurryke leraar verloor. Die pad wat hy geloop het, was nie algemeen bekend nie omdat hy nederig daaroor geswyg het. Vele talente was aan hom deur die Here toevertrou, waarvan ons in die AP Kerk die laaste vrugte kon pluk.

Vanaf jeugjare tot pedagoog

Bertie is gebore en het grootgeword op die plaas Oorlogskloof, distrik Calvinia. Sy onderwys in laer- en hoërskool het hy op Calvinia ontvang, waar hy in 1950 op 17-jarige ouderdom gematrikuleer het. Ná matriek het hy vir onderwyser gaan studeer aan die Johannesburg College of Education (JCE). Ná voltooiing van sy studie in die onderwys, is sy diploma vir ses maande deur die rektor teruggehou omrede sy rebelse houding teenoor die Engelse. Ná aanstellings by die Dirkie Uys-skool, Kensington Hoërskool en Wonderboom Hoërskool, het hy 'n aanstelling by Pofadder Laerskool aanvaar. Dit was om nader aan sy siek moeder op Calvinia te wees. Hier het die roeping van die Here tot die evangeliebediening duidelik tot hom gespreek, waarteen hy nie kon rebelleer nie.

Huwelik en gesin

Bertie is op 14.12.1957 getroud met Marthie Roché, wat hom tydens hulle egverbintenis van 47 jaar getrou bygestaan het. In die talle gemeentes wat hy sou bedien, was sy saam met hom verbonde aan die dienswerk. Uit die huwelik is twee kinders gebore: 'n seun, Hugo-John, en 'n dogter, Nani (tans in Duitsland).

Van die klaskamer na die kansel

Te Bloemfontein het Bertie bedags as bankamptenaar gewerk sodat hy buitemuurs aan die UOVS kon studeer. Toe na Stellenbosch vir die teologiese studie aan die Kweekskool. Sy geliefde leermeester was prof. FJM Potgieter. Tydens dié jare het Bertie drie toneelstukke vir studente-opvoerings geskryf.

Die dienskneg van die Here

In sy eerste gemeente in die NG Kerk, Sutherland, en ook in die volgende gemeente, Marienthal, kon die boodskapper van die Here die broederliefde laat oorwin. Aan die Oranje was hy predikant van die gemeente Grootrivier, waar Bertie self met handearbeid gehelp het om die kerkgebou op te rig. In 1989 het nog 'n roepstem tot hom gekom, waarteen hy weer nie kon rebelleer nie. Gedryf deur sy gewete en eerlik voor God, het hy die bediening in die NG Kerk verlaat en hom by die Afrikaanse Protestantse Kerk geskaar.

Dit was die beginjare en Bertie kon die gemeentes Standerton, Perdekop en Morgenzon help om op dreef te kom. Sy goeie werk is voortgesit in Klerksdorp wat deur sy treffende verkondiging vooruitgang beleef het. Hier het hy weer die leiding geneem met die oprigting van die kerkgebou. En met sy vredesboodskap was daar 'n hartlike samewerking. Die volgende trek, na Potchefstroom, was nie ver nie, en hier het Bertie weer kostelike pastorale werk verrig. Aan die studente het hy besondere aandag gegee. En toe gehoorsaam hy 'n roepstem na die verre Namakwaland (Springbok) waar hy na 'n paar jaar sy emeritaat aanvaar het.

Maar nog was dit het einde niet. Met beperkte diens het hy die kuddetjie op Petrus Steyn gaan uithelp. Sy laaste gemeente sou Villiers wees, waar 'n innige verbondenheid tussen leraar en gemeente ontstaan het. Hier het hy sy laaste kragte vir die kerk van Jesus Christus gegee. Ná sy groot operasie te Pretoria, het hy die begeerte uitgespreek om nog die katkisante in die belydenisklas te begelei tot by die belydenisaflegging aan die einde van 2004. Dit kon hy nog doen. Die gemeente het hom sien wegkwyn, totdat hy op 10 Februarie 2005 gegaan het om met die Here te wees.

'n Kerk begrawe sy leraar

Die treurende gemeente het hom op 14 Februarie langs die kerkgebou ter ruste gelê. Ook sy musikale gawes is by die begrafnis in herinnering gebring toe Psalm 16 gesing is volgens die beryming wat ds. Bertie tydens sy siekte gemaak het.

Die literator en outeur

Ds. Bertie was by uitstek 'n skrywer. Die regte woord moes op die regte plek wees. Elke sin moes verstaanbaar wees en die geheel moes trefkrag hê. Die moelikste leerstellinge het hy uit die Skrif en Belydenisskrifte vir die katkisante duidelik uitgelê. Sy nalatenskap vir die kerk is die reeks Verbondsonderrigboeke wat hy self geskryf of geredigeer het. Ten tye van sy dood was hy nog besig met Handleidings.

Sy laaste publikasie was *Die Woord in die hart* waarop hy, in beskeidenheid, baie trots was.

Heengaan om met Christus te wees
Saam met Marthie en die twee kinders, die gemeente Villiers en talle oud-lidmate, groet ons 'n beminde vriend wat die wedloop voleindig het. *En jy, gaan heen na die einde; en jy sal rus en weer opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae* (Dan. 12:13).

Ds. Olaf Scheuer

Ds. Henry John Liversage
26.03.1935 – 14.08.2005

Henry het grootgeword in die Pongola en Vryheid distrik. Na baie omswerwinge en werke, selfs in die destydse Rhodesië (waar hy ook sy vrou ontmoet het en getroud is) bly hy uiteindelik in Pongola waar hy in 'n stadium vyf werke gelyk gedoen het – o.a. as distriksbestuurder by Old Mutual en saakgelastigde by die NG Kerk. Hier het hy baie betrokke geraak by sending en skryf deeltyds in by UNISA vir teologie.

Na drie jaar besluit hy om voltyds te studeer en verhuis met twee hoërskoolleerlinge en twee laerskoolleerlinge na Stellenbosch. Hy begin sy bediening in die NG Gemeente Karatara, in 1981. Hy ontvang 'n beroep na die NG Kerk in Afrika Nongoma. Hier arbei hy van 1983 tot 1988. Hy kon hom hier uitleef, veral weens die feit dat hy Zoeloe magtig was. Hier kom hy ook onder die besef van die kulturele verskille en die verskeidenheid in die liggaam van Christus.

In 1988 sluit hy aan by die AP Kerk en bedien die gemeentes Clanwilliam/ Pools/ Olifantsrivier. Hy speel ook 'n rol in die vestiging van die Kerk in Namakwaland. Hy tree uit die bediening in 1993, maar word later die jaar met beperkte opdrag na Amersfoort en Perdekop beroep. Hy was ook betrokke by die gemeentes Vrede, Cornelia, Greylingstad, Balfour, Utrecht, Dundee en Vryheid.

Sedert 1997 het dit duidelik geword dat sy gesondheid afgetakel was en hy nie meer sy werksaamhede kon voortsit nie, selfs nie as makelaar by Old Mutual nie. Hierdie omstandighede was vir hom geweldig frustrerend en het depressie by hom veroorsaak. Dié siekte het 'n invloed op sy bediening en gesinslewe gehad. Gemeentes en mense het uit onkunde nie altyd begrip gehad vir sy probleem nie. Later is Steel Richard sindroom by hom gediagnoseer – 'n degenererende neurologiese siekte. Sy seun Johan vat die aard van sy siektetoestand saam in die volgende gedig:

Ek sien hoe lê my pa en staar
Weet alles om jou maar kan nie praat.
Wanneer wil hy na die ewige gaan?
Sal ek ooit regtig jou smart verstaan?

Ek was bly om te hoor jy het na die ewige verhuis.
Daar was nie smart maar blydskap in my hart.
Wag vir ons in ons Vader se ewige huis.
Ons gaan jou mis maar gun jou vrede sonder smart.

Die laaste paar jaar van sy lewe was hy baie afhanklik van sy vrou en kinders vir versorging. Die laaste ses weke van sy lewe is hy in die Blymoedig Kliniek in Pretoria versorg.

Ek het oom Henry leer ken toe ek in AP Kerk Amajuba gekom het in 1997. Hy het toe al 'n stryd gehad met die gevolge van sy siekte. In hom was egter die brandende begeerte om na ver gebiede te ry en nagmaal te bedien, te preek, ensovoorts. Ek het die geleentheid gehad om saam met hom met 'n sektegroep op Volksrust oor die evangelie gesprek te voer. Terwyl daar met strikvrae probeer is om ons vas te vra, het hy opgestaan en hulle só geantwoord: "Die hoofsaak van die evangelie is: Aanvaar jy Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker?" Met daardie woorde het hy die kern van die evangelie saamgevat en dit was die boodskap wat hy in opdrag van die Here verkondig het.

Ds. JB Trollip

Ds. Nico van Zyl
23.04.1924 – 06.09.2005

Ons bring hulde aan ds. Nico van Zyl. Klein van postuur, maar groot van hart was hy. Soveel liefdevolle herinneringe en lewenslesse het hy nagelaat aan almal wat hom geken het. Nicolaas Rudolph Johannes van Zyl is op 23 April 1924 in Strydenburg gebore. Tweede oudste van 'n ouer suster en twee broers; 'n tenger seuntjie met ernstige gesondheidsprobleme. Sy bekommerde ouers dra hom deurentyd aan die Here op. Op agtjarige ouderdom is hy skool toe, maar kon net een kwartaal voltooi. Die jare wat volg was moeilike jare vir hom en sy ouers. Hy volg 'n oefening-kursus van Tromp van Diggelen vir asma. Sy gesondheid verbeter en op veertien gaan hy terug skool toe. Die hemelse Vader het Nico met 'n onuitblusbare wil en lewenslus toegerus, want hierdie seun sou werk vir sy koninkryk. Op Campbell voltooi hy laerskool en sy matriek-sertifikaat ontvang hy op Douglas (1944). Aan die einde van 1947 ontvang hy die BA-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Hierna tree hy in diens van *Die Volksblad* as redaksielid. Hy woon aandklasse by en verwerf sy onderwysdiploma in 1949 aan UOVS. Hy gee twee jaar onderwys op Outjo en Gobabis. Hier ontmoet hy Louise Thirion, ook onderwyseres. Hulle tree in die huwelik. In 1952 verhuis

hulle na Bloemfontein, ’n jaar later is hy na die Kweekskool op Stellenbosch. In 1956 is hy gelegitimeer. As proponent ontvang hy twee beroepe: na Uitenhage en Soutpan. Hy aanvaar die beroep na Soutpan en in 1957 word hy bevestig as leraar van sy eerste gemeente. Vele beroepe volg vir die jong en ywerige predikant. Hy aanvaar in 1959 ’n beroep na Delportshoop. In 1962 is hy na Vryburg. In 1969 bevind hy hom in Christiana en in 1973 Bultfontein-Oos. In 1976 word hy bevestig in Kimberley. In 1988 aanvaar ds. Van Zyl emeritaat. Gedurende dié tyd word hy ’n belangrike rolspeler in die stigting van die AP Kerk te Kimberley en Barkly-Wes. Hy werk ywerig aan die bou van ’n kerk en tree ook as leraar op vir Barkly-Wes. Van sy pragtige skrynwerk is te sien in die AP Kerk Kimberley waar hy die preekstoel oorgetrek het met hout. In 1994 tree ds. Nico van Zyl uit, maar begin dadelik weer werk as leraar in Jacobsdal asook Koffiefontein. In Mei 2001 beroep die gemeente Barkly-Wes ds. Van Zyl. Hy tree op as leraar en in November 2004 raak sy gesondheid so swak dat hy ingee daar waar hy op die preekstoel staan. Hy voltooi sy laaste preek op ’n stoel tussen sy gemeentelede. Op 12 Desember 2004 staan hy vir die laaste keer op die preekstoel en lewer ’n Kersboodskap wat almal diep raak. Vanaf Desember 2004 gaan ds. Van Zyl se gesondheid drasties agteruit en op 6 September 2005 neem ons afskeid van hierdie geliefde leraar. Hy was 81 jaar oud. Op 10 September word daar ’n roudiens gehou. Hy was ’n mens wat sy naaste liefgehad het in so ’n mate dat hy hul bo homself gestel het. Hy was besonder lief vir die natuur en het dit dikwels in sy boodskappe gebruik. Bo alles was sy eerste liefde sy Vader in die hemel.

M Enslin

Thomas Verryne
28.11.1965 – 31.10.2005

Thomas Verryne: die “mens” dominee. Die eienskap wat hom populêr gemaak het onder die gewone mense – maar dikwels ook in die moeilikheid laat beland het onder die vooraanstaandes. Thomas Verryne – die vrypostige, maar terselfdertyd ook die diep denker wat die sin van die lewe bepeins het. Dit was ’n voorreg om Thomas te ken. Hy is sinoniem met die eerste jare van die Kerk, die nuwe predikante wat opgelei moes word en die geboortepyne wat daarmee saam gegaan het. Hy was die tweede in die “familie” van jong studente wat ook in daardie tyd groot opofferings moes maak ter wille van ’n standpunt tussen ’n toenemend antagonistiese studentewêreld waarin beweeg is. Hy het in 1984 sy studies aan UP in die onderwys begin. Hy het die volgende jaar sy roeping ontvang en dadelik in die teologie begin studeer. In 1989 het hy aan die Akademie begin studeer en in 1991 sy diploma *cum laude* ontvang. Dit was ’n hegte “familie” in daardie dae waar almal betrokke was by mekaar en mekaar se lewens – meer as net studies en die uitruil van kennis. Thomas was die een wat altyd gesorg het vir ’n glimlag: Hy was reeds besig om sy Godgegewe genadegawe uit te leef, nl. om mense om hom altyd ten diens te wees deur altyd sy eie behoeftes op die agtergrond te plaas. Sy bediening vanaf 1991 tot 2005 het 3 gemeentes behels, nl. Zululand, Buhrmannsdrift en Vanderbijlpark. Hy was ’n individu wat besonder lief was vir die natuur en wat dit uitgeleef het. Hy was vanaf sy studentedae betrokke by die jeug en het verskeie kampe en toere gereël. Hy was ook musikaal en het verskeie male die kansel verlaat om plek voor die orrel in te neem om die gemeente te lei om ook so die lof en eer aan die HERE te bring. Thomas is gebore op 28 November 1965 en het groot geword op die familieplaas Wolhuterskop in die distrik Brits. Hierdie plaas was vir hom ’n fondament, ’n sielstuiste in onstuimige tye. Hy is op 22 Julie 2000 getroud met Isabel van der Westhuizen. Hulle seuntjie Tommie is gebore op 4 Junie 2002 – die mooiste en seker die dapperste 4-jarige wat ek al ooit gesien het. Thomas se familie was sy alles. Vir hulle bid ons die Here se troos toe. Met Isabel se toestemming deel ek graag een van hulle laaste gesprekke met u: “Enkele minute voor Thomas se dood, het ons in die motor gesels oor sy dood; oor waar hy begrawe wil word; oor waar alles is en wat ek moet doen ... minute daarna is hy dood ...” Deur die trane heen sien ons as gelowiges steeds die Here se hand. Jes. 55:8, 9: *Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.* Met ’n hart vol van dankbaarheid groet ons vir: Thomas Jacobus Verryne (VDM). Ons berus in die woorde van Jes. 55:8, 9.

Ds. Petrus Janse van Rensburg
(Dendron)

Thomas,
Jy was ’n goeie vriend,
’n kind se maat met grootmensraad.
Jy het die lewe geniet, God gedien
só geleef dat almal dit kon sien.
’n Troostende hand het jy dikwels uitgereik,
en vele mense het daarna gegryp.
Om hulp te verleen,
was vir jou nooit ’n probleem –
Jy wat was Gods kind .
nou het jou siel hemelse rus gevind.
Vir almal wat jy agterlaat
is dit wel ’n hartseer saak,
maar God het dit dan so gewil,
want jou werk op aarde was vervul!

Vaarwel geliefde vriend
Amanda en Wessel

Hy was anders...Petrus Andries van Zyl
21.04.1922 – 13.02.2006

Ongewone lewensloop ... te veel om hier te vertel.
Hy is gebore in die Wamakersvallei by Wellington. Sy pa het ook nog waens gebou. Sy ouers het vyf seuns en twee dogters gehad.

Toe hy vyf jaar oud was, is sy moeder op 38-jarige leeftyd oorlede. Sy pa was 46 jaar oud toe hy 'n jaar ná sy vrou gesterf het. Die kinders is tussen die familie verdeel. Hulle het alle kontak met mekaar verloor; selfs ook met die jongste sussie wat aanvanklik saam met Piet aan 'n stiefouma toegewys was. Eers nadat hy in die bediening was, het Piet 'n keer met dié sussie weer kontak gehad.

Hy het self vertel hoe hy by die stiefouma meer as stief behandel is. Onder andere was godsdiens en onderwys verbode. Meneer Gideon Roos, 'n onderwyser te Wellington, het hom sonder medewete van die ouma leer lees en skryf.

Intussen was die lewe vir hom so onhoudbaar dat hy gewens het om nie meer te lewe nie. 'n Boer maak 'n plan: hy loop weg na 'n tante – sy pa se suster in Maseru. Sy was getroud met 'n hoë offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie. Hier ontvang hy baie liefde. Toe hy twaalf jaar oud was, het hy eers met formele skoolonderrig begin. Piet vorder sprongsgewys en op sestienjarige ouderdom is hy reeds in Standerd 8.

Hy sluit by die weermag aan en vorder tot die rang van Sersant Majoor. Aan die front in die Tweede Wêreldoorlog, voer sy pligte hom tot op paaie in Europa. Onverskrokke met durf en deursettingsvermoë voer hy 'n afdeling tenks aan; hy plaas sy lewe op die spel toe hy by drie geleenthede 'n man uit 'n brandende tenk red. Gehard en onbekeerd, geheel onverskillig t.o.v. godsdiens – maar tog ervarend dat God na hom roep – is hy deel van 'n afdeling valskermsoldate wat in 'n nagaanval in stikdonker moet afspring oor Avignon in Frankryk.

Groot was sy eerste verbasing dat sy valskerm naby die grond aan iets vashaak en hy daar bly hang. Daar het God met hom gepraat en Piet het geantwoord. Groter was sy tweede verbasing toe hy met die eerste lig besef dat hy met sy valskerm aan die spitse rondom 'n kerktoring hang! Van hier af was ons Opperheer sy Hoofbevelvoerder. In sy militêre loopbaan het hy dertien medaljes vir besondere diens ontvang.

Ná die oorlog, terug op vaderlandsbodem vind hy 'n betrekking by die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Hier kry die roeping tot evangeliebediening finale beslag. Aan die begin van 1947 skryf hy aan die Universiteit van Stellenbosch in vir BA Admissie – maar met staatsvergunning aan oud-soldate, sonder matriek. Hy werk aanvullende vakke suksesvol by. Daarna vorder hy akademies uitstekend en het die Ou Testament as hoofrigting gekies met Ugarit as spesialiteitsgebied. Omdat pastorale werk sy wesenlike roeping was, het hy 'n geleentheid om in die akademie op te gaan, van die hand gewys. Hy kon selfs nooit tyd inruim om sy doktorale verhandeling af te handel nie al het die ideaal bly leef. Toe hy met sy bedieningshulp aan AP Kerk Primrose nie kon voortgaan nie, het hy dié onvoltooide taak hervat, maar kon kwalik 'n tree daarmee vorder voordat dit totaal onmoontlik geword het omdat uitspantyd aangebreek het.

As student op Stellenbosch het hy Margaretha Johanna Treurnicht (suster van wyle dr. AP Treurnicht) in 1947 ontmoet. Rita het 'n maatskaplike werkkursus gevolg. Hulle is in 1952 getroud. Twee seuns en twee dogters is uit die huwelik gebore.

Hoewel hy 'n knap student was, moes hy as gevolg van 'n tekort aan geld, eers weer gaan werk. Sodoende gaan hy in diens van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (Kaapse Kerk) vir 3 ½ jaar sendingwerk in Mashonaland doen. Tydens sy militêre loopbaan het hy vir 'n tyd lank ook in die weermag van die VSA gedien. Uit daardie oord het 'n beurs wat hom toegekom het vir Piet in staat gestel om sy studies te kon voortsit en voltooi.

Pietman begin die bediening in die Ned. Geref. Kerk in 1957 as kapelaan in die SAW. Daarná bedien hy drie gemeentes en emeriteer in 1987. Sedert hy op 11/03/1990 by die Afrikaanse Protestantse Kerk aangesluit het, bedien hy die AP Kerk Standerton vir drie jaar. In dié tyd dien hy op die Sinodale Kommissie vir Kerkregtelike sake. Hierná werk hy pastoraal in agttien gemeentes vir tydperke van drie tot agttien maande en meer waarvan Primrose die laaste een was.

Tussendeur het hy preekbeurte waargeneem in 25 gemeentes, verspreid oor die vier provinsies van Suid-Afrika.

Ons dank die Here dat Hy vir byna volle sestien jaar 'n eerlike, getroue en hardwerkende bedienaar van die Woord aan ons geleen het wat met opregte vroomheid in die AP kerkverband geleef en gewerk het. Aan Hom al die eer!

Ds. WM Grové

Ds. Gideon (Deon) Pretorius
25.08.1961 – 15.03.2006

Wat sê 'n mens? Die verganklikheid van die mens is opnuut beklemtoon en as Christengelowige sê jy:

Dank die hemelse Vader dat hy jou lewenspad met dié van ds. Deon laat kruis het. 'n Ontmoeting met hom het jou met 'n verrykte ervaring gelaat. Hy is by uitnemendheid as geestelike vader in die gemeente beleef. Vir hom was daar geen alternatief vir sy Christenwees nie. As Christengelowige het hy sy rol as herder van die gemeente vervul, was hy by elke aktiwiteit intens betrokke. Tyd en afstand het hom geensins beperk om sy huisbesoek en siekebesoek te doen nie.

Vir die senior burgers het hy 'n sagte plek gehad en hy het hulle met die grootste respek behandel. Die jonger lidmate het hom as entoesias met goeie raad en daad beleef. Die kinders en kleuters het geweet hy was aan hulle kant en het hom as 'n tweede pa beskou.

Ds. Deon was by geleentheid die "stoute" dominee – as hy tydens byeenkomste naby jou was, het jy maklik 'n vreemde voorwerp in jou koppie tee of glas koeldrank gekry.

Ds. Deon was predikant in die NG Kerk Bethal-Oos en Klipriviersberg. In 1992 het hy by die AP Kerk aangesluit en as predikant gedien in Arnot/Hendrina, Amajuba/Perdekop, Carolina, Lebombo en Trans-Magalies vanaf 6 Oktober 2001 tot met sy dood. Hy het op verskeie sinodale kommissies gedien soos Jeug- en Verbondsonderrig, die SKK en die Kuratorium.

Ons kan nog lang paragrawe skryf oor die lewe van 'n heengegane geliefde leraar. Om die erns van sy geloof en empatiese meelewing met sy gemeente te beklemtoon, haal ons van sy laaste sms-boodskappe aan die adres van 'n deel van sy vriendekring aan: "Geloof is twee paar hande: Jou biddende hande en God se reddende hande. As die paar hande ontmoet, bedaar die storms en ondervind jy 'n onbeskryflike vrede! Shalom!"

Ons harte gaan uit na sy eggenote, Emelie, en kinders Fredry, Christelle en Melindie.

Oudl. LJ Potgieter
Ondervoorsitter: Kerkraad, AP Kerk Trans-Magalies

Ds. Wynand Jacobus van der Merwe
06.06.1938 – 19.04.2006

Hierdie kneg van die Here se lewe is op 'n tragiese wyse beëindig.

Bykans 68 jaar gelede is hy in 'n pastoriehuis uit die hand van die Here ontvang. Hy groei op omgewe van 'n pa wat sy lewe in die bediening aan die Here gewy het. En Wynand ken een roeping: om in besondere diens as herder en leraar die Here te dien. Vandag nog getuig oud-lidmate van Gereformeerde kerke en van AP Kerke van die mooi gawes wat hy ontvang het en van suiwere prediking en pastorale sensitiwiteit waarmee hy hulle bedien het.

Ds. Wynand verwerf die Th.B. aan die einde van 1963 aan die PU vir CHO en bedien agtereenvolgens die Gereformeerde Kerk Elandskraal, Marble Hall, Pretoria-Booysens, Brits-Wes en Totiusdal. In 1989 kom hy oor na die AP Kerk en werk eers in die AP Kerk Mooinooi en later in Rustenburg. Hy emeriteer op 1 November 2001. Sedert 5 Januarie 2003 dien hy met beperkte dienstermyn in die AP Kerk Hartbeespoort tot by sy dood. Daar is lidmate wat getuig van sy ywer om veral nuwe intrekkers te besoek en van die deernis wat hy by probleemgevalle aan die dag gelê het.

Die Van der Merwe-gesin is deur diep beproewinge – hy het gesondheidsprobleme ondervind, veral met sy oë. Sy eggenote, Nan, was langdurig en ernstig siek. Sy is enkele dae na ds. Wynand oorlede.

Ds. Wynand het vir die AP Kerk op die volgende sinodale kommissies gedien: Kommissie vir Formuliere en Liturgie – ondervoorsitter in 1994-95; 1998-99. Kommissie vir Publikasies – primariuslid 1998-2001.

In sy dagstukkie van 1 Maart 2006 bid ds. Wynand: *Here, laat ons tog luister as U met ons praat.* Ek glo dat hy die ewigheid in is met sy bede van 3 Maart: *Gee ons (my) die krag, Here, om U nooit te verlaat nie.*

Daar is 'n seer in ons oor ter wille van 'n broeder. En tog: Daar is ook dankbaarheid teenoor God van hemel en aarde vir die goeie wat Hy in 'n kneg van Hom gegee het.

Ons sal ds. Wynand se vriendelikheid, sy mooi stem, sy diens, sy liefde onthou.

Ons harte gaan uit na ds. Wynand en Nan van der Merwe se dierbares.

Prof. Roelof Marè

Ds. LPA Spies
1/06/1927 – 23/07/2006

Ds. Louis is daar nie meer nie: die Here het hom weggeneem op Sondagaand 23 Julie nadat hy die vorige Sondag nog in Hartbeespoort gepreek het. Hy was in die week voor sy dood in die hospitaal na 'n hartaanval, maar het mooi herstel. Hy het egter 'n terugslag beleef en is Sondagaand oorlede.

Lodewyk Petrus Arnoldus Spies is gebore op 1 Junie 1927 in die distrik Heidelberg (Tvl). Sy laerskooljare

bring hy deur aan sy gewaardeerde Tamboekiesfontein en hy matrikuleer in 1945 aan die Hoër Volkskool, Heidelberg. Hy behaal sy BA aan UOVS en studeer af as predikant aan die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch in 1952.

Ds. Louis was 'n mensliewende man; sy vriendelikheid bly onvergeetlik. Hy was 'n getroue getuie van die Here Jesus. By elke geleentheid het hy Jesus se krag, genade en liefde teenoor mense verkondig. Vir die kansel as geleentheid om Gods Woord te verkondig, was hy baie lief. Die vele gemeentes waar hy gepreek het, kan daarvan getuig. Die liefdesbande tussen hom en sy gesinslede was opmerklik. Van hulle, veral van sy kleinkinders, het hy steeds met groot liefde gepraat. En dié liefde was wedersyds.

Hy het sewe NG-gemeentes bedien voordat hy in 1988 sy emeritaat aanvaar het. In 1995 het hy by die AP Kerk aangesluit en op 73 jaar het hy en die gemeente Standerton 'n kerkgebou vir die Here ingewy. Dit was vir hom die hoogtepunt van sy bediening. Daarna het hy met beperkte opdrag nog vir byna 'n jaar in die gemeente Johannesburg-Suid gearbei. Oral is hy bygestaan deur sy innemende en getroue eggenote, Juliet.

In die gemeente Verwoerdburg waar hy en Juliet die jongste jare gewoon het, was hy 'n geliefde. Ons sal hom mis en na hom verlang, maar ons bly die Here dankbaar vir wat Hy deur hom aan mense op hierdie aarde gegee het. Heel gepas het ds. Paul Storm, plaaslike leraar, by sy begrafnisdiens die woorde uit 1 Kor. 15 aangehaal: "Dood waar is jou angel". Die gemeentesang by sy begrafnis is afgewissel met die helder stem van ds. Louis se enigste dogter, Marelize. Sy het dikwels saam met haar vader gesing. Maar hierdie keer was ds. Louis se stem stil.
Aan die gesin en almal wat hom liefgehad het: nogmaals die versekering van ons innige meegevoel. Mag die God van alle vertroosting sy troos ryklik oor almal uitstort.

Willie Lubbe

Ds. Frederick Johannes van der Merwe (Erik)
27.12.1946 – 17.01.2007
Godsman, volksman, kultuurleier en opvoeder.

So sal Erik van der Merwe in die harte van dié wat hom geken het, onthou word.

Erik, seun van mev. en wyle ds. JJK van der Merwe, het in 1964 aan Grey Kollege, Bloemfontein, met volle akademiese kleure gematrikuleer. Daarna behaal hy die volgende akademiese kwalifikasies: BA (UOVS) met hoofvakke Wysbegeerte en Geskiedenis. BA(Hon.) (UNISA): Geskiedenis, en spesialiseer in Suid Afrikaanse Geskiedenis, Rusland en die VSA. B.Th. en M.Th. (Univ. Stellenbosch).

Professioneel het hy nagraads die HOD-diploma suksesvol voltooi en ook 'n sertifikaat in remediërende onderwys verwerf.

Hy weef sy loopbaan met fyn drade van Calvinisme, 'n hartstogtelike liefde vir sy volk en daarmee saam die Afrikanerkultuur en die jeug van sy volk.

Ook het hy 'n deernis vir die jeug van 'n breër Suid-Afrika. Sy lewensuitgangspunt *Soli Scripti; Tota Scripti* sou Erik van der Merwe laat groei tot 'n geliefde eggenoot, vader, jeugleier en pedagoog.

Hy ontmoet sy lewensmaat tydens 'n oudisie vir 'n toneelopvoering waarvan hy die regisseur was. Sy huwelik met Palma Meyer was geseënd en tot die einde gekenmerk deur ware liefde, trou en vriendskap wat 'n inspirasie en stille getuienis vir baie was. Hulle het twee seuns, Hannes en Mark, en 'n kleinseun - klein Erik - op wie oupa vreeslik trots was.

Sy uitmuntende kennis en liefde van veral die Afrikanergeskiedenis het hom as kultuurleier in die Voortrekkerbeweging, en as inwonende dosent (later as Koshuishoof) van die Durbanse Onderwyskollege onderskei.

Talle kampe en geskiedkundige toere is deur die Van der Merwe egpaar gelei. Erik se fenomenale kennis van die wel en weë van die Voortrekkers, die Groot Trek en latere geskiedenis van die Afrikaners in Natal is op interessante wyse aan die jeug oorgedra. Sodoende het hy liefde en begrip van ons volkseie aan die jeug met wie hy gewerk het, oorgedra.

Vanaf 1970 het hy as Voortrekkeroffisier gedien. Hy was vanaf 1980 tot 1990 Adjunk-Provinsiale Sekretaris (Opleiding en Hoof Kursusleier) van die Natalse Voortrekkers. Daarna was hy vanaf 1991 tot 1993 Adjunk Oordleier (Wes-Transvaal) van die Transvaalse Voortrekkers. Menige Hoofleierswag en Presidentsverkenners sal vandag kan terugdink aan die leiding en opleiding wat ds. Erik en nig Palma hulle gebied het.

Hy het nooit sy roeping as Godsman en predikant tersyde gestel nie. As dosent het hy sy 3de en 4de jaar Bybelkundestudente op kampe geneem waar hy hulle in dié vakgebied geskool het. Hy het hulle geleer dat die Skrif, en alleen die Skrif die laaste woord spreek, dat die mens altyd ondergeskik aan die Skrif is.

Hy het nooit sy predikantstatus laat val nie. Hy het te midde van studie en werk dienste gelei in vakante gemeentes, of gemeentes waar die leraar met verlof was. Hy kon nie nee sê om die Woord van God te

bedien nie – in so 'n mate dat hy en sy gesin naderhand nooit tyd vir verlof gehad het nie!

Ds. Erik het die volgende betrekkings beklee: 1970 - 1971: Senior Verslaggewer, *Die Burger*; 1972 - Junie 1974: Leraar NG Kerk Aliwal-Noord; Julie 1974 - Desember 1974: Onderwysprakticum: Hoërskool, Port Natal as Geskiedenis en Bybelkunde onderwyser. 1975 tot Junie 1986: Lektor en Vakhoof en later Senior Lektor (Vakhoof) Bybelkunde, Durbanse Onderwyskollege. Julie 1986 - Maart 1991: Senior Adviseur vir Bybelkunde, Natalse Onderwys Departement.

Hy dien in Natal ook 8 jaar as Hoofbestuurslid van die Natalse Onderwysers Unie. Hy dien in hierdie tydperk op verskeie sinodale kommissies van die Natalse NG Kerk en die Interkerklike Kommissie vir Onderwys en Opleiding.

In Onderwys en Opleiding volg ons sy spoor so vroeg as 1974. Hy verlaat Natal ná 17 jaar nadat hy 'n pos as Senior Adviseur vir Geskiedenis en Bybelkunde aan die destydse Bophutatswana Onderwys Departement aanvaar het. In Mei 1991 neem hy sy pos op.

Vanaf 1995 en tot met sy afsterwe was hy Hoofadviseur Gespesialiseerde Onderwys en Bybelkunde en Bybelonderrig Noord-Wes Departement van Onderwys - Rustenburg streek. Hy was ook lid van die Vakkomitee van die NOD vir Bybelkunde en Bybelonderrig. Vanaf 1986 tot 1990 voorsitter en lid van die Gesamentlike Kurrikulum Komitee vir Bybelkunde en Bybelonderrig van al die Onderwysdepartemente van die RSA. Tans was hy lid van die Vakkomitee vir Bybelkunde by Umaluzi.

Hy was jarelank lid van die VCHO en het die laaste paar jaar op die Hoofbestuur van VCHO gedien.

In 1990 kom ds. Erik en sy gesin oor na die AP Kerk. Op 30 April 1994 word hy as leraar van die AP Kerk Buhrmannsdrif (beperkte opdrag Sending en Evangelisasie) bevestig.

Vanaf 10/01/1993 - 31/12/2004 bedien hy AP Kerk Koster (beperkte opdrag), AP Kerk Swartruggens tree met AP Kerk Koster in 'n bedieningsooreenkoms en vanaf 01/01/2005 bedien hy AP Kerke Koster en Swartruggens met beperkte opdrag.

Op Swartruggens kruip hy diep in gemeentelede se harte. Altyd bereid om te help en te luister. Dit was juis sy vermoë om te luister na wat mense sê wat hom van ander mense onderskei het. Hy kon in meerdere vergaderings na 'n groot aantal sprekers luister en dan opstaan en alles mooi in 'n neutedop saamvat. Hy het na groot en klein se probleme geluister; op sy stil en rustige manier raad gegee, vermaan en leiding geneem. Weeksdae as pedagoog en Sondae lerend as herder van sy kudde.

Sy vermoë om klein detail in sy prediking uit te lig en te verduidelik het gemaak dat ook die kinders dit kon verstaan en geniet. Sy liefde en ontsag vir God, sy liefde vir die natuur en mense, veral sy volk en sy volk se kinders het van die kansel uitgestraal. Sy fyn sin vir humor het ook dikwels te voorskyn gekom. Op meerdere vergaderings kon hy fyn die draak met homself en ander steek.

Hy het voortdurend verbondsouers vermaan dat hulle na die onderwys van hulle kinders moet omsien en hulle veral van die inhoud van die leermateriaal moet vergewis. Hy het ernstig by hulle aangedring om so ver moontlik by BCVO skole in te skakel, veral met die oog op morele en Christelike waardes.

Om op die Kuratorium te dien, was een van sy groot hoogtepunte. Daar kon hy uit die diepe kommer en stryd van sy professionele loopbaan akademies en opbouend kommunikeer met sy medeleraars; kon hy gestimuleerd na sy beroep as opvoeder terugkeer.

Die Here het besluit om hom ná 'n kort siekbed van sy geliefdes en sy gemeentes weg te neem. Sy plek is by ons leeg, maar die herinnerings wat hy nagelaat het, sal altyd met ons wees.

Vir Palma, sy kinders en kleinkind wens ons die Here se genade en sterkte toe.

Oor sy lewe kan met groot letters geskryf word dit wat hy geglo en verkondig het: *Soli Scripti; Tota Scripti*. *Soli Deo Gloria* –aan God alleen alle eer.

Ingestuur deur Corrie Bester
AP KERK SWARTRUGGENS

HULDEBLYK – JACOBUS PHILLIPUS BENJAMIN BLIGNAUT
20.2.38 – 19.2.07

Jacobus Phillipus Benjamin Blignaut is gebore op 20 Februarie 1938 en groei op te Kemptonpark. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Voortrekker te Boksburg. Einde 1964 behaal hy die BD-graad aan die Universiteit van Pretoria en aanvaar 'n beroep na die Hervormde gemeente Carletonville, waar hy Annetjie Oelofsen ontmoet, met wie hy op 8 Januarie 1966 in die huwelik tree. Uit die huwelik is drie kinders, 'n dogter en twee seuns gebore.

Ben bedien verskeie gemeentes in die Hervormde Kerk en sluit hom in 1999 aan by die AP Kerk waar hy Suidkus bedien en daarna Vryburg tot en met sy dood op 19 Februarie 2007.

Ben was ’n toegewyde predikant met ’n grondige kennis van die Bybelse Reformatoriese teologie, wat dan ook neerslag gevind het in sy ampswerk. Sy kollegas het hom geken as ’n diepsinnige mens en denker. Hy was ’n Skrifgetroue prediker en uit sy pastorale bediening het dit ook duidelik geblyk dat hy met oorgawe bedienaar van die Woord was en wou wees. Sy geloof het ook uitgestraal in sy omgang met mense en oral word met lof en dankbaarheid gepraat en verwys na sy bediening.

Hy was tog ook ’n fyn humoris en selfs onder moeilike omstandighede het sy goeie menseverhoudinge gespreek sonder om ooit sy beginsels en oortuigings te skaad.

Ons het hom geken as ’n mens met ’n besondere verbondenheid aan sy volk en vaderland. Dit was dan ook die lewens- en wêreldbeskouing waarin hy geleef het en sy huisgesin gekoester het. So was hy nie net ’n sorgsame pastor in die gemeente nie, maar ook ’n gesinsman met ’n trotse liefde vir sy eie. Sy waardes was gevorm deur Skrif en belydenis en het uitgekring na sy kerk, sy volk, sy gesin en daarom ook veral na sy huisgenote in die geloof.

Ons kyk met dankbaarheid terug na sy toegewyde lewe as gelowige bedienaar van die Woord wat ook deur dik en dun sy volkseiendomlike gehandhaaf en gebou het.

Ons eer sy nagedagtenis in dankbaarheid teenoor die Hoof en Heer van die Kerk wat Ben Blignaut ook gebruik het as arbeider in sy wingerd. Ons bid Annetjie en die kinders die vertroosting toe wat alleen deur die Woord en Gees na ons toe kom.
Soli Deo Gloria.

Sarel van der Westhuizen

VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)

Tydperk: September 2004 – Junie 2007

1. PERSONEEL

Lede deur die Sinode 2004 aangewys:
Primari: dr. JH Ellis (voorsitter), prof. GDS Smit, di. DJ van der Linde, PB Müller, A Swart, CR Vermaak.

Secundi: di. G Pretorius , JC Gericke en A. v. Zyl.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het agt vergaderings gehou.

3. MEMORIAM

Drie lede van die kommissie het ons ontval tydens die afgelope drie jaar, te wete:

Di. G Pretorius, AJ van Niekerk en FJ van der Merwe is oorlede. Ds. AJ van Niekerk was lid van die kommissie met die opdrag om die Handleidings in die Verbondsonderrigboeke te voltooi asook *Die Woord in die Hart*. Ná sy afsterwe is ds. FJ van der Merwe benoem in sy plek. Voordat hy sy pligte kon nakom is hy ook oorlede. Ds. G Pretorius is in 'n tragiese skietongeluk oorlede.

Van al drie die leraars is daar huldeblyke in *Die Boodskapper* geplaas.

AANBEVELING
3.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die afsterwe van gemelde leraars en bid hulle families die troos en bystand van die Here toe.

4. OPDRAGTE DEUR DIE ELFDE SINODE

4.1 ETOS VAN DIE AP KERK *(Handelinge, 2004, bl. 435)*

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig op om so gou moontlik 'n los bylae oor die etos van die AP Kerk vir standerd 4 en/of 5 (graad 6 en/of 7) uit te werk en in elke gemeente te versprei, sodat dit reeds in 2005 gebruik kan word. By 'n eventuele herdruk van die Verbondsonderrigboeke moet die stof in die boeke ingevoeg word. Indien die Kommissie oordeel dat die stof te veel vir standerd 4 sal wees, kan dit versprei word oor standerd 4 en 5.

Die KJV het gaan kyk na die std 4/Graad 6 handboek en bevind dat daar alreeds 'n les (Les 30) oor die etos van die AP Kerk in is. Die KJV oordeel dat Les 30 genoegsaam is vir die std 4/Graad 6 kind en dat die bylaag eerder by die std 5/Graad 7 boek ingevoeg word.

AANBEVELINGS
4.1.1 Die Sinode keur die werkswyse van die KJV goed.

4.1.2 Die Sinode keur bylaag 1 (Waarom is ons in die AP Kerk) goed en besluit om dit by kerkrade aan te beveel om as 'n ekstra les by std 5/ graad 7 te gebruik.

4.2 PRAKTIESE RIGLYNE VIR VERBONDSOUERS *(Handelinge, 2004, bl. 435)*

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig op om praktiese riglyne vir verbondsouers oor hoe hulle hul kinders vir Verbondsonderrig vir die volgende Sondag moet begelei op te stel.

Hierdie opdrag van die Sinode is uitgevoer en die Publikasiekommissie het geoordeel dat dit in *Die Boodskapper* as artikel geplaas moet word. Dit het alreeds vanaf Desember 2006 in verskeie artikels in *Die Boodskapper* verskyn.

AANBEVELING
4.2.1 Die Sinode neem kennis dat hierdie werkstuk voltooi is en in *Die Boodskapper* vanaf Desember 2006 verskyn het.

4.3 LEIDING AAN OUDERLINGRAAD TEN OPSIGTE VAN VERBONDSONDERRIG *(Handelinge, 2004, bl. 435)*

Die Sinode gee aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig opdrag om 'n stuk voor te berei vir deursending na elke ouderlingraad waarin aan die ouderlingraad leiding gegee word oor hoe hy prakties kan toesien dat daar diepgang in die aanbieding van die Verbondsonderrig in elke standerd sal wees.

AANBEVELING
4.3.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die KJV vir die opstel en versending van die werkstuk aan ouderlingrade oor hoe hulle leiding kan gee en prakties kan toesien dat daar diepgang in die aanbieding van die verbondsonderrig in elke standerd sal wees (Bylae 2) (Sinodebesluit – verbondsonderrig).

Hierdie opdrag is uitgevoer. Aan elke ouderlingraad is ’n werkstuk as handleiding gestuur (Bylae 2). Dit is ook in *Die Boodskapper* van Maart 2006 geplaas.

4.4 HANDLEIDINGS – VERBONDSONDERRIG EN WOORD IN DIE HART *(Sakelys, 2004, bl. 277)*

Die Sinode kontinueer die opdrag van Sinode 2001 aan die KJV i.v.m. die oorblywende handleidings wat in die proses van voltooiing is.

Die Sinode van 2004 het hierdie opdrag gekontinueer met die vooruitsigte dat dit spoedig voltooi sal word. Dit kon egter nie plaasvind nie as gevolg van die siektes en latere afsterwes van di. AJ van Niekerk en FJ van der Merwe. Die *Woord in die hart 1* het reeds verskyn en 2 en 3 is bykans gereed vir publikasie. Hulle sal DV nog in 2007 verskyn. Aan *Woord in die Hart 4* is nog nie begin skryf nie.

AANBEVELING

4.4.1 Die saak word hanteer by beskrywingspunte 6 (6:1).

4.5 LESSE OOR ALGEMENE EN VADERLANDSE KERKGESKIEDENIS, DIE EREDIENS EN DIE KINDERNAGMAAL *(Sakelys, 2004, bl. 191)*

Die Sinode herbesin oor die wenslikheid om verdere toevoegings tot die verbondsonderrighandboeke te maak.

Die Sinode versoek die Pk om, in oorleg met die KJV, die moontlikheid te ondersoek om die bykomende materiaal so sinvol moontlik by wyse van losstaande publikasies beskikbaar te stel en die volgende Sinode van ’n aanbeveling te voorsien.

Hierdie opdrag is gedeeltelik uitgevoer. Die les oor *Waarom nie kindernagmaal nie* is beskikbaar by die Boekwinkel. Die lesse oor die Vaderlandse Kerkgeskiedenis is nie voltooi nie aangesien die Sinode besluit het dat die bywerking van die lesse oorstaan totdat die Sinode opdrag gee dat die Verbondsonderrighandboeke herskryf en die formaat daarvan gewysig is *(Handelinge bl. 426, pt. 4.6).*

Die artikel oor *Ons Erediens* wat in *Die Boodskappers* van Desember 2006, Januarie, Februarie, Maart en April 2007 deur die pen van prof. JAE Adendorff verskyn het, word as publikasie aanbeveel en moet deur verbondsvoogde as ’n les gebruik word in die Graad 11 klas. Dit sal ook by die Boekwinkel beskikbaar wees.

AANBEVELINGS

4.5.1 Die Sinode kontinueer hierdie opdrag aan die KJV insake die lesse oor Algemene en Vaderlandse Kerkgeskiedenis.

4.5.2 Die Sinode spreek sy dank uit oor die lesse rakende die kindernagmaal en dié oor die erediens wat reeds verskyn het.

4.6 BYBELKENNISTOETSE

Die Sinode beveel aan dat die Bybelkennistoetse uitgebrei word sodat dit vanaf graad 4 geskrywe kan word.

Hierdie opdrag is uitgevoer. Sedert 2005 word die Bybelkennistoetse vanaf graad 4 tot en met graad 11 geskryf.

AANBEVELING

4.6.1 Die Sinode neem met dank kennis van die feit dat Bybelkennistoetse reeds sedert 2005 deur grade 4 tot 11 geskryf word en spreek sy dank uit teenoor die KJV vir die implimentering daarvan.

5. ANDER WERKSAAMHEDE

5.1 PROGRAMSKETSE VIR DIE JEUG

Die KJV voorsien maandeliks programsketse vir die jeug wat gebruik kan word by jeugbyeenkomste wat in die gemeentes gereël word. Dit word maandeliks saam met *Die Boodskapper* aan gemeentes versend.

Daar word voorsiening gemaak vir:

a. Twee programsketse vir die junior verbondsjeug
b. Twee programsketse vir die senior verbondsjeug.

Verskeie medewerkers word ingespan om daarmee behulpsaam te wees. Dames uit die AP Kerk geledere help met die opstel van die junior verbondsjeug se programme terwyl by die seniors net predikante daaraan meewerk.

Die KJV het besluit dat daar nie ná 2007 verdere programsketse opgestel sal word nie omdat daar oor ’n tydperk van elf jaar baie beskikbaar is. Die programsketse wat reeds geskryf is sal nagesien en gekorrigeer word en op ’n laser disket geplaas word en aan die boekwinkel voorsien word. Gemeentes wat dit wil bekom kan die disket bestel om van die programsketse af te laai en te gebruik.

AANBEVELINGS

5.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die programsketse aan die jeug wat deur die KJV opgestel is en aan gemeentes beskikbaar gestel is vir gebruik by jeugsamekomste.

5.1.2. Die Sinode keur die werksaamhede van die KJV goed en neem kennis dat die programsketse

op disket geplaas word en op aanvraag bestel kan word by die Boekwinkel.

5.2 VERBONDSONDERRIGKURSUSSE

Verbondsonderrigkursusse word steeds aangebied op aanvraag aan gemeentes en/of ringe. Hierdie kursusse is daargestel om verbondsonderrigpersoneel te skool vir hulle taak as verbondsvoorgangers.

AANBEVELING
Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die KJV en ander leraars wat hierdie kursusse aanbied en moedig kerkrade aan om van die geleentheid gebruik te maak om hulle verbondspersoneel te skool vir hul taak.

5.3 JEUGKAMPE

Daar word jaarliks op aanbeveling van die KJV jeugkampe deur verskillende gemeentes uit die AP Kerk aangebied, te wete:

- Skoolverwisselingskampe vir graad 7 kinders
- Paassaamtrekke vir die naskoolse jeug
- Skoolverlaterskampe vir matrikulante
- Junior verbondsjeugkamp (Tjokker kamp)
- Senior verbondsjeugkamp vir hoërskoolleerlinge (Top Tiener kamp).

Daar word ook jaarliks 'n hoërskool avontuurkamp deur AP Kerk Middelburg gehou wat landwyd belangstelling lok.

Die kampe word nog nie na wense bygewoon nie, maar die kommissie verbly hom in die feit dat daar tog belangstelling is. In *Die Boodskapper* van Junie 2006 het dr. JH Ellis 'n artikel oor *Kampe en die waarde daarvan* laat verskyn. Dit sal goed wees as kerkrade dit weer sal lees en hulle jeug aanmoedig om kampe by te woon.

AANBEVELINGS
5.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die jaarlikse jeugkampe vir verskillende ouderdomsgroepe wat deur gemeentes in die kerkverband gereël word.

5.3.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor kerke, leraars en medewerkers wat die kampe reël en aanbied.

5.3.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om die onderskeie kampe in hulle gemeentes te propageer en die jeug aan te moedig om dit by te woon.

5.3.4 Die Sinode versoek kerkrade om finansiële steun te verleen aan hulle jeug om dit vir almal moontlik te maak om van die kampe by te woon.

5.3.5 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor kerkrade wat in die verlede finansiële hulp verleen het aan die jeug om kampe te kon bywoon.

5.3.6 Die Sinode versoek predikante om hulleself beskikbaar te stel vir die aanbieding van kampe en versoek kerkrade om hulle leraars beskikbaar te stel en aan te moedig om sodanige kampe aan te bied.

5.4 BYBELKENNISEKSAMEN

Die jaarlikse Bybelkenniseksamen is baie suksesvol. Jaarliks is daar 'n groeiende getal kinders wat daaraan deelneem. In 2004 was daar 817 kandidate wat die toetse afgelê het waarvan 31 bo 90% behaal het. In 2005 was daar 1301 kandidate wat geskryf het waarvan 129 bo 90% behaal het. In 2006 het 1665 kandidate deelgeneem waarvan 148 'n punt bo 90 behaal het. In 2006 was daar ook vyf kinders wat 100% in die toetse behaal het. Dit was die eerste keer dat kinders 'n 100% slaagsyfer behaal het vandat die toetse deur die Sinode ingestel is. Die name van die kinders wat bo 90% gekry het word in *Die Boodskapper* vermeld.

AANBEVELINGS
5.4.1 Die Sinode neem met dank kennis van die groeiende aantal kinders wat jaarliks die Bybelkennistoetse aflê.

5.4.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die KJV en ander medewerkers wat die vraestelle opstel, dit versorg en aan gemeentes deurstuur en dit jaarliks merk.

5.4.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor kerkrade wat hulle kinders in die verbondsonderrig aanmoedig om die toetse af te lê.

5.4.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om voort te gaan met hulle motivering aan die verbondsonderrig kinders in hulle gemeentes sodat die tendens kan voortduur dat die getal deelnemers jaarliks kan groei.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig: Herskrywe van die Verbondsonderrighandboeke

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig versoek die Sinode om aan die KJV opdrag te gee sodat alle verbondsonderrighandboeke en handleidings herskryf word.

Motivering
a. Die Publikasiekommissie het die KJV versoek om aan die Sinode te vra vir die hersiening van die

hele verbondsonderrigstelsel – ook met die oog op didaktiese beginsels.

b. Prof. IA Brink het in 'n skrywe aan die Pk die volgende stelling gemaak: *Dit het dalk tyd geword om dié boeke grondig te hersien voordat onnodige werk en kostes verder aangegaan word.* Hy het bevind dat daar stellings in van die werkboeke gemaak word waarmee nie saamgestem kan word nie. Dit is stellings wat die mens die outeur maak van sy eie genade. Voorbeeld: *God luister na ons as ons opreg tot Hom bid*.

c. By die werkboeke van grade 1–3 is daar oorvleuelings van lesse. Baie van die lesse dek ook 'n te groot veld vir kinders in hierdie ouderdomsgroep om op 'n keer te verteer.

AANBEVELINGS

6.1.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.1.2 Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

6.1.3 Die Sinode benoem 'n ad hoc-kommissie van 5 lede om die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en handleidings te koördineer.

6.1.4 Die Sinode beveel by die ad hoc-kommissie aan om jaarliks 'n werkswinkel te hou vir die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en handleidings.

6.1.5 Die Sinode keur R40 000 per jaar goed vir die ad hoc-kommissie vir die herskryf van die boeke.

6.1.6 Die Sinode besluit dat die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en handleidings teen die volgende Sinode afgehandel moet wees.

6.1.7 Die Sinode dra dit aan die ad hoc kommissie op om *Die Woord in die hart deel 4* so spoedig moontlik af te handel.

6.1.8 Motivering
Dit het tyd geword dat die verbondsonderrig materiaal wat reeds meer as 10 jaar in gebruik is, nagegaan, gekorrigeer en herdruk word.

6.2 Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig: Bekommernis oor verbondsouers wat nie saam met hulle kinders die eredienste bywoon nie

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig versoek die Sinode om leraars en ouderlingrade met erns daarop te wys dat baie ouers van kinders wat die eredienste en die verbondsonderrig bywoon nie self die eredienste bywoon nie. Hierdie ouers moet besoek en aangemoedig word om hulle kinders na die eredienste te begelei.

Motivering
1. Daar heers 'n bekommernis by die KJV dat talle ouers hulle kinders tot by die kerk bring maar nie self die eredienste bywoon nie. Ná die verbondsonderrig en erediens word die kinders weer gehaal.

2. Ouers wat nie meelewende lidmate is nie, kweek op hierdie wyse weer lidmate wat nie meelewend gaan wees nie. Die bywoning van die eredienste en die verbondsonderrig word vir die kinders 'n plig totdat hulle belydenis van geloof aflê. Daarna volg hulle die voetspore van hulle ouers na. Hulle name word opgeteken in die lidmaatregister maar in die eredienste word hulle gemis.

AANBEVELINGS

6.2.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.2.2 Die Sinode wys leraars en ouderlingrade met erns daarop dat baie ouers van kinders wat die eredienste en die verbondsonderrig bywoon nie self die eredienste bywoon nie. Hierdie ouers moet besoek en aangemoedig word om hulle kinders na die eredienste te vergesel.

6.2.3 Motivering
1 Die Sinode erken die verskynsel dat baie verbondsouers nie hulle doopbelofte nakom nie.

2 Die Sinode versoek leraars en ouderlingrade om erns te maak met hierdie saak. Ouers wat nie meelewend is nie moet deurgaans besoek word en op hulle pligte en verantwoordelikhede ten opsigte van die geestelike begeleiding van hulle kinders gewys word.

6.3 Beskrywingspunt: Ring van Riversdal (AP Kerk vandag)

Die Sinode besluit dat die volgende artikel *AP Kerk Vandag* in die hersiene uitgawe van *Leer en Bely* in bylae A punt 6 en verder, gepubliseer word:

AP Kerk vandag – deur br. ED Claassen, voorganger van die belydenisklas, AP Kerk George.

Statistiek

Volgens die AP Kerk se Kerkjaarboek 2006 is die groottotaal ten opsigte van die aantal gemeentes, aantal belydende lidmate en aantal dooplidmate soos volg:
Aantal gemeentes: 237 (2005) teenoor 236 (2004)
Aantal belydende lidmate: 35 410 (2005) teenoor 35 794 (2004)
Aantal dooplidmate: 10 196 (2005) teenoor 10 598 (2004)

Volgens ds. MC Adendorff se voordrag by die Sinode van 2001 en sy artikel in *Die Boodskapper* van Maart 2002 met titel *Op vlug voor die draak,* die volgende:

AP Kerke stagneer tans om verskeie redes. 'n Doodsheid wat nie geduld mag word nie, het in die kerk ingesluip. In gemeentes waar groot getalle jongmense nou ons kerke verlaat, en ons ouer garde begin uitsterf, verminder ons lidmaattal drasties. Dit is van die uiterste belang dat ons kerk sal opstaan uit sy stagnasie deur kort- en langtermynbeplanning, geestelike oorgawe aan die Here God en ernstige beplande opleiding, inspirasie, gebedsaksies en ware oorgawe in ons gemeentewerk. Die kerk sal alleen groei as ons in eenheid kragtig saamwerk, deur doelgerigte gemeentebou wat dringend noodsaaklik is.

Samesprekings met ander kerke

Die kerke in kerkverband strewe steeds daarna om met ander Christelike kerke kontak op te neem en te behou, veral met kerke wat in belydenis die naaste aan hulle staan.

Voorbeeld

In opdrag van die Sinodes van die AP Kerke in kerkverband voer die Sentrale Kerkekommissie van tyd tot tyd samesprekings met ander kerke waaronder ook die NG Kerk. Die gesprek met die NG Kerk is met hulle Algemene Sinodale Kommissie. Die gesprekke gaan nie oor pogings om verskille te oorbrug of ander se standpunte te verander nie. Sake van gemeenskaplike belang word wel by so 'n vergadering bespreek, soos byvoorbeeld die gebruik van liedere waaroor hulle kopiereg gehou het en gesamentlike optrede wat voortspruit uit arbeids- of inkomstebelastingwetgewing.

Dit is onderling met die kommissies van die gemelde kerke ooreengekom dat die samesprekings om die beurt gereël word. Dit vind egter so sporadies plaas dat daar selde meer as een ontmoeting in drie jaar plaasvind.

Met kerke van gereformeerde belydenis binnelands en buitelands word sover wenslik, deur middel van korrespondensie Christelike gemeenskap beoefen. Immigrante van gereformeerde belydenis word in die plaaslike kerke met attestasie ontvang nadat die vereistes van die Kerkorde met betrekking tot lidmaatskap nagekom is.

Voorbeeld

Daar is van tyd tot tyd sake wat alle kerke raak en wat gesamentlike optrede vereis. By die Konvent van Reformatoriese Kerke gaan die gesprekke ook oor dieselfde sake. Van die AP Kerk se kant word dit in groot mate gesien as 'n geleentheid om ons boodskap uit te dra. Hierdie samesprekings vind tans plaas met min spanning.

Met ander kerke van algemene Protestants-Christelike belydenis sal, sover dit wenslik en prakties is, kontak gesoek word.

Oor die aard en/of graad van die offisiële betrekkinge met ander kerke, besluit die Sinode.

Verskille tussen die AP Kerk en die NG Kerk

Daar het absoluut niks verander tussen ons en hulle standpunte nie. Inteendeel, die verskille word net meer en sal steeds meer word, soos die kerkbegrip, want ons verwerp "eenheid" binne die sigbare kerk, ons is eksklusief in die verband; ons verwerp dus oop lidmaatskap en oop kerke, die vrou in die besondere amp, kindernagmaal, die vrye erediens waar totaal afgewyk word van die gereformeerde liturgiese orde, die wederdoop, die aantasting van die verbond van die genade, degradering van die besondere ampte, allerlei standpunte oor die Belydenisskrifte, die sogenaamde Belharbelydenis en nog meer en meer.

Die samesprekings op ekumeniese vlak gaan dus glad nie om veranderinge wat ons nader aan mekaar bring nie. Ons beweeg nie nader aan hulle nie en ons doen nie afstand van ons "standpunte van vroeër" nie. Die NG Kerk aanvaar dat hulle ons nie kan oortuig van sake soos dat kerklike eksklusiwiteit on-Bybels sou wees nie. Hulle erken ons reg op ons standpunte, maar ons getuig steeds teen hulle standpunte.

Samesprekings met die NG Kerk

Indien ons kerkverband aan die hand van die Skrif en volgens Artikels 46 en 47 van ons Kerkorde na buite beweeg met evangelisasie en sending dan doen ons dit vanuit elke kerkraad op ons eie om kerkvervreemdes, kerklosses en kerkloses van ons volk te evangeliseer of nie- Christene, waaronder veel van ons volk hulle helaas bevind, weer te kersten. Dit is tog ons Skrifopdrag van die begin af en so verskyn die twee artikels reeds in ons eerste Kerkorde uitgawe. Dit is ons taak ongeag ander kerke.

Daar word tans nie met die NG Kerk saamgewerk ten opsigte van enige projek nie.

<u>Motivering</u>

- Die kinders moet kennis neem van die positiewe vordering wat daar in die AP Kerk is, onder andere geestelike groei in sommige gemeentes asook dat daar begin is met radio-uitsendings (RSG) waarvoor ons al die eer aan die Here moet bring.

• Baie van die inligting wat in bylae A vervat is en wat deur prof. WJG Lubbe in 1991 geskryf is, is steeds relevant. Dit is nou 15 jaar later en dit is seker hoogtyd dat ons die kinders inlig oor hoe die kerk nou daaruit sien en al die positiewe vordering wat plaasgevind het. Daarom het die skrywer van die artikel dit goed gedink om addisionele stof tot die beskikking van verbondskinders in die belydenisklas te stel.
• Dit is belangrik dat die finalejaar verbondskinders moet kennis neem dat die AP Kerk wat nie tans groei in lidmaatgetalle nie, maar stagneer, alleen sal groei as ons as eenheid kragtig saamwerk, deur doelgerigte gemeentebou wat dringend noodsaaklik is, toe te pas.
• Dit is ook belangrik dat die senior verbondsjeug moet weet dat die AP Kerk oop lidmaatskap en oop kerke verwerp asook die vrou in die besondere amp, kindernagmaal, die vrye erediens waar totaal afgewyk word van die gereformeerde liturgiese orde, die wederdoop, homoseksualisme en die Belharbelydenis. Die belydenisklas moet weet dat die AP Kerk nie hierdie aangeleenthede goedpraat nie, want ons onderskryf nie die standpunte van die NG Kerk hieroor nie en sal nie saam met die liberaliste onder een dak verkeer deur nader aan hulle te beweeg nie. Ons sal steeds teen hulle standpunte getuig.
• Die voorgangers moet die kinders leer wat die AP Kerk se standpunte teenoor die NG Kerk en ander kerke is wat betref sake soos in die vorige paragraaf vermeld sodat hulle hulself kan verdedig indien hulle daarmee gekonfronteer word. In hierdie artikel word belangrike feite beklemtoon wat nodig is om belydenis van geloof af te lê. As hierdie basis gelê is, behoort hulle ’n goeie fondament te hê waarop hulle hul geloofslewe kan bou. ’n Verpligte vraag oor hierdie gedeelte van die finalejaar se werk, behoort in die laaste klastoets elke jaar asook in die Bybelkenniseksamen, gevra te word.

AANBEVELINGS

6.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.3.2 Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

6.3.3 Motivering

1 Die inhoud van die beskrywingpunt leen hom nie daartoe om as les in ’n verbondsonderrig handboek gebruik te word nie aangesien sekere statistieke verouderd raak en sake aangespreek word wat nie relevant vir die kind is nie.

2 Relevante sake wat in die motivering van die beskrywingspunt genoem word (bv. die kindernagmaal) kan by die herskryf van die verbondsonderrig handboeke oorweeg word.

6.4 Beskrywingspunt: Ring van Riversdal (Die kerklosheid onder die jeug)

Die Sinode neem met bekommernis kennis dat kerklosheid onder die meerderheid jeug van ons geliefde kerk voorkom en besluit dat alles moontlik gedoen moet word om die jeug vir die AP Kerk te behou deur:

• belang te stel in die jeug in ons kerkwees deur middel van jeugaande, kampe, effektiewe verbondsonderrig en eredienste wat spesifiek op die jeug fokus;

• hartlik en met oorgawe saam te sing en dat die koor/sangdiensgroep die gemeente in sang tydens eredienste lei en stuur, maar mag nooit die gemeentesang verdring of beheers nie. Die koor kan ’n waardevolle bydrae lewer tydens Kerssangbyeenkomste. Indien ’n gemeente nie oor ’n koor beskik nie, behoort pogings aangewend te word om ’n koor op die been te bring. Veral die jeug moet aangespoor word om tydens jeugbyeenkomste hartlik uit die Jeugsangbundel te sing;

• die jeug deur middel van die prediking aan te spreek deur die boodskap van die Bybel helder en duidelik te verklaar en toe te pas. Sorg moet gedra word dat die gesin as geheel by alle aktiwiteite van die kerk betrek word deurdat die kinders eenvoudig hierby op sinvolle wyses ingeskakel word. Die jeug behoort die eredienste as ’n ware ontmoeting met God te ervaar en dat hulle deel van die kerk is waar liefde vir mekaar sigbaar is.

• onsself op die hoogte te hou van al die nuutste tegnieke waarmee kinders ingetrek en geleer word oor die Bybel deur van die internet gebruik te maak. Ons moet veral behoudende kerke in die buiteland se webwerwe raadpleeg wat spesifiek op die gesin fokus en waardevolle inligting oor hoe hulle met hulle kinders in hul gemeentes werk, aflaai en gebruik.

• persoonlike aandag, liefde en belangstelling in die jeug te toon en die onverganklike Woord op relevante wyse aan hulle te verkondig. Ons sal ook die jeug moet leer om die Here lief te hê en ook vir die kerk lief te wees.

Redes waarom die jeug kerklos word.

By elke gemeente binne die ring en ook landswyd ondervind gemeentes dat die jeug die AP Kerk verlaat pas nadat hulle hul geloof voor die kansel bely het. Die redes hiervoor kan soos volg opgesom word:

• Die ouers het ’n gebrek aan die regte voorbeeld en dissipline tuis. Ouers wat nie meer die

doopbelofte nakom om hulle kinders op te voed na die weë van die Here nie het vergeet wat dit beteken om bekeerde kinders van die Almagtige God te wees. Lewe ons as ouers nog binne 'n persoonlike verhouding met die Here? Ons lewe in 'n vermaaklikheidskultuur. Die kerke wat hierdie kultuur ook in die kerk stimuleer, oefen 'n definitiewe trekkrag uit op jongmense wat nie in hul ouerhuise ook ander gewoontes geleer het nie. Dit gaan dus oor 'n atmosfeer waarin ons kinders van kleins af grootgemaak moet word. As hulle 'n bepaalde smaak van kleins af aangeleer het, sal hulle minder geneig wees om ingetrek te word by die vermaaklikheidskultuur in ander kerke.

• Die kerk praat nie op die kind se vlak nie, gee geen ruimte of plek vir die kind in die erediens nie, betrek nie die kind/jeug in gemeentelike aksies nie, hou vas aan eensydige musiekbegeleiding in die erediens, volstaan met baie liedere in die erediens wat niemand ken of kan sing nie en die versuim om die jeug te mobiliseer in projekte soos eie Christelike musiek, films en/of videos as teenvoeter teen die wêreld. Ons verwag die kinders moet deel wees van die AP Kerk, maar wat doen ons vir hulle? Ervaar die kinders en die jongmense dat hulle deel is van die kerk of word hulle maar net opsy gestoot omdat hulle kinders is? Sommige gemeentes maak nie moeite met die prediking om die boodskap van die Bybel vir vandag helder en duidelik te verklaar en toe te pas nie sodat die kind van jongs af aangespreek sal voel.

• Die verbondsonderrig: onbetrokkenheid van die kerkraad, tekort aan entoesiasme en toegeruste personeel, kind weereens passiewe luisteraar in klasse, lesinhoud te veel vir die tyd beskikbaar en mislukking om die kind te behou na twaalfjaar onderrig. Dit gebeur dat ouderlinge nie meer die nodige toesig oor die verbondsonderrig hou nie om seker te maak dat die klasse reg aangebied word. Veral met die belydenisklas, gee die predikante nie die nodige aandag wat hulle verdien nie. Van ons gemeentes maak seker dat die verbondsvoogde die nodige toerusting ontvang sodat die kinders verstaan en dit geniet om deel van die verbondsonderrigklasse te wees. Die ouderling wat op 'n Sondag in die konsistorie met gebed open, moet ook verantwoordelik wees vir die opening van die verbondsonderrig en in die klasse toesig hou deur vas te stel of die verbondsvoogde die lesse korrek aanbied.

• Die jeug het 'n gebrek aan kennis. Hulle gaan staan voor die kansel en lê belydenis van geloof af sonder dat hulle die nodige kennis het oor dit waarmee hulle besig is. Ons verwag van hulle om in die kerk te bly maar hulle weet nie hoekom nie, want hulle is dit nie geleer nie. Die vraag is of die kinders dit geniet om kerk toe te gaan. Dit beteken nie dat die erediens verander moet word of ons moet nou met denims en t-hemde kerk toe kom nie. Ervaar die kinders dat ons as volwassenes lief is vir hulle en dat hulle moet deel vorm van die gemeenskap van die gelowiges?

• Wat die skool betref, beroof die integrasieproses en breinspoeling by die staatskole die verbondskind nie net van sy eiesoortige Christen-Afrikanerskap nie, maar bind hom/haar aan maatjies by wie se kerke en sektes hulle gemaklik na hul skoolloopbaan en sonder die ouers se toesig (werk/studies) opgeneem word.

'n Groot probleem van ons samelewing is gebrek aan tyd. Veral hoërskoolleerlinge is as't ware vanweë die skool oorgeorganiseerd. Gevolglik is tyd vir jeugbyeenkomste en jeugwerk in die algemeen uiters beperk. Ons moet in die lig hiervan ingestel wees op die kwaliteit van ons byeenkomste. Die tyd tot ons beskikking moet sinvol benut word. Dit beteken dat ons ons byeenkomste behoorlik moet beplan vir optimale resultate.

• Die wêreld en sy kommunikasiemedia bied baie meer prikkeling en opwinding as dooie, vormlose en ongeïnspireerde gemeentelike samekomste, vergaderings en byeenkomste waar soms meer baklei word as gestry word vir die Here se kerk en koninkryk.

• Jeugbyeenkomste wat deur die jeug self georganiseer word, is uiters belangrik om die jeug in die kerk te betrek.

Die wese van die probleem kan dus alleen effektief aangespreek word as die driehoek van gesin, skool en kerk gesamentlik meewerk om 'n kontrakultuur by jongmense te kweek. Waar dit nie gebeur nie, is dit onvermydelik dat die AP Kerk se wyse van aanbidding maklik as "outyds" ervaar kan word.

Wat kan gedoen word om die jeug na die kerk terug te bring?

Eerstens moet ons sorg dat ons basiese belangstelling in die jeug duidelik na vore tree in ons kerkwees. Moeite en belangstelling in die jeug deur middel van jeugaande, kampe, effektiewe verbondsonderrig en eredienste wat soms spesifiek op die jeug fokus, moet eenvoudig plaasvind. Waar gemeentes klein is, kan daar met ringsgemeentes saamgewerk word om aan hierdie aspekte aandag te skenk.

Tweedens sal ons onsself moet vra of formaliteit en warmte teenoor mekaar staan. Oor die formele wyse van aanbidding is ons nie skaam nie, maar beteken dit nou dat daar nie warmte hoef te wees nie? Is ons sang werklik van harte en met oorgawe? Daar kan vasgestel word of die koor/sangdiensgroep nie 'n duideliker rol kan speel om die gemeente in sang tydens eredienste te lei nie. Vreugdelose sang kom in baie gemeentes voor.

Derdens moet die prediking ook moeite maak om die boodskap van die Bybel vir vandag helder en duidelik te verklaar en toe te pas, sodat die kind van jongs af aangespreek sal voel. Ons werk met 'n verbondsbenadering en daarom is absolute skeiding tussen kinders en belydende lidmate onvanpas. Hoewel ons onderskei wil ons nooit die kinders van die belydende lidmate skei nie. Ons sal dus eerder moet kyk na werkswyses waar die gesin as geheel betrek word by alle aktiwiteite van die kerk. Die kinders moet eenvoudig hierby op sinvolle wyses ingeskakel word.

Jongmense sug na positiwiteit in die kerk – dit is mos 'n Blye Boodskap. Hulle ervaar nie die kerk as plek van rus, vrede, opbou en liefde nie. Valsheid in gemeentes bring kinders in opstand en stoot hulle weg. Hulle ervaar soms eredienste as rituele en nie as ontmoeting met God nie.

Vierdens sal ons onsself ook op hoogte moet hou van al die nuutste tegnieke waarmee kinders ingetrek en geleer word oor die Bybel. Hier kan die internet waardevolle inligting bied. Daar is baie behoudende kerke in die buiteland wat kosbare inligting op hulle webwerwe deurgee van hoe hulle met hulle kinders in hul gemeentes werk. Daar is selfs webwerwe wat spesifiek op gesinne fokus. Ons sal dom wees as ons nie die waardevolle inligting wat ons hier vind aflaai en gebruik nie. Natuurlik sal ons nie noodwendig met alles saamstem nie, maar ons kan mos teen hierdie tyd onderskei.

Laastens, klop niks persoonlike aandag, liefde en belangstelling nie. Wanneer hiermee saam die onverganklike Woord op relevante wyse verkondig word, kan ons verwag om wel ons jeug te behou. Dit blyk dat jong getroude pare met klein kindertjies graag die AP Kerk opsoek om hul kinders op die ou boere manier groot te maak. Al sou die jeug vir 'n tyd lank iewers anders tuiskom, mag ons die hoop koester dat baie uiteindelik dalk tog weer by die AP Kerk sal inskakel. Om egter op hoërskoolvlak skielik noodmaatreëls te wil instel, gaan nie werk nie. Dit sal dan reeds te laat wees. Die gesin, kerk en skool moet van die begin meewerk om 'n bepaalde lewenshouding by kinders te vestig. Begin om weer vir die kinders liefde vir die Here te leer en dan liefde vir die kerk. Maar dan moet die kerkraad en ring dit teenoor mekaar en teenoor die kinders leef sodat hulle 'n voorbeeld het om na te volg. Lees gerus 1 Petr. 2:21-25.

Motivering

• Die kerk moet meer aandag aan die jeug bestee omdat die kerk besef dat die jeug sy toekoms is. Hierdie jongmense sal en moet in die toekoms die hart en siel van die gemeente wees. Word die jeug nie in elk geval saam met die res van die gemeente bearbei nie? Die antwoord hierop is ja en nee. Die kerk behoort ook aan hulle "gewone" aandag te gee en hulle moet ook leer om "gewone" lidmate van die gemeente te wees. Ons kan nie bekostig om ons jeug vir die kerk te verloor nie. Om ons jeug vir die kerk te behou, is daar nie kitsoplossings nie. In 'n veeleisende wêreld wat nog meer gekompliseerd gaan raak en waarin die gesag van God se Woord glad nie meer in die middelpunt staan nie, moet die kerk juis toegewyd jeugwerk doen. Meer as ooit tevore moet die kerk die jeug toerus om staande te kan bly in 'n wêreld wat reeds as die post-Christelike era beskryf word.

• Die kerk sal ernstig moet besin oor die betrokkenheid van die kerkraad, die tydsfaktor van die verbondsonderrig, die inhoud van die lesse, die toerusting van die verbondsvoogde, die toepassing van Bybelse vereistes vir kerklidmaatskap en belydenis van geloof, die aktiewe inskakeling van ouers en kinders by die gemeentelike samekomste en aksies, die mobilisering van die talente en kragte van ons jeug in die belewing en uitdra van die evangelieboodskap op verskeie maniere asook die tugtiging van lidmate wat hulle verbondsbeloftes verwaarloos.

• As die kind hom/haar nie in die erediens tuis voel nie, is die oplossing nie daarin geleë om hom/haar uit die erediens weg te neem nie. Die oplossing is om die vorm en inkleding van die erediens onder die loep te neem. Elke erediens moet ingerig word met die oog op die gesin.

• Om die jeug in die kerk te behou, moet ons persoonlike aandag, liefde en belangstelling in die jeug toon asook die onverganklike Woord op relevante wyse verkondig. Die gesin as geheel behoort by alle aktiwiteite van die kerk betrek te word.

AANBEVELINGS

6.4.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.4.2 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

6.4.3 Die Sinode erken die probleem wat in die beskrywingspunt aangespreek word nl. dat die jeug nie doeltreffend bereik word nie.

6.4.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om besondere aandag aan jeugbediening te gee sodat die jeug betrokke in die gemeente kan raak.

6.5 Beskrywingspunt: Ring van Klerksdorp (Verbondonderrig handboeke)

Die Sinode besluit dat die KJV die bestaande Verbondsonderrigboeke se formaat sal wysig met die voorbehoud dat daar nie afbreek aan die inhoudelike gedoen word nie. Die voorstel ten opsigte van die

wysiging is slegs rakende die voorkoms en uitleg van die les.

Motivering
a) Die Verbondskinders ervaar die handboek as vervelig in voorkoms vegeleke met enige ander handboek.
b) Daar is 'n behoefte aan spasie aan die einde van elke dagstukkie waar ander belangrike sake aangeteken kan word soos byvoorbeeld verjaarsdae, belangrike inligting ensovoorts.

AANBEVELINGS
6.5.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.5.2 Die Sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

6.5.3 Motivering
Die saak is reeds by 6.1 aangespreek.

6.6 Beskrywingspunt: Ring van Ermelo

Die Sinode word versoek om aandag te gee aan die feit dat daar 'n kommunikasiegaping is tussen die stadsgemeentes en die plattelandse jongmense op universiteit.

Motivering
a) AP Kerk kinders raak verlore vir die AP Kerk in die stad en gaan na ander kerkverbande.
b) Jong lidmate van die plattelandse gemeentes vra dat daar meer aandag gegee word aan hulle verblyf in die stede, sodat hulle kan inskakkel by die stadsgemeentes.

AANBEVELINGS
6.6.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.6.2 Die Sinode erken die probleem wat in die beskrywingspunt aangespreek word nl. dat sommige plattelandse jongmense nie in stadsgemeentes opgeneem word nie en verlore raak vir die kerk.

6.6.3 Die probleem word deels veroorsaak dat plattelandse gemeentes nie aan die stadsgemeentes kennis gee dat die jongmense na die stad verhuis nie.

6.6.4 Die Sinode moedig kerkrade aan om die name van die jongmense wat na die stad verhuis na die gemeente waarin hy gaan woon, deur te gee.

7. Begroting

Die KJV beveel die volgende begroting vir 2008 by die Sinode aan.

BEGROTING 2008

Reiskoste Vergaderings			R 10,000.00
Merk van Bybelkennis-toetse			R 7,000.00
Sertifikate: Druk en uitreik daarvan			R 2,500.00
Aanbieders van Jeugkampe (Leraars)			R 7,000.00
Jeugleierskursus			R 5,000.00
Verbondsonderrigkursusse			R 4,500.00
		Totaal:	R 36, 000.00

AANBEVELING
7.1 Die Sinode keur die begroting van die KJV goed vir 2008.

SLOT

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig vertrou dat hy sy werksaamhede volgens sy lasgewing tot bevrediging van die Sinode en kerkverband in geheel afgehandel het en bid elke gemeente binne die AP kerkverband die seën van die Here toe op hulle jeugwerk.

Dr. JH Ellis (voorsitter); ds. PB Müller (skriba)

BYLAE KJV 1

Waarom is ons in die AP Kerk?

Vraag: Wat beteken die *leer van die kerk?*

Ons is mos in die Verbondsonderrig om meer te leer oor die Bybel en oor die leer van die kerk. 'n Kerk se *leer* is die standpunte wat 'n kerk het wat hulle uit die Bybel aflei. In die leer van 'n kerk word uiteengesit waarin die kerk glo, en hoe hulle die Bybel verstaan. In hierdie bylae gaan ons bietjie gesels waarin die AP Kerk glo, en op watter spesifieke standpunte ons kerk gegrond is. Dit is nodig om hierdie dinge te weet, want mense vra ons mos partykeer: "waarin glo julle kerk?". Dit klink darem baie sleg as ons lidmate van die AP Kerk is, maar nie eers hierdie mense kan antwoord nie, nie waar nie?

A) Ons naam
Ons naam is die Afrikaanse Protestantse Kerk. Die regte afkorting van ons kerk se naam is die AP Kerk. So verwys ons na onsself. In hierdie naam gee ons alreeds leidrade waardeur iemand kan aflei wie ons is:
a) ons is 'n Afrikaanse kerk
b) ons is 'n Protestantse kerk.

Om 'n Afrikaanse kerk te wees beteken dat ons eredienste en alle kerklike geleenthede net in Afrikaans plaasvind. Ons glo dat die Here dit so beskik het dat ons oupas en hulle oupas en dié voor hulle in hierdie land kom woon het, en dat hier 'n nuwe taal (Afrikaans) ontstaan het. Ons is lief vir ons taal, en daarom glo ons dat dit reg is om die Here in ons eie taal te dien, naamlik Afrikaans. In Afrikaans kan ons die

Here die beste dien, omdat dit ons moedertaal is: almal van ons kan sodoende maklik verstaan wat die Here ons deur die dominee wil leer, en wat in die Bybel staan. Daarom is ons ’n Afrikaanse kerk.

Ons is ’n Protestantse kerk: in afdeling D gaan ons leer wat dit beteken om ’n Protestantse kerk te wees.

B) Die Afrikaanse Protestantse Kerk is ’n kerk van Jesus Christus

Dit beteken dat Jesus Christus die Hoof van ons kerk is, en geen mens nie. Die dominee is nie die hoof van die kerk nie, en ook nie die ouderlinge nie. Al hierdie mense word op ’n besondere manier deur die Here in die kerk gebruik, maar hulle mag nie maak wat hulle wil in die kerk nie: ons is almal onder Christus se heerskappy. Christus regeer deur sy Woord (die Bybel) en deur sy Gees, maar in die proses gebruik Hy die ouderlinge, en die bedienaar van die Woord (predikant). Dit beteken dat die dominee en al die ander leiers in die kerk (soos die ouderlinge en diakens), asook die verbondsonderrigvoorgangers telkens moet uitmaak wat die Bybel oor ’n sekere saak sê, en dit dan uitvoer. As hulle dit doen, sê hulle vir die gemeente wat Christus wil hê hulle moet weet. Dan is dit mos Christus wat in die kerk regeer.

C) Die Afrikaanse Protestantse Kerk aanvaar die Bybel as maatstaf vir ons lewe

Vraag: Hoe weet mens wat die regte dinge is om te doen, en te glo?

Dié dinge wat ons moet glo en wat ons moet doen, staan in die Bybel opgeteken. Daarom aanvaar die AP Kerk die Bybel as maatstaf vir ons lewe. Dit beteken dat ons die Bybel soos ’n liniaal gebruik. Ons gebruik mos ’n liniaal om ’n reguit streep te kan trek. Die Bybel wys ons hoe ’n perfekte lewe lyk, en deur sy Heilige Gees lei Hy ons om reg te lewe. Ons toets dus of ons reg lewe deur ons lewens aan die voorskrifte van die Bybel te meet. Ons gebruik die 1953-vertaling van die Bybel in die AP Kerk.

D) Die Afrikaanse Protestantse Kerk is ’n Gereformeerde Kerk.

Die Bybel word aanvaar as die onfeilbare Woord van God wat ons maatstaf is vir alles wat ons moet glo, vir alles wat ons moet verwerp; dit is ook ons maatstaf vir wat ons moet doen en vir wat ons nie mag doen nie. ’n Ander woord vir gereformeerd, is protestants. As ons naam is die *Afrikaanse Protestantse Kerk*, beteken dit dus dat ons ’n gereformeerde kerk is. Daar is verskillende gereformeerde kerke in die land, soos onder andere die NG Kerk (Nederduitse Gereformeerde Kerk), die NH Kerk (Nederduitsch Hervormde Kerk), die GKSA (Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die AP Kerk.

1. Ons onderskryf die Drie Formuliere van Eenheid:

- Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGb)
- Die Heidelbergse Kategismus (HK)
- Die Dordtse Leerreëls (wat handel oor die Uitverkiesingsleer).

Die Belydenisse is ’n kort samevatting van dit wat in die Bybel staan.

Ons glo dat mens net deur ***geloof alleen*** gered kan word. Dit bepaal die saligheid, en nie goeie werke nie, alhoewel goeie werke getuig van ’n lewende geloof.

Ons glo dat God uit ***genade alleen*** ’n mens tot bekering kan bring en nie iets wat jy self doen, of ’n keuse wat jy maak nie.

Ons glo verder dat ***Christus alleen*** gedien en bely mag word, en deur Hom alleen is die verlossing.

Die ***Bybel alleen*** is genoegsaam en duidelik genoeg om die weg tot saligheid aan te dui. (Geen boek kan die Bybelse leer ongeldig maak nie. Drome, gesigte en visioene wat mense beweer hulle gehad het, kan nie as gesaghebbend naas die Bybel of saam met die Bybel geglo word nie.)

2. Ons aanbid op die gereformeerde manier:

Ons klap nie hande in die erediens nie. Ons skree nie woorde soos “Amen” en “Halleluja! onder die erediens nie. Die kerksang word nie begelei met kitare, dromme, fluite of soortgelyke instrumente nie. Ons predikante vra nie onder die erediens dat lidmate wat wil hê dat daar vir hulle gebid moet word, hulle hande moet opsteek, of opstaan, of na vore kom nie. Die lidmate het almal gekom sodat daar vir hulle almal gebid kan word.

Ons weet dat die Here ook kinders liefhet, en dat kinders ook in die Here glo. Kinders word nie eers gereken as gelowiges as hulle belydenis van geloof aflê nie. Ons noem dit die verbondsgedagte. Daarom is dit nie vir ons belangrik om ’n spesifieke dag te kan opnoem waarop jy tot bekering gekom het nie. Daar is mense wat ongelowig was en op ’n bepaalde dag gelowig geword het, soos Paulus. Baie mense het egter soos Samuel met die Here grootgeword. Die Here Jesus sê ook dat ons soos kinders moet glo – so ’n kleuter is reeds ’n kind van God en word dit nie eers as hy groter word nie, al kan hy wanneer hy groter word meer bewustelik en met verantwoordelikheid bely dat hy glo.

Dit beteken verder dat ons nie aparte “kinderdienste” en “grootmensdienste” het nie, omdat die gesin saamkom om die Here te aanbid. Dit is die plig van mense wat nie verstaan nie om die predikant te vra wat hy bedoel het. Dit is die plig van pappa en mamma om aan ons kinders te verduidelik as die

dominee iets gepreek het wat hulle nie verstaan het nie.

E) Die Afrikaanse Protestantse Kerk is 'n volkseie kerk

Die AP Kerk handhaaf die beginsel van 'n volkseie kerk. Ons is 'n kerk vir blanke Afrikaners. As mense daarmee nie vrede het nie, of as hulle ongemaklik daarmee is, sal hulle waarskynlik nie by ons tuis voel nie.

VRAAG:
Wat beteken volkseie kerk?

Dit beteken net blanke Afrikaners, of blankes wat hulle met die Afrikaner vereenselwig, en wat in die Here Jesus glo, en wat die belydenis, leer en die volkseie beginsel van die AP Kerk onderskryf, lidmate van die AP Kerk kan word.

Hiermee probeer ons nie maak asof ons beter of vir God meer aanvaarbaar is as enige ander volk of ras nie. Ons handhaaf die beginsel van Rom. 2:11 dat daar by God nie aanneming is op grond van ras, volk, taal of velkleur nie, maar alleen op grond van Christus se soenverdienste (Rom. 5:1-2). Die AP Kerk glo dat dit volgens die Bybel nie verkeerd is om lief te wees vir jou volk, taal en kultuur nie, en daarom glo ons dat ons die reg het om die Here in vrede te dien.

Ons gun elke volk om die Here te dien op die wyse wat vir hulle reg en goed is, op die plek wat hulle wil, en glo dat ons ook die reg daartoe het.

Ons glo op grond van uitsprake in die Bybel (bv. Openb. 7:9, Openb. 21:4, Openb. 21:26 en Openb. 22:2) dat God verskillende volke gewil het. So is die AP Kerk 'n kerk vir God se kinders vanuit die Afrikaner-Boerevolk.

Die AP Kerk hou hom nie met politiek besig nie, en wil ook nie hê dat hulle lidmate politiek in die kerk praat nie. Ons glo ook dat dit nie reg is om spesifieke politieke partye af te kraak, of ander se standpunte te verkondig in die kerk nie. Dit moet om die beginsels van die Bybel gaan. Ons wil liewer 'n kleiner kerk wees met lidmate wat met mekaar saamstem oor hierdie saak, as 'n groot kerk waar die lidmate heeltyd met mekaar stry oor onbenullighede.

F) Die Afrikaanse Protestantse Kerk is nie teen sending nie

Jesus het ons beveel om sendingwerk te doen in Matthéüs 28:19. Omdat party gemeentes baie klein is, is dit nie altyd so maklik om sendingwerk te doen nie, maar ons glo dat almal, ook die kinders, deur die Bybel verplig word om met ander mense oor die Here Jesus se verlossing te praat. Ons glo egter nie dat sendingwerk **alleen** sending is as dit in 'n vreemde land of onder 'n vreemde volk gedoen word nie.

G) Ten slotte

Die AP Kerk is die Here se kerk. Die Here wil hê jy moet lief wees vir Hom, en lief wees vir sy kerk. Ons moet almal ons deel in die kerk doen, want die Bybel sê in 1 Korinthiërs 12 dat ons almal lede van die liggaam van Christus is. Dit beteken dat jy jou gawes en talente in die kerk moet gebruik, nie ter wille van mense nie, maar omdat jy die Here liefhet. Gaan vertel nou vir ander mense wat die AP Kerk is en leer!

BYLAE KJV 2

SINODEBESLUIT – VERBONDSONDERRIG

DIE SINODE BESLUIT:

Om aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig opdrag te gee om 'n stuk voor te berei vir deursending na elke ouderlingraad waarin aan die ouderlingraad leiding gegee word oor hoe hy prakties kan toesien dat daar diepgang in die aanbieding van die Verbondsonderrig in elke standerd sal wees;

DIEPGANG IN DIE AANBIEDING VAN DIE VERBONDSONDERRIG

1. ORGANISASIE

Ouderlingrade is medeverantwoordelik saam met die bedienaar van die Woord vir die verbondsonderrig in die gemeente (KO Art. 21). Hulle moet, naas hulle eie betrokkenheid, ook deurgaans opsig uitoefen oor die verbondsonderrig as geheel in die gemeente. Dit behels dat hulle sal toesien dat die verbondsonderrig na behore en kerkordelik georganiseer sal wees.

Die organisasie behels dat daar ruimte geskep sal word waar klasse aangebied kan word. Indien moontlik moet afsonderlike lokale daargestel word vir lesaanbieding. Voorsiening moet gemaak word vir hulpmiddels wat gebruik kan word vir lesaanbieding. Daar moet toegesien word dat die verbondsonderrigmateriaal wat die kerk voorsien by die lesaanbieding gebruik word. 'n Program moet vir die jaar beplan word sodat toegesien word dat al die lesse in die handboeke deur die jaar gedek word.

Ouderlingrade het ook die verantwoordelikheid om bekwame voorgangers vir elke klas aan te stel. Enige persoon in die gemeente is nie sondermeer geskik vir die taak nie. Ouderlingrade moet persone aanstel wat geroepe daartoe voel en geskik is vir hierdie belangrike werk. Geleenthede moet ook geskep word waar voorgangers geskool word in lesvoorbereiding en lesaanbieding om entoesiasme en betrokkenheid by die kinders te kweek.

2. VEREISTES VIR VOORGANGERS IN DIE VERBONDONDERRIG

Wanneer ouderlingrade voogde aanstel vir verbondsonderrig, moet hulle let op die volgende vereistes:

2.1 Persoonlike verhouding met die Here

Die belangrikste vereiste vir elke voorganger in die verbondsonderrig is dat hulle gelowiges sal wees. Hulle moet die Here ken en in ’n persoonlike verhouding met Hom lewe. Slegs daardie voorganger wat self ’n spontane getuienis van wedergeboorte en geloofsekerheid het, kan verbondskinders op die geloofspad lei. Hier geld die spreekwoord dat een blinde nie ’n ander blinde kan lei nie. Sonder geloofsekerheid kan ’n voorganger nie verbondskinders tot geloofsekerheid lei nie.

2.2 Kennis ten opsigte van die Woord, die kerk en die kind

Om geroepe te voel om verbondsonderrig te gee, moet die voorganger kennis hê van die Woord van die Here. Hy of sy moet ’n Bybelstudent wees wat die Woord kan hanteer in die lesaanbieding en wanneer vrae gevra word. Deeglike kennis van die Bybel is dus noodsaaklik en dit kan ’n aanwins wees tydens ’n lesaanbieding.

Voorgangers moet ook deeglik kennis dra van die kerk se ontstaan, sy organisasie en sy roeping. Kinders mag vrae vra rondom die kindernagmaal, die vrou in die amp en waarom laat die AP Kerk net blankes in hul geledere toe. Voorgangers moet hulle vergewis van die besluite wat die kerk in diè verband geneem het, asook die Skriftuurlike gronde daarvan.

Vervolgens moet die voorgangers in die verbondsonderrig ook kennis dra van die kinders in die klas. Kinders gaan deur verskillende fases in hulle lewens. Voorgangers moet daarvan kennis dra sodat hulle in hulle lesaanbieding vir die spesifieke ouderdomsgroep voorsiening kan maak om hulle aandag te behou en hulle te laat meelewe in die klas.

2.3 Meelewende lidmaat van die Kerk

As gelowige is die voorganger deel van die huisgesin van God, dit is sy gemeente. Die kerk is die liggaam van Christus (1 Kor. 12:12-31) en elke lid het ’n taak en ’n roeping om in die liggaam te vervul. Daarom moet die voorganger ook ’n meelewende lidmaat van die kerk wees. In diè geval die AP Kerk. Hy/sy moet aan die dooplidmate ’n voorbeeld stel van hoe ’n lidmaat van die kerk meelewe met al die kerklike aktiwiteite.

2.4 Geloofwaardigheid

Die verbondsvoog moet geloofwaardig wees. Hy mag geen dubbele lewe lei nie. Hy moet dit wat hy verkondig uitlewe. Hy moet die vertroue van sy reisgenote geniet. Sy voorbeeld in die daaglikse lewe spreek mee in die uitoefening van sy bediening. Die verbondskind moet vertroue in die voorganger hê. Hy moet hom vertrou as die een wat die pad ken, as een wat self al die pad van geloofsmondigheid bereik het. Hy moet aanvaar word as iemand wat in woord en lewe, in belydenis en wandel toon dat hy ’n mondige Christen is.

2.5 Roepingsbewus

Sonder roepingsbewustheid kan die verbondsvoog nie sy taak na behore uitvoer nie. Die Here deel talente/gawes uit soos Hy wil aan lidmate van sy kerk. Die verbondsvoog is iemand wat sekerheid het dat die Here hom/haar die gawe van onderrig gegee het. Hy/sy moet ’n verbondsvoog wees omdat hulle dit wil wees en geroepe en gedring daartoe voel om die Evangelie aan verbondskinders oor te dra. Op dié wyse sal hulle ook bruikbare instrumente in die hand van die Here wees.

Resultate in die werk wat hulle doen, sal nie uitbly nie.

2.6 Bekwaam om te leer

In 2 Tim. 2:2 kry Timótheüs die opdrag om die oordra van die Evangelie toe te vertrou aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook andere te leer. By die aanstelling van ’n verbondsvoog is dit ’n belangrike vereiste. Só ’n persoon moet die kundigheid besit om die Evangelie só oor te dra dat die verbondskind dit verstaan en sy eie kan maak. Hy/sy moet toegerus wees om die taak as verbondsvoog te verrig.

2.7 Entoesiasme

Wie met verbondskinders werk en die Woord verkondig, moet dit met entoesiasme doen. Dit skep geloofwaardigheid ten opsigte van die boodskap wat verkondig word. Die voorreg om bekwaam bevind te word as verbondsvoog, moet borrellende gevolge hê. Jy is besig met ’n taak wat jy wil uitvoer, waarvoor jy die talente ontvang het en waarvan jy bewus is dat dit ewigheidswaarde het. Goeie voorbereiding is hier die wagwoord. Tree gemotiveerd op en vind ’n gemotiveerde gehoor (klas).

2.8 Liefde vir die kind

Die Here Jesus het kinders baie liefgehad. Hy het hulle nooit verstoot nie. *Aan hulle behoort die koninkryk van die hemele*, het Hy aan sy dissipels gesê. Hy het kindertjies met liefde en teerheid behandel.

Die verbondsvoog moet dieselfde gesindheid openbaar teenoor die kinders in die klas. Inteendeel, lief-

de vir die kind moet 'n ingebore gawe by die verbondsvoog wees. Wanneer kinders ervaar dat hulle in liefde onderrig word en ook liefde ontvang, weerkaats hulle dit terug. Hulle kry vertroue in die verbondsvoog en deel makliker hulle vrae en vrese met hom of haar. Die verbondsles word 'n lus om elke Sondag by te woon en die verbondsvoog ervaar die dividende op sy/haar werk.

3. TOERUSTING VIR DIE VERBONDSVOOG

3.1 Inleiding

Verbondsvoogde moet toegerus word vir hulle taak. In die diens van die Here kan 'n mens nooit selfvoldaan wees nie. Bewus van tekortkominge by verbondsvoogde moet ouderlingrade toesien dat verbondsvoogde die nodige toerusting ontvang vir die werk wat aan hulle opgedra word. Dit kan by wyse van 'n kursus aan die begin van elke jaar aangebied word.

(Dr. JH Ellis het 'n volledige kursus geskryf en hy of ander lede van die Jeugkommissie bied dit by gemeentes aan op aanvraag.)

3.2 Toerusting aan die Verbondsvoog

3.2.1 Die doel van die verbondsonderrig: Enige onderrig moet afgestem wees op 'n bepaalde doel. So ook die verbondsonderrig wat die kerk onderneem. Elke kerk formuleer sy eie doelstelling ten opsigte van hierdie onderrig wat hy aan sy dooplidmate gee.

Die definisie wat tydens die Sinode van 1995 goedgekeur is, en die AP Kerk se doel met die verbondsonderrig bevat, is as volg.

Verbondsonderrig is die amptelike werk van die kerk aan sy gedoopte en ongedoopte kinders om hulle op te bou in hulle persoonlike geloof sodat hulle God persoonlik beter kan leer ken en in die openbaar belydenis van hulle geloof kan doen met die oog op deelname aan die sakramente en voorts om as verantwoordelike en mondige lidmate van die kerk as getuies van Jesus Christus in die wêreld hulle roeping te kan uitleef.

Uit hierdie definisie blyk dit duidelik dat die verbondsonderrig amptelike werk van die kerk is. Dit het een doel naamlik om die dooplidmaat te lei tot geestelike selfstandigheid en geloofsmondigheid. Hulle moet gebring word tot die punt waar hulle as volwasse lidmate van die kerk hulle geloof bely, self ja sê op wat in die doop aan hulle beloof is. Die verbondsonderrig wat gerig is op die geestelike mondigheid van die dooplidmaat en tot verantwoordelike belydenis van sy geloof, is afgestem op die toetrede tot die nagmaalstafel en tot meerdere volwassenheid in sy dienslewering en getuie wees as burger van die koninkryk van God.

Calvyn het as middelpunt van die hele mens se bestaan die klem weer laat val op die eer en verheerliking van God. Dit is trouens die inhoud van die eerste gebod (HK antw. 94). Daarom gaan dit primêr in die verbondsonderrig om die eer wat God moet ontvang en nie die kind of die les nie. In kort kan die doel van die verbondsonderrig dan as volg saamgevat word:

- Die eer en verheerliking van God.
- Om God langs die weg te leer ken.
- Die jongmense te onderrig aangaande die betekenis van hulle doop en hulle stelselmatig op te bou in hulle persoonlike geloof.
- Die jongmense te lei tot geloofsvolwassenheid om hulle daartoe te bring om in die openbaar belydenis van hulle geloof af te lê.
- Die dooplidmaat te lei van die doopvont na die tafel van die Here.
- Die bybring van kennis aangaande die leer van die kerk.
- Voorbereiding met die oog op verantwoordelike lidmaatskap van die kerk.

3.2.2 Wie gaan ek onderrig

Die objek van die verbondsonderrig is al die ongedoopte sowel as die gedoopte kinders van die gemeente. Hulle is immers kinders van gelowige ouers wat binne die verbond gebore is. Dit is die taak van die kerk om met hierdie verbondskinders op weg te gaan. Hulle is nie heidenkinders nie, maar (doop)lidmate van die gemeente. Hierdie verbondskinders word deur die amptelike dienswerk van die kerk gelei op die weg van geestelike rypwording en geloofsontplooiing.

Die verbondsvoog moet die ouderdom en begripsvermoë van die verbondskind met wie hy werk in gedagte hou. Dit sal ook 'n bepalende faktor wees in die beplanning van die metodiek van die les.

Kenmerke van die kind tydens verskillende lewensfases

Daar is in die ontwikkeling van die kind tot jongmens en volwassene 'n redelike vaste ontwikkelingslyn te bespeur. Dit wil egter nie sê dat alle kinders op 'n bepaalde stadium van hulle lewens presies enerse kenmerke vertoon nie. Indelinge in leeftydsgroepe sal daarom altyd kunsmatig wees. Daar is egter by bepaalde ouderdomsgroepe sekere algemene kenmerke van ontwikkeling te bespeur waarop gelet kan word. Hierdie kenmerke is ook van belang vir die kerk wanneer die lesinhoud vir verbondsonderrig bepaal word en dit het ook waarde vir die verbondsvoog in die verstaan van die kind.

3.2.3 Die verhouding met elke individuele katkisant

As verbondsonderrig slegs daarin sou bestaan dat die voorganger die kinders vir dertig Sondae in die jaar elke keer as groep vir ongeveer ’n halfuur ontmoet en ’n hoeveelheid katkisasieleerstof behandel, is baie min bereik. Om werklik te slaag, is dit absoluut noodsaaklik dat die verbondsvoog buite die groepsessies tyd en aandag aan elke kind afsonderlik bestee. Daarom is dit wenslik dat hy/sy so gou as moontlik (verkieslik binne twee weke nadat die verbondsonderrig geopen het) elke kind by sy huis gaan besoek. Ander geleenthede om ’n besoek af te lê, is wanneer die kind verjaar, siek is, of nadat die kind op ’n bepaalde Sondag afwesig was.

U opregte en hartlike belangstelling in elke afsonderlike kind sal altyd op baie maniere ryklik beloon word.

3.2.4 Onderlinge verhoudings in die klas

Een van die grootste probleme in die Afrikaanse Protestantse Kerk is dat die kinders wat aan die AP Kerke behoort, ’n baie klein minderheidsgroepie gedurende die week by die skool en op ander plekke is. Vir sommige kinders kan dit tot voordeel wees, maar vir ander mag dit probleme inhou, waarvan die probleem van vereensaming en gevolglik ’n swak selfbeeld miskien nog die grootste is. Dit kan ook gebeur dat die kind in die gewone lewe ’n vriendekring opbou wat grotendeels uit kinders buite die AP Kerk bestaan. Indien dit gebeur, is die kanse goed dat die kind onder groepsdruk van kinders wat nie dieselfde waardes en beginsels as die opregte Christen-Afrikaner het nie, sal swig en hom met so ’n groep vereenselwig. So ’n kind sal dan alles waarmee hy op Sondag by die kerk te doen kry as iets vreemds ervaar.

Daarom is dit baie belangrik dat u planne beraam en reëlings tref dat die kinders in die klasse ook onderling betrokke raak en op ’n gereelde basis gedurende die week met mekaar skakel. Benut veral spesiale geleenthede.

3.3 VOORBEREIDING VAN DIE LES

3.3.1 Berei u voor om die Woord te verkondig

Verbondsonderrig is in die eerste instansie die verkondiging van die Woord van God Drie-enig en van die vleesgeworde Woord, Jesus Christus, aan kinders van gelowige ouers volgens die bevatlikheid van bepaalde ouderdomsgroepe. In sy voorbereiding mag die verbondsvoog hierdie perspektief nooit uit die oog verloor nie. Hy/sy sal daarom deurentyd daarop ingestel wees om te hoor wat die Here vir hom/haar persoonlik sê, sodat hy/sy dit ook aan die kinders kan deurgee.

Die verbondsvoog is nie maar net besig om ’n hoeveelheid Bybelfeite te hanteer of ’n bietjie kategismus deur te gee nie, maar werk met dinamiet – afgelei van die woord **dunamis** wat Paulus gebruik wanneer hy in Rom. 1:16 van die Evangelie sê: *dit is die krag van God tot redding van elkeen wat glo.*

3.3.2 Berei biddend voor

Elke gelowige se normale reaksie onder die besef dat daar met die **“dinamiet”** van God gewerk word, is gewoonlik: “Ag Here help my: ek is onbekwaam om dit te doen”. As dit só met verbondsvoogde is, dan is hulle die voorgangers wat die Here wil gebruik. Mense wat te seker van hulleself en hulle eie bekwaamheid is, mag miskien interessante lesse aanbied, maar slaag nooit daarin om werklik die Woord van die Here by ander uit te bring of om ander by die Here van die Woord te bring nie.

Hoe meer verbondsvoogde hierdie feite besef, hoe dringender sal hulle gedurende die week in gebed verkeer wanneer hulle voorberei. Bid ook doelgerig vir elke kind afsonderlik.

3.3.3 Berei betyds voor

As die verbondsvoog sy voorbereiding tot Saterdagaand uitstel, is dit te laat en sal dit misluk. ’n Goeie plan is om reeds Sondagmiddag ’n algemene oorsig te kry van die lesinhoud wat die volgende Sondag aangebied moet word.

Daar is baie redes waarom hulle betyds moet begin. Een daarvan is dat hulle voortdurend die katkisante moet aanmoedig om daagliks die dagstukkies in die leerboek te doen en só voorbereid klas toe te kom. In aansluiting hierby is die minste wat van die verbondsvoogde verwag kan word dat hulle sal afdaal na die vlak van die kind en dieselfde doen.

Nog ’n rede waarom hulle betyds moet begin, is dat hulle in kompetisie is met die moderne media. Dit is veral aan die invloed van televisie en die talle videospeletjies te wyte dat kinders en jongmense (selfs volwassenses) gekondisioneer is om in beelde te dink. Hulle sal daarom sukkel om u te volg en sal afskakel as die voog met ’n lang woordelikse aanbieding wat Saterdagaand voorberei is, na hulle toe kom. Die verbondsvoog het die tyd nodig om gedurende die week na gepaste beeldmateriaal te soek om te verseker dat sy lesaanbieding prikkelend en sprankelend sal wees. Die beste plek om te soek, is die Bybel self. Hy sal vind dat al die profete dikwels deur middel van beelde of ’n bepaalde handeling by hulle hoorders tuisgebring het wat die Here sê. Ook het die Here Jesus deur middel van gelykenisse gespreek. Dink daaraan hoe ook Hy soms deur ’n daad, byvoorbeeld die voetwassing van die dissipels, die boodskap by sy leerlinge tuisgebring het.

3.3.4 Gebruik die leerboek en lesgids waarvoor dit bedoel is

Onder geen omstandighede moet groot gedeeltes uit die leerboek of lesgids in die klas voorgelees word nie. Dit is nie waarvoor dit bedoel is nie.

Die leerboek is bedoel as ’n Bybelstudiegids vir kinders in hulle binnekamers, sodat hulle voorbereid klas toe kan kom. Die verbondsvoog se verantwoordelikheid is om die kinders te inspireer, sodat elkeen reeds op Sondagaand die inleiding van ’n spesifieke les deurlees, verder gedurende die week elke dag sy Bybel lees, die dagstukkies doen en op Saterdagaand die res van die lesinhoud instudeer. Die verbondsvoog gebruik net soos die kinders die leerboek gedurende die week, maar maak ’n opsomming van die les en hoe hy dit gaan aanbied. ’n Goeie katkisasiemeester gaan op ’n Sondag met niks meer as sy Bybel, sy eie notas en moontlik ook eie hulpmiddels na sy klas toe nie.

Die leerboeke en die lesgidse is verder bedoel as riglyne en kontrole vir die verbondsvoog. As sodanig is dit deur predikante opgestel en deur predikante gekontroleer om leersuiwerheid te verseker. Die verbondsvoog moet dus baie versigtig wees om nie iets te verkondig wat in stryd is met die feitemateriaal wat tot sy beskikking is nie.

Die skrywers is egter ook feilbare mense en hy mag iets ontdek wat vir hom na ’n fout lyk. In so ’n geval moet hy dit minstens eers met sy predikant bespreek. Bring dit dan verder onder die aandag van die skrywer en die publikasiekommissie, sodat dit reggestel kan word indien dit werklik ’n fout is.

Gebruik dus die leerboek en lesgids as ’n basis, maar berei u voor om die besondere heilsfeite van elke les op ’n spontane, prikkelende en sprankelende manier aan die kinders deur te gee.

3.4 AANBIEDING VAN DIE LES

Die lesgids bevat spesifieke riglyne vir elke les ten opsigte van die volgende:
(1) die doel van die les, (2) wenke vir lesaanbieding, (3) inleiding, (4) inhoud, (5) toepassing en (6) slot.

Die gedagte is nie dat die verbondsvoog dit slaafs moet volg nie, maar wel dat hy aan die hand daarvan voorberei om die les volgens ’n beplande en geordende lesskema aan te bied.

3.4.1 Doel

Dit is belangrik dat hy vooraf besluit wat hy met elke les wil bereik. Net so belangrik is dit om aan die einde van elke les te evalueer in hoeverre hy in sy doel geslaag het. Daar is verskillende metodes van evaluering, byvoorbeeld vrae rondom die hoofpunte van die les, taakkaarte, ’n kort skriftelike toetsie waar die katkisant ontbrekende woorde invul. ’n Geleentheid vir elke katkisant om te sê wat die Here vir hom/haar persoonlik gesê het, ensovoorts.

Dit is nie nodig dat die voog noodwendig elke keer aan die begin van ’n les die doelwit vir die katkisante uitspel nie. Een van die maniere om te toets of hy geslaag het is inderdaad om aan die einde van die les vir die katkisante te vra om vir hom te sê wat die belangrikste is wat hy na hulle mening vir hulle wou meedeel. Hy mag dan selfs aangenaam verras word deurdat die katkisante veel méér gehoor het as wat hy gesê het, want waar die Woord verkondig word, daar werk die Heilige Gees.

Dit is moeilik om sommige doelwitte, veral dié rondom geloofsgroei of gesindhede te evalueer. In hoeverre die verbondsvoog geslaag het, sal egter wel later uitkom in die katkisant se gesindheid, getuienis en optrede.

3.4.2 Wenke vir lesaanbieding

In die junior verbondsonderrig word wenke gegee hoe die voorganger te werk moet gaan om die aandag te verseker en die kernfeite van elke les by die kinders tuis te bring deur die gebruik van hulpmiddels soos die flenniebord, flitskaarte, die swartbord, muurkaarte, die truprojektor en so meer.

Sommige gemeentes beskik egter nie oor goed toegeruste verbondsonderrig lokale nie, wat eintlik ’n voorvereiste is in die gebruik van sommige hulpmiddels. Daarom sal oorspronklike idees van die leerkragte verwelkom word.

In die senior verbondsonderrig is hulpmiddels steeds belangrik, maar verskuif die klem al meer na die selfwerksaamheid van die katkisant.

3.4.3 Die logiese lesplan

Nadat alle organisatoriese sake soos die merk van die bywoningsregister, gelukwensings en ander reëlings so gou as moontlik afgehandel is, word daar met Skriflesing en gebed geopen. Dit is belangrik dat die Woord steeds sentraal bly, maar die verbondsvoog moet dit **kort** hou, want heel dikwels gebeur dit dat die kinders **drie** “preke” op ’n Sondagoggend moet verteer; eers die preek in die erediens, soms ook nog ’n “preek” deur die hoof van die verbondsonderrig – en nou moet hulle na nog ’n “preek” deur die verbondsvoog luister.

Die lesplan bevat gewoonlik verder die volgende stappe

1. Inleiding

Die inleiding moet **baie kort** wees en **onmiddellike aandag** verseker. Dit bevat een of meer van die vol-

gende: Aansluiting by die vorige les, kontrole van werkopdragte van die vorige les, bekendmaking van die doel van die les en die hoofsaak waaroor die les handel.

2. Inhoud

In die lesgids wat by die leerboek aansluit, word slegs die kernfeite gegee. Waak daarteen om alles wat die katkisant tuis voorberei het te herhaal, want heel dikwels sal die tyd u dan inhaal. Soos wat u die kernfeite ontsluit, sal u ook, waar van toepassing, verwys na gedeeltes wat die katkisant in die leerboek moes voltooi en dit sodoende kontroleer. Beplan ook watter insigvrae u gaan stel om deurgaans die aandag en samewerking van die katkisante te behou. Kweek ’n atmosfeer waarin die katkisante altyd die vrymoedigheid het om u as voog met opmerkings of vrae te onderbreek, maar wees versigtig dat hulle u nie op ’n syspoor rangeer of dat u nie dissipline inboet nie. Die aanbieding van die lesinhoud word gewoonlik afgesluit deur die belangrikste kernfeite te herhaal. Dit is soms ook hier waar die voog deur middel van eenvoudige vrae evalueer of hy geslaag het om die hoofinhoud by die kinders tuis te bring.

3. Toepassing

Die heilsfeite wat in die les na vore gekom het, moet altyd toegepas word in die daaglikse lewe van die katkisant. So nie, bly dit droë en koue katkisasiemateriaal. Hier slaag of druip die verbondsvoog self die toets, want dit is hier waar hy die hoogste doel van die verbondsonderrig bereik, naamlik die eer van God, deurdat Jesus Christus méér word in die lewe van elke verbondskind.

4. Slot

As die klas in ’n afsonderlike verbondsonderriglokaal is, is dit goed dat daar ’n gepaste lied gesing word. Indien nie, moet die voog weer alles in een of twee sinne opsom, waarna een van die katkisante of hyself met gebed afsluit.

3.5 KONTROLE VAN DAGSTUKKIES EN WERKOPDRAGTE

Hoe volledig en hoe netjies ’n kind die dagstukkies en werkopdragte voltooi, is dikwels ’n aanduiding hoe ernstig hy/sy alles opneem. Dit is goed om soos volg te werk te gaan:

1. Dagstukkies:

Die kinders vul die ontbrekende woorde altyd tuis eers in potlood in en skryf dit agterna netjies oor met ’n pen nadat dit tydens die lesaanbieding gekontroleer is.

2. Werkopdragte:

Nadat die les aangebied is, voltooi die kinders die werkopdragte tuis in potlood. By die volgende lesaanbieding kontroleer die voog dit, waarna die katkisant dit dan tuis netjies met ’n pen oorskryf.

Onder geen omstandighede moet slordige of halwe werk geduld word nie.

4. OPVOLGING EN SKAKELING

Dit is belangrik dat verbondsvoogde soms buite die klas met kinders gesels oor die dinge wat in die klas bespreek is. Net so belangrik is dit dat hulle met die wyksouderlinge van die kinders skakel, sodat hulle kan aansluit by alles wat jy met hulle doen. ’n Geleentheid waar alle kerkraadslede vir hierdie doel saam met die verbondsonderrigpersoneel vergader, is baie gewens en kan baie vrugbaar wees.

Ander belangrike geleenthede vir skakeling is oueraande waar die verbondsonderrigpersoneel saam met die ouers en kinders verkeer. In gemeentes wat oor ’n wye gebied strek, en dit dus vir die personeel moeilik is om by die ouerhuise uit te kom, is dit eintlik onontbeerlik. Die dagskole beskou dit as ’n moet. Dan behoort dit tog seker vir die kerk van nog groter belang te wees. Sake wat dringend by oueraande aangespreek kan word, is kerkbywoning (sommige ouers en kinders is slegs teenwoordig op Sondae wanneer daar verbondsonderrig is), die duur van die verbondsonderrig (veral die moedertjies kan tog soms so haastig wees ná kerk), huisgodsdiens, die binnekamer van die kind, en alle ander sake wat van belang is vir die gesonde geloofsgroei van kinders.

VERSLAG: KOMMISSIE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS

Tydperk: 7 Mei 2004 – 1 September 2007

U kommissie wens die volgende aan die Sinode in sitting (3 September tot 7 September 2007) te rapporteer aangaande hulle werksaamhede sedert die Sinode in 2004.

1. Personeel

Die volgende personeel is aangewys:

Dr. JP Bezuidenhout (voorsitter), ds. JB Trollip (ondervoorsitter), prof. JAE Adendorff (skriba), oudl. JH Hayes, ds. FJ van der Merwe, ds. C Bester en mnr. CAZ Bodenstein is ook gekoöpteer. Na die afsterwe van ds. Van der Merwe is ds. LLE de Lange as sekundus opgeroep.

2. Vergaderings

Die kommissie het ses keer vergader.

3. Uitvoering van die opdragte van die Sinode

3.1 Streeks-onderwysberade *(Handelinge Sinode 2001, bl. 503)*

Benewens die gemeentes waaroor in die vorige verslag van die kommissie gerapporteer is dat daar onderwysberade plaasgevind het, (Wes-Transvaal twee berade, te wete te Buhrmannsdrif en Coligny; Kaapland twee berade, te wete Kareedouw en Riversdal, en een in Oos-Transvaal) het dit nie onder die aandag van die kommissie gekom dat dit sederdien in enige ander gemeentes gebeur het nie. In van die gemeentes waar berade wel sou plaasvind, is dit afgestel vanweë gebrek aan belangstelling.

Die KOO het gevolglik met besorgdheid kennis geneem van die oënskynlike apatie van die meeste AP Kerk lidmate t.o.v. Christelik-volkseie onderwys.

3.2 Inligtingspamflette *(Handelinge Sinode 2004, bl. 396)*

3.2.1 Opdrag

Die Sinode gee opdrag aan die KOO om alle inligting oor die huidige skoolbedeling in te win en in pamfletvorm te versprei (Sakelys Sinode 2004, aanbeveling 2, bl. 181).

3.2.2 Uitvoering

• ’n Brosjure waarin die verskil tussen Christelike en sekulêre onderwys uitgespel is, is deur prof. IH Horn, lid van die hoofbestuur van die VCHO, opgestel (Bylae 1).

• Die VCHO se pamflette oor onderwyssake is deur die KOO aan die Publikasiekommissie voorgelê vir goedkeuring om deur die Boekwinkel versprei te word. Die saak geniet nog aandag.

3.3 Leraar met opdrag: onderwys en opvoeding.

3.3.1 Opdrag

Die Sinode moedig kerkrade en moontlik ook kerkrade in ringsverband aan om saam te span en, met inagneming van die Kerkorde en Bepalings, en in samewerking met die KOO, ’n leraar te beroep hoofsaaklik met die opdrag: onderwys en opvoeding (Handelinge Sinode 2004, aanbeveling 5.3.4, bl. 396).

3.3.2 Uitvoering

Die KOO het van geen gemeente of ring ’n versoek aangaande so ’n beroeping ontvang nie. Die KOO wil die Sinode versoek om die opdrag te laat verval, aangesien so ’n leraar se taak alreeds deur die KOO se lasgewing ondervang word. Die saak van onderwys en opvoeding is die verantwoordelikheid van elke gemeente en die gevaar bestaan dat die afsondering van ’n leraar in dié verband onmondigheid by leraars en kerkrade in die hand kan werk. Die KOO stel homself beskikbaar om enige gemeente met die oplossing van plaaslike probleme t.o.v. onderwys en opvoeding by te staan.

AANBEVELING

3.3.2.1 Die Sinode besluit om die besluit van 2004 oor ’n leraar met opdrag onderwys en opvoeding te herroep.

3.4 Kerkskole

3.4.1 Opdrag

Die Sinode moedig kerkrade aan om, waar daar nie CVO-skole is nie, soortgelyke skole of kerkskole te stig (Handelinge Sinode 2004, bl. 396).

3.4.2 Uitvoering

3.4.2.1 Riglyne vir kerkskole

Die KOO het kennis geneem dat kerkskole reeds ’n realiteit is. Carolina se CVO skoolstruktuur is bv. na

'n kerkskool verander. Die AP Kerk Carolina het ook die SKK genader om leiding te gee i.v.m. die toelatingsbeleid vir kerkskole. Dit het die KOO tot die besef gebring dat hy 'n verantwoordelikheid het om riglyne vir die vestiging van kerkskole op te stel. Vrae soos die volgende behoort aan die orde te kom: Watter magte het die kerkraad en die ouers? Wat is die toelatingsbeleid? Wat is die beleid by die aanstelling van onderwysers?

Hierdie kerkskole staan onder toesig van kerkrade. Daar bestaan egter behoefte aan 'n oorhoofse liggaam wat leiding aan die kerkskole kan gee. Die KOO het in die lig daarvan besluit om 'n voorlopige grondwet saam te stel van die Afrikaanse Protestantse Skole Aksie (APSA) wat dié funksie kan vervul. Navraag kan by KOO daaromtrent gedoen word.

3.4.2.2 Verdere navorsing
Die KOO het in die loop van sy werksaamhede m.b.t. kerkskole die behoefte geïdentifiseer aan verdere navorsing oor die volgende sake:

3.4.2.2.1 Data oor o.a. vorige sinodale verslae en -besluite oor kerkskole, die aard en impak van uitkomsgebaseerde onderwys, ensovoorts moet ingewin word.

3.4.2.2.2 Die verhouding tussen kerkskole, CVO skole buite en CVO skole binne die BCVO moet ook uitgeklaar word.

3.4.2.2.3 Vanuit die verbondsgedagte moet riglyne vir Christelike onderwys ook opgestel word. In hierdie riglyne moet die volgende aandag ontvang:

Die vertrekpunt van die riglyne is die ouerhuis. Verbondsouers moet begin om hulle verbondsverantwoordelikhede m.b.t. hulle kinders na te kom.

Verder moet ouers riglyne ontvang waaraan die onderwys van verbondskinders getoets kan word.

Die rol van ouer, kerk en skool moet ook duidelik uitgespel word. Die KOO het begin met die opstel van 'n databasis oor sinodale verslae en -besluite m.b.t. onderwys. Dit word op die oomblik aangevul met inligting oor alle beskikbare stukke wat oor Christelike volkseie onderwys geskryf is. Daar is egter nog navorsing in dié verband nodig, en die KOO wil persone uit die AP kerkverband wat inligting het, uitnooi om die data (in gedrukte of elektroniese formaat) tot beskikking van die KOO te stel. Die einddoel is om dit in die AP Kerk se webwerf te inkorporeer.

Die KOO het voorts 'n dokument waarin die riglyne vir Christelike onderwys vervat is opgestel (Bylae 2).

AANBEVELINGS
3.4.3. Die Sinode dra dit aan die KOO op om 'n uitgebreide verslag oor onderwys en opvoeding, wat ook omvattende inligting oor kerkskole sal insluit, aan die volgende Sinode voor te lê.

3.4.4 Die Sinode moedig lidmate wat inligting oor Christelike volkseie onderwys het aan om dit tot beskikking van die KOO te stel met die oog op opname in die databasis.

3.4.5 Die Sinode wil kerkrade daarop wys dat hulle 'n verantwoordelikheid het om Christelik-volkseie onderwys te bevorder. Hierdie verantwoordlikheid lê veral op drie terreine:
- **Toerusting van ouers oor wat Christelik-volkseie onderwys behels.**
- **Inligting aan ouers oor die huidige stand van sake in die onderwys.**
- **Motivering van ouers om die primêre verantwoordelikheid vir die Christelik-volkseie onderwys van hulle kinders te dra.**

3.5 Verdeeldheid in CVO skole.

3.5.1 Opdrag

Die Sinode gee opdrag aan die KOO om baie spoedig ondersoek na die verdeeldheid t.o.v. toelatingsvereistes van die personeel en kinders en gesamentlike deelname aan buitemuurse aktiwiteite van die CVO skole te doen en 'n aanbeveling aan die SKK vir spoedeisende hantering te doen.

3.5.2 Uitvoering

Die KOO het 'n skrywe aan die BCVO gerig waarin die AP Kerk se kommer i.v.m. bg. sake geopper is. Die BVCO het in opvolging van die skrywe 'n gesprek met die SKK en KOO aangevra, wat op 5 Augustus 2005 gevoer is. Die inhoud van die gesprek is in die notule van die SKK opgeneem.

Die KOO is van mening dat die onenigheid binne 'n plaaslike CVO gemeenskap deur die plaaslike AP Kerkraad hanteer moet word. Die KOO kan moeilik so 'n fasiliteringsrol op plaaslike vlak vervul.

4. Ander sake

4.1 Die Boodskapper
'n Uitgawe van *Die Boodskapper* is aan onderwys gewy.

4.2 Geskiedenis in die onderwys

Die KOO het kennis geneem van 'n studie wat uitgewys het dat die Afrikaner uit die geskiedenisboeke geskryf word. Waar hy wel ter sprake kom, is dit in die konteks van 'n skurk.

'n Nuwe geskiedenisboek wat die saak regstel, is dringend nodig. Die VCHO gee reeds aandag aan

die saak. Hulle het kundiges genader om materiaal vir ouers op laserskyf beskikbaar te stel. Verder is hulle met die Vereniging Bybel en Volk en AKB in gesprek met die oog op samewerking in dié verband.

4.3 Die uitvoering van sinodale besluite

Die KOO vind dit jammer dat sinodale besluite, ook wat die saak van onderwys en opvoeding aan betref, nie uitgevoer word nie.

AANBEVELING
4.3.1 Die Sinode versoek ringe om hulle toesigverantwoordelikheid na te kom deur toe te sien dat sinodale besluite uitgevoer word.

4.4 Begroting

Dit moet uitgebrei word sodat die beoogde werksaamhede van die KOO gedoen kan word.

4.5 Slot

Die kommissie vertrou dat hy sy werksaamhede tot bevrediging uitgevoer het en bid die Sinode die seën van die Here toe op die sitting.

Dr. JP Bezuidenhout (voorsitter); prof JAE Adendorff (skriba)

Bylae KOO 1

HET UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS 'N PLEK IN DIE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN CHRISTENE?

Prof. IH Horn

1. INLEIDING

Die vraag wat ek in hierdie artikel wil aanspreek is of uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) 'n plek in die onderwys van Christene het? Die Bybel vermaan ons om alles te toets want slegs dan kan ons "behou wat goed is" (1 Thes. 5:21). As Christene moet ons dit wat ons kinders geleer word in die lig van die Skrif evalueer sodat ons kan weet wat goed is in die oë van die Here.

2. KRITIESE ANALISE VAN UGO

2.1 UGO – die nuutste vorm van progressiewe onderwys

UGO is 'n nuwe term, maar die grondliggende idees waarop dit berus is nie nuut nie. UGO is die nuutste naam van progressiewe of kind/leerdergesentreerde onderwys wat sy onstaan gehad het in die 1920s in Amerika. Die eerste naam waaronder progressiewe onderwys in Amerikaanse skole ingevoer was, was die projekmetode. Ander name sluit in kindgesentreerde onderwys, ontdekkingsleer, tema-onderwys, holistiese leer en UGO.

Progressiewe onderwys is uitgedink en voorgestaan deur humaniste soos John Dewey en William Heard Kilpatrick. Die oorspronklike voorstanders van progressiewe onderwys was deur hulle geloof in die sielkunde en evolusie gedryf. Hulle het Christus verwerp en hulle vorm van sekulêre humanistiese onderwys as redder van die mensdom verkondig. Hierdie manne het in die romantiese tradisie van Jean-Jacques Rousseau gestaan - hulle het geglo dat die mens inherent goed is en dat leer 'n natuurlike gang moet loop, sonder eise en reëls en regulasies deur volwassenes neergelê. Hierdie manne was ook onwrikbare demokrate, voorstanders van die slagspreuk 'Vryheid, Gelykheid en Broederskap'. Die skool moes 'n demokratiese, egalitaristiese samelewing in die kleine wees.

Progressiewe onderwys het homself vinnig as onderwysortodoksie in Amerikaanse kolleges en skole gevestig. In Suid-Afrika het progressiewe onderwys tot en met die verskyning van Kurrikulum 2005 (K2005) nooit werklik veld gewen nie. Daar was wel sprake van progressiewe, kindgesentreerde onderwys, maar dit is nooit in wese toegepas nie. Suid-Afrikaanse onderwysers van die verlede, in besonder blanke onderwysers, het kennis hoog geag en het daadwerklik en gestruktureerd onderrig en dissipline toegepas. Die projekmetode, 'nuwe' wiskunde en 'kyk-lees' (uitvloeisels van progressiewe onderwys) is wel beproef, maar dit is gewoonlik weer laat vaar. Tot die koms van K2005 is Suid-Afrikaanse onderwysteorie en -praktyk, in besonder die van blankes, hoofsaaklik deur tradisionele, Bybels-gefundeerde opvoedkundige beginsels gelei. Die gevolg was dat Suid-Afrika se blanke onderwysstelsel van die beste in die wêreld was.

Progressiewe onderwys het nie Amerika tot onderwyshoogtes gelei nie, maar tot agteruitgang. Verskeie onderwyshervormings is toegepas, veral sedert die 1960's, maar dié was altyd binne die raamwerk van progressiewe onderwysbeginsels. Progressiewe grondbeginsels is selde bevraagteken. Die meeste opvoedkundiges het hulle as vanselfsprekend waar beskou; die boustene van goeie onderwys wat geen regdenkende opvoedkundige sou bevraagteken nie.

Op hierdie tydstip is dit paslik om die grondbeginsels van progressiewe onderwys van nader te bekyk. Progressiewe onderwys berus op twee-bene; 'n akademiese been en 'n sosiaal-ideologiese been. Die akademiese grondbeginsel is:

• ***Alle* leerprosesse is natuurlike ontwikkelingsprosesse**.
Progressiewe onderwys veronderstel dat omdat sommige intellektuele leerprosesse 'n universeelgeldende ontwikkelingslyn volg (bv. die leer van die moedertaal), sal alle intellektuele leer, ook die van lees, skryf en reken, met die natuurlike verloop van ontwikkeling volbring word.

Die sosiaal-ideologiese grondbeginsel is:

• **Onderwys is die fundamentele weg tot sosiale hervorming en vooruitgang.**
Uit progressiewe onderwys se twee grondbeginsels vloei 'n hele aantal idees wat die wese van UGO en K2005 bepaal. Die idees wat betrekking het op akademiese vorming sal eerste onder oë geneem word.

2.2 UGO, K2005 en akademiese ontwikkeling

2.2.1 Onderliggende akademiese aannames

Uit die progressiewe opvatting dat alle leerprosesse natuurlike ontwikkelingsprosesse is, vloei die volgende idees:
• Kinders moet op natuurlike en spontane wyses leer.
• Leer moet nie harde werk wees nie, maar 'n genotvolle, spontane proses.
• Kinders se spontaniëteit moet geensins aan bande gelê word nie.
• Kinders moet sonder kompetisie en sonder teleurstelling en mislukking leer.
• Die klem in die onderwys moet op die kind se unieke kreatiwiteit wees en nie op die leer van 'dooie' vakinhoude nie.
• Formele onderrig is onnatuurlik en dus ondoeltreffend en kan selfs psigies skadelik wees.
• Feitlike kennis, drilwerk en memorisering word geminag.
• Kinders moet nie passiewe ontvangers van kennis wees nie. Hulle moet aktief aan take werk om self kennis te ontdek. Watter kennis ontdek word is van mindere belang as die proses van kennisontdekking.
• Aktiwiteite moet nie op blote kennis gerig wees nie, maar moet probleemgerig wees en by die kind se lewe aansluit.
• Aktiwiteite moet vakke integreer sodat die kind 'n geheelbeeld eerder as gefragmenteerde kennis opdoen.
• Die eintlike doel met alle aktiwiteite is nooit kennis nie, maar intellektuele gereedskap, d.i. navorsingsvaardighede en hoër denkvermoëns soos probleemoplossing en kritiese, onafhanklike denke. Die onderliggende aanname is dat kennis môre verouderd is, dus is dit beter om die kind te leer hoe en waar om kennis te vind en om onderliggende idees te analiseer en probleme op te los. Hierdie idee word saamgevat in die leuse 'Die kind moet leer om te leer'.

In UGO en K2005 is bostaande grondliggende idees van progressiewe onderwys met huidige politieskorrekte idees ingekleur en in opgedateerde terminologie (sg. '*buzz*'woorde) verwoord.

In UGO, en derhalwe ook in K2005, word die idee van natuurlike ontwikkeling tot sy uiterste gevoer. Die onderwyser se onderrigtaak (wat in werklikheid nie 'n taak is nie, maar 'n morele plig) word ontken. In Engels is die woord *teacher* met *educator* vervang, en 'n *educator* onderrig/*teach* nie. Hy/sy fasiliteer leer. Leerlinge is ook nie meer leerlinge (*pupils)* nie, maar leerders. Eersgenoemde woord impliseer dat die persoon deur 'n ander persoon onderrig word terwyl laasgenoemde woord dié implikasie uitsluit en eerder op selfstandige leer dui. Aparte vakke is in UGO mee weggedoen en met leerareas vervang.

Soos progressiewe onderwys vereis, poog UGO om leer d.m.v. self-aktiwiteit te fasiliteer. Huidige politieke korrektheid vereis dat aktiwiteite nie individueel uitgevoer word nie, maar deur groepe leerlinge, oftewel leerders, en elke groep moet heterogeen in bekwaamheid en kultuur wees.

Progressiewe beredenering is op halwe waarhede gebou - 'n mengsel van waarheid en valsheid - en is juis gevaarlik omdat dit in baie opsigte so redelik klink. Kritiese denke daaroor is dus uiters noodsaaklik.

PAMFLETREEKS VAN DIE VCHO

1. Christene vra Christelike vakonderrig.
2. Kurrikulum 2005 is arm aan inhoud.
3. Kan alle kinders dieselfde standaard akademiese werk lewer?
4. Word daar nog in werklikheid in u kind se klaskamer onderrig?
5. Het die staat die reg om waardes en gesindhede voor te skryf?
6. Is linker-regterbrein idees wetenskaplik?
7. Ken u die ware feite omtrent kindgesentreerde onderwys?
8. Daar is nie plek in die klaskamer vir onderwys wat enige geloof bo 'n ander geloof bevorder nie.
9. Godsdiens in die nuwe 'verbeterde' Konsepkurrikulum.
10. Standaarde in UGO en Kurrikulum 2005.
11. Wat kan ek doen om my kind vir God en die hemel te bewaar?
12. Die leerarea Kuns en Kultuur .
13. Skepping, of 'Toeval'.
14. Onderwys en die stryd om die gewetensklousule.
15. Is Christelike onderwys moontlik as skoolonderwys?
16. Rentmeesterskap en Kurrukulum 2005.
17. Sosiale omvorming as werktuig van onderdrukking.

18. Sentraalbeheerde Assessering – Dwangbuis vir Onderdrukking.
19. Seksvoorligting op skole.
20. Kommentaar op die manifes oor waardes, opvoeding en demokrasie m.b.t. godsdiensopvoeding.
21. Ouerverantwoordelikheid by die doopvont.
22. Nuwe onderwysbeleid: religie en onderwys.
23. 'n Vergelyking tussen die vroeëre en die huidige in die onderwys.

Bylae KOO 2

RIGLYNE VIR CHRISTELIKE ONDERWYS

Daadwerklike punte: wat moet nóú gedoen word?
Doopformulier: "en láát onderrig"

1. Inleiding –

'n Paar eenvoudige riglyne sal ons gedagtes help rig:
1. Wat is onderwys?
2. Hoe verskil "Christelike onderwys" van "neutrale onderwys"?
3. Die kerk werkend as 'n organisme en onderwys.
4. Die kerk werkend as 'n instituut en onderwys.
5. Ons Godsbeeld.
6. Ons Kerkbeeld.
7. Ons ouerbeeld.
8. Ons opvoedingbeeld.
9. Hoe beïnvloed onderwys ons opvoeding aan ons kinders?
10. Hoe verantwoord verbondsouers hulle opvoeding en onderwys aan hulle Verbondsgod?
11. Wat doen ouers in die AP kerkverband in 2007 omtrent die Christelike verbondsonderrig van die kinders wat hulle God aan hulle sorg toevertrou het?

2. Wat is onderwys?

Daar bestaan baie, en dik, boeke oor hierdie onderwerp. Dit is nie nodig dat ons die wiel van vooraf moet uitvind nie. Ons mag die bestaande kennisbronne gebruik (verwys na die rekenaarbasis wat ons kerk beskikbaar het). Doen dit gerus.

In 'n neutedop het onderwys alles te make met ontsluiting. Die ontsluiting (ontvanklik maak) van ons kind vir die kennisgegewens wat noodsaaklik deel van sy ontwikkeling na 'n volwasse begripsvermoë vorm. Die ontsluiting (beskikbaar- en verstaanbaarmaak) van die inhoude van alle vakgebiede, sodat die feite verantwoordelik verinwendig kan word deur die leerling.

3. Hoe verskil "Christelike onderwys" van "Neutrale onderwys"?

"Christelike onderwys" bestaan nie bloot uit 'n saalopening met Skriflesing en gebed nie. Nog minder deur die aanhaling van 'n blote Bybelteks wat klink of dit verband hou met die leerstof-inhoud. So 'n hantering maak 'n bespotting van die saak!

Die twee "soorte" onderwys verskil eenvoudig omdat hulle ontwikkel uit twee radikaal verskillende vertrekpunte, naamlik die Bybelse skeppingsleer teenoor die goddelose evolusieteorie van die humanisme.

Die eerste vraag is tog: waar kom al dié dinge vandaan wat die voorwerp van ons studie uitmaak? Wat is hulle eienskappe en hoe moet hulle aangewend word om die mens se kultuuropdrag van God ten uitvoer te bring?

Die "neutrale" onderwysbeskouing wat mettertyd in Suid-Afrika 'n vastrapplek gekry het, word deur die voorstanders van sekulêre onderwys uitgebuit. Ouers wat hulle neutrale onderwys maar laat welgeval, verkeer onder die indruk dat dit een en dieselfde ding is. Intussen maak die openbare onderwysbedeling deeglik van hierdie onkunde gebruik om sy sekulêre onderwys, wat inderdaad multi-godsdienstig en –kultureel is, te vestig. Dit is niks anders nie as 'n nuwe religie, te wete intergeloof as plaasvervanger vir die Christelike geloof en evolusionisme as plaasvervanger vir die Bybelse skeppingsleer. Die evolusionistiese metode hanteer elke voorwerp asof dit 'n selfstandige grootheid is wat geen verband hou met God se skepping, onderhouding en wil vir sy skepping en skepsel nie.

Lidmate behoort hulle deeglik op die hoogte te stel van hierdie twee teenoor-mekaar-staande uitgangspunte. Waardevolle inligting kan in hierdie verband bekom word uit ons eie databasis (elektronies) of 'n organisasie soos die VCHO (wat al langer as 50 jaar hierdie boodskap uitdra – sonder veel steun van diegene wat eintlik natuurlike bondgenote behoort te wees)!

4. Die kerk werkend as 'n organisme en die onderwys

Met die beeld wat 1 Korinthiërs 12 gebruik van die kerk, as Liggaam van Christus, is dit duidelik dat geen enkele gelowige hom/haar kan afskei van die verantwoordelikheid om die Liggaam se welwese te help bevorder en verseker nie! Alle gelowiges werk in die een Liggaam van Christus. Alles wat hierdie Liggaam kan ondermyn of skade berokken is die gemeenskaplike vyand van al die ledemate van die Liggaam.

Wat is dan die danige vyande van die Liggaam? Tog wel alles wat in stryd is met, of wat 'n nadelige uitwerking uitoefen op, die opbou van die Liggaam tot geestelike volwassenheid – na die beeld van sy Hoof, Jesus Christus (vgl. Efesiërs 4 in dié verband).

Die ledemaat wat hom nie vereenselwig met die Hoof-gehoorsame ledemate nie, word vanselfspre-

kend 'n vreemde element in die Liggaam – 'n kanker, wat die gesonde selle beveg!

Watter invloed oefen u gemeente uit?

5. Die kerk werkend as 'n instituut en die onderwys:

Die kerk verrig sy roeping deur strukture te help vestig waarbinne die ledemate ordelik hulle funksie kan vervul tot eer van hulle Hoof.

Sodanige strukture moet geskep word en in stand gehou word. Op die minste behoort die kerk as katalisator begeleiding en leiding te verskaf by alle dienswerk wat die ledemate van die Liggaam van die Here verrig om elke ledemaat op te bou tot volwassenheid in Christus.

Hoe werk u gemeente plaaslik om hierdie sodanige strukture te vestig en in diens te hou?

6. Ons Godsbeeld

In 'n wêreld waarin die sondeduisternis hand oor hand toeneem en die afwatering van God se Woord en wil op allerlei wyses gepopulariseer word, moet die Kerk weer duidelik staan en getuig: Wie is die ware God! (1 Konings 18:37).

Hierdie inligting kom net uit die onvervalste Bybel in sy geheel en in al sy dele. 'n Ledemaat wat lewe asof hierdie God se Woord nie sy lewe regeer nie, is besig om die Hoof te verraai en die Liggaam te benadeel.

Ons leefstyl het daarom presies alles te make met ons verkondiging van die Drie-enige-God in ooreenstemming met die Skrif.

Wat doen ons gemeentes om hierdie beeld daagliks te vertoon? Hoe vermaan en begelei ons mekaar sodat ons Hoof gedurig verheerlik word in ons werke?

7. Ons Kerkbeeld

Is daar werklik nog lidmate wat aan die kerk dink as 'n vereniging van persone met dieselfde belangstellings?

Leef ons as die uitgeroepte vergadering van bloedgewaste heiliges wat ons Verlosser se groot dade verkondig (1 Petrus 2)? Christus het ons vloek gedra sodat ons sy heiligheid kan, en moet, dra (Romeine 6).

Ons mag nie wêreldgelykvormig leef nie – dit verloën Jesus se versoeningswerk in ons lewe.

Koninkryksburgers lewe volgens die hemelse koninkryk se beginsels hier op aarde. Gehoorsaamheid aan die wil van God is die penwortel van dié hele nuwe lewensboom!

Troetel u gemeente hierdie lewensboom?

8. Ons Ouerbeeld

Kindertjies ontvang nie voor die voet die sakrament van die doop nie – alleen die kinders van gelowige ouers is hierdie voorreg beskore.

"Gelowige ouers" is mense in wie se lewe 2 Korinthiërs 5 verse 14 tot 21 (veral v. 15) die waarheid is. Aan húlle vertrou die Here kindertjies toe om volgens hierdie waarheid geslyp te word en opgebou te word tot volwassenheid. Die ouers ontvang saam met die baba ook die mandaat van die Verbondsgod in hierdie verband: Byvoorbeeld in die formulier by die doop, om hierdie kindjie eerstens self in hierdie leer te vorm en tweedens toe te sien dat almal wat werk aan die kindjie se opvoeding doen, dit volgens hierdie voorskrif van God (vgl. Deuternomium 6) sal doen.

Ons is dus niks minder of meer nie, as God se opvoedingsagente vir sy kerk se toekoms nie!

Hoe vorm u gemeente se ouers die opgroeiende geslag? Hoe sien die kerkraad toe dat dit wel Bybelskorrek geskied?

9. Ons opvoedingsbeeld

Die humanistiese wêreld wil leer dat opvoeding bloot gaan om beroepsvaardighede aan te leer en om gelukkig te gaan nes skrop in hierdie tydelike, ondermaanse wêreld.

Gods Woord leer ons egter dat die mens se bestemming in die ewige oneindigheid lê. Opvoeding het dus alles te make met die voorbereiding om die ewige woning veilig te bereik en binne te gaan – terwyl ek in hierdie lewe as 'n waardige koninkryksburger sal leef in my pelgrimstog onder die bloed van die Lam en deur die geloofskrag wat die Heilige Gees in ons werk.

Voed u die lammers van die kudde ook elke dag só op? Hoe begelei die kerkraad die werksaamheid? Hoe staan dit met huisgodsdiens en erediensbywoning onder toesig van die kerkraad?

10. Hoe beïnvloed onderwys ons opvoeding aan ons kinders?

Teen ses tot sewe uur per dag bereken, word u kind dertig tot vyf-en-dertig uur per week gedril met inhoude, en tuiswerk verleng hierdie blootstelling.

Hierteenoor het die kerk hoogstens die tydjies van die eredienste, bidure, verbondsonderrig en jeugak-

sies – kan dit vyf ure per week wees? Dus 14% - 16% soveel tyd as in die dagskool. Indien ouers nog hulle plig met godsdiensonderrig versuim (soos dit helaas vry algemeen gebeur!) beteken dit dat ons ons kinders uitlewer om teen 'n koers van 80:20 vervreem te word van ons Christelike verbondsleer. (Enkele skole se personeel probeer hier en daar wal gooi – teen 'n vloedgolf!)

Wat doen die verbondsouers hieromtrent? Wat doen die kerkraad om toe te sien dat permanente oplossings gesoek en in stand gehou word?

11. Hoe verantwoord verbondsouers hulle opvoeding en onderwys-betrokkenheid aan hulle Verbondsgod?

By die eindpaal staan nie die onderwyser of die departement of die regering nie. Ook nie die werkgewer, bankbestuurder of koerant nie. My kind se lewensukses word bepaal deur God en Hom alleen. Natuurlik wys dit outomaties na my getrouheid of ontrouheid met die uitvoering van God se mandaat oor my kind aan my.

Die Skrif is duidelik oor God se houding teenoor die "slegte en luie dienskneg". Hoe sal u u vorming aan u kind se siel en ewige bestemming aanvaarbaar maak vir Gods oordeel? Geen menslike misleidings sal slaag nie, want God ken ons diepste beweegredes!

12. Wat doen ouers in die AP kerkverband in 2007 aangaande die Christelike verbondsonderrig van die kinders wat hulle God aan hulle sorg toevertrou het?

12.1 Het u volgens vorige Sinodebesluite u steun heelhartig ingewerp by die Christelike Onderwys deur die Christelike skool in u omgewing sterk te maak en te steun?
12.2 Het u volgens vorige Sinodebesluite u steun gegee aan die VCHO – of ten minste gereël om hulle inligting in u gemeente bekend te stel?
12.3 Hoe kontroleer u die vakinhoude wat daagliks vir u kind ingeprent word in die skool?
12.4 Hoe maak u u kind weerbaar teen alle godsdienstige verval deur SELF u kind te onderrig in die Christelike leer en Bybelkennis?
12.5 Watter kwaliteit van Bybelgehoorsaamheid leef u elke dag uit vir u kind om na te volg?
12.6 Dié sake moet reggestel word – hensop is geen Christelike antwoord nie. Luister na Josua 24:15 ... "ek én my huis sal die Here dien.." en doen dit! Ons almal tesame tot Sy eer!

VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE
Tydperk: 12 September 2004 tot 19 April 2007

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk)

Die volgende lede het gedurende die verslagtyd op die Kommissie gedien: di. AS van Staden (voorsitter), IP du Preez (ondervoorsitter), JH Theron, AP Boshoff en dr. TM Snyman. As sekundi is aangewys: di. JB Trollip, WA Burger en DJ van der Linde. Dr. HJ Smith (Redakteur van *Die Boodskapper* en Hoof van die Afdeling Publikasies) is op die eerste vergadering gekoöpteer en as skriba aangewys. Prof. IA Brink (Direkteur van Kerkadministrasie) is later gekoöpteer. Die Dagbestuur het bestaan uit ds. AS van Staden (voorsitter), ds. IP du Preez (ondervoorsitter), prof. IA Brink (gekoöpteer) en dr. HJ Smith (skriba). Dit was gedurende die verslagtyd nie nodig om die sekundi na 'n vergadering op te roep nie.

AANBEVELING
1.1 Die Sinode besluit om, met inagneming van kontinuïteit, weer vyf lede (waar moontlik dieselfde lede as tans) en drie sekundi op die Publikasiekommissie aan te wys met die reg om lede te koöpteer.

2. PERSONEEL IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR

Daar was geen verandering van personeel in die Afdeling Publikasies sedert die vorige Sinode nie en die volgende persone het diens gedoen:

Dr. HJ Smith - Redakteur *Die Boodskapper* en Hoof: Afdeling Publikasies
Mev. JP van Lille - Senior Publikasiebeampte en Sekretaresse *Die Boodskapper*
Mnr. JEA Bester - Hoofklerk Boekwinkel en Bemarker
Mev. L Dippenaar – Rekenaaroperatrise / Klerk
Mej. C Roos - Junior Publikasiebeampte
Mnr. WC von Wielligh – Boekwinkelklerk

AANBEVELING
2.1 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word.

3. VERGADERINGS

Die volle Pk het gewoonlik twee keer per jaar vergader en die Dagbestuur gemiddeld vier keer per jaar.

4. OPDRAGTE VAN SINODES

4.1 Opdragte voortvloeiend uit die lasgewing van die Pk (KO bladsy 133-136)
Die Kommissie het die opdragte van die Sinode soos dit uit sy lasgewing voortvloei, uitgevoer.

Die vorige Sinode het besluit dat die Kommissie manuskripte wat nie noodwendig enger-godsdienstig van aard is nie, kan publiseer, en die Kommissie het daarmee voortgegaan. Die lasgewing van die Pk moet egter nog dienooreenkomstig aangepas word. Dit is na die KKS verwys (vgl. Handelinge 2004, bl. 398, Aanbeveling en Besluit 4.1.2 en bl. 438, 2.2).

AANBEVELING
4.1.1 Die Sinode wag die herformulering van die Pk se lasgewing, sodat dit ook voorsiening vir die publisering van nie-spesifiek godsdienstige materiaal maak, van die KKS af.

4.2 Spesifieke opdragte deur die Sinode van 2004

4.2.1 "Kinderbybel" – opdrag steeds ondersoek (Handelinge 2004, bl. 398, 4.2.1)

In ooreenstemming met besluit 4.2.1.2 het die Kommissie met prof. Marè oorleg gepleeg. Hy het, soos genotuleer in die Dagbestuursnotule van 23 Februarie 2006, 10.12, aangekondig dat hy die manuskrip *Vertel my van die Here* onttrek omdat hy besef dat so 'n groot publikasie vir ons klein mark te duur kan word. Aangesien ouers duidelik 'n behoefte aan so 'n soort publikasie het, het die Kommissie by dieselfde geleentheid besluit om prof. JAE Adendorff te versoek om na bestaande publikasies by ander uitgewers te kyk, aanbevelings te maak, en waar so 'n publikasie wel vir ons gebruik aanbeveel word, dit van 'n "hanteringsgids" vir ouers te voorsien. Prof. Adendorff is nog besig om hierdie versoek uit te voer.

AANBEVELING
4.2.1.1 Die Sinode besluit om die opdrag tot die uitgee van 'n "Kinderbybel" finaal te herroep en keur die versoek aan prof. Adendorff goed.

4.2.2 Praktiese riglyne vir Evangelisasie en Sending (Hand. 2004, bl. 399 – 4.2.4.)

Die opdrag van die Sinode het uiteindelik gestalte gevind in die publikasie *Jou roeping in die koninkryk* wat in 2005 verskyn het. Die boek verkoop goed en, glo ons, word goed deur kerkrade gebruik. Die begeleidende handboek, *Ek kan nie oor my Here swyg nie*, behoort teen die middel van 2007 te verskyn.

AANBEVELINGS
4.2.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verskyning van die betrokke riglyne.

4.2.2.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om die handleidings op 'n deurlopende basis so effektief as moontlik aan te wend.

4.2.3 Uitbreiding van verbondsonderrigboeke (Hand. 2004, bl. 400 – 4.2.6)

Sedert die vorige Sinode is inligting oor die vraag, *Mag kinders wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, Nagmaal gebruik?* in die 2006-uitgawe van die Leerboek vir die Belydenisklas ingewerk (bl. 135). Wanneer *Volwasse in die geloof* weer herdruk word, sal dit ook daarin verskyn. Die Dagbestuur van die Pk het met die Dagbestuur van die KJV gesprek gevoer oor die moontlikheid om bykomende materiaal eerder by wyse van losstaande stukke te hanteer as om dit in die verbondsonderrigboeke in te bind. Daar is ooreengekom dat die KJV sulke materiaal sal lewer en dat die twee kommissies dan saam sal besluit oor die wyse waarop dit ten beste benut kan word. Die vooruitsig het egter tot dusver nog nie iets substansieels opgelewer nie.

AANBEVELING
4.2.3.1 Die Sinode wag die pogings van die KJV en die Pk af om doeltreffende losstaande materiaal vir die doeleindes van verbondsonderrig te voorsien.

4.2.4 Byvoeging van "rubrieke" oor uitgetrede en gestorwe leraars in Kerkjaarboek (Hand. 2004, bl. 403 – 9.2.3.1)

Aan die besluit is uitvoering gegee en die "rubrieke" verskyn tans in die Kerkjaarboek.

AANBEVELING
4.2.4.1 Die Sinode neem met dank kennis van die byvoeging van die rubrieke oor uitgetrede en gestorwe leraars in die Kerkjaarboek.

4.2.5 *Die Boodskapper* in elektroniese formaat (Hand. 2004, bl. 405 by 9.5)
Aan die besluit is uitvoering gegee en op *Die Boodskapper* kan sedert April 2006 per e-pos ingeteken word.

AANBEVELING
4.2.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die beskikbaarheid van *Die Boodskapper* in elektroniese formaat.

4.2.6 Verskyning van "Kerkboek II" (*Erediensboek)* (Hand. 2004, bl. 425)

Die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk* het verskyn en kerkrade gebruik dit reeds.

AANBEVELING
4.2.6.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verskyning van die *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk*.

4.2.7 Pk mede-eindredakteurs: Psalm- en Gesangbundel (Hand. 2004, bl. 434 – 7.6)

Aan die opdrag is, saam met die KKM, uitvoering gegee.

AANBEVELING
4.2.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verskyning van *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* waaraan die Pk saam met die KKM as mede-eindredakteurs meegewerk het.

5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

5.1 Sinodaal-goedgekeurde publikasies wat sedert Sinode 2004 verskyn het

5.1.1 *Die Kerkorde 2004*
Hierdie publikasie het Januarie 2005 verskyn. Daar is 1500 eksemplare gedruk waarvan op 12 April 2007 slegs 105 eksemplare oor was. Die verkope van die Kerkorde neem gewoonlik toe namate 'n Sinode naderkom.

5.1.2 *Kerkjaarboek 2005, 2006 en 2007*
Van die *Kerkjaarboek 2005* (oplaag 3500) is alles uitverkoop. Van die *Kerkjaarboek 2006* (oplaag: 3582) is 55 eksemplare (21/02/2007) op voorraad en van die *Kerkjaarboek 2007* (oplaag: 3300) is alle eksemplare uitverkoop.

Die Kerkjaarboek weerkaats in 'n baie hoë mate die beeld van die AP Kerk, bevat uiters nuttige naslaangegewens, en die dagstukkies kan baie vrugbaar deur enkelinge en huisgesinne vir geestelike verryking gebruik word. Daarom poog die Kommissie elke jaar steeds om, in samewerking met die Sentrale Kerkkantoor, 'n aantreklike en bruikbare publikasie met die nuutste inligting uit gemeentes en ringe daar te stel. Die traagheid waarmee baie gemeentes reageer om die nuutste gemeentegegewens betyds by die Kerkkantoor te besorg, strem egter grootliks hierdie strewe. Dit is voorts tydrowend en bring aansienlike finansiële uitgawes teweeg as gemeentes ná die sperdatum telefonies geskakel moet word (soms tot drie of vier keer) om hul nuutste gegewens te bekom.

AANBEVELINGS
5.1.2.1 Die Sinode bevestig dat hy die Kerkjaarboek as 'n uiters belangrike publikasie beskou.

5.1.2.2 Die Sinode moedig almal wat by die produksie van die Kerkjaarboek betrokke is (soos skrywers van dagstukkies, keurders, verskaffers van gegewens en die publikasiebeampte) tot hul uiterste bes aan om steeds van dié publikasie 'n besondere produk tot eer van die Here te maak.

5.1.2.3 Die Sinode versoek kerkrade en kolporteurs tot samewerking om die Kerkjaarboek optimaal te versprei – binne én buite ons kerkverband.

5.1.2.4 Die Sinode betuig sy dankbaarheid dat die Kerkjaarboek goed verkoop en moedig ook die toekomstige aankoop, gebruik en lees daarvan by elke lidmaat aan.

5.1.2.5 Die Sinode doen 'n dringende beroep op skribas van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Sentrale Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se Kerkjaarboek.

5.2 Verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse/handleidings) wat sedert Sinode 2004 verskyn het:

Die volgende nuwe handleidings en verbeterde lesgidse het verskyn:

5.2.1 Handleiding Leer en Lewe 1 (St.5, Gr.7) – ds. PB Müller
5.2.2 Handleiding Leer en lewe 4 (St.8, Gr.10) – T van Lille
5.2.3 Lesgids Leer en Vertrou 2 (gr. 2) (herdruk met verbeteringe aan voorblad en inhoud)
5.2.4 Lesgids Leer en Vertrou 3 (gr.3) (herdruk met verbeteringe aan voorblad en inhoud)
5.2.5 Werkboek Leer en Vertrou 2 (herdruk)
5.2.6 Werkboek Leer en Vertrou 3 (herdruk)
5.2.7 Leer en Bely (herdruk met nuwe voorblad en kindernagmaal ingevoeg)
5.2.8 Lesgids: My Eerste Werkboek deel 1(nuwe voorblad)
5.2.9 Lesgids: My Eerste Werkboek deel 2 (herdruk met nuwe prente en nuwe voorblad)

Die Woord in die hart deel II en III is in wording en behoort eersdaags te verskyn.

AANBEVELING
5.2.10 Die Sinode neem met dank kennis van die verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse/handleidings) wat sedert Sinode 2004 verskyn het.

5.3 Handleidings wat vanweë inhoudelike probleme in die leerboeke nie kon verskyn nie

Handleiding Leer en Glo 1 (st. 2/gr. 4)
Handleiding Leer en Glo 2 (st. 3/gr.5)
Handleiding vir Leer en Bely (belydenisklas)

In hierdie gevalle het inhoudelike en aanbiedingsprobleme in die leerboeke onder die aandag gekom wat in die handleidings, sou laasgenoemde uitgegee word, voortgesit sou word.

AANBEVELING
5.3.1 Die Sinode wag die oplossing van die betrokke probleme en die verskyning van die betrokke handleidings af.

5.4 Ander publikasies wat sedert Sinode 2004 verskyn het

Die volgende nuwe publikasies het verskyn:
5.4.1 *Kerkorde 2004* - KKS
5.4.2 *Diere woon op 'n plaas* – A du Toit
5.4.3 *Dreun* – Jaarblad – Akademie
5.4.4 *Mini-jaarbeplanner 2005*
5.4.5 *Tonie die mier en die geel blom* – C Wilcocks
5.4.6 *Die lewe op die Oosgrens* – GC Fourie
5.4.7 *Gelykenisse van Jesus* – dr. JH Ellis
5.4.8 *God werk met my* – ds. WJA van Schalkwyk
5.4.9 *Jou roeping in die Koninkryk Band 1* – Subkommissie Pk
5.4.10 *Jesus se openbaring aan sy kerk* – prof. HCG Robbertze
5.4.11 *Erediensboek vir die AP Kerk* – Kommissie vir Formuliere en Liturgie
5.4.12 *Rolmodelle en vegvlieëniers vir Christus* – 'n Tienerdagboek – dr. JH Ellis
5.4.13 *Diere en hulle giere* – H Schoeman
5.4.14 *Drie mans het in Heidelberg aangekom* – M Bosman en E Visser
5.4.15 *Bybelinkleurboek deel III* – R Enslin
5.4.16 *Kantaantekeninge by die profeet Jona* – ds. GJ Hugo
5.4.17 *Die avonture van Pikkie en Tikkie* – GC Fourie
5.4.18 *Elfie* – L Kotze
5.4.19 *Maak oop jou oë* – ds. JH Theron
5.4.20 *Die verhaal van maanstraaltjie* – L van der Merwe
5.4.21 *Inkleur-storietyd* – S Rebel

Daar het ook verskeie hersiene uitgawes die lig gesien:
5.4.22 *Volwasse in die geloof* – prof. R Marè
5.4.23 *Handleiding Leer en Glo 3 (St. 4. Gr. 6)*
5.4.24 *Lesgids Gr. 1: prentepak*
5.4.25 *Bybelstudie uit Maleági* – ds. AS van Staden

Herdrukke:
Argiefhandleiding – ds. WM Grové
Ouderling en diaken in die die Here se diens – prof. R Marè
Bybelstudie oor verhoudinge – dr. JH Ellis
Volle geloofsekerheid – ds. AJ van Niekerk
Maak my u weë bekend deel 1 – ds. WJA van Schalkwyk

Sedert 1999 word konstant gemiddeld 10 nuwe publikasies en 16 herdrukke per jaar gepubliseer – afgesien nog van pamflette en diverse publikasies soos in 5.6. en 5.7 hieronder genoem. In die lig van die grootte van ons uitgewery en die getal personeellede wat daarmee gemoeid is, glo ons dat ons 'n buitengewone prestasie hiermee behaal. Ons kan egter die las op die personeel begin voel en die

Kommissie is besig om maatreëls in werking te stel om die tempo waarteen manuskripte gepubliseer word, onder strenger kontrole te bring.

AANBEVELING
5.4.26 Die Sinode versoek die GKK om voorsiening te maak vir die moontlike uitbreiding van personeel in die Publikasie-afdeling

5.5 Ander publikasies wat na verwagting voor die Sinode 2007 gaan verskyn

5.5.1 *Gebed* – dr. HJ Smith
5.5.2 *Ek kan nie oor my Here swyg nie* – prof. R Marè
5.5.3 *God, ek en my lewe* – A Ellis en T van Lille
5.5.4 *Rut, Pion of Pionier* – ds. MC Adendorff
5.5.5 *Die Rabbi op die Berg* – dr. EM Viljoen
5.5.6 *Bybelstudie – Heidelbergse Kategismus* – ds. LD Pienaar
5.5.7 *Die Honkiedôrie Hus en ander verhale* – C Krahtz
5.5.8 *My troetelwalvis Roosmaryn* – C Krahtz

5.6 Diverse publikasies wat sedert Sinode 2004 verskyn het

5.6.1 Konsistorieboek
5.6.2 Huweliksregisterblad
5.6.3 Doopkladboek
5.6.4 Doopseelboek
5.6.5 Kwitansieboeke: AP Kerk en Willie Lubbe Studiefonds
5.6.6 Diploma vir getrouheid
5.6.7 Verjaarsdagkaartjies (herdruk)

5.7 Diverse verbondsonderrigpublikasies wat sedert Sinode 2004 verskyn het

5.7.1 Sertifikaat: Finale jaar katkisante
5.7.2 Bybelkennis-eksamensertifikaat (slaag) – herdruk
5.7.3 8 soorte boekmerkies
5.7.4 Voorskoolse sertifikaat
5.7.5 Sertifikaat: Junior Verbondsjeug (x2) (nuwe ontwerp)

5.8 Publikasies van buite (ander uitgewers):

Die Kommissie gaan steeds voort om publikasies van ander uitgewers wat onder ons aandag kom en wat vir ons kerkverband van nut geag word, streng te keur en, indien goedgekeur, te bemark. Sulke publikasies word ook op die agterblad van *Die Boodskapper* vir bestelling gelys. Dit gebeur ook soms dat ons besluit om sulke publikasies nie self te bemark nie; dan word dit net in *Die Boodskapper* bekendgestel, met vermelding van die adres waar dit bestel kan word.

5.9 Pamflette

Die volgende pamflette word intern afgerol en versprei:

5.9.1 *Almal doen dit* – ds. Wimpie Burger
5.9.2 *Apartheid: Begripsverduistering* – ds. MC Adendorff
5.9.3 *Aborsie* – dr. LJ Blom
5.9.4 *Waarom die AP Kerk gestig is – 'n terugblik* – prof. IA Brink
5.9.5 *Calvinisme – wat bedoel ons eintlik daarmee?* – dr. HJ Smith
5.9.6 *Demokrasie?* – dr. HJ Smith
5.9.7 *Die Belydenis van Belhar* – 'n uittreksel uit *Belhar bely of bestry?* – ds. AS van Staden
5.9.8 *Die Evangelies Gereformeerde Kerk en die Belydenisskrifte* – ds. AS van Staden
5.9.9 *Die Heilige Gees in jou huwelik* – dr. CI van Heerden
5.9.10 *Die Heilige Gees in my ('n vraag of 'n uitroep?*) – ds. WJA van Schalkwyk
5.9.11 *Die Skrifbeskouing van die Roomse Kerk* – prof. JC Lombard
5.9.12 *Hoekom sal die Here my (ook) red?* – prof. R Marè
5.9.13 *Humanisme* – die gees van ons tyd – dr. HJ Smith
5.9.14 *Jou roeping* – ds. CA Swanepoel
5.9.15 *Kan elke gemeente maak soos hy wil?* – prof. R Marè
5.9.16 *Wat doen ek as ek nie saamstem nie of seergemaak is?* – prof. R Marè
5.9.17 *Kinders by die nagmaal?* – ds. WJA van Schalkwyk
5.9.18 *Sal daar iets soos wegraping plaasvind?*
5.9.19 *Ubuntu en die Christelike alternatief* – ds. Erik van der Merwe
5.9.20 *Ons is by 'n Kruispad* – dr. HJ Smith
5.9.21 *Vryetydsbesteding* – dr. JH Ellis
5.9.22 *Die gebruik van "Kinderbybels"* – dr. JAE Adendorff
5.9.23 *Die wese van Protestantisme* – ds. CA Swanepoel
5.9.24 *Die wonder van Vriendskap* – ds. G Botes
5.9.25 *'n Gelowige gesin is 'n gelukkige gesin* – dr. SD Nel
5.9.26 *Bied die Israelvisie die antwoord?* – dr. HJ Smith
5.9.27 *Kry geestelike luiheid die oorhand?* – ds. A Swart
5.9.28 *Saamslaap en Saamwoon* – prof. R Marè

Die pamflette is uiters geskik om deur kerkrade of individue in groot maat aangekoop te word met die oog op verspreiding binne en buite ons kerkverband. Die Kommissie wil graag die benutting van die pamflette ook as evangelisasiemateriaal beklemtoon.

AANBEVELING
5.9.29 Die Sinode vestig opnuut die aandag van kerkrade op die pamflette wat by die Boekwinkel beskikbaar is en moedig kerkrade aan om die pamflette optimaal te benut.

5.10 Engelse weergawe van *Skriflig op kerk en volk*

Die Pk het geoordeel dat dit tog nodig is dat lesers veral in die buiteland kennis neem van ons kerkverband se standpunte oor hierdie saak. Die Kommissie het baie moeite gedoen om die boek in Engels te laat vertaal en is dankbaar vir prof. FAH van Staden en sy medewerkers se finale poging. Om ’n weergawe in Engels te *druk* sal waarskynlik nie finansieel haalbaar wees nie vanweë die grootte van die moontlike mark en duur versendingskoste. Die Pk het daarom besluit om die boek slegs elektronies op ons webwerf beskikbaar te stel.

AANBEVELING

5.10.1 Die Sinode neem met dank veral teenoor prof. FAH van Staden en sy medewerkers kennis van die Engelse weergawe van *Skriflig op kerk en volk* en keur goed dat die weergawe net op ons webwerf beskikbaar sal wees.

6. BEMARKING

6.1 Die bemarkingsfunksie in die Sentrale Kerkkantoor

Daar bestaan steeds nie ’n selfstandige pos vir ’n bemarker in die Sentrale Kerkkantoor nie. Die pos is gekombineer met dié van die Hoofklerk: Boekwinkel, wat ’n bestuursfunksie vervul. Dié kombinasie bring steeds mee dat die bemarker selde sy hande los het om uit te gaan en boeke buite te gaan bemark. Bowendien het die ontvangs en versending van die bundel *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* die afgelope tyd ’n baie swaar las op die Boekwinkel geplaas. Daar was met elke besending wat vanaf die uitgewer ontvang is *baie* kwaliteitsprobleme. Die Hoofklerk: Boekwinkel, mnr. Ernst Bester, was omtrent voltyds besig om die boeke vir kwaliteit te kontroleer alvorens dit aan gemeentes gelewer kon word.

In antwoord op die versoek van die Pk oor die aanstelling van ’n bemarker (kyk Hand. 2004, bl. 402 – 6.1.1) tydens die vorige Sinode, het die GKK geantwoord dat daar geen addisionele uitgawes aan so ’n pos gekoppel moes wees nie, wat dit uiteraard onmoontlik maak om iemand in die posisie aan te stel. In ’n poging om die bemarkingsfunksie ten spyte van hierdie verhinderings tog op dreef te kry, het die Pk daartoe oorgegaan om weer in ’n groter mate van buite-bemarkers gebruik te probeer maak. Mnr. Braam Grobbelaar bemark sedert 2005 onder meer van ons boeke deur met ’n kombi van dorp tot dorp te ry en boeke te verkoop. Ds. Henk Venter het aangebied om ons boeke wyer te bemark en mnr. Johan Pretorius, wat kennis van die bemarking van Christelike boeke het, het ook sy dienste aangebied. Om verskillende redes kon laasgenoemde inisiatiewe nog nie geïmplementeer word nie. In sulke gevalle sal ’n vergoeding op ’n *ad hoc*-basis onderhandel moet word wat hopelik binne die normale begroting sal kan geskied. Sulke inisiatiewe sal egter eers op dreef moet kom alvorens die effektiwiteit daarvan evalueer kan word.

Wanneer ons eie webwerf goed op dreef is, sal ons boeke direk vanaf die internet bestel en betaal kan word. Ook hieraan word nog gewerk.

AANBEVELING

6.1.1 Die Sinode bevestig die noodsaaklikheid en belangrikheid van bemarking en versoek die GKK om opnuut oorweging te skenk aan die skep van ’n pos van bemarker wat ons publikasies effektief ook na buite kan bemark.

6.2 Die Kolporteurstelsel

Die kolporteurstelsel funksioneer steeds goed en daar is alle rede om daaroor tevrede en dankbaar te wees.

AANBEVELINGS

6.2.1 Die Sinode doen opnuut op die hele kerkverband ’n beroep om die kolporteurstelsel van harte te ondersteun sodat die literatuur van ons Kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.

6.2.2 Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van ’n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van ’n kolporteur te gee.

6.2.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank teenoor al die kolporteurs uit vir die besondere wyse waarop hulle die Kerk en Koninkryk dien, asook vir die gesindheid van hartlike samewerking met die Sentrale Kerkkantoor en Boekwinkel wat hulle aan die dag lê.

7. LIG IN DUISTERNIS-PRYS

Die Pk verander die reëls soos nodig aan die hand van die eise van die dag. Die jongste verandering aan die reëls het beoog om dit vir die beoordelaars makliker te maak om die boeke in ’n betrokke verskyningstydperk beter te kan beoordeel deur die verskyningsdatum na 31 Oktober van die beoordelingsjaar te vervroeg. Beoordelaars het dan tyd tot die begin van Desember om die boeke te beoordeel. Vanweë die feit dat boeke met ’n wyer strekking as die enger-godsdienstige tans ook gepubliseer word, het die Pk besluit om ’n derde kategorie met die oog op die toekenning van die prys in te stel. Die wenners in elke kategorie word gereeld in *Die Boodskapper* gepubliseer en daar word ook by wyse van foto’s en berigte prominensie aan die oorhandiging van die pryse verleen. Die Kommissie hoop om langs die weg van beloning en beriggewing stelsel-

matig die peil van ons publikasies steeds verder te verhoog.

8. BEGROTING

Die Pk slaag, met die genade van die Here, daarin om steeds binne sy begroting te bly. Die nuutste begroting is betyds aan die GKK voorgelê en word by die GKK se verslag hanteer.

9. BESKRYWINGSPUNTE

9.1 Die Ring van Morgenzon: Reorganisering van kerkrade

Die Sinode besluit dat kerkrade verkieslik in Mei of Junie moet reorganiseer, sodat die inligting wat vir die *Kerkjaarboek* deurgegee word, korrek is.

Motivering
As gevolg van die feit dat kerkrade eers in November voorsitters, ensovoorts verkies, gebeur dit heel dikwels dat die gegewens in die *Kerkjaarboek* verouderd is. Die inligting van die gemeente word in Junie aan die Kerkkantoor deurgegee en op daardie stadium dien br. A nog as voorsitter van die kerkraad en br. B as skriba, ensovoorts, maar teen November word br. D en E vir die nuwe jaar verkies. Dit skep egter probleme deurdat br. A en B se name nog in die *Kerkjaarboek* verskyn terwyl hulle nie meer voorsitter en skriba is nie.

Indien die verkiesing van die dagbesture in Mei of Junie plaasvind, sal die gegewens vir ten minste die eerste deel van die jaar feitlik korrek wees.

AANBEVELINGS
9.1.1 Die beskrywingspunt is ontvanklik.

9.1.2 Die Sinode besluit dat kerkrade verkieslik in Mei of Junie moet reorganiseer, sodat die inligting wat vir die *Kerkjaarboek* deurgegee word, korrek is.

10. DANKBETUIGING

Die Kommissie is dankbaar teenoor die Here dat Hy die krag gegee het sodat hierdie werk na die beste van sy vermoë gedoen kon word.

AANBEVELINGS
10.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor:

10.1.1 Die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word

10.1.2 Die hoof van die Afdeling Publikasies vir die bekwame wyse waarop hy sy take behartig

10.1.3 Die senior- en juniorpublikasiebeamptes in die Sentrale Kerkkantoor vir hulle noukeurige versorging van die publikasies

10.1.4 Die Boekwinkelpersoneel wat met ywer ons publikasies hanteer van aflewering tot by verkoping en wat die tydrowende vereffening van rekeninge met sorg hanteer

10.1.5 Die Hoofklerk: Boekwinkel wat, by sy ander pligte, ook die rol van bemarker vervul

10.1.6 Alle skrywers, voorlopige beoordelaars en keurders wat daartoe meewerk dat die standaard van ons publikasies hoog bly.

w.g. AS van Staden (voorsitter); IP du Preez (ondervoorsitter); HJ Smith (skriba)

BYLAE Pk 1

VERSLAG AAN DIE SINODE VAN 2007 OOR *DIE BOODSKAPPER* EN DIE JEUGBLAAIE
11 September 2004 - 19 April 2007

1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)*

Die Pk het die redaksie van *DB* soos volg aangewys: di. AS van Staden, IP du Preez, RMJ Britz, JB Trollip en PL Storm.

Die kernredaksie was die Voorsitter (dr. HJ Smith), di. RMJ Britz en PL Storm.

Mev. JP van Lille dien as redaksiesekretaresse en lewer 'n buitengewone bydrae tot die versorging van *Die Boodskapper* en die twee jeugblaaie.

Die Pk het bepaalde portefeuljes aan die Redaksielede toegewys soos in *Die Boodskapper* gepubliseer.

In *Die Boodskapper* van Maart 2007, bladsy 20, het 'n redelike uitgebreide beskrywing verskyn oor die rol van die Redaksie, die funksies van die Redaksielede en die bydraes wat die personeel tot die blad lewer.

2. *DIE JEUGBOODSKAPPERS*

Gedurende die verslagtyd het die Pk besluit om die enkele jeugblad, *Die Jeugboodskapper*, te vervang met twee afsonderlike blaaie wat tans bekend staan as *Die Tjokkerboodskapper* (vir kleiner kinders) en *Die Tienerboodskapper*. Sover ons kan vasstel, vind die verandering algemene byval. Ds. JB Trollip tree op as mederedakteur vir albei jeugblaaie, terwyl ds. PB Müller hom bystaan met die versorging van *Die*

Tienerboodskapper. Mev. JP van Lille speel 'n groot rol in die tegniese én inhoudelike versorging van die twee jeugblaaie.

3. PERSONEEL

Afgesien van die bekwame bystand van mev. Van Lille, is die Redakteur ook ondersteun deur die boekwinkelpersoneel wat, meesal te midde van groot werkdruk, die verpakking en versending van *Die Boodskapper* en die jeugblaaie getrou behartig.

4. VERGADERINGS

Die Redaksie vergader nagenoeg elke drie maande. Waar Redaksievergaderings op 'n gereelde grondslag plaasvind, word die Kernredaksie op 'n *ad hoc*-basis geraadpleeg.

5. AANTAL UITGAWES

In ooreenstemming met vorige Sinodebesluite verskyn *Die Boodskapper* steeds tien keer per jaar: elke afsonderlike maand, behalwe Januarie en Februarie, en Julie en Augustus, wat telkens in een uitgawe saamgevat word.

6. VERSPREIDING *DB* en die Jeugblaaie: Mei 2004 – Mei 2007

Jaar	Die Boodskapper	Die Jeugboodskapper(s)
Mei 2004	13158	7758
Mei 2005	12590	7319
Mei 2006	12802	8838
Mei 2007	12744	8633



Soos uit bostaande diagram blyk, het die verspreiding van *DB* grootliks gestabiliseer sodat, in die afgelope tyd, nagenoeg dieselfde hoeveelheid maandeliks versprei word. Dié van die jeugblaaie het egter toegeneem – hoewel die onderskeiding nie in die diagram verduidelik word nie, veral t.o.v. *Die Tienerboodskapper* – wat waarskynlik met die verdeling van die jeugblaaie te doen het.

Komplimentêre eksemplare is steeds gelewer aan gemeentes wat daarom vra; CVO-skole; amptelike verteenwoordigers vanuit ander kerkverbande; personeel (Sentrale Kerkkantoor en AP Akademie); argief; boekwinkel; portaal (Sentrale Kerkkantoor); Eindredakteur; Subredakteur (*DJB*); adverteerders (by eerste verskyning van advertensie); Bybelgenootskap, Redakteurs van ander Afrikaanse gereformeerde kerkblaaie en uitgesoekte nuusblaaie soos die Pk by geleentheid besluit. Pligleweringseksemplare is aan pligleweringsbiblioteke gelewer.

Kerkrade word weer eens daaraan herinner dat hulle vyf addisionele eksemplare gratis kan bestel. Hierdie eksemplare kan beskikbaar gestel word aan belangstellendes wat nie lidmate is nie. Daar is gemeentes wat hierdie metode uiters vrugbaar aanwend om die AP Kerk effektief bekend te stel.

Vorige Sinodes het herhaaldelik besluit om kerkrade te versoek om toe te sien dat *DB* elke besoekpunt in elke gemeente bereik en die betrokke jeugblaaie binne die bereik van elke verbondskind te bring. Namate die geestelike ontwrigting van ons tyd vorder, raak hierdie versoek net al noodsaakliker.

Gemeentes versoek soms dat die kerkraad nie self op *Die Boodskapper* inteken nie, maar dat individuele lidmate dit afsonderlik doen. Ons het begrip vir die unieke omstandighede waaronder die versoeke kom, maar kerkrade moet ook besef dat hulle onder sulke omstandighede nie die Sinodebesluite nakom nie. *Die Boodskapper* is die amptelike blad van die kerkverband waardeur belangrike kommunikasie onderhou en tydige inligting deurgegee word. Die gereelde sirkulasie van die blad smee boonop 'n band tussen gemeentes en gemeentelede en versterk die etos van die kerkverband. Geen gemeente en geen individuele lidmaat kan dus afsydig staan teenoor die blad nie vanweë die gevaar om kontak met die bewegings in die kerkverband te verloor en weg te dryf van die samebindende etos daarvan.

AANBEVELINGS

6.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit dat die verspreiding van die amptelike blad van die kerkverband gestabiliseer en dié van die meegaande jeugblaaie vermeerder het.

6.2 Die Sinode bevestig opnuut dat hy *DB* en die jeugblaaie as uiters belangrike kommunikasiemiddele sien waardeur kerknuus, maar ook inligting versprei word om lidmate op te bou en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd.

Die Sinode ag *Die Boodskapper* en die twee jeugblaaie verder as belangrike middele vir die opbou van 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband.

6.3 Die Sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om noulettend toe te sien dat *DB* by elke besoekpunt tuiskom - verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat eksemplare van die toepaslike jeugblaaie gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.

6.4 Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat 5 gratis eksemplare per uitgawe van *DB* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.

7. VESTIGING VAN 'n LEESKULTUUR

Dit is ontstellend dat die basiese vaardighede van 'n beskaafde gemeenskap, die vermoë om met begrip te kan lees en om jouself korrek te kan uitdruk deur te skryf, blykbaar sienderoë aan die afneem is. Ons herhaal wat tydens die vorige Sinode hieroor opgemerk is omdat dit onses insiens werklik die toekomstige beskawingspeil van ons volk raak: *Die verskynsel word meesal aan die nuwer onderrigmetodes op skool toegeskryf, maar sal waarskynlik ook in verband staan met die invloed van televisie. By verlies van kritiese, verbale vermoë en die vermoë om 'n mens uit te druk, kan veral die jonger geslag gemaklik slawe van heersende ideologieë en opvattings, soos deur die openbare media uitgedra, gemaak word. Die leeservaring, wat 'n aktiewe inset en verwerkingsproses van die ontvanger veronderstel, is 'n noodsaaklike element in die opbou van 'n goedingeligte en kritiese lewensingesteldheid. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat 'n leeskultuur reeds in die kinderstadium by ons verbondsjeug gevestig raak. Ouers baat nie alleen self by 'n gesonde leesgewoonte nie, maar stel daardeur ook 'n onuitwisbare voorbeeld vir hulle kinders.*

AANBEVELINGS

7.1 Die Sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskultuur by ons verbondsouers en –kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook opgewek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit die jeugblaaie aan hulle kleuters voor te lees.

7.2 Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem om op 'n gereelde grondslag spesifieke artikels, berigte, ensovoorts in *Die Boodskapper* deur middel van kernagtige inligting daaroor pertinent onder die gemeente se aandag te bring, aangesien dié inligting die leeslus prikkel.

8. KOSTE (Die volgende staat is deur die Rekenmeester voorsien)

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

VERSLAG OOR DIE DIREKTE KOSTE EN INKOMSTE VAN DIE AMPTELIKE BLAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK VIR DIE SINODE TYDPERK 1 APRIL 2004 TOT 31 MAART 2007

	% △	**2007 Sinode**	2004 Sinode		% △	**2007 Sinode**	2004 Sinode
AANTAL VERSKYNINGS		*30*	*30*	*AANTAL VERSKYNINGS*		*30*	*30*
DIREKTE UITGAWES		**R**	R	**DIREKTE INKOMSTE**		**R**	R
Drukkoste	16%	1,045,750	900,530	Boodskapper verkope	25%	1,229,084	986,276
Ander uitgawes							
Posgelde		99,765	82,651	Advertensies	64%	149,943	91,439
Medewerkers		27,401	21,572				
Verpakkers		36,091	21,000				
TOTALE UITGAWES	18%	1,209,007	1,025,753	TOTALE ONTVANGSTE	28%	1,379,027	1,077,715

Waarneming

1. Vir die verslagtydperk, oorskry die direkte inkomste die direkte uitgawes met R170 000.
2. Advertensie inkomste styg met 'n merkwaardige 64%, wat 'n besparing in die subsidie uit die 15% tot gevolg het. Advertensie inkomste betaal R4 998 of 14% van die gemiddelde druk koste per verskyning
3. Hierdie staat toon slegs direkte kostes. Indirekte kostes soos salarisse, telefoonkoste, kantoorruimte word nie hier weerspieël nie en word uit die 15%-bydrae gesubsidieer.

Sedert April 2006 is *Die Boodskapper* ook elektronies per e-pos beskikbaar teen R75-00 per jaar. In April 2007 was daar 12 intekenaars. Gemeentes betaal tans R4-50 per eksemplaar vir die gedrukte uitgawe (*DB* en jeugblaaie, d.w.s. R45-00 per jaar vir 10 uitgawes) en individuele intekenaars R75-00 per jaar vir 10 uitgawes. Die Pk doen alles in sy vermoë om die intekengeld op ons kerkblaaie so laag as moontlik te hou ten einde te verseker dat dit deur soveel as moontlik lesers benut kan word. Die intekengeld vir gemeentes het byvoorbeeld sedert die vorige verslag minimaal gestyg vanaf R4-00 na R4-50 per eksemplaar en vir enkelintekenaars vanaf R6-60 tot R7-50 per eksemplaar. Gemeentes kan die volle bedrag betaal vir die aantal eksemplare van *DB* wat hulle bestel, of maandeliks afbetaal of slegs ’n donasie volgens die kerkraad se vermoë skenk.

Dit kom steeds voor dat gemeentes versoek dat hulle bestaande skuld op *DB* afgeskryf of verminder word. In sulke gevalle probeer die Pk oor die geldigheid van die versoeke oordeel en handel in die lig daarvan. Die Pk lê besondere begrip en meelewing met sulke versoeke aan die dag, maar gemeentes moet ook begryp dat waar ’n gemeente sy deel van die finansiële las aan die amptelike blad verbonde nie dra nie, ander gemeentes in die kerkverband daarvoor moet instaan. Die kerkverband moet ook besef dat die vermeerdering van sulke versoeke die Pk, wat reeds worstel met ’n knellende begroting, voor groterwordende geldelike druk gaan plaas.
Nietemin het gemeentes oor die algemeen eintlik weer gunstig reageer met betrekking tot die betaling van hulle Boodskapper-rekeninge – waaroor ons uiteraard baie dankbaar is.

AANBEVELINGS

8.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle Boodskapper-rekeninge so getrou betaal het. Die Sinode versoek kerkrade weer eens om hulle intekengeld getrou te vereffen.

8.2 Waar ’n kerkraad die Pk kan oortuig dat hy werklik nie die verskuldigde bedrag kan bybring nie, bied die Sinode hom steeds die geleentheid om ’n bydrae na die beste van sy vermoë te maak. In so ’n geval besef kerkrade dan dat ander kerkrade hul intekening verder subsidieer en behoort die kerkraad hom daarvoor te beywer om, sodra dit enigsins moontlik word, ook die volle intekengeld te betaal.

9. DANKWOORD

AANBEVELINGS

9.1 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Redaksie en die Kernredaksie vir die werk wat gedoen is.

9.2 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor ds. JB Trollip, ds. PB Müller, mev. JP van Lille en die medewerkers vir die kundige versorging van die jeugblaaie.

9.3 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Redaksiesekretaresse en die boekwinkelpersoneel vir hulle onmisbare bydrae tot die versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en die jeugblaaie.

9.4 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaaie: lesers, skrywers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuise binne die AP Kerk ’n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here *DB* en die jeugblaaie ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.

9.5 Die Sinode betuig sy dank teenoor die Redakteur vir die standaard van redaksionele artikels en ander werk aan *Die Boodskapper* asook vir sy bydrae as Redakteur van die webwerf.

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)

Tydperk: September 2004 – April 2007

1. PERSONEEL

(Handelinge, Elfde Sinode, September 2004, bl. 406.)
Ds WJA van Schalkwyk (voorsitter); ds. SA Roets (sr.) (ondervoorsitter); ds. NJ Groenewald; oudl. HJ Hayes (skriba).
Sekundi: Di. LA Wiid, JJ de Bruyn.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het gedurende die verslagtydperk nie fisiese vergaderings gehou nie. Daar is wel van e-poswisseling tussen die lede van die kommissie gebruik gemaak, waardeur die lede hul bydraes kon maak of kommentaar kon lewer, en die verslag in sy huidige formaat is deur die lede goedgekeur vir voorlegging aan die Sinode. Kyk ook die opmerking onder punt 7 betreffende die begroting.

3. SINODE OPDRAGTE 2004

3.1 Oortreding van die Gebooie *(Handelinge 2004, bl. 341)*

Die Sinode dra dit aan die KKCE op om:

'n studie te maak van die oortreding van die Gebooie deur die vermaaklikheidsmedia, en van die subtiele en minder subtiele wyse waarop kykers/ luisteraars/ lesers gekondisioneer word om self die gebooie te oortree;

na gelang die studie vorder, periodiek wyses by die SKK aan te beveel waarop die euwels bestry kan word, moontlik ook deur openbare verklarings deur die SKK.

Ydellike gebruik van die Naam van die Here
Om, wat die ydellike gebruik van God se Naam betref, met spesiale verwysing na die gebruik van "Oh my God", "God damn" en "Jesus Christ", dit ook as vloekwoorde by die wat uitgedoof kan word, te voeg op korttermyn. Beraadslaging met ds. Jannie Pelser van Krugersdorp, wat al baie ploegwerk in die verband gedoen het, moet nie uitgesluit word nie.

3.1.1 Die kommissie antwoord soos volg:

Hierdie aanbevelings/verklarings ter bestryding van die euwels het by die ter perse gaan van die Sakelys van die Sinode nog nie verskyn nie. Die groot hoeveelheid bladsye wat hierdie verslag beslaan kan 'n aanduiding wees wat die rede daaragter is. Die kommissie sal egter poog om na die afhandeling van sy verslag aan die Sinode hierdie aanbevelings aan die SKK voor te berei.

Die kommissie het by verskeie geleenthede met ds. Jannie Pelser van die NG Kerk geskakel oor hierdie saak. Na aanleiding van sy inisiatief het die Film- en Publikasieraad besluit om die B-simbool op films aan te bring waarin die Naam van die Here gelaster word. Dit is 'n groot deurbraak in hierdie saak, want dit gee nou aan die kyker die geleentheid om voordat hy/sy 'n film gaan kyk te weet of daarin gelaster word. Hier is natuurlik ook die verpligting van elke filmkyker om by die Uitsaai-owerheid te kla indien daar gevoel word dat 'n bepaalde film wel die B-simbool verdien.

Die volgende stap is om nou te onderhandel sodat die plaaslike TV-kanale (SABC, M-net en E-TV) ook hierdie teken sal aanbring om sodoende die kykers te waarsku. Kanale soos M-net moet versoek word om die kyker die opsie te gee om, net soos met vloekwoorde, ook die gebruik van die Naam van die Here uit te sny.

Die onderhandelinge met bogenoemde instansies kon nog nie begin nie, omdat daar nog nie 'n film verskyn het waarop die B-simbool aangebring is nie. Sodra dit gebeur dra so 'n versoek baie meer gewig en is daar bewyse dat die Film- en Publikasieraad hierdie saak prakties deurvoer. Om hierdie rede het die KKCE ook nog nie amptelik ten opsigte van hierdie saak opgetree nie.

AANBEVELINGS

3.1.1.1 Die Sinode neem kennis van die kommissie se optrede.

3.1.1.2 Die Sinode versoek die SKK om, sodra die B-simbool aan films toegeken word, 'n amptelike skrywe aan al die plaaslike uitsaaiers te rig waarin hulle versoek word om hierdie simbool ook by hulle uitsendings aan te bring.

3.1.1.3 Die Sinode versoek die KKCE om, op gepaste tyd, 'n artikel in *Die Boodskapper* te plaas waarin die volgende sake gemeld word:

a. Lidmate word oor die betekenis van die B-simbool ingelig.
b. Lidmate word aangemoedig om skrywes aan die Uitsaai-owerheid te rig indien hulle van mening is dat 'n B-simbool aan 'n bepaalde film toegeken moes word.

c. Lidmate word versoek om skrywes te rig aan die plaaslike uitsaaistasies waarin gevra word dat die B-simbool ook sal verskyn tydens beeldsending van programme en films op TV. Veral M-net moet gevra word om die Naam van die Here te voeg by die lys van woorde wat deur die kykers uitgesny kan word.

3.2 Oorkoms van lidmate na AP Kerk *(Handelinge 2004, bl. 410)*

Die Sinode besluit om lidmate van ander erkende kerke voortaan nie meer met bewys van lidmaatskap op te neem alvorens daar nie eers 'n in diepte gesprek oor die volgende sake met hulle gevoer is nie:

Die gereformeerde Skrifbeskouing
1. Die drie besondere belydenisskrifte
2. Die basiese beginsels van gereformeerdheid
3. Albei sakramente (grootdoop en kindernagmaal) – dis tog deel van die Woordbediening
4. Die uitverkiesing
5. Die verbond (uitverkiesing is voor verbond)
6. Die Christelike Sondagviering
7. Die Chiliasme
8. Die basiese verskille tussen die Charismatiese godsdiensgroepe en die AP Kerke
9. Die vrou in die amp
10. Die Israelhipotese, of Israel-legende alias Israelvisie

Die Sinode besluit voorts dat die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek 'n uitgebreide stuk moet opstel om aan ouderlingrade leiding te gee ten opsigte van hierdie gesprek. Elkeen van hierdie sake moet in 'n neutedop saamgevat word en ook van moontlike gespreksvrae voorsien word. Sodanige handleiding kan in die tussentyd gebruik word en by die volgende Sinode gefinaliseer word.

3.2.1 Toelatingsgesprek met lidmate van ander Gereformeerde kerke

Die vorige Sinode het opdrag gegee om 'n handleiding vir 'n toelatingsgesprek op te stel waardeur voornemende lidmate presies kan verneem wat die leer van die AP Kerke is. Die beskrywingspunt het gevra dat daar oor al hierdie punte met voornemende lidmate gehandel sal word. Die Ring van Middelburg het versoek dat ook die belydenis van Belhar, homoseksualisme, positiewe vereistes van lidmaatskap, die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling en die volkseie karakter van die AP kerkverband hier bygewerk sal word.

Die kommissie het geoordeel dat 'n minimum van 1000 woorde per onderwerp nodig is om elke saak tot sy reg te laat kom. Dit het veroorsaak dat hierdie stuk baie lywig geword het. Om die rede het die kommissie geoordeel dat dit die saak die beste sou dien as hierdie baie belangrike inligting in 'n publikasie opgeneem word (die Ring van Middelburg se beskrywingspunt het ook so gevra).

Die noodsaak van hierdie saak moet nie onderskat word nie. Mense ken nie meer die suiwer leer van die Skrif nie en verstaan nie meer wat gereformeerd beteken nie. Lidmate word tot ons kerkverband toegelaat wat nie die etos van die AP Kerke van harte onderskryf nie. Uit die motivering van die Ring van Middelburg kan die erns vir en die kommer oor hierdie saak duidelik gesien word.

In hierdie stadium kan ouderlingrade waarskynlik slegs **'n grondige ondervraging** van 'n voornemende lidmaat as voldoende beskou met die oog op toelating tot die gemeente, maar maatstawwe verskil sekerlik van gemeente tot gemeente. Veranderende omstandighede mag dit in die toekoms noodsaak dat 'n voornemende lidmaat **liewer, na behoorlike "kategese"** in die betrokke AP Kerk, en veral dan met betrekking tot bogenoemde kontroversiële sake, opnuut **openbare geloofsbelydenis** moet aflê.

Eenvormige beginsel en praktyk dwarsdeur ons kerkverband kan alle gemeentes seker net ten goede kom?

3.2.2 Die kommissie antwoord soos volg:

Die kommissie stem saam met die Ring van Middelburg dat eenvormige praktyk wat die toelating van lidmate tot die AP kerkverband betref, noodsaaklik is. Daarom is die implementering van hierdie toelatingsgesprek, deur elke ouderlingraad, van kardinale belang. Dit gaan hier om die bewaring van die suiwer Bybelse leer midde in 'n veranderende wêreld.

Die kommissie spreek sy dank uit teenoor die volgende persone wat sekere van die temas op skrif gestel het: Dr. Smith – Belydenis van Belhar, prof. Robbertze –Israelhipotese, prof. Marè – Vrou in die amp; Die Verbond; Doop.

TOELATINGSGESPREK AAN DIE VOORNEMENDE LIDMAAT

Geagte Broeder/Suster

Die Ouderlingraad van die AP Kerk .....…
het kennis geneem van u begeerte om lidmaat van ons gemeente te word. Ons is dankbaar dat u tot hierdie besluit gekom het en sal u graag in ons gemeente wil opneem. Voordat ons egter daartoe kan oorgaan om u as lidmaat op te neem, is daar enkele sake wat die ouderlingraad graag onder u aandag wil bring, sodat u presies op hoogte kan wees van wat die AP Kerke glo en leer.

In die AP kerkverband streef ons daarna om so getrou as moontlik die Bybelse leer na te volg. Ons

standpunt ten opsigte van elke saak in die Bybel kan onmoontlik nie in hierdie dokument vervat word nie, daarom het ons hoofsaaklik gefokus op sake waaroor daar verskille tussen kerke bestaan. Ons glo dat elke voornemende lidmaat moet weet wat die belydenisgrondslag van die AP Kerke is, sodat daar nie onderlinge verskil in leer bestaan nie.

Die standpunte wat in hierdie dokument vervat is, is soos wat ons die Bybel verstaan. Dit is kernpunte van die gereformeerde leer waaraan ons onwrikbaar vashou. Daarom sal u verstaan dat omdat ons 'n gereformeerde kerk (gemeente) is, ons hierdie sake ook as beslissend vir lidmaatskap beskou. As u dus die aansoekvorm onderteken, beskou ons dit ook as u ondertekening van wat in hierdie dokument vervat is. U ondertekening van die aansoekvorm hou dus in dat u vertroud is met die leer van die AP Kerke en u verklaar dat dit u persoonlike geloofsoortuiging is.

Die ouderlingraad sal graag met u in gesprek wil tree ten opsigte van enige saak wat vir u onduidelik mag wees en versoek dat u erns sal maak met die deurwerk van hierdie dokument.

Ons wil u graag by voorbaat verwelkom in die midde van ons gemeente en sien uit na u aktiewe meelewing in die gemeente van die Here.

EK MOET 'n LEWENDE LIDMAAT WEES

Wanneer ek aansoek doen om lidmaatskap van 'n bepaalde gemeente moet ek besef dat daarmee saam ook bepaalde verantwoordelikhede kom. Die gemeente van die Here is nie maar net 'n klub waar ek kan aansluit en betrokke kan wees as ek daarvoor tyd of lus het nie. Die gemeente van die Here is 'n besondere openbaring van sy liggaam en elke lidmaat is deel van daardie liggaam (1 Kor. 12:12-31). Juis daarom is die betrokkenheid van elke lidmaat nodig om toe te sien dat die liggaam goed en reg funksioneer.

Om hierdie rede herinner die ouderlingraad u graag aan u belofte wat u voor die Here gemaak het toe u belydenis van geloof afgelê het, en ons versoek u om weer ernstig hieroor te besin voordat u lidmaatskap in ons gemeente opneem (hierdie sake kom almal voor in die *Formulier vir die openbare belydenis van geloof*):

• *Ja, Here, ek getuig dat die leer van die kerk waarvan ek wil lidmaat word met die Bybel ooreenstem.*
Met hierdie belofte het u erken dat u die leer van die kerk, soos saamgevat in die Besondere Belydenisskrifte, aanvaar het as u persoonlike geloofsoortuiging. Daarom mag u geen van die dwaalleringe wat in hierdie dokument hanteer word, onderskryf nie. Daarom mag u ook niks in stryd met hierdie leer glo of leer nie (openlik of in die geheim).

• *Ja, Here, ek belowe om U lief te hê met my hele hart en volgens u Woord te lewe.*
U liefde vir die Here is juis wat u meelewing in die gemeente sal aktiveer. Wie die Here nie liefhet nie, gee nie om vir sy liggaam nie. Maar hy/sy in wie se hart die liefde vir die Here brand, dien Hom ook in sy gemeente. En dan nie net diens uiterlik met hande verrig nie, maar ook innerlike diens in gehoorsaamheid.

• *Ja, Here, ek belowe om getrou die eredienste by te woon.*
Ook dié belofte is aan die Here gemaak en daarom kan dit eenvoudig nie aanvaarbaar wees as u net een of twee Sondae per maand in die kerk kom nie. Die Here het elke Sondag 'n afspraak met u en daarom is dit gepas en goeie maniere om hierdie afspraak getrou na te kom. Wat meer is, ons moet die voorbeeld van die Here Jesus navolg en Hy was elke rusdag in die sinagoge, *soos dit sy gewoonte was* (Lk. 4:16). Verder mag ons nie die onderlinge byeenkomste versuim soos sommige die gewoonte het nie (Hebr. 10:24, 25). Die ouderlingraad is verplig om ook met heilige erns oor u kerkbywoning te waak.

• *Ja, Here, ek belowe om getrou die sakramente te gebruik.*
As sigbare tekens van God se verlossingswerk deur sy Seun, is die gebruik van die sakramente net so belangrik as getroue kerkbywoning. Dit is 'n opdrag van die Here om die sakramente te gebruik en daarom versoek die ouderlingraad u om u beplanning van verlof, ensovoorts rondom die datums van die *nagmaal* te reël. Ook wat die *doop* betref, versoek die ouderlingraad u om so gou as moontlik na die geboorte van u verbondskind toe te sien dat die verbondsteken bedien word.

• *Ja, Here, ek beloof om aktief mee te leef in die kerk se werksaamhede.*
Lidmaatskap beteken verantwoordelikheid en verantwoordelikheid beteken arbeid vir die Here en sy gemeente. Dit is juis in u meelewing in die gemeente dat u liefde vir die Here sigbaar sal wees. Daarom versoek die ouderlingraad u om aktief mee te werk aan die opbou van hierdie gemeente deur betrokke te wees by al die aktiwiteite.

• *Ja, Here, ek beloof om my te onderwerp aan die opsig en tug van die ouderlingraad.*
As opsieners en herders van die gemeente wat moet toesien dat elke lidmaat die Here met sy/haar lewe verheerlik, het die ouderlingraad die opdrag van die Here ontvang om te waak oor die Here se kudde (1 Petr. 5:2); om die onordelikes te vermaan (1 Thes. 5:14); en self die hemeldeure te sluit vir die hardnekkiges (Mt. 18:15-18).

Met hierdie belofte het u u onderwerp aan die ouderlingraad se toesig en moet u, as ons u vermaan, gehoorsaam buig voor die Woord van die Here. Dit sou 'n verbreking van hierdie belofte wees as u moedswillig in u sonde volhard en, wanneer u daaroor aangespreek word, die kerk verlaat.

As u daaraan dink dat hierdie beloftes aan die Here gemaak is, moet u besef dat dit nie sommer ligtelik opgeneem kan word nie. Ons kan nie vir die Here "ja" sê en dan "nee" lewe nie.

'n Laaste saak wat die ouderlingraad graag onder u aandag wil bring, is u verantwoordelikheid ten opsigte van u maandelikse dankoffer. As bewys van u dankbaarheid vir al die wonderlike genade wat u van die Here ontvang, vra Hy 'n deel van u inkomste terug om te verseker dat sy gemeente kan voortbestaan. Hy gee aan ons so oneindig baie, daarom moet u uself voor die Here verantwoord oor watter bedrag per maand 'n ware weerspieëling van u dankbaarheid sal wees.

WAAROM DIE AP KERKE?

Wanneer u lidmaat van 'n plaaslike AP Kerk wil word, mag dit nie gaan om wêreldse oorweginge nie. As iemand byvoorbeeld wil lidmaat word bloot omdat hier nie lidmate van ander volke is nie, bly dit 'n ope vraag of so 'n persoon werklik die beginsels van kerkwees verstaan.

Die AP Kerke is gereformeerde kerke (dit is: Bybelgetroue kerke) en binne die gereformeerde kerkefamilie is dit 'n beginsel dat jy jou moet voeg by dié kerkverband wat jy glo die suiwerste kerkverband is (NGb Art. 28). Dit beteken dat jy lidmaat moet wees by dié kerk waar jy glo die Here die Skrifgetrouste gedien word.

Reeds met die Hervorming is hierdie beginsel raakgesien en is daar onderskei tussen die *ware* en die *valse* kerk. In die Nederlandse Geloofsbelydenis word dit duidelik uitgespel: Die drie merktekens van die ware kerk is die *suiwere verkondiging van die Woord*, die *suiwere bediening van die sakramente* – soos Christus dit ingestel het, en die *handhawing van die kerklike tug* (Art. 29). 'n Kerk wat nie hierdie merktekens vertoon nie, is nie meer suiwer kerk nie, of moontlik selfs 'n valse kerk.

Suiwere verkondiging van die Woord

Een van die eerste tekens waar 'n mens kan sien dat 'n kerk die suiwere pad verlaat, is as die Woordverkondiging nie meer suiwer is nie. Wanneer 'n kerk deur die Woordverkondiging en die kerkleer afwyk van wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, kan hy nie meer regtig aanspraak daarop maak dat hy 'n gereformeerde kerk is nie.

In die AP Kerke is dit vir ons 'n saak van groot erns om so Skrifgetrou as wat moontlik is te wees in ons prediking, ons kerkleer, by die neem van besluite, ensovoorts. Juis daarom onderskryf ons die Drie Formuliere van Eenheid en verwerp alle leringe wat daarmee in stryd is. Juis daarom verwerp ons die sogenaamde "Nuwe Reformasie" en verklaar dat dit niks anders is as 'n deformasie van die Skrifwaarhede nie en 'n subtiele poging om die gesag van die Skrif te ondergrawe. Juis daarom verwerp ons enige vorme van *leervryheid* en verwag dat elke predikant en ouderling en lidmaat hulself gebonde sal ag deur Skrif en belydenis. In leervryheid lê die dood van die suiwer kerk.

Die rede waarom die Skrif suiwer en in al sy konsekwensies verkondig moet word, is omdat die bediening van die Woord een van die sleutels van die hemelryk is (HK So. 31). Daarom bedien die bedienaar van die Woord die gesag van God. Hy spreek God se Woord en bedien sy gesag. Deur die suiwere prediking word die hemelryk deur God self vir die regverdiges oopgesluit en vir die moedswilliges en ongehoorsames toegesluit. Daarom moet die ouderlinge waak oor die verkondiging van die Woord sodat daar nie deur dwaalleer voorgegee word dat die lidmaat wat in sonde volhard, kan deel aan God se Ryk nie.

Deur die suiwere verkondiging van die Woord word die gelowige, wat maar steeds sondaarmens is, voor die regterstoel van God geplaas en word hy/sy opgeroep tot daaglikse berou en bekering. So dien die prediking een van sy doelstellings.

Suiwere bediening van die Sakramente

Die vereiste wat die Skrif aan die bediening van die sakramente stel, is dat dit bedien moet word *soos Christus dit ingestel het*. Enige ander bykomstighede mag nie geduld word nie.

Sakramente verkondig die werk van Christus. Ons leer in die Bybel net van twee sakramente, nl. die doop en die nagmaal. Wat egter belangrik is, is dat die Bybelse instelling van hierdie twee sakramente gehandhaaf moet word. Daarom doop ons in die AP Kerke net met water, want die Here Jesus is so gedoop, en erken ons geen ander vorm van doop wat deur die mens uitgedink is nie. Verder *moet* die doop in die Naam van die Drie-enige God geskied en moet die kerk wat die doop bedien, die Drie-eenheid bely. By die nagmaal word slegs brood en wyn (en rooi druiwesap vir die wat alkoholprobleme het) gebruik, want die Here het die nagmaal so ingestel. Enige poging om meer sakramente in te voer of om die sakramente te wysig of om ander kerklike handelinge sakramentele status te gee, is tekenend van 'n kerk wat die gereformeerde (Bybelse) pad verlaat.

Wat ook belangrik is om te onthou, is dat die sakramente nie suiwer bedien kan word as die Woordverkondiging nie suiwer is en as die ouderlinge nie suiwer toesig hou en waak oor die heiligheid van die sakramente nie.

Handhawing van die Kerklike Tug

Die handhawing van die kerklike tug is seker die een merkteken wat in die moderne eeu verwaarloos

word. Die humanistiese geroep om mekaar in liefde te verdra en mekaar se verskille te aanvaar, het ook tragies oorgespoel na die kerke van die Here.

Wanneer ’n kerk openlik die sonde in sy midde verdra en die ouderlinge die sondaar nie aanspreek en vermaan om terug te keer na die weg van gehoorsaamheid nie, versaak daardie kerk sy roeping.

Tug het in hierdie bandelose eeu waarin ons leef onmisbaar geword. Wanneer die Woord en sakramente suiwer bedien word, maar geen tug in die gemeente toegepas word nie, kan daar nie sprake wees van ’n suiwer kerk nie.

Omdat tug ’n liefdesaksie is waarin die bandelose sondaar weer teruggebring moet word na die gemeenskap met die Here, is ’n kerk waarin geen tug bestaan nie, ’n kerk waarin die liefde van die Here nog nie tot volle ontplooiing gekom het nie.

DIE GEREFORMEERDE BELYDENISSKRIFTE

Wat is Belydenisskrifte?

’n Belydenisskrif is ’n kort, kernagtige samevatting van wat in die Bybel geleer word. Die Bybel is nie ’n handboek wat die een na die ander tema sistematies uiteensit nie. As jy wil weet wat die Bybel leer oor God, die skepping, die uitverkiesing, ensovoorts, kan jy nie die Bybel oopmaak by die hoofstuk oor “God” en dan word daar presies uiteengesit wie en wat God is nie. Nee, die Bybel is ’n boek waarin God Homself en sy wil deur die loop van sy handelinge in die geskiedenis aan ons openbaar. Belydenisskrifte is egter anders. ’n Belydenisskrif wil dieselfde sê as die Bybel, maar vat die openbaring deur God (wat oor die hele Bybel versprei is), op ’n gesistematiseerde wyse saam. So is ’n belydenisskrif ’n samevatting van wat ons as gelowiges oor verskillende Skrifwaarhede glo.

Hoe het Belydenisskrifte ontstaan?

’n Belydenisskrif is nie maar ’n dokument wat agter ’n lessenaar uitgedink is nie. Belydenisskrifte word in *stryd* gebore. Al drie die besondere of gereformeerde belydenisskrifte is gebore in die tyd van die Hervorming en daarna. Tydens die ontstaan van elke belydenisskrif was daar stryd in die kerk. Die Rooms-Katolieke Kerk het nie meer die suiwere Bybelse leer verkondig nie en het in allerhande on-Bybelse praktyke verval. Verskeie persone het hierteen in opstand gekom. Luther was die eerste wat openlik sy verskille met die kerk bekend gemaak het toe hy sy 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het. Meer en meer godgeleerdes het hulle stem laat hoor en mense se oë het oopgegaan vir die dwalinge van die Rooms-Katolieke Kerk. Dit het daartoe gelei dat dié kerk met bloedige vervolginge begin het.

In hierdie tyd is die eerste twee belydenisskrifte gebore. In 1561 het Guido de Brès die Nederlandse Geloofsbelydenis voltooi en in 1563 het Ursinus en Olevianus die Heidelbergse Kategismus die lig laat sien. Die verskyning van hierdie geskrifte het hernude bloedige vervolging vir die gereformeerdes teweeggebring. De Brès is byvoorbeeld in 1567 gevang en opgehang.

Die Dordtse Leerreëls het sowat 50 jaar later (1618-1619) ontstaan. In daardie stadium was daar dwaalleraars binne die kerk wat die koning oortuig het dat God nie sekere mense uitgekies het om salig te word nie, dat dit van ’n mens se vrye wil afhang of hy gered gaan word, dat God se genade weerstaan kan word, ensovoorts. Hulle het ook ’n petisie (remonstransie) teen die gereformeerdes opgetrek en by die koning ingedien waarin hierdie dwaalleringe bepleit is. Dit het daartoe gelei dat die gereformeerde predikante deur die koning verbied is om die leer van die uitverkiesing te preek. Die staat het dus aan die kerk voorgeskryf wat hulle moes glo en wat nie. Uit hierdie stryd is die Dordtse Leerreëls gebore. Hierdie Bybelgetroue belydenisskrif is tydens die Sinode van die Gereformeerde Kerke van die Verenigde Nederlande, wat ongeveer ses maande geduur het, opgestel.

Wie werklik die geskiedenis van die belydenisskrifte gaan nalees, sal saamstem: Die belydenisskrifte is geskryf in die bloed van die gereformeerdes.

Waarom het ons belydenisskrifte nodig?

- *Sodat die gelowiges presies kan weet wat hulle glo.*

Die Bybel is ’n baie omvattende boek. As jy die belydenisskrifte lees, weet jy presies wat die Bybel oor bepaalde sake leer. Dit sê hoe ons as gereformeerdes die Bybel verstaan. As jy dus wil weet of jy die Bybel reg verstaan oor ’n sekere saak, kan jy die belydenisskrifte lees en jou standpunt daaraan toets.

- *Dit vorm ’n eenheid tussen die Gereformeerde kerke en tussen die gelowiges*.

Tussen die gereformeerde kerke en ook binne ons eie kerkverband mag daar nie verskil van leer wees nie. Elkeen kan nie maar sommer leer wat hy wil nie en daarom dien die belydenisskrifte die doel dat elke lidmaat en elke gemeente daardeur kan vashou aan die suiwer leer.

- *Belydenisskrifte is ’n wapen teen dwaalleraars.*

Wie sy/haar belydenisskrifte ken, ken tegelyk ook die leer van die Bybel en hoef daarom nie bang te wees vir al die dwaalleraars van hierdie eeu nie. Kennis van die belydenisskrifte bied ’n goeie wapen teen al die vreemde en nuwe leringe wat mense vandag uit die Bybel probeer haal.

- *Deur die belydenisskrifte word die suiwer leer aan die nageslag oorgedra*.

Soos reeds verduidelik is, is die belydenisskrifte te midde van stryd gebore. Sommige van die leerstukke is oor jare heen uitgeworstel. As dit nie op skrif

gestel was nie, sou die kerk telkens weer dieselfde worstelinge moes deurmaak om die waarheid van die Skrif vas te stel. Elke nuwe geslag kan ook nie anders glo as die vorige een nie – dit sal tog verwarring en later ongeloof in die hand werk. Deur middel van belydenisskrifte word die suiwer leer van geslag tot geslag oorgedra en juis dit bied die standvastigheid vir die nuwe geslag. Ons belydenisskrifte bestaan al vir honderde jare en nog nooit kon bewys word dat dit in stryd met die Skrif is nie.

Die gesag van die belydenisskrifte
Belydenisskrifte is nie op dieselfde vlak as die Bybel nie. Dit is nie deur God geïnspireer soos die Bybel nie. Dit het ook nie Goddelike gesag nie. Maar dit maak dit nie onbelangrik nie. Belydenisskrifte is wel deur mense opgestel en het daarom *kerklike gesag*, maar ons glo dat die Here hierdie mense gebruik het om die leer van die Bybel vir die kerk suiwer saam te vat.

Ons belydenisskrifte het geen gesag vanuit hulself nie, maar ontvang hulle gesag van die Woord, juis omdat dit met die Woord ooreenstem. Daarom is die belydenisskrifte bindend en moet u die inhoud daarvan kan onderskryf as u 'n lidmaat van ons gemeente wil word.

GEREFORMEERDE BEGINSELS

Wat word met 'gereformeerd' bedoel?
Beskrywing
Gereformeerd word soos volg beskryf[29]:
"Hervorm volgens die beginsels van die kerkhervorming van die 16de eeu; Protestants, volgens die Calvinistiese beginsels."

Die betekenis van 'hervorm'
Hervorm beteken o.m. (i) om van dwalinge en gebreke te suiwer; (ii) geestelike bekering of innerlike herskepping.

Hervorming
Van die *Hervorming* word spesifiek verklaar dat dit (i) "ten doel gehad het die bestryding van die dwalinge en wanpraktyke van die toenmalige Roomse Kerk", en (ii) "die oorsprong van die Protestantisme was". Die begrip 'hervorm' of 'reformeer' hou dan veral met die kerk, as gemeenskap van die gelowiges, verband.

Reformasie van die 16de eeu
Die groot kerklik-godsdienstige herlewing in Europa, is deur Luther in Duitsland begin (1517), met sy 95 stellinge teen die slotkerkdeur van Wittenberg. Dit bring 'n keerpunt in die bestaan van die Christelike kerk, waardeur 'n kerkbeskouing wat nie langer in die Rooms-Katolisisme wou opgaan nie, gevestig is.

[29] Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, 1994.

Wat is die besondere betekenis van die Reformasie?

Die Woord in die sentrum van kerkwees en alle lewensverbande
Die gereformeerde beskouing huldig die Heilige Skrif as die enigste en absolute Kenbron vir die Christelike geloofsleer. Die reformasie het na die waarheid van die Godsopenbaring teruggegryp, en die Woord weer in die sentrum van ware kerkwees teruggeplaas. Die gereformeerde uitgangspunt is dat hierdie openbaring onontbeerlik is vir 'n regte begrip van kerkwees in die wêreld. Daarsonder sal die kerk noodwendig op 'n dwaalpad wees, aan menslike insettinge uitgelewer. Ware kennis van God Drie-enig en van sy werke, van sy heilige plan en wil vir die wêreld, en die mens se posisie in die skepping, word nêrens anders nie as in die Skrif gevind. Vir die Christelike geloofsoortuiging is die Here Jesus se verlossingswerk ten behoewe van die skepping, en sy koning- en middelaarskap ten aansien van die ganse lewe van universele betekenis. 'n Herstelde verhouding met God die Vader in en deur die gemeenskap met die Heilige Gees kom daardeur tot stand. In hierdie herskepping kom die geestelike inhoud van troosvolle leerstukke soos o.m. die uitverkiesing, die genadeverbond e.a. in perspektief. Die bevrydende krag van die Evangelie vind hierin opnuut weerklank, volgens die strekking van bv. Matthéüs 28:18-20. Gereformeerd is in wese dus Skrifgefundeerd. Inderdaad het dit grondige betekenis vir die Christelike lewe: die kerk en elke ander lewensverband is aan die gesag van die Skrif onderworpe.

Geestelike erfenis van ewigheidswaarde
Die reformasie lei nie slegs tot 'n breuk met die Roomse Katolieke Kerk nie. Die onmeetlik-ryke geestelike erfenis wat vir die gang en ontwikkeling van die Christelike kerk oor reeds meer as vier eeue heen van prinsipiële betekenis is, word vervolgens oopgesluit. Die twee kerklike strominge staan as't ware teenoor mekaar: terwyl Rooms Katolisisme geestelike verarming bewerk, ontsluit Protestantisme die lewensnoodsaaklike Woordkennis, die ware weg tot geestelike heil en saligheid vir die mensdom. Byvoorbeeld: Die leer oor die verlossing in die Roomse Kerk van daardie tyd ontaard in die afkoop van sondeskuld by wyse van 'n geldelike bydrae, teenoor die Bybelse verlossing in Jesus Christus uit genade.

Protestants
Die begrip 'Protestants', spruit uit die reformasie en hou o.m. met die Calvinistiese lewensoortuiging verband. Hiermee verklaar die kerk(e) van gereformeerde belydenis dat hulle teen kerklike en wêreldse strominge en verskynsels wat met die Bybelse waarhede in stryd is, in verset is; dat ook teen strominge in die kerk self wat daardie waarhede loënstraf, en met 'n ander leer wil vervang, protes-

teer word. Met die benaming "Afrikaanse Protestantse Kerk" wil ons ons in werklikheid met so 'n gesindheid van: bevry van die dwaling en die leuen, ware en suiwere kerk van Jesus Christus te wees, vereenselwig.

'n Protestantse kerk is dus 'n Christelike kerk wat as gevolg van die reformasie ontstaan het en derhalwe gereformeerd van inslag is. Daarom die grondige onderskeid met bv. die pentakostalistiese kerke.

Calvinistiese beginsels?
Die Hervormer, Calvyn (1509-1564) van Genève, Switserland, het hom op die opstel van 'n Bybelgetroue weergawe van die Christelike geloofsleer toegelê. Sy *Institusie van die Christelike Godsdiens 1536* (oorspronklik in Frans), word allerweë as die mees gesaghebbende en omvattende gereken. 'n Verwysing na die Calvinistiese beginsels is dus niks anders nie as Bybelse beginsels wat deur Calvyn uitgewerk is.

Calvinisme
Die nalatenskap van Calvyn en ander Hervormers het sedertdien wyd en diep oor die wêreld heen versprei. Die gevolg is 'n geloofs- en werklikheidsoortuiging wat vandag as die 'Calvinisme' bekend staan. Dit het niks met 'n sg. humanistiese verering van Calvyn te doen nie, maar wel 'n Bybelse lewensinstelling wat met die gereformeerde geloofsleer, soos deur hom uitgewerk, dit hartlik eens is. Heel tereg word Christene wat hulle aan hierdie Bybelse interpretasie gebonde ag, Calviniste genoem.

Basiese beginsels van gereformeerdheid
Soli Deo gloria
Dit behels 'n belydenis van die almag en grootheid van God Drie-enig en dat alle eerbetoon en lofbetuiging Hom alleen waardig is.

Sola Scriptura
Enkel in die Woord word die besondere openbaring i.v.m. God Drie-enig aangetref, waaruit 'n saligmakende geloof, en 'n erkenning van die absolute gesag daarvan oor die totaliteit van ons lewens, voortspruit.

Solus Christos
Ons enigste redding en saligheid is in Jesus Christus en niemand anders nie.

Sola gratia
Dit is alleen uit genade dat ons gered word en nie op grond van enige verdienste nie.

Sola fides
Slegs deur geloof word aan ons die weldade in Jesus Christus, wat tot ons saligheid dien, toegereken, en nie bv. deur goeie werke nie.

Waar vind ons die gereformeerde leer en belydenis?
In die:
Algemene belydenisskrifte (4de eeu n.C.): *Die Apostoliese Geloofsbelydenis of die Twaalf Artikels, die Geloofsbelydenis van Nicéa en die Geloofsbelydenis van Athanasius.*
Besondere belydenisskrifte: *Die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561) die Heidelbergse Kategismus (1563) en die Dordtse Leerreëls (1618-1619).*

GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUING

Belydenis en geloofsleer
Waarop grond die AP kerkverband haar belydenis en geloofsleer?
Geheel en al op die Heilige Skrif, soos deur die belydenisskrifte verklaar.

Wat glo en bely die AP kerkverband betreffende die Heilige Skrif?
Art. 7 van die NGb: *Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word.*

Algemene en besondere openbaring
Volgens die gereformeerde Skrifbeskouing openbaar God Homself op twee maniere aan ons, nl. in die natuur (algemene openbaring) en in die Skriftuur (besondere openbaring). Die mens leer God dus in die natuur ken, maar hierdie openbaring is nie genoeg om hom tot geloof in God te bring nie, daarvoor is die Woord van God nodig. Art. 2 van die NGb stel dit duidelik: *Ten tweede maak Hy Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en Goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort.*

Gesag en onfeilbaarheid van die Skrif
Op grond waarvan aanvaar die AP kerkverband die Heilige Skrif as die Woord van God?
Volgens Art. 3 van die NGb, *Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Gees gedrywe, het dit gespreek, soos die heilige Petrus sê. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het self met sy vinger die twee tafels van die Wet geskrywe. Om dié rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike geskrifte.* (Vgl. 2 Tim. 3:16 en 2 Petr. 1:21.)

Hoe het die Heilige Skrif dan tot stand gekom?
Deur die 'inspirasie' van die Skrif, waaronder verstaan word: onder Goddelike beskikking, deur die inwerking van die Heilige Gees. God self het gespreek, en mense gebruik om sy Woord te laat opteken.

Watter gesag word aan die Heilige Skrif toegeken?
Goddelike gesag, aangesien dit die Woord van God is. Daarmee word bedoel dat geen groter gesag nie as dié van die Skrif aanvaar word, om te weet wát en in Wié geglo moet word, en hoe die kerk ingerig moet word na die eis van gehoorsaamheid.

Wat word onder die onfeilbaarheid van die Heilige Skrif verstaan?
In sy geheel en in al sy dele is die Skrif betroubaar en gesagvol, waar en geldend vir alle tye en omstandighede. Daarom word 'n kontekstuele inleg tot die Woord, as sou dit slegs binne sy kultuur-historiese konteks van krag wees, verwerp.

Wat word derhalwe deur die AP kerkverband as die Woord van God aanvaar?
Volgens Art. 4 van die NGb bely ons: *Ons vat die Heilige Skrif saam in twee boeke, dié van die Ou en dié van die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waar niks teen gesê kan word nie. Hul getal in die kerk van God is as volg*:… Hierop volg die name van die 39 boeke van die Ou Testament en die 27 boeke van die Nuwe Testament van die Bybel, wat oor al die eeue heen deur die kerke van gereformeerde belydenis gehandhaaf word.

Eienskappe van die heilige Skrif
Gesagvol
Die Heilige Skrif bevat God se volkome openbaring, waaruit ons sy volmaakte wil vir ons lewens leer ken. Die Skrif beskik dus oor Goddelike gesag, terwyl die belydenisskrifte oor slegs kerklike gesag beskik.

Noodsaaklik
Die Heilige Skrif maak o.m. aan ons die weg tot saligheid in en deur Jesus Christus bekend, waarsonder geen mens gered kan word, en die ewige lewe ontvang nie, en is daarom noodsaaklik vir ons redding.

Duidelik
Omdat dit God se Woord is, is dit duidelik, al verstaan ons nie alles daarin nie. Vir 'n beter verstaan daarvan moet die Heilige Gees ons verstand verlig, en biddende Skrifstudie en -vergelyking deur ons gedoen en toegepas word.

Genoegsaam
Alles wat nodig is om die saligmakende geloof te kan ontvang, word in die Heilige Skrif geleer, daarom is dit ook genoegsaam, en mag niks daarvan weggeneem of daaraan toegevoeg word, en geen menslike geskrifte aan die Bybel gelykgestel word nie.

Wat word met 'Gereformeerde Skrifverklaring' bedoel?
Openbaringshistoriese Skrifverklaring
Na aanleiding van dit wat aangaande die Woord bely word, en hoedat die Skrif sy beslag gekry het, word 'n openbaringshistoriese verklaring gehuldig. Hiermee word bedoel (i) dat die Skrif die openbaring van God Drie-enig aan die mens bevat, en (ii) dat dit in die loop van die geskiedenis op skrif gestel is. Hierdie is die eerste hermeneutiese sleutel vir Skrifverklaring. In mees omvattende sin is dit die Self-openbaring van God; Wie Hy is; sy werke en sy wil; sy Koninkryk, in 'n besondere sin. Binne die ruimte van die verbond, word die mens betrek, dit wil sê ook die heilsopenbaring ten aansien van die in-sonde-gevalle mens. Dit volg 'n groeiende openbaringslyn van Genesis tot Openbaring.

Verhouding met God Drie-enig
Die herstelde verhouding in Christus is nodig vir 'n verklaring van die Skrif, aangesien daardeur verligting van die verstand (vgl. Efésiërs 1:17-18) deur die werking van die Heilige Gees verleen word, om die boodskap daarvan te kan verstaan, selfs al sou nie álles wat geopenbaar is vir ons duidelik wees nie.

Eenheid van die Skrif
Alhoewel die samestellende boeke van die Bybel nie op dieselfde tyd geskryf is nie, bestaan daar nogtans 'n onlosmaaklike verband, wat dit tot 'n eenheid saambind; en, terwyl elke afsonderlike boek 'n eenheid vorm, maak dit terselfdertyd deel van die groter geheel van die kánon uit, sodat Skrifvergelyking toegepas kan word, en eerste dinge groter betekenis verkry in die lig van latere.

Diversiteit in die eenheid
Te midde van die integrerende eenheid is daar beslis ook 'n diversiteit van bv. outeurs, litirêre genres, invalshoeke, ensovoorts, wat in ag geneem moet word.

Grammatikale studie
'n Studie van die sintaktiese, stilistiese en strukturele aspekte van die grammatika van die Bybel is onontbeerlik vir Skrifverklaring.

Sosio-kulturele milieu
Die nagaan van die sosio-kulturele milieu waarbinne die outeur van 'n bybelboek geleef het, bied 'n uitsig op die beter verstaan daarvan.

ONS KERKREGERINGSTELSEL

Daar bestaan verskillende kerkregeringstelsels. Die bekendste is:

1. Volgens die *Independentistiese* stelsel staan alle gemeentes los van mekaar en hulle neem mekaar glad nie in ag nie. Elke gemeente maak soos hy wil en glo wat hy wil.

2. Die *Kongregasionalistiese* stelsel ("congregation") glo die gemeente regeer die kerk. Hulle hou

gemeentevergaderings waar die gemeente self al die besluite neem. Daar bestaan geen ampte by hulle nie.

3. Die *Pouslike* stelsel het een hoof van die kerk, nl. die pous. Hy regeer die kerk en bepaal die leer. Onder hom is daar verskillende biskoppe en priesters wat in die verskillende gemeentes werk. Hierdie is ’n hiërargiese stelsel met die pous heel bo en die lidmate heel onder.

Wat sê die Bybel?
Omdat die AP kerkverband gereformeerde kerke is, glo ons dat die Bybelse beginsels ten opsigte van kerkregering moet geld.

Die Bybel leer Christus is die Hoof van die kerk (Efés. 5:23; Kol. 1:18). Hy regeer sy kerk deur sy Woord en Gees. In sy regering maak die Here egter van ouderlinge gebruik om sy gesag te bedien. Die Bybelse kerkregeringstelsel is dus ’n stelsel waar Christus deur sy Woord en Gees regeer en in die proses van die ouderlinge-amp gebruik maak om sy (Christus se) gesag te bedien. Ons noem dit die *Presbiteriale* kerkregeringstelsel (presbiter – ouderling).

In die Bybel lees ons dat Paulus in opdrag van die Here in elke gemeente ouderlinge aangestel het (Hand. 14:23; Tit. 1:5). Verder lees ons dat die *ouderlinge* die opdrag gekry het om die gemeente na die Woord van die Here te *regeer,* oor hulle *toesig* te hou, die gemeente te *versorg*, vir hulle *voorbidding* te doen en om soos goeie herders die kudde van die Here *op te pas* (1 Tim. 3:1-7; 5:17; Tit. 1:5-11; Hand. 20:28,29; 1 Petr. 5:2,3; Jak. 5:14; Hebr. 13:17).

Volgens 1 Tim. 5:17 is die predikant ook ’n ouderling. Maar hy is ’n besondere ouderling – een wat arbei in Woord en leer. Hy word tot herder van die gemeente geroep en moet hom veral toelê op die Woordverkondiging en die pastoraat.

Volgens die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens, vertel Hand. 6:1-7 van die instelling van die diakenamp. Die diakenamp is nie ’n minderwaardige amp nie. In Filip. 1:1 en 1 Tim. 3:8-13 word hulle saam met die ouderlinge genoem as dié mense wat die verantwoordelikheid vir die gemeente dra. Die diakenamp is ’n heerlike amp waardeur liefdesdiens in die gemeente gedoen moet word. Die diakens het die verantwoordelikheid om sorg te dra dat daar altyd fondse is om die armes en noodlydendes in die gemeente te versorg. Hulle het verder die heerlike opdrag om die gemeente by mekaar betrokke te maak, sodat almal kan deel in mekaar se vreugdes en hartseer.

Wat belangrik is om te onthou, is dat daar in die presbiteriale stelsel van kerkregering geen hiërargie bestaan nie. Die ouderlinge is nie hoër as die diakens en die dominee hoër as die ouderlinge nie. Al die ampte is in beginsel gelyk, maar elkeen funksioneer op sy eie terrein. Net soos wat die diakens nie geroep is om die regeerwerk in die gemeente te doen nie, net so is ook die ouderlinge nie geroep om die barmhartigheid en liefdesdiens te verrig nie. Elkeen werk vir die Here op sy eie terrein.

Kerk of kerke
In die Bybel is daar net twee betekenisse vir die woord “kerk”, nl. die plaaslike kerk (gemeente) en die onsigbare of universele kerk (alle gereddenes oor die eeue en oor die hele wêreld heen vorm saam die universele of algemene kerk van Christus). Die algemene of onsigbare kerk is die liggaam van Christus en elke kerk (gemeente) is die sigbare vergestalting daarvan. So is elke gemeente dan ook ’n besondere openbaring van die liggaam van Christus.

Volgens hierdie Bybelse beginsel kan iemand dus nie sê dat hy lidmaat van die AP Kerk (ekv.) is nie. Dit spreek van ’n verkeerde kerkbegrip. Ek is alleen lidmaat van byvoorbeeld die AP Kerk *Bloemfontein* (of watter ander plaaslike kerk ook al). Volgens ons kerkbegrip is dit verkeerd om te praat van die AP Kerk asof die AP Kerk jou onder tug kan plaas of aan jou die sakramente kan bedien. Dit kan tog net in die *plaaslike kerk* gebeur. Daarom is ek lidmaat van die AP Kerk *Brits* en nie maar net van die AP Kerk nie. En juis omdat jy nie aan die AP Kerk kan behoort nie, maar slegs aan ’n plaaslike gemeente, moet jy wanneer jy verhuis, opnuut aansoek om lidmaatskap by die nuwe gemeente doen. Daardie Ouderlingraad besluit dan of jy opgeneem kan word as lidmaat of nie. Ons praat wel van die “AP Kerk” as ons van die kerkverband praat, maar dan met die verstandhouding dat die kerke (gemeentes) sáám nie ’n kerk is nie. In hierdie geval is “Kerk” bloot die versamelnaam van al die gemeentes tesame (kerkverband).

Juis omdat ons die Bybel só verstaan, praat ons van al die gemeentes saam as *kerke* of *kerke in kerkverband*. Al die kerke (gemeentes) beleef ’n verband met mekaar – iets wat hulle aanmekaar bind – daarom praat ons van kerkverband. Dit wat die gemeentes onderling aanmekaar verbind om sodoende ’n kerkverband te vorm, is onder meer die volgende: Ons gesamentlike besluite ten opsigte van watter Bybelvertaling, belydenisskrifte, Psalm- en Gesangeboek, en Kerkorde ons in die kerke gaan gebruik, asook ons onderneming teenoor mekaar dat in al die gemeentes die erediens op dieselfde wyse gehou sal word en die kerkraad op dieselfde wyse sal funksioneer. Kortom, dat ons in elke AP Kerk (gemeente) sekere dinge op dieselfde wyse sal inrig sodat ons nie vreemd teenoor mekaar sal staan nie.

Kerkverband hou in dat elke gemeente hom moet neerlê by die Kerkorde en sinodebesluite as hy deel

van die kerkverband wil wees. Wanneer ’n gemeente hom nie wil neerlê by sodanige besluite nie en nie kan aantoon dat sodanige besluite in stryd is met die Bybel, belydenis of Kerkorde nie, moet so ’n gemeente uit die kerkverband tree. Dan is daar nie meer ’n verband of verbintenis met die ander kerke (gemeentes) nie.

Meerdere vergaderings
In die AP Kerke word niks *van bo af* besluit en op die gemeentes afgedwing nie. ’n Ring en ’n Sinode is nie hoër vergaderings nie, maar slegs *meerdere vergaderings*. Dit beteken dat daar uit meer as een ouderlingraad verteenwoordigers na ’n gemeenskaplike vergadering afgevaardig is. Hierdie twee vergaderings mag nie aan die gemeentes voorskryf ten opsigte van plaaslike sake nie. ’n Meerdere vergadering handel slegs met sake van algemene belang, sake wat al die betrokke gemeentes raak. En juis omdat elke ouderlingraad daar verteenwoordig moet wees en so deel het aan die besluitneming, moet die gemeentes hulle neerlê by die besluite van die meerdere vergaderings.

Drie plaaslike vergaderings
In die plaaslike gemeente het ons drie soorte kerkvergaderings, naamlik die ouderlingraad, diakonie en kerkraad. Elkeen van hierdie vergaderings funksioneer op sy eie terrein en behoort nie op die ander se terrein te oortree nie. Die drie vergaderings se werkverdeling kan soos volg weergegee word:

Ouderlingraad
Hierdie vergadering hanteer alle geestelike sake soos aansoeke om lidmaatskap, toesig oor die verbondsonderrig, oorweging van aansoeke vir nagmaal en doop, tugsake, toesig oor die prediking, sorg vir die geestelike lewe van elke lidmaat, ensovoorts. In kort is die ouderlingraad verantwoordelik vir alles wat die leer en lewe van die lidmate raak.

Diakonie
Die diakens is verantwoordelik vir die barmhartigheids- en liefdesdiens in die gemeente.

Kerkraad
By hierdie vergadering hoort tuis alle sake wat te doen het met die administrasie, organisasie en finansies van die gemeente, asook die verkiesing van ampsdraers. Die kerkraad is nie die hoogste vergadering in die plaaslike kerk nie. Die diakonie en ouderlingraad doen nie verslag aan die kerkraad nie, behalwe oor finansies wat hulle mag gebruik.

DIE UITVERKIESING

Die woord *uitkies* veronderstel “net sekeres”. In die Bybel is daar baie tekste wat leer dat die Here vir Hom sekere mense gekies het as sy kinders en dat Hy net hulle wat Hy gekies het, red. Dit is een van die kernleerstukke van ons geloofsleer.

Waarom het God sekere mense uitgekies?
Met die sondeval in die paradys het Adam en Eva die ganse menslike geslag in die sonde gedompel (Rom. 5:12). Die verskriklike gevolg daarvan word beskryf in Rom. 3:10-12. Die mens het nou *vyand* van God geword. Hy het die vermoë verloor om uit sy eie die Here te dien. Sy *hart* het vir die Here *doodgegaan* (Efés. 2:5). Na die sondeval was dit dus vir die mens onmoontlik om God uit sy eie vrye wil te dien. Die duiwel het nou sy vader geword. Rom. 5:12 en Rom. 6:23 sê dat die loon, die straf, van die sonde die dood is, dit is die ewige dood.

Dit beteken dus: Omdat alle mense in Adam gesondig het (Rom. 5:12) verdien alle mense om verlore te gaan. Nie een enkele mens kan uit eie vermoë gered word nie, almal verdien om verlore te gaan. Dit beteken ook dat God op aarde geen kinders meer het nie. Dit het egter God, wat regverdig is (en dus die sonde moet straf), behaag om in sy barmhartigheid nie alle mense verlore te laat gaan nie (soos hulle verdien het), maar sommige te red. As dit nie vir ons goeie God was nie, het alle mense verlore gegaan. Maar Hy het mense as sy kinders gekies, met die gevolg dat hulle die ewige lewe ontvang.

Hoe kom die mens dan tot God?
Volgens Efés. 1:4 en Openb. 13:8; 20:15 het God, nog voordat Hy die aarde gemaak het, sekere mense as sy kinders gekies en hulle name in die boek van die lewe opgeskryf (vgl. ook Ps. 139:16). Hierdie verkiesende genade gaan egter nie tot almal uit nie, want volgens Openb. 21:27 kan net die mense wie se name in God se boek geskryf staan, gered word.

En vir hulle wat Hy uitgekies het, gebeur daar nou hierdie wonder: God self *verander* hulle harte deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Hy doen as‘t ware ’n hartoorplanting (Eség. 36:26,27). Hy maak ons dooie harte weer lewend (Efés. 2:1,5). Die Dordtse Leerreëls sê: Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. En daarom word dit wat dood was, lewend; dit wat boos was, goed; dit wat nie wou nie, wil nou en dit wat wederstrewig was, gehoorsaam nou (DL 3&4:11). Hierdie nuwe mens het die roeping om, noudat hy glo, voortdurend in die krag van die Heilige Gees vir God, teen die sonde, te kies.

God doen dit omdat die mens self nie kan nie. Joh. 6:44 sê: Niemand kan na Jesus kom as die Vader hom nie na die Here Jesus toe trek nie. Joh. 3:27 sê: Niemand kan iets aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie. 1 Kor. 12:3 sê dat niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe as die Gees van God dit in hom werk.

Dit beteken dus dat God net in die harte en lewens van die uitverkorenes met die wederbarende krag van sy Gees werk; Jesus is net vir die uitverkorenes

gekruisig; hulle wat nie uitverkies is nie, word deur God se genade verbygegaan; Hy laat hulle in die sondige staat waarin hulle hulself gewerp het.

Werk mens en God saam?
Sommige gereformeerdes en die charismatiese kerke wil die bogenoemde eenvoudig nie glo nie. Dat God alles alleen doen, is vir hulle net nie aanvaarbaar nie. Hulle sê dat God en die mens moet *saamwerk* aan sy redding. God het die mens nodig. Die mens moet eers sy toestemming gee en vir die Here kies voordat die Here hom kan red. Hierdie standpunt hou egter ook in dat hulle glo dat jy God kan weerstaan: Hy kan jou wil red en jy kan sê: "Nee, dankie".

Dit is natuurlik totaal in stryd met die Skrif. Die konsekwensie is dat die mens nou magtiger as God is. God kan niks doen sonder die toestemming van die magtige mens nie. Hierteenoor leer die Bybel dat niemand die wil van God kan weerstaan nie (Rom. 9:19).

In die realisering van God se uitverkiesing roep Hy die mens tot geloof, en gebruik die Here ook die mens se verantwoordelikheid (kyk weer DL 3& 4:11,12).

Kies God op grond van 'n vooruitgesiene geloof?
'n Ander skeeftrekking by die sektes – omdat hulle die leer van die uitverkiesing nie wil glo nie – is dat hulle glo dat die Here in die toekoms ingekyk het, gesien het wie gaan uiteindelik glo en toe daardie mense uitgekies het.

Ook dit is 'n dwaalleer, want as dit enigsins die geval was, het die redding van die mens weer by homself berus. Die waarheid is dat hy nie uitverkies word omdat hy glo nie, maar dat hy glo omdat hy uitverkies is. Anders val die hele openbaring weg dat God die mens red en dán aan hom die geloof gee (Efés. 2:8). Dan is dit nie meer genade nie, maar eie prestasie.

Is dit dan nie onregverdig dat God net sekere mense uitverkies nie?
Hierdie leerstuk het deur die eeue groot stryd in die kerk gebring. Die mens wou maar nog altyd iets bydra tot sy saligheid. Hy kon nog nooit sy totale onvermoë tot die goeie aanvaar nie. Hy aanvaar ook nie dat hy nie self vir God kan kies nie. En daarom kan en wil hy ook nie die uitverkiesing verstaan nie. Daarom word dit afgemaak as onregverdig en onmenslik.

'n Mens sal nooit verstaan wat die Bybel oor die uitverkiesing leer as hy nie besef wat by die sondeval gebeur het nie, naamlik dat die mens geestelik gesterf het. 'n Lyk (ook 'n geestelike lyk) kan nie self glo nie. God moet hom eers lewend maak (wederbaar) voordat hy in die krag van die Heilige Gees kan glo.

Die belangrike om te onthou, is dit: Ons sal nooit die omvang van God se Raad verstaan nie. Dit is nie vir ons om God se optrede te bevraagteken nie. Hy is nie aan ons verantwoording verskuldig nie. Hy is *God* en kan doen soos Hy goeddink. Ons moet gelowig buig voor wat Hy ons in die Skrif leer. In Rom. 9, wat handel oor die uitverkiesing, sê die Here vir mense wat beter wil weet, in vers 20: Wie is jy, o mens, om teen God te antwoord? Wie is jy om met God te redeneer? Wie is jy om Hom te bevraagteken? Die maaksel kan tog nie vir die Maker sê: Wat doen jy nou nie?

Wat by 'n kind van die Here pas, is om gelowig te buig voor die waarheid van die Skrif en die Here te loof en te dank dat hy die sekerheid mag hê dat hy deel van sy uitverkore kinders is (Joh. 3:36; 1 Joh. 4:2). Wie hierdie leer vashou en die wonder daarvan verstaan, beleef dat ontsaglike geloofstandvastigheid sy deel word. So iemand beleef die sekerheid in die hart dat juis omdat my geloof nie my keuse was nie, maar God s'n, daarom kan ek nooit weer verlore gaan nie. Juis omdat God my gekies het, het ek die sekerheid dat niks of niemand my naam uit die boek van die lewe kan verwyder nie – ek is vir altyd God se kind! Sy belofte is dat Hy wat die geloof in jou hart gewerk het jou gelowig sal hou tot en met die wederkoms van onse Here Jesus Christus (Filip. 1:6).

DIE GENADEVERBOND
Daar is 'n aantal sentrale boodskappe of temas wat reg deur die Bybel loop. Een daarvan is die verbond wat God met die mens gesluit het. Daar is verskillende gestaltes wat die verbond aanneem (bv. God se vredesraad, werkverbond, natuurverbond), maar ons vestig ons aandag net op wat ons noem, die genadeverbond. 'n Paar baie belangrike beginsels in verband met hierdie verbond word hiermee deurgegee.

Uitsluitlik God se daad – beloftes en eise
Die eerste wat ons moet weet, is dat die mens nie vir God gevra het dat Hy 'n verbond met ons moet aangaan nie. Nee, God het nog voor die skepping besluit om met die mens 'n verbond te sluit.

Dit het ingehou dat God wonderlike beloftes aan Adam gemaak het: Hy kan van al die vrugte in die tuin eet; hy hoef nie te werk dat hy sweet nie; sy vrou sou sonder pyn of smarte kinders kon baar; daar sou geen siekte, ellende, dood op die aarde wees nie. Adam kon in liefde vir God, ewig lewe.

Maar God het ook eise aan Adam gestel: Hy moes die Here volkome liefhê en gehoorsaam. Daar het dus iets van 'n "ooreenkoms" (verbond) tussen God en die mens ontstaan – maar daarop word aanstons teruggekom. Indien Adam nie die "ooreenkoms" hou nie, sal hy die straf op sy ontrou moet dra. Ons weet

uit die res van die Bybel wat daardie straf ingehou het: Adam sou geestelik sterf, en hy sou ’n sterfling word.

So het die Here die mens in ’n verbondsverhouding gestel. So eenvoudig! So wonderlik. En Adam gee alles prys toe hy na die duiwel luister en probeer om soos God te wees.

Deur die sondeval het Adam die verbond van God verbreek. Maar God bly getrou. Hy kan nooit aan sy verbond ontrou wees nie. Nou kom Hy in verbondsgenade na Adam en na ons toe.

Wanneer twee mense in die tyd van Abraham ’n verbond gesluit het, het hulle diere middeldeur gesny en die helftes soos twee mure langs mekaar geplaas sodat dit soos ’n gang gelê het. Dan het die twee partye tussen die twee rye karkasse deurgeloop. Dit was ’n simboliese handeling wat beteken het dat die partye net soos die helftes aan mekaar behoort, en dat indien een van hulle die verbond verbreek, hy net soos die dier in stukke gesny moes word.

Toe die Here met Abraham die genadeverbond sluit, moes dieselfde prosedure gevolg word (Gén. 15:9-21). Nou is die wonderlike dat daar een genadige verskil was: God het alleen deur die helftes van die karkasse geloop! God kan Homself tot absolute trou aan die verbond verbind, maar Hy weet dat die mens die verbond nie voluit kan hou nie. Daarom laat God Abraham nie toe om deur die stukke vleis te loop nie.

Dit beteken dat God die mens wel aan die verbond hou, maar dat Hy sy verbondskind nie noodwendig vernietig as laasgenoemde se voete gly nie.

Dis deur hierdie genade van God dat Hy sy Seun, die Here Jesus Christus, stuur om die straf wat Adam se verbondsbreuk meegebring het, te kom dra en om in die plek van God se kinders die wet te vervul. Dis God se genadeverbond dat die Here Jesus as‘t ware in ons plek deur die stukke vleis kom loop het.

Daar was geleenthede waar die Here wel verbondsbrekers vernietig het – lees gerus Jer. 34:18-20.

Wat hou die genadeverbond vandag vir óns in?
God inisieer die verbond. Hy maak aan ons beloftes, en Hy stel eise aan ons. Let daarop dat Hy éérs belowe, en dan eis. Hy belowe die saligheid en die ewige lewe. En Hy eis geloof, bekering en gehoorsaamheid aan sy wil.

God kom ons nog verder tegemoet: Hy verwag nie van ons om in eie krag te glo en ons te bekeer nie, want Hy weet ons kan nie. Maar Hy gee sy Heilige Gees aan ons deur Wie Hy ons in staat stel om te glo en ons te bekeer. As ons dan nóg nie glo nie, en ons nóg nie bekeer nie, kan ons niemand anders as onsself verwyt nie.

Kom ons keer vir ’n oomblik terug na die stelling hier bo dat ons in ’n “ooreenkoms” met God te staan kom deur die genadeverbond. Ons kan dit ’n “ooreenkoms” noem, solank ons een saak duidelik verstaan. Dit is dat ons nooit gelyke partye met God kan wees nie. Daarom kan ons hierdie “ooreenkoms” beskrywe as ’n testament. In ’n testament laat iemand gewoonlik ’n erfporsie aan iemand wat hy liefhet. Gewoonlik het die erfgenaam dit wat hy ontvang, nie verdien nie.

So is God se genadeverbond. Sonder dat ons iets daarvan verdien het, maak God ons erfgename van alles wat Hy in Christus vir ons loskoop. Ons word die saligheid en die ewige lewe geskenk.

Dit het God behaag om aan ons ’n teken te gee dat sy verbond geldig is. In die Ou Testamentiese tyd was dit die besnydenis. In die Nuwe Testament is dit die doop.

Waarom sien ons dan dat daar ook mense is wat eens gedoop was, maar wat ongelowig word en hulle rug op God draai? Dis helaas ’n aaklige waarheid. Ons kan hierdie baie belangrike aspek met nog ’n beeld verduidelik: As ek aan jou ’n tjek van R1m gee, is jy ryk. Maar as jy die tjek nie gaan wissel nie, of as jy die tjek opskeur, kry jy nooit daardie R1m nie. My belofte was ’n volle R1m. Dit was binne jou bereik om dit te verkry, maar jy het verkies om dit nie te bekom nie. So is God se beloftes in sy genadeverbond. Hy belowe die saligheid en die ewige lewe in Christus (oneindig meer as R1m!). Hy gee selfs sy Gees aan jou om aan die eise van die verbond te voldoen (om die tjek te gaan wissel). Maar as jy jou nie steur aan die Heilige Gees nie, en God nie liefhet en dien nie, dan skeur jy jou tjek op. Dan het die fout nie daarby gekom dat God nie ernstig was met sy beloftes nie, maar wel dat jy jou teen die werking van sy Gees verhef het. Die gevolg sal wees dat jy soos die diere in twee stukke gesny sal word – dit beteken dat jy verlore sal gaan.

In die Afrikaanse Protestantse Kerke neem ons God se verbond ernstig op. Ons weet God kies sy kinders uit, maar in die realisering van sy uitverkiesing gebruik Hy jou verantwoordelikheid. Daarom sal ons die uitverkiesing preek, maar tegelykertyd sal ons in die prediking aandring op bekering.

Een van die reformatore het dit so gestel: As ek bid, bid ek so asof ek niks kan doen nie. God moet alles vir my doen. Maar as ek van my knieë opstaan, werk ek asof alles van myself afhang. So kies die Here sy kinders uit en gee Hy hulle geloof (Efés. 2:8). Maar Hy kom met die appèl: Jy moet glo en jou bekeer!

SAKRAMENTE

Wat is sakramente?
Die Heidelbergse Kategismus Vraag/Antwoord 66 sê dat sakramente heilige, sigbare *waartekens* en *seëls* is, wat deur die Here gebruik word sodat ons die belofte van die Evangelie beter kan verstaan.

Wat is dit nie 'n wonderlike genade wat die Here aan ons as sondige mense (ook aan u) bewys het nie? Juis omdat Hy ons so goed ken en weet hoe maklik ons kan twyfel aan ons geloof, gee Hy aan ons die sakramente as *sigbare Evangelie*. Omdat Hy ons swak geloof ken, gee Hy aan ons twee sakramente (doop en nagmaal) wat op 'n sigbare wyse die dood en opstanding van sy Seun verkondig. En wat is dit nie 'n wonder nie, want nou kan ek *sien* dat dit wat Christus vir my gedoen het werklik die waarheid is.

Daarom sê ons die sakramente is tekens en seëls. As *teken* wys dit op iets sigbaars wat Christus gedoen het. Die brood en wyn by die nagmaal wys na die liggaam van die Here Jesus wat Hy vir my laat kruisig het en sy bloed wat vir my gestort is (Lk. 22:19,20; 1 Kor. 11:23-26). Net so wys die water by die doop ook na Christus se werk, naamlik sy bloed wat my sondes afwas (1 Petr. 3:21). Maar 'n sakrament is ook 'n *seël* of 'n *waarborg* of 'n *versekering* dat dit wat jy nou sien (die teken), werklik ook vir jou waar is. Dit waarborg dat ek werklik deel het aan die verlossing in Jesus Christus. En daarom is dit belangrik dat ons moet *kyk* na die tekens as die sakramente bedien word.

Die wonder van die sakramente is dat dit op 'n sigbare wyse die werk van die Here Jesus Christus verkondig en bevestig: Dit was vir my!

Die Christelike doop
Die doop is iets besonders in die Afrikaanse Protestantse kerke. Party mense onderskat die doop heeltemal. Dan dink hulle dat dit maar 'n seremoniële handeling is, wat net so goed gelaat kon word. Hulle gee nie om dat hulle suigeling selfs ses maande word nie, want die doop is sommer 'n pligpleging. Daar is ook diegene wat dink dat die gelowige mistisistiese eenwording met die Heilige Gees het en gevolglik los van Christus en sy genademiddele (soos die doop) kan lewe.

Daar is ook mense wat die doop oorskat. So is daar 'n baie groot wêreldwye kerk wat glo dat die doop jou sondes op die oomblik wat jy gedoop word, letterlik afwas. Dis hierdie mense wat aan die "nooddoop" glo. Hulle glo dat as die ouers van 'n pasgebore baba besef dat hulle kindjie gaan sterf, hulle angsvallig die betrokke ampsdraer moet kry om die kind te kom doop voor die sterfoomblik. Dan sal die kind sonder sonde (selfs sonder die aangebore sondes) sterf en reguit hemel toe gaan. Indien hulle die ampsdraer nie gou genoeg kan kry nie, mag 'n ander persoon die doop waarneem. Sou die arme kind ongedoop sterf, beland sy siel in 'n plek van loutering waar hy brand totdat hy geboet het vir sy aangebore sonde en eindelik in die hemel opgeneem kan word.

Ons glo op grond van die Bybel: Die doop was nie die sonde van die dopeling op die oomblik van die doophandeling af nie, maar is 'n *teken* van God se belofte van die afwassing van die sonde wat reeds aan die kruis plaasgevind het. Daarom werk die doop nie outomaties nie, maar moet *geglo* word sodat dit effektief in ons kan nawerk.

In die eerste plek moet die doop geskied met gebruikmaking van die doopformule wat die Here in Mt. 28:19 aan ons gee: *Ek doop jou in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees*. Nie: …in die Naam van die Vader en *van* die Seun en *van* die Heilige Gees nie. Deur elke keer "van" te sê, lyk dit of die doop in die naam van drie gode geskied. Die weglating van die woord "van", soos die Here dit self in die Bybel aan ons leer, wil die Drie-enigheid van God beklemtoon.

Die AP Kerke erken nie die doop van kerke en van godsdienstige groepe wat nie hierdie formule gebruik nie. Ons erken ook nie die doop van kerke of groepe wat wel die formule gebruik, maar die leer van die Drie-eenheid verwerp nie. Laasgenoemde bely mos nie dieselfde God as ons nie!

Kinderdoop of Grootdoop?
Die AP Kerke pas die kinderdoop en die grootdoop toe. Ons doop volwassenes wat tot geloof en belydenis kom, maar wat nie die korrekte, Bybelse, doop ondergaan het toe hulle babas was nie.

Ons is nie 'n wederdoperse kerk nie. As 'n mens eenmaal, as baba of as volwassene, op die regte wyse gedoop is, en weggedwaal het van die Here, selfs kerkloos geword het, en selfs by 'n dwaalgroep aangesluit het, maar later tot bekering kom, word hy nie oor gedoop nie. Ons standpunt is dat God se beloftes wat by die persoon se eerste doop gegeld het, nog altyd staan. Dis daardie persoon wat vir 'n tyd lank nie die eise van die doop (verbond) nagekom het nie. Hy moet nou weer die eise eerbiedig en word nie oor gedoop nie. (Dis net soos iemand wat nie twee keer besny, of twee keer letterlik gebore kan word nie.) Ons sal hom net oordoop as sy eerste doop nie Bybels korrek gedoen was nie – bv. as dit gedoen was in 'n kring wat die Drie-eenheid verwerp.

Alhoewel ons volwassenes doop, is dit die uitsondering in ons gemeenskap waar die meeste mense wel as kinders gedoop is. Ons handhaaf die kinderdoop om goeie Bybelse redes. Eerstens is ons rede

dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Volgens Gén. 17:10-14 moes almal wat manlik was, besny word. Toe die besnydenis ingestel is, was Abraham al 'n ou man. Hy is toe dus as volwassene besny, maar van toe af ook alle seuntjies op agt-dae-ouderdom.

Ons lees in Kol. 2:11,12 – *In Wie* (naamlik Christus) *julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van Hom wat God opgewek het uit die dode.*

Miskien verstaan jy nie met die eerste lees van hierdie teksverse wat gesê word nie. Die enigsins moeilike woorde wil sê: Wat die besnydenis ingehou het, het ons ontvang deur die Christelike doop. Die doop beteken simbolies dat ons saam met Christus begrawe is en dat ons sonde afgelê is. Net soos by die besnydenis die wegsny van 'n deeltjie van die liggaam dui op die wegdoen van die sonde, so dui die Christelike doop ook op die wegdoen van die sonde. Maar ons is ook saam met Hom opgewek en lewe nou saam met Hom. God bevestig die wegneem van die sonde deur die "besnydenis van Christus" (dit beteken: deur die Christelike doop) en maak dit ons deel – dit word juis deur die doop afgebeeld. As jy Gal. 5:2-4 lees, sal jy sien dat ons ons nie meer moet laat besny nie. Daar staan: *As julle jul laat besny, sal Christus vir julle tot geen nut wees nie.* Nou geld net die doop. Sy "besnydenis", dit is die Christelike doop, is al wat ons nodig het.

Sien dit raak dat die doop vir ons in 'n sin dieselfde beteken as die besnydenis. En die besnydenis was vir suigelinge – net so is die doop ook vir suigelinge. Ons lees in die Nuwe Testament dat wanneer 'n volwassene gelowig geword het, hy of sy gedoop is, maar dan tegelykertyd sy of haar hele huis ook – met ander woorde ook die kinders in daardie huis. Daar staan nie "behalwe die babas" nie. In daardie tyd was selfs die slawe van 'n persoon met sy kinders ingereken by "sy huis". So sou daar nog talle ander huise wees. Dis ondenkbaar dat in al daardie huise geen kleuter of baba was nie.

By die doop gaan dit nie om iets wat ons vir God doen nie, maar om wat Hy vir ons doen. Soos Hy aan babas in die Ou Testament in die besnydenis heerlike beloftes gemaak het, so maak hy in die doop ook aan die babas heerlike beloftes. Namate hulle grootword, leer hulle van die eise wat aan God se beloftes verbonde is, en is hulle geroep om dit na te kom.

Die woorde in die Bybel *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word* (Mk. 16:16) is aan volwassenes gerig. As die woorde ook vir babas gegeld het, sou alle babas en klein kinders wat sterf, verlore gaan, want hulle kon mos nog nie glo en vra dat hulle gedoop moet word nie.

Kinders van gelowige ouers is ook in die verbond ingesluit en moet daarom die teken van die verbond ontvang: die doop. Al die lidmate van die Here se kerk moet hierdie merkteken dra – ook die kinders. Hulle behoort ook aan die Here. Dis soos wanneer ons lammertjies wat gebore word, merk as eiendom van die eienaar. So "merk" die Here ons en ons kinders as Syne. As 'n kind opgroei en dan sy rug op die Here draai, en daar kom nie bekering nie, sal hy die gevolge dra van sy verwerping van die Here Jesus as sy Koning.

Die moderne neiging om die erediens eers af te sluit en dan die doop te bedien, wys ons af. Ons redes is:

1) Daar is twee sakramente: die doop en die nagmaal. Waarom word die een (nagmaal) plegtig onder die diens hanteer, maar die ander sakrament word 'n meer sosiale verrigting ná afsluiting van die diens, met die gebruiklike kwinkslae (grappies) en al. Dit gebeur selfs dat die dominee die doopformule, dus terwyl die baba gedoop word, onderbreek vir 'n grappie. Die dominee sê: "Ek doop jou in die Naam van die Vader" (nou maak hy 'n grap; hy, die familie van die dopelinge, en die gemeentelede wat agtergebly het vir die doop, lag hard. Dan vervolg hy asof daar nie onderbreking was nie:) "en die Seun, en die Heilige Gees". Die gebruik tas die heiligheid van die doopbediening aan.

2) Die verbond van God is nie net aangegaan met individue nie (die baba en sy ouers), maar ook met 'n hele volk (die kerk). Daarom het die hele gemeente belang by die doop van 'n baba en moet die doop onder die erediens plaasvind.

Tydens aanvegtinge het Luther uitgeroep: "Ek is gedoop! Ek is gedoop!" Net soos vir Luther, moet die doop vir ons 'n skat wees waaruit ons weet dat die Here se Naam oor ons uitgeroep is en ons aan Hom behoort. Ons doop ons kinders so vroeg moontlik en stel die doop nie uit totdat die moeder "haar figuur herwin het" nie, of totdat familie wat oorsee is, eers weer oor maande terug sal wees nie.

Nagmaal

In die AP Kerke handhaaf ons die beginsel dat die nagmaalstafel geslote is en net toeganklik vir die lidmate van die eie gemeente (KO Art. 43C). Enige ander persoon wat saam met 'n bepaalde AP gemeente wil nagmaal gebruik, moet eers vooraf by die ouderlingraad van daardie gemeente aansoek doen. Sonder die goedkeuring van so 'n aansoek mag besoekers nie nagmaal in 'n AP Kerk gebruik nie.

Die rede hiervoor is sodat die ouderlinge hulle opdrag, om te waak oor die tafel, kan uitvoer. Die ouderlingraad gaan voor die Here rekenskap gee van hoe hulle toesig gehou het dat sy tafel nie ontheilig word nie. Daarom doen hulle huisbesoek voor nagmaal. Sodoende stel die ouderling vas of elke lidmaat in sy wyk se leer en lewe in orde is, en of hulle op die regte wyse voorberei om die nagmaal te gebruik.

Ten opsigte van besoekers kan hierdie opdrag egter nie uitgevoer word nie. Die ouderlingraad is tog nie bekend met die besoekers se leer en lewe nie. En juis daarom moet die ouderlingraad "getuienis ontvang" (KO Art. 43C) ten opsigte van die besoekers. Die mees verantwoordelike wyse waarop die ouderlingraad die getuienis kan inwin, is natuurlik om getuienis van die besoeker se eie gemeente te verkry. Daarom is dit nodig om voor die nagmaal by die ouderlingraad aansoek te doen om nagmaal te gebruik sodat hulle met verantwoordelikheid getuienis ten opsigte van die aansoeker kan inwin. Die ideaal is dat lidmate van ander AP Kerke 'n aanbevelingsbrief van hulle eie dominee, of wyksouderling of die skriba van die ouderlingraad saambring en by die ouderlingraad van die gemeente waar hulle as gaste nagmaal wil gebruik, indien.

Wat besoekers van buite die AP kerkverband betref, laat ons net belydende lidmate van die gereformeerde kerkfamilie onder sekere voorwaardes toe. Hierdie kerke is die NGK, NHK, GKSA en die ARK. Waarom laat ons net hulle toe? Omdat hulle dieselfde belydenisskrifte as ons het. Maar die tweede voorwaarde is dat hulle 'n skriftelike getuienis moet indien wat hul aansoek vergesel – soos in die vorige paragraaf verduidelik. Die rede is dat ons ouderlingraad hulle nie ken nie – ons weet nie of die aansoeker 'n belydende lidmaat is, of hy suiwer in leer en vroom in lewenswandel is nie. Dit moet die aanbevelingsbrief aan ons meedeel.

Een van ons Sinodes het dit goedgekeur dat indien die ideaal van 'n aanbevelingsbrief nie bereik is nie, aansoekers uit ander AP Kerke en uit die ARK, GKSA, NHK en NGK wel toegelaat kan word mits 'n lidmaat uit die plaaslike AP Kerk waar die nagmaal gehou word, die persoon(e) ken en 'n positiewe aanbeveling kan maak oor hulle leer en lewe. Het ons so 'n brief, of mondelinge aanbeveling, het die ouderlingraad sy verantwoordelikheid nagekom deur hierdie dinge vas te gestel het. 'n Verdere deel van die besluit sê dat die ouderlingraad hom nou moet uitspreek oor die betrokke aansoeker se deelname aan die nagmaal. Dit vind plaas by wyse van die aantekening daarvan in die notule van die ouderlingraad en selfs deur middel van 'n afkondiging voor die erediens.

Die derde en laaste voorwaarde is dat die besoeker wat toegelaat is om saam met ons nagmaal te vier, moet weet dat sy kinders wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, nie by ons nagmaal mag gebruik nie. Daardie ouer moet toesien dat dit nie gebeur nie.

Ons laat dus net belydende lidmate uit ander kerke toe wat dieselfde as ons glo. Wanneer gelowiges nagmaal gebruik, is dit tegelyk 'n belydenis van die eenheid en eensgesindheid onder die nagmaalgangers. As ons nou iemand toelaat wat die kinderdoop verwerp, of die verbond nie handhaaf nie, of leer dat die mens sy saligheid self kan verdien, of glo dat daar 'n vaevuur is, of dat die Here Jesus nie die wonders wat Hy volgens die Bybel verrig het, gedoen het nie, of die uitverkiesing verwerp, ensovoorts, is ons mos nie een met so 'n persoon en ook nie eensgesind nie. Dan durf ons nie saam nagmaal gebruik nie. Ons "eenheid" en "eensgesindheid" sal vals wees, 'n leuen voor die Here.

Oordeel oor die hele gemeente

Die rede waarom die ouderlingraad met soveel erns moet waak oor die tafel van die Here, is omdat die Here baie ernstig daaroor is dat sy tafel nie ontheilig word nie. Indien iemand die nagmaal gebruik wat eintlik deur die ouderlingraad geweer moes word, sê Sondag 30 van die Heidelbergse Kategismus, Antwoord 82, dat *die verbond van God ontheilig (word) en sy toorn oor die ganse gemeente verwek* word. Die implikasie is dat indien die ouderlingraad nie hulle werk doen en waak oor die tafel nie, die toorn van God oor die hele gemeente sal kom. Dit moet dus vir elke ouderling en elke lidmaat 'n saak van erns wees om toe te sien dat besoekers nie sommer net die nagmaal gebruik nie, maar dat die ouderlingraad goeie getuienis ontvang voordat hulle toegelaat word.

Dieselfde geld natuurlik ook vir lidmate van die eie gemeente: Die wat in 'n openbare sonde leef, moet deur die ouderlingraad van die nagmaal geweer word, anders verwek dit God se toorn oor die hele gemeente.

Verantwoordelike voorbereiding

Elke lidmaat moet besef dat ons nie die nagmaal uit blote gewoonte mag gebruik nie. Wie die nagmaal wil gebruik, moet hom-/haarself volgens die Bybelse beginsels (1 Kor. 11) voorberei. Hoe elke lidmaat moet voorberei voordat die nagmaal gebruik word, word duidelik in die Kategismus (Antw. 81) verwoord: Voorbereiding beteken *selfondersoek.* Eerstens moet jy jouself *mishaag* oor jou sonde. Jy moet die sonde aan jou eie lewe ontdek en dit bely. Daar moet opregte berou wees oor die sonde wat jy teen die allerhoogste majesteit van God begaan. Tweedens moet jy van harte *glo* dat daardie sonde *vergewe* is alleen op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. Derdens moet jy onderneem om nie weer in daardie sonde te val nie en om jou *lewe te*

verbeter. Laastens moet daar by jou 'n ernstige begeerte wees dat die Here jou deur die gebruik van hierdie nagmaal in die *geloof sal versterk*.

Wie so voorberei, kan die nagmaal met groot vreugde en dankbaarheid gebruik. Die skynheiliges word egter gewaarsku dat as hulle die nagmaal gebruik sonder om hulself werklik voor God te verootmoedig, hulle 'n oordeel oor hulleself eet en drink.

Kinders by die nagmaal
Deur die eeue was die gereformeerde kerke dit eens dat kinders nie toegelaat kan word om die nagmaal te gebruik nie. 'n Kind kan eenvoudig nie aan die vereistes soos hierbo gestel, voldoen nie. Opvoedkundiges het deur navorsing vasgestel dat 'n kind eers rondom sy tiende lewensjaar werklik 'n *sondebesef* begin ontwikkel. Hoe kan hy homself dan mishaag oor sy sonde? Of werklik die verskriklikheid van sy vervloeking verstaan? Godsdienstige handelinge het vir hom nog geen *diepere betekenis* nie. Wat verstaan hy dan van die tekens van brood en wyn? En sy saligheid hang kragtens die denke van hierdie ouderdomsgroep nog hoofsaaklik van sy *eie verdienste* af. Hoe kan hy dan verstaan dat Christus se lyde en sterwe sy sonde bedek?

Selfs in die daaropvolgende lewensjare is daar nog die *egosentriese neiging* om te soek na eie voordeel en is daar nog nie werklik sprake van 'n standvastige geloofslewe wat gebou is op die sekerhede in die Skrif nie.

Om te beweer dat die kind, net soos volwassenes, bewustelike geloofsversterking deur die nagmaal ontvang, is dus ook nie waar nie.

Hoe kan daar diep selfondersoek, wat die nagmaal voorafgaan, van die kind verwag word?

Calvyn vra: As slegs diegene, wat besef waaroor die nagmaal handel en wat op 'n waardige wyse kan eet en drink, die nagmaal kan gebruik, *waarom sou ons dan vir ons teer kindertjies gif aanbied as lewendmakende voedsel?*

Eers teen skoolverlatingsouderdom (standerd 9, 10) kies die kind met verantwoordelikheid sy eie godsdienstige staanplek. Dan eers het hy die volwassenheid om finaal te sê wat sy godsdienstige oortuiginge is.

'n Vae begrip van dit waaroor die nagmaal handel of 'n blote verklaring dat ek in die Here glo of Hom liefhet, is nie genoeg om die eis van 1 Kor. 11 na te kom nie.

Om hierdie rede moet elke verbondskind in die AP kerkverband eers sy onderrigjare in die verbondsonderrig deurloop en dan belydenis van geloof aflê voordat hy/sy toegelaat word om die nagmaal te gebruik. Die res van die gemeente wat saam met hom/haar aansit, weet dan ook, kragtens die openbare belydenis van geloof, dat hy/sy dieselfde glo.

DIE BASIESE VERSKILLE TUSSEN DIE GEREFORMEERDE KERKE EN DIE CHARISMATIESE GROEPE

Uit die aard van die saak kan ons nie hier ingaan op elke klein verskilletjie nie. Daar bestaan egter duidelike leerverskille wat ons met u wil bespreek:

Die Doop
By die meeste charismatiese kerke word groot klem gelê op die doop na bekering. Volgens hulle kan jy alleen gedoop word wanneer jy 'n bewustelike belewing gehad het van wedergeboorte en bekering. In die meeste gevalle beteken dit ook dat die persoon 'n dag en datum van sy bekering moet kan meld. Hulle verabsoluteer tekste soos Mk. 16:16 en sê dat iemand slegs gedoop mag word nadat hy/sy glo. Om hierdie rede aanvaar hulle slegs die *grootdoop* – want volgens hulle kan 'n baba/kind nog nie glo nie.

Dit gebeur dus dat as iemand wil lidmaat word by so 'n groepering, hy/sy gewoonlik ook gedoop moet word. Om hierdie rede word hierdie kerke deur die geskiedenis heen die *wederdopers* genoem. Hulle erken nie die *kinderdoop* nie en vereis dat mense weer gedoop moet word.

Die konsekwensie van hierdie standpunt is dus ook dat hulle die *verbond* verwerp.

Wat stel die AP Kerk daarteenoor? – Kyk weer na die hoofstuk oor die verbond en die doop.

Die Uitverkiesing
Ook hierdie kardinale leerstuk in die gereformeerde leer word deur die charismatiese groepe verwerp. Daar bestaan oneindig baie Skrifbewyse waardeur die leer van die uitverkiesing bevestig word. Hierdie groepe vind egter die slimste maniere om die betekenis van hierdie tekste weg te verklaar en dan net dié tekste te beklemtoon wat volgens hulle op die mens se verantwoordelikheid dui. Hulle verdraai en verwring die Bybel só dat daar nie sprake kan wees van Skrifgetrouheid nie.

So sê hulle byvoorbeeld:
Die genade verander nie jou hart nie, maar jyself.
Nie God nie, maar jý moet besluit of jy wil glo of nie.
Die Here kan jou nie red as jy nie jou instemming gee nie.
Jy kan God se genade weerstaan – Hy kan jou wil red, maar jy kan sê: "Nee dankie".
God wil alle mense red.
Jy kan nie seker wees oor jou redding nie, jy kan weer verlore gaan.

Die probleem is dat hierdie groepe nie die totale verdorwenheid van die mens verstaan nie. Hulle verstaan nie dat met die sondeval die hart van die mens vir die Here doodgegaan het nie. En juis daarom wil hulle aan die mens 'n plek gee, 'n keuse gee in sy redding. Die Bybel en die belydenisskrifte leer ons egter dat God 100% alles doen en dat ons die *voorwerpe* van sy liefde is. Teenoor die charismatiese kerke het ons juis die sekerheid dat nie ons nie, maar God verantwoordelik is vir ons geloof en redding.
(Kyk weer hier bo hoe ons die leer van die uitverkiesing verduidelik het.)

Die Belydenisskrifte
Die charismatiese groepe het nie enige erg aan belydenisskrifte nie. Hulle sal baie vroom sê dat hulle net die Bybel glo en gebruik en dat belydenisskrifte mensewerk is wat nie belangrik is nie. Dit is te verstane dat hulle so 'n standpunt moet huldig, want elkeen van hulle wil die Bybel verklaar soos wat hy dit verstaan. U sal onthou dat ons gesê het dat ons belydenisskrifte die suiwer leer van die Bybel saamvat en dat die belydenisskrifte juis daarom 'n band is wat die gereformeerdes saambind rondom die gesonde leer.

Die Geestesgawes
Die charismatiese kerke lê geweldig klem op die gawes van die Gees. By sommige van hulle word dit selfs as voorvereiste gestel om tot geloof te kom. Hulle dienste en bedieninge wemel daarvan: spreek in tale, uitdryf van duiwels en geloofsgenesing.

Baie mense het al op baie geleenthede hierdie optrede as massahipnose en /of bedrog ontmasker. Maar behalwe daarvoor is hulle ook oneerlik met die Skrif en word miljoene mense verlei om te glo wat nie waar is nie. Hulle is oneerlik en doen die Skrif geweld aan om net sekere stukkies van tekste as die volle waarheid aan te bied. Vir hulle spreek in tale en duiweluitdrywing en geloofsgenesing is daar natuurlik 'n teks. Maar wat sê die teks werklik? *En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal die hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word* (Mk. 16:17,18).

Lyk dit vir u of hulle eerlik omgaan met hierdie teks? Beslis nie!
Hulle doen net die *onkontroleerbare* – wie kan kontroleer of iemand werklik in tale spreek, of iemand werklik van 'n duiwel besete is of 'n ongeneeslike siekte het? En dit is nou juis hier waar die bedrog inkom, want die *kontroleerbare*, die drink van gif of om deur slange gepik te word, gebeur nie. Dit gebeur nie, want hierdie mense weet wat die uitslag daarvan sal wees – hulle eie dood.

Daar is nog heelwat verskille, maar hierdie is dié wat die meeste voorkom.

As gereformeerdes moet ons versigtig wees om nie die Bybel te laat buikspreek om ons eie standpunte te regverdig nie.

Vir ons is dit uiters belangrik om goed kennis te neem van Lk. 16:19-31 waar ons lees hoe vir die ryk man in die vlamme van marteling gesê word dat al sou 'n engel uit die hemel sy goddelose broers gaan waarsku, hulle steeds nie sal luister nie. Ons het geen bonatuurlike verskynsels of boodskappers nodig nie, want ons het die Bybel. Die Here verwag van ons om die Bybel te glo en daarvolgens te lewe.

DIE CHRISTELIKE SONDAGVIERING

Daar is baie sondes waaraan ons as Christene skuldig is, maar die oortreding van die vierde gebod het 'n *volksonde* geword. Daar is bitter min van ons volksgenote, geestelike leiers (ouderlinge, predikante, diakens) ingesluit, wat werklik aan die Here gehoorsaam is in die nakoming van hierdie gebod.

Wat die mens blykbaar vergeet, is dat hierdie dag nie aan hom behoort nie, maar aan God. Dit is sý dag! Vir Hom afgesonder, aan Hom geheilig, vir sy doel toegeëien. Hierdie dag is 'n gawe uit die hand van die Here waardeur ons op 'n besondere wyse met sy dinge besig mag wees. As dit die mens se dag was, kon hy self bepaal het wat op dié dag mag gebeur en wat nie. Maar nou is dit God se dag, daarom moet gehoorsaam na sy Woord geluister word.

In die Ou Testament was die rusdag die sewende dag van die week. Ná Christus se opstanding het die Nuwe Testamentiese kerk die opstandingsdag as hulle rusdag gevier. Christus het op hierdie dag uit die dood opgestaan; op hierdie dag het Hy verskeie kere aan verskeie persone verskyn; die Heilige Gees is op hierdie dag uitgestort (Mk. 16:1,2,6; Joh. 20:19,26; Hand. 2:1-4). Die eerste dag van die week, die Sondag, het die dag geword waarop die gemeente van die Here Jesus saamkom om hulle God te aanbid (Hand. 20:6,9; 1 Kor. 16:1,2). Juis om hierdie rede word die eerste dag van die week (Sondag) die dag van die Here genoem (Openb. 1:10). Die gehoorsaamheid wat die vierde gebod vra, handel oor die rusdag en omdat die Sondag die Christen se rusdag is, geld wat die Woord van die Here sê ook ten opsigte van die Sondag.

Prakties toegepas
In die praktiese toepassing van hierdie gebod het die Here baie duidelik uitgespel wat ons níé mag doen nie: Op dié dag mag jy géén *beroepswerk* doen nie (Ex. 31:12-16; Lev. 23:3,8). Jy mág nie *koop of verkoop* nie (Neh. 13:15-21). Dit mág nie vir

jou 'n gewone dag wees waarop jy met jou eie dinge besig is nie (Jes. 58:13). Die Here is ook baie beslis oor wat ons móét doen: Jy moet elke Sondag in die *kerk* wees (Hebr. 10:25; Ps. 68:27), die Here Jesus het hierin vir ons die voorbeeld gestel: Dit was sy *gewoonte* om op die rusdag te aanbid (Lk. 4:16). Die Here vereis dat jy op sy dag met *sy dinge besig* moet wees (Jes. 58:13,14). Die Heidelbergse Kategismus So. 38 sê dat ons elke Sondag in die *kerk* moet wees om die *Woord* van God te *hoor,* die *sakramente* te gebruik, die Here openlik *aan te roep* en om aan die armes Christelike *liefdegawes* te gee. Dit is ook die dag waarop jy in die besonder rus van al jou bose werke; dié dag waarop die Here deur sy Heilige Gees só in jou werk dat jou geloof in Hom kan groei.

Die Straf van Oortreders

Die verskriklike ontheiliging van hierdie gebod deur ons volk is beslis kommerwekkend. Die Here en sy dag kom nie meer eerste in ons lewens nie. Baie hou aan met die werk wat hy/sy deur die week gedoen het en gebruik die Sondag net as nog 'n dag om hulle wêreldse skatte te vermeerder. Vir baie is dit 'n dag waarop inkopies gedoen word en op 'n wêreldse wyse ontspan word. Sondaghandel en -sport is nie meer 'n vreemde verskynsel in die boesem van ons volk nie. Die ongelooflike gebeur selfs dat "goeie kerkmense" ná kerk gou by die kafee stop om brood of melk of die Sondagkoerant te koop! Daar is selfs predikante wat aan die wêreldse praktyk deelneem om Sondae in restourante te gaan uiteet.

Die AP Kerke beskou dit as 'n roeping om te waarsku teen hierdie vergryp aan die dag van die Here. Sy dag is vir Hom so belangrik dat die Here in die Ou Testament oortreders met die dood laat straf het (Núm. 15:32-36, Ex. 31:15; Ex. 35:2).

Wat meer is: Wanneer sy *volk* wederstrewig is en die sabbatte nie hou nie, laat Hy hulle in ballingskap wegvoer (Eség. 20:19-24; 2 Kron. 36:20,21) om een dag terug te betaal vir elke sabbat wat hulle ontheilig het.

Dit is hoe ernstig die Here oor hierdie saak is. En kyk ons nou na ons eie optrede en na dit wat met ons volk gebeur het, kan ons nie anders nie as om te sê dat 2 Kron. 36:20,21 ook vir ons waar geword het.
Sal ons dan aanhou met hierdie sonde?
Sal ons soos Israel wederstrewig bly?
Sal ons hardnekkig bly, terwyl ons weet wat die Here van ons vra?
Liefde vir die Here vra gehoorsaamheid aan sy gebooie (1 Joh. 5:3).
Die oproep aan u as voornemende lidmaat, is om erns te maak met God en sy gebod, ter wille van sy eer en ter wille van 'n volk wat die enigste God wil dien.

Natuurlik is daar nooddienste wat wel op Sondae in stand gehou moet word. Die polisiediens kan tog nie Sondae afgestel word ten dienste van die duiwel en sy meelopers nie. Daar moet hospitale en noodaptekе wees. Maar restourante, teaters, sportstadions en winkels is geen nooddienste op Sondae nie, maar deel van ons een doodsvyand, die wêreld, wat ons wegtrek van God. Dit klink ewe vroom om te sê dat alle dae voor God gelyk is, maar wie kry die reg om een van die Tien Gebooie uit te sonder (die vierde) en te sê dit geld nie meer na Christus se koms nie?

Ewigheidsperspektief

Soos met elke ander gebod van die Here, gehoorsaam ek ook hierdie gebod ómdat ek so ontsaglik *dankbaar* is oor my *verlossing*. Uit dankbaarheid teenoor die Here moet ek op hierdie dag my gewone gang nalaat om met die sake van die Here besig te wees. Ek kan rus in die wete: My sonde is versoen deur Christus se kruisdood; ek het nou die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan.

Die Heidelbergse Kategismus, So. 38 sê dat met die rusdag die ewige sabbat in ons lewens begin (Jes. 66:22,23; Hebr. 4:9,10). Ja, met die een rusdag in 'n week, beleef ons alreeds die blye vooruitskouing na die ewige rus wat wag. *Nou* gee die Here in sy genade een dag om te rus, *dan* 'n ewige lewe van rus en vrede en geluk.

DIE VROU IN DIE AMP

In die AP Kerke dien die susters in ander hoedanighede as in die besondere ampte

Die Here het die susters in elke gemeente as 'n skat aan sy kerk gegee. Sonder hulle sou die kerk baie armer gewees het en sou uiteindelik nie kon bestaan nie. Hulle ywer en diensbaarheid is dikwels 'n voorbeeld vir al die broeders van hoe laasgenoemde met offerbereidheid in die Here se diens moet staan.

In Rom. 16:1,2 lees ons van 'n besondere suster in die Nuwe Testamentiese kerk: Fébé. Sy word 'n "dienares van die gemeente" genoem. Sy het by 'n ander gemeente aangekom, en Paulus beveel haar aan – die nuwe gemeente moet haar "in die Here" ontvang (met ander woorde as 'n mede-gelowige) en haar in alles bystaan. Sy het beskerming vir Paulus en vir baie ander gelowiges gebied. Sulke mense wat die gelowiges wat op 'n nuwe plek kom, help, was vir hulle baie kosbaar.

Rom. 16:3 praat van 'n egpaar wat Paulus se "medewerkers" was. Die man (Aquila) en die vrou (Priscilla) was vir Paulus baie werd. Paulus het by geleentheid by hulle tuisgegaan. Hulle het ook as gelowige mense die Evangelie aan ander privaat verkondig. So sien ons dat daar Christene was wat in gemeentes groot werk vir die Here gedoen het. Dit

is vandag nog die geval in ons gemeentes. Susters is gewoonlik baie aktief by gemeente-Bybelstudie, by die onderrig van kinders, by ander gemeente-aktiwiteite. Daarvoor het ons baie waardering en respek.

Ons verstaan dit nie so dat die Bybel leer dat susters in die besondere ampte van predikant en ouderlinge en diakens gedien het of vandag kan dien nie. Die rede is nie dat hulle minder bekwaam as die broeders sou wees nie. As bekwaamheid die maatstaf was, moet ons sê dat daar sekerlik susters is wat in die gemelde ampte net so goed en selfs beter sou kon dien as baie broeders wat wel in 'n besondere amp staan.

Die bekwaamheidsmaatstaf is egter 'n menslike een. Vir ons is Bybelse uitsprake egter die maatstaf. Susters is nie minderwaardig nie. Allermins! Hoe dikwels sien ons dat die werklike standvastige persoon in 'n huis die vrou is. Maar dit is nie waaroor dit gaan nie. 'n Onstandvastige man sal waarskynlik ook nie in die amp gekies word nie – of behoort nie gekies te word nie.

Wat sê die Bybel?

• Hand. 14:23 – Hulle het in elke gemeente vir hulle *ouderlinge* (in Grieks in die vorm van 'n manlike woord geskryf) gekies.

• Tit. 1:5 – Daar is van stad tot stad *ouderlinge* (manlike woord) aangestel.

• 2 Tim. 2:2 – Timótheüs moes dit wat hy by Paulus geleer het, toevertrou aan getroue *manne* (duidelik manlik en nie "mense" nie) wat bekwaam sal wees om ook ander te leer.

• In die Grieks het woorde manlike en vroulike uitgange. Telkens wanneer Paulus opdrag gee dat ouderlinge en diakens aangestel moet word, gebruik hy *manlike* woorde en nie vroulike woorde nie. Die bedoeling is dus dat daar *manne* in die ampte aangestel moet word.

• 1 Tim. 3 – Hier word oor die *opsieners* gepraat. Let op die manlik in die verse:

Vs. 1 – *Hy* verlang 'n voortreflike werk.
Vs. 2 – Hy moet *die man* van een vrou wees.
Vs. 4 – Hy moet *sy* (nie "haar" nie) eie huis goed regeer en *sy* kinders onderdanig hou.
Vs. 5 – As iemand nie weet om *sy* eie huis te regeer nie, hoe sal *hy* vir die gemeente van God sorg dra?
Vs. 6 – *Hy* moet nie 'n nuweling wees nie, sodat *hy* nie verwaand word nie.
Vs. 7 – *Hy* moet goeie getuienis van buitestaanders hê, sodat *hy* nie in veragting val nie.

• As Paulus die ouderlinge van Éfese na die eiland Milete laat kom, sê hy hulle is die opsieners wat die Heilige Gees aangestel het (vs. 28). Uit vers 32 is dit onteenseglik duidelik dat die ouderlinge net uit manne bestaan het, want hy spreek hulle aan: "En nou, *broeders,*…."

• Die diakens van Hand. 6 was almal manne – dit sien ons aan hulle name. Uit 1 Tim. 3 blyk ook dat die diakens manne was:

Vers 9 – Hulle moet *manne* (as vers 8 in gedagte gehou word) wees wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou.
Vers 10 – Hulle moet *manne* van een vrou wees (nie vroue van een man nie).

• Wat die predikant betref, lees ons van hom in 1 Tim. 5:17 – *Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.* Die predikant is ook 'n ouderling, naamlik daardie een "wat arbei in woord en leer".

• As 1 Kor. 14:34 sê dat die vroue in die gemeente (bedoelende in die godsdiensoefening of erediens) moet swyg en nie mag spreek nie, en in 1 Tim. 2:12 staan *Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie…* is dit duidelik dat sy nie in die amp van herder en leraar of as ouderling mag staan nie.

• Die woorde van 1 Tim. 2:12 word opgevolg deur 'n merkwaardige uitspraak in vs. 15 – *Sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle* (die vroue) *bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid.* Die Jode en Grieke het die vrou as minderwaardig beskou. Maar so is dit nie by die Christene nie. Die vrou is 'n wonderlike mens: Uit 'n *vrou* is die Christus gebore! Haar heerlikheid lê in haar gawe om kinders te kan hê wat straks die nuwe hemel en aarde sal bewoon. Dink net aan die insette van ewigheidswaarde wat 'n vrou wat glo, wat die Here liefhet, in heiligmaking groei, en ingetoë lewe, in die lewe van haar kinders kan hê.

Ons het nie vrede daarmee as iemand redeneer dat die uitsprake maar Paulus s'n was en nie ewige beginsels bevat nie. Die Woord van God is deur die Heilige Gees geïnspireer en gee God se wil aan ons deur. Dis nie maar 'n menslike boek nie.

Ook in ons een besondere belydenisskrif lees ons van die ampsdraers, nl. in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Art. 32, waar staan dat betroubare *manne* gekies moet word ooreenkomstig 1 Tim. 3. Ons Artikel het by die oorspronklike "manne" gebly en is nie verander na "persone" om die ampte ook vir vroue toeganklik te maak nie.

Die predikant staan in die *besondere* profetiese amp (hy moet die Woord verkondig); die ouderlinge staan in die *besondere* regerende amp (hulle moet toesig hou in die gemeente); die diakens staan in die *besondere* amp van barmhartigheid (hulle moet die barmhartigheid van Christus uitdra).

Maar uiteindelik staan alle lidmate, broeders en susters, in die *algemene* amp van profeet (om die Naam van die Here te bely en uit te dra), en van regering (om oor die sonde te heers) en van barmhartigheid (om barmhartig te wees oor almal in nood).

VRYMESSELARY

Oorsprong

Vrymesselary ontstaan gedurende die Middeleeue, tydens die messelaars se rondbeweeg van stad-tot-stad, veral in Europa, om die groot katedrale te bou. Op 24 Junie 1717 (St. Johannesdag), het vier Londonse losies saamgesmelt en die eerste grootlosie gevestig.

'Losies', is van "lodge" afgelei, die gildes se vergaderplekke vir plaaslike geheime byeenkomste. Losies word teenoorgesteld van die tabernakel en tempel in Bybelse tyd in 'n Oos-Westelike rigting gebou en ontvang bepaalde nommers en name. Die losies huisves allerlei liturgiese 'gereedskap' en simbole. Tydens seremonies word 'n liturgiese orde gevolg.

'Vrymesselaar' is van "freemason" afgelei, 'n ontwikkelde groep, wat uit meer gevorderdes bestaan het, en hulself van die gewone arbeiders wou onderskei. Mettertyd het hulle vir hulself meer vryhede toegeëien, vandaar die voorvoegsel 'vry'.

'Bokryer' het sy oorsprong by die Tempeliere, een van die verskeie Vrymesselaar-ordes, wat direk van Satanaanbidding beskuldig word. Die bok en boksimbole word in die Satankultus aanbid.

Vrymesselary en godsdiens

Dit word voorgehou as dat godsdiens 'n belangrike rol speel, maar hoe moet Vrymesselary in verhouding tot die Christelike **godsdiens**, die **Bybel** en die **Kerk** in die algemeen, beoordeel word?

Vrymesselary is op soek na "a religion to which all men agree", wat die Christelike godsdiens nie sondermeer uitsluit nie, maar beslis nie as die enigste en ware godsdiens erken nie. Verlossing uit genade word onomwonde verwerp. Vrymesselary beskou homself as die wettige opvolger van die antieke misterie-godsdienste en leer dat alle ander godsdienste daaruit voortkom. Deur gelykstelling met vele ander nie-christelike godsdienste word die Christelike godsdiens misken.

Vrymesselary misbruik die Skrif op velerlei maniere. Die Skrif neem hoofsaaklik die plek van 'n stuk 'gereedskap' in, in die losies. Tydens seremonies word Bybelverse uit hul openbaringsverband geruk en van toepassing gemaak op die verskillende gebruike en wagwoorde wat deel is van hulle ritusse. Die Bybel is 'n blote rituele voorwerp waarop ede gesweer word. Feitelik word die Bybel so hanteer dat sy Goddelike inspirasie, gesag en selfgenoegsaamheid volkome misken word.

Een van die hoekstene van die sogenaamde Vrymesselaarsteologie is die stelling: "Die Vaderskap van God en die Broederskap van alle mense", synde 'n eenheidskreet wat alle Vrymesselaars – verwysende na Christene, Jode, Boeddhiste en Mohammedane – moet saambind en verenig in een algemene versoeningsleer. Vanuit Bybelse oortuiging is dit tog nie moontlik nie. Die lewende God van die Bybel is immers nie die Vader van alle mense nie. God is enkel verlossende Vader in Jesus Christus, buite Wie daar geen verlossing en Vaderskap kan wees nie! Vrymesselary sien ook nie die mens in sy wese as bedorwe nie; slegs 'n 'ruwe klip' wat deur 'n bietjie kapwerk perfek gemaak kan word. Inisiasie in die geheime Vrymesselaarordes kom in die plek van wedergeboorte; beskawing in die plek van bekering. Deur 'n goeie Vrymesselaar te wees kan die mens sy saligheid vanself uitwerk en die ewige lewe beërwe.

Oor die Naam van God

Hulle leer impliseer dat die ware Naam van God nie geken kan word nie, terwyl die Bybel Hom as die Vader, Seun en Heilige Gees openbaar. Die ingewyde Vrymesselaar leer die eintlike Naam van God in die 18de graad as Jahbulon ken, 'n afgod van die Vrymesselaars. Die kandidaat word onder die indruk gelaat dat hy sy eie God in die Vrymesselary kan aanbid, terwyl hy in der waarheid geleidelik daarop voorberei word dat die Naam van God soos hy dit uit die Bybel geleer het, verkeerd is. Aanvanklik word na die "Groot Argitek van die Heelal" verwys, later word voorgegee dat die eintlike Naam van God verlore is. 'n Agtiende graad is bevoorreg (sic) om die ware God soos deur hulle voorgestel te kan ontdek; egter nie die Drie-enige God van die Bybel nie, maar 'n saamgeflanste Joodse Jahwe, Assiriese Baäl en Egiptiese On. Van Jahbulon was die sprong vir Abert Pike (erkende grondlegger) nie te groot om te sê dat die eintlike God wat aanbid behoort te word Lucifer is nie.

Onversoenbaar met die Christelike geloof

Meerderwaardigheidshouding

'n Gewaande meerderwaardigheid teenoor die Christelike godsdiens word vertoon. Dit het 'n humanisties-rasionalistiese grondslag, wat teruggryp na die sg. lig wat uit die misterie-godsdiens kom, waaruit 'n soort selfverlossing deur 'gnosis' of esoteriese kennis bereik word. Die gnosis veronderstel die geheime kennis van die opklimmende grade te wees, slegs vir ingewydes bestem. Daarteenoor die Christelike godsdiens waarin die menslike onvermoë en sondigheid geleer word. Verlossing kan alleenlik uit genade, deur geloof in Christus verkry word; nie deur eie inspanning nie.

Gewaande universaliteit

'n Universele wêreldstaat word voorgehou, wat as 'n ryk sonder Christus gesien moet word, derhalwe van die antichris. Dit spruit egter uit Satan se opstand teen God.

Die eed
Die Vrymesselaarseed (3de-graad) verkrag feitlik elke Christelik-etiese vereiste vir 'n geldige eed. In werklikheid is dit 'n eed sonder enige bindingskrag.

Hiram Abiff
Die fiktiewe mitologiese aanbiddingsfiguur, Hiram Abiff, word voorgehou as dat hy en Christus, soos andere, almal bloot verpersoonlikings van 'n idee is.

Bevinding
Deurdat dit 'n geheime organisasie is wat 'n valse Godsbegrip voorhou, word die Christelike leer en belydenis ondermyn. Alle Christelike kerke wat grondige ondersoek ingestel het, kon nie tot 'n ander slotsom kom nie as om hulle ernstig en duidelik daarteen uit te spreek.

In kort: Die Vrymesselary is in sy wese 'n geheime, humanistiese en anti-christelike organisasie, waarin geen toegewyde lidmaat van 'n Christelike kerk tuishoort nie!

Die Sinode se besluite lui o.m. soos volg:
Die Sinode van die AP Kerk besluit dat lidmate wat moontlik kan behoort aan die geheime organisasies t.w. die Vrymesselary nie verkiesbaar is vir diens in die amp van ouderling en diaken nie.

Geen Vrymesselaar wat weier om as sodanig te bedank, sal in die toekoms as lidmaat van die AP Kerk toegelaat word nie. Lidmate wat tans tot die Vrymesselary behoort, moet deur kerkrade bearbei word om as lede van die Vrymesselary te bedank.

DIE CHILIASME

Die begrip 'Chiliasme'
Die Grieks "chilios" beteken "duisend". Onder Chiliasme word verstaan die leer van die "duisendjarige vrederyk" (vgl. Openb. 20: 2, 4). Dit is afkomstig van die skole van die Joodse rabbyne, wat die Messiaanse tyd as een van politieke heerskappy van Israel oor die volke verklaar, 'n tyd van groot voorspoed waarop die wêreldgerig sal volg ('n Studie oor die Judaïsme word aanbeveel.) Hierdie bespiegelinge wek soortgelyke verwagtinge by sommige, waarvolgens die Christelike kerk die verwagte heerlike duisend jaar sal belewe. Ons tref dit by die sg. Apostoliese rigtings, die Russelliete (getuies van Jehowa); die Mormone en allerlei Adventiste aan. Selfs ook lidmate van die gereformeerde kerke huldig die opvatting. Elke rigting het wel sy eie voorstelling van wat die "duisendjarige vrederyk" inhou, maar die hoofsaak is dieselfde (vgl. Van Bruggen, J., *Ja en amen der kerk*, bl. 192).

'n Tweërlei wederkoms van Christus
Chiliasme verkondig 'n tweërlei koms van Christus. Met sy eerste koms sal Hy die anti-christelike magte oorwin, die Satan bind, die gestorwe gelowiges opwek, die gemeente en insonderheid die bekeerde, en na Palestina teruggekeerde Jode, rondom Hom vergader. Die Satan word dan vir 1000 jaar gebind. Gedurende daardie tyd sal Christus met die gemeente oor die wêreld heers en dit sal vir sy volk 'n tyd van geestelike bloei en stoflike welvaart wees. Sommige meen dat Christus vanuit Jerusalem sal regeer; die Mormone dat Hy in Utah, V.S.A., sy setel sal hê en sommige vanuit die hemel. Aan die einde van die duisend jaar, so word geglo, gaan Christus weer na die hemel en die Satan word ontbind. Dan beleef die kerk die laaste en vreeslike tyd van die groot verdrukking, wat beëindig word by die tweede koms van Christus. Alle mense word opgewek en die ewige oordeel vind plaas. Daar is heelwat verskille onderling by Chiliaste oor die duur van die ryk, die aanvang daarvan, die plek van die Jode daarin, ensovoorts.

Skrifbewyse vir die Chiliasme
Die twee sterk pole waarom die Chiliasme draai, is die Ou Testamentiese profesieë oor die "toekoms van Israel" en die boek Openbaring, veral hoofstuk 20.

Kragtens allerlei aanhalinge uit die Ou Testamentiese profesieë word geglo dat Israel deur God as **volk** herstel sal word. Daarmee negeer hulle talle Nuwe Testamentiese uitsprake wat aantoon dat dié bepaalde beloftes in die Nuwe Testamentiese **kerk** vervul is. Ons lees die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament ('n studie oor die verband tussen die twee Testamente en oor die "Wette van Moses en die Judaïsme" sal dié saak in perspektief stel). Dink bv. ook aan Amos 9:11 en Hand. 15:16. Die "herstel van Israel" word hier bv. baie duidelik verklaar as deur die koms van Christus vervul, en dat die Evangelie dan ook deur die heidene aanvaar sou word. Sou die Chiliaste uittrek en sendingwerk onder die Jode doen, sou 'n mens nog iets van hulle leer van die herstel van Israel kon begryp, want buite Christus is alle mense verlore. En indien die Jode in klein of groot getalle tot bekering en geloof in Christus kom, sal ons ons alleen daarin kon verheug. Aan die anderkant sê dit vir die Christen niks, al sou al die Jode op aarde in Palestina woon. (Ons weet natuurlik dat die staat Israel maar 'n klein persentasie van die Jode in die wêreld huisves.) 'n Uitverkorene in die sin van die Nuwe Testament is enkel 'n mens wat in Jesus Christus as sy Saligmaker glo.

Wat Openbaring 20 betref, net enkele opmerkinge: Dit leer nie dat die Satan vir duisend jaar geheel magteloos sal wees nie; slegs dat hy die nasies nie sal kan verlei nie. As hy sy sin kon kry, sou hy lankal die Christelike kerk met wortel en tak wou uitroei. Hy is egter gebind. Daarom kon die Woord van die Here sy gang voltooi oor die aarde in die loop van die geskiedenis. Christus regeer. By sy hemelvaart het

Hy gesê: *Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde ... En kyk Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld* (Mt. 28:18, 20).

Lees 'n mens egter veral die Skrifgedeeltes wat handel oor die wederkoms van die Here, is daar nêrens enige aanduiding van 'n tweërlei koms nie (1 Kor. 15:23-28). Dit is duidelik dat die heerskappy of koninkryk van Christus dieselfde is as die Koninkryk van God waarvan die Nuwe Testament vol is (Kol. 1:13; 4: 11; Efés. 5:5). Hoe sou Christus kon kom soos "? dief in die nag" as die "duisendjarige ryk" so afgeslote sigbaar op aarde belewe word? (1 Thes. 5:1-11).

Perspektiewe
Dit hou geen probleem in dat daar trone in die hemel is en die siele van die wat onthoof is saam met Christus regeer nie. Ons glo immers dat die gesaligdes se siele direk na hulle sterwe opgeneem word tot Christus (Openb. 20:4, *Heidelbergse Kategismus*, Sondag 22).

Ook die eerste en tweede opstanding hou geen probleme in nie. Paulus praat van die sterwe en opstanding in Christus (vgl. Rom. 6 ensovoorts). Ons "eerste opstanding" is die "opstanding in die nuwe lewe" in Christus. Ons was immers dood in ons misdade en sondes. Die "tweede opstanding" is dié van die gestorwe liggame wanneer die wederkoms plaasvind (vgl. Dan. 12:21 en 1 Thes. 4:14-16).

Dit kan net bygevoeg word dat die 1000 jaar 'n afgeslote bepaalde tydperk in die Raad van God is, wat hoegenaamd nie presies 1000 jaar hoef te wees nie. Die boek Openbaring en selfs die res van die Bybel wemel van simboliese getalle, wat nie letterlik opgeneem moet word nie.

Gevolgtrekking: Die leer oor die Chiliasme het binne die gereformeerde oortuiging geen staanplek nie.

(Erkenning: Hierdie bydrae is oorgeneem uit: Booyens, MJ, 1980, *Ons glo en bely*, met erkenning aan Calvyn Jubileum Boekefonds, Noordbrug, en verwerk vir die doel van die sinodale kommissie vir kerkleer en Christelike etiek van die AP kerkverband.)

DIE ISRAELHIPOTESE

Die Israelhipotese interpreteer die Bybel vanuit 'n eie kontekstualistiese perspektief
Mense misbruik maklik die Bybel om te sorg dat hulle persoonlike vooroordele en standpunte 'n Bybelse kleur kry.

So kom die sogenaamde swart teologie met die gedagte na vore dat God altyd aan die kant van onderdrukte swart mense is. Omdat Hy aan die onderdruktes se kant is, is Hy dan ook teen die wit onderdrukkers. Hierdie teologie word "swart teologie" genoem. Die redding van Israel uit Farao se onderdrukking vorm die basis van die aanspraak dat God aan die swart onderdrukte se kant is. Hierdie gedagtes vind neerslag in die sg. Belhar belydenis.

Hierteenoor oorbeklemtoon die Israelhipotese weer die teologie van die uitverkiesing. Hierdie mense glo dat God wit mense bokant swart mense verkies. Witmense, en veral wit Afrikaners, is die uitverkore volk van God. Hierdie mense maak daarop aanspraak dat God altyd aan hulle kant is in hulle stryd teen swart mense. Wit gelowiges is God se uitverkore volk. Hier het ons weer met die sogenaamde "wit teologie" te doen.

In beide gevalle het ons met die sogenaamde kontekstualistiese teologie te doen. Die konteks waarin jy jou bevind, gee aan jou die bril waarmee jy die Bybel lees en vir jou omstandighede interpreteer. As jy jou dan vasloop teen dinge wat in die Bybel staan, maak jy sommer jou eie Bybel.

'n Skeefgetrekte uitverkiesingsleer
Die Israelhipotese maak hulle aan dieselfde sonde as die Fariseërs skuldig. Hulle meen dat God hulle oor hulle afkoms uitgekies het. Met baie twyfelagtige sg. "historiese feite" word ellelange en ingewikkelde geslagsregisters gebruik om Boere-Afrikaners se Israelitiese afkoms te "bewys". Hierdie futiele oefening lei tot geestelike hoogmoed en gewaande meerderwaardigheid. Omdat hulle glo dat hulle fisiese afstammelinge van die sogenaamde tien verlore stamme of dogters van Sion is, dink hulle dat hulle die reg het om hulself as uitverkore volk van God te beskou en sien hulle neer op ander rasse.

Hiermee word die genadekarakter van die uitverkiesing en die geloof in die soenverdienste van Jesus Christus as die *enigste grond van ons saligheid* tot niet gemaak.
Reeds in die Ou Testament is God se uitverkiesing daarin gegrond dat dit 'n daad van sy genade is. In Deut. 7:7 lees ons dat God vir Israel gesê het: *Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke.*

Paulus sluit hierby aan as Hy sê dat Abraham nie deur enige natuurwetmatigheid uitverkies is nie, maar *deur die geloof in die geregtigheid van God* (Rom. 4:13). Dit is ook deur die geloof, en nie deur afkoms nie, dat ons toegang kry tot hierdie genade waarin ons staan (Rom. 5:2).

'n Verwronge siening van die verbond
Op grond van hulle uitverkiesingsleer maak aanhangers van die Israelhipotese daarop aanspraak dat

hulle die ware verbondsvolk is. Dit is inderdaad so dat die Here met Israel 'n verbond gesluit het (Gén. 15 en 17). Die Here sal vir Israel 'n God wees, maar dan moet hulle vir Hom sy volk wees (Gén. 17:8-10). Die feit van die saak is egter dat Israel hierdie verbond met die Here dwarsdeur hulle geskiedenis voortdurend verbreek het. Vanweë hulle verbondsontrou het die Here verklaar dat Hy nie meer aan die verbondsooreenkoms gebind is nie (Hos. 1:2,9 en 2:1 e.v.; Miga 6). Daarom het Hy hulle gestraf en hulle moes in ballingskap gaan (kyk die profete Jesaja en Jeremia). Tydens die ballingskap wys Esegiël die volk daarop dat 'n verbond wat gegrond is op fisiese afstamming nie genoegsaam is nie. Daar sal 'n ander gesindheid by Israel moet wees. Die verbond geld net vir mense wat deur die Here gereinig is van hulle sonde en in wie Hy sy Gees in hulle binneste gegee het deur die hart van klip te verwyder en dit met 'n hart van vlees te vervang (Eség. 36:25-28). In sy genade ontferm die Here Hom weer oor die verslae volk. Uiteindelik moes daar egter van hierdie volk gesê word: *Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n ongehoorsame en teësprekende volk* (Rom. 10:21). Die Here het sy volk nie verstoot nie (Rom. 11:1 en 29), maar hulle is nou alleen lede van die verbondsvolk as hulle hul deur die versoeningsbloed van Jesus Christus laat reinig (Rom. 11:27). Dit is in hierdie sin dat ons van 'n totale nuwe verbond moet praat. In die nuwe verbond is mense nie meer deel van God se verbondsvolk vanweë hulle fisiese afstamming nie, maar vanweë geloof in Jesus Christus:

Want nie hy is 'n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dit is die besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie, maar Hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God (Rom. 2:28-29). Nou is die nageslag van Abraham hulle wat aan Christus behoort en dit geld vir alle mense uit alle volkere en nasies (Gal. 3:26-29 en Kol. 3:11). Christus wat alles nuut gemaak het, het ook die ou verbond nuut gemaak (1 Kor. 11:25 en 2 Kor. 3:3-8).

'n Krasse veroordeling van die algemene Christelike kerk

Die Israelhipotese is baie venynig in hulle oordeel oor gevestigde kerke. Die Afrikaanse Protestantse Kerk word ook deur hulle veroordeel. Teenoor die Israelhipotese moet dit duidelik gestel word dat die kerk die liggaam van Christus genoem word (Rom. 12:4-5, 1 Kor. 12:12-14; Efés. 1:22-23; 4:4; 4:12; Kol. 1:18 en 24), die heilige tempel van die Here (Efés. 2:19-22) die maagd en bruid van Christus (2 Kor. 11:2 en Openb. 21:2 en 9). Hy is die Herder en sy kerk is die kudde (Mt. 26:31; Joh. 10:16; Hand. 20:28-29; Hebr. 13:20 en 1 Petr. 2:25). Daarom bely ons saam met ons Belydenisskrifte dat die heilige, algemene Christelike kerk deur Christus tot stand gekom het, dat Hy die Hoof daarvan is en dat God self sy kerk in stand hou (HK So 21 en NGb Art. 27).

In die lig van die Heilige Skrif en die Belydenisskrifte kan dit nie anders as dat die kerk skerp afwysend moet staan teenoor die wit teologie van die Israelhipotese met sy kontekstualistiese Skrifbenadering, sy skewe uitverkiesingsteologie, sy verwronge siening van die verbond en sy krasse oordeel oor die Kerk van Jesus Christus nie!

DIE BELYDENIS VAN BELHAR

Hierdie belydenis word deur sommige ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika (soos die huidige NG Kerk en die VG Kerk) as 'n vierde belydenisskrif naas die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar. Die AP Kerke aanvaar egter nie dié belydenisskrif nie om verskeie redes:

Historiese agtergrond

Die totstandkoming van die Belydenis van Belhar het nie uit 'n suiwer teologies-godsdienstige motief gespruit nie; selfs nie eers net vanuit die praktiese verhoudingsproblematiek waarmee Suid-Afrika toentertyd geworstel het nie. Ds. T Danzfuss toon in sy boek *Belhar – bely of bestry?* (1998) aan hoe die totstandkoming van dié belydenisskrif saamhang met internasionale organisasies se mobilisering om die destydse drie Afrikaanse kerke, en uiteindelik Suid-Afrika, vanweë die beleid van "apartheid" te isoleer. Op sy beurt is hierdie mobilisering weer gelei deur die motief om afsonderlike volksnasionalismes met 'n internasionalistiese menseregte-oriëntering te vervang. Ds. Danzfuss bespreek dan o.a. die Wêreldraad van Kerke, die Cottesloe-beraad, die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) en in die besonder die vergadering van die WBGK in Ottawa in 1982 (Danzfuss 1998:19-31). Tydens die vergadering in Ottawa is dr. Allan Boesak van die NG Sendingkerk in Suid-Afrika tot president verkies. By dieselfde geleentheid is die NG Kerk en die NH Kerk in Afrika (wat in daardie stadium die beleid van "apartheid" teologies geregverdig het) in baie duidelike taal in diskrediet gebring by die WBGK.

Slegs enkele dae ná afloop van die Ottawa-vergadering is die Sinode van die NG Sendingkerk gekonstitueer. Tydens dié Sinode in 1982 is 'n sg. *Status Confessionis* oor die Kerk se standpunt t.o.v. apartheid aanvaar - wat daarop neerkom dat die kerk in so 'n ernstige staat van besinning oor 'n bepaalde saak verkeer dat dit kan uitloop op belydenisverandering. As uitvloeisel hiervan is die Belydenis van Belhar tydens die daaropvolgende Sinode in 1986 te Belhar aanvaar. Die NG Sendingkerk en 'n deel van die NG Kerk in Afrika het in 1990 op grondslag van die nuwe belydenis verenig tot die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika. Die NG Kerk

is tans (2007) in 'n proses om deel van dié vereniging te word.

Teologiese inhoud

Na sy inhoud bestryk die Belydenis veral vyf hoofpunte: geloof, eenheid, versoening, geregtigheid en gehoorsaamheid. Dit tref dat al hierdie temas reeds in die gereformeerde Drie Formuliere van Eenheid sterk ter sprake kom. Waarom dan 'n addisionele belydenisskrif daaroor? Die rede is omdat dié geskrif 'n *ander teologie* verteenwoordig: die horisontalistiese, humanistiese bevrydingsteologie. Uit ds. Danzfuss se ontleding blyk dit dat veral die begrippe *eenheid, versoening en geregtigheid* nie volgens die ryke Bybelse inhoud soos in die Drie Formuliere van Eenheid hanteer word nie. In ons belydenisskrifte lê **eenheid** op die vertikale vlak, naamlik gelowiges se eenheid in Christus; by Belhar op die horisontale vlak: organisatoriese eenheid. By ons beteken **versoening** allereers die vertikale versoening met God in Christus Jesus; by Belhar kom dít glad nie ter sprake nie en val al die klem op die horisontale versoening tussen mense (die wegneem van skeiding) wat alles *ons* werk word en nie meer die werk van *God* verklank nie. By ons beteken **geregtigheid** dat God self ons saak met Hom in Christus reggemaak het; by Belhar beteken geregtigheid dat God aan die kant van die "verontregte" staan en die kerk óók daar moet staan. Hier kom die stem van die bevrydingsteologie duidelik deur.

Wat leer die Bevrydingsteologie?

Die bevrydingsteologie gaan van die standpunt uit dat God altyd aan die kant van die armes en onderdruktes is. Hoewel ons op grond van die Bybel kan sê dat God in die besonder besorgd is oor diegene wat hulleself nie kan help nie, kan ons nie beweer dat God *altyd* aan die kant van diesulkes is nie. Indien die arme en die onderdrukte in opstand is teen God en sy gesag verwerp, kan hy nie bloot op grond van sy maatskaplike agterstand daarop aanspraak maak dat God aan sy kant sal wees nie – net so min as wat 'n ryke of bevoorregte bloot op grond van hierdie hoedanigheid die noodwendige onguns van God sal ervaar. God gee ag op die wyse waarop 'n mens se hart op Hom gerig is, al dan nie (vgl. 2 Kron. 16:9). Ons totale toestand voor God word bepaal deur die vraag of ons in Christus met Hom versoen is langs die weg van sondebesef, -berou en -belydenis, en die aanvaarding van vergifnis in Christus Jesus. Wie dít nie het nie, kan nie aanspraak maak op God se "kant" nie – of hy nou arm of ryk is.

Vanweë sy agtergrond in die revolusionêre denkklimaat, word dit uiteindelik die mens self wat in die bevrydingsteologie sy "verlossing" (hier: maatskaplike bevryding en nie noodwendig verlossing uit die sonde nie) bewerk deur die strukture wat dié vryheid in die weg staan, omver te werp. Dié horisontalistiese standpunt is baie ver verwyder van die gereformeerde bevrydingsbegrip waar ons slegs deur Jesus Christus (vertikaal) met God versoen word.

Omdat die maatskaplike groepe of klasse wat op die standpunt van die bevrydingsteologie "verlos" moet word, in elke samelewingsituasie weer anders kan wees, is hierdie "teologie" uitgelewer aan die heersende definisie van wie in 'n gegewe samelewingsituasie as "arm" of "onderdruk" te klassifiseer is, en wat as die hindernisse op die weg na "bevryding" geag moet word. Hierdie definisies is totaal veranderlik en 'n "teologie" wat hierop gebou word, word dan net so veranderlik. Die Belydenis van Belhar het inderdaad tans nog net simboliese waarde.

Praktiese betekenis

Die Belydenis van Belhar trek die totale roeping van die kerk weg vanaf die sorg vir die (vertikale) verhouding met God na 'n (horisontalistiese) tyd- en situasiegebonde bevordering van eietydse sosio-politieke sake (tans deur humanistiese menseregtebeskouings bepaal). Deur dié Belydenis word die kerk dus in sy kerntaak prinsipieel uitgelewer aan die grille en giere van die heersende opinie van die dag. Kom dié beginsel ten volle in die praktyk, is die koeël deur die kerk wat die kerk se eie taak en roeping betref en hou hy op om waarlik kerk te wees.

Aan so iets kan die AP Kerk haarself nie uitlewer nie.

HOMOSEKSUALISME

Homoseksualiteit word gesien as die geslagsgemeenskap van persone van dieselfde geslag, 'n man met 'n man en 'n vrou met 'n vrou. Ten opsigte van vrouens word dit ook lesbianisme genoem. Hierdie praktyke staan teenoor die skeppingsorde soos wat God dit ingestel het. Hy het aan die man 'n vrou gegee (Gén. 1:27; 2:22-24) om by hom te pas en sy eweknie te wees. Alleen van hierdie twee (man en vrou) word gesê dat hulle *een vlees* sal wees (Gén. 2:24). Dit beteken o.a. seksuele eenheid. Hierdie verhouding word 'n *heteroseksuele* verhouding genoem.

Wat sê die Skrif van homoseksualisme?

Lev. 18:22 *Met 'n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos 'n mens met 'n vrou het nie. Dit is 'n gruwel.*

Lev. 20:13 *En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word.*

Rom. 1:26,27 *Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne*

skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.
1 Kor. 6:10 *Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete … sal die koninkryk van God beërwe nie.*

Algemene verweer van die homoseksuele
Die mees algemene verweer is dat homoseksualisme alleen sonde is wanneer iemand dit beoefen wat nie homoseksueel is nie. Daar word geredeneer dat sommige mense *so gebore* word en dat dit dan nie *teen hulle natuur* is om homoseksueel te wees nie. Hiermee word gepoog om Paulus se uitspraak in Rom. 1 ongeldig te maak.

Die eerste konsekwensie van so ’n standpunt is natuurlik dat God hulle so gemaak het. Die vraag is dan: As dit so is dat God hulle so gemaak het, waarom verbied Hy dit dan? Waarom sal God iemand met ’n sekere seksuele oriëntasie maak, en dan daardie oriëntasie as sonde veroordeel? Die antwoord is doodeenvoudig: God het geen mens so gemaak nie. Homoseksualisme is een van die gruwelike uitvloeisels van die sondeval en daarom die dood skuldig (Lev. 18,20).

Verder moet ons Paulus se uitspraak in Rom. 1 teen die agtergrond van Gén. 1 en 2 verstaan. Dáár word die grondbeginsel van wat natuurlik is gestel, met ander woorde wat die skeppingsorde is wat God daar gestel het. Gén. 1 en 2 beskryf God se bedoeling vir die mens se seksualiteit. Daarom word alle ander vorme van seksualiteit wat hierteen bots, deur God veroordeel: homoseksualiteit, biseksualiteit, prostitusie, bloedskande, owerspel, ensovoorts. Die sonde van Rom. 1 bestaan dus daarin dat die orde wat God by die skepping van die mens vasgestel het, omgekeer word deur die natuurlike geslagsverkeer tussen man en vrou te vervang met die onnatuurlike/teen-natuurlike geslagtelike omgang tussen ’n man en ’n man, en ’n vrou en ’n vrou.

God se oordeel
’n Heteroseksuele verhouding, ’n huwelik tussen ’n man en ’n vrou, is ’n skeppingswerklikheid en daarom word homoseksualisme so sterk deur die Bybel veroordeel. In die OT word beveel dat mense wat hierdie sonde begaan met die dood gestraf moet word. In die NT leer ons dat God diesulkes uitsluit uit die koninkryk van die hemele. Meer nog, Rom. 1 sê dat die Here nie net diegene straf wat hierdie sonde doen nie, maar ook hulle wat dit goedpraat of hulle goedkeuring daaraan gee.

Ons verantwoordelikheid
Ook teenoor die homoseksuele het die kerk ’n bepaalde verantwoordelikheid. Net soos enige ander persoon wat in ’n sonde verval het, moet daar met groot deernis, maar ook met besliste vermaning teenoor hierdie mense opgetree word. Die Bybelse weg van bekering, berou en ’n staak met die sonde moet duidelik aan hulle uitgewys word. Indien daar egter volhard word in die sonde word daar, net soos met enige ander lidmaat, met die tug opgetree.

Huwelike tussen homoseksuele
Wanneer die “huwelik” tussen homoseksuele ter sprake kom, moet ons besef dat die Woord van God sodanige verbintenisse totaal verbied. Voetius het gesê dat God nie wil hê dat gelowiges met onheiliges en veragters van sy verbond moet trou nie, maar vermaan ons om “in die Here” te trou (Deut. 7:4; 1 Kor. 7:39). Ons moet dus besef dat die huwelik nie los staan van God se verbondseise en verbondsbeloftes nie. Juis daarom mag die kerk nooit ’n huwelik bevestig wat in stryd is met God se verbond – sy opdragte in sy Woord – nie. Homoseksualisme is in stryd met die Skrif en daarom is so ’n “huwelik” verbode.

Verder is die huwelik ’n afbeelding van die verhouding tussen God en sy volk/gelowiges. In die OT het God sy verbintenis met Israel vergelyk met ’n huwelik. God is die man wat vir Hom ’n bruid (Israel) geneem het. Ook in die NT word hierdie beeld gebruik. Hier is Christus die Bruidegom en sy kerk die bruid. In elkeen van die tekste wat hieroor handel, en daar is oneindig baie, word manlike en vroulike woorde gebruik om hierdie “huwelik” uit te druk.

Laastens kan ook die *doel* van die huwelik, volgens die Skrif, aangevoer word as bewysgronde waarom ’n homoseksuele “huwelik” ontoelaatbaar is (ons noem sleg twee):
1. *Man* en *vrou* moet binne die huwelik tot eer en verheerliking van God leef (Gén. 2:24; Efés. 5:28-30). ’n “Huwelik” tussen man en man of vrou en vrou kan nie tot eer van God wees nie – juis omdat dit in stryd is met die Skrif.

2. Deur die huwelik moet die menslike geslag *gebou* word (Gén. 1:28; 9:1-7). In ’n homoseksuele “huwelik” is dit onmoontlik.

AANBEVELINGS
3.2.2.1 Die Sinode keur die *Toelatingsgesprek* soos deur die KKCE opgestel, goed.

3.2.2.2 Die Sinode besluit dat die *Toelatingsgesprek* met alle nuwe voornemende lidmate uit erkende kerke hanteer moet word.

3.2.2.3 Die Sinode besluit om die publikasie *Ontmoet die Afrikaanse Protestantse Kerk* grondig te hersien en die *Toelatingsgesprek* daarin op te neem. Die volkseie karakter van die AP kerkverband en ons besluit rakende die Nuwe Afrikaanse vertaling moet hierin duidelik uitgespel word.

3.2.2.4 Die Sinode besluit dat elke persoon wat aansoek doen om lidmaatskap by 'n plaaslike AP Kerk eers die publikasie *Ontmoet die Afrikaanse Protestantse Kerk* onder oë moet neem voordat die gesprek met die ouderlingraad plaasvind. Die gesprek aan die hand van genoemde publikasie sal aan die ouderlingraad duidelikheid gee of die aansoekers wel die beginsels van die AP kerkverband kan onderskryf.

3.2.2.5 Die Sinode besluit dat kerkrade hul lidmaatskapaansoekvorm so sal wysig dat nuwe aansoekers die inhoud van die publikasie *Ontmoet die Afrikaanse Protestantse Kerk* met hul handtekening kan onderskryf.

3.2.2.6 Die Sinode besluit om die volgende toevoeging by Art. 4 van die Kerkorde te maak:
4.5 Persone wat uit ander gereformeerde kerke aanmeld vir opname in die plaaslike AP gemeente, ontmoet eers die ouderlingraad (leraar of wyksouderling) met die oog op 'n gesprek. Tydens hierdie gesprek word die publikasie *Ontmoet die Afrikaanse Protestantse Kerk* puntsgewys hanteer. Na afloop van die gesprek onderteken die voornemende lidmate die *Lidmaatskapaansoekvorm*.

4. BESKRYWINGSPUNTE

4.1 Beskrywingspunt ontvang vanaf die predikantekonferensie

Die SKK/KKCE word versoek om die Sinode van 2007 te dien met 'n studiestuk oor die identiteit van die AP Kerke as Gereformeerde kerke van Christus binne Afrikaner volksverband in 'n post-apartheid en post-moderne Suid-Afrika.

4.1.1 Die kommissie antwoord soos volg:

Daar was twee wyses waarop die KKCE hierdie beskrywingspunt kon hanteer, die een 'n kliniese studie van tendense en mooi uitgewerkte definisies van elke toepaslike saak, die ander 'n "hand in die boesem steek"-ondersoek na die werklike stand van sake in die AP Kerke. Na twintig jaar van kerkwees is hierdie beskrywingspunt voorwaar gepas, want dit vra die vraag: Waar staan ons na twintig jaar?

Die beskrywingspunt vra na 'n identiteitsbepaling van die AP Kerke as gereformeerde kerke van Christus binne Afrikaner volksverband. Dit beteken dus dat ons moet vasstel *wie ons is* en *waarheen ons op pad is*.

A. WIE IS DIE AP KERKE?

Die vasstelling van 'n eie identiteit is nie net vir elke mens van groot belang nie, maar ook vir die kerk. Ook die kerk van Christus moet bepaal wie sy is en waarheen sy op pad is. Dit beteken dat ook die kerk tyd moet maak vir selfondersoek, tyd maak om haarself te vra: Wie is ek, wat wil ek wees en hoe gaan ek dit bereik?

As ons dan eerste kyk na wie ons is, sal ons moet vra: Waar kom ons vandaan en hoe het ons tot hier gekom? 'n Belangrike beginsel wat ons dus nou al moet stel, is dit: Ons verlede, ons herkoms, is bepalend vir ons *hede* (wie is ons?) en vir ons *toekoms* (waar gaan ons heen?)

Ons verlede en herkoms is nie moeilik om te bepaal nie, ons is kinders van die Hervorming en meer spesifiek van die gereformeerde lyn. En in die bepaling van ons identiteit sal ons moet besluit of ons ons hiervan wil losmaak.

In die hervormingstyd is daar drie belydenisskrifte gebore wat bepalend geword het vir wat as gereformeerd aanvaar word en wat nie. Al drie hierdie belydenisskrifte (HK, NGb, DL) is deur die eeue deur die gereformeerde kerke as die volle leer van die saligheid erken. Dit is juis die handhawing van hierdie gereformeerde belydenisskrifte wat die gereformeerde kerke deur die eeue as wapen gedien het teen die dwaalleer van die Roomse- en charismatiese kerke en ander afwykinge.

En juis omdat hierdie belydenisskrifte die Bybelse waarhede so pragtig naspreek, kan 'n kerk nie 'n gereformeerde kerk wees as dié belydenis nie erken of verwaarloos word nie. 'n Blote kennis van die belydenis, sonder dat dit in die hart en siel van die kerk waarneembaar is, is nie genoeg om van 'n kerk 'n gereformeerde kerk te maak nie. Gereformeerd beteken belydenisgebonde, juis omdat dit die Skrifinhoud waar en reg weergee.

Om hierdie saak verder uit te bou, moet gesê word dat daar uit die belydenis, en daarom uit die Skrif self, sekere beginsels na vore kom wat vir die kerk belangrik is om te handhaaf. Dit is die handhawing van hierdie beginsels wat 'n kerk onderskei as 'n gereformeerde kerk. Ja, slegs kerke van gereformeerde belydenis handhaaf hierdie beginsels.
Ons stel dit kortliks:

Sola Scriptura
Tradisioneel word die *Soli Deo Gloria* eerste genoem en hanteer, en dit is goed so, want die eer van God is van kardinale belang in die gereformeerde geloofsleer. Maar wat belangrik is om te onthou, is dat as ons nie die *Woord* het nie ons hierdie God nie kan ken en eer nie. Daarom is dit ook so dat in die gereformeerde dogmatiek die openbaring, die Skrif, dikwels eerste hanteer word.

Skrifbeskouing is van kardinale belang in die gereformeerde leer. Alles wat ons as gereformeerdes

glo, ons ganse teologie, rus op hoe ons die Skrif verstaan en verklaar. Daarmee kom natuurlik ook die vraag na die Skrifgesag aan die orde.

Volgens die gereformeerde beskouing word die beginsel van *Sola Scriptura* gehandhaaf. *Alleen die Woord van God*, en geen ander geskrif of openbaring, kan vir ons enige iets openbaar van God of sy wil vir ons lewens nie. Ons bely dat God Hom ook in die natuur openbaar, maar sedert die sondeval kan hierdie "openbaringsboek" slegs deur die bril van die Skrif gelees word. Art. 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verwoord duidelik wat ons as gereformeerdes van die Skrif glo. Hierdie Woord is ononderhandelbaar die Woord van God omdat dit van Homself uitgegaan het. Hy is die oorsprong daarvan. Daarom het dit *gesag*, Goddelike gesag. En juis omdat dit Goddelike gesag het, is die Bybel ook *betroubaar* en *genoegsaam* en *duidelik*. Daarom is die Skrif die finale maatstaf vir die leer en lewe van die kerk. Dit is ook die middel waardeur Christus sy kerk regeer. Onderwerping aan die Skrif is dus onderwerping aan Christus se regering.

Om gereformeerd te wees, beteken dus om die gesag van die Skrif te aanvaar. Nie net wat sekere dele betref nie, maar die ganse Skrif moet as Woord van God aanvaar en geglo word. Dit gaan dus nie net om die *sola* nie, maar ook om die *tota*. Die volle *totaliteit* van die Skrif is deur God ingegee en daarom mag 'n gereformeerde hom nie skuldig maak daaraan dat, soos by die Skrifkritiek, self besluit word wat Woord is en wat aanvaarbaar is en wat nie.

Soli Deo Gloria

Tydens die hervorming was die *eer van God* 'n uiters belangrike saak wat deur Calvyn aangespreek is. Vir Calvyn was die vraag: Hoe kry God die eer, van allergrootste belang. Dit het op so 'n wyse deurgewerk in die hervorming dat God se eer altyd voorop moes staan.

Vandag nog is dit 'n kernbeginsel in die gereformeerde belydenis. Dit is so 'n integrale deel van ons leer dat as enige aspek van die leer aangetas word, die eer van God in die gedrang kom. Juis daarom is dit die eer van God wat deur die post-modernisme die meeste aangetas word. Want elke keer as die mens tot sogenaamde nuwe insigte kom rakende die sake van die Skrif en nuwe uitlegte soek vir die dele in die Woord, waaroor mense nie wil buig nie, is dit die eer van God wat daaronder ly.

Die AP kerkverband sal haarself moet afvra of God nog werklik in ons kerkwees die eer kry? As daar in gemeentes geveg en getwis word, is dit tot eer van God? As kerkrade en dominees hulle nie steur aan Sinodebesluite nie, is dit tot eer van God? As predikante ander standpunte ten opsigte van leersake handhaaf as wat deur die kerke in kerkverband in haar belydenisskrifte onderskryf word en dan hulle eie beskouinge nog in die gemeente leer, is dít tot eer van God?

Omdat God die Ewige, Onbegryplike, Onsienlike, Onveranderlike, Oneindige, Almagtige God is, daarom moet ons voor Hom buig; daarom moet ons ons plek ken; daarom moet ons in afhanklikheid aan Hom al die eer gee.

Sola Gratia/Sola Fides

Die hervorming het begin met die worstelstryd van Luther oor die vraag: wanneer word ek so heilig dat God my regverdig verklaar? Met ander woorde, hoe word ek salig? Hoe word ek gered? Hierdie stryd in hom het bedaar toe hy tot die wonder-ontdekking gekom het dat sy redding 'n saak was van *genade alleen* en *geloof alleen*.

Sedert die hervorming onderskei ook hierdie beginsel die gereformeerde kerke van die ander kerke. Nie die werke (Rooms) of die vrye wil (sektes) of enige ander hoedanigheid wat die mens in homself besit, kan sy saligheid voor God verdien nie.

Niemand wat homself 'n gereformeerde noem, mag die *totale verdorwenheid* van die mens (Rom. 3:10,11; HK v/a 5) en dus sy totale onvermoë tot die goeie uit eie krag, uit die oog verloor en die geloof en die redding van die mens van sy keuse afhanklik maak nie. God is nie *afhanklik* van die mens sodat eers wanneer hy die ja-woord gegee het God in hom kan kom woon nie. So 'n leer beroof God op 'n verskriklike wyse van sy eer en vertrap die waarheid van die Skrif op 'n ongevoelige wyse.

As gereformeerdes is ons oortuig daarvan dat God in sy algehele vrye raad, voor die grondlegging van die wêreld, vir Hom kinders gekies het en dat slegs hulle die genade ontvang om te glo (DL 2:8). Verder, dat God hierdie genade *onweerstaanbaar* in die harte van die uitverkorenes werk, sodat elkeen van hulle daadwerklik sal glo (DL 3&4:12). Ons bely ook dat die Getroue God al die uitverkorenes met sy Gees versterk en ons so tot volharding in die geloof bewaar (DL 5:8,9).

As gereformeerdes moet ons dus die Roomse en charismatiese gedagtes dat die werke en die vrye wil enige betekenis voor God het, verwerp. Wie glo dat jy gered kan word op grond van enige iets wat jy aan God kan bied; wie glo dat jy gered kan word deur net 'n keuse vir die Here te maak; wie glo dat jy gered kan word deur die een of ander bydrae te lewer; wie glo dat God se redding eers vir jou 'n werklikheid kan word as *jy* daarvoor "ja" gesê het, is nie gereformeerd nie.

Wie bogenoemde glo, beroof God van sy almag en sy eer in die redding van die mens. Wie bogenoem-

de glo, forseer die mens na die middelpunt van sy redding, ten koste van God se uitverkiesing en die soenverdienste van Jesus Christus. Die Skrif is duidelik dat ons alleen deur Christus (*Solus Christus*) gered kan word. Daarom is dit nie my geloof nie, maar God se genade; nie my keuse nie, maar God se beslissing; nie my werke nie, maar Christus se volmaakte werke wat my toegereken word.

Vanweë die beperkte spasie is dit onmoontlik om die bogenoemde sake verder in diepte te hanteer. Drie ander belangrike beginsels moet ook hier inkort hanteer word. In die AP Kerke moet daar altyd die soeke wees na eenheid in *leer*, *orde* en *diens*:

Lidmate van die AP Kerke moet die belydenisskrifte eenders verstaan. Dink maar aan die feit dat ander kerke in ons land wat tradisioneel ook tot die gereformeerde kerkfamilie behoort, bepaalde kernaspekte van die belydenisskrifte op ’n totaal ongereformeerde wyse vertolk, bv. die belydenis dat Christus uit die dood opgestaan het.

Verder moet die belangrikheid van die gereformeerde kerkorde en kerkreg onderstreep word. Kerke wat in kerkverband met mekaar lewe, kan nie een kerkverband genoem word as hulle nie dieselfde kerkorde handhaaf nie. Daarom is dit absoluut noodsaaklik dat alle gemeentes, lidmate, kerkrade, ringe en kommissies by die aanvaarde Kerkorde hou. Anders ontstaan willekeur en wanorde en twiste wat die eenheid binne die kerkverband vernietig.

’n Laaste saak wat hier gemeld moet word, is dat binne een kerkformasie eenheid in die wyse van die erediensinrigting moet bestaan. Predikante het nie die reg om die erediens so in te rig dat dit vreemd word aan die reëlings van die AP Kerke by wyse van sinodebesluite nie. Iemand wat een van ons eredienste besoek, moet nie wonder of dit ’n charismatiese erediens, of ’n sektariese een is nie.

Die kommissie oordeel dat met bogenoemde beginsels in gedagte ons nou ’n formulering kan maak van wie die AP Kerke wil wees:

Vanuit ons agtergrond wil die AP Kerke gereformeerde kerke wees wat:
1. aan God bo alles die eer gee;
2. die absolute gesag van die Skrif aanvaar;
3. die gereformeerde belydenis handhaaf;
4. kerk van Christus binne die Afrikanervolk is.

Die vraag is nou of die AP Kerke werklik aan dit alles voldoen? Dit is juis waarna die beskrywingspunt vra: Het die post-modernisme en die post-apartheid Suid-Afrika ’n effek op die bogenoemde strewe? Het ons nog dieselfde beginsels voor oë as tydens stigting? Is die AP Kerke nog getrou aan die gereformeerde belydenis? Hierdie sake sal prakties en van naderby ondersoek moet word.

Post-modernisme

Die twintigste eeu het die moderne mondige mens opgelewer. Hierdie mens het homself ontworstel aan sy religieuse en morele bande en in homself mondig geword sodat hy self kon besluit wat reg en verkeerd is. Sy eie wêreld was sy norm. As ons dan praat van die post-modernisme, gaan dit oor ’n verskuiwing wat in die mens se denke plaasgevind het. Nou was daar geen absolute norme nie. Geen absolute waarhede bestaan meer nie. Sy eie vermoë het ook nie antwoorde gebring nie. Selfs die Skrif word nie as norm aanvaar nie. Dit lei daartoe dat die situasie (konteks) waarbinne besluite geneem moet word meespreek om tot besluite te kom. So volg dit dan dat niks regtig reg of regtig verkeerd is nie. Geen saak is net wit of net swart nie, alles is grys. Jy kan nie met groot stelligheid beweer dat jy alleen reg is nie, iemand met die teenoorgestelde standpunt kan ook reg wees. En uiteindelik word dan gesê dat die Christelike godsdiens nie die enigste godsdiens is wat reg is nie. Die Christendom kan nie daarop aanspraak maak dat Christus die enigste weg tot saligheid is nie, ander godsdienste voel dieselfde oor hulle gode.

Die effek van die post-modernisme is duidelik in ons samelewing te sien. Van alle kante word die aanslag teen die Christelike waardestelsel geloods. Bybelse beginsels en lewenswaardes word afgebreek omdat dit die mens te veel aan bande lê. Duidelike voorbeelde hiervan is die wêreldwye stryd vir die regte van die homoseksuele, aborsie en die toenemende saamwoon van ongetroudes. Dit het selfs tot binne die mure van sekere gereformeerde kerke gekom. Hierdie is seker die duidelikste voorbeeld van die effek van die post-modernisme op die kerk. Want ten spyte van die feit dat die Woord van God sê wat reg is, pas dit nie in by die mens se lewensomstandighede nie.

Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat deur die invloed van die post-modernisme alle Bybelse waardes afgebreek word en met nuwes vervang moet word. Nuwe waardes wat die mens sy vryheid gee en sy lewenskonteks dien.

Met dit gesê, mag die AP Kerke hulself nie onskuldig ag en skotvry wegstap nie. Ons sal hand in eie boesem moet steek. Ons sal moet vasstel of die postmodernisme ook in ons kerke ’n vastrapplek gekry het. Om dit te bepaal, sal ons na twee sake moet kyk, naamlik die *formele* en die *konkrete* kerkwees.

Die *formele kerkwees* raak ons formele sinodebesluite. Dit beteken dat ons moet bepaal of die AP Kerke formeel gereformeerd is en of die post-modernisme ons besluite beïnvloed het. Oor hierdie saak, kan ons met groot gerustheid sê dat die AP Kerke formeel gereformeerd is. Wat ons Bybelvertaling, ons belydenisskrifte, ons Psalm- en Gesangeboek,

ons Kerkorde asook ander besluite oor Bybelse en etiese sake betref, het die Sinodes nog altyd, deur die genade van die Here, hulle so deur die Gees laat lei dat Bybels verantwoordbare besluite geneem is. Hierin lê 'n groot stuk genade opgesluit, want sonder om 'n in diepte studie te gaan maak, kan ons sê dat ons sinodebesluite en Kerkorde die Bybel en belydenisskrifte getrou napraat en as absolute waarheid aanvaar.

Dit bring ons dan by die tweede saak, naamlik ons *konkrete kerkwees*. Dit beteken: Vind die gereformeerde belydenis neerslag in ons gemeentes? Is ons predikante en kerkrade en gemeentes so besiel en deurdrenk met die strewe om Skrifgetrou te wees, dat die formele besluite van die kerkverband prakties deur hul uitgeleef en toegepas word? Met ander woorde, is ons werklik wat ons sê ons is, naamlik *'n Gereformeerde kerk van Christus*?

Om die effek van die post-modernisme op ons kerkverband te bepaal, sal ons moet gaan kyk na hoe die belydenis en die sinodebesluite prakties deur die gemeentes uitgeleef en toegepas word.

Dit is helaas ook 'n werklikheid binne die AP kerkverband dat die post-modernisme ons in sy greep het. Sommige kerkrade en dominees probeer om in die bediening van die gemeentes so ver as moontlik die weg van die minste weerstand te kies. Bybelse waarhede wat nie inpas by hoe ons graag ons gemeente wil inrig nie, word eenvoudig geïgnoreer. Lidmate wat in sonde lewe, word verdra ter wille van die "rustigheid" in die gemeente. Die verbreking van die gebooie van die Here word nie meer as so ernstig beskou nie. En daar is etlike voorbeelde om hierdie stellings te staaf, ons noem net enkeles: Die optrede teen lidmate wat nie meer eredienste toe kom nie, die metodes om fondse te in deur gelukspeletjies, die wegsteek van gemeentefondse ten einde nie 15% daarop te betaal nie. Lidmate word toegelaat om in openbare sondes te leef en nie die dominee of die ouderlingraad kom hulle verantwoordelikheid na deur daardie lidmate aan te spreek nie.

Amptelik veroordeel ons die post-modernisme, maar in baie gemeentes is die tekens daarvan duidelik sigbaar. Omdat die gesag van die Skrif deur die wêreld ontken word (post-modernisme), het ons nie meer die vrymoedigheid om die lidmate aan te spreek nie. Die post-modernisme het ons skaam gemaak om te sê: Die Bybel sê só of die Here verwag van ons om só te leef! Ons pas nie die Bybelse beginsels toe nie, want ons wil nie graag aanstoot gee nie. Lidmate se lidmaatskap en tevredenheid in die gemeente is vir ons belangriker as die eer van God. As hulle net 'n goeie rede kan aanvoer waarom hulle 'n bepaalde sonde doen, "verstaan" ons sy/haar probleem en doen verder niks om hulle met die sonde te laat breek nie. So word lidmate toegelaat om vir maande en selfs jare in 'n sonde voort te leef sonder dat daar met die tug opgetree word. Sulke lidmate gebruik selfs die nagmaal en so bring die ouderlingraad die toorn van God oor die hele gemeente (HK v/a 82)!

Ouderlingrade is so bang dat hulle lidmate gaan verloor dat hulle eerder die sonde duld. Die Here kan maar van sy eer beroof word en sy aansien en soewereiniteit verloor, solank ons net nie lidmate (veral die rykes) verloor nie. Ons dominees faal net so droewig hierin, want deur die lidmaat nie aan te spreek nie sê ek: Die Here is nie vir my so belangrik dat ek myself sal blootstel om ongewild te word nie.

Die post-modernistiese invloed op ons gemeentes het al heelwat verder gegroei as wat ons graag sal wil toegee. Ons antwoord hierop is die erkenning van die Woord as die absolute waarheid en 'n naleef van die waarheid.

Post-apartheid

Vanaf 1994 het daar 'n gees van *verslaenheid* onder ons volksgenote begin leef. Baie mense, en baie AP Kerk lidmate, se harte het koud geword vir die volk en volksake. Dit kan miskien toegeskryf word aan die trauma wat beleef word vanweë die gevoel van magsverlies, asook die feit dat die media baie suksesvol gebruik is om 'n *skuldgevoel* by die Afrikaner te kweek, nie net 'n skuldgevoel oor sy Afrikanerskap nie, maar ook oor sy Christenskap.

Bogenoemde het meegebring dat baie mense skaam geword het oor wat die Here van hulle gemaak het, nl. Christen-Afrikaners. Daaronder het hulle Christenskap sowel as hulle Afrikanerskap geweldig gely. Wat die Christenskap betref kan die gevolge van die post-modernisme duidelik gesien word deurdat daar nie meer 'n trots is om Calvinisties gereformeerd genoem te word nie. In 'n wêreld waar alle godsdienste gelyk gestel word en dit in die skole geleer word, is mense al so sensitief om uit te staan as Christene (gereformeerd?) dat hulle eerder konformeer en deel word van die sisteem.

Waarom? Omdat ons geleer het om ons te skaam. Toe die meeste Christenkerke in die land beswaar maak teen die nuwe onderwyswetgewing en sê dat dit ons Christelike waardes ondergrawe, sê Kadar Asmal dat ons 'n spul regse fundamentaliste is, dieselfde as wat met vliegtuie in die wêreldhandelsentrum vasgevlieg het. En die gevolg? Ons val in by die sisteem omdat ons onsself nie wil blootstel of onpopulêr wil wees nie.

In die post-apartheid Suid-Afrika is ons al so gebreinspoel om nie anders te wees nie en om deel te neem aan die sisteem, dat ons nie eers meer agterkom dat ons besig is om selfs binne die mure van die AP Kerke hierdie skuldgevoel uit te leef nie. Ons

trots op ons Christenskap en ons volkwees is *verruil* vir ’n *jammer-dat-ek-my-eie-standpunt-het* houding. Ons moet besef: Ek is nie ’n Christen omdat ek gekies het om een te wees nie. Ek is nie ’n Afrikaner omdat ek gekies het om een te wees nie. Ek is ’n Christen omdat God my uitverkies het. Ek is ’n Afrikaner omdat God my binne hierdie volk geplaas het. *Ek is wat ek is deur die genade van die Here*. Wie dan skaam is of ’n ekskuus-ek-leef houding het ten opsigte van sy/haar Christenskap of Afrikanerskap, is skaam oor wat die Here jou gemaak het.

’n Skeeftrekking waarteen natuurlik gewaarsku moet word, is die oorbeklemtoning van ons Afrikanerskap ten koste van ons Christenskap. Die kerk mag nie tot ’n volksorganisasie verword nie. Die grens tussen kerk en volk moet gehandhaaf word. Die kerk mag nie misbruik word om sekere politieke ideale te verwesenlik nie. Veral in die AP Kerke moet ons hierteen waak.

Daarmee word nie gepleit vir ’n skeiding tussen kerk en volk nie. Die een kan nie sonder die ander nie. Ons is immers ’n Gereformeerde kerk onder die Afrikanervolk. Daarom is dit van kardinale belang om die gereformeerde beginsel te verstaan dat die kerk die verantwoordelikheid het om mee te werk aan die heiliging van die volkskultuur. Dit bring vir die kerk die verantwoordelikheid mee dat sy binne hierdie bepaalde volk altyd vermanend en rigtingwysend sal optree.

Onderwys

Die regering weet baie goed dat hulle die kinders moet beïnvloed om hulle sieninge blywend te laat voortbestaan. Die onderwys is daarom geweldig belangrik want hier word die kind gevorm en geïndoktrineer om goeie burgers van ’n reënboognasie te word.

Mens dank die Here vir onderwysers (en hoofde) van staatskole wat nog alles doen wat hulle kan om hulle onderrig te gee op ’n wyse wat die Here behaag. Daar is ontsaglike waardering daarvoor. Die vraag is natuurlik hoe lank hulle daarmee sal kan volhou, aangesien daar van owerheidsweë toenemende druk sal kom om dit te verhoed. In sommige provinsies is die plaaslike onderwys-ministerie reeds besig om onderwysers se lesinhoude stiptelik na te gaan en te kontroleer of hulle by die voorgeskrewe inhoud hou. Op die lange duur sal elke onderwyser eenvoudig verplig word om die voorgeskrewe leerinhoude te doseer en net daarby te bly. Sou hulle weier, sou hulle poste in gedrang kom. Waar onderwysers reeds deur hulle hoofde en deur voorskrifte van die Onderwysdepartement moes swig, word dit die roeping van die ouers om in massa hulle teen die godsdiensgelykheid uit te spreek en te weier dat hulle kinders daaraan blootgestel word. Ouers behoort dan geen kompromie te aanvaar nie, want ons moet ons doopbelofte nakom. Die “laat onderrig” beteken nie net by die kerk nie, maar ook by die dagskole. Dit beteken tog dat ek as verbondsouer verantwoordelik is om toe te sien dat my kind Christelike opvoeding ontvang – nie net by die kerk nie, maar ook in die dagskole.

Die vorige regering het tot ’n mate hierdie verantwoordelikheid vir die ouer nagekom. Alhoewel elke vak op skool nie noodwendig Christelik ingerig was nie, was daar nie dinge in die leerplanne wat gestry het teen ons Christelike beginsels nie. In die post-apartheid Suid-Afrika het die sake egter radikaal verander. Skoolleerplanne word nou post-modernisties, humanisties, multi-kultureel en multi-godsdienstig opgestel. Verbondskinders word gekonfronteer met ideologieë en wêreldbeskouinge waarteen hulle nie opgewasse is nie. Die amptelike doelstelling van die regering met die onderwys is om die kinders in die skole multi-kultureel en multi-godsdienstig te laat aanpas. Hier moet egter besef word dat blote Bybelonderrig in ’n staatskool nie van die skool ’n Christelike skool maak nie, nog minder die leerplan verchristelik.

Ons moet besef dat as ons ons kinders in die staatskoolstelsel laat grootword, ons hulle kan verloor vir ons kerk en ons volk. Die staat het nie ten doel om van ons kinders goeie AP-kaners te maak nie, maar goeie nuwe Suid-Afrikaanse burgers. In groot bewoënheid moet ons dan sê dat ouers, en veral leraars, wat dit nie besef nie, of wat vir watter rede ook al nie moeite doen om hulle kinders in ’n Christelike skool te laat onderrig nie, besig is met *volksmoord*. Meer nog, hulle is onwetend besig om mee te werk aan die moordaanslag op die gereformeerde geloof in hulle kinders se harte.

In die post-apartheid Suid-Afrika sal ons met baie groter sorg moet omgaan met die opvoeding van ons verbondskinders. Christelike gereformeerde Calvinistiese onderrig is wat ons aan ons kinders verskuldig is, en met hierdie saak sal ons moet erns maak as ons nie wil hê dat die AP kerkverband na die volgende twintig jaar net uit ou mense gaan bestaan nie. Volkseie skole moet uitgebou en ondersteun word as alternatief vir die gevaar van staatskole.

Volksliefde

Die volgende saak wat in die AP Kerke skade gely het in die post-apartheid Suid-Afrika, is ons volksgevoel en volksliefde. Lidmate, dominees en kerkrade ondersteun nie meer maklik volksake nie. Volksake word baie maklik afgemaak as politiek en dan dink ons dat ons geen verantwoordelikheid daarteenoor het nie.

Dit bring natuurlik die vraag aan die orde of die AP Kerke nog ’n volkseie kerk wil wees? Wil ons ’n

gereformeerde kerkverband wees onder die Afrikanervolk of onder die Afrikaanses? Besef ons ons geweldige verantwoordelikheid? Hoe kan jy onder jou volk arbei as jou eie hart nie warm vir hierdie volk en haar volksake klop nie? Wie deel wil wees van die AP kerkverband moet homself dus eers hieroor verantwoord!

Ons moet besef dat daar nog net een gereformeerde kerkverband in Suid-Afrika is wat uitsluitlik fokus op bediening onder die Afrikanervolk, en dit is die AP Kerke. Dit plaas 'n geweldige verantwoordelikheid voor ons deur. Dit beteken dat dit ons onderneming is om hierdie volk, waarvan God ons deel gemaak het, te bedien met sy Woord. Deur ons bediening onder die volk moet ons haar lei tot meer toewyding aan haar Skepper; sy moet deur ons diens tot ware verootmoediging voor die Here gebring word; deur ons voorbeeld en ons liefde vir ons God en ons volk moet ons haar dieper inlei in 'n lewe van totale oorgawe aan die God van ons vadere.

B WAAR GAAN ONS HEEN?

'n Persoonlike woord:
Miskien is hierdie 'n te sombere prentjie van die hart van die AP kerkverband, maar hand in eie boesem steek was nog nooit lekker nie. Miskien is u ontsteld nadat u hierdie dinge gelees het. Miskien is u verlig dat hierdie sake aan die orde gekom het tydens die Sinode.

Miskien word ons deur 'n beskrywingspunt soos hierdie gedwing na 'n *kruispad* in ons kerkwees. 'n Beskrywingspunt soos hierdie vra: lidmaat, dominee, hoort jy regtig hier tuis? Is die AP Kerke gereformeerd genoeg vir jou? Is jý gereformeerd genoeg vir die AP Kerke?

Ons moet nie onder die illusie lewe dat elke plaaslike kerk kan maak soos hy wil nie. Kerkverband beteken dat elke gemeente gebind is om sinodebesluite uit te voer. Dit beteken dat die basiese inrigting van elke gemeente dieselfde behoort te wees. Dit is 'n onreg en groot hartseer in baie lidmate se lewens dat as hulle van gemeente A na gemeente B verhuis, hulle hulself skielik ontuis voel in die AP Kerk. Gemeente A kan tog nie 'n charismatiese erediens hou en gemeente B 'n gereformeerde erediens nie. A kan nie 'n "oop" nagmaal bedien waar elkeen welkom is, maar B volg die Kerkorde en sinodebesluite, na nie. A mag nie leervryheid duld, maar B se ouderlingraad waak getrou oor die suiwerheid van die leer nie. Kerkrade en veral leraars moet besef dat kerkverband nie 'n saak is van eie voorkeure nie. Dominees moet kerkrade begelei om getrou die beginsels van die AP Kerke, waaroor ons op Sinodes ooreengekom het, in hulle gemeentes toe te pas en hulle nie self skuldig maak daaraan dat hulle in elke nuwe gemeente maak net soos wat húlle wil nie.

Ons moet een saak baie goed in gedagte hou: As ons hierdie dinge in ons kerkverband belangeloos oor die hoof sien, sal dit beslis later neerslag vind in ons sinodebesluite. As ons hierdie sake gedagteloos oorkyk, sal die invloed en gevolge van die post-modernisme en die post-apartheid Suid-Afrika sy greep steeds dieper op die AP kerkverband inslaan en sal ons later nie meer suiwer gereformeerd wees nie. Dan is die laaste gereformeerde kerk onder die Afrikanervolk ook besmet met die invloede van die post-modernisme.

Wat hierdie sake betref staan ons dus voor twee keuses:
1. Ons stap die maklike pad saam met die liberale teoloë
As ons hierdie keuse maak, moet die AP Kerke weet: Ons het die Here verloën. Dan is God en sy Woord nie meer die bepalende in ons kerkwees nie, dan laat ons toe dat Hy van sy eer beroof word, en het ons ons roeping binne die Afrikanervolk verloor.

Met hierdie keuse is die Skrif aan die muur vir die AP Kerke. Ons sal weer terugdwaal op die ou weë wat ons verlaat het. Die redes en beginsels waarom die AP Kerke tot stand gekom het, sal dan verydel word.

2. Ons byt die beginselstang vas en keer terug na die Skrif
As ons hierdie keuse maak, moet ons besef: Daar sal weer reformasie in ons gemeentes moet kom. Ons sal nie langer kan duld dat leraars vreemde leerstellinge aanhang nie. Ons sal moet begin optree teen kerkrade/ouderlingrade en leraars wat hulle nie steur aan die leer van die Skrif nie.

Die Sinode sal baie ernstig oor hierdie sake moet besin. In die bepaling van ons identiteit, soos wat die beskrywingspunt vra, sal ons vir onsself moet verwoord waarheen ons oppad is. Ons weet waar ons vandaan kom. Ons ken die beginsels van gereformeerdheid. Ons weet dat sommige kerkrade en leraars hierdie goeie leer en orde eenvoudig ondermyn. Die vraag bly egter: Waar gaan ons heen, met ander woorde, wat gaan ons daaraan doen?

Kom ons kyk weer na die formulering van wie die AP Kerke wil wees, en dan bepaal die Sinode aan die hand van die aanbevelings van die kommissie hoe ons te werk moet gaan om dit te verwesenlik.

Die AP Kerke wil gereformeerde kerke wees wat:
1. aan God bo alles die eer gee;
2. die absolute gesag van die Skrif aanvaar;
3. die gereformeerde belydenis handhaaf;
4. kerk van Christus binne die Afrikanervolk wees.

Kan ons werklik aan die einde van hierdie hand-in-eie-boesem-steek sê dat ons hieraan voldoen? Die hartseer-werklikheid in baie gemeentes spreek 'n ander taal.

AANBEVELING
4.1.1.1 Die Sinode vereenselwig hom met die verslag van die KKCE.

4.1.1.2 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die invloed van die post-modernisme binne die AP Kerke.

4.1.1.3 Die Sinode versoek kerkrade om die beginsels wat in hierdie stuk vervat is te bestudeer, om sodoende te bepaal wat die stand van sake in die eie gemeente is.

4.1.1.4 Die Sinode versoek ouderlingrade om ernstig aandag te gee aan die suiwerheid van die leer in hul plaaslike gemeente.

4.1.1.5 Die Sinode versoek alle kerkrade en lidmate om ernstig voorbidding te doen vir die suiwere voortbestaan van die AP Kerke in Suid-Afrika, veral as daaraan gedink word dat die Satan en die wêreld alles in hul vermoë doen om die kerk van die Here ten gronde te rig.

4.1.1.6 Aangesien persoonlike visitasie deur die ring by elke gemeente in die ringsressort 'n sinodebesluit is, versoek die Sinode ringe om by die volgende visitasiegeleentheid aandag te gee aan die volgende sake: 15%, toelating tot die nagmaal, toelating van nuwe lidmate, leersuiwerheid, handhawing van Sinodebesluite, toepassing van die Kerkorde, onderwys, ensovoorts.

4.1.1.7 Die Sinode besluit om Art. 10.2 van die Kerkorde uit te brei met die volgende:
Punt 10.2 word 10.2.1

10.2.2
Indien dit onder die aandag van die Kuratorium kom dat 'n predikant in leer dwaal, bring hy dit onder die aandag van die betrokke ouderlingraad dat hulle die nadelige gerug moet ondersoek.

10.2.3
In die geval waar substansie in 'n leerklag teen die bedienaar van die Woord deur sy ouderlingraad bevind is, word die Kuratorium versoek om in adviserende hoedanigheid die ondersoek deur die ring by te woon.

4.1.1.7.1 Motivering
Die Kuratorium is die liggaam wat aan die predikant in die eerste instansie status verleen het. Hulle moes vasstel of die predikant se leer suiwer is. Wanneer 'n nadelige gerug aangaande sy leer versprei word of wanneer substansie rakende 'n leerklag bevind word, kan die Kuratorium ondersoek doen of daar nie dalk valse inligting in die aansoek was nie en of die predikant nie dalk intussen tot ander oortuiginge geraak het nie.

4.1.1.8 Die Sinode besluit om die volgende toevoeging by Art. 56 te maak:
Indien substansie bevind word, word dadelik 'n datum vasgestel vir die gesamentlike ondersoek saam met die ouderlingraad *en Kuratorium (Art. 10.2.3)*.

4.2 Ring van Middelburg: Lidmaatskap

Die Sinode besluit dat **eenvormige vereistes en praktyke** moet geld ten opsigte van lidmate van **ander gereformeerdgesinde kerke in SA** wat begeer om lidmaatskap van 'n AP Kerk te verkry. Met die oog op eenvormigheid moet 'n boekie **ter aanvulling van DIE VOLWASSE MAN** so spoedig moontlik beskikbaar gestel word waarin **ons kerkverband se standpunt** oor sekere sake duidelik uitgespel word. Belharbelydenis, die vrou in die amp, die sg. kindernagmaal, die wyse van doopsbediening, homoseksualisme, die wet op Burgerlike Verbintenisse, die Israelvisie, die volkseie karakter van die AP kerkverband, en so meer. Die boekie moet ook sterk klem lê op **positiewe vereistes vir lidmaatskap** soos bv. Geloofsekerheid, daadwerklike betrokkenheid by gemeentelike aktiwiteite, ensovoorts.

Motivering
1. DIE VOLWASSE MAN is nuttig ten opsigte van persone uit **nie-gereformeerde agtergrond,** maar die behoefte word vinnig groter om die gevoele van persone uit **gereformeerde kerke** behoorlik te toets rondom die bogenoemde en dalk ook ander kontroversiële sake.
2. Toepaslike sinodebesluite en Kerkorde-artikels oor sodanige sake is vir voornemende lidmate nie altyd maklik ter kennisname bekombaar nie.
3. Op hierdie stadium kan ouderlingrade waarskynlik slegs **'n grondige ondervraging** van 'n voornemende lidmaat as voldoende beskou met die oog op toelating tot die gemeente, maar maatstawwe verskil sekerlik van gemeente tot gemeente. Veranderende omstandighede mag dit in die toekoms noodsaak dat 'n voornemende lidmaat **liewer, na behoorlike "kategese"** in die betrokke AP Kerk, en veral dan met betrekking tot bogenoemde kontroversiële sake, opnuut **openbare geloofsbelydenis** moet aflê.
4. Eenvormige beginsel en praktyk dwarsdeur ons kerkverband kan alle gemeentes seker net ten goede kom?

AANBEVELING
4.2.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien die inhoud reeds by die Toelatingsgesprek bygewerk is.

4.3 Ring van Steynsburg: Kompetisies

Die Sinode besluit dat geen AP Kerk kompetisies sal uitroep of selfs in *Die Boodskapper* sal adverteer

wat gebaseer is op enige vorm van geluk nie. Daar word ook op *Die Boodskapper* die beroep gedoen om nie sodanige kompetisies te plaas nie.

Motivering
Daar is baie AP Kerke wat ter stuiwing van hulle fondse kompetisies uitroep wat uit en uit op die wipplank van geluk ry (Jes. 65:11-12). Hulle stuur briewe uit na ander gemeentes om hulle ondersteunning te vra en adverteer ook in *Die Boodskapper*. Dit strook nie met ons gereformeerde belydenis nie.

4.3.1 Reaksie van kommissie
Die Sinodes van 1989, 1990 en 1999 het soos volg oor die saak besluit:

Lotery: *Die Sinode maan kerkrade om nie van fondsinsamelingsmetodes gebruik te maak wat die beeld van die AP Kerk in gedrang bring nie, en veral nie van metodes wat met Christelike beginsels in stryd is soos bv. 'n vorm van lotery nie (1989).*

Lotery: *Die Sinode vermaan kerkrade en lidmate om te waak daarteen om nie in die versoeking te val om geld met behulp van lotery in te samel nie (1990).*

Lotery: *Die Sinode besluit dat:*
a. lidmate gewaarsku moet word teen die gevaarlike praktyk van lotery soos dit dikwels in sg. onskuldige vorm beoefen word. Selfs al is dit skynbaar onskuldig en al het die instansie wat dit beoefen welke edel motief, bly dit die oortreding van die eerste gebod;
b. gemeentes praktyke waar die sg. geluksgodin sg. wenners bepaal, sal vermy by basaars en ander byeenkomste aangesien dit lidmate verwar;
c. instansies wat meningsvormers onder die Christen-Afrikaners is, versoek word om nie hierdie bedenklike praktyk te beoefen in 'n poging om fondse te in nie, aangesien dit die indruk wek dat sulke praktyke aanvaarbaar is solank die doel aanvaarbaar is (1999).

Die wenslikheid van lotery kan dus nie weer op die tafel kom nie. Die kommissie oordeel dat dit nie die bedoeling van die beskrywingspunt is nie. Hier is twee sake ter sprake: Geen AP Kerk mag so 'n kompetisie uitroep nie en dit mag nie in *Die Boodskapper* geadverteer word nie.

Geen AP Kerk
Die Ring van Steynsburg raak hier 'n baie belangrike saak aan. Ten spyte van die feit dat ons kerkverband by drie Sinodes oor hierdie saak gehandel het, gebeur dit nog steeds dat kerkrade hulle skuldig maak daaraan om by wyse van loting wenners in kompetisies te bepaal. Die hoofrede hiervoor is omdat dit 'n maklike wyse vir gemeentes is om geld in te samel. Wat egter nie besef word nie is dat nie net één van die Tien Gebooie oortree word nie, maar vyf. Die eerste, derde, vyfde, agtste en tiende gebooie word oortree. Die vraag is dus: Hoe kan 'n herder en leraar van 'n gemeente saam met sy ouderlingraad hierdie verskriklike vergryp teen die allerhoogste majesteit van God in hulle midde toelaat? Hoe kan hulle bid om die seën van die Here oor die gemeente, maar terselfdetyd dien hulle ook nog die geluksgod?

Die beskrywingspunt vra dat die Sinode moet besluit dat geen gemeente so 'n kompetisie mag uitroep nie. Die kommissie oordeel dat dit die logiese konsekwensie is van die bogenoemde drie besluite. Alle AP Kerke moet tog weet dat hulle nie kompetisies mag uitskryf waarin die wenner op enige wyse deur geluk bepaal word nie.

Indien ringe soos Steynsburg met kerkrade worstel wat nie hierdie beginsel handhaaf nie, kan sodanige kerkraad of ouderlingraad nog altyd by die ring aangekla word vir leerdwaling. Dit moet natuurlik eers vooraf gegaan word deur broederlike en liefdevolle vermaning en 'n duidelike wys op die sonde.

In *Die Boodskapper*
Die beskrywingspunt verwys daarna dat sodanige kompetisies in *Die Boodskapper* verskyn het. Die kommissie dra geen kennis daarvan nie. Daar was wel twee kompetisies oor die laaste jare, maar nie by een daarvan was geluk betrokke nie. Die AP Kerk Suidkus se kompetisie het bepaal dat 'n kort beskrywing van die suidkus gegee moes word. Hierdie beskrywing is deur 'n eksterne persoon beoordeel en die beste en oorspronklikste beskrywing het gewen. In die kompetisie van die AP Kerk Alberton moes die deelnemers die sleepwa beskryf nadat 'n paar moeilike Bybelvrae beantwoord moes word. Die mees oorspronklike beskrywing van die sleepwa het gewen.

In beide hierdie kompetisies is die wenner nie deur geluk bepaal nie, maar deur vernuf. Die kommissie oordeel, dat daar nie van *Die Boodskapper* se kant verkeerdelik gehandel is deur hierdie kompetisies te help bemark nie.

AANBEVELINGS
4.3.1.1 Die Sinode dring ernstig by kerkrade aan om toe te sien dat in alle fondsinsamelings en kompetisies die wenners nie deur geluk bepaal word nie en wys kerkrade op die tugwaardigheid van sulke optrede.

4.3.1.2 Die Sinode versoek ringe om kerkrade wat nie aan hierdie besluit gehoor gee nie, ernstig aan te praat en indien nodig op 'n kerkordelike wyse teenoor hulle op te tree.

4.4 Ring van Kimberley: Halaal-kosse

Die Ring van Kimberley het 'n baie lang en lywige beskrywingspunt ingestuur wat handel oor die eet

van halaal-kosse. Die Sinodes van 1989 en 1997 het reeds besluite in die verband geneem en die besluite verwoord presies wat die Ring van Kimberley vra. Om hierdie rede kan die saak nie weer by hierdie Sinode dien nie.

AANBEVELING
4.4.1 Die Sinode neem kennis dat die saak oor die eet van Halaal-kosse nie weer kan dien nie. Daar moes 'n beswaarskrif ingedien gewees het.

4.5 Ring van Steynsburg: Ter aarde bestelling/ verassing

Die Sinode beveel ter aarde bestelling aan omdat die Christelike getuienis eerder daardeur gedien word as verassing.

Motivering
Daar heers nog groot onsekerheid by lidmate oor verassing of ter aarde bestelling. Die 12 Artikels lui "ek glo aan die opstanding van die liggaam". In die Oosterse kulture is lykverbranding toegepas as deel van hulle godsdienstige rituele. Die gedagte wat oorgedra word deur verassing, is dat die liggaam die kerker van die siel is. 'n Platoniese gedagte van dualisme, wat glad nie strook met die siening van die Christendom nie.

4.6 Ring van Germiston

Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om, in die lig van die feit dat die oorwig van die Bybelse en kerkhistoriese getuienis ten gunste van begrafnis en téén verassing is, om hulle afgestorwe dierbares te begrawe en nie te laat veras nie.

Motivering
Ter motivering van die beskrywingspunt word 'n studiestuk oor begrafnis en lykverbranding, wat deur ds. H. Hefer opgestel is en waarmee die Ring van Germiston hom ten volle vereenselwig, voor die Sinode gelê. Opsommenderwys kan die volgende punte ter motivering beklemtoon word:
1. Die oorwig van die Bybelse getuienis is ten gunste van begrafnis:

1.1 Gelowiges het hulle dierbares begrawe. Die Bybelse getuienis in dié gebruik by lykversorging aangedui:

Die vraag wat die kerk van Jesus Christus homself moet afvra is of die gebruik/gewoonte nét as "'n gebruik in Bybelse tye" aangedui kan word? Is dit dus bloot die mededeling van 'n gebruik wat nie positief aangeprys of negatief beoordeel kan word nie?[30] Die Ring se oortuiging is dat die positiewe wyse waarop God in die Bybel oor begrafnis praat juis die normatiewe karakter daarvan beklemtoon.

1.2 Verassing of lykverbranding kom altyd op die een of ander wyse in die sfeer van God se oordeel ter sprake. Verder word dit nooit as wyse van lykversorging deur 'n gelowige aangetoon nie. Dieselfde vraag as by 1.1 kan hier gevra word. Maan dit nie gelowiges om lykverbranding in 'n negatiewe lig te beskou nie?

1.3 Jesus het in Sy borgtogtelik lydensweg verkies om begrawe te word. Hierdie openbaringswaarheid moet sy kerk tot ernstige nadenke oor die wyse van lykversorging laat nadink.

Christus se ganse lewe op aarde het 'n borgtogtelike karakter gedra: Hy het as tweede Adam ons lewe kom óórleef. Die verlossende betekenis daarvan is dat HY ons lewe van die begin (geboorte) tot einde (dood of begrafnis) kom heilig het.

Verder: Hy self roep ons op om Hom na te volg (o.a. Mt. 16:24; Lk. 9:23; 1 Petr. 2:21). Dit beteken dat Hy sy ganse lewe as voorbeeld aan ons voorhou. Natuurlik is Hy nie net 'n voorbeeld vir ons nie. Sy lewe staan immers in die teken van plaasvervanging, en is daarom uniek. Anders gestel: Hy het in die eerste plek gekom om ons te verlos. En daarom neem ons Hom eerstens as ons Verlosser aan. Maar dan is Hy tog ook in elke aspek van sy lewe vir ons die volmaakte voorbeeld van 'n lewe aan God toegewy. Wanneer ons dit sê, dra die feit van sy begrafnis groot gewig vir ons: Ons wil ons Here tot in die graf toe volg in die verwagting van die salige opstanding, óók van ons liggame wat aan Hom behoort (vgl. 1 Kor. 6:20).

1.4 Die neerdaling in en opstanding uit die graf word as metafoor gebruik om die nuwe lewe in Christus te verduidelik (Rom. 6:1-10). Die begrafnis dra dus 'n bepaalde teken- en getuieniskarakter. Hierdie karakter roep juis om 'n handhawing van die begrafnis as enigste wyse van lykversorging.

1.5 Die metafoor van die koringkorrel wat vir Jesus se sterwe (Joh. 12:24) asook ons sterwe en opstanding gebruik word (1 Kor. 15:36-44), het net betekenis teen die agtergrond van die begrafnis as praktyk van lykversorging.

2. Die oorwig van die kerkhistoriese getuienis is ten gunste van begrafnis.

2.1 Waar 'n bevolking wat die gebruik van lykverbranding gevolg het, gekersten is, is lykverbranding deur die begrafnis as metode van lykversorging verdryf.

2.2 Waar humanistiese invloede tot die ontkerstening van 'n samelewing en/of die deformasie van 'n

[30] Die NG Kerk het hom in 1986 in sy verslag Kerk en Samelewing ook so oor die Bybelse gegewens oor die bestaan en die verskeidenheid van volke as sodanig uitgelaat (KS 1986:20).

kerk gelei het, het die aandrang op verassing sterk na vore gekom.

2.3 Deur die eeue het gelowiges in gehoorsaamheid aan die Evangelie hulle laat begrawe. Die wens van Calvyn in dié verband, soos in sy testament opgeteken, is verteenwoordigend van die kerk van Christus se keuse vir begrafnis: *Verder is dit my wens dat my liggaam na my afsterwe, op die wyse wat in hierdie kerk en hierdie stad gebruiklik is, aan die aarde toevertrou moet word totdat die geluksalige opstandingdag aanbreek*[31]

4.6.1 Die kommissie antwoord soos volg:
Tydens die vorige Sinode het daar ook 'n verslag oor hierdie saak gedien. Daar is egter nie 'n besliste besluit hieroor geneem nie. Die kommissie het 'n baie deeglike en verantwoorde studiestuk van die SKK ontvang wat deur prof. R Marè opgestel is.

VERASSING EN MUUR VAN HERINNERING

1. Die probleem

Daar kom voortdurend versoeke om leiding ten opsigte van die reg of verkeerd van verassing of lykverbranding. Wat sê die Bybel daaroor?

Hierdie saak het op die Sinode: 2004 gedien. 'n Kerkraad wou Skriftuurlike leiding oor die saak hê nadat hulle predikant veras is, en was bekommerd dat die praktyk van verassing toenemend toegepas sal word en dat dit tot nadeel van die gemeenskap in die breë sal wees.

Die sinodale Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek (KKCE) het 'n lang en weldeurdagte stuk (bladsy 204 tot 207) vir die Sinode voorberei en aanbeveel dat die Sinode kennis neem van die toeligting van die KKCE. (Kyk egter punt 3.2 hier onder.)

Sedert gemelde Sinode is daar weer leiding van die SKK (Sentrale Kerkekommissie) oor verassing en oor mure van herinnering op die persele van die plaaslike kerke gevra. Die SKK het daarop aan prof. R Marè die opdrag gegee om die saak te bestudeer en het daarna hierdie studiestuk goedgekeur.

Dit moet gestel word dat nie een van die skrywers wat probeer aantoon dat verassing soos ons dit in SA ken, in stryd met die Skrif is, daarin slaag om dit te bewys nie.

2. Belangrike stellings in die rapport van die KKCE van 2004
Die KKCE stel onder meer die volgende agtergrond:

2.1 'n Simplistiese "Ja" of "Nee" ontwyk nuwe realiteite.

2.2 Die Skrif moet ons norm bly. Ons mag ons nie aan pragmatisme skuldig maak nie.

2.3 Die huidige gebruik van begrafnis is 'n goeie Christelike gewoonte wat ons voorkeur geniet, maar is nie 'n voorskriftelike norm van die Skrif nie.

2.4 Dit gaan nie oor hoe ek begrawe word nie, maar oor hoe ek gesterf het, naamlik in Christus of nie.

2.5 Die Ou Testamentiese tradisie was begrafnis. Dit is ook die geval onder die Christendom.

2.6 Die mens se liggaam is nie waardeloos na sy dood nie en moet as skepping van God met respek behandel word.

2.7 Die begrawe van 'n liggaam sluit aan by die gedagte van 'n saad wat gesaai word.

2.8 Vyande van die Christendom wou niks weet van die begrawe van die liggaam van die Christen nie, aangesien hulle die Christene totaal wou uitwis. Daar moes nie 'n liggaam in die graf lê wat uit die dood opgewek kon word nie. Na die oortuiging van hierdie vyande was dit onmoontlik dat iemand wat verbrand is, sou kon voortbestaan.

2.9 So het die begrafnis in die geval van Christene hulle onderskei van verbranding by heidene.

2.10 Dit was 'n wye praktyk by heidene om gestorwenes se liggame te verbrand, waarskynlik sodat die wat dood was nie kwaad aan die lewendes kan doen nie.

2.11 Volgens die beskouing van die Grieke kerker die liggaam die siel in en is verbranding iets goeds.

2.12 Die verrotting van die liggaam in die graf is in stryd met ons etiese gevoel.

2.13 Oorbevolkte begraafplase hou 'n gesondheidsrisiko vir die omgewing in. Besmetting van onderaardse waterbronne kan plaasvind.

2.14 Die Bybel gee geen voorskrif vir verassing nie, maar die teologiese argumente teen verassing hou ook nie steek nie.

2.15 Die slotsom is dat begrafnis die Christelike tradisie is, en dat verassing 'n alternatief is wat nie deur die Bybel verbied word nie.

Oor die vraag of nisse op die terreine van kerke gebruik mag word, stel die KKCE onder meer die volgende:

[30] Die testament van Johannes Calvyn soos vertaal deur prof. dr AW Simpson en opgeneem in die Institusie van die Christelike Godsdiens, Band 1,p 68.

Die grafstene van talle blankes in SA word vandag deur vandaliste geskend en gesteel en die owerhede faal daarin om dit te stuit.

2.16 Dit het selfs in Bloemfontein gebeur dat 'n graf oopgegrawe is, die lyk langs die graf gelaat is en die kis gesteel is.

2.17 In Kaapstad is een begraafplaas deur plakkers beset en word die grafstene met onderklere behang, terwyl daar op grafoppervlakke gelê en goedere gepak word.

2.18 Ruimte word 'n probleem in groot stede. Selfs in dorpe raak die begraafplase vol.

2.19 In al hoe meer gemeentes word die oorskakeling na herinneringsmure en nisse oorweeg.

2.20 Die koste aan nisse verbonde, is baie kleiner as die aankoop van kiste. Die kerkrade kan die koste verbonde aan die oprigting van herinneringsmure dek uit die betalings wat vir die nisse gedoen word.

2.21 Nisse op kerkterreine verg nie lang afstande wat gereis moet word nie, en is vir die begrafnisgangers baie veiliger. Dit is ook vir besoekers ná die begrafnis veiliger.

3. Interpretasie van Sinodebesluit van 2004

3.1 Die KKCE het aanbeveel dat die Sinode besluit om kennis te neem van die KKCE se toeligting (bladsy 207).

3.2 Die Sinode besluit toe die volgende: *Die Sinode volstaan met die toeligting van die KKCE soos by punt 4.3 in sy verslag, Sakelys, bl. 204-207* (bladsy 408, punt 5.1.1).

3.3 Die Sinode het dus volstaan met die hele stuk van die KKCE oor die saak. Alles wat onder punt 2 hier bo gestel is, is in die KKCE-verslag, punt 4.3, weergegee. Dit behels dan onder meer die volgende:

3.3.1 Daar is geen Bybelse voorskrifte vir of teen die twee alternatiewe nie.
3.3.2 Begrafnis sluit aan by die Christelike tradisie.
3.3.3 Daar is geen voorskrif in die Bybel vir verassing nie. Tog besef Christene en kerke wêreldwyd *dat die teologiese argumente teen verassing eintlik nie steek hou nie*.
3.3.4 Ons moet *liefdevolle realistiese begrip toon in die lig van bovermelde probleme van opregte belydende Christene wat, nie ligvaardig nie, kremasie verkies bo begrafnis*.
3.3.5 *In hoofsaak sal die begrafnis by talle lidmate, waar omstandighede dit toelaat, voorrang geniet soos in geval van gereformeerde en ander Protestantse kerke, en dit as gebruik en nie as wet of norm nie.*

3.3.6 *Die gereformeerde kerke gee dan ook toestemming aan hulle leraars om verassingsdienste waar te neem.*

Die SKK verstaan die besluit van die Sinode 2004 om met die toeligting van die KKCE-rapport "te volstaan" so:
- Die Sinode het nie volstaan met die *aanbeveling* (dat bloot kennis geneem word) van die KKCE nie, maar het wel volstaan met die *toeligting (die rapport).*
- "volstaan" is baie sterker as om van die rapport kennis te neem.
- Die Sinode het met sy besluit aanvaar dat lidmate en kerkrade enige een van die twee alternatiewe (begrafnis of verassing) kan kies.

4. Bykomende inligting

4.1 In 'n Wes-Transvaalse dorp het dit gebeur dat die munisipaliteit moes besluit dat die graf van 'n persoon eers op die dag van die begrafnis gegrawe moet word, aangesien 'n stoet na die diens in die kerk by die begraafplaas moes vind dat die graf "gesteel" is – iemand anders is reeds daarin begrawe!

4.2 Lidmate wie se ouers op plekke begrawe is wat sedertdien verswart het, vind dit toenemend lewensgevaarlik om die grafte (waarvan die grafstene in gevalle gesteel is) te besoek.

5. Die beginsel

5.1 Dit moet altyd die uitgangspunt wees dat *afdwingbare* besluite op grond van *beginsels* geneem moet word.

5.2 'n Beginsel is 'n waarheid wat op die Skrif gegrond is en deur die Skrif self voorgeskryf word, wat vir alle tye, alle plekke en alle omstandighede (behalwe waar die Skrif self anders reël) geld.

5.3 'n Beginsel is dus nie iets wat verander mag word nie. So is dit 'n beginsel dat die Here aanbid moet word, maar waar dit geskied (in 'n kerkgebou of onder 'n boom) is nie 'n beginsel nie. Die sesde gebod bepaal dat jy nie mag doodslaan nie (die beginsel). Maar in gewettigde oorlog, of wanneer jou lewe bedreig word, mag onder bepaalde voorwaardes wel doodgeslaan word – daardie "uitsonderings" is dan self Skrifbeginsels (vergelyk punt 5.2 se "waar die Skrif self anders reël").

5.4 Dit sal uitgemaak moet word of die begrawe van 'n ontslapene se liggaam die enigste hantering is wat volgens die Skrif aanvaarbaar is. Indien die Skrif dit nie *onteenseglik* leer nie, moet ons die gebruik van begrawe nie tot 'n beginsel verhef nie.

5.5 Daar moet onthou word dat as iets 'n beginsel is, dit 'n oortreding teen die Woord van God is indien dit nie gehandhaaf word nie. Sou liggaamsverbranding in stryd met die Skrif wees, doen iemand wat hom laat veras sonde teen God, en het almal wat aan die reëlings om die verassing te laat plaasvind, deel het (die predikant wat die diens hou, die agtergeblewe naasbestaande, almal wat die diens bywoon), het ook deel aan daardie sonde.

5.6 Daar sal absoluut seker gemaak moet word of verassing *volgens die Skrif* sonde is, want as dit nie die geval is nie, moet ons versigtig wees in ons uitsprake oor Christene wat hulle laat veras. (Daar was al 'n toegewyde AP Kerk-predikant wat hom laat veras het.)

5.7 Die argument kan gebruik word dat daar nie vir alles uitdruklike voorskrifte in die Bybel is nie, wat ons wel as beginsels aanvaar, soos dat belydende lidmate wat susters is, wel nagmaal mag gebruik. Dis 'n geldige argument. Ons sal in daardie geval egter baie seker moet maak of verassing ook so 'n saak is. Want die omgekeerde is ook waar: Duisende dinge wat die Bybel nie as beginsels stel nie, is inderdaad nie beginsels nie. Sekere dinge word wel sonder eksplisiete voorskrif as korrek aanvaar, maar dan moet dit in ooreenstemming met beginsels wat wel voorkom, wees. So is die gebruik van die Nagmaal deur Christen-susters eintlik voor die hand liggend – die Here leer duidelik dat daar in sy oë nie meer man en vrou is nie (hulle is prinsipieel gelyk, een in Christus – Gal. 3:28); en verder het die Nagmaal in die plek van die Pasga gekom.

Voorbeelde kan vermenigvuldig word. Oor sake soos kunsmatige bevrugting, ruimtereise, wolke skiet vir reën, sonde deur die internet en deur video's, ensovoorts spreek die Skrif Hom nie uit nie. Maar daar is in elk van die gevalle duidelike beginsels in die Bybel wat hierdie sake dek. Daarom kan daaroor beginsels getrek word en gesê word dat die Skrif ons dit of dat leer. Dit is egter nie die geval met verassing nie (kyk egter punt 9.12 hier onder).

5.8 Vervolgens word Skrifgedeeltes wat in die debat oor verassing gebruik word, hanteer.

6. Lykverbranding in die Ou Testament

6.1 In Lev. 20:14 lees ons van 'n man wat 'n vrou en haar moeder neem. Dit beteken dat hy met albei vleeslike gemeenskap het. Dit word as 'n skandelike daad gestempel. Hy moes dan saam met die twee vroue gestenig en verbrand word. Die verbranding van hul liggame was deel van die straf wat hulle moes ondergaan.

In die verassing van mense vandag gaan dit nie oor 'n hantering van hul lyke ten einde gruwelike sondes te straf nie.

6.2 Lev. 21:9 leer dat as die dogter van 'n priester hoereer, sy met vuur verbrand moes word. Verder leer Lev. 20:14 dat as 'n man "'n vrou en haar moeder neem", aldrie met vuur verbrand moet word. Priesters wat op hoogtes offerrook laat opgaan het, is as gevolg van hul gruwelike afgodediens verbrand (1 Kon. 13:2; 2 Kon. 23:16) Ook in hierdie gevalle is die verbranding van die liggaam God se straf. In die geval van 2 Kon. 23:16 is die betrokke mense se bene selfs uit hulle grafte opgegrawe om verbrand te word.

Verassing onder gereformeerde Christene vandag het niks te doen met God se straf oor 'n skandelike sonde van sy ontslape kind nie.

6.3 Volgens Jos. 7:25 is Agan oor sy neem van die bangoed, veroordeel en is hy gestenig en met vuur verbrand. Ook hier was die verbranding God se straf.

Agan is oor sy uitdruklike en moedswillige sonde teen God se bevel in, verbrand. In verassing vandag tree ons nie as "God" op om daarmee mense vir hul sondes te straf nie. Ons verassing is 'n praktiese reëling as gevolg van bepaalde oorsake.

Skrifverklaarders meen dat in al die gevalle hier bo genoem, die persone nie lewendig verbrand is nie, maar eers gestenig en toe verbrand is. Dit was die voltrekking van God se straf op hul gruwelike sondes.

6.4 In die geval van Amos 6 is die omstandighede so dat die Here 'n groot straf oor die afvallige Israel aankondig. Hy sal Samaria oorlewer aan 'n vyand wat hulle sal uitwis. Daar sal tot 10 man in een huis sterwe. Later sal 'n bloedverwant van die oorledene(s) by die huis kom om die lyke te kom haal ten einde hulle te verbrand.

Hier is 'n buitengewone situasie: Daar sou baie lyke wees en uit vrees vir die verspreiding van siekte moet hulle verbrand word. Begrafnis was die reël, maar die konkrete buitengewone situasie het lykverbranding genoop. Die verbranding sou nie deel van God se straf wees nie, maar 'n noodwendige gevolg van die onhanteerbare hoeveelheid lyke.

Die beginsel hier is dat daar buitengewone omstandighede mag wees wat verassing voorkeur bo begrafnis kan gee. Toe was dit die talle lyke, vandag is dit onveiligheid by begraafplase, lyke wat deur barbare uit die graf gehaal en buite gelos word, plundering en besetting van begraafplase.

Dit moet nie misgekyk word nie dat die Here hier vooruit bepaal dat die liggame van die dooie Israeliete nie begrawe moet word nie, maar wel verbrand moet word, en dit nie as deel van sy straf nie, maar

om praktiese redes. *As die Here verassing veroordeel, hoe kan Hy die saak hier beveel het?* Dit wys mos dat verassing nie te alle tye en op alle plekke teen die wil van God is nie. Hy kon mos ook die lewende Israeliete aangesê het om dag en nag op baie plekke die liggame te begrawe?

6.5 Die geval van Saul en sy drie seuns was egter anders. Hulle vier is in die oorlog met die Filistyne gedood (1 Sam. 31). Hulle lyke is toe teen die stadsmuur vasgeslaan. Die rede was om Israel te smaad en om die vier tot prooi van roofvoëls te stel. Toe die mense van Jabes daarvan hoor, het hulle in die nag gegaan en die lyke afgehaal en in hulle stad, Jabes, verbrand. Sodanige verbranding was nie gebruik in Israel nie, maar uit vrees daarvoor dat die Filistyne weer die lyke sal kom afneem, en omdat die lyke geskend was, het hulle tot die daad oorgegaan. Die beendere wat na die verbranding oorgebly het, het hulle begrawe (vs. 13). Later het Dawid daardie bene in Jabes gaan haal en dit in die graf van Kis begrawe (2 Sam. 21:12-14).

Hier het besondere omstandighede gegeld: Die lyke is vermink (Saul se hoof was byvoorbeeld afgekap). Die Filistyne kon die lyke weer kom roof. Daarom is die lyke verbrand. Nou kon die Filistyne nie verder daarmee smadelik handel nie.

Dis merkwaardig dat die verbranding van hierdie lyke nie deur die Here verdoem was nie. Nooit is daar later gestel dat die Here dit teen hulle gehou het nie. Besondere omstandighede kan besondere optrede wat nie ooreenstem met die heersende gebruik nie, noodsaak, sonder dat dit dan as verkeerd of sondig gestempel word. Net so kan verassing ook binne ons situasie in SA vandag nie as in stryd met die Skrif gesien word nie.

6.6 'n Nog ander situasie is onderliggend aan die uitspraak in Amos 2:1 – *So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Moab, ja oor vier, sal Ek dit* (nl. God se toorn) *nie afwend nie; omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het.* Leer hierdie teks dat lykverbranding sonde, 'n oortreding, is?

Die heidense volk, Moab, het die beendere van die koning van Edom tot kalk (stof) verbrand. Die Here sê Hy gaan Moab daaroor straf. Die rede is dat Moab se bedoeling met die verbranding van die koning was om hom na sy dood nog verder te onteer en te ontwy (Ridderbos in *Korte Verklaring*). Dit was vir die Oosterling belangrik om na sy dood 'n eervolle begrafnis te hê. In hierdie verbranding het daar haat en veragting selfs teen 'n dooie liggaam in die Moabiete na vore gekom – en dit was sonde in die oë van die Here. Moab het die vyandige koning nie eers 'n ordentlike begrafnis gegun nie.

Dit geld tog nie die verassing van vandag nie. Iemand vra nie om veras te word met die bedoeling dat die mense hom daardeur gaan onteer en ontwy nie. Niemand van ons sien verassing as haat teenoor die oorledene en bedoel dit as verhindering van 'n eervolle einde van sy aardse lewe nie.

7. Beginsel:

As daar uitsonderings is wat goed in God se oë is, sê dit duidelik dat begrafnis nie 'n beginsel is nie, maar na gelang van omstandighede gewysig kan word. Bowendien, die gebruik was destyds om die lyk in 'n graf wat eintlik 'n vertrek was, weg te lê. Vandag word dit nie so gedoen nie, maar die liggaam word in 'n kis binne-in 'n gat wat in die grond gegrawe is, met grond of sand toegegooi. Ons kan tog nie sê dat die gebruik van ons tyd in stryd met die Skrif is omdat ons nie ontslapenes in vertrekke begrawe nie.

8. Evaluering van 'n aantal stellings

8.1 Daar word deur sommige teoloë geredeneer dat begrafnis 'n daad van piëteitvolle liefde is, maar verassing nie.

Hierdie argument is subjektief. Waarom kan daar nie liefde in die daad van verassing wees nie? Is dit nie liefde as 'n naasbestaande oordeel dat die ontbindingsproses in die graf verskriklik is, terwyl verassing 'n vinnige en higiënies proses is nie? Het die mens nie die reg om hierdie rede te verkies dat sy liggaam eendag veras moet word nie? Natuurlik is daar mense wat begrafnis verkies en dis ook hulle goeie reg.

8.2 Nog 'n argument is dat die Here Jesus begrawe is en nie veras is nie. Daarom mag ons ons nie laat veras nie.

Die argument hou nie steek nie. Eerstens omdat dit in die tyd toe die Here Jesus op aarde was die gebruik was om begrawe te word. Dit was ook gebruik om met esels te reis – is dit nou in stryd met die Bybel om vandag met motors, treine, vliegtuie, ensovoorts te reis? Bowendien, die Here Jesus se liggaam is na sy dood in 'n graf wat uit kalkrots gekap is, weggelê. Dit was 'n klein kamer of vertrek waarin 'n mens kon stap. Sy liggaam was nie in 'n kis geplaas en met sand toegegooi nie. Ons kan tog nie daarom sê dat ons manier van begrawe vandag, in stryd met die Bybel is nie.
Omstandighede is oor die wêreld heen anders as in Palestina. Ons het nie oral sandsteen-koppies waaruit ons grafkamers soos destyds kan grawe nie. Ons kan eenvoudig nie die manier van begrawe tot beginsels verhef en dan eis dat alle Christene oor die wêreld en oor die eeue heen, presies soos Jesus begrawe moet word nie.

8.3 Daar word ook geredeneer dat omdat God Moses *begrawe* het en nie veras het nie, ons nie mag veras nie.

Ook hierdie redenasie is nie suiwer nie. Natuurlik is begrafnis reg en goed. Maar in Israel was dit destyds gebruik om te begrawe. Dis daarom vanselfsprekend dat die Here Moses sou begrawe en nie veras nie. Die Here sluit hoevele male by bestaande gebruike, omstandighede en gewoontes aan. Dink maar aan die gelykenisse van die Here Jesus. Telkens sluit Hy aan by gebruike – soos die koning wat mense nooi na die bruilof, die onbarmhartige skuldeiser, die arbeiders op verskillende ure gehuur, die twee diensknegte, die onbeskaamde vriend, die onregverdige regter, ensovoorts sonder om dit waarby Hy aanhaak as beginsel te stel. Hy stel wel die punt van die vergelyking as beginsel. So leer Hy nie dat die regter eers onregverdig moet wees nie. Of dat 'n mens eers so sondig soos die tollenaar moet wees en dan tot bekering kom nie. Of dat 'n seun eers vir sy pa "Nee" moet sê, dan moet spyt kry en uiteindelik "Ja" moet doen nie.

8.4 Ten opsigte van die Nuwe Testament word soms na Mt 8:18-22 verwys. Die Here Jesus sê vir iemand wat Hom nie wil volg nie omdat hy eers sy vader wil begrawe, dat die dooies hulle eie dooies moet begrawe. Dan word deur hierdie teoloë beweer dat die Here Jesus daarmee sê dat die "dooies" op mense wys wat geen belangstelling in die Koninkryk van God het nie. Laasgenoemde moet maar die begrafnis hou.

Moet ons dit so letterlik verstaan? Dit mag so bedoel gewees het. Dit kan ook wees dat die Here Jesus hier 'n masjaal gestel het: Die absolute word beklemtoon om die erns van die saak te benadruk. Dit kan ook so verklaar word: 'n Seun het die ere-plig om sy vader te begrawe. Maar sy pa kan dalk eers oor jare sterf. Nou wou hierdie man van Mt. 18 eers wag tot hy eendag sy pa begrawe het en dan sal hy Jesus volg.

Selfs al is die letterlike verklaring die enigste korrekte een, word te veel in die stuk gelees as beweer word dat die Here Jesus met hierdie uitspraak verassing veroordeel en net begrafnis goedpraat. Dit gaan nie in hierdie uitspraak oor 'n keuse tussen die twee wyses van hantering van die lyk van 'n dierbare nie. Al wat Jesus wou beklemtoon, was dat jy nie moet uitstel om Hom te volg nie.

8.5 Teoloë redeneer selfs dat as Lasarus se lyk veras was, Jesus hom nie tot die lewe kon terugroep nie.

Die argument is 'n aantasting van die Here Jesus se Godheid. Waarom sou Hy net in staat wees om 'n lyk uit 'n graf te laat kom, maar onmagtig wees om 'n verbrande persoon uit die as op te wek? Abraham het al geglo dat God Isak uit die as van die altaar sou opwek (vgl. Hebr. 11:18).

Die geval van Abraham en Isak is ook belangrik. Die Here gee opdrag aan Abraham om Isak te gaan offer. Isak moes op die altaar geslag word en dan verbrand word – aan die Here geoffer word. *Indien verassing sonde is, of in stryd met die Bybel is, hoe is dit moontlik dat God aan Abraham 'n opdrag gegee het om 'n sonde te doen?* Dis nie 'n argument om te sê dat God Abraham toe uiteindelik verhoed het om die "sonde" te doen nie. Dit gaan eenvoudig nie op dat God se bevel en Abraham se gewilligheid om dit uit te voer, 'n sonde behels het nie.

Hier is verassing as offer aan God deur die Here beveel. Goed, ons verassings vandag is nie offerandes aan God nie, maar die beginsel van 'n bepaalde seun (in Abraham se geval) wat in opdrag van God "veras" moes word, staan.

Dis nie 'n goeie argument om uit die feit dat Abraham, Isak en Jakob hul liggame in bepaalde grafte wou laat neerlê na hul dood, dit 'n voorskrif van die Bybel te maak dat net begrawe God se wil is nie. In al hierdie gevalle wou die aartsvaders begrawe word in die kring van die gelowiges (in die land wat die Here hulle gegee het) en nie in 'n heidenland nie. Die klem val daar nie op *begrawe* nie, maar op die *plek* waar dit moes geskied. Net so min as wat ons hieruit 'n ewige beginsel mag aflei dat 'n gelowige net in 'n land van sy geloof, of van sy voorgeslag, begrawe mag word, mag ons uit hierdie teksgedeeltes aflei dat begrafnis 'n onveranderlike beginsel is wat tot by die wederkoms geld.

8.6 Omdat die Skrif leer dat die Here Jesus die "eersteling" is wat uit die dood opgestaan het, en dat die volle oes Hom volg, is verassing on-Bybels.

Die argument gaan nie op nie. Of 'n kind van die Here begrawe of veras is, bly Christus sy Hoof en hy 'n deel van die liggaam. Die simboliek gaan nie oor die wyse van teraardebestelling nie, maar om die "behoort aan" die Here Jesus. In die beeldspraak van die oes, is dit dan voor die handliggend om van die oes te praat. Maar die "oes" bestaan in die toebring van die gesaligdes – hulle kom almal tuis, ongeag die wyse van teraardebestelling. Dis waar dat wanneer ons 'n gelowige begrawe, ons *in die beeldspraak van die saai en die oes,* besig is met saaiwerk. Maar dit bly beeldspraak. Geen gereddene sal in die hiernamaals 'n koringkorrel wees nie. Bedink die ander beeldspraak van die gelowiges as deel van die liggaam van Christus: Eenmaal sal hulle as sy liggaam by die Hoof wees. Tog is dit beeldspraak, hulle sal nie letterlik deel wees van Jesus se liggaam nie.

8.7 Nog 'n argument is dat as die Here Jesus se liggaam veras was, sou sy opstanding nie plaasvind nie (!). Dan sou Hy nie littekens aan sy hande en voete kon wys nie. Dan sou bepaalde doeke nie eenkant opgerol gelê het nie.

Waarom kon die Here Jesus nie uit die dood opstaan of opgewek word as Hy veras sou wees nie? Deur so 'n argument te voer word sy Godheid ingeperk. Waarom sou die doeke nie weer uit die as herstel kon word nie? (Nie dat dit noodwendig ter sprake sou wees in die geval van verassing nie.)

Dis in elk geval spekulasie om hierdie argument aan te voer, want die Heiland is nie veras nie.

8.8 Alhoewel verassing in Paulus se tyd baie onder heidene waaronder hy gewerk het, voorgekom het, wys Paulus die gebruik nêrens af nie. Sommige teoloë lees daarin dat Paulus nie 'n probleem met verassing gehad het nie. Ander teoloë redeneer dat dit nie so verstaan moet word nie, omdat Paulus nie teen alle heidense gebruike gewaarsku het nie.

Watter een van die twee standpunte ook al die regte een is, kan daar nie uit hierdie feit 'n afleiding gemaak word dat Paulus verassing afgekeur het nie.

8.9 Natuurlik is 1 Kor 15 'n uiters belangrike hoofstuk oor die opstanding uit die dood. Die beeld van die liggaam wat soos 'n koringkorrel gesaai word en waaruit die verheerlikte liggaam opgewek word, word gebruik. Die redenasie is dan dat as iemand veras is, daar nie 'n koringkorrel is waaruit die verheerlikte liggaam kan kom nie. Die diepe simboliek van hierdie beeld gaan by verassing verlore.

Dis waar dat die simboliek verlore gaan as 'n liggaam veras word. Maar onthou dat die beeldspraak by die heersende gebruik van daardie tyd aansluit. Verassing word nie daarmee afgewys nie. Beelde het dikwels beperkinge in hulleself; net soos die gelykenisse. Dit gaan dan om 'n bepaalde saak en die res van die beeld is slegs ondersteunend. 'n Voorbeeld van beeldspraak by die Here Jesus: Die wederkoms is soos 'n dief in die nag. Daarmee word nie bedoel die Here Jesus kom inbreek of steel nie. Al wat gesê word, is dat Hy enige tyd kan kom en ons moet gereed wees daarvoor. Net so is daar 'n beperking by die beeld van die koringkorrel. Daar word gesê dat hy "sterf". Maar hy sterf nie letterlik nie. As die koringkorrel sou sterf, sal daar nie 'n halm uit hom groei nie. Maar ons verstaan die beeldspraak: Die koringkorrel hou op om 'n blote korrel te wees; hy ontkiem; daar kom groei, en 'n halm kom te voorskyn.

Of die liggaam van 'n kind van die Here soos die korrel "sterf" deur begrafnis of deur verassing, maak geen verskil aan God se krag om die liggaam op te wek en te verheerlik nie. Die "sterf" van die liggaam in die graf is net so vernietigend soos die "sterf" in 'n oond.

Selfs al sou 'n kind van die Here veras word, geld die *beeldspraak* van 'n liggaam wat begrawe word steeds . Wat wil die Here deur hierdie beeldspraak aan ons sê? Dat die dood nie die einde is nie. Dat God sy kinders sal opwek. Dat hulle liggame in die hiernamaals verheerlikte liggame sal wees. Om dit te verduidelik, sluit Hy by die *gebruik van begrafnis* wat toe in swang was, aan.

8.10 Sommige teoloë voer die argument aan dat die mededelinge rondom begrafnisse in die Bybelse tyd *openbaring van God is* en dat begrafnis daarom sy wil is en nie verassing nie.

Hierdie argument beweeg op gevaarlike terrein. Ja, God gee aan ons openbaringe. Sy Woord *is* openbaring. Maar bedoel die Here elke woord wat in die Bybel staan as 'n voorskrif tot by die ewigheid? Natuurlik nie. Die seremoniële wette is nie so bedoel nie; die offerandes van diere geld nie meer in die Nuwe Testament nie; die voorskrifte met betrekking tot die ampsdrag van priesters en ander, het verval. Ons lê nie meer by Nagmaalstafels aan nie. Daar is duisende dinge in die Bybel wat vandag nie meer net so geld nie. Beginsels wat daaraan verbonde was, geld wel steeds. Maar die letterlike uitvoering van baie dinge waarvan ons vertel word, soos begrafnisse, is nie as voorskrifte wat tot by die wederkoms geld, aan ons gegee nie. Die Bybel vertel van kontemporêre gebruike, en van uitsonderinge. Tye kan sodanige veranderinge meebring dat gebruike ook aangepas of verander of aangevul kan word.

Teoloë se verwerping van verassing berus op afleidings uit die Skrif en nie op direkte uitsprake nie. Daarom kan die afleidings nie "gekanoniseer" word nie.

Ten opsigte van die hantering van die liggame van ontslape Christene is daar verskeie altyd-blywende Bybelse beginsels, byvoorbeeld: Die dood is nie die einde nie; die liggaam is nie weggooigoed nie; die Here wek eenmaal sy kind se liggaam ook op; daardie liggaam sal Hy verheerlik laat wees; God sal die liggaam van sy kind met sy siel laat verenig; ons sal die Here met liggaam en siel in die hiernamaals dien; ensovoorts

Maar die wyse van begrafnis word nie in die Bybel as 'n ewige beginsel aan ons voorgehou nie.

8.11 Daar word ook deur sommige gewys op die beginsels van die Calvinistiese mensbeskouing wat dan deur verassing in die gedrang sou kom. Een argument is dat omdat die mens na die beeld van God geskape is, die verminking en beskadiging van die liggaam verbied word. Begrafnis sou dan nie die liggaam vermink en beskadig nie, maar verassing wel. Maar: Hoe lyk 'n lyk in die kis onder die grond na 7 dae? na een jaar?

Verder word geredeneer dat die dood 'n handeling van God is. Ons stem daarmee saam. Dan word ge-

stel dat dit inhou dat die liggaam van die oorledene volgens die wil van God behandel moet word. Ons toon elders in hierdie stuk aan dat dit nie so 'n uitgemaakte saak is dat die wil van God in hierdie verband *net* begrafnis is nie. Ons oordeel dat begrafnis *en verassing* albei nie in stryd met die wil van God is nie.

Dit word ook gestel dat verassing die daad van die mens is, maar begrafnis volgens die wil van God is. Ook dit is 'n eensydige en subjektiewe oordeel.

Die stelling dat die liggaam van die mens, die stof wat die eiendom van God is, by verassing verlore gaan, is vreemd. As die persoon wat veras is, se liggaam verbrand is, is sy "stof" tog nie weg sodat God dit nie weer kan vind nie! Bowendien, is die "stof" na 100 jaar in 'n graf, minder "weg" as die "stof" by verassing?

8.12 Daar word te ver gegaan as beweer word dat omdat begrafnis in die Bybel veronderstel word, die Bybel hom teen lykverbranding keer.

Ons het aangetoon dat die Bybel by kontemporêre gebruike aansluit, en dat daar lykverbrandings was wat nie afgekeur is nie, en selfs deur die Here in konkrete situasies beveel is. Daarom kan dit nie gestel word dat die Skrif hom teen verassing keer nie.

8.13 Verassing word ook afgewys omdat dit gepaard sou gaan met heidense gebruike by die verassingsplegtigheid. Daaroor twee argumente: Eerstens, hoef dit mos nie die geval te wees nie. Daar is baie gevalle waar dit eg Skriftuurlik by die plegtigheid daaraan toegaan, en so behoort dit altyd te wees. Tweedens is daar ook begrafnisse wat gepaard gaan met heidense gebruike en die sing van allerlei wêreldse liedjies. Of die plegtigheid by 'n begrafnis of 'n verassing plaasvind, moet dit in elk geval Bybels verantwoord en stigtelik wees.

8.14 Calvyn se testamentêre bepaling dat sy liggaam *op dieselfde wyse wat in hierdie kerk en stad gebruiklik is, aan die aarde toevertrou moet word …*, is 'n losstaande bepaling waarin nie gestel word dat hy dit bepaal teenoor verassing nie. Trouens, hy praat self van "gebruiklik" en nie van 'n beginsel nie (Institusie I, bl. 68).

Waar hy daarvan praat dat die Heilige Gees "nie minder noukeurig aan die weergawe van begrafnisse aandag gee as aan die belangrikste geheimenisse van die geloof nie" (Institusie 3.25.8 einde bl. 1256), moet sy stelling binne die verband waarin dit staan, gelees word. Calvyn is in 25.8 besig om die dwaling te weerlê wat sê dat die liggaam wat opstaan, nie *dieselfde* liggaam sal wees as wat jy nou het nie, maar 'n *totaal ander* liggaam. Hieroor sê Calvyn: Dis die ou liggaam wat opstaan, maar met ander eienskappe. Calvyn gebruik die dodelike argument dat daar nie van *weeropstanding* en van *opwekking* gepraat sou word as *dieselfde* liggaam nie opgewek word nie.

Dis binne hierdie verband dat Calvyn praat oor die aandag wat by die aartsvaders aan begrafnisse geskenk is: Hulle het verwag dat *dieselfde liggaam hernuwe sal word* (bl. 1256, 1257). Hulle het 'n nuwe lewe vir die liggame verwag. Maar nou moet ons ook lees dat Calvyn skryf dat God aan die grond, water en vuur, wat die liggaam skynbaar vernietig het, bevel sal gee om die liggaam terug te besorg. Dit kom dus nie daarop neer of die liggaam ontbind het deur grond, water of vuur nie.

Calvyn handel nie hier oor verassing nie. Tog sê hy dat selfs nie vuur wat 'n mens se liggaam "skynbaar" vernietig het, God sal verhinder om dieselfde liggaam op te wek nie (bl. 1258).

8.15 Dit word gestel dat die wens van 'n persoon om veras te word, nie belangriker mag wees as wat die Here eis nie. Ons moet die Here meer gehoorsaam wees as vir mense.

Dis waar, maar dan moet dit onteenseglik duidelik wees dat die Bybel verassing verdoem. Selfs Brillenburg Wurth (Chr. Enc., deel 4, bl. 453) wat téén verassing skryf, stel dat begrafnis 'n "heel sinvolle en waardevolle Christelike tradisie " is. 'n Tradisie – nie 'n beginsel nie. Tradisies kan verander (vergelyk manelpakke, die vrou en die hoed) solank die verandering nie in stryd met die Skrif te staan kom nie, maar beginsels mag nie verander nie.

8.16 Daar word beweer dat argumente vir verassing emosioneel is en nie op die Skrif gegrond is nie. As antwoord daarop kan gestel word dat die Skrif Hom nie oor verassing uitspreek nie en dat die emosionele aspek rondom teraardebestelling aan albei kante aanwesig is. Is dit nie emosioneel as A sê dat die verrotting in die graf vir hom afskuwelik is, maar ewe emosioneel as B aanvoel dat liggaamsverbranding vir hom afstootlik is nie? Sodanige gevoelens is egter nie Bybelse beginsels nie.

9. Feite by verassing vandag onder Christene

Calvinistiese (gereformeerde) Christene wat hulle vandag laat veras:

9.1 glo dat die onfeilbare Woord van God altyd die deurslag moet gee. Dit hou in dat nie die willekeurige interpretasie na die een of ander kant die bepalende mag wees nie. As die Skrif Hom nie direk, of by objektiewe duidelike implikasie, deur 'n beginsel vir of teen verassing uitspreek nie, mag die mens dit ook nie doen nie;

9.2 glo dat begrafnis 'n gebruik is wat in Bybelse tyd en tot vandag toe in gebruik was en is. Begrafnis is nie in stryd met die Bybel nie, maar is nie 'n beginsel wat tot by die wederkoms geld nie; verassing is ook nie in stryd met die Bybelse beginsels nie. Gereformeerde Christene maak dit nie hulle saak om begrafnis as in stryd met die Bybel uit te wys nie, maar stel dat omdat dit nie 'n Bybelse beginsel is nie, dit oop is vir 'n Christen om tussen begrafnis en verassing te kies;

9.3 neem nie die standpunt in dat begrafnis verkeerd of sondig is nie; hulle glo dat hier twee aanvaarbare wyses van teraardebestelling is;

9.4 glo nie dat die liggaam minderwaardig is en nie gered word nie;

9.5 glo nie dat die liggaam geen toekoms het nie; hulle glo nie dat die kind van die Here net 'n geestelike bestaan sal hê nie. Daar is teoloë wat so 'n afwykende beskouing het, maar geen Gereformeerde kan *op grond van sy Belydenisskrifte* so 'n standpunt handhaaf nie; daarom is dit onbillik om op grond van bepaalde teoloë se afwykende standpunt (dit wil sê afwykend van die gereformeerde belydenisskrifte), alle kinders van die Here wat hulle laat veras, onder dieselfde kam te skeer;

9.6 glo nie dat die liggaam 'n kerker vir die siel is en dat dit daarom verbrand moet word nie;

9.7 glo, as 'n gereformeerde Christen, onverswak dat hulle met *liggaam* en siel aan Jesus Christus, hulle getroue Saligmaker behoort (HK, Antw. 1). Wie so 'n belydenis van 'n kind van die Here verwerp, matig hom 'n uitspraak aan wat hom nie toekom nie;

9.8 glo dat die Here Jesus se opstanding ook vir hulle 'n pand (waarborg) is van hulle salige opstanding (HK, Antw. 45);

9.9 glo dat al was hul liggame veras, Christus as Hoof "ook ons, sy lede" na Hom toe sal neem (HK, Antw. 49);

9.10 glo ook dat *hierdie selfde liggaam* deur "Christus opgewek en weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig" sal word. Daar is geen verskil tussen die liggame van iemand wat veras is en van iemand wie se liggaam baie lank in 'n graf gelê het nie – albei liggame het stof geword. Dit verg dieselfde Goddelike krag om die twee liggame op te wek;

9.11 glo dat dieselfde belydenis wat by 'n graf uitgeleef behoort te word, behoort ook uitgeleef te word by 'n nis in 'n muur van herinnering;

9.12 glo dat as verassing toegepas word omdat die verkeerde standpunte soos in punte 9.2 tot 9.4 gestel (of ander heidense en Grieks-filosofiese standpunte) die beweegrede is, daardie verassing dan as in stryd met die Skrif gesien moet word; net so sal verkeerde (on-Bybelse) standpunte by 'n begrafnis ook in stryd met die Bybel wees;

9.13 glo soos prof. PA Verhoef dit opsom: Die Bybel bevat nie voorskrifte vir of teen begrafnis of verassing nie; begrafnis sluit wel aan by die goeie Christelike tradisie; verassing verdien oorweging.

10. Waak teen verkettering

Ons moet daarteen waak om 'n saak wat nie eksplisiet in die Bybel afgewys word nie, te verhef tot 'n verskriklike sonde. Daar moet ruimte wees vir mense om oor hierdie saak met behoud van hulle liefde vir God, hulle respek vir sy Woord en wil, hulle besluite te kan neem. Hulle geloof is nie klein nie – trouens hulle glo (net soos Abraham – Heb. 11:18) dat God nie net mense wat begrawe is, kan opwek nie, maar ook sy kinders wat veras is.

Om die hedendaagse verassing van kinders van die Here te stempel as voortgaande ontkerstening en deformasie, as heidens, as in botsing met die egte Christelike lewenstyl, is 'n toeëiening van 'n oordeel wat die mens nie toekom nie.

Ons moet ons weerhou van uitsprake soos:

- Diegene wat nie saamstem dat verassing in stryd met die Bybel is nie, "kom nie met 'n enkele Skriftuurlike beoordeling nie". [Die probleem is dat die tekste wat ingespan word om dan te "bewys" dat die Bybel verassing veroordeel, subjektief en eensydig verklaar word. Daar word van aanvegbare afleidings gebruikgemaak.];
- Verassing is "direk in stryd met die Bybel en met wat ons op grond van God se Woord bely";
- Verassing is "uit en uit 'n heidense gebruik". [Daar word nie bygevoeg dat die Egiptenare van die oudste tye af net begrafnis geken het nie (met hulle mummifisering en al – vergelyk PA Verhoef in *Die Kerkblad* van Januarie 2007, bl. 17). Moet ons daarom sê dat begrafnis ook uit en uit 'n heidense gebruik is? Heidennasies het ook besny. Maar is dit daarom uit en uit 'n heidense gebruik?]
- Die toename in die getal verassings in SA "is 'n teken van voortgaande ontkerstening en deformasie". [Daar sal meer van ons mense wees wat familie en vriende en mede-lidmate het wat hulle laat veras het sonder dat daar rede was dat ons so 'n oordeel oor hulle moet vel. Die stelling wat aangehaal is, mag dalk van sekere mense waar wees (ons weet nie), maar daar durf nie veralgemeen te word nie.]
- Mense wat verassing voorstaan, toon daardeur "hulle onkunde waaroor dit gaan". Want "dit gaan nie oor die vraag of God mense wie se liggame verkool is, kan opwek nie". Dit gaan oor "wat ons glo

en bely, en hoe ons ons geloof uitleef". [Waaroor dit werklik vandag *onder Gereformeerde Christene wat hulle aan hulle belydenisskrifte hou,* ten diepste gaan, is die stelling dat die "eksegese" dat die Skrif verassing verwerp, nie objektief en onteenseglik is nie. Daarom is daar 'n verskil oor "wat ons glo en bely". Daar word nie saamgestem met die veroordelende bewering dat gereformeerde Christene wat hul liggame laat veras, die ware geloof en belydenis aantas of verwerp nie.]

Die probleem met hierdie en soortgelyke uitsprake is dat hulle deur die teenoorgestelde standpunt so skerp af te kam en as on-Bybels te stempel, die lesers eensydig beïnvloed en voorgee dat die Skrif hom direk teen verassing uitspreek, terwyl dit nie die geval is nie.

4.6.1 Die kommissie merk soos volg op:

Die verslag van die SKK word heelhartig ondersteun. Die kommissie maak egter enkele opmerkinge ten opsigte van die beskrywingspunte:

'n Belangrike beginsel wat gehandhaaf word in die gereformeerde Skrifuitleg is konsekwentheid. Dit beteken dat indien 'n sekere argument aangevoer word om 'n saak mee te verdedig of te bewys, daardie argument algemeen geldend moet wees. Dit kan met twee maklike voorbeelde verduidelik word:

1. In Paulus se gemeente in Korinthe was daar mense wat nie aan die opstanding uit die dood geglo het nie. Nou sê Paulus: Die logiese konsekwensie van so 'n standpunt is dat indien daar nie 'n opstanding uit die dode is nie, Christus ook nie opgestaan het nie. Dan is die konsekwensie dat ons nog in ons sonde is en daarom verlore.

2. Wat verassing betref is daar minder ingeligte mense wat sê dat 'n veraste liggaam nie weer opgewek kan word nie. Dan sou die logiese konsekwensie gewees het dat God onmagtig is en dat persone wat in 'n brand verkool is of deur 'n haai opgevreet is of al 1000 jaar in die graf is (en in elke geval stof) nie weer opgewek kon word nie.

As die persone wat teen verassing gekant is dit so geweldig strek teen die heidense gebruik van lykverbranding het en daarom beweer dat dit vir die Christen nie toelaatbaar is om te veras nie, moet ons pleit vir konsekwentheid. Hierdie is nie die enigste saak in ons geloofslewe waarnaas daar 'n heidense gebruik bestaan nie.

Dit is 'n erkende kultuurhistories feit dat Abraham nie die eerste persoon was wat die besnydenis toegepas het nie. Reeds voor sy tyd was die besnydenis by ander heidense volke in gebruik. Dit is dus so dat reeds voordat die Here die besnydenis as teken aan Abraham gegee het, dit bekende praktyk by sommige heidense volke was.

Daar bestaan nie absolute sekerheid oor wanneer en waar besnydenis eerste gepraktiseer is nie. Sommige meen op grond van kunswerke op grafkeldermure dat dit omstreeks 2345vC -2181vC in Egipte reeds bestaan het. Die datering van Abraham se roeping en die tyd toe hy dus die besnydenis as teken ontvang het varieer tussen 2000vC - 1600vC.

Daar word deur sekere bronne beweer dat selfs die gee van tiendes reeds by heidense volke bestaan het voordat dit by Israel voorskrif geword het.

Ons as Christene vier Kersfees, maar Kersfees (die dag) se oorsprong is 100% heidens. In 330 n.C. het die pous die heidense Natalis Invicti (geboortefees van die Oorwinnende Son) wat op 25 Desember gevier word, as die geboortedag van Christus verklaar. Hierdie is 'n heidens fees ter vereering van die son wat in die Noordelike halfrond weer begin groei het. Vandag vier ons almal Kersfees op 25 Desember en niemand sê dat Christene dit nie mag doen vanweë die heidense oorsprong nie.

Om verassing dus bloot op grond van die feit dat dit ook 'n heidense gebruik was, as verkeerd of in stryd met die Skrif te verwerp, is nie verantwoord nie. As ons dus konsekwent wil wees, moet ons byvoorbeeld ook Kersfees verbied.

Daar is ook 'n tweede plek waar logies konsekwent geredeneer moet word: In die beskrywingspunt van die Ring van Germiston word gesê dat Christus se ganse lewe op aarde 'n borgtogtelike karakter gedra het. Daarom redeneer die Ring tereg dat ons Hom in alles moet navolg omdat Hy in elke aspek van sy lewe vir ons die volmaakte voorbeeld is. Maar dan sê hulle: "Wanneer ons dit sê, dra die feit van sy begrafnis groot gewig vir ons: Ons wil ons Here tot in die graf toe volg in die verwagting van die salige opstanding..." Met hierdie argument word daar dus gesê dat omdat Christus begrawe is, daarom moet ons ook begrawe word.

Dit is egter hier waar ons weer konsekwent moet redeneer. Dit is waar dat Christus vir ons die volmaakte voorbeeld is. Maar as ons sê dat ***omdat*** Hy begrawe is daarom moet ons ook begrawe word, is die vraag of ons dan ook gebalsem moet word? Moet ons ook in doeke toegedraai word? Moet ons ook in grafte, wat in die rots uitgekap is, weggelê word? Die punt is dat indien sy begrafnis vir ons 'n voorskrif is, waarom dan nie die res van die gebruike nie?

Ons kan die saak nog verder beredeneer deur te sê dat indien Christus se lewe so 'n absolute voorskrif is dat, omdat Hy begrawe is daarom moet ons ook

begrawe word, dit tog ook bepaalde konsekwensies vir die res van sy lewe het. Moet ons dan ook besny word? Moet alle mense dan ook predikers word? Moet ons ook dissipels rondom ons vergader, ensovoorts?

Waarvoor die kommissie dus pleit is dat indien ons van 'n saak 'n beginsel wil maak, die logiese konsekwensies van ons argumente ook in ag geneem moet word.

AANBEVELINGS

4.6.1 Die beskrywingspunte van Germiston en Steynsburg is formeel ontvanklik aangesien 'n Sinode nog geen besliste uitspraak oor die saak gegee het nie.

4.6.2 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunte.

Die Sinode besluit die volgende:

4.6.3 Hierdie rapport word onderskryf;

4.6.4 Begrafnis was in die Ou en Nuwe Testamentiese tye die gebruik en is steeds 'n goeie metode om die liggame van ontslape Christene weg te lê;

4.6.5 Begrafnis is die Christelike en die gereformeerde *tradisie* en nie 'n beginsel nie;

4.6.6 Begrafnis is in ooreenstemming met die pragtige simboliek van die Bybel van die saadkorrel (die aardse liggaam) wat gesaai word en waaruit die halm (opstandingsliggaam) kom;

4.6.7 Die Sinode wys lidmate op die geweldige terapeutiese waarde van 'n begrafnis teenoor verassing;

4.6.8 Daar is nie aangetoon dat verassing in stryd met die Bybel is nie. In die Skrif is daar 'n geval waar lykverbranding selfs deur die Here voorgeskryf is in 'n bepaalde situasie (kyk punt 6.4 hier bo);

4.6.9 Dis nie in stryd met die Skrif om te midde van veranderde omstandighede veranderde gebruike, wat nie in stryd met die Bybel is nie, toe te pas nie;

4.6.10 Die Sinode oordeel in die lig van die Skrif dat verassing nie in stryd met die Bybel is nie;

4.6.11 By die beginsel wat in punt 11.7 vervat is, kom die praktiese standpunt: Wanpraktyke wat tans in begraafplase aan die orde van die dag is, asook die gevare wat besoeke aan begraafplase meebring, laat die kerk begrip hê vir die keuse van verassing. Verder is dit nie bloot pragmaties om higiëniese implikasies en gevare van besoedeling, grafskending, diefstal van grafte, ensovoorts in berekening te bring nie, maar blyke van verantwoordelike optrede;

4.6.12 Dit staan lidmate van AP Kerke vry om te kies tussen begrafnis of verassing. Lidmate wat oor hierdie saak van mekaar verskil, moet mekaar in liefde verdra, mekaar nie verketter nie, aangesien die Sinode oordeel dat dit 'n middelmatige saak is en nie 'n beginsel nie, ofskoon dit waar is dat begrafnis die Bybelse simboliek handhaaf;

4.6.13 Kerkrade en predikante moet nie in die weg van die keuse van hul lidmate (oor begrawe of veras te word) staan nie;

4.6.14 Ongeag of 'n lidmaat se liggaam na sy dood begrawe of veras word, betaam dit ons as kinders van die Here om alles in afhanklikheid van Hom, tot sy eer en in liefde en gehoorsaamheid aan Hom te doen;

4.6.15 Die Sinode vind dit goed indien Kerkrade op hul terreine mure van herinnering aanbring waarin vakkies (nisse) is om die as van geliefdes in te bewaar.

4.7 Ring van Mootsentraal

In die lig van die nuwe wetgewing oor huwelike tussen persone van dieselfde geslag, gee die Sinode opdrag aan die KKCE om ondersoek in te stel na die legitimiteit van die verhouding tussen kerk en staat insake die huwelik.

Motivering

Die staat keur huweliksverbintenisse t.o.v. dieselfde geslag goed en ons kerkverband keur dit op grond van Bybelse oorwegings ten sterkste af. Dit is 'n vraag of die kerkverband homself hoegenaamd kan assosieer met die huidige wetlike bepalings van die staat oor die huwelik.

4.7.1 Die kommissie antwoord soos volg:

Dit was nie vir die kommissie duidelik wat bedoel word met "die legitimiteit van die verhouding tussen kerk en staat insake die huwelik" nie. Uit die motivering wil dit voorkom of die Ring nie seker is oor wat die nuwe wetgewing, ten opsigte van die huwelik tussen persone van dieselfde geslag, bepaal nie. In die hantering van die volgende beskrywingspunt sal dit duidelik word dat die nuwe wetgewing "Civil Union Act" nie die ou huwelikswet tot niet maak nie. Hierdie twee wette staan langs mekaar. 'n Leraar in ons kerkverband kan steeds net huwelike tussen 'n man en vrou bevestig. Dit is vir hom onwettig om 'n huwelik tussen persone van dieselfde geslag te bevestig.

AANBEVELING
4.7.1.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

4.8 Ring van Mootsentraal
Die Sinode keur goed dat alle huwelike tussen persone van dieselfde geslag in die lig van die Heilige Skrif nie mag plaasvind nie en dat huweliksbevestigers in hierdie kerkverband aan versoeke tot voltrekking van sodanige huwelike nie mag gehoor gee nie.

Motivering
In die lig van die huidige Grondwet van Suid Afrika en die Handves vir Menseregte kan 'n huweliksbevestiger aangekla word indien hy sou weier om aan so 'n versoek gehoor te gee. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat die Sinode homself hieroor uitspreek ten einde huweliksbevestigers binne die kerkverband die nodige steun te verleen sou 'n klag in hierdie verband teen 'n huweliksbevestiger gelê word.

4.8.1 Die kommissie antwoord soos volg:

Hierdie saak kon nie anders hanteer word as om regsadvies in te win nie. Die kommissie het die beskrywingspunt aan 'n afgetrede regter voorgelê vir advies en plaas met groot dank sy regsmening, soos in die memorandum vervat.

Memorandum

Dit is nie korrek dat 'n huweliksbevestiger aangekla kan word indien hy sou weier om persone van dieselfde geslag in die huwelik te bevestig nie. Die Grondwet en die Handves van Regte bevat geen bepalings hieroor nie. Daar is ook nie so 'n bepaling in enige ander wet nie, ook nie in Wet 17 van 2006 nie. Dit is egter, na my oordeel, noodsaaklik dat die Sinode 'n besluit ten opsigte van Wet 17 van 2006 neem.

Na my oordeel, behoort die motivering met die volgende vervang te word:
"In die lig van die bepalings van die "Civil Union Act", van Wet 17 van 2006, besluit die Sinode dat die kerkverband homself hoegenaamd nie kan assosieer met die bepalings van die "Civil Union Act", Wet 17 van 2006 nie en dat dit derhalwe nie ingevolge art. 5(1) van gemelde Wet 'n aansoek aan die Minister van Binnelandse Sake sal rig om benoem te word as 'n godsdienstige organisasie wat huwelike ingevolge gemelde Wet tussen persone van dieselfde geslag kan voltrek nie. Gevolglik sal leraars, of iemand wat 'n verantwoordelike posisie in die AP kerkverband beklee, wat ingevolge Art. 3 van Wet 25 van 1961 as huweliksbevestigers benoem is, ingevolge gemelde Wet slegs 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou kan voltrek en nie geregtig of verplig wees om 'n huwelik tussen persone van dieselfde geslag ingevolge Wet 17 van 2006 te voltrek nie."

VERVOLGENS WORD DIE TERSAAKLIKE WETSBEPALINGS BEHANDEL:

Dit is belangrik om daarop te let dat die Huwelikswet, 25 van 1961, ingevolge waarvan leraars en persone wat 'n verantwoordelike posisie in die AP kerkverband beklee, huwelike voltrek, geensins deur die "Civil Union Act", 17 van 2006 gewysig is nie. Die twee wette bestaan dus langs mekaar, maar maak voorsiening vir voltrekking van verskillende soorte huwelike. Wet 25 van 1961, hoewel dit nie uitdruklik bepaal word nie, maak voorsiening vir voltrekking van huwelike tussen 'n man en 'n vrou, terwyl Wet 17 van 2006 uitdruklik voorsiening maak vir voltrekking van huwelike (asook sogenaamde burgerlike vennootskappe) tussen persone van dieselfde geslag.

Albei wette maak voorsiening vir "huweliksbevestigers" wat die betrokke huwelike mag voltrek. Dit is belangrik om hierdie bepalings van naderby te beskou.

By Wet 25 van 1961 word "huweliksbevestiger" in Art. 1 omskryf as "iemand wat uit hoofde van die bepalings van hierdie Wet 'n huweliksbevestiger is." Art. 2 van die Wet bepaal dat sekere persone uit hoofde van hulle amp (ex officio) huweliksbevestigers is, soos 'n landdros of spesiale vrederegter, terwyl ander deur die Minister van Binnelandse Sake of 'n beampte in die Staatsdiens deur hom daartoe gemagtig, uit hoofde van hulle ampte in die Staatsdiens of die diplomatieke of konsulêre diens, as huweliksbevestigers benoem word.

Art. 3(1) van Wet 25 van 1961 bepaal dat die Minister of 'n beampte in die Staatsdiens deur hom daartoe gemagtig, 'n leraar van, of iemand wat 'n verantwoordelike posisie beklee in, 'n godsdienstige denominasie of organisasie, as huweliksbevestiger vir die voltrekking van huwelike ooreenkomstig Christelike, Joodse of Mohammedaanse gebruik of die gebruik van enige Indiese geloof benoem vir so lank hy 'n leraar is of so 'n posisie beklee. (Gemelde sub-artikel het reeds sedert promulgasie van die Wet in 1961 so gelui.)

Predikante van die AP kerkverband word ingevolge hierdie artikel as huweliksbevestigers benoem.

Wet 17 van 2006 is slegs in Engels en Zoeloe gepromulgeer. In art. 1 word 'n "marriage officer" as volg omskryf:

(a) a marriage officer ex officio or so designated by virtue of section 2 of the Marriage Act (d.w.s. Wet 25 van 1961); or

(b) any minister of religion, or any person holding a responsible position in any religious denomination

or organization, designated as marriage officers under section 5 of this Act.

Dit blyk meteens hieruit dat huweliksbevestigers, soos die leraars van die AP kerkverband, wat ingevolge Art. 3 van Wet 25 van 1961, as sulks benoem is, nie huweliksbevestigers ingevolge Wet 17 van 2006 is nie, tensy hulle as huweliksbevestigers ingevolge Art. 5 van Wet 17 van 2006 benoem sou word.

Dit is belangrik om Art. 5 van Wet 17 van 2006 volledig aan te haal:

(1.) Any religious denomination or organization may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organization that may solemnize marriages in terms of this Act.

(2.) The Minister may designate such a religious denomination or organization as a religious institution that may solemnize marriages under this Act, and must, from time to time, publish particulars of all religious institutions so designated in this Gazette.

(3.) The Minister may, on request of any designated religious institution referred to in subsection (2), revoke the designation under that subsection and must publish such revocation in the Gazette.

(4.) The Minister and any officer in the public service authorized thereto by him or her may designate, upon receiving a written request from any minister of religion or any person holding a responsible position in any designated religious institution to be, as long as he or she is such a minister or occupies such position, a marriage officer for the purpose of solemnizing marriages, in accordance with this Act, and according to the rites of that religion.

(5.) Every designation of a person as a marriage officer under subsection (4) shall be by written instrument and the date as from which it shall have effect and any limitation to which it is subject shall be specified in such instrument.

(6.) The Minister and any officer in the public service authorized thereto by him or her may, upon receiving a written request from a person designated as a marriage officer under subsection (4), revoke, in writing, the designation of such person as a marriage officer for purposes of solemnizing marriages under this Act.

Dit is ook van belang om Art. 6 van Wet 17 van 2006 aan te haal:

A marriage officer, other than a marriage officer referred to in section 5, may in writing inform the Minister that he or she objects on the ground of conscience, religion and belief to solemnizing a civil union between persons of the same sex, whereupon that marriage officer shall not be compelled to solemnize such civil union.

Hoewel Art. 6 slegs betrekking het op huweliksbevestigers, ingevolge Wet 17 van 2006, wat ex officio huweliksbevestigers is of aldus ingevolge Art. 2 van Wet 25 van 1961 benoem is, is dit belangrik omdat dit die beginsel erken dat so ’n huweliksbevestiger die Minister in kennis mag stel dat hy of sy op grond van gewete, godsdiens en geloof beswaar het om ’n burgerlike verbinding (my vertaling van “civil union”) tussen persone van dieselfde geslag te voltrek.

’n Vergelykbare bepaling is te vinde in Art. 31 van Wet 25 van 1961 wat soos volg bepaal:

Die bepalings van hierdie Wet word nie so uitgelê nie dat dit ’n huweliksbevestiger wat ’n leraar is of iemand wat ’n verantwoordelike posisie beklee in ’n godsdienstige denominasie of organisasie, verplig word om ’n huwelik te voltrek wat nie ooreenkomstig die gebruike, formuliere, leerstellinge, dogmas of dissipline van sy godsdienstige denominasie of organisasie sal wees nie.

Ek keer terug na Art. 5 van Wet 17 van 2006.
Dit is, na my oordeel, belangrik dat die Sinode ’n besluit neem, soos hierbo uiteengesit en, in besonder, dat die kerkverband nie ingevolge Art. 5(1) van Wet 16 van 2006 ’n aansoek aan die Minister van Binnelandse Sake sal rig om benoem te word as ’n godsdienstige denominasie of organisasie wat huwelike ingevolge gemelde Wet tussen persone van dieselfde geslag kan voltrek nie. Die Sinode kan natuurlik by die besluit redes vir sy besluit byvoeg, byvoorbeeld, in die woorde van Art. 31 van Wet 25 van 1961, dat dit nie “ooreenkomstig die gebruike, formuliere, leerstellinge, dogmas of dissipline” van die kerkverband sal wees nie, of, in die woorde van Art. 6 van Wet 17 van 2006 dat die kerkverband “op grond van gewete, godsdiens en geloof” daarteen gekant is.

Dit is vanselfsprekend nie nodig dat die bewoording van enige van bogenoemde twee wetsartikels gevolg hoef te word nie. Die enigste rede waarom die bewoording van gemelde wetsartikels aangehaal word, is om aan te dui dat die wetgewer beide in die 1961 en die 2006 wette, erken dat ’n kerkverband op sekere gronde teen die voltrekking van ’n bepaalde huwelik gekant kan wees.

As die AP kerkverband nie ingevolge Art. 5(1) van Wet 17 van 2006 aansoek doen om benoem te word as ’n godsdienstige organisasie wat huwelike ingevolge Wet 17 van 2006 kan voltrek nie, kan die Minister nie ons kerkverband as so ’n organisasie ingevolge Art. 5(2) benoem nie.

Ingevolge Art. 5(4) kan slegs 'n leraar of 'n ander persoon wat 'n verantwoordelike posisie beklee in so 'n benoemde organisasie, skriftelik versoek om huwelike ingevolge Wet 17 van 2006 te voltrek.

As die AP kerkverband en sy leraars dus niks doen om te voldoen aan bepalings van Arts. 5(1) en 5(4) nie, bly die leraars van die AP kerkverband huweliksbevestigers ingevolge Wet 25 van 1961, met ander woorde hulle voltrek ingevolge gemelde Wet slegs 'n huwelik tussen 'n man en 'n vrou. Hulle het nòg die reg nòg die verpligting om 'n huwelik of burgerlike vennootskap tussen persone van dieselfde geslag, ingevolge Wet 17 van 2006, te voltrek.

4.8.2 Die kommissie merk soos volg op:

Dit is dus duidelik uit bogenoemde advies dat 'n leraar nie verplig kan word om so 'n huwelik te bevestig nie. Hiermee hoop die kommissie dat al die vrese rondom hierdie saak besweer is.
'n Laaste opmerking in hierdie verband:

Ten opsigte van die huwelik stel Bouwman 'n baie belangrike punt, in sy kerkregwerk, as hy sê dat die kerk self moet besluit wie tot die huweliksbevestiging toegelaat word en wie nie. Hy sê dat die huwelik binne die verbond voltrek word en dat daardie huwelik nie los van God se verbondseise staan nie. Daarom moet sodanige huwelik voldoen aan die vereistes van die Skrif.

Wanneer 'n "huwelik" tussen homoseksuele dus ter sprake kom, moet elkeen besef dat God se Woord sodanige verbintenisse verbied (Die kommissie ag dit nie nodig om enige Skrifbewyse daarvoor aan te voer nie). Die kerk mag en kan dus nooit in stryd met die bevel van God optree nie. Juis daarom mag sy nie deur 'n wêreldse heerser gedwing word om haar Here en belydenis ontrou te wees nie. Sou dit gebeur dat die kerk in hierdie verband onder dwang gebring word, sal die kerklike en staatlike betrokkenheid by die huwelik baie ernstig oorweeg moet word.

AANBEVELINGS
4.8.2.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Mootsentraal.

4.8.2.2 Die Sinode spreek hom ten sterkste uit teen homoseksualisme en 'n "huwelik" tussen persone van dieselfde geslag.

4.8.2.3 Die Sinode besluit dat in die lig van die bepalings van die "Civil Union Act", van Wet 17 van 2006, die AP Kerke hulself hoegenaamd nie kan assosieer met die bepalings van die "Civil Union Act" nie en dat ons derhalwe nie ingevolge Art. 5(1) van gemelde Wet 'n aansoek aan die Minister van Binnelandse Sake sal rig om benoem te word as 'n godsdienstige organisasie wat huwelike ingevolge gemelde Wet tussen persone van dieselfde geslag kan voltrek nie.

4.9 Ring van Newcastle – Subtiele dwaallerinige en dwaalleraars

Die Sinode roep leraars en lidmate op tot die tydige identifisering van subtiele dwaalleringe/dwaalleraars in die algemeen, en die effektiewe bestryding daarvan, met besondere verwysing na Pastoor Rick Warren en sy "Purpose Driven Movement".

Motivering
Ten spyte daarvan dat die Satan 'n "oorwonne vyand" is, maan Skrifgedeeltes soos 1 Petr. 5:8 en 9 asook Efés. 6:11 en 12, onder andere, ons om bedag te wees op die aanvalle en misleiding van die Bose! Die felheid van ons stryd teen die Bose en sy misleiding word onmiskenbaar beklemtoon in Mt. 24:24, waar die gevaar van valse Christusse en valse profete in geen onsekere terme onderstreep word!

Van die giftigste dwaalleringe van ons tyd vind ons in die sg. "Purpose Driven Movement", asook die "Emerging Church" om, "…as dit moontlik was ook die uitverkorenes te mislei!". (Mt. 24:24 – klemtoon bygevoeg). Die enkele voorbeelde wat hieronder genoem word, dien slegs as 'n klein illustrasie van die honderde dwaalleringe wat deur Rick Warren in sy boek, "The Purpose Driven Life", onder 'n suikerlagie verberg word! Die feit dat Warren al oor die dertig miljoen van hierdie boeke wêreldwyd verkoop en na bewering meer as 400 000 predikante opgelei het om hierdie dwaalleringe onder "franchise" te versprei, laat die vraag ontstaan, hoe ver die beweging na een Wêreldgodsdiens al gevorder het! Boeke soos "Redefining Christianity" deur Bob De Waay (ISBN 0-99719643-7) bied onweerlegbare, Skrifgefundeerde bewyse van hierdie dwalinge!

Voorbeelde van Rick Warren se Skrifverdraaiinge:
1. Joh. 3:36 in die Bybel (NAV): *Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.*
"The Message" ("Parafrase" deur Warren gebruik): *Whoever accepts and trusts the Son, gets in on everything, life complete and forever!* (John 3:36)

2. Mt. 6:9 in die Bybel (NAV): *Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;*
"The Message": *Our Father in heaven, reveal who you are.* (Math 6:9).

3. Rick Warren sê in sy boek: *Whenever God wanted to prepare someone for his purpose, he took 40 days.* (bl. 9-10). "voorbeelde" wat hy noem: Christus in die woestyn, Jona in Nineve, ensovoorts.

4. Aanhaling van Rick Warren op bl. 231 van sy boek *The last thing many believers need today is to go to another Bible study.*

Versoek aan die Sinode:

Die Ring van Newcastle versoek die Sinode hiermee dringend om bogenoemde beskrywingspunt so gou doenlik as ’n saak van buitengewone belang indringend te ondersoek met die oog op doeltreffende verdere optrede.

4.9.1 Die kommissie reageer soos volg:

Hierdie beskrywingspunt is eers na die KOO verwys waarna dit aan die KKCE gestuur is. Dit het beteken dat die kommissie slegs tien dae gehad het om daaraan aandag te gee. Die wye omvang van hierdie beskrywingspunt sou onmoontlik tot sy reg kon kom in so ’n kort tydsbestek.

Dat hierdie dwaalleringe lewend is in baie van ons lidmate se harte, is nie te betwyfel nie. Die kommissie oordeel saam met die Ring van Newcastle dat ons lidmate op die inhoud van hierdie dwaalleringe gewys moet word.

AANBEVELINGS
4.9.1.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Newcastle.

4.9.1.2 Die Sinode versoek die Pk om ’n reeks artikels in *Die Boodskapper* te laat verskyn waarin die dwaalstandpunte van verskeie populêre skrywers uitgewys word.

5. BESWAARSKRIFTE

5.1 AP Kerk Brandfort en Ds. Jooste

(Sinodebesluit 2004 – betreffende die sogenaamde Credo van ’n Afrikaner.)
Besluit waarteen beswaar aangeteken word:

Die Sinode keur die optrede van die SKK rakende die Credo goed en dra dit aan die SKK op om te besin oor verdere optrede in die verband en na goeddunke daaraan uitvoering te gee (Handelinge 2004 - 3.12.1).

Gronde vir beswaar:
1. Hoe kan ’n Sinode die optrede van ’n sinodale kommissie goedkeur as daardie optrede lynreg in stryd is met ’n bestaande Sinodebesluit? Ek verwys hier na 10.1 onder die Algemene Bepalings van die Lasgewing van Permanente Sinodale Kommissies in die kerkordeboekie (2002-uitgawe), bls. 111. Die SKK het in sy hantering van die sogenaamde Credo glad nie gevolg gegee aan hierdie bepaling nie en direk met die gemeentes geskakel. Die plaaslike kerkrade is geensins in hierdie verband geken nie maar kennelik geminag.

2. Die sogenaamde Credo gee nie uitvoering aan die oorspronklike Sinodebesluit nie. Nêrens is daar ’n aanduiding van in hoe ’n mate daar met “ander nog goedgesinde gereformeerde kerke en eensgesinde organisasies” saamgewerk is nie. Nêrens in die oorspronklike besluit word melding gemaak van die opstel van ’n belydenis nie.

In hierdie opsig het die SKK dus 4.4 en 9.1 van die Algemene Bepalings van die Lasgewing van Permanente Sinodale Kommissies (Kerkordeboekie – 2002-uitgawe, bl. 110) ook oortree. Daar bestaan geen Sinode-besluit rondom die opstel van ’n belydenis nie en geen Sinode het ook volmag aan die SKK verleen vir die opstel van ’n belydenis nie.

3. Die inhoud van die sogenaamde Credo is strydig met die Heilige Skrif. Die volgende punte is hier ter sake:

3.1. Die Credo stel die handhawing van die Afrikaanse taal as ’n roeping vir die Christen-Afrikaner.

3.2 Die Credo gaan verder en bely die verpligting van die Christen-Afrikaner om hartstogtelik te waak oor die eiendomlike Afrikanerkultuur.

3.3. Die Credo gaan nog verder en bely die verpligting van besiel te wees met Afrikanervolksnasionalisme en met ’n heilige trots op eie identiteit.

3.4. Verder word die roeping bely dat die Christen-Afrikaner moet stry vir ’n soewereine onafhanklike vaderland.

3.5. ’n Onsterflike vryheidsideaal vorm volgens die Credo die basis van hierdie dinge en hierdie onsterflike vryheidsideaal word gevind in die geloof in God Drie-enig.

3.6. Al hierdie sake word op gelyke voet geplaas met en in een asem bely saam met die geloof in die Drie-enige God. Die Credo spreek hom dus heel ondubbelsinnig uit dat net soos daar in die Drie-enige God geglo word, word daar geglo in die handhawing van die Afrikaanse taal, die waak oor die Afrikanerkultuur, die besieling met Afrikanervolksnasionalisme, ’n heilige trots op eie identiteit, die stryd vir ’n onafhanklike vaderland en die grondgeloof in ’n onsterflike vryheidsideaal wat deel uitmaak van die geloof in die Drie-enige God.

Betreffende al hierdie genoemde punte bestaan daar geen Skrifgronde voor nie. Inteendeel, dit staan lynreg in stryd met die eerste gebod soos vertolk en toegepas deur die Heidelbergse Kategismus, Sondag 34, vr. en antw. 94 en 95. Dit staan verder lyn-

reg in stryd met die beginsels wat Christus ons leer in Mt. 6:33, Mt. 10:37 en Hand. 1:6 tot 8.

Die selfsug en eersug wat spreek vanuit die Credo is beslis nie van pas betreffende 'n volk soos die Afrikanervolk wat homself skuldig gemaak het oor baie jare heen en steeds skuldig maak aan vergrype en wandade teen die Allerhoogste majesteit van God nie. Die vreeslike trots wat selfs in die Credo as "heilig" beskryf word, laat 'n koue rilling langs die ruggraat afgaan. Nêrens in die Skrif vind ons hierdie taal nie. Selfs nie eers 'n Dawid wat as die ideale Israelitiese koning bekend is, het in enige van sy Psalms hom tot sulke uitlatings laat verlei nie. Die teendeel is veel eerder waar van hierdie ideale koning. Dit laat die vraag: Moes die AP Kerke nie eerder die volk voorgegaan het in die woorde, die gees en gesindheid van Ps. 51 om so die volk te lei tot ware ootmoed en 'n suiwere verhouding met die enige ware God nie? Was dit nie veel eerder die gees en gesindheid van ons voorvaders voor en tydens die slag van Bloedrivier nie? Was dit nie eerder die gees waarin die Bloedrivier-Gelofte afgelê is nie?

Slotgedagtes

Die AP Kerke het hul plig versaak deurdat hulle hul laat verlei het deur politieke retoriek, en het met die goedkeuring van die Credo en die goedkeuring van die optrede van die SKK betreffende die Credo, homself in die spervuur geplaas om in terme van Art. 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as 'n valse kerk gebrandmerk te staan. Die ernstige pleidooi wat tydens die Sinode van 2004 gerig was en die vinger wat gewys is na sommige van die teologiese dosente, is skamelik geïgnoreer. Behalwe vir enkele emosionele en niksseggende reaksies is die beginsels van hierdie aangeleentheid geensins bespreek of aangespreek nie. Dit gaan die verstand te bowe hoe dit moontlik is dat staande 'n Sinode teologiese dosente van dwaalleer beskuldig word en dit sonder 'n sinvolle woord verder, net so daar gelaat word.

Die ernstige versoek word hiermee aan die eersvolgende Sinode van die AP Kerke gerig om die besluite van 2004 rondom en betreffende die Credo onverwyld te herroep en geheel nietig te verklaar. Voorts word hiermee die versoek gerig dat die AP Kerke homself teologies en tegnies sal verantwoord betreffende die totale aangeleentheid rondom die Credo:

(i) Hoe dit ter tafel gekom het,

(ii) hoe dit gebeur het dat die SKK en die Sinode so 'n saak kon goedkeur gesien teen die agtergrond van die Bybels-gereformeerde verbondenheid van die AP kerkverband,

(iii) en hoe die SKK daarin kon slaag om sinodebesluite in die proses te ignoreer en skotvry daarmee weg te kom.

5.1.1 Die kommissie merk soos volg op:

'n Beswaarskrif-dekblad met dieselfde bewoording as die van ds. Jooste is ook van die AP Kerk Brandfort ontvang. Die beswaarskrif self het egter ontbreek. Die kommissie het geoordeel dat omdat die dekblaaie presies dieselfde is (Beswaarskrif: Credo van 'n Afrikaner) die beswaarskrif ook deur die AP Kerk Brandfort onderskryf word.

In 'n "memorandum" wat hulle dekblad vergesel het, stel die AP Kerk Brandfort die volgende ten opsigte van die Credo:
Die Credo verteenwoordig 'n valse omgaan met God's Woord en die gereformeerde belydenis. Die ligsinnige manier waarop die SKK reeds voor Sinode – 2004 met die besware betreffende die Credo omgegaan het, wek kommer. Die hantering van gevraagde kerkregtelike advies rakende 'n beswaarskrif betreffende die Credo deur die KKS, wek kommer.

Die kommissie het dus aangeneem dat, alhoewel ds. Jooste nie meer 'n lidmaat van die AP kerkverband is nie en hierdie beswaarskrif ook deur die AP Kerk Brandfort onderskryf en onderteken is, dit steeds voor die Sinode moet dien.

Volledigheidshalwe word die *Credo* weer hier aangehaal:

Ek glo

- **in die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, soos geopenbaar in die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God;**

- **dat die Drie-enige God volke in aansyn geroep het en steeds roep, dat Hy mensekinders van mekaar geskei het en skei tot volke, dat Hy die grense van volke vasstel en dat Hy vir hulle bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasstel (Deut. 32:8; Hand. 17:26) soos ook met die Afrikanervolk;**

- **dat Hy oor die lotgevalle van enkelinge, gesinne, families en volke beskik, op so 'n wyse dat alles ten goede meewerk vir die wat Hom liefhet (Rom. 8:28);**

- **dat ek deur Hom as 'n blanke Afrikaner geskape is binne die Afrikanervolk met rasegte Afrikanereienskappe, synde 'n nasaat van Europeërs met die Kaukasiese raseienskappe, wat hulle sedert die sewentiende eeu vanaf 1652 op die Suid-Afrikaanse bodem gevestig het;**

- **dat ek deur Hom in Jesus Christus geroep is tot 'n Protestantse gelowige, wat my geloof onder meer verwoord en bely in die Apostoliese Geloofsbelydenis;**

- **dat ek as Afrikaner deur Gods beskikking Afrikaans as moedertaal het en derhalwe as Afrikaanssprekende die roeping het om my taal te alle tye en onder alle omstandighede suiwer te handhaaf en te bevorder;**

- **dat ek as Afrikaner met 'n dankbaarheid oor en trots op die eiendomlike Afrikanerkultuur, wat hier in Suidelike Afrika veral uit Europese erfenis ontwikkel het, met hartstog moet waak;**

- **dat ek as Afrikaner besiel moet wees met Afrikanervolksnasionalisme, met heilige trots op eie identiteit en dat ek die roeping het om te stry vir die soewereine onafhanklikheid van 'n eie vaderland gedra deur 'n onsterflike vryheidsideaal vanuit my geloof in God Drie-enig;**

- **dat God van my verwag en daarmee die onontwykbare roeping opgelê het om die bogemelde erfenis in sy totaliteit suiwer te bewaar;**

- **dat ek, vanweë hierdie geformuleerde credo, op die besondere pad, wat God met die Afrikanervolk oor meer as drie eeue geloop het, enduit moet gaan en daarom verskuldig is om met volle gebondenheid aan die gelofte van Jan van Riebeeck (1654), die gelofte van Bloedrivier (1838) en die gelofte van Paardekraal (1880) kragtens die eis van Pred. 5:1-6, hierdie geloftes aan God te betaal.**

5.1.2 Die kommissie antwoord soos volg op die beswaarskrif:

Sonder om in diepte 'n studie van die beginsels wat in die *Credo* na vore kom te maak, maak die kommissie die volgende opmerkings ten opsigte van die beswaarskrif:

1) Die SKK was onder geen verpligting om elke plaaslike Kerkraad in verband met hierdie saak te ken nie. Inteendeel, die SKK het uitvoering gegee aan 'n besluit van 'n Sinode waar elke Kerkraad teenwoordig moes wees en stemreg gehad het.

2) In hoe 'n mate daar samewerking gesoek is met ander kerkverbande of ander organisasies kan die KKCE nie verantwoord nie.

Die KKCE oordeel dat die "oorspronklike besluit" nie duidelik genoeg uitspel wat die bedoeling is nie. Daar is sprake van 'n bekendmaking of verklaring wat onderteken moet word deur almal wat hulle gemeenskaplikheid aan die Gelofte handhaaf. Die bedoeling hier is nie duidelik nie en kan op enige wyse geïnterpreteer word. Na die oordeel van die KKCE het die SKK uitvoering gegee aan hierdie besluit soos wat hulle na hulle oordeel die beste geag het. Hierdie besluit is tog aan hulle opgedra om uitvoering daaraan te gee.

Verder beweer die beswaarskrif, maar bewys dit nie, dat Algemene Bepaling 4.4 van die Lasgewing oortree is. Watter vorige sinodebesluit is oortree? Ook is bepaling 9.1 nie oortree nie, aangesien die saak wel op die terrein van die SKK val – die Sinode het dit dan aan die SKK opgedra.

3) Deur die gebruik van die woord *Credo* het die SKK nooit bedoel dat dit 'n sewende belydenisskrif van die AP Kerke moet word nie. Dat *Credo* 'n geloofsbelydenis is, is egter net een van die betekenisse wat die HAT aangee. Dit kan verder ook beteken: 'n innige oortuiging: Sy letterkundige credo. Dit beteken dus dat dit wat iemand van harte glo, sy belydenis, sy credo is. *Glo* en *bely* – dit is tog die beginsel. Wanneer jy iets glo en vanuit die Skrif verantwoord, mag jy nie stilbly nie, maar moet jy dit hoorbaar maak, dit bely.

Daarom is die vraag: As ek glo dat God die Afrikanervolk in aansyn geroep het, mag ek dit nie in die openbaar sê nie?; mag ek dit nie bely nie?; mag dit nie my credo wees nie? En die antwoord is: Ja, dit mag! As jy glo dat die Afrikanervolk maaksel van die Here is, mag jy , ja, moet jy dit ook bely.

BEGINSELBEGRONDING

In punt 3 van die beswaarskrif word gesê dat die *Credo* strydig is met die Heilige Skrif en dan word daar maar alleen 3 tekste en 1 Sondagsafdeling aangehaal wat as Skrifbewyse moet dien waarin hierdie oortuiging sy gronde moet vind. Die KKCE oordeel dat dié Skrifbewyse, binne hulle verband, nie gronde genoeg is waarop hierdie beswaarskrif kan slaag nie. 'n Vereiste vir 'n beswaarskrif wat oor 'n leersaak handel, sou inhou dat die beswaar oor elke punt Skriftuurlik gegrond sou word. As die beswaarskrif sê: "Betreffende al die bogenoemde punte (3.1-3.6) bestaan daar geen Skrifgronde voor nie", is daar nog geensins aangetoon waar punt 3.1 of 3.3 byvoorbeeld in stryd is met die Skrif nie.

Die KKCE oordeel egter dat die sake wat in die *Credo* aan die orde kom baie goeie Skrifgronde het en wel om die volgende redes:

Dit was deur die eeue die gelowige se belydenis (credo) dat God die hele wêreld in sy hande hou en regeer. Daarmee saam ook die *bestaan* en *ontstaan* en *voortbestaan* van elke volk. Deut. 32:8 stel dit duidelik dat dit God is wat elke volk as *volk* saamgevoeg en aan hom 'n land (erfdeel) gee. Ps. 47:5; Ps. 67:5; Ps. 82:8; Ps. 96:10,13 en HK So. 10 stel die beginsel dat God die lotgevalle van die volke beheer. Calvyn sê van Handelinge 17:26 dat God nog voordat Hy die mens gemaak het, besluit het wat hulle in die toekoms gaan beleef. Ja, vantevore het God al in sy raad bepaal hoe lank elke volk sal bestaan en binne watter grense hulle sal woon. En

wanneer volke ophou bestaan en wanneer ryke ondergaan, dan is dit nie die noodlot nie, maar God wat dit alles doen.

Hieruit is dit baie duidelik dat land/ grondgebied/ erfdeel iets is wat die Here aan 'n volk toeken. Heyns stel die mooi in sy Teologiese Etiek 2/2: 19: Uit verskillende Skrifgegewens blyk die sentrale plek wat die korrelasie tussen volk en land inneem. Trouens, die verbintenis is so intiem dat volk en land dikwels in die Skrif as ruilbegrippe gebruik word en dat volke eenvoudig na hulle lande genoem word (Eség. 22:29, Lev. 23:26,27, Jer. 22:29, Hos. 4:3, Joël 1:3). Die verband tussen land en volk in die Skrif is ook meer as net die resultaat van historiese ontwikkeling, maar word voorgestel as 'n verband wat deur God self gelê is. Daarom is dit vir 'n volk 'n groot ellende as sy land hom ontneem word, want dit is 'n skeiding van wat wesenlik bymekaar hoort. Ballingskap, dit is om ver weg van die eie grondgebied te wees en om onder vreemde volke verstrooi te wees (Joël 3:6, Eség. 11:6) is dan ook 'n groot straf in die Ou Testament. *Dit sou foutief wees om te meen dat hierdie besondere verhouding tussen volk en land net vir Israel gegeld het. Die verhouding van elke volk tot sy land, of hy daarvan bewus was en dit erken het of nie, is ten diepste…'n verhouding wat geïnisieer en gedra word deur God se Voorsienigheidswoord* (kursivering KKCE).

As ons daarom van die Afrikanervolk praat, beteken dit dat ook óns deur God in aansyn geroep is; dat ook óns "ontstaan en voortbestaan (ge)sien (moet word) as die genadige beskikking van God" (*Skriflig op Kerk en Volk:* 19).

Maar nog meer, dit sluit ook in dat die *taal* wat ons praat deur God beskik is (Gén 11). Hy het Afrikaans laat ontwikkel om dié taal te word waarin ons aanbid en waarin ons Hom die beste kan dien. As kombuistaal is dit afgemaak, maar het tot 'n taal geword waardeur die soetste lofklanke en ook die treurigste klaagliedere kon opstyg na sy troon. Tereg sê Heyns:

Liefde vir die eie taal en ywer vir die handhawing van die eie taal is nie eties af te keur nie... En niemand mag sulke aksies as selfsugtig afwys nie...Want taal is nie maar net 'n historiese ontwikkelde kommunikasiemedium nie, dit is by uitstek ook draer van die totale kultuur en uitdrukking van die stel waardes wat in die kultuur opgesluit lê...taal is die tuiste van die volk (:19).

In punt 3.1 stel die beswaarskrif by implikasie dat die handhawing van die Afrikaanse taal nie 'n roeping vir die Christen-Afrikaner is nie. Word hiermee bedoel dat die Christen-Afrikaner se roeping is om Afrikaans *nie* te handhaaf nie, en te werk aan die wegdoen daarvan? Christen-Afrikaners praat Afrikaans. As ons Afrikaans minag, minag ons daardie Afrikaners en minag ons uiteindelik die AP Kerke.

Ook ons *geskiedenis* is 'n geskiedenis wat spreek van God se handelinge. Dit is geskiedenis wat spreek van 'n volk wat deur trane en stryd, geloof en oorwinning deur God gevorm en gebou is tot dit wat ons vandag is. En hoe wonderlik het Hy dit nie gedoen nie; weg van vervolging en trane en dood, het Hy gereformeerde mense uit Europa na Suid-Afrika gelei. Uit verskillende volke van gereformeerde belydenis het Hy ons hier tot 'n volk gemaak. Deur ontsetting en benouing – soos pragtig uitgedruk in die Paardekraal-Gelofte – het Hy aan hierdie nuwe volk, hierdie maaksel van Hom, 'n land gegee waar hulle tuis kon wees, 'n erfdeel wat hulle hul eie kon noem. Ja, waarlik, dit is 'n geskiedenis van 'n volk met God in die sentrum van hulle bestaan.

En juis omdat God so in die midde van die bestaan en ontstaan van die volk was, het ook die hele *volkskultuur* so ontwikkel dat dit die toets van die Woord van God deurstaan het. Daar was wel afwyking, daar was wel sonde, maar dit is ook waar dat wat in die harte van baie mense geleef het, 'n gebondenheid aan God was.

Agtste gebod

Met bogenoemde in gedagte is dit dan ook nou logies dat elke volk 'n bepaalde verantwoordelikheid het ten opsigte van dit wat eie aan haar is. Wie dus bely dat sy volk, sy taal, sy land en sy kultuur gawes van die Here is, staan daarmee ook onmiddellik voor die agtste gebod.

Wie bely dat sy volk maaksel van die Here is, bely ook daarmee saam dat al die eiendomlike van die volk aan die Here behoort en daarom aan Hom behoort *geheilig* te word. En juis daarom het ook die volk nie *absolute besitreg* of absolute *beskikkingsreg* oor haar besittings nie. Alles wat sy ontvang het, bly steeds eiendom van God (Ps. 24:1; Deut. 10:14). Hy het dit gemaak en in sy genade aan ons gegee/ toevertrou. Vir die gebruik daarvan moet aan God *rekenskap* gegee word (Mt. 25:14-30). Daarom sal ook die volk haar moet verantwoord oor die wyse waarop sy met die dinge wat God aan haar toevertrou het (land, taal, kultuur, alle eiendomlike) omgegaan het.

Persoonlik toegepas, beteken dit dus dat as God jou in 'n bepaalde volk geplaas het, aan jou 'n land gegee het, ensovoorts, is dit deel van jou eiendomlike – net soos jou geld en jou huis en jou motor. Daarom het jy die Goddelike opdrag om daaroor te waak en met verantwoordelikheid daarmee om te gaan.

Alleen dus hy wat sy volkseie beskou as 'n gawe uit die hand van die Here kan met verantwoordelikheid

die agtste gebod gehoorsaam en waarlik rentmeester daarvan wees. En wie rentmeester is, waak met *heilige jaloesie* oor dit wat hy van God ontvang het.

Die AP Kerke se amptelike standpunt

In *Skriflig op Kerk en Volk* wat 'n amptelike sinodale publikasie is, het presies die sake verskyn wat in die *Credo* na vore gekom het:

bl. 19 *Die Afrikanervolk kan in die lig van die Skrif sy ontstaan en voortbestaan sien as die genadige beskikking van God.*

bl. 22 *Gesonde nasionalisme (volksliefde – KKCE) kan nooit los gesien word van 'n volk se geloof dat hy kragtens God se beskikking daargestel is nie. Hierdie geloof het 'n doelgerigtheid tot gevolg gehad. Dit was ook vir die Afrikaner die rigtinggewende geesteskrag.*

bl. 22 *Dit is 'n gelowige volk se roeping om sy God-gegewe erfenis dankbaar te aanvaar.*

bl. 23 *Behoud van die eie volk met die bedoeling om tot eer van God te lewe, moet altyd rigsnoer vir 'n kerk se arbeid onder sy eie volk bly.*

bl. 28 *Die Europese erfenis, biologies sowel as kultureel, moet steeds hoog geag word as deel van God se beskikking.*

bl. 28 *Die Afrikaanse taal moet as klein wonder van hierdie eeu steeds gekoester en suiwer bewaar word.*

bl. 28 *Die strewe na 'n eie land waar die Afrikanervolk in vryheid kan woon en werk onder 'n eie regering, is dwarsdeur die geskiedenis as 'n sterk samebindende krag aanwysbaar.*

Uit wat tot hiertoe behandel is, is dit dus duidelik dat die stelling dat die *Credo* "geen Skrifgronde" het nie, van alle waarheid ontbloot. Wat in die *Credo* verwoord is, is die eg Bybelse belydenis van 'n volk wat weet en glo dat sy *alles* wat sy is en het van die Here ontvang het.

Op bl. 24-28 van Skriflig op Kerk en Volk word feitlik punt vir punt verwoord wat in die *Credo* aan die orde gestel word. Dit laat 'n mens met die vraag: As "Skriflig op Kerk en Volk" presies dieselfde beginsels verwoord as die *Credo*, waarom was die Sinode van 1999 dan nie ook met 'n beswaarskrif bedien nie? Waarom was hierdie beginsels tóé reg, maar nou verkeerd?

Trots

Dit wil eerder voorkom asof die beswaarskrif dit het teen die "vreeslike trots" wat vanuit die *Credo* spreek. Punt 3 van die beswaarskrif handel in wese eintlik daaroor dat die *Credo* van "selfsug en eersug" spreek; dat die Afrikaner nie trots mag wees op sy eie nie; nie daarna mag streef om 'n eie vaderland te besit nie; nie mag waak oor sy eie taal en kultuur nie. Want 'n strewe om bogenoemde te verwesenlik sou in stryd met die Skrif wees en dus sonde.

Eerstens moet 'n onverantwoordbare stelling reggestel word: Om die *Credo* van "selfsug en eersug" te beskuldig, is duidelik nie deurdag nie, maar emosioneel. Wáár in die *Credo* is daar enige sprake van *eie bevoordeling* bo ander volke? Wáár in die *Credo* word die drang na *eiebaat* Bybels geregverdig? Op watter een enkele punt word die Afrikanervolk as die een of ander *supervolk,* wat *bo ander volke* uitstaan, beskryf? Wáár in die *Credo* word gepoog om, eersugtig, dit wat God van die volk gemaak het en aan ons gegee het, onsself toe te eien asof ons dit *self verwerf* en *verwesenlik* het? Van selfsug en eersug is daar in die *Credo* glad nie sprake nie.

As ons nou egter na die kern van die probleem kyk, sien ons dat in die beswaarskrif ongegronde aannames gemaak word. As gesê word dat ons "nêrens" in die Skrif "hierdie taal" vind nie, beteken dit seker dat daar nêrens woorde is waardeur mense hulle trots en liefde vir hulle volk en land uitspreek nie. Wie egter die Psalms en die Profete noukeurig lees, kom gou agter dat hulle trots op hulle eie 'n baie sterk onderliggende toon gevorm het in al hulle geskrifte. Dit is byvoorbeeld die rede waarom hulle 'n barre land soos Palestina kan noem: 'n land wat oorloop van melk en heuning.

Om as Afrikanervolk trots te wees op ons land en volk, is glad nie in stryd met die Skrif nie. Die Koragiete het hulle volkstrots baie duidelik in hulle tempelpsalms laat uitkom. Prof. Robbertze sê in sy boekie "Gee ons 'n land" (:10) die volgende: *Hulle was mense wat trots was op hulle stad, Jerusalem. Dit was veral die tempel wat hulle trots laat gloei het (Ps. 48; Ps. 84; Ps. 87:2-3). Hulle was mense wat trots was op hulle vaderland en om deel van hul volk te wees (Ps. 47:4,5).*

Ps. 47:5 sê: *Hy (die Here) kies ons erfdeel vir ons uit, die trots van Jakob wat Hy liefhet.* Skrifverklaarders is dit eens dat die psalmdigter *trots* is op die erfdeel/land wat hy van die Here ontvang het en daarom sê hy dat hierdie land die *trots* van Jakob is – 'n bewys dat die volk trots was op hulle land, trots op wat hulle van die Here ontvang het.

Selfs Dawid wat volgens die beswaarskrif as "die ideale Israelitiese koning bekend is", het, gedryf deur sy liefde vir sy volk, in menige Psalms, die bewaring van sy volk van die Here afgesmeek. En wanneer hy in Ps. 16 die goedheid van God besing, kan hy nie anders as om sy waardering uit te spreek vir dit wat die Here hom gegee het nie: *Die meet-*

snoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi (:6). Dit is duidelik die woorde van iemand wat diep dankbaar en trots is op dit wat hy van die Here ontvang het.

Ook Heyns sê: *Gehegtheid aan en liefde vir die eie volk, trots op die moedertaal, gehegtheid aan die eie kultuur en kuns – dit alles behoort tot die mens se bevestigende aanvaarding van God se voorsienige leiding in sy lewe en behoort dus tot sy Christelike eties-sosiale lewenstaak* (:22).

Heyns is dit eens dat volksliefde die welsyn van die volk in die oog het en daarom sensitief moet wees vir alle vorms van bedreiging van die volkseiendomlike. Hy maan ook dat gesonde volksliefde nie die sondes van die volk sal probeer regverdig nie, maar dit sal aanspreek (:22).

En dit is juis hierdie beginsel dat volksliefde die welsyn van die volk in die oog het, wat deur ons volk se geskiedenis duidelik na vore kom. Die *Paardekraalgelofte* adem juis dit: om te stry vir 'n onafhanklike vaderland. *Om met trou aan ons land en ons volk en met die oog op God, tot die dood toe, saam te werk aan die herstel van die vryheid van ons Republiek* (vry vertaal).

Volgens wat uit die beswaarskrif (3.4) afgelei kan word, mag dit nie ons credo/belydenis wees dat ons moet stry vir 'n soewereine onafhanklike vaderland nie. By Paardekraal word dit deur 'n gelofte gedoen – 'n gelofte is sterker as 'n credo. Was dit dan sonde dat ons voorouers uit liefde teenoor hulle volk en vaderland 'n gelofte afgelê het waarin onderneem word om te stry vir die behoud daarvan? As dit nie 'n sonde is nie, hoe kan ons belydenis daarvan dan in stryd wees met die Skrif?

Ook in *Die Stem van Suid-Afrika* word die trots en die liefde vir ons volk pragtig uitgedruk: Ruis die stem van ons *geliefde*, van ons land Suid-Afrika;
Ons sal offer wat jy vra;
In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees ...deel geen ander land ons *liefde*, trek geen ander trou ons af;
Vaderland! Ons sal die adel van jou naam met ere dra; ensovoorts
Wie die Stem aandagtig lees, merk dat die liefde vir die volk en die wete dat die land en volk uit God se hand ontvang is, so in mekaar geweef is dat dit nie van mekaar geskei kan word nie.

Ook 'n man soos *dr. Verwoerd* het hierdie beginsel verstaan en ons volkstrots en volkstrou die mooi en die goeie dinge in ons verlede genoem: *Een van die eerste mooi dinge in ons volksgeskiedenis was tog sekerlik ons volkstrots en ons volkstrou. Volkstrots om met jou hele siel en met jou hele hart bly te wees oor wat jou volk presteer! Om, wetende dat hy klein is in die ry van volkere, hom tog die liefste te hê en nie te hunker om aan enige ander volk te behoort nie! En volkstrots gaan gepaard met volkstrou; want waarop jul trots is, wat jy liefhet in sy wel en sy wee – in wie se voorspoed jy wil deel en in wie se teenspoed jy sal berus – daaraan is jy getrou* (Verwoerd aan die woord: 294).

As die beswaarskrif dit dan het teen die trots, is die volgende waar: As die trots die sonde is; as dit sonde is om trots te wees op die volk waaraan God jou verbind het; as dit sonde is om trots te wees op die land/erfenis wat God jou gegee het; as dit sonde is om trots te wees op jou moedertaal en eie kultuur; as dit sonde is om trots te wees op hierdie *samelewingsverband* waarbinne God jou geplaas het, dan is die logiese afleiding dat dit ook sonde moet wees om trots te wees op die ander samelewingsverbande waarbinne God jou geplaas het. Dan is dit sonde om trots te wees op jou kinders, jou lewensmaat, jou kerkverband, ensovoorts – en dit kan tog nie.

Volksliefde en volkstrots kan alleen sonde wees as die liefde vir die eie geen plek ken vir die liefde vir die ander nie. Wanneer volksliefde beteken dat ander volke geen bestaansreg en geen staanplek in die geskape werklikheid het nie, kan dit nie Bybels geregverdig word nie. Wanneer die eie taal en kultuur en identiteit bewaar word ten koste van die taal en kultuur, ensovoorts van 'n ander volk, het ons te doen met volksverheffing. Die teendeel is egter ook waar: Wanneer daar ter wille van 'n sogenaamde verdraaide Christelikheid aan ander volke se taal en kultuur en volksidentiteit 'n belangriker plek in die wêreld toegeken word as aan die eie volk, kom dit neer op volksmoord.

Die kommissie volstaan by hierdie enkele voorbeelde uit die Skrif en die geskiedenis en aanvaar dat genoegsaam aangedui is dat 'n volk trots mag wees op sy eie. Dit is dus duidelik dat trots op die volkseie nie net 'n wonderlike voorreg en roeping is nie, maar ook Bybels verantwoordbaar.

Verootmoediging

In die beswaarskrif word gesê dat in plaas van die trots op die eie daar eerder verootmoediging by ons as volk moet wees. Met hierdie aanname word die trots en liefde vir die volk teenoor volksverootmoediging gestel. Indien volkstrots en -liefde in Bybelse sin gehandhaaf word, staan dit hoegenaamd nie teenoor volksverootmoediging nie.

Dit is waar, ons beleef dat die volk al verder van die Here wegdwaal en verdien daarom eintlik nie meer om 'n Christenvolk genoem te word nie. In groot nederigheid moet ons ons baie volksondes bely. Verootmoediging is vir ons van kardinale belang. Máár, verootmoediging staan nie teenoor die trots op die eie nie. Die teendeel is eerder waar: *Wie nie*

waarlik kan verootmoedig nie, kan ook nie waarlik trots wees nie. En wie nie waarlik trots is nie, kan ook nie waarlik verootmoedig nie.

Ten slotte

Om 'n besluit te neem of die *Credo* in stryd is met die Skrif, soos wat die beswaarskrif vra, moet ons ons afvra: Wie is die Afrikanervolk vir my?
Glo ek God het ons in aansyn geroep?
Glo ek God het ons uit verskillende volke saamgevoeg?
Glo ek God het ons 'n land gegee om in te woon?
Glo ek God het ons as gereformeerde volk hier gevestig?
Glo ek God het ons taal hier laat ontwikkel tot 'n pragtige nuwe uitdrukkingswyse?
Glo ek God het mý hier aangestel as rentmeester en beskermer van dit wat Hy aan my toevertrou het?
En as ek dit alles *glo*, waarom mag dit nie ook my belydenis/*credo* wees nie?

'n Saak soos hierdie dring 'n mens weer om na jou eie houding ten opsigte van jou volk te kyk: Hoe ernstig is ek werklik oor my volksgoedere? Besef ek my Godgegewe verantwoordelikheid hierteenoor? Is ek verantwoordelik besig met die bewaring en opbou van ál die volksgoedere waaroor die Here my aangestel het? Hoe dankbaar is ek werklik dat die Here my deel gemaak het van hierdie volk?

Volks- en taalveragting moet noop tot verootmoediging.

AANBEVELINGS
5.1.2.1 Die Sinode besluit: Die beswaarskrif slaag nie.

5.1.2.2 Die Sinode volstaan met sy besluit van 2004 rakende die Credo.

5.1.2.3 Die Sinode vereenselwig hom met die inhoud van die kommissie se verweer teen die beswaarskrif.

6. KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING

Die kommissie het navrae ontvang van lidmate rakende die kerklike bevestiging van huwelike. Daar bestaan 'n nood by persone wat 'n tweede huwelik wil aangaan (veral 'n weduwee), maar dan deur die oorledene (man) se mediese- en pensioenfondsvoorwaardes verhoed word om weer te trou. Hertroue beteken vir baie dat die voordele wegval.

Hieruit ontstaan die situasie dat indien sodanige persone weer wil trou, dit om finansiële redes vir hulle onmoontlik is. Die versoek word dan aan die leraar gerig om die paartjie net kerklik te "trou". Dit beteken dus dat hulle nie volgens die staat getroud wil wees nie. Omdat geen van ons vorige Sinodes hieroor nog 'n amptelike besluit geneem het nie en die leraar dit dus nie wil doen nie, gebeur dit dat lidmate die kerk verlaat en hulle by 'n gemeente in 'n kerkverband voeg waar die leraar wel so 'n huwelik vir hulle bevestig of dat hulle in die gemeente saamwoon.

Hierdie saak het by die Sinode van 1999 gedien en advokaat Danzfuss het hieroor 'n regsmening gegee. Die Sinode het geen besluit geneem nie en die saak na die KKS verwys "met die oog op evaluering en finale advies". Ongelukkig het die saak nie weer op die tafel van 'n Sinode gekom nie. Om hierdie rede het die kommissie dit goed gedink om, na aanleiding van die navrae, die saak weer hier te hanteer.

Voordat die saak beredeneer word, moet die Kommissie dit duidelik stel dat hierdie nie 'n poging is om elke faset van hierdie saak in diepte te bestudeer nie. In die meeste gevalle word slegs die resultate van die navorsing hier weergegee.

KORT AGTERGROND OOR DIE ONTWIKKELING VAN DIE HUWELIK

Die huwelik het, wat die regsgeldigheid betref, deur die loop van die eeue vele wysigings ondergaan. In die Ou-Testamentiese tyd het die ouers en selfs die broers van die bruid en bruidegom die huwelik gereël (gewoonlik met die instemming van die bruidspaar). Daar is deur beide partye onderhandel, eise gestel en beloftes gemaak. So het daar dan 'n ooreenkoms of kontrak tot stand gekom wat die huweliksluiting bekragtig het (Gén. 38:6; Deut. 7:3; Ex. 22:16). Wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat daar in die tyd van die aartsvaders nog geen formele kerk en eintlik ook geen formele staatsbestel bestaan het nie. Daarom was die huwelik 'n saak wat kontraktueel deur die twee families afgehandel is.

Volgens betroubare bronne was dit vir honderde jare die praktyk. Stelselmatig het die kerk hierdie funksie oorgeneem en het dit selfs in die Middeleeue gebeur dat die RKK die huwelik tot 'n sakrament verhef het. Dit het beteken dat slegs die kerk toesig oor die huwelik kon hou. Tydens die reformasie word hierdie beskouing verwerp en word geredeneer dat omdat die huwelik tot die burgerlike lewe behoort, die staat die verantwoordelikheid het om die kontraksluiting te reël.

Daar word geredeneer dat omdat die huwelik deur God ingestel is en ten doel het dat man en vrou mekaar sal verryk, mekaar sal ondersteun ten opsigte van alle dinge wat tot die tydelike en ewige lewe behoort en omdat die menslike geslag deur die huwelik gebou word; die huwelik nie maar alleen 'n familiesaak is nie, maar ook 'n saak van die staat en die

kerk. Daarom vind die huwelik by die staat sy regsgeldigheid en word deur die kerk bevestig of ingeseën (Bouwman – *Gereformeerde Kerkrecht*). Ook in die kerkorde van Genève stel Calvyn dat in die huwelik die kerk en die staat betrokke is. Die kerk moet die owerheid inlig en adviseer omtrent die beginsels rondom die huwelik.

In SA geld hierdie beginsel steeds: 'n Huwelik is alleen wettig wanneer die staat ook daarby betrokke is.

'n Praktiese probleem

Daar bestaan 'n paar gevalle waar 'n nuwe huwelik vir veral pensioentrekkers problematies kan wees.

In die eerste geval gebeur dit dat 'n weduwee die pensioen van haar oorlede man kan verloor by hertroue. ('n Voorbeeld van so 'n skrywe is op die laaste bladsy aangebring.) Hierdie probleem bestaan hoofsaaklik by die ouer pensioenfondse. Dit wil voorkom asof die hedendaagse fondse die pensioen aan die weduwee uitbetaal tot die dag van haar dood. Die probleem bly egter bestaan dat daar wel van die ouer fondse is wat statutêre bepalings bevat dat indien die weduwee weer in die eg sou tree sy, onder sekere omstandighede, haar oorlede eggenoot se pensioen verloor.

'n Tweede geval kom voor by mediese fondse. By sekere staats-mediese fondse is daar die voorwaarde dat indien twee van hulle lede met mekaar sou trou (al het hulle verskillend staatsfondse), albei nie meer op sy eie aan die fonds kan behoort nie, maar dat hulle dan as 'n huisgesin gereken word en aan een fonds moet behoort. Dit hou in dat die voordele wat elke persoon afsonderlik gehad het radikaal verminder. Vir mense met 'n kroniese siektetoestand hou dit bepaalde finansiële probleme in.

In die derde plek kan daar sekere nadelige testamentêre bepalings wees wat die oorlewende nadelig raak. So byvoorbeeld kan dit gebeur dat die langslewende vruggebruik van 'n plaas of 'n woning het net vir solank hy/sy ongetroud bly. Hier moet twee gevalle onderskei word. Eerstens, 'n bepaling wat geld by *hertroue*. Dit kan geldiglik bepaal word dat verbeuring van voordele sal plaasvind wanneer die langslewende in die huwelik tree. Die tweede geval is moeiliker. Die vader bepaal byvoorbeeld in sy testament dat indien sy dogter trou sy sekere voordele verbeur en dit dan na haar broer sal gaan. Indien 'n hof bevind dat so 'n bepaling teen die goeie sedes is, is dit ongeldig. Om dít te beslis beoordeel die howe die bedoeling van die testateur soos dit blyk uit die testament. As dit sy bedoeling is om sy dogter te ontmoedig om in die huwelik te tree, is die bepaling ongeldig. As dit egter, byvoorbeeld, sy doel is om die eiendom in die familie te hou, is die bepaling geldig.

In die vierde plek kan 'n skikkingsooreenkoms, wat by egskeiding 'n bevel van die hof gemaak word, 'n bepaling bevat dat die man vir die vrou alleen onderhoud sal betaal tot sy weer in die huwelik tree.

Dit is moontlik dat daar ook ander dergelike gevalle in die praktyk kan voorkom.

Die krisis van die kerk

As gereformeerdes glo ons dat dit die Here is wat gelowige huweliksmaats na mekaar lei. Ons verwerp toeval en noodlot. Ons bely van ons eie huwelike dat dit God is wat ons aan mekaar gegee het. Dit beteken dat die liefde wat ek beleef vir hierdie persoon, van die Here kom.

Verder is hierdie liefde nie gekwalifiseerd nie. Hierdie liefde kom nie van die Here net as jy jonk is nie. Dit gebeur soms dat 'n huwelik van die jeug die grootste hartseer en smart bring, maar dan jare later, dalk na die afsterwe van die huweliksmaat, vind 'n persoon ware geluk in 'n volgende huwelik. Dit gebeur ook dat 'n persoon vir 'n tweede keer wonderlike geluk in die liefde van 'n huwelik beleef. En wanneer dit gebeur, bely hierdie persoon: Waarlik die Here het my vir 'n tweede keer gelukkig gemaak.

Dit is dus ook waar dat iemand op 'n gevorderde leeftyd (pensioenaris) hierdie Godgegewe liefde in sy/haar lewe kan beleef. Hulle glo dat dit 'n liefde is wat van die Here kom en wil graag hierdie liefde uitleef in 'n huweliksverbintenis. Maar nou is daar die krisis – hulle wil graag aan mekaar trou beloof, maar hulle kan as gevolg van finansiële realiteite nie trou nie, en mag dit kragtens beginsel ook nie doen nie. 'n Saak wat nie volgens die Skrif 'n beginsel is nie, met ander woorde 'n wêreldse saak, weerhou hulle daarvan om hierdie Godgegewe liefde vir mekaar te bevestig deur 'n huwelik. En dan besluit hulle om maar saam te woon.

Nou begin die krisis vir die kerk:
Die ***eerste krisis*** wat ons dus het, is dat ons geen reg of bevoegdheid het om te sê dat die liefde wat hierdie twee mense beleef, in beginsel, nie van God kom nie. En as ons erken dat hierdie liefde van God kom, moet ons vra of dit reg is dat hulle dit nie mag uitleef nie.

Die ***tweede krisis*** waarmee ons te make het, is die saamwoon van die mense. Nie met die mooiste bedoelinge in die wêreld kan die kerk dit toelaat of haar goedkeuring daaraan gee nie. Daar is geen argument wat aangevoer kan word waardeur die kerk hierdie saamwoon kan regverdig nie. As die kerk die saamwoon van pensioentrekkers, wat 'n probleem het, gaan toelaat, is daar geen gronde waarop enige ander persoon aangespreek kan word nie. Saamwoon bly 'n saak wat in stryd is met die Heilige Skrif.

Of dit onder sekere omstandighede toelaatbaar is, mag nie eers in bespreking geneem word nie. Die kerk mag dit nie duld van jongmense of oumense nie. (Die hele debat rondom die stelling dat 'n mens wat die Here liefhet nie sal saamwoon nie, ag die kommissie nie nou ter sake te wees nie. 'n Oplossing moet ook gesoek word vir mense wat nie saamwoon nie en met die probleem sit dat hulle nie mag trou nie.)

Die groot saak waarmee daar nou in die gemeentes geworstel word, is: Hoe moet daar teen mense wat dan maar net saamwoon, opgetree word? Hulle is duidelik besig om die Woord van God te oortree.

Daar is 'n paar optredes wat oorweeg kan word:
1. Die ouderlingraad kan daarop aandring dat hulle trou, maar dan verarm hulle dalk tot so 'n mate dat die kerk vir hulle moet sorg.

2. Die ouderlingraad kan daarop aandring dat hulle trou, maar dan gaan hulle, omdat hulle nie vir die armoede kans sien nie, na 'n kerkverband wat hulle so aanvaar. Dan word hulle dalk geforseer om terug te gaan na 'n kerkverband wat hulle uit beginsel verlaat het.

3. Die ouderlingraad kan met die tug begin optree, dan verlaat die lidmate heel waarskynlik ook die kerk of hulle word gedwing om hul liefdesverhouding te verbreek. Die kerk moet haarself afvra of dit billik is. Onthou, hulle liefde is nie in stryd met die Skrif nie, 'n praktiese wêreldse situasie verhoed hulle om te trou.

4. Laastens kan die ouderlingraad hierdie saak deur die vingers kyk en hulle toelaat om ongehinderd saam te woon. Dan kan ons redeneer dat ons simpatie het met hulle situasie en dit verstaan. Dit sal natuurlik moet beteken dat ons baie ander saamwoonsituasies moet verstaan, bv. 'n man wat jare sukkel om van sy vrou te skei en dan weer liefde vind en dan maar saamwoon, of jongmense wat redeneer dat hulle nie genoeg finansies het om te trou nie. Die ouderlingraad kan dit nie toelaat nie.

'n Verdere konsekwensie van so 'n optrede deur die ouderlingraad is dat die man dan op die kerkraad kan dien – daar is tog geen tugsaak of klag teen hom nie. En as hy op die kerkraad kan dien, mag hulle seker ook nagmaal gebruik? Dan kom die eer van God, die heil van die gemeente en die behoud van die sondaar in die gedrang. En dan kom ons by die punt waar die HK sê dat die toorn van God nou oor die hele gemeente ontvlam.

Uit bogenoemde blyk dus duidelik dat indien so 'n saak hom in die gemeente sou voordoen dit vir beide lidmaat en ouderlingraad groot probleme veroorsaak: Die lidmate wil graag trou; hulle besef dit is verkeerd om saam te woon; hulle worstel met die saak, maar eksterne wêreldse sake verhoed hulle. Die ouderlingraad aan die ander kant, se oë is nie blind vir die krisisse van hulle lidmate nie; daar is deernis en 'n mede soeke na 'n oplossing, maar as hulle trou wil bly aan die Here, aan sy Woord en die belydenis, moet hulle met die tug begin optree.

Die ***derde krisis*** vir die kerk in hierdie hele saak, is dat kerk en staat uitmekaar gedryf het. Dit wat die staat sê, met ander woorde die wette wat hy maak, het nie meer die Christelike gemeente in die oog nie. Vanuit die Skrif blyk dit egter dat die staat ook in die wette wat hy maak die Bybelse beginsels moet handhaaf. Die staat het dus die verantwoordelikheid om die Christelike godsdiens te beskerm.

In ons huidige bestel is daar geen beweegrede waarom die owerheid die kerk in ag wil neem nie. Daarom sal ons al hoe meer beleef dat die Christelike gemeenskap hulle eie weg sal moet baan binne hierdie veranderende omstandighede. Die beskrywingspunte rakende die homoseksuele "huwelike" is alreeds 'n bewys hiervan. Dit is natuurlik heeltemal moontlik dat daar met elke Sinode meer en meer sake op die tafel kan kom wat na nuwe interpretasie vra. Hoe meer kerk en staat uitmekaar dryf, hoe meer sal van die kerk gevra word om nuut te dink oor die toepassing van ou bestaande beginsels.

Die kerk sal moet besef dat ons nie in blote situasie etiek mag verval nie (bv. regverdig saamwoon onder sekere omstandighede). Vir elke nuwe saak wat op die tafel kom, sal 'n werkbare oplossing gesoek moet word sonder om pragmaties te wees. So sal daar ook vir hierdie geweldige moeilike saak 'n oplossing gevind moet word. Nooit mag dit van die kerk waar wees dat sy haar oë toehou vir die nood van haar lidmate nie.

Soeke na 'n oplossing

Die Kommissie het baie indringend met hierdie saak geworstel. Daar is met baie persone binne en buite ons kerkverband oor hierdie saak gesprek gevoer. Die kommissie het van die advies van 'n afgetrede regter gebruik gemaak asook die verslag van advokaat Danzfuss (Sinode 1999) geraadpleeg, om sodoende beter perspektief op die saak te kon kry.

Soos hierbo gestel, lewer die normale hantering van mense wat saamwoon in hierdie geval probleme. Die ouderlingraad kan nie maar net hard en ongenaakbaar met die tug optree nie, dan kom die hele liefdeskarakter van die kerk in die gedrang. Dit is nou juis hier waar die Sinode leiding sal moet gee.

Om die volgende te kon voorstel, moes daar eers 'n paradigmaskuif in die hart en gemoed van die Kommissielede plaasvind, want daar kon geen ander

oplossing vir hierdie krisis gevind word nie: Siende die omvang van die probleem en die totale onmoontlikheid vir lidmate om in die eg te tree vanweë die moontlike verlies van lewensonderhoud, stel die kommissie voor dat die ouderlingraad hierdie lidmate kerklik aan mekaar verbind.

Soos reeds vroeër in die stuk genoem, was die staat nie van die begin van die tye af by die huwelik betrokke nie. Dit is eers tydens die Hervorming dat daar tot die insig gekom is dat die staat hier 'n bepaalde verantwoordelikheid het. Die vraag is nou: Was daardie eerste huwelike, wat sonder die staat bevestig is, ongeldig? Wat maak die huwelik vir ons as Christene bindend? Hierop moet ons natuurlik antwoord dat die huwelik 'n instelling van God is en daarom gee Hý die geldigheid daaraan. Daarom is dit teoreties moontlik dat die kerk, 'n paartjie wat met bg. probleem worstel, kerklik voor die Here kan verbind. Dan is hulle in die oë van die Here so aan mekaar verbind dat hulle nie van mekaar mag skei nie. Hulle verbintenis voor die Here is dan net so eg en seker as enigeen wat 'n gewone huwelik aangaan. En juis daarom sal dit ook vir hulle 'n oortreding van die sewende gebod wees indien hulle van mekaar sou skei.

Kerklike verbintenisse in stryd met die Skrif?

Daar word veral twee redes aangevoer waarom 'n kerklike verbintenis nie korrek sal wees nie:

1. Die huwelik is 'n instelling van God en omdat hier nie 'n huwelik (soos ons dit ken) plaasvind nie, is dit net 'n ander vorm van saamwoon.

2. Die staat erken nie so 'n verbintenis nie, God verwag van ons om te trou en daarom moet ons aan die staat gehoorsaam wees en slegs 'n wettige huwelik aangaan.

Om hierdie besware te antwoord, moet weer verwys word na wat hierbo gesê is omtrent die ontwikkeling van die huwelik. Die bevestiging van die huwelik deur die staat, soos wat ons dit vandag ken, het eers die laaste paar honderd jaar die gebruik geword. Vir duisende jare voor die huidige gebruik was die staat nie op hierdie wyse by die huwelik betrokke nie. Dit laat die vraag of ons wyse van huweliksbevestiging 'n Skrifbeginsel is? Sê die Bybel dat 'n verbintenis tussen een man en een vrou eers 'n huwelik is wanneer die staat dit bevestig?

Die antwoorde vind ons in beide Skrif en geskiedenis. Nêrens in die Skrif vind ons 'n voorskrif van hoe die huwelik ingestel moet word nie. Die enigste, en dit is seker vir ons die belangrikste, voorskrif wat ons vind, is dat dit 'n huwelik *in die Here* moet wees. Gén. 2: 18, 21-24 word beskou as die instelling van die huwelik. Die Here Jesus haal ook hierdie vers aan as Hy oor die huwelik praat (Mt. 19: 4-6). En dan sê Hy dat dit wat God saamgevoeg het geen mens mag skei nie. 'n Huwelik vind dus ten diepste sy geldigheid in God wat die oorsprong daarvan is.

Ook uit die geskiedenis is hierdie beginsel waarneembaar: Mense het getrou sonder dat die staat daarby betrokke was en elkeen van daardie huwelike was wettig. As die betrokkenheid van die staat 'n voorwaarde is op grond waarvan 'n huwelik sy geldigheid ontvang, sou nie een van die huwelike van die aartsvaders wettig gewees het nie.

Die staat is by die huwelik betrokke omdat dit ook tot die burgerlike lewe behoort. Dit was die hoofrede waarom die huwelik tydens die Hervorming by die staat tuis gekom het. Soos wat die staat die res van die burgerlike lewe reël, so moes daar ook ten opsigte van die huwelik bepaalde wette gemaak word om die ordelike saambestaan van die gemeenskap te verseker. Dit is juis omdat die gemeenskap en samelewingsverbande so gekompliseerd geraak het dat daar bepaalde wette ten opsigte van die huwelik gemaak moes word. Die staat se betrokkenheid by die huwelik het dus meer ten doel om die ooreenkomste tussen die twee partye, wat soms geweldig ingewikkeld kan wees, te reël en om die *huwelikspartye wetlik te beskerm*. As gevolg van ons komplekse samelewing vervul die staat hier die funksie wat die familie in die aartsvadertyd vervul het.

Dit beteken dus dat die verbintenis tussen 'n man en 'n vrou sy geldigheid in die Here vind. Wat die huwelik vir die Christen bindend maak, is die belofte wat *voor die Here* gemaak is. In die Bybel word dit ook 'n *verbond* genoem (Mal. 2:14). As ons die huwelik as 'n verbond verstaan, verstaan ons ook dat die binding daarvan in die Here vestig. Ons moet dus verstaan dat ons huidige hantering van die huweliksluiting nie bestaan as gevolg van 'n Bybelse voorskrif nie, maar as gevolg van praktiese redes. Daarom sal dit nie in stryd met die Skrif wees om 'n huwelik kerklik te bevestig nie – dit is juis voor die Here dat die huwelik sy geldigheid ontvang.

Na alles wat gesê is, moet onmiddellik beklemtoon word dat dit nie 'n algemeen geldende reël kan word en dan deur jongmense of enige een wat wil saamwoon, misbruik kan word nie. Wat hierbo betoog is, is 'n soeke na 'n oplossing vir 'n buitengewone situasie. Onder normale omstandighede geld normale wette. Die huidige praktyk van huweliksluiting is nie in stryd met die Skrif nie en daarom kan hierdie saak slegs as uitsondering, en nie as 'n maklike uitweg nie, gebruik word. Om hierdie rede sal daar baie ernstig en verantwoordelik met hierdie saak omgegaan moet word.

Die Kommissie besef dat daar baie voetangels aan hierdie saak verbonde is. Ons besef dat 'n voorstel soos hierdie vreemd is aan ons eie bestaande ge-

bruike rondom die huwelik. Ons besef verder dat indien die Sinode hierdie saak sou goedkeur, daar ouderlingerade en leraars mag wees wat dit gaan misbruik. Dit was miskien die grootste redes waarom die Kommissie huiwerig was om hierdie voorstel op die tafel te plaas. Maar, wat is die alternatief? Voetangels kan ons met die nodige regstegniese voorskrifte probeer uitskakel. Misbruik en ongehoorsaamheid aan besluite sal daar altyd wees – dink maar aan die "oop" nagmaal en ander minagtings van die Kerkorde. Die punt is: Die AP Kerke moet vir hierdie probleem 'n oplossing vind.

Wat sê die reg?

Die vraag wat vervolgens beantwoord moet word, is of die kerk die bevoegdheid het om mense kerklik te verbind. Val dit binne die bepalings van die huwelikswet om so 'n verbintenis te voltrek? Kom die status van die huweliksbevestiger (die leraar) nie in die gedrang nie? Lê hier nie dalk 'n gevaar vir die kerk in opgesluit nie?

Dit is baie belangrik om hierdie saak uit te klaar. Die kerk mag nie in hierdie verband 'n besluit neem wat in stryd is met die wetgewing van die staat nie. Tydens die Sinode van 1999 het advokaat Danzfuss soos volg hieroor geskryf:

Die huweliksbevestiger word aangestel uit hoofde van die Huwelikswet, 25 van 1961.
Artikel 11 van die Huwelikswet bepaal in sub-artikel (1) dat slegs 'n huweliksbevestiger 'n huwelik kan voltrek.
Artikel 11 (2) bepaal dat 'n huweliksbevestiger wat 'n huwelik voltrek, anders as ingevolge die Wet, is skuldig aan 'n misdaad en is strafbaar met 'n boete en gevangenisstraf.
Artikel 11 (3) van die Wet bepaal egter dat die bepalings van subartikel (2) nie van toepassing is op 'n huwelikseremonie wat ooreenkomstig die gebruike of formuliere van een of ander geloof voltrek word, indien dié seremonie nie daarop gemik is om 'n geldige huwelik het tot stand te bring nie.

Hierbenewens bevat artikel 33 en artikel 34(a) bepalings in verband met inseëning van 'n huwelik. Die effek daarvan is dat 'n leraar en soortgelyke persoon in 'n godsdienstige denominasie 'n huwelik ooreenkomstig die godsdienstige gebruike van daardie denominasie kan inseën. Dit bepaal verder dat die Wet nie verbied dat 'n godsdienstige denominasie reëls of regulasies kan uitvaardig in verband met die godsdienstige inseëning van huwelike in ooreenstemming met die godsdienstige opvattings van daardie denominasies nie. Dieselfde geld vir kerklike dissipline met betrekking tot huwelike.

Na my mening is daar gevolglik geen rede in die wetgewing waarom so 'n huwelik nie bevestig kan word nie, met dien verstande egter dat:
die persoon wat die huwelik bevestig, moet dit nie doen in sy hoedanigheid as huweliksbevestiger nie en moet dus ook nie die dokumente wat 'n huweliksbevestiger moet voltooi, in hierdie verband voltooi nie;
dit moet nie die bedoeling wees om 'n geldige huwelik in sekulêre sin van die woord daar te stel nie.

Dit is trouens 'n algemene verskynsel by ander gelowe soos byvoorbeeld die Moslems, dat twee persone volgens Moslemrituele in die huwelik tree.

Uit bogenoemde aanhaling is dit dus duidelik dat die kerk wel so 'n verbintenis tot stand kan bring sonder dat daar enige oortreding van die huwelikswet sal wees. 'n Afgetrede regter het verder só hierop gereageer:

'n Mens kan in die lig van die Huwelikswet, nie praat van 'n kerk wat "'n <u>huwelik</u> kerklik kan bevestig" of van 'n "kerklike huwelik" nie. Die woord "huwelik" mag glad nie in verband daarmee gebruik word nie, anders word 'n misdryf gepleeg (art 11(2) van die Huwelikswet). Al wat die kerk <u>teoreties</u> sou kon doen, is om, sê, 'n "verbintenis", of "saamwoon", of watter naam ook al daaraan gegee word (behalwe 'n "huwelik"), deur middel van 'n kerklike seremonie te voltrek.

Die aangewese benaming vir hierdie handeling van die kerk blyk dus ***kerklike verbintenis*** te wees. Daar sal dus gewaak moet word om nie van 'n huwelik of kerklike huwelik te praat nie.

As die argument ten opsigte van die gehoorsaamheid aan die staat en die vyfde gebod dus beantwoord moet word, kan met sekerheid gesê word dat hier nie sprake is van ongehoorsaamheid teenoor die staat nie. Alhoewel die staat 'n huwelik as die enigste wettige verbintenis tussen 'n man en 'n vrou sien, maak die wet wel voorsiening vir 'n kerklike verbintenis van 'n man en 'n vrou. 'n Kerklike verbintenis, soos wat die kommissie dit voorstel, is dus nie 'n oortreding van die vyfde gebod nie.

Is dit eerlik?

'n Volgende saak waarna die Kommissie moes kyk, is die vraag na die eerlikheid van hierdie optrede. Is dit eerlik van die kerk om twee mense kerklik te verbind terwyl die pensioen- of mediese fonds bepaal dat hulle nie mag trou nie? Nou woon hulle saam (kerklike verbintenis) asof hulle getroud is, maar volgens die staat is hulle nie. Nou tree die bepalings van die pensioen- of mediese fonds nie in werking nie, want hulle is nie wetlik getroud nie. Die kerk help dus nou dat hulle kan lewe soos getroudes en tog die voordeel kan ontvang van ongetroudes. Die vraag is: Mag dit?

Ook hierdie vraag kan nie beantwoord word sonder om die wetlike kant van die saak in ag te neem nie. Die kommentaar van die regter wat hierdie saak aanbetref is soos volg:

Ek dink nie die kerk is in so 'n geval besig met goedkeuring van bedrog nie, want daar word geen wanvoorstelling bedrieglik of andersins deur die kerk aan enige iemand gemaak wat potensiële nadeel aan so 'n persoon kan berokken nie.

Dit is ook, om dieselfde rede, nie bedrog of oneerlikheid vir die kerk om so 'n "verbintenis" of "saamwoon" te kondoneer nie.

Die pensioen- of mediese fonds word nie te kort gedoen as die kerk 'n "verbintenis" voltrek tussen die betrokke man en vrou nie. Die betrokke bepaling praat vermoedelik van 'n "huwelik" of "in die eg sou tree". Die partye sou met so 'n "verbintenis" juis nie 'n huwelik aangaan of in die eg tree nie. As die betrokke pensioen- of mediese fonds "saamwonery" ook wil betrek by die gevalle waar voordele verval, staan dit hulle vry om dit te doen deur toepaslike wysigings van hulle statute of kontrakbepalings. Totdat hulle dit doen, is dit nie 'n verbreking van voorwaarde as die partye sou saamwoon of die kerk die "saamwonery" as 'n "verbintenis" voltrek nie.

Gevolgtrekking

Die huwelik is 'n Goddelike instelling. Die Bybel gee nie duidelike voorskrifte vir die voltrekking van 'n huwelik nie. Die wyse waarop 'n huwelik tans bevestig word, is deel van die historiese ontwikkeling van huweliksbevestigings. Om die huidige gebruike rondom die huwelik tot beginsel te verhef, sou nie Bybels verantwoordbaar wees nie. In die Skrif word nie uitgespel wat die voorskrifte rakende die huwelik is nie. Wat wel belangrik is, is dat die Skrif nie 'n blote "saamwoon" verdra nie. Dat die huwelik deur die staat gereël word, is belangrik vir die vreedsame en georganiseerde naasbestaan in die samelewing.

Slegs huwelike tussen man en vrou kan ingevolge die Huwelikswet voltrek word. Dié Wet laat egter in artikel 11 (3) ruimte dat 'n kerklike verbintenis geldiglik tussen 'n man en 'n vrou voltrek kan word, wat *nie* 'n huwelik is nie. Lidmate kan op hierdie wyse gehelp word om nie in die sonde van saamwoon te verval nie, maar hulle kan 'n verbond/verbintenis voor die Here sluit wat vir ons as Christelike gemeenskap net so bindend is as enige ander huwelik.

'n Belangrike toetssteen in die bepaling van die geldigheid van 'n aansoek, is waarskynlik om te vra of daar as gevolg van die omstandighede van die partye *ernstige finansiële ontbering* sou intree indien die partye in die huwelik bevestig sou word. Die blote verlies van 'n inkomste dui nog nie daarop dat 'n Kerklike Verbintenis sonder meer gewens is nie. Sodanige verlies moet tot gevolg hê dat die aansoekers finansieel nie gaan oorleef nie.

Voorwaardes en Vereistes vir die aansoek

Daar moet verstaan word dat mense wat 'n kerklike verbintenis aangegaan het, nog steeds deur die staat gesien word as mense wat ongetroud is. Die staat het nie belang by hulle saamwonery nie. Hulle sal ook in regsgedinge hanteer word volgens die beginsels van kohabitasie (Danzfuss 1999). Advokaat Danzfuss het in sy memorandum gesê dat daar veral vir die vrou in so 'n situasie bepaalde nadele na vore kom. Om hierdie rede sal die kerk, indien so 'n verbintenis goedgekeur gaan word, bepaalde voorwaardes en vereistes moet stel waaraan die aansoekers sal moet voldoen alvorens die verbintenis voltrek kan word:

1. Kerklike Verbintenisse tussen 'n man en 'n vrou (wat nie 'n huwelik is nie) sal *slegs* voltrek word indien die ouderlingraad en daarna die ringskommissie oortuig is dat die betrokke man en vrou ernstige finansiële ontbering sal ly indien hulle in die huwelik bevestig sou word, in teenstelling met die voltrekking van 'n Kerklike Verbintenis.

2. 'n Kerklike Verbintenis tussen 'n man en 'n vrou kan slegs voltrek word indien die ouderlingraad en die ringskommissie, in die lig van al die omstandighede, oortuig is dat dit in die belang van die partye en die kerkverband is dat dit voltrek word en dat die volgende vereistes ten aansien daarvan behoorlik nagekom is:

2.1 die partye moet al die nodige inligting aan die ouderlingraad voorlê om aan te toon dat, indien hulle 'n huwelik sou sluit, hulle ernstige finansiële ontbering as gevolg daarvan sou lei (dit beteken dat hulle na die huwelik nie finansieel versorg is nie – hier kan bv. navraag gedoen word rakende beleggings, annuïteite, ensovoorts.);

2.2 gewaarmerkte afskrifte van die tersaaklike bepalings van die statute of reëls van die pensioen- of mediese fonds moet voorgelê word, asook die tersaaklike korrespondensie tussen die betrokke fonds en die aansoekers;

2.3 in die geval van 'n nadelige testamentêre bepaling, 'n gewaarmerkte afskrif van die betrokke testament en die meester se brief dat hy die testament as die testament van die oorledene aanvaar het;

2.4 'n regsmening van 'n prokureur of 'n advokaat

oor die vraag of die betrokke testamentêre bepaling geldig is al dan nie, en sy redes daarvoor;

2.5 indien die ouderlingraad dit nodig sou vind, 'n gewaarmerkte afskrif van die uitspraak en bevel van die hooggeregshof met betrekking tot die vraag of die betrokke testamentêre bepaling geldig is al dan nie;

2.6 die partye 'n skriftelike ooreenkoms in verband met die vermoënsregtelike aspekte van die Kerklike Verbintenis met mekaar aangegaan het, tesame met 'n skriftelike regsmening van 'n advokaat of prokureur wat bevestig dat die ooreenkoms sodanige aspekte behoorlik en voldoende reël en sy redes daarvoor.

As leidraad kan die ouderlingraad op die volgende sake let:
1. in die besonder met betrekking tot bates (wat voor die verbintenis besit is en wat gesamentlik bekom is – roerend en onroerend);

2. onderhoud en verlies van onderhoud (finansiële verantwoordelikheid teenoor mekaar - bates ingesluit - indien hulle sou skei of een te sterwe sou kom);

3. gesamentlike woning (wat gebeur met die woning indien die wetlike eienaar sterf? Het die langslewende vruggebruik?);

4. begunstigdes van lewenspolisse;

5. vererwing by die dood van enige van die twee aansoekers moet deur 'n testament bepaal word;

6. die verantwoordelikheid van die ander party by die afsterwe van die lewensmaat.

Die ooreenkoms moet bepaal dat die bepalings daarvan net deur die twee partye gesamentlik verander kan word met albei se handtekeninge en dié van getuies daarby.

Bepalings t.o.v. die Verbintenis

1. Die predikant wat die Kerklike Verbintenis voltrek, moet homself eers vergewis of daar aan al die bogenoemde voorwaardes en vereistes voldoen is.

2. Slegs geordende predikante van die AP Kerke mag 'n Kerklike Verbintenis voltrek. Hy gee aan die verbondenes 'n skriftelike, gedateerde en ondertekende verklaring waarin hy bevestig dat dit gedoen is.

3. Kerklike Verbintenisse mag nie voltrek word indien tenminste een van die twee persone nie 'n lidmaat van die AP kerkverband is nie. Persone wat lidmate van ander kerkverbande is, mag nie deur 'n AP Kerk leraar kerklik verbind word nie, behalwe as skriftelike toestemming van die aansoekers se kerkraad/ouderlingraad verkry is.

4. Die ring waak saam met die ouderlingraad dat hierdie saak nie misbruik word nie. Nadat die ouderlingraad al die nodige dokumentasie ondersoek het en 'n Kerklike Verbintenis goedgekeur het, word dit aan die ringskommissie vir goedkeuring voorgelê.

5. Afskrifte van alle dokumentasie word deur die ouderlingraad bewaar.

6. 'n Afskrif van die paartjie se voor-verbintenis-kontrak asook die verklaring deur die ouderlingraad word aan die Kerkargief in Pretoria gestuur.

7. Indien die aansoekers nie kans sien daarvoor om onder hierdie voorwaardes 'n verbintenis aan te gaan nie en steeds sou kies om saam te woon, hanteer die ouderlingraad die aangeleentheid onder die artikels van die opsig en tug.

AANBEVELINGS

6.1 Die Sinode vereenselwig hom met die inhoud van die studiestuk.

6.2 Die Sinode besluit om Kerklike Verbintenisse tussen 'n man en 'n vrou (wat nie 'n huwelik is nie) goed te keur.

6.3 Die Sinode beklemtoon dat Kerklike Verbintenisse nie die staatserkende huwelik, soos ons dit ken, vervang nie. Hierdie saak is 'n uitsondering en nie 'n reël nie.

6.4 Die Sinode neem punte 1 en 2 van die Voorwaardes en Vereistes asook punte 1-7 van die verdere bepalings as besluite van die Sinode.

6.5 Die Sinode versoek die KKCE om in samewerking met die SKK 'n amptelike dokument op te stel waarin die werkswyse vir die aansoek en goedkeuring van 'n Kerklike Verbintenis stapsgewys uiteengesit word. Die Sinode gee volmag om die saak af te handel.

6.6 Die Sinode versoek die SKK om 'n ondertekeningsdokument op te stel vir Kerklike Verbintenisse. Hierin moet die "trou-sweer" voor God duidelik beklemtoon word.

6.7 Die Sinode versoek die Kommissie vir Formuliere en Liturgie om 'n konsepformulier vir die Kerklike Verbintenis aan die volgende Sinode voor te lê (met spesifieke verwysing na die *verbond* wat daar tot stand kom).

Intussen mag predikante die bewoording van die huidige huweliksformulier, tot voor "DIE SLUI-

TING VAN DIE HUWELIK" gebruik (die woord "huwelk" moet met "verbintenis" vervang word).

Die verklaring deur die twee persone kan soos volg lui:
A (*naam van man) en B (naam van vrou))* aangesien u alles nagekom het ten einde kerklik verbind te word, en aangesien dit ook deur die ouderlingraad en die ringskommissie goedgekeur is, verklaar u dat dit u opregte voorneme is om in getrouheid aan mekaar saam te lewe en begeer u om voor die Here as een verbind te word?

Die vrae aan beide kan soos volg lui:
A *(naam van man*) u het voor God en almal teenwoordig verklaar dat u begeer om aan B (*naam van vrou*) verbind te word. Belowe u dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en godvresende man aan haar met wie hy kerklik verbind is, verskuldig is; dat u haar nooit sal verlaat nie; dat u heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly, ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God?
B (*naam van vrou*) u het voor God en almal teenwoordig verklaar dat u begeer om aan A (*naam van man*) verbind te word. Belowe u dat u hom nooit sal verlaat nie; dat u hom in liefde sal gehoorsaam en help soos 'n godvresende vrou hom met wie sy kerklik verbind is, verskuldig is; dat u heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly ooreenkomstig die uitspraak van die Woord van God?

Dan kan die leraar verklaar:
Ek verklaar hiermee voor God en almal teenwoordig dat alhoewel A en B hiermee nie regtens in 'n huwelik bevestig is nie, hulle wel voor God aan mekaar verbind is.

Dan sê die leraar:
A en B, gló dat God julle in hierdie kerklike verbintenis saamgevoeg het, aanvaar in die geloof alles wat Hy op julle weg mag bring en verwag sy seën daarin.

6.8 Die Sinode versoek die KKS om 'n konsep "Verklaring deur die Ouderlingraad ten opsigte van Kerklike Verbintenis" aan die volgende Sinode vir keuring voor te lê. Intussen reik elke predikant wat so 'n verbintenis hanteer, die volgende skriftelike verklaring uit:

Verklaring deur die Ouderlingraad van die AP Kerk……..…… ten opsigte van Kerklike Verbintenis

Hiermee verklaar ondergetekende namens bogenoemde Ouderlingraad oor

……..……..……..…….
(Volle name en van van man)

……..……..……..…….
(ID-nommer van man)
en

……..……..……..…….
(Volle name en van van vrou)

……..……..……..…….
(ID-nommer van vrou)

1) dat bogenoemde persone oorspronklike dokumentasie aan die ouderlingraad voorgelê het wat aantoon dat bepaalde voordele ten opsigte van pesioen-/mediese fonds/ testamentêre bepalings verbeur sou word indien hulle weer staatlik in die huwelik sou tree;

2) dat bogenoemde twee persone aan my 'n kopie van 'n skriftelike, gedateerde en ondertekende ooreenkoms tussen hulle in verband met hierdie verbintenis oorhandig het;

3) dat die aansoek om kerklik verbind te word, deur die Ringskommissie ……..(datum) skriftelik goedgekeur is;

4) dat hulle vandag, op die .....….dag van…….. 20……. deur my kerklik verbind is kragtens 'n besluit van die Sinode van 2007 van die Afrikaanse Protestantse Kerke;

5) dat afskrifte van al die dokumente in hierdie verklaring gemeld, in die Kerklike Argief in Pretoria bewaar sal word.

Handtekening: .....……..

Volle name en van van predikant wat verbintenis behartig het:

……..……..……..…….
……..……..……..…….

Getuie I: ……..……..

Getuie 2: ……..……..

(Die oorspronklike voltooide en ondertekende dokument word aan die paartjie oorhandig en 'n kopie daarvan tesame met al die ander ter saaklike dokumente, word aan die Kerkargief in Pretoria besorg)

7. BEGROTING

AANBEVELING:
7.1 Die kommissie het geoordeel dat die

begrote bedrag van R2 700 vir die verslagtydperk, wat reiskoste, verversings en die voorbereiding van die sinodestukke insluit, nie voldoende sou wees, indien dit die koste van een vergadering sou moes dek nie.

7.2 Om wel vir die volgende jaar vergadering te kan hou vra die kommissie 'n begroting van R8 000.00.

8. SLOT

Dit word vertrou dat die kommissie aan sy opdrag en werksaamhede, ooreenkomstig sy lasgewing, na bevrediging uitvoering gegee het, en bid die Sinode en kerkverband die seën van die Here toe.

W.J.A. van Schalkwyk (voorsitter); H.J. Hayes (skriba)

BYLAE KKCE 1

SKRYWE VAN 'n PENSIOENFONDS AAN 'n LIDMAAT

ABSA

Group Pension Fund

Administrators/Secretaries
Absa Consultants and Actuaries (Pty) Ltd
21 Kruis Street Johannesburg 2001
PO Box 8480 Johannesburg 2000
Tel 011 330 2111
Fax 011 331 1313
Swift Address: ABSA ZA JJ
http://www.absa.co.za

Groep Pensioenfonds

Administreerders/Sekretarisse
Absa Konsultante en Aktuarisse (Edms) Bpk
Kruisstraat 21 Johannesburg 2001
Posbus 8480 Johannesburg 2000
Tel 011 330 2111
Faks 011 331 1313
Swift-Adres: ABSA ZA JJ
http://www.absa.co.za

16 Maart 2005

Geagte Mev

VOLKSKAS PENSIOENFONDS – WYLE
PENSIOENNOMMER:

Ons verwys na u skrywe gedateer 25 Februarie 2005.

Ingevolge die reëls van die Volkskas Pensioenfonds staak weduweepensioen by dood en ook by hertroue sodra die tydperk waartydens u en u afgestorwe eggenoot pensioen ontvang het gelyk is aan u afgestorwe eggenoot se pensioengewende diens by aftrede.

Volgens ons rekords is die beëindigingsdatum van betaling van weduweepensioen in die geval van 'n hertroue na datum van afsterwe reeds op 31 Mei 1997 gewees.

In die geval van u hertroue sal die maandelikse weduweepensioen dus staak.

Vriendelik die uwe

W BOOYSEN (MEV)
PENSIOENBEAMPTE
ABSA GROEP PENSIOENFONDS
Tel (011) 330 2280

ABSA Bank Limited/Beperk, Reg No 1986/004794/06
Directors/Direkteure: DC Cronjé (Chairman/Voorsitter) DC Brink (Deputy Chairman/Adjunkvoorsitter) *SF Booysen (Chief Executive/Uitvoerende Hoof)
LN Angel DC Arnold L Boyd BP Connellan AS du Plessis *FJ du Toit *RR Emslie (Alternate/Alternaat) *C Erasmus G Griffin LN Jonker
P du P Kruger LW Maasdorp *NP Mageza (Alternate/Alternaat) PT Motsepe TMG Sexwale *B Skosana EA Sonn PEI Swartz *JP van der Merwe
*LA van Dyk (Alternate/Alternaat) T van Wyk J van Zyl *LL von Zeuner (Alternate)
*Executive Directors/Uitvoerende Direkteure
Secretary/Sekretaris: WR Somerville

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKSANG EN KERKMUSIEK (KKM)

Tydperk: 1 Mei 2004 tot 30 April 2007

1. PERSONEEL

1.1 Die Elfde Sinode het die volgende persone aangewys *(Handelinge 2004, p.441).*

Primarii: di. DJ Malan (sameroeper), AE van den Berg, GG le Roux, LE Prinsloo, JD van der Merwe
Sekundi: di. JC Gericke, JF du Toit en FJ Mostert.

1.2 Konstituering tydens die Elfde Sinode: di. DJ Malan (voors), JD van der Merwe (o/voors) en LE Prinsloo (skriba).

2. VERGADERINGS

Die kommissie het enkele kere formeel vergader o.a saam met die Pk en die SKK om benewens die uitvoering van sy lasgewing ook aandag te gee aan addisionele opdragte van die Elfde Sinode.

3. UITVOERING VAN LASGEWING

Met groot dankbaarheid teenoor die Here wat ons geroep, toegerus en bekwaam het, rapporteer ons hiermee dat die vernaamste deel van ons lasgewing afgehandel is deurdat ons uiteindelik ’n eie sangbundel **Psalms en Gesange vir die AP Kerk** die lig kon laat sien wat op 15 Mei 2005 feestelik in gebruik geneem is. Die bundel het sedertdien ’n herdruk beleef nadat die eerste oplaag verrassend gou uitverkoop is en daarna deur verskeie kundiges deeglik gefynkam is vir taal, druk- en setfoute. Sover ons kennis strek, is die sangbundel oral met groot entoesiasme ontvang en word in al ons gemeentes hartlik daaruit gesing.

4. OPDRAGTE VAN DIE ELFDE SINODE EN DIE UITVOERING DAARVAN *(Vgl. Handelinge van die Elfde SINODE, bls. 414,425,433,434,449,450)*

Na die beste van ons vermoë en waar prakties moontlik is aan hierdie opdragte uitvoering gegee, waaronder die reuse taak van die samestelling van ’n Koraalboek wat ook as koorbundel gebruik kan word.

Ongelukkig is nie aan die volgende twee opdragte gevolg gegee nie:

4.1 *Om so spoedig moontlik ’n konkordansie van die “Psalms en Gesange vir die AP Kerk” saam te stel.*

4.2 *’n Laserskyf wat net musiek bevat, moet daargestel word*.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 RING VAN RIVERSDAL: KORAALBOEK
Dat die Sinode hom uitspreek oor ons kerkverband se Koraalboek.

Motivering
1. AP Kerke bedank die betrokke kommissies vir die nuwe Koraalboek.
2. Ons glo die AP Kerke kan baie trots wees op ons Koraalboek, want dit vertoon goed en besonder netjies.
3. Ongelukkig is die boek se formaat en binding van so ’n aard dat dit nie met gemak oopmaak en oop bly as ’n orreliste daaruit wil speel nie. Vir die geringste oopstryk van die bladsye, sodat die boek oop kan bly, skeur dit op die rugkant.

AANBEVELINGS
5.1.1. Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.1.2. Dankie vir jul dankie!

5.1.3. Enkele praktiese wenke:
5.1.3.1 Orreliste kan van knypers/wasgoedpennetjies gebruik maak om die bladsye oop te hou.
5.1.3.2 ’n Handige skrynwerker kan ’n breër tydelike staanrakkie vir die Koraalboek prakseer.
5.1.3.3 Kontak gerus die Uitgewers om geskeurde boeke te vervang of te herstel.

6. AANBEVELING DEUR DIE KKM

6.1 Die Sinode herhaal die opdrag om ’n konkordansie van die “Psalms en Gesange vir die AP Kerk” saam te stel, maar belas die Publikasiekommissie (Pk) daarmee.

6.1.1 Motivering
1. Hierdie taak hoort onses insiens tuis by die Pk.
2. Die KKM werk hoofsaaklik met musiek en melodieë.
3. Ons beskik nie oor die kundigheid of rekenaar programmatuur om die taak af te handel nie.

6.2 Die Sinode sien af van die opdrag om ’n musieklaserskyf van die PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK te laat maak.

6.2.1 Motivering
1. Om die meester laserskyf te laat maak, is ’n baie duur en byna onbekostigbare proses.

2. Dis onprakties vir ons kerkverband waar baie min gemeentes dit sal benut.
3. Daar is – sover ons kennis strek – ander instansies wat reeds daarmee besig is.

6.3 Die Sinode betuig sy opregte dank aan almal wat oor etlike jare betrokke was by die daarstelling van ons eie sangbundel en in besonder aan:

6.3.1 die KKM en Pk -lede vir hul hartlike spanwerk;

6.3.2 ds. Leon Skein wat die liederebundel gefynkam het vir taalfoute en ook met handige woordverklarings vorendag gekom het;

6.3.3 prop. Stephan Spies en mnr. Peit van Schaik van LUX VERBI BM. vir hul samewerking, geduld en puik professionele diens;

6.3.4 mnr. Colin Campbell van Port Elizabeth wat die setwerk van die musiek hanteer het;

6.3.5 prof. dr. Roelof Marè en sy goeie gade mev. Susan Marè vir hul onvermoeide ywer en waardevolle insette wat hulle gelewer het veral ten opsigte van die redigering asook die samestelling van die Koraalboek.

6.4 Die Sinode besluit om sy permanente kommissie vir Kerksang en –musiek (KKM) te ontbind en dit aan die SKK op te dra om ad hoc-opdragte wat mag opduik te hanteer met behulp van kundiges.

6.4.1 Motivering
1. Volgens die huidige lasgewing {Kerkordeboek 2004, p. 130-131} is die KKM se opdrag voltooi.
2. Die Koraalboek bevat onses insiens genoeg geskikte vierstemmige harmonisasies van kerkliedere wat deur kore gesing kan word.
3. Dit sal ’n redelike kostebesparing aan die Sinode se begroting teweegbring.

7. SLOTOPMERKINGS

Die KKM vertrou dat ons hiermee na behore voldoen het aan die opdragte – volgens ons lasgewing - en verwagtings van die Sinode en bid u Gods rykste seën en wysheid toe op u beraadslaginge.

DJ Malan (voorsitter); LE Prinsloo (skriba).